# Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
(1859—1949)

# Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
## (1859—1949)

deur

Johannes Hendrik Coetzee

PROEFSKRIF VOORGELÊ TER
VERVULLING VAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD
DOCTOR PHILOSOPHIAE
IN DIE
FAKULTEIT VAN LETTERE EN
WYSBEGEERTE
AAN DIE
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR C.H.O.

Pro Rege-Pers Beperk — 1953 — Potchefstroom

Die publikasie van hierdie werk is moontlik gemaak deur 'n toekenning uit die Publikasiefonds van die P.U. vir C.H.O. en deur bydraes van Diakonieë van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika.

INHOUDSOPGAWE.

Bls.

Inhoud . . . . . . . . . . . . . . 7

Woord vooraf . . . . . . . . . . . . . 11

Inleiding . . . . . . . . . . . . . . 13

Hoofstuk I. Terminologie . . . . . . . . . . 17

Belang van duidelike terminologie — kerknaam — ontstaan 17; diaken 18; diakonie — diakonaat — barmhartigheid 19; verwarring t.o.v. sosiaal-wetenskaplike begrippe 21; liefdadigheid — charity 22; aalmoes — armsorg 24; filantropie — opheffingswerk — rehabilitasie — noodleniging 25; maatskaplike werk 26; maatskaplike sorg 27.

Hoofstuk II. Historiese agtergrond: Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika . . . . . . . . . . . . 29

Van Riebeek — Nederlandse agtergrond 29; Nederl. Geref. Kerke 30; naamsverandering — kerkstigting aan die Kaap — kerkverband — buitelandse invloede 31; Sinode 1842 — differensiasie — Groot Trek 32; Nederduits Herv. — Doppers — ds D. Postma — eene vrije Geref. Kerk 33; Rustenburg, 10 Febr. 1859 - 34.

Hoofstuk III. Die Diakonaat: Instelling, Amp, Taak en Terrein . 36

Twee fases — O.T.-wette - nuwe amp in N.T. 36; amp en kerklike organisasie — agtergrond — Hand. 6 - 37; selfstandige amp — in nuwe gemeentes — latere ontwikkeling en verval 38; Luther — Calvyn à Lasco — Nederland 39.

*Diakonaat in Suid-Afrika voor 1859* . . . . . . . 39

Eerste diaken 40; handhawing van die amp 41.

*Diakonaat in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859—1949* 41

Erfenis 41; leerstellige tradisie — diakonale praktyk-historiese datagroei 42.

*Diakonaat as kerklike amp* . . . . . . . . . 43

Eiesoortig — liefdesgrondslag — tydelik en duursaam 43.

*Historiese ontwikkeling van die Diakonaat* . . . . . 44
Roomse Kerk 44; Luther - Calvyn — à Lasco Nederland 45.

*Doel en funksie van die Diakonaat* . . . . . . 46
Amp en diens 46; diens van die tafels — algemene diens 47; ontwikkeling van die diakonale diens 48; daaglikse versorging — nuwe rigtings — bloei en verval 49; Reformasie 50; Franse en Nederlandse rigtings 51.

*Taak van die Gereformeerde Diakonaat in Suid-Afrika* . . 52
Leerstellige agtergrond 52; formulier — Bataafse K.O. — diens van barmhartigheid — gemengde praktyk — N.G. Kerk, Kaap 53; N.G. Kerk, O.V.S. — Ned. Herv. Kerk-invloede op Geref. Kerk 54; Nederl. Geloofsbel. — Kerkorde — formulier 55.

Hoofstuk IV. Die Diakonale Praktyk . . . . . . . 57

*Die Diens van die Tafels* . . . . . . . . . 57
Enger en breër sin 57; lewe van Christene — hulp volgens behoefte — voedsel — kleding — behuising — krankes — geld 58; hulp in natura — daaglikse versorging — weduwees — wese — armes 59.

*Praktyk van die Diakonaat in die Christelike Kerke* . . . 59
Clemens — partikuliere sorg 59; biskop — liefdesmaaltye verval — sewevoudige taak 60.

*Praktyk van die Lutherse Diakonaat* . . . . . . 60

*Diakonale Praktyk by Calvyn* . . . . . . . 61
*Diakonale Praktyk van die Vlugtelinggemeentes* . . . . 61

*Algemene Diakonale take* . . . . . . . . . 61
Verskeidenheid — armsorg — noodleniging — arbeidsorg — bemiddeling — wesesorg — krankes — node in ander gemeentes — geloofsgenote, heidene, vyande — administrasie 62.

*Begin van Diakonale Werksaamhede in Suid-Afrika* . . . 62
Beperkte terrein — armoede owerheid en leraar 63; Instruktiën — slawe — intergemeentelik — bykomstige take 64; algemene finansies — onderskikking — armsorg na kerkraad 65; Instruktiën 1753 — diaken as algemene hulp 66; minagtende bejeëning — gemengde werksaamhede 67.

*Diakonale praktyk in die Gereformeerde Kerk* . . . . 67
Invloede 67; leer en praktyk — wanopvattings 68; armsorg as kerkraadsfunksie 69; kentering — skeiding van kasse 70; huidige praktyke 71; ontworsteling 74; Sinode 1937 - 76; praktiese vraagstukke onopgelos 77; huidige toestande 78; oorsake 79; verbreking van tradisie 80.

Hoofstuk V. Die Diakonie: Personeel, Organisasie en Status . . 81

1. *Personeel* . . . . . . . . . . . 81

a. Vereistes 81; soberheid, geloof, leer en roepingsbesef . 82
b. Ouderdom . . . . . . . . . . 82
c. Ekonomiese en sosiale vereistes . . . . . . 85
d. Gesinsvereistes . . . . . . . . . 86
e. Kiesing en Bevestiging . . . . . . . 87

2. *Plaaslike Organisasie* . . . . . . . . . 91

3. *Kerkregtelike status en Verhouding tot die Kerkraad* . . 92
a. Ampte . . . . . . . . . . . 92
b. Verhouding tot die kerkraad . . . . . . 94
c. Plaaslike Organisasie . . . . . . . . 96
4. *Praktyk in die Gereformeerde Kerk* . . . . . . 97
a. Afsonderlike diakonale vergaderings . . . . . 97
b. Voorsitter . . . . . . . . . . 100
c. Verhouding tot die kerkraad . . . . . . 101
d. Waardering van die Diakonaat . . . . . . 103
e. Diakens op meerdere vergaderings . . . . . 104
f. Kommissies en Deputate . . . . . . . 107

5. *Diakonale Konferensies* . . . . . . . . . 110
a. Prinsipiële standpunte . . . . . . . . 110
b. Ontwikkeling in Suid-Afrika . . . . . . 111
c. Waardering van die Konferensies . . . . . 115
d. Organisasie van die Konferensies . . . . . 116
e. Status en Magte van Diakonale Konferensies . . . 117
f Taak en Werksaamhede van die Diakonale Konferensies . 119
g. Beheer oor Diakonale Inrigtings . . . . . . 122

Hoofstuk VI. Fondse en middele vir die Barmhartigheidsdiens . 124
*Beginsels vir die verkryging van die middele* . . . . . 124
1. Private besit . . . . . . . . . . 124
2. Plig van gelowiges . . . . . . . . . 125
3. Vrywillige grondslag . . . . . . . . 130

*Bronne en Metodes* . . . . . . . . . . 133
1. Kollektes . . . . . . . . . . 134
2. Ander bronne . . . . . . . . . . 142
3. Skenkings en legate . . . . . . . . . 143
4. Sporadiese middele . . . . . . . . . 144
5. Verkopings . . . . . . . . . . 144
6. Straatkollektes . . . . . . . . . 145
7. Onderlinge diakonale hulpverlening . . . . . 145

*Administrasie van Barmhartigheidsfondse* . . . . . 147
1. Afsonderlike kas . . . . . . . . . 148
2. Suiwere administrasie . . . . . . . . 150
3. Verantwoording . . . . . . . . . 150
4. Batige saldo's en spaarfondse . . . . . . 151

Hoofstuk VII. Metodes van die Gereformeerde Hulpverlening . 153
*Vorm van die Hulp* . . . . . . . . . . 154
a. Geestelike hulpverlening . . . . . . . 156
b. Stoflike hulp . . . . . . . . . . 157
c. Werkverskaffing . . . . . . . . . 165
d. Familiehulp . . . . . . . . . . 166
e. Aansoek of Ondersoek . . . . . . . 168
f. Diakonale huisbesoek . . . . . . . 171
*Waar word die hulp besorg?* . . . . . . . 174

Hoofstuk VIII. Omvang en kwaliteit van die Gereformeerde Barmhartigheid . . . . . . . . . . . 176
*Omvang* . . . . . . . . . . . 176

*Kwaliteit* . . . . . . . . . . . 178

*Voorkoming van Armoede en Behoeftigheid* . . . . 186

Hoofstuk IX. Die Voorwerp van die Barmhartigheidsdiens . . 192
Wie moet versorg word? — Skrifgegewens 192; hoogste barmhartigheid in Christus — menslike barmhartigheid — behoeftes en behoeftebevrediging 193; persoonlike en saaklike benadering — primêre behoeftes 195; Moses, Profete, Christus en Apostels — armoedsbegrip te vaag 197; armoedsgevolge — ware weduwees, vreemdeling en vyand 198; die naaste — huisgenote van die geloof 199; gesinsverantwoordelikheid — familie en kerk 200; Suid-Afrika: geen kleur- en geloofsverskil — weduwees en wese 202; oues-van-dae, siekes, armes 203; behoeftige leerlinge 204; slagoffers van nood en ramp — Engelse Oorlog 206; burgerstryd 207.

Hoofstuk X. Die Gereformeerde Wesesorg . . . . . . 203
Definisie 208; onvolledige gesinne 209; Christelike wesesorg 210; Reformasie — inrigtingsorg — die Kaapse kerk 211; pioniersgemeenskappe 212; Memorie van 1861 — fases 213; voor 1900 - 214; na 1900 - 219; eerste weeshuise 220; konklusie 224.

*Die Griepwesefonds* . . . . . . . . . . 224

*Georganiseerde Gesinsverpleging teenoor 'n eie Weeshuis* . . 226
Meningsverskille — pogings tot weeshuisstigting 229; O.V.S. — Transvaal 230; Sinode 1930 - 231; praktiese moeilikhede — welslae 233.

Hoofstuk XI. Die Siekesorg . . . . . . . . . . 235
Voorwerp — behoeftes — liggaamlike en sielesorg — Christus 235; as deel van diakonale arbeid — diakonesse en weduwees 236; hospitaliers —sieketroosters 237; aandeel van onderskeie ampte 238; sieke- en armsorg 239; begrafnissorg 240; tuisverpleging 241; inrigtingsverpleging 242; Christelike hospitaal 243; Christen-artse en -verpleegsters

244; die melaatses 245; sielsiekes — blindes en dowes 247; voorsiening in lewensonderhoud 248; eie inrigting — steun aan Worcester 249; nasorg en arbeidsorg — studiefonds 250; samevatting 251.

Hoofstuk XII. Versorging van Oues van Dae . . . . . 253

Ouderdom en afhanklikheid — ouderdomsgrens 253; toenemende bejaardes — gesinsfunksie — eksterne hulp 254; oue-tehuise 255; ouesorg, armsorg en siekesorg — pensioene en bystand 256; samevatting 259.

Hoofstuk XIII. Die Vrou in die Gereformeerde Barmhartigheidsdiens . . . . . . . . . . . . 260

Vrou in die gemeente 260; O.T. en N.T. 261; Christus en Paulus 262; geen ampswerk 264; diakonesse 265; hulpdiens 267; ouderdomsbepalings en gesinsverpligtinge 268; Reformasie 269; in Suid-Afrika — individuele en georganiseerde hulp — Dorkas 266; verhouding tot diakonie 272; behoefte aan duidelikheid — prinsipe en toepassing 276; — variasies — besondere hulpterrein — siekesorg 279; kleding 282; ondersoek en advies 283; indiensneming opgeleide vroue 284; konklusies 286.

Hoofstuk XIV. Bevindings en aanbevelings . . . . . . 287

Die Diakonale amp . . . . . . . . . . 287
Gemeentelike Barmhartigheid . . . . . . . . 292
Omvang en Doelmatigheid van die Barmhartigheidsdiens . . 294
Die Voorwerp van die Liefdesdiens . . . . . . 295
Die Vrou en die Diakonale Amp . . . . . . 296
Samevattend . . . . . . . . . . 297

Literatuurlys . . . . . . . . . . . . 301

## WOORD VOORAF.

By die voltooiing van hierdie studie dink ek graag in dankbaarheid aan diegene wat my op een of andere wyse bygestaan het en wie se samewerking bygedra het tot die resultaat van die onderneming.

Eerstens noem ek prof. dr J. de W. Keyter wat by my die belangstelling in die sosiologie opgewek het en onder wie ek die eerste jare kon studeer. U het nie alleen die grondslae van die studie by my gelê nie, maar was ook altyd 'n aansporing tot verdere pogings. Daarby was u nie alleen my leermeester nie, maar ook 'n vriend aan wie ek baie dank verskuldig is.

Ook aan u, hooggeagte prof. J. C. van Rooy, my innige dank en opregte waardering. Dat u gewillig was om as my promotor op te tree onder omstandighede van drukke werksaamheid en later van ongunstige gesondheidstoestande stel ek hoog op prys. U advies, u belangstelling, u vriendskap en hulpvaardigheid tesame met die vertroue wat u in my gestel het, u toeganklikheid vir my probleme was deurentyd 'n aanmoediging en besieling. Ek vertrou dus dat ek u nie oneer aandoen met die resultaat van die studie nie.

Verder wil ek ook my innige dank betuig aan kerkrade en ampsdraers van kerkrade, diakonië en meerdere vergaderings vir hulp en tegemoetkoming waar ek van informasie in hulle besit gebruik moes maak. My dank ook aan diegene wat op my vraelyste gereageer en sodoende 'n ryke bron van inligting verskaf het.

Ook aan die personeel van die Administratiewe Buro en veral aan die bibliotekaris van die Teologiese Skool, die heer N. G. Venter, my hartlike dank vir die menigvuldige hulp en tegemoetkoming wat ek daar geniet het.

Aan almal wat my met advies, inligting, belangstelling of op welke wyse ookal gehelp of aangemoedig het, dink ek in dankbaarheid: maar veral aan my vrou wat veel moes ontbeer solank ek met die studie besig was.

Ten slotte wil ek langs hierdie weg ook hulde en dank bring aan my ouers wat deur hulle lewe en leer my bekend gestel het met die gereformeerde lewenshouding en wat onder dikwels uiters moeilike omstandighede geen opoffering te groot geag het om my instaat te stel om my studies voort te sit nie. Mag hulle hierdie werk ook aanvaar as 'n gedeeltelike bekroning van jarelange liefdevolle opoffering.

Maar bowe-al aan God die eer en die dank vir krag en geleenthede om dit sover te bring. Mag die studie dan ook bydra tot uitbouing van die Kerk van Christus.

*Die Skrywer.*

P.U. vir C.H.O.
Februarie 1952.

## TER INLEIDING.

Die regstreekse aanleiding tot hierdie studie is verleen deur die leemte wat ervaar is by die doseer van Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomse Universiteits(kollege) vir C.H.O., maamlik dat daar oor die Gereformeerde Kerk se barmhartigheidswerk feitlik niks samevattends gepubliseer is nie. Die leemte is veral akuut ervaar vir sover dit die feitegegewens betref want oor die prinsipiële aspekte is daar wel veel te vind in die erfenis van die Nederlandse gereformeerde literatuur asook in verspreide artikels in Afrikaans in kerklike en verwante gereformeerde tydskrifte en versamelwerke. 'n Enigsins samevattende prinsipiële en empiriese oorsig soos dié van Greyling oor die „Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg" [1] bestaan ten opsigte van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Nederduits Hervormde Kerk nog nie. Aangesien die kerklike barmhartigheidswerk 'n uiters belangrike plek inneem in die wetenskaplike behandeling van die algemene georganiseerde maatskaplike sorg, histories, empiries en prinsipieel gesien, is 'n grondige studie oor die liefdadigheidswerk van die verskeie kerke in Suid-Afrika 'n ernstige noodsaaklikheid in die leerplan vir Maatskaplike Werk.

Hierdie gebrek het gedien as stimulus tot 'n poging om die weg te open vir sover dit die studie van die standpunt en werksaamhede van die Gereformeerde Kerk op hierdie terrein betref. Die studie maak derhalwe geensins aanspraak op 'n volledige en afgeslote behandeling van die onderwerp nie. Trouens dit was my bevinding dat feitlik elke hoofstuk slegs die inleiding bied vir 'n nog veel uitgebreider en diepergaande studie.

Predikante wat oor die wenslikheid en uitvoerbaarheid van sodanige studie geraadpleeg is, het sonder uitsondering hulle ingenomenheid met die ondersoek betuig as hoogs wenslik en noodsaaklik maar het ook byna een en almal twyfel uitgespreek oor die bekombaarheid en genoegsaamheid van die gegewens.

In die lig van die latere ervaring toon hierdie twyfel eintlik net hoe min daar selfs in die ingeligte kringe van die kerk self bekend is oor die omvang van die gereformeerde barmhartigheidsdiens. In werklikheid is daar 'n geweldige hoeveelheid studiemateriaal voorhande waarvan slegs 'n ge-

[1] Greyling, P. F.: Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg — Kaapstad, 1939.

deelte saamgebring is in die argief by die Teologiese Skool. Sowel vir die navorser as vir die kerk as geheel is dit jammer dat soveel waardevolle materiaal ongebruik in sogenaamde gemeentelike argiewe lê waar dit nóg gesistematiseer, nóg behoorlik teen verwaarlosing en beskadiging gevrywaar is. Dit het in elk geval duidelik geword dat hier 'n groot terrein braaklê vir navorsingswerk veral vir nagraadse studente in teologie, sosiologie en maatskaplike werk. Gemeentes, klassisse en partikuliere sinodes sou aan die kerkverband 'n groot guns bewys deur alle stukke wat nie meer vir onmiddellike raadpleging en gebruik nodig is nie, vir gesistematiseerde bewaring na die kerkargief te stuur. Hierdeur sal navorsers met minder koste en ongerief die dokumente kan raadpleeg. Beter huisvesting van die argief — wat gedurende die afgelope drie - vier jaar aansienlik beter georden is — is verder 'n dringende vereiste waarvoor in die nuwe gebou van die Teologiese Skool ruim voorsiening gemaak word.

Die materiaal wat byeengebring kon word, het uiteindelik so veelvuldig geblyk te wees dat die oorspronklike opset vir die studie gewysig en ingekort moes word om te voorkom dat die verhandeling onhanteerbaar sou word en dat die voltooiing daarvan minstens nog een jaar vertraag sou moes word.

Behalwe dat feitlik alle hoofstukke ingekort moes word, is die behandeling van twee uiters belangrike aspekte, die verhouding van die gereformeerde barmhartigheidsdiens teenoor die maatskaplike sorg van die owerheids- en van die private instansies, weggelaat. Hierdie twee onderwerpe vereis verdere deurdringende studie sowel wat die historiese as empiriese en prinsipiële aspekte betref.

Dit is nie alleen wenslik om 'n oorsig te hê oor die feite-gegewens in historiese lig, oor die formele standpunt van die Gereformeerde Kerk teenoor die owerheids-beleid en -optrede met betrekking tot welsynsaangeleenthede nie, maar dit is vandag dringend noodsaaklik om 'n praktiese, prinsipiëel gefundeerde, formulering te kry betreffende die onderskeiding van die funksie, taak en terrein van kerk, owerheid en partikuliere instansies op die gebied van die maatskaplike sorg. Die wanorde en vaagheid wat daar in die praktyk bestaan werk ook verwarrend in op die gemoed en oordeel van studente wat hulle bekwaam as maatskaplike werkers(sters) en, volgens getuienis van verskeie kante, selfs op die optrede van gereformeerde diakonieë.

*Metodes:*

'n Oorsig oor die metodes wat by die studie gevolg en moeilikhede wat ervaar is, is miskien nodig.

Vir die behandeling van enige tema is dit eerstens nodig om kennis te dra van die bestaande literatuur daaroor. Dit was 'n besondere voorreg om by die bibliotheek van die P.U. vir C.H.O. en dié van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te wees. Veral uit laasgenoemde kon die meeste literatuur oor die prinsipiële en historiese aspekte van die gereformeerde barmhartigheidsdiens in die algemeen verkry word. Ek is volkome bewus daarvan dat alle gereformeerde literatuur oor die onder-

werp nie in genoemde biblioteke aanwesig is nie en derhalwe ook nie deur my geraadpleeg kon word nie. Nogtans is ek van oortuiging dat die betrokke literatuur van sodanige aard is, dat dit as verteenwoordigend genoeg van die gereformeerde beskouings kan geld en derhalwe ook genoegsame agtergrond bied vir bevordering van die algemene prinsipiële en historiese aspekte.

Hoewel nie in die literatuurlys genoem nie, behalwe waar sodanige werk regstreeks aangehaal of na 'n spesifieke skrywer daadwerkelik verwys is, moet hier ook rekening gehou word met daardie lang lys skrywers en werke oor die sosiologie en maatskaplike werk waarmee kennis gemaak is deur die jare van voorbereidende studie en van doseerwerk en wat, hoewel onregstreeks, tog 'n algemene agtergrond vir die besondere studie gevorm het.

Waarskynlik die belangrikste bronne van gegewens was die gepubliseerde en ongepubliseerde stukke van die kerk self in die vorm van kerkraads- en diakonale notules, notules en verslae van klassisse, algemene vergaderings en partikuliere sinodes, die gedrukte handelinge van die algemene sinodes, kerkalmanakke en die Kerkblad.

Veral die ongepubliseerde stukke bevat 'n skat van informasie vir wie bereid is om dit aandagtig te bestudeer. Hier lê 'n groot studieveld vir navorsers op allerlei studieterreine: oor die kerk-, taal- en sosiale geskiedenis, oor leerstellige aangeleenthede, oor kerklike finansies, oor tugoefening, oor barmhartigheidswerk en oor die godsdienssosiologie. ens., ens.

Dit was uiteraard onmoontlik om alles na te lees en te bemeester. Derhalwe is hoofsaaklik aandag gegee aan die stukke van die oudste gemeentes omdat dit die beste deurlopende weergawe van die onderwerp in sy historiese aspekte kon gee. Maar waar ander stukke bekombaar was is dit sover moontlik ook gebruik. Die gegewens wat op die wyse bekom is, was feitlik sonder uitsondering meer as genoegsaam om 'n ondubbelsinnige beeld te rekonstrueer.

Derdens is gebruik gemaak van drieërlei soorte vraelyste. Een is aan diakens vir individuele beantwoording gestuur, 'n ander aan diakonieë en 'n derde aan ouderlinge, hoofsaaklik vir kontrole-doeleindes. Hoewel hieruit waardevolle gegewens verkry is, was die reaksie enigsins teleurstellend. Hierdie gegewens is hoofsaaklik in elementêre statistiese tabelle en grafieke verwerk om 'n beeld van sekere aspekte van die huidige gereformeerde barmhartigheidsorganisasie en -werk te gee.

*Moeilikhede:*

Die belangrikste moeilikhede wat in die studie ervaar is, is in die verbygaan reeds in die voorgaande paragrawe aangeraak. Om die gegewens vir die studie te versamel en te verwerk terwyl die gewone universitietswerk ononderbroke voortgesit moes word, is geen gemaklike taak nie. Derhalwe my besondere dank aan die Senaat en Raad van die P.U. vir C.H.O. vir die studieverlof van ses maande wat aan my toegestaan

was. Dit het 'n gulde geleentheid gebied om die versamelde stof te sistematiseer en te verwerk en die skryfwerk byna te voltooi.

Die verspreidheid van die stof het onder hierdie omstandighede sowel die koste aan die ondersoek verhoog as die voltooiing daarvan vertraag. Die reaksie op die vraelys was enigsins teleurstellend, nieteenstaande die waarskuwing van alle handboeke om nie te optimisties te wees oor die beantwoording van vraelyste in sosiale opnames nie. In hierdie geval is die verwagting gekoester dat die ontvangers van die vraelyste 'n besondere belangstellende groep is en dat die onderwerp sowel as die doel van die ondersoek almal op besondere wyse sou interesseer sodat 'n 80 %-reaksie tenminste verwag kon word. Van die 153 gemeentes het weinig meer as 50 % op die vraelys aan die diakonieë gereageer, terwyl die individuele lyste — hoewel vergesel van 'n sterk aanbeveling van die voorsitter van die Deputaatskap vir Diakonale Sake en voorsien van geadresseerde, gefrankeerde koeverte — ongeveer 45 % reaksie gelewer het. Opmerklik genoeg het die ouderlinge beter gereageer as die diakens waardeur die vraag onwillekeurig ontstaan het of laasgenoemdes — wat uit die aard van die saak meer regstreekse belang by die ondersoek moes hê — dieselfde gees van betreklike onverskilligheid in suiwer diakonale verpligtinge openbaar. Dat die vraelyste oor die algemeen nie te ingewikkeld vir beantwoording was nie blyk daaruit dat diakens van allerlei opvoedkundige slag dit beantwoord het. Hoewel voldoende vir elementêre statistiese berekenings en algemene konklusies, was die gegewens wat op die wyse verkry is nie heeltemal bevredigend nie.

Uit 'n enkele oord het ook 'n beswaar gekom dat die onderwerp deur 'n sosioloog en nie deur 'n teoloog behandel sou word. Met die beswaar kon ek my nie vereenselwig nie, hoewel ek bewus is van die beperkings wat die sosiologiese behandeling van die onderwerp meebring. In die eerste plek is dit nie net 'n suiwer teologiese onderwerp soos 'n tema uit die dogmatiek byvoorbeeld sou wees nie. Daar is ook die sosiale, algemeen sosiologies-wetenskaplike aspekte soos aangedui in die eerste paragraaf van hierdie inleiding. Die wetenskaplike wat trag om die gereformeerde beginsels in die sosiologie te erken, het seer sekerlik die reg om sodanig nie net die onderwerp neutraal-empiries maar ook prinsipieel te behandel, mits hy die beperking erken dat hy die teologiese beginsels wat daarby gemoeid is, aanvaar. Maar dan besit hy nogtans die reg om as gereformeerde wetenskaplike sy mening te gee oor wat hy mag beskou as inkonsekwensies in die teologiese prinsipes vir sover dit sy wetenskapsvertakking raak en om sy empiriese bevindings te toets aan die prinsipes wat deur die teologie neergelê is. Die sosioloog mag hom nie voordoen as teoloog, netsomin as wat die teologie alle wetenskap vir homself mag toeëien nie. Langs hierdie weg beland ons in die Roomse kraal waar die Kerk alleen mag spreek en die mond van die individuele christen-wetenskaplike en ondersoeker gesnoer word. Die uitbouing van 'n christelike wetenskap is nie die taak van die kerk as instituut of van die teoloog uitsluitend nie — in die lig van die koningin van die wetenskappe en van die Woord van God soos deur die Kerk geleer, is die verskillende vakwetenskaplikes geroepe om op eie akker te werk.

## HOOFSTUK I.

# Terminologie

Dit is gebruiklik — sowel as noodsaaklik — om aan die begin van elke studietaak 'n duidelike afbakening en bepaling te gee van die terme en begrippe wat daarin gebesig word.

Trouens, een van die belangrikste vereistes vir behoorlike wetenskapsbeoefening is helderheid van terminologie. Daarsonder praat en redeneer ons by mekaar verby, en word groter verwarring gestig en onduidelikheid veroorsaak in plaas van meer helderheid teweeg te bring. Weliswaar vind ons gedurige wysiging en aanvulling van die bestaande terme, maar die basiese begrippe verkry gewoonlik vroeg in die ontstaansgeskiedenis van die besondere wetenskap of wetenskapsvertakking 'n redelik vaste en konstante konnotasie. Al sou die individuele skrywer of student dan nie daarin slaag om algemeen aanvaarbare terme te skep of in omloop te bring nie, is dit tog nodig dat hy sy terme so sal omskryf en so konsekwent sal aanwend dat daar by die leser daarvan geen misverstand sal ontstaan nie, al sou laasgenoemde nie saamstem oor die waarde of doeltreffendheid daarvan nie.

In hierdie verhandeling sal albei probeer word. In die eerste plek is dit nodig om die terme te verklaar wat in die betiteling voorkom. Maar om verskeie ander redes word dit ook nodig geag om ander terme wat herhaaldelik gebruik sal word enigsins nader te bepaal en om 'n gangbare terminologie op te bou of in omloop te bring op die terrein van maatskaplike hulpverlening waaraan in Afrikaans nog 'n besondere gebrek bestaan.

Eerstens dan die betiteling naamlik „Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1859—1949)". Die naam van die Kerk word in de praktyk op drie maniere geskryf. Sowel in die Kerkorde [1] as in die Sinodale handelinge word dit weergegee as „die Gereformeerde Gemeentes *in* Suid-Afrika". Op die kerkwapen of kerklike seël — op die omslag van die *Almanak* en *Die Kerkblad* — kom dit voor as „Die Gereformeerde Kerk *van* Suid-Afrika". So is dit trouens ook aangedui in die Kerkorde.[2] Tog is hier blykbaar 'n

---

1 Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika — Hersien in opdrag van die sinode van 1945 deur dr J. D. du Toit en ds T. T. Spoelstra.

2 Kerkorde, Bylae B, art. 1, p. 77. Onderstreping deur Skr.

afwyking van die oorspronklike en offisiële bepaling van die naam as „De Gereformeerde Kerk *in* Suid-Afrika" [3]. So is die naam trouens ook neergelê met die aanname van die kerkseël.[4] Op die sinode van Potchefstroom 1949 is besluit om, met die oog op die registrasie van eiendomme die verskillende aktekantore in kennis te stel dat die naam van die kerk is „Die Gereformeerde Kerk *in* Suid-Afrika" [5]. Tog is gevoel dat dit nodig is om aandag te gee aan die benaming aangesien daar verwarring heers en kerkregtelike en ander oorwegings dit noodsaaklik maak. Derhalwe is 'n Deputaatskap benoem om die saak in studie te neem en op die volgende sinode te rapporteer.[5]

Die naam van die kerk sal dan gebruik word in die laasgenoemde vorm, hoewel kortheidshalwe ook geskryf sal word *Gereformeerde Kerk:* wanneer die eienaam bedoel word, altyd met hoofletters, maar wanneer 'n gedagte-, belydenis- of leerstellige rigting bedoel word, met klein letters.

Oor die aloue dispuut watter van die drie gereformeerde kerke in Suid-Afrika die oudste of oorspronklike is, gaan dit nie hier nie. Derhalwe word tot nader presisering in hakies die datums 1859—1949 aangegee. Oor dié tydvak gaan dit dus afgesien van die vraag of dit 'n nuwe of 'n herstigting was.

Die gebruik van die woord *diakonaat* is van groot belang in hierdie studie en dadelik moet drie innig-verwante vorms onderskei word naamlik *diaken, diakonie* en *diakonaat.* Die etimologiese wortel of stamwoord is die Griekse *diaconos* wat beteken iemand wat dien.[6] Die feit dat sowel Van Dale as De Vries en Te Winkel [7] aandui dat sommige vorme soos *diakonie* en *diakonaat* via Latyn in Nederlands opgeneem is doen hier eintlik niks van af nie.

Volgens die Christelijke Encyclopaedie [8] word die benaming *diaken* in die oorspronklike woord gebruik om iemand aan te dui wat dien. De Vries en Te Winkel [9] sowel as Van Dale [10] dui daarmee aan die gemeentelike of kerklike armversorger, so ook die Verklarende Afrikaanse Woordeboek.[11] Die mening is dus eenstemmig dat *diaken* betrekking het op die personeel, dat dit heenwys op die persoon, wat die besondere dienswerk — in hierdie geval die kerklike barmhartigheidsdiens — verrig. Die diaken is die persoon, die verrigter van 'n taak, die draer van 'n amp, die armversorger.[12]

---

[3] Handelingen van de vierde Synodale Kerkvergadering, Potchefstroom 1869, art. 42, p. 13.

[4] Hand. 10de Sin. 1888, artt. 68, 69, p. 40.

[5] Hand. 30ste Sin. 1949, art. 142, p. 274.

[6] Vgl. Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal — bewerkt door Kruyskamp, dr. C, en De Tollenaere, dr. F. Nyhoff, 's-Gravenhage, 1950. Ook die Christelijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk, onder red. van Grosheide, Landwehr, Lindeboom en Rullmann. Kok, Kampen. Deel I, p. 586.

[7] De Vries, M. en Te Winkel, L. A., Woordenboek der Nederlandsche Taal, 's-Gravenhage en Leiden, 1882, dl I.

[8] Chr. Enc. dl I, p. 586.

[9] De Vries en Te Winkel, a.w. III, 2.

[10] Van Dale, a.w.

[11] Kritzinger e.a.: Verklarende Afrikaanse Woordeboek, Van Schaik, Pretoria 1936.

[12] Vgl. ook: Bouwman, H.: Het Ambt der Diakenen, Kok — Kampen 1907, p. 9;

Minder eenstemmigheid bestaan daar oor die term *diakonie*. Van Lonkhuyzen [13] en ds. I. D. Kruger [14] wil daarmee die amp aandui. Voorkeur verdien egter die omskrywing van die Christelijke Encyclopaedie [15] nl. as die „College van diakens" wat met die versorging van die armes belas is. veral as dit verder nog so gestel word: „Theologisch verstaan wij er onder, het *college* van *diakenen* in elke plaatselijke kerk, dat onder leiding van en verantwoordelijkheid aan den kerkeraad met de armenzorg is belast". Van Dale [16] en De Vries en Te Winkel [17] gee byna 'n woordeliks identieke definisie as „armbestuur eener hervormde gemeente". In die Afrikaanse spraakgebruik en skryfwyse word diakonie altyd geassosieer met die plaaslike, gemeentelike organisasie of instituering van die diakensamp.

Vir die aanwysing van die ampsinstelling en die orgaan van die kerklike barmhartigheidsdiens in sy geheel en in die algemeen, word die term *diakonaat* gebesig, soos Van Lonkhuyzen, Rudolph en Biesterveld dit ook gebruik in hulle gesaghebbende werk „Het Diaconaat".[18]

Barmhartigheid (ook in die samestellings barmhartigheids*werk* en *-diens*) is histories en wesentlik aan die Christelike kerk en sy werk gekoppel.

Etimologies het dit dieselfde betekenis as ontferming [19] waaronder tog in die algemene gebruikstaal verstaan word om die hart in liefde te neig tot die hulpbehoewende.

Die Christelijke Encyclopaedie [20] omskryf die term barmhartigheid soos volg:

> „De barmhartigheid welke de menschen elkaar hebben te bewijzen is door Gods Woord geboden. Het Oude Testament rekent haar onder de deugden des rechtvaardigen. (Ps. 37 : 21)...."

Toegegee moet word dat dit nie 'n besonder heldere verduideliking is nie. Dieselfde bron wys verder daarop dat barmhartigheid in die Heilige Skrif ook in 'n meer algemene sin gebruik word wanneer God spreek dat Hy barmhartigheid wil hê en nie offerandes nie. Ook in die Nuwe Testament kry ons 'n engere gebruik van die woord in die saligsprekinge [21] en kom dit as 'n bevel van Christus [22] en sy apostels.[23] Hierdie menslike barmhartigheid is wesentlik gefundeer daarin „dat de Heiland zelf telkens met

---

Kruger, ds. I. D.: Die Kerkblad, 1. 7. 36, p. 14; Biesterveld, B., Van Lonkhuisen, J., en Rudolph, R. W.: Het Diaconaat; Wetzel — Hilversum 1907, p. 9.

[13] Biesterveld e.a., a.w. p. 9.

[14] Kruger, ds. I. D.: Kerkblad, 1.7.36, p. 14.

[15] Chr. Enc. I, p. 586.

[16] Van Dale, a.w.

[17] De Vries en Te Winkel, a.w. III, 2. Vgl. ook Kritzinger e.a. Verkl. Afr. Woordeboek.

[18] Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek gee slegs die Roomse gebruik, d.w.s. 'n rangorde in die kerklike hierargie aan.

[19] Franck — Van Wijk Van Haeringen: Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal, Nyhoff, 's-Gravenhage, 1949, ook Van Dale a.w.

[20] Chr. Enc. I, pp. 235/6.

[21] Matth. 5 : 7.

[22] Lukas 6 : 36.

[23] Ef. 4 : 32.

barmhartigheid innerlijk werd bewogen (Matth. 20 : 34) en dat hun zelf zooveel barmhartigheid door hem is bewezen. (Matth. 18 : 33). Deze eisch geldt jegens den naaste, onverschillig wie dat is, zooals de gelijkenis van den barmhartigen Samaritaan leert. Merkwaardig is dat de Hebreeuwse uitdrukking betrekking heeft op de ingewanden, dus erop wijst, dat zij moet voortkomen uit innerlijke bewogenheid des gemoeds wegens het leed der ellendigen". Meer nog: „Barmhartigheid Gods is een van Gods heerlijke deugden waarin zijn goedheid en liefde schitteren. Gods goedheid en liefde is hier de algemene naam, maar wordt deze aan *ellendigen* betoond dan draagt zij nader bepaald de naam van barmhartigheid. God is de Vader van alle barmhartigheid bij geestelijke en lichamelijke ellende, en Jezus Christus is de barmhartige Hogepriester, die medelijden weet te hebben met onze zwakheden" (Hebr. 2 : 17).[24]

Hierdie kwaliteit word dan verder van ander min of meer ooreenkomstige uitdrukkinge onderskei weens sy aktiwisme en kragdadigheid:

> „Barmhartigheid heeft dit eigenaardige, in onderscheiding met mededogen en medelijden, dat waar deze niet meer uitdrukken dan een deelnemende belangstelling in het lijden der ellendigen, de barmhartigheid daarbij ook handelend optreedt om het lijden van anderen zoveel mogelijk te verzachten.... Barmhartigheid moet niet de naam zijn voor ziekelijke sentimentaliteit, van een vader die niet kan toornen over de zonden zijner kinderen als Eli, of voor dwaze weldadigheid soms vertoond aan ellendigen".[25]

Uit bostaande kan besluit word:

1. Barmhartigheid is 'n religieuse term, wesentlik verbonde aan die Christelike kerk en godsdiens;
2. dit word die mens as opdrag gegee deur God;
3. dit vind sy hoogste fundering en waarde daarin dat dit 'n deug van God is en deur Christus as Hoëpriester beoefen is;
4. dit is tegelyk aktief en kragdadig;
5. dit is 'n aktiwiteit wat spruit uit die innerlike gevoelslewe. In sy Hebreeuse vorm dui dit op 'n inwendige toestand, terwyl dit ook in sy Dietse woordverband betrekking het op die hartsgesindheid.

Dit is opmerklik dat in die Bybel die term *liefdadigheid* slegs eenkeer gebruik word,[26] terwyl die woord *barmhartigheid* meer as sestig keer voorkom.[27] Uit die aard van die saak is dit derhalwe dié begrip by uitstek om die Christelike liefdadigheid, die hulpbetoon aan almal in nood en ellende, aan te dui en om gebruik te word in spesifieke verband met die liefdesarbeid van die Christelike kerk. Daarom sal in hierdie studie dan aandag gegee word aan die omvang en terrein van die barmhartigheidswerk van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika — die metodes daarvan, die nodige middele sowel t.o.v. die bronne as die wyse van verkryging. Besondere aandag sal ook gegee word aan die kanaal van die kerklike barmhartigheidswerk naamlik die diakonaat: die ont-

---

[24] Chr. Enc. I, pp. 235/6.
[25] Chr. Enc. I, p. 236.
[26] Matth. 6 : 1.
[27] V.D.M.: Afrikaanse Bybelkonkordansie; Van Schaik, Pretoria 1934, pp. 45/46.

staan en ontwikkelingsgeskiedenis, die personeel en die administrasie daarvan.

Hierby sou volstaan kon word wat die begripsbepaling betref, was dit nie dat die Afrikaanse terminologie met betrekking tot die hele studieveld van die versorging van hulpbehoewendes nog veel te wense oorlaat nie. Hierdie studie word daardeur ten seerste geraak veral omdat die aktiwiteite wat deur die onderskeie terme aangedui word prinsipiële en praktiese verband hou met vraagstukke van beleid, benadering, terreinverdeling en doelstellings. In die Verenigde State van Amerika en Engeland waar hierdie studieveld — akademies en prakties — tot dusver sy hoogste bloei bereik het, is 'n redelik konstante terminologie vasgestel wat tot 'n sekere mate vir ons as leidraad kan dien. Gedeeltelik kan ons ook put uit die Dietse sosiaal-wetenskaplike literatuur en vir die res sal ons 'n eie selfstandige bydrae moet lewer. Want volle ooreenstemming oor die bestaande terminologie bestaan daar nog nie en daarby is die bestaande ook nie voldoende nie. Daar wag op die Afrikaanse wetenskaplike op die terrein van die sosiale wetenskappe en veral op die gebied van die maatskaplike versorging, 'n uiters aktuele taak naamlik om uit die erfenis van Amerikaanse, Engelse, Nederlandse en ander begrippe 'n eie terminologie vir die maatskaplike sorg op te bou, met behoorlike inagneming van bestaande en historiese konnotasies, maar ook met genoeg elastisiteit vir die verdere ontwikkeling van 'n jong en dinamiese studievak.

Die onduidelikheid en die ondoelmatigheid wat daar vandag nog bestaan met betrekking tot 'n terminologie op die gebied van maatskaplike sorg, moet veral toegeskryf word aan tweeërlei faktore, naamlik die betreklik jonge ontwikkeling van hierdie studie en professionele rigting in Suid-Afrika en, gepaard daarmee, die invloede vanuit die V.S.A., Brittanje en Nederland — maar veral uit eersgenoemde twee — wat nog nie behoorlik geassimileer en gesuiwer is tot 'n eie Afrikaanse terminologie en woordbepaling nie. In die orige deel van hierdie hoofstuk sal dan getrag word om 'n saaklike, gemotiveerde bepaling te gee van die meer algemene terme en die sin waarin hulle vir die doel van hierdie studie gebruik sal word. Die poging maak geen aanspraak daarop dat dit 'n algemeen geldende Afrikaanse terminologie in omloop wil bring nie — dit wil alleen maar 'n enigsins duidelike begripsbepaling, vry van ondubbelsinnigheid, vir konsekwente gebruik vir hierdie bepaalde studie daarstel.

Die begrip *barmhartigheid* is reeds bepaal en gekoppel aan die kerklike werksaamhede. Daarmee kan volstaan word. Naverwant hieraan is *liefdadigheid.* In sy woordsamestelling en sy betekenis as 'n daad van liefde dui dit op ongeveer dieselfde as barmhartigheid. In albei gevalle word die motief, die bejeëning en die gesindheid waaruit die helpende aktiwiteit voortkom, beklemtoon. In die Anglo-Amerikaanse literatuur tref ons dan ook slegs die een term „charity" aan vir albei begrippe. Pray [28] se

[28] Pray, Kennith, L. M.; Encyclopaedia of the Social Sciences (Ed. in Chief: Edwin, R. A. Seligman) Macmillan N.Y. 1948, deel III, pp. 340 e.v.

verklaring is baie nou verwant aan die barmhartigheidsbetekenis van „charity" alhoewel hy die oorspong daarvan terugvoer tot natuurlike verbande. Maar hy gee ook toe dat „Both the sentiment and the practice of charity early acquired the sanction of religion. It became a personal virtue and a religious duty as well as a social utility". Hierdie opvatting en weergawe is taamlik tiperend van die breë en algemene gebruik van „charity" in die Engelse sosiologiese literatuur, sodat die religieuse konnotasie daarvan hoofsaaklik nog 'n historiese faset verteenwoordig. Nader aan die betekenis van barmhartigheid, soos gebruik hierbo, is dié verklaring wat dr. O'Grady daaraan gee.[29] „According to Christ's teaching charity emanates from God himself". Verder wys hy op die noue verband tussen die kerk en „charity".[30] Maar as dit kom tot die hedendaagse gebruik van die woord besluit hy dat daar twee betekenisse is: 'n breë en 'n engere.[31] In die breë sin gebruik is „charity" feitlik sinoniem met barmhartigheid, maar in die enger sin sou dit beter met liefdadigheid vertaal kan word. In die eerste betekenis sal ons met O'Grady kan saamstem wanneer hy, teenoor die hedendaagse houding dat liefdadigheid of barmhartigheid (charity) nie die werk van welsynsliggame weergee nie, pleit om die behoud van die woord.[32] Ons woord *liefdadigheid* word algemeen meer gebesig in die sin van die enger betekenis van *charity* soos deur O'Grady aangetoon, om algemene hulpverleningsaktiwiteite van enkelinge of georganiseerde groepe aan te dui, maar dan eerder in algemeen sekulêre as in besonder religieuse sin. Met ander woorde, die liefde wat daarin beklemtoon word, is die algemene menseliefde, humane gevoelens in al sy nuanses van ouer- en kinder- en gesins- en volksliefde en nie besonderlik die direkte afskynsel van die geheiligde Goddelike liefde in die mens soos Christus dit gebied het in Mattheus 22 : 34-40 nie. In hierdie sin gebruik, is dit 'n waardevolle term in die sosiologiese literatuur en aanvullend by die meer spesifiek kerklike, godsdienstige en Christelike *barmhartigheid*. Dit is veral waardevol weens die besondere kwaliteit van die werksaamheid wat daardeur aangedui word naamlik die gesindheid waaruit die aksie gebore word. Ongelukkig het liefdadigheid tengevolge van allerlei verkeerde praktyke wat in die naam daarvan beoefen is, in breë kringe en veral in die professioneel-wetenskaplike

---

[29] O'Grady, dr John: An Introduction to Social Work; Appleton — Century, N.Y. and London, 1928, p. 4.

[30] „The Church has always fostered works of charity. She is universally regarded as the pioneer in all charitable endeavours. The Church has constantly endeavoured to keep before the world the lesson of charity learned at the feet of Christ. She has continually urged her children to give a reason for the faith that was in them by participating actively in deeds of charity". O'Grady, a.w. p. 10.

[31] „*Charity* in its broadest sense includes everything we do for our fellow-beings for the love of God and without any hope of material reward. In this broad sense, charity would include much of what is done in the name of justice and religion. *Charity* in its restricted sense, according to popular acceptation, has come to mean the work of organizations engaged in remedial service". O'Grady, a.w. p. 10.

[32] „We are naturally very jealous of the word *charity*. Consecrated, as it has been by twenty centuries of Christian usage, and coming to us from Christ Himself, there is no substitute in human relations for the Christian doctrine of charity". O'Grady a.w. p. 11.

maatskaplike sorg vandag 'n slegte betekenis verkry en word dit dikwels minagtend, min of meer identies met onbesonne, onoordeelkundige en ongesonde hulpverlening gebruik. Wesentlik het sulke verwysings eintlik betrekking op die verkeerde *metodes* wat aangewend is — en dikwels selfs ook op motiewe van eieliefde, eiebelang en selfreklame — en behoort dit nie sonder meer tuisgebring te word op die primêre betekenis van die woord nie.

In watter verskeidenheid van konnotasies die woord al gebruik is en word, blyk onder andere daaruit dat gepraat en geskryf word van „public charities" of *openbare liefdadigheid*, met die erkenning dat sommige daaraan twyfel of dit nog liefdadigheid is.[33] Die argumente waarmee die skrywers die twyfel probeer weerlê is hoogs idealisties en baie oppervlakkig: „The reply is that benevolence is present as a motive in supporting public charities. The tax-payers submit to an increase of burdens partly because they sympathise with distress, and we are anxious to have it relieved. By „charities", as the term is used in the title of this chapter and in this volume, are meant all those institutions and agencies which give direct material aid to the poor as such".[34] As toegegee word dat weldadigheid (benevolence) maar een van die motiewe is en dat die belastingbetalers gedeeltelik die laste dra uit meegevoel met die nooddruftiges, is daar reeds erken dat dit geen onvermengde liefdadigheid is nie. As in alle eerlikheid en met alle akkuraatheid vasgestel kan word hoeveel belastingbetalers met liefdadigheidsoorwegings hulle aan die belastinggaarder se voorskrifte en die dwangmag van die gereg onderwerp, sal dit maar 'n minimale persentasie wees. Selfs belastings wat vir volkswelsyn betaal word, word eerder uit pligsgevoel, wetsonderdanigheid en vrees vir die implikasies van wetsoortreding nagekom as uit liefdadigheidsoorwegings. Sodanige oorwegings is eerder 'n gerasionaliseerde troos as 'n ware dryfkrag. Per slot van sake kan 'n saaklike onpersoonlike instelling soos die owerheid geen *liefdadigheid* in die werklike sin van die woord beoefen nie, omdat dit nie 'n intieme gesindheid soos liefde kan herberg nie.

Sowel negatief as positief bepaal, in enger en breër sin, kan die begrip nie anders as in sy oorspronklike en baie duidelike woordbetekenis van 'n *liefdesdaad* of *liefdeswerksaamheid* gebruik word nie. Waar barmhartigheid 'n spesifieke kerklike term is, en op 'n besondere, Christelike liefde dui, is *liefdadigheid* breër en algemener in die sin dat dit alle liefde, afgesien van die aard daarvan, insluit en dus veral betrekking sal hê op die vrywillige individuele en ander partikuliere tegemoetkoming

---

[33] „It is asserted from time to time that public charities are not charities at all. The excuse for the assertion is that the tax-payer does not contribute his money from motives of benevolence, the hired official does not disburse it because he pities the beneficiaries, and the latter receive it with no sense of gratitude. It is not benevolence, but the motive of preserving the public health and the public peace that maintains public institutions for the relief of tbe destitute".
Warner, A. G., Queen, A. S., Harper, E. B.: American Charities and Social Work; Crowell, N.Y. 1930, p. 169.

[34] Warner e.a. a.w. p. 169.

van hulpbehoewendes. In alle geval lê die klem hier op die liefdesmotief.

'n Derde term, wat baie in verband met kerklike maar minder met betrekking tot sekulêre versorging van hulpbehoewendes gebruik word, is die woord *aalmoes*. Tot op sekere hoogte het *aalmoes* netsoos *liefdadigheid* in diskrediet geval ten gevolge van die onoordeelkundige, dikwels uit selfliefde eerder as werklike naasteliefde, gegewe aalmoes. Sowel Van Dale [35] as De Vries en Te Winkel [36] verklaar aalmoes as 'n *gawe aan 'n bedelaar* en toon verder aan dat dit dikwels aangewend word in die sin om 'n minagting aan te toon, om 'n guns uit die hoogte toe te staan of om 'n beledigende weldaad te verrig. Die woord is eintlik volgens laasgenoemde woordeboeke afkomstig van die Griekse *eleemosyne,* wat dieselfde betekenis het as barmhartigheid of erbarm, of medelye [37] sodat dit oorspronklik beteken het 'n liefdegif aan 'n behoeftige in die algemeen. Vandag word dit egter meestal gebruik om minagtend elke gif aan te dui wat aan iemand soos 'n bedelaar uit die hoogte of vernederend toegewerp word of wat deur die geringheid daarvan die eergevoel van die ontvanger daarvan kwes. Aangesien die woord in sy oorsprong alleen betrekking het op die gawe, sal dit hier ook so gebruik word sonder aanduiding van die gesindheid waarin dit gegee word of die omvang wat die gawe aanneem.

Oor die term *armsorg* of *armversorging* hoef nie veel gesê te word nie. Ook die woorde is baie duidelik in hulle samestelling. In teenstelling met barmhartigheid en liefdadigheid bevat dit geen motief- of gesindheidsaanduiding van die besondere aktiwiteit nie. Dit het ook geen betrekking op die hulpmiddel soos aalmoes nie. Dit is spesifiek vir sover dit 'n besondere groep hulpbehoewendes of nooddruftiges, te wete die armes, aantoon. Dikwels word daar gepoog — nie net in die populêre spraakgebruik nie — om met armsorg 'n breër versorgings- en hulpverleningsterrein aan te dui veral waarskynlik omdat armoede eintlik as die oorsprong en tipe van alle menslike nood en ellende beskou word. Geen wonder dan ook dat dit dikwels sinoniem gebruik word met liefdadigheid, barmhartigheid en maatskaplik werk nie. Hoewel dit prakties dikwels die geval is dat hierdie hulpverleningsaktiwiteite feitlik uitsluitlik met armes en hulle sorge en probleme te doen het, is dit wetenskaplik suiwerder en veiliger om die woord in sy letterlike betekenis te gebruik, in sy spesifieke betrekking op die versorging van stoflike armes en verarmdes. Netsoos die moderne maatskaplike sorg sy vleuels oor 'n veel wyer gebied uitslaan as oor die armes alleen, netso is barmhartigheidsdiens wesentlik nie uitsluitlik beperk tot die versorging of noodleniging van diegene wat deur die armoedsellende gekwel word nie. Die barmhartigheid van Christus was in die eerste plek gewy aan die *geestesnood* van die versonke mensdom; Sy konkrete openbaring van barmhartigheid was nie beperk tot die materiële nood van Sy volk nie — naas die vermeerdering van brode en visse en die wonderbaarlike visvangs, was die meeste van Sy dade die vertroosting van die treurendes, die genesing van

---

[35] Van Dale: a.w.

[36] De Vries en Te Winkel: a.w. I.

[37] Vgl. ook Chr. Enc. I, p. 1.

siekes, die opwekking van gestorwenes uit alle ekonomies-maatskaplike kringe en nie net onder die armes nie.

In die lewenspraktyk is dit weliswaar die ervaring dat die oorgrote persentasie van diegene wat die barmhartigheidsdiens van die kerk nodig het gebuk gaan onder een of ander van die vele smarte, ellendes en beperkinge van ekonomiese gebrek. Dié ervaring en praktiese omstandighede mag egter nie daartoe lei om die oë te sluit vir die ander ewe belangrike en dikwels selfs belangriker aspek van die barmhartigheidsdiens en van liefdadigheid nie.

Daar is ook nog enkele minder gebruikte terme wat nadere verklaring nodig het. Veral gedurende die negentiende eeu het die woord *filantropie* sy verskyning gemaak om 'n tydlank 'n belangrike plek in die literatuur oor maatskaplike aangeleenthede in te neem. Histories het die woord veral gebruikswaarde en betekenis gekry in die reaksie teen die gevolge van die industriële rewolusie op sosiale gebied en is dit hoofsaaklik gebruik om die eerste partikuliere pogings en werksaamhede ter verligting van die lewensomstandighede van die groot massas saamgehoopte, swakbehuisde, en swak betaalde fabriekswerkers — mans, vroue en kinders — aan te dui. Dit hang nou saam met die hele humanistiese geestesstroming. Die waarde van die term lê daarin dat dit eintlik die basis van die partikuliere welsynsondernemings gedurende die laatste helfte van die negentiende eeu was. Aan die ander kant was hierdie term nie net beperk tot verwaarloosde kinders, krank- en swaksinniges en misdadigers nie, maar is dit ook in breër betekenis gebesig en het dit veral invloed uitgeoefen op die slawekwessie en op die beleid ten opsigte van koloniale inboorlingvolke. Trouens, dit is in hierdie sin by uitstek dat Suid-Afrika *filantropie* en filantrope leer ken het.

Met die opkoms van die wetenskaplike beskouing en professionele metodes ten opsigte van maatskaplike sorg in die twintigste eeu, het die term grootliks in onbruik geraak.

Die enkele andere terme wat in verband met die versorging van hulpbehoewendes van een of ander aard, gebesig word, soos *opheffingswerk, volkswelsyn, rehabilitasie, noodleniging* is so vaag en algemeen en nie van soveel belang dat dit 'n breedvoerige bespreking vereis nie. Volks- of maatskaplike welsyn of welvaart dui op 'n algemene toestand vry van gebrek en nood. Dit is die toestand waaroor, soas Kelso tereg aantoon [38] beskouings die meeste verskil. Daardie aktiwiteite wat enige ideaal van hierdie welvaarts- of welsynstoestand probeer bereik moet dan beskou word as welsynswerk. Maar daar is niks wat dit koppel aan vrywillige of betaalde, individuele, kerklike, partikuliere of owerheidsoptrede nie. *Opheffingswerk* is eweëens 'n vae term wat vandag nie meer populêr is in die literatuur oor maatskaplike versorging nie. Dit veronderstel nie alleen verbetering van uitwendige toestande en verhoudings nie maar ook van die innerlike lewe en lewensgesteldheid. *Rehabilitasie* is streng gesproke 'n *stap* in die proses van hetsy barmhartigheids- of liefdadigheids- of maatskaplike werk — daardie stap wat die geholpene weer in

[38] Kelso, R. W.: The Science of Public Welfare; Holt, N.Y. 1928, p. 7.

'n posisie van redelike selfstandigheid plaas. *Noodleniging* kan beste gebruik word om veral daardie handeling te behels en aan te dui wat getref word, deur welke instansies ookal, om in tye en ander gevalle van buitengewone nood, soos vloedrampe, droogtes, brand en oorlogsverwoesting hulp aan die ongelukkiges te bied.

Besondere bespreking en aandag word nog vereis deur die terme *maatskaplike werk* en *maatskaplike sorg*. Eersgenoemde is vandag die mees algemeen gebruikte woord in die literatuur oor maatskaplike aangeleenthede, terwyl die tweede miskien enigsins onbekend is. Die begrip *maatskaplike werk* word trouens ook los en vas in alle moontlike konnotasies gebruik terwyl daar selfs by die mees vooraanstaande geleerdes op die gebied nog geen werklike eenstemmigheid bestaan nie. Dit is by uitstek 'n nuwe term met betrekking op 'n nuwe terrein, hoewel Philip Klein [39] die ontstaan daarvan probeer terugvoer tot 1860. Dadelik moet daarop gewys word dat, hoewel die populêrste en mees algemeen gebesigde term, maatskaplike werk nie al die ouer terme kan vervang nie. Dit dui so'n besondere terrein en sodanige aktiwiteite aan dat die meeste ander terme nog plek en gebruikswaarde besit. Van die gewildheid van die term kan alleen afgelei word dat die besondere terrein en werksaamhede waaraan dit uitdrukking gee sedert die laatste kwart van die vorige eeu sterk op die voorgrond gedring het. „The content and values of social work since that time have been sufficiently different from „charity", „philantropy", „poor relief" and „social reformation" which constituted its historical antecedents to make it a new and characteristically modern phenomenon".[40] Dit is dus alleen 'n nuwe en hoewel enigsins oorheersende, tog geen algemeen plaasvervangende term nie.

Dit sal waarskynlik die beste resultaat lewer as maatskaplike werk eers negatief onderskei word van ander, daarmee verwante terme voordat gepoog word om dit positief te omskryf.

„Many people", sê Warner [41] „make no distinction between social work, charity, philantropy, uplift, reform and public welfare". Daaruit spruit dan ook veel van die algemene misvattings oor hierdie saak. Waar terme soos liefdadigheid, barmhartigheid en filantropie „a set of attitudes, a spirit of kindliness and generosity" verteenwoordig en as deugde beskou word [42] is maatskaplike werk geen deug of lewensfilosofie nie.[43] Terwyl die gesindheid, die gemoed en die gevoelsbejeëning die bepalende faktore by liefdadigheid, barmhartigheid en filantropie is, is maatskaplike werk as sodanig daarteenoor neutraal. Dit is nie in die eerste plek uitdrukking van 'n gevoelsaksie nie.

So ook is maatskaplike welsyn of sorg (Engels: public or social welfare) en maatskaplike werk nie sinoniem nie. „The former includes social institutions and fields of practice which are not social work", sê Helen

---

39 Enc. of Soc. Sc., XIV, p. 165.
40 Klein, Philip: Enc. of Soc. Sc. XIV p. 165.
41 Warner e.a.: a.w. p. 3.
42 Warner e.a.: a.w. p. 3.
43 O'Grady: a.w. p. 10.

Clarke.[44] *Maatskaplike sorg*, is dus breër as *maatskaplike werk*, sodat laasgenoemde binne die werksveld van maatskaplike sorg beoefen kan word. Daarmee stem Witmer [45] oor die algemeen saam.

O'Grady kom tot 'n juister benadering as hy konstateer dat maatskaplike werk 'n metode en tegniek is.[46] Dit is 'n tegniek of metode van probleembenadering sowel in sy veroorsakings- en aardontleding as in sy behandeling, wat ook deur georganiseerde liefdadigheid aangewend kan word.

Die vernaamste fout wat nog altyd gemaak is in pogings tot omskrywing van maatskaplike werk is dat studente van die onderwerp nie tevrede was om met die bepaling van die begrip tot 'n tegniek en metodiek tevrede te wees nie, maar dit in werkmetode en in werks*veld* identies wou stel met maatskaplike sorg. Laasgenoemde het geen spesifieke betrekking op 'n diagnostiese, prognostiese of behandelingsmetode nie maar wel in die eerste plek op 'n arbeidsveld en algemene optrede. Maatskaplike werk verskuif die klem juis na die besondere *metodiese benaderings- en optredingswyse*. Werksveld en metodiek is te veel verwar in plaas daarvan dat dit slegs geonderskei is. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik wat skrywers bedoel as hulle maatskaplike werk as 'n professie bestempel. 'n Analogie vir die onderskeiding kan op die gesondheidsterrein gevind word. Alles wat gedoen word vir die bevordering van gesondheid en bestryding van siekte word tuisgebring onder die begrip gesondheidssorg of volksgesondheid en openbare higiëne. Maar binne hierdie kader vorm die werk van geneeshere, tandartse en verpleegsters spesifieke tegnieke en professies. So ook met maatskaplike sorg en maatskaplike werk. Warner [47] vestig die aandag daarop dat maatskaplike werk in twee grootliks uiteenlopende betekenisse gebruik word. „The first is very general and covers all sorts of civic activities, while the second refers to a rather specific vocation". Daarom dan ook dat hy maatskaplike werk omskryf as „a specialized, skilled service, for which specific scientific and technical training is essential".[48] Hiermee is die jongste literatuur in sterk ooreenstemming. Clarke beklemtoon dit veral dat maatskaplike werk 'n professie is en dat daarvoor nodig is die besit van 'n besondere kennis en tweedens 'n sterk pligsgevoel om dit tot diens van die samelewing te stel.[49]

Dieselfde opvatting spreek ook uit die werk van Witmer.[50] Wanneer maatskaplike werk beskou word as 'n professionele werkwyse en beroepsbeoefening wat binne die terrein van maatskaplike sorg en deur enige instansie met alle moontlike motiewe aangewend kan word, sal veel van die bekende verwarrings en terminologiese moeilikhede verval.

Gedeeltelik, veral negatief, het die betekenis van *maatskaplike sorg*

---

[44] Clarke, Helen I: Principles and Practice of Social Work, Appleton-Century, London and N.Y., 1947, p. 5.

[45] Witmer, Helen L.: Social Work, Rinehart, N.Y. 1942, p. vii.

[46] O'Grady: a.w. p. 10.

[47] Warner e.a. a.w. p. 4.

[48] Warner e.a. a.w. p. 3.

[49] Clarke, a.w. p. 5.

[50] Witmer, a.w. p. vii.

nou reeds duidelik geword. Ook in hierdie geval is daar nog 'n sterk gemis aan 'n konsekwent gebruikte en algemeen aanvaarde term. Maatskaplike (sosiale) *welsyn* of welvaart is nie heeltemal bevredigende terme nie, omdat dit 'n *toestand* aandui en dit hier veral om prosesse en aktiwiteite gaan. *Sorg* i.p.v. welsyn is verkiesliker. Prof. Van Rooy [51] gebruik die woord *volksorg*. Ook dit bevredig nie geheel en al nie, omdat dit die voorwerp van versorging *seksioneel* beperk en nie *universeel* aandui nie. In sy toepassing by besondere volke en deur nasionale owerhede kan dit wel als volksorg aangestip word, maar dan is dit wesentlik beperkter as die algemene *maatskaplike* sorg. Maatskaplike sorg kan beste gebruik word in die sin waarin Clarke [52] en Witmer [53] *social welfare* en Kelso [54] in die titel van sy bekende werk *public welfare* gebruik, maar met dieselfde beswaar teen „*welfare*" as teen *welsyn* en *welvaart*.

As ons saamstem met Kelso se definisie van maatskaplike welsyn [55] dan kan maatskaplike sorg min of meer omskryf word as insluitende al daardie aktiwiteite, hetsy voorkomend, genesend, noodlenigend, rehabiliterend en nasorgend wat aangewend word uit welke motief — plig, humaniteit, natuurlike of goddelike naasteliefde — en deur welke instansie, (hetsy individueel, georganiseerde partikuliere inisiatief, kerk en owerheid), professioneel, gedwonge of vrywillig, tot die bereiking van die hoogs moontlike selfstandigheid en natuurlike behoeftebevrediging van elke lid van die samelewing en die beswil van die gemeenskap as sodanig.

---

51 Du Toit, J. D. e.a.: Op die Voorpunt van die Tye; F. C. S. V., Stellenbosch, 1945, p. 41 e.v.

52 Clarke; a.w. pp. 5/6.

53 Witmer: a.w. p. vii.

54 Kelso: a.w. p. 22.

55 „Public welfare, as used in this studie, will be taken to mean that objective in social service which affords to the individual the highest degree of freedom of thought and action commensurate with the like privileges in his fellows; which holds out to him an equal opportinuty to secure for himself and for his dependents the advantages of place, property and power which conduce to his happiness, his contentment, and the necessities of his excistence; and yet which affords to society collectively the continuing opportunity to live at peace, functioning as the fountain of authority from which flow the means for attainig this welfare ideal".
Kelso: a.w. pp. 22, 404/5.

HOOFSTUK II

# Historiese agtergrond: die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Met die aankoms en landing van Jan van Riebeeck met sy groepie amptenare in die hawe van die Kaap van Goeie Hoop in April 1652, is saam met die Dietse westerse beskawing in algemene sin na Suid-Afrika ook oorgeplant, in besondere sin, die Christelike godsdiens en gereformeerde vorm en inhoud soos dit destyds sy neerslag gevind het in die Nederlande. Waar die Gereformeerde Kerke in Nederland nie alleen die regstreekse ontstaansbron van die drie gereformeerde kerke in Suid-Afrika is nie, maar nog altyd in mindere of meerdere mate sterk invloed op hulle leer en regering en in besonder op dié van die Gereformeerde Kerk hier te lande, uitoefen, is dit nodig en sal dit sy waarde hê om terwille van 'n beter begrip van die kerklike ontwikkelings in ons vaderland en met die oog op vergelykende studie, saaklik een en ander aan te stip oor die geskiedenis van die gereformeerde kerke in Nederland.[1]

Volgens H. H. Kuyper is daar van 'n selfstandige reformasie in die Nederlande geen sprake nie.[2] Vanaf vroeg in die sestiende eeu (± 1517) het eers die Lutherse maar later veral ook die Calvinistiese (± 1540) kerkhervormingsgedagtes deurgedring na en wortel geskiet in die Nederlande totdat die werklike kerkhervorming in die sin van instituering van die Gereformeerde Kerke in 1550 onder à-Lasco plaasgevind het. Die parallelle nasionale en godsdienstige verset teen die Spaanse bewind en sy rugsteun aan die Roomse Kerk loop uit op die tagtigjarige oorlog (1568—1648). Gedurende hierdie tydperk word die Protestantse kerkhervorming

---

1 Omdat die eintlike studie hier gaan oor 'n besondere aspek van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die historiese weergawe slegs geskied om 'n agtergrond te gee, sal die feitlike gegewens so saaklik — ja, selfs so neutraal moontlik, verhaal word sonder enige poging tot regverdediging van hierdie of daardie historiese optrede, veral met betrekking tot die skeiding van kerklike weë in Suid-Afrika. Terwille van die vereiste saaklikheid van hierdie hoofstuk en met die oog op die groot aantal geskrifte oor die kerkgeskiedenis, word aan die einde van die hoofstuk verwys na die belangrikste werke wat vir hierdie opsomming geraadpleeg is. Regstreekse literatuurverwysing word alleen aangedui in die geval van aanhalings en die weergawe van skrywers se persoonlike menings of konklusies.

2 Kuyper, H. H.: College Dictaat Vaderlandsche Kerkgeschiedenis, p. 28.

in Nederland feitlik voltrek en wel in Calvinistiese of gereformeerde strekking. Die fondamentstene van hierdie bouwerk is die groot grondliggende kerkvergaderings, die voorbereidende Konvent van Wezel (1568) en die daaropvolgende sinodes van Emden (1571), Dordrecht (1574 en 1578), Middelburg (1581) en Den Haag (1586), waarop die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hom nog steeds beroep as 'n integrerende deel van sy eie voorgeskiedenis.

Naas die ontworsteling aan die Roomse word die gereformeerde dogma, belydenisskrifte en kerkregering in hierdie tydperk verder uitgebou en gedifferensieer in 'n verbete stryd met die Arminiane of Remonstrante oor die leerstuk van die uitverkiesing — 'n stryd wat kulmineer in die Sinode van Dordrecht (1618—1619) „de beroemdste kerkvergadering, waar de suivere leer heeft getriumfeerd".[3]

Uit hierdie stryd en die sinode kristalliseer die derde van die drie formuliere van enigheid, die „Vyf Artikels teen die Remonstrante" of sogenaamde „Dordtse Leerreëls" naas die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis. „Hierdie drie is nog vandag die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke. Die ontwikkeling van die Gereformeerde leer het hier dus 'n sekere afsluitingspunt bereik."[4] Ook is die Kerkorde deur die sinode gereviseer en is daaraan finale beslag gegee.

Vier jaar na beëindiging van die tagtigjarige oorlog toe die gees van Dordrecht nog in 'n bloeityd verkeer het, land van Riebeeck aan die Kaap en dra, vanselfsprekend, sy vaderlandse tradisie oor na Suid-Afrika. Voortaan moet derhalwe rekening gehou word met hierdie Nederlandse tradisie in regstreekse en onregstreekse uitwerking sowel as met die toestande en omstandighede van die wordende Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Alhoewel die Nederlandse beïnvloeding met die loop van jare in betreklike mate aan regstreekse beïnvloedende krag sou verflou, was dit aanvanklik sowel baie regstreeks as baie sterk. Ook om hierdie rede is dit dan ook noodsaaklik om, wat die gereformeerde leer en kerklike organisasie in Suid-Afrika betref, nie te handel asof daar na 1652 geen verband met Nederland meer bestaan het niet. Derhalwe moet die oog ook nog gerig word op die geskiedenis van die moederkerk veral tot aan die einde van die negentiende eeu.

Onder invloed van die humanisme in al sy vorms en skakerings in die verskillende lande was die gees van Dordrecht gedurende die agtiende eeu aan verflou. In Nederland word die naam *„gereformeerd"* vervang deur *„hervormd"*. Dieselfde naamsverandering word waargeneem in die offisiële kerklike en staatkundige stukke aan die Kaap met die oorgang van die agtiende na die negentiende eeu. Naas die naam *„Kerkenraad der Gereformeerde gemeente"* kom in 1792 vir die eerste keer ook *„Hervormden Kerkenraad"* voor.[5]

In die Nederlande loop hierdie gees na die Napoleontiese oorloë daarop

[3] Kuyper: College Dictaat, p. 63.

[4] Du Toit, S.: Handleiding vir die studie van Kerkgeskiedenis, 1941, p. 104.

[5] Spoelstra, C.: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika: deel II, H.A.U.M., Amsterdam-Kaapstad, 1907, p. 344. Ook pp. 224, 229, 236, 273, 258, 267, 368, 369, 461.

uit dat die Hervormde Kerk vanaf 1816 deur 'n staatsreglement bestuur word. Die verset van die Gereformeerdes lei uiteindelik onder inwerking van verskeie toestande en faktore tot die afskeiding van 1834 uit die Hervormde Kerk. Uit die afskeiding kom eindelik drie Gereformeerde Kerke tot stand. Een groep wat onder leiding van ds. Van Raalte na die Verenigde State uitgewyk het, het daar die Christelik Gereformeerde Kerk van Noord-Amerika gestig, terwyl die ander twee, die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Gemeentes onder die Kruis in 1869 weer met mekaar verenig het onder die naam Christelike Gereformeerde Kerk (in Nederland).

Van Riebeeck en sy ondergeskiktes het weliswaar die Gereformeerde leer, geloof en belydenis na die Kaap gebring in 1652, maar tot afsonderlike gemeentestigting kom dit eers in 1665, toe ds. Van Arckel as eerste vaste leraar bevestig word saam met die lede van die eerste kerkraad.

Die Kaapstadse gemeente en die later gestigde kerke het geressorteer onder die klassis Amsterdam, maar te wyte aan die groot afstande en stadige verkeer was die organisatoriese bande nie besonder stewig nie. Begryplikerwyse sou dit nie baie moeilik gewees het om 'n eiesoortige kerklike lewe onder die grootliks van Nederland verskillende omstandighede in Suid-Afrika te ontwikkel nie. Hierdie ietwat losse uitwendige band met klassis Amsterdam is verder verbreek deur die Engelse verowering van die Kaap, hoewel die gebeurtenis origens miskien nie groot kerklike veranderings teweeggebring het nie.

Die volle aanslag van die humanisties-rewolusionêre gees van Europa het die gereformeerde kerklike lewe in Suid-Afrika eintlik eers getref met die koms van De Mist en sy bekende kerkorde. In menige opsig was dit die sterfjaar van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.[6] Tog is dit van belang om te onthou dat onder die nuwe bedeling verkry is dat die diakens vryelik verkies mag word en dat vergunning gegee is tot die hou van 'n algemene kerkvergadering wat weens allerlei omstandighede eers in 1824 plaasgevind het.[7] Op hierdie stadium was die naamsverandering na *Hervormde Kerk* 'n voldonge feit en het 'n derde sterk beïnvloedende faktor naas die Nederlandse tradisie in die Suid-Afrikaanse omstandighede aan die lig getree, naamlik die Engelse faktor soos beliggaam in die tekens van 'n metodistiese rigting en die groot aantal Skotse predikante.

Die volgende belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kerke van Nederlandse gereformeerde oorsprong is die sinode van 1842 waar gedeeltelik teruggekeer is na die ou naam deur die kerk te herdoop tot die Nederduits-*Gereformeerde* Kerkgenootskap en waar besluit is tot hersiening van die kerkwette. Laasgenoemde het uitgeloop op die afskaffing van die steeds nog geldende kerkorde van De Mist en die verlening van 'n eie ordonnansie aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk.

---

[6] Hamersma, ds. T., Los, dr. S. O., en du Toit, dr. J. D. De Geschiedenis van de Christelijke Kerk, Potchefstroom, 1911, p. 316.

[7] Die Sinode is byeengeroep om die belange van die „Nederduits Christelijke Hervormde Gemeenten" te bevorder: Moorrees, A.: De Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652—1873, S.A.B.V., Kaapstad 1937. p. 545.

Tot sover was daar, in institutêre vorm, eintlik nog net een Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, die menigvuldige naamsverwisseling ten spyt. Maar tussen die sinodes van 1824 en 1842 sou gebeurtenisse plaasvind wat vir die gereformeerde kerkgeskiedenis en die kultureel-politieke vaderlandse geskiedenis albei van onberekenbare belang was. Die Groot Trek het duisende burgers buite die grense van die Britse Koloniale bewind en lidmate buite bereik van die Kaapse kerk gebring. Alhoewel die Kaapse Nederduits-Gereformeerde Kerk onder die toenemende Britse oriëntasie sterk gekant was teen die destydse onverstaanbare volksverskuiwing, kon dit op die duur sy oë nie gesluit hou vir die aanwesigheid van so 'n groot getal herderlose kerkgenote buite die koloniale grense nie. Hoeseer hy ook sy houding verander het, het die Kaapse Kerk voor die praktiese moeilikheid te staan gekom dat hy nie genoeg predikante gehad het om die Trekkers te bedien nie.

Die Groot Trek was hoofsaaklik 'n nasionale beweging met allerlei vermengde ekonomiese, kulturele en politieke aspekte, — alhoewel onbewus of minder bewustelik dan — en sekerlik ook, tenminste vir sover dit 'n seksie van die Trekkers betref het, met 'n bepaalde kerklike aspek. Netso sou die latere kerklike verwikkelinge nie vry gehou kon word van 'n bepaalde politieke inslag nie en wel in die vorm van 'n vrees vir Kaaps-Britse inmenging, gesien vanuit die standpunt van die lidmate in die Vrystaat en meer nog in Transvaal.

Die Natalse en Vrystaatse Trekkers is mettertyd weer tot gemeentes gestig onder ressort van die Kaaplandse sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, totdat die hof in 1862 beslis het dat alleen Kaaplandse gemeentes sitting op die Kaaplandse sinode het. In Transvaal het die Trekkers kerklik selfstandig gebly en sonder institutêre verband met die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Kaapland. Hierin het 'n sekere wantrouige vrees dat die predikante uit die Kolonie sou optree as agente van die Britse regering bepaadelik 'n rol gespeel. Heeltemal begryplik is die houding as onthou word dat die Transvalers by uitstek die Trekkers was wat weg van die see en die Engelse wou kom.

Die enigste ander aansluitingspunt op kerklike gebied was dus nou maar weer die ou moederland. Pogings is aangewend om predikante uit Nederland te kry, sonder praktiese resultaat. Na herhaalde onsuksesvolle pogings in hierdie rigting word weer noodgedwonge getrag om dan maar aansluiting by die Kolonie te vind. Die aansoek was nouliks goedgekeur deur die Kaapse sinode van 1852 toe proponent Dirk van der Hoff uit Nederland in Transvaal arriveer. Omstandighede het nou vinnig uitgeloop op 'n kerklike differensiasie in Suid-Afrika. Die drie tydperke van die oorspronkelike Gereformeerde Kerk, nl. Gereformeerd, Hervormd en Nederduits-Hervormd, kry nou binne 10 jaar bestendiging as drie geïnstitueerde kerke parallel *langs* mekaar en nie meer as opeenvolgende kerklike strominge *na* mekaar nie.

Die eerste stap hiertoe was die bevestiging van prop. Van der Hoff as predikant en die daaropvolgende besluit van die Algemene Kerkvergadering te Rustenburg teen enige inlywing by die Kaapse kerk. Naas die Nederduits-Gereformeerde staan dus nou ook geïnstitueerd die Neder-

duits-Hervormde kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek.

Reeds voor die aanvang van die Groot Trek was daar in die kolonie 'n groep mense wat nie meer gelukkig gevoel het in die destydse Hervormde Kerk [8] nie. 'n Aansienlike deel van hierdie beswaardes het hulle saam met die stroom van die Trek noordwaarts begewe terwyl 'n deel in die Kolonie, hoofsaaklik in die noordoostlike distrikte agtergebly het. Van die „Doppers", soos hulle destyds ook al genoem is, het hulle in die Vrystaat gevestig, maar die grootste groep wat hulle onder die aanhang van Hendrik Potgieter bevind het, het hulle in die Rustenburgse omgewing, Potchefstroom en ander dele van Transvaal gevestig. Miskien meer as enigiemand anders was hierdie groep gekant teen die Kaapse regering en die Kaapse kerk. Aanvanklik het hulle ds. Van der Hoff en die Hervormde Kerk in Transvaal gesteun, maar kon op die duur daar ook nie 'n kerklike tuiste vind nie. Sommige het hulle derhalwe weer losgemaak van die Hervormde Kerk terwyl ander lidmate met gemoedsbeswaar gebly het.

Vanuit hierdie kring, sowel in die Vrystaat as in die Transvaal, is nou pogings aangewend om in aanraking te kom met predikante van die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland.

Resultaat hiervan was uiteindelik dat die sinode van laasgenoemde kerk in 1857 'n sinodale kommissie opdrag gegee het om in verbinding te kom met die roepende Transvalers. Na verskeie teleurstellings val die keuse op ds. Dirk Postma. Die vernaamste bron van gegewens oor die verloop van sake vanaf 11 Februarie 1857 toe ds. Postma die beroep na Suid-Afrika aanvaar het, vind ons in sy dagjournaal. In Junie 1858 kom hy in Kaapstad aan en na 'n kort verblyf bereik hy Transvaal via Natal. Sy optrede het onmiddellik soveel weerklank gevind by die beswaardes in Transvaal dat hulle hom dadelik aanvaar as redder uit hulle toestand van kerklike tuisloosheid en hom vir hulle as mondstuk laat optree in samesprekinge met die Hervormde Kerk. Hoewel die kwessie van evangeliese gesange as verskilpunt by die besprekings op die spits gedryf is, is dit baie duidelik dat dit op daardie oomblik slegs die vernaamste van 'n aantal akkumulerende besware was en dat die kloof reeds so wyd was dat, sonder grootse tegemoetkoming van die kant van die Hervormde Kerk, kerklike eenheid nie meer moontlik was nie. Aangesien die Algemene Kerkvergadering te Pretoria (10 Januarie 1859) nie hiertoe bereid was nie, gee vyftien broeders wat ds. Postma se standpunt ondersteun het, op die elfde hulle voorneme te kenne om van die Hervormde Kerk af te skei en oor te gaan tot die stigting van „eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen, zooals die zich te Dordrecht, in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne nationale synode, de Kerkorde gewijzigd voor dat onze tegenwoordige omstandigheden het vorderen".[9]

Hierop volg dan die stigting van die eerste gemeente van die huidige

---

[8] Die offisiële naam van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Kaap tussen die sinodes van 1824 en 1842.

[9] Postma, ds. D.: De Geschiedenis van de Stichting en ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, Paarl 1905, pp. 123/124.

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te Rustenburg op 10 Februarie 1859 met 310 lidmate, en daarop volg die stigting van andere gemeentes in Transvaal en daarna in die Oranje Vrystaat en in Kaapland. Voortaan sal na hierdie kerk kortheidshalwe verwys word as die Gereformeerde Kerk.

Uit hierdie regstreekse teruggrype van die Transvalers en hulle geesverwante in die Vrystaat en Kaapland na die sinode van Dordrecht en die tradisie van die Gereformeerde Kerk in Nederland om vir hulle weer 'n kerklike tuiste te skep, is dit duidelik waarom ook in hierdie verhandeling telkens en hoofsaaklik verwys sal word na literatuur uit die kring van Nederlandse Gereformeerdes en na die leer, kerkregering en -praktyk van die Nederlandse Gereformeerde kerke. Dit is die fondament waarop die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika rus.

Die onderstaande tabel gee die groei van die Gereformeerde Kerk aan met betrekking tot die lidmatetal, die aantal belydende lidmate, gemeentes en die getal diensdoende predikante.

*Tabel I. Groei van die Gereformeerde Kerk aangedui in tienjaarperiodes.*

| Jaar. | Sieletal.[1] | Bel. lidmate. | Predikante. | Gemeentes. | Klassisse. | Alg. Verg.[2] |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1859 | — | 310[3] | 1 | 7[4] | — | 1 |
| 1870[5] | — | 3141[6] | 7 | 16[7] | — | 3 |
| 1879 | — | 5339 | 11 | 23 | — | 3 |
| 1888[8] | — | 6259 | 16 | 27 | — | 3 |
| 1898[9] | 23735 | 9648 | 22 | 42 | — | 3 |
| 1909 | 32590 | 15505 | 25 | 53 | — | 3 |
| 1919 | 37739 | 18059 | 37 | 74 | — | 3 |
| 1929 | 48806 | 25040 | 38 | 96 | 7 | 3 |
| 1939 | 58121 | 33269 | 66 | 123 | 7 | 3 |
| 1949 | 71282 | 41961 | 68 | 153 | 15 | 4 |

1 Gedurende die eerste dekades is geen volledige opgawe van sieletal in die Almanak gegee nie.

2 Vanaf die eerste klassis-indeling is die Algemene Vergaderings vervang deur Partikuliere Sinodes.

3 Aantal lidmate by stigting van eerste gemeente op 10 Februarie 1859.

4 Volgens stigtingsdatum.

5 Die eerste Almanak, dié vir 1871 is teen die einde van 1870 uitgegee.

6 Alleen vir O.V.S. en „Kolonie". Vir die Transvaalse gemeentes is geen lidmate-opgawe gedoen nie.

7 Insluitende Zoutpansberg „thans ingedeeld by de naaste gemeente veroorzaakt door oorlog".

8 Die Almanak vir 1880 ontbreek in die kerk se argief.

9 Weens die oorlog is geen Almanak vir 1900, bevattende gegewens oor 1899 gepubliseer nie.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE OOR DIE KERKGESKIEDENIS


BEETS, Henry: *De Chr. Geref. Kerk in N.-A.* — Grand Rapids, 1918.

DREYER, A.: *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* — Van de Sandt en De Villiers en Co., Kaapstad 1929.

DU PLESSIS, J. A.: *Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering.* Nas. Pers. Bpk., Bloemfontein 1925.

DU TOIT, S.: *Handleiding vir die Studie van die Kerkgeschiedenis.* Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom 1941.

ENGELBRECHT, S. P.: *Geskiedenis van die Nederduits-Hervormde Kerk van Afrika.* De Bussy, Pretoria 1936.

FEESTKOMITE: *Gouden Jubileum van het Vyftig-Jarige bestaan van de Geref. Gem. Burgersdorp, 1860—1910.* Stem Drukkery, Burgersdorp 1910.

GERDENER, G. B. A.: *Ons Kerk in die Transgariep, S.-A.* Bybelvereniging, Kaapstad 1934.

GREYLING, P. F.: *Die Nederduits-Gereformeerde Kerk en Armesorg.* Nas. Pers. Bpk., Kaapstad 1939.

HAMERSMA, T., LOS, S. O. en DU TOIT, J. D.: *De Geschiedenis van de Christelijke Kerk.* Het Westen, Potchefstroom 1911.

KEIZER, G.: *De Afscheiding van 1834.* Kok, Kampen 1934.

KUYPER, H. H.: *College Dictaat Vaderlandsche Kerkgeschiedenis.* Roneo.

MOORREES, A.: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652—1873. S.-A.* Bybelvereniging, Kaapstad 1937.

POSTMA, D.: *De Geschiedenis van de Stichting en Ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.* Paarl 1905.

SPOELSTRA, C.: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduits Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika.* Deel II. H.A.U.M., Amsterdam-Kaapstad 1907.

———: *Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. — Historisch-kritisch onderzocht.* Kok, Kampen 1915.

HOOFSTUK III.

# Die Diakonaat: Instelling, Amp, Taak en Terrein

Die barmhartigheidsdiens van die Christelike kerk val eintlik in twee groot periodes te onderskei. Die Ou-Testamentiese bedeling wat nog sonder duidelik geïnstitueerde kerk is, sou genoem kan word die voor-diakonale tydperk. Die tweede tydvak begin met die instituering van die Christelike kerk na die hemelvaart van Christus, die uitstorting van die Heilige Gees, die stigting van die eerste gemeentes en die kiesing en bevestiging van die sewe diakens.

Dit moet vir elkeen duidelik wees dat die bevestiging van die eerste diakens, soos Lukas dit beskryf [1] nie die begin van die barmhartigheidsdiens was nie. Die burgerlike en godsdienstige wette wat aan Israel op sy woestyntog deur 'n regstreekse Goddelike openbaring gegee is, behels 'n hele stel voorskrifte vir die ekonomies-maatskaplike welvaart van die Israeliet.[2] Hierdie maatreëls van voorkomende, noodlenigende en rehabiliterende aard, gewortel in die naasteliefde as groeibodem maak dan ook in beginsel die agtergrond uit van die Nuwe-Testamentiese barmhartigheidsdiens. Wat wel nuut is, is die instelling van 'n bepaalde amp waaraan die barmhartigheidsdiens besonderlik toevertrou is. Dit is trouens ook nie onbegryplik dat dit juis na pinkster moes gebeur nie. In die koninkryk van God moet die naasteliefde te alle tye tot openbaring kom; maar sou dit nie veral gepas wees nadat Christus as die enige Verlosser uit die sonde sy taak op die aarde verrig het en in sy arbeid en leer gedurig die klem op die liefde en die beoefening van barmhartigheid laat val het nie?

Tot die taak van die apostels het dit ook behoort om aan die kerk 'n organisasie te gee vir sy sigbare aardse bestaan.[3] Die instelling van die kerklike ampte was 'n wesentlike deel van hierdie taak, en hierdeur vind die gebod van naasteliefde en barmhartigheid dan ook gestalte in die instelling van 'n besondere amp. „Uit den apostolischen wortel spruiten deze ambten op: het leer- en regeerambt, aanvankelijk vereenigd, doch daarna gesplitst, doch vooraf reeds het diaconale ambt, het ambt der

---

[1] Hand. 6 : 1-6.
[2] Van Lonkhuyzen en Biesterveld e.a.: a.w. pp. 22-24.
[3] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 37.

barmhartigheid".[4] Wesentlik was hierdie ampte tog seker in die Ou-Testamentiese kerk aanwesig, sodat die apostoliese kerkorganisasie alleen as 'n duideliker differensiëring daarvan aanvaar kan word.

Vir die instelling van die amp van barmhartigheid was die algemene atmosfeer besonder geskik. Die prinsipiële grondslae vir 'n algemene barmhartigheidsdiens is gegee in die voorgenoemde maatreëls. Teenoor die algemene verwaarlosing van die naasteliefde het Christus so pas onder sy volk verkeer as die beliggaming van die barmhartigheid self. Die koue reglementering van die reste daarvan het Hy striemend aan die kaak gestel met woord en daad. As onmiddellike, in bepaalde sin, deurslaggewende faktor kom ook nog die klagte van die „Grieks-sprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees oor die hoof gesien is in die daaglikse versorging".[5]

Om aan laasgenoemde misstand 'n einde te maak en terselfdertyd hulle eie hande losser te kry vir hulle eintlike diens, naamlik om te „volhard in die gebed en die bediening van die woord"[6] laat die apostels die gemeente nou sewe manne kies, „van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en van wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel".[7]

Kragtens hulle apostoliese volmag het die twaalf hiermee 'n afsonderlike amp vir die barmhartigheidsdiens ingestel in die Jerusalemse gemeente.[8] Dat dit 'n selfstandige amp sou wees, en nie blote helpers of knegte van die apostels nie, blyk daaruit dat aan die verkose diakens nie alleen 'n besondere taak in onderskeiding van dié van die apostels toegewys is nie,[9] maar soos gebruiklik by die Leviete deur handoplegging en onder gebed deur die apostels bevestig is.[10] So kom tot stand 'n afsonderlike amp wat dwarsdeur die geskiedenis van die Christelike kerk — hoewel dikwels onderhewig aan afdwaling en verloëning — sou dien as kanaal van die barmhartigheidsdiens en wat as sodanig ook nog gehandhaaf word deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Die Heilige Skrif bevat genoeg gegewens waaruit afgelei kan word dat die apostels tydens hulle stigtingswerk ook diakens in die nuwe gemeentes laat kies het. Onder die toestande van pionierswerk — dikwels onder vervolging, dwaling en kettery — is dit feitlik vanselfsprekend dat die verbreiding van die diakonaat, soos van die hele kerklike organisasie, „niet aanstonds voltooid, en niet naar vast program gegaan, maar eerst van lieverlede geschied".[11]

Derhalwe waarsku Van Lonkhuyzen dan ook teen 'n al te idealistiese opvatting van die diakonale amp en veral ten opsigte van die ampsbekleders in die vroegste gemeentes, asof die amp ten volle ontwikkel sou wees. Tog wys hy nadruklik daarop dat die amp in die ou Christelike kerk

4 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 37.
5 Hand. 6 : 1.
6 Hand. 6 : 4.
7 Hand. 6 : 3.
8 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 38.
9 Hand. 6 : 2, 3.
10 Hand. 6 : 6.; Van Lonkhuyzen in a.w. p. 38; Bouwman: a.w. p. 10.
11 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 47.

nie alleen bestaan het nie, maar selfs ook gebloei het. Die model van die Jerusalemse gemeente was daar.

„En al is dit overnemen van het diaconale ambt misschien langzaam gegaan...., en misschien ook gebrekkig gegaan, toch heeft geheel de Christenheid naar het voorbeeld der gemeente te Jeruzalem het diaconaat als het ambt der barmhartigheid aanvaard".[12]

Weliswaar blyk dit dat vanaf ongeveer die derde eeu n.C. die diakonaat al meer van sy selfstandigheid verloor namate dit onder die kenmerkende hierargie van die Roomse Kerk ingeskakel is.[13] Nie dat die amp as sodanig verdwyn het nie, maar sy selfstandigheid en oorspronklike doel is hom sodanig ontneem dat die diaken dienaar van die biskop word — tot so 'n mate dat die naam *diaken* grootliks vervang is deur *dienskneg* — en dat sy arbeid opgaan in kultushandelinge. Naas die hulpdiens by die nagmaalsviering moes die diaken ook preek, katkiseer, selfs doop in noodgevalle, voorlees, orde in die kerk bewaar, die gemeente tot gebed oproep.[14] Tog het die diakens en veral die aartsdiaken in sy pos as tesourier van die biskop, gedeeltelik die versorging van die armes behou totdat teen die vyfde en sesde eeu allerlei inrigtings met skare van monnike onder leiding van die biskop die diakonaat as amp van barmhartigheid heeltemal verplaas het.[15]

Dit was die kerkhervorming beskore om in die toestand 'n verandering teweeg te bring [16] en wel in die sin van 'n teruggang na die vroeëre toestand. Luther se hervorming het, uit die aard van sy opvattings van 'n volkskerk en die klem wat hy op die leeramp geplaas het, nie veel tot die reformasie van die diakonaat bygedra nie.[17] Zwingli kon dit eweëens nie verder as Luther bring nie terwyl die barmhartigheidsdiens in Engeland weens die eienaardige verloop van de hervorming daar te lande, onder owerheidsbeheer beland het.[18]

Die Gereformeerde Kerke in die Nederlande en in Suid-Afrika het hulle beskouing oor die diakonaat geërf van die diepgrypender en meer sistematiese kerkhervorming van Calvyn. Soos hy die grond vir sy hele hervormingstaak in elke opsig in die Skrif gaan soek, vind Calvyn ook die grondslag vir die herstel van die diakonaat in Handelinge 6.[19] Dit is wel waar dat Calvyn met betrekking tot die diakonaat 'n standpunt ingeneem het wat deur die latere gereformeerdes nie onderskryf is nie, soos sy afleiding uit Romeine 12 : 8 dat daar twee soorte diakens sou

---

[12] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 55.

[13] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 61 e.v.p.; Chr. Enc. I, p. 586.

[14] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 65 e.v.p.; Bouwman: a.w. pp. 12, 13; Chr. Enc. I, p. 586.

[15] Van Lonkhuyzen in a.w. pp. 69, 87; Calvyn: Institutie, Doesberg 1889, IV, 5, 15-19, p. 641 e.v.

[16] Chr. Enc. I, p. 586.

[17] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 107 e.v.p.; Bouwman: a.w. p. 32 e.v.p., Chr. Enc. I, p. 586.

[18] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 114 e.v.p.

[19] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 117; Bouwman: a.w. p. 35; Chr. Enc. I, p. 586; Calvin, John: Commentary upon the Acts of the Apostles, Edinburgh, 1859, dl I, p. 168 e.v.

wees,[20] en ook dat hy in Genève nie sy leerstellings oor die diakonaat ten volle in die praktyk kon uitleef nie — tog moet erken word dat op die grondslag deur hom gelê die diakonaat in die gereformeerde kerke van Europa gebou is. Die persoon wat naas Calvyn genoem moet word in 'n juiste waardering van die gereformeerde diakonaat, is Johannes à Lasco, superintendent van die vlugtelingkerk te Londen.[21]

Die Nederlandse gereformeerde kerke het aangesluit by die opvattings van Calvyn soos gewysig en in praktyk gestel deur à Lasco. Die eerste Nederlandse Geloofsbelydenis erken reeds die diakonaat as 'n selfstandige amp, terwyl die Amsterdamse gemeente die eerste spore van 'n diakonie toon.[22] Hoewel die Konvent van Wezel (1568) en die daaropvolgende provinsiale en generale sinodes soos Emden 1571, Dordrecht 1578 en Middelburg 1581 daaraan bekragtiging verleen en in dieselfde lyn voortgebou het, is nog 'n langdurige stryd gevoer met die burgerlike owerheid om die selfstandigheid van die diakonaat as kerklike barmhartigheidsamp te handhaaf.[23] Onder die omstandighede kry ons gedurende die laaste helfte van die sestiende en die eerste helfte van die sewentiende eeu weliswaar nog geen eenvormigheid ten opsigte van die praktyk van die diakonaat in die gereformeerde gemeentes in die Nederlande nie, maar wat leerstellige fondament betref, het die verskillende sinodes en veral dié van Dordrecht (1618-'19) 'n ondubbelsinnige grondslag gelê.[24] En met hierdie erfenis het die gereformeerde kerkinrigting in Suid-Afrika begin.

*Die Diakonaat in Suid-Afrika voor 1859.*

Dit spreek vanself dat met die koms van Van Riebeeck en die eerste nedersetters na die Kaap in April 1652, die heersende godsdienstige en kerklike gebruike van Nederland hierheen oorgebring sou word. Die nuwe gemeente het kerklik onder die klassis van Amsterdam geressorteer.

Greyling meen dat dit „meer as waarskynlik" was uit navolging van die gebruik in Nederland en op grond van die Nederlandse geloofsbelydenis dat daar dadelik na van Riebeeck se aankoms kerkraadslede gekies is.[25] Maar as in gedagte gehou word dat die sinodes in Suid-Holland selfs tussen die jare 1683—86 nog daarmee te kampe gehad het dat in die klassisse Woerden en Over-Rijnland daar nog gemeentes was „die alleen politycque armmeesters en geen diaconen hadden" [26] kom daar enigsins twyfel ten opsigte van die „meer as waarskynlik"-heid van onmiddellike navolging. Dr. J. D. du Toit aanvaar *een* ouderling en *een* diaken as lede van die eerste ampsdraers van die Kaapse gemeente.[27]

---

20 Calvin, John: Commentaries on the Epistle of Paul the Apostle to the Romans, Edinburgh 1849, p. 462 e.v.; Calvyn: Institutie IV, 3, 8-9, p. 620.
21 Van Lonkhuyzen a.w. p. 131 e.v.p.; Bouwman: a.w. p. 36; Chr. Enc. I, p. 586.
22 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 153 e.v.p.
23 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 156 e.v.p.; Bouwman: a.w. p. 39 e.v.p.
24 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 167 e.v.p.; Chr. Enc. I, p. 586.
25 Greyling, P. F.: Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg, Kaapstad 1939, p. 177.
26 Chr. Enc. I, p. 586.
27 Hamersma, Los en du Toit: Gesch. der Chr. Kerk, p. 272.

Prof. S. du Toit stel dit dat die eerste kerkraad bestaande uit een ouderling en een diaken, benoem is na die koms van die eerste vaste predikant, nl. ds. van Arckel in 1665.[28] Greyling gaan ook uit van die standpunt dat dit die eerste kerkraad is waaroor ons ontwyfelbare bewys besit, maar verskil van die voorgenoemde skrywers in die opsig dat hy beweer dat daar twee ouderlinge en twee diakens was, van wie een ouderling en een diaken jaarliks deur „nieuwgekozene" vervang sou word.[29] Prof. Jooste stel dit uitdruklik [30] dat die eerste diaken na die koms van ds. van Arckel gekies en bevestig is, en dat die getal later vermeerder is, eers tot twee en nog later tot vier.

Volgens die oudste Resolusieboek van die Kaapse gemeente, soos weergegee deur Spoelstra, is dit duidelik uit die eerste aantekening daarin op 23 Augustus 1665 dat *een* ouderling, Abr. Schut en *een* diaken, Johan Reinersz die kerklike ampsdraers was. Die betrokke stuk laat ook die indruk ontstaan dat hulle in hulle ampte bevestig is na die aankoms van ds. van Arckel. Op 7 Mei 1666 is 'n mede-ouderling, Elbert Diemer en 'n tweede diaken, Pieter Klinckenberg, gekies en „geapprobeert bij den Hr. Commandeur Wagenaer".[31]

Wat ook al die getal diakens in die eerste kerkraad van die oudste gereformeerde gemeente in Suid-Afrika en wat ook al die presiese datum van hulle verkiesing en bevestiging mog wees, van wesentlike belang is hier alleen die feit dat sodra die kerkorganisasie in die haak gebring is, die amp van barmhartigheid deur die bestaan van die diakonie, naas die ander ampte, in die praktyk erken is.

Saam met hierdie erkenning van die amp is ongelukkig ook die ongereformeerde praktyke uit Nederland oorgedra en wel in die vorm van owerheidsbemoeiïng met die kerk en met sy barmhartigheidsdiens. Die predikant was amptenaar van die Kompanie; politieke kommissarisse het sitting geneem in elke kerkraadsvergadering en ouderlinge sowel as diakens is gekies en bevestig onder goedkeuring van die burgerlike owerheid.[32] Hierby merk Greyling op: „Nietemin kom die eer aan die Kerk toe dat hy kragtens wat hy van die begin af as sy roeping beskou het, die nodige masjinerie, in die vorm van die diakenamp, in die lewe geroep het, waardeur „de arm ende bedruckte geholpen ende getroost werden, nae datse van noode hebben".[33]

In mindere of meerdere mate is die diakonale amp deurgaans in die geskiedenis van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika gehandhaaf. Weliswaar het die praktyk en boefening daarvan nie altyd dieselfde gebly nie. Die barmhartigheidsdiens het met verloop van tyd feitlik op die kerkraad as geheel — ouderlinge en diakens — oorgegaan, sodat die diakonale werksaamhede vereng is tot 'n kollekteerdiens enersyds en

---

28 Du Toit: Handl. Kerkgesk., p. 135.

29 Greyling: a.w. p. 177.

30 Jooste, J. P.: Die Verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap, Bloemfontein, p. 50 e.v. Vgl. ook *Die Diaken*, dl I, p. 14.

31 Spoelstra: Bouwstoffen, II, p. 256.

32 Jooste: a.w. p. 46 e.v.; S. du Toit: a.w. p. 140; Spoelstra: a.w. II, p. 256.

33 Greyling:a.w. p. 178.

andersyds belas is met ander take wat, streng genome, nie tot die diakonale amp as sodanig behoort nie.[34]

*Die Diakonaat in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1859—1949.*

Met die stigting van die eerste gemeente van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in Februarie 1859 te Rustenburg, erf die Kerk 'n tradisie van praktiese erkennning en hoogskatting van die diakonale amp. Dit was eintlik 'n tweevoudige tradisie wat nie heeltemal vry was van teenstrydighede nie.

Enersyds is daar die tradisie van leerstellig uitgeboude beskouings, belydenisskrifte en sinodale bepalings; andersyds die eintlike diakonale praktyk soos beoefen in die Nederlandse gereformeerde kerke en soos dit verder koers gevat het onder Suid-Afrikaanse omstandighede van allerlei aard. Tussen die leerstellige en praktiese tradisie-elemente bestaan daar geen volkome ooreenstemming nie. In hoeverre sou die Gereformeerde Kerk, wat juis ontstaan het uit 'n verlange om weg te breek van wat sy lidmate beskou het as onsuiwer in leer en lewe van die destydse Nederduits-Hervormde en Nederduits-Gereformeerde Kerk, nou daarin slaag om 'n nuwe diakonale praktyk op te bou op die grondslag van wat hy leerstellig daaromtrent bely het en nog bely?

Op 11 Februarie 1859, die dag na die stigting van die eerste gemeente te Rustenburg, is daar vier ouderlinge en vier diakens gekies. Terselfdertyd is daar vir die „distrikt Mooirivier" 'n ouderling en diaken aangestel en ouderlinge en diakens onder approbasie vir Pretoria.[35] Dat die kiesing van diakens naas ouderlinge gebruiklik was by die verdere gemeentestigtings, blyk uit die verhaal van wyle prof. D. Postma, sowel as uit die onderskeie gemeentelike en uit die sinodale stukke. So het die eerste gemeente in die Oranje Vrystaat, nl. Reddersburg, dadelik drie ouderlinge en drie diakens gekies.[36]

Die volgende tabel (Tabel I) gee 'n aanduiding van die getal diakens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ongeveer elke vyf jaar. Daarin word aangetoon die getal diakens teenoor die totale aantal ouderlinge en die aantal belydende lidmate. Aangesien die eerste kerkalmanak eers in 1871 verskyn het, is gegewens vir die vorige jare baie moeilik verkrygbaar.[37] Daarby moet onthou word dat die gegewens van die almanak 'n beeld gee van die toestande die jaar van te vore; 1873 se almanak bevat dus die gegewens van die jaar 1872. Terselfdertyd moet daarop gelet word dat die gegewens nie altyd absoluut betroubaar is nie: die almanak maak nie voorsiening vir 'n aanduiding van vakante wyke nie; die gemeentelike weergawe is nie altyd presies juis nie, soms moet selfs, by gebrek aan nuwe gegewens, gebruik gemaak word van die vorige jaar

[34] Greyling: a.w. p. 179-180; Jooste, J. P.: *Die Diakonale Amp in Suid-Afrika* in Die Diaken, dele I-IV.

[35] Postma, ds D.: Geschiedenis van de Stichting en Ontwikkeling van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika; Paarl, 1905, p. 142 e.v.

[36] Postma: a.w. p. 166.

[37] Die statistiese gegewens hierin is ook nog onvolledig.

se opgawes. Tog lei dit tot enkele interessante afleidings. Die getal diakens het vanaf 1871 tot 1949 toegeneem van 83 in 17 gemeentes tot 1423 in 153 gemeentes. Daarby blyk dit dat die getal ouderlinge en diakens min of meer gelyk is. Die verskille is klein, wissel gedurig en moet waarskynlik toegeskryf word aan ongevulde vakatures tydens statistiekopgawes. Dit skyn ook asof die wyke 'n neiging toon om kleiner te word ten opsigte van die aantal lidmate onder die sorg van elke diaken. Vanaf byna 56 lidmate per diaken in 1872 het dit min of meer reëlmatig gedaal tot minder as 30 in 1949. Terselfdertyd het die gemiddelde aantal diakens per gemeente 'n redelik konstante styging getoon vanaf 4.9 diakens per gemeente in 1871 tot 9.3 in 1949.

Terwyl die gemeentes tussen 1870 en 1949 'n groei van 856.3 persent

TABEL I.

| Jaartal.[1] | Gemeentes. | Ouderlinge. | Diakens. | Belydende lidmate. | Lidmate per Diaken. | Diakens per gemeente. | Lidmate per gemeente. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1871[2] | 16(9)[3] | 48[4] | 53[4] | 3141[5] | 59.3 | 5.9 | 349 |
| 1872 | 17 | 79 | 83 | 4605 | 55.5 | 4.9 | 212.1 |
| 1875 | 19 | 87 | 92 | 4852 | 52.7 | 4.8 | 255.4 |
| 1880 | 23 | 100 | 103 | 5339 | 51.8 | 4.5 | 232.1 |
| 1885 | 24 | 126 | 126 | 5933 | 47.1 | 5.2 | 247.2 |
| 1891[6] | 30 | 158 | 161 | 7694 | 47.7 | 5.4 | 256.4 |
| 1895 | 34 | 167 | 167 | 8520 | 51.1 | 5.2 | 250.6 |
| 1899[7] | 42 | 213 | 213 | 10448 | 49.1 | 5.1 | 248.8 |
| 1905 | 47 | 257 | 254 | 12790 | 50.4 | 5.4 | 272.1 |
| 1910 | 53 | 303 | 306 | 15505 | 50.7 | 5.8 | 292.5 |
| 1915 | 67 | 392 | 389 | 17884 | 45.9 | 5.8 | 266.9 |
| 1920 | 74 | 433 | 431 | 18059 | 41.9 | 6.1 | 244.0 |
| 1925 | 82 | 513 | 507 | 19303 | 38.1 | 6.2 | 235.4 |
| 1930 | 96 | 626 | 619 | 25040 | 40.4 | 6.2 | 260.8 |
| 1935 | 107 | 771 | 763 | 28859 | 37.8 | 7.1 | 269.7 |
| 1940 | 123 | 908 | 889 | 33269 | 37.4 | 7.2 | 270.4 |
| 1945 | 133 | 1128 | 1132 | 37755 | 33.3 | 8.5 | 283.9 |
| 1950 | 153 | 1479 | 1423 | 41961 | 29.4 | 9.3 | 274.2 |

[1] Die jaartal het betrekking op die almanak waaruit die gegewens geneem is. Die gegewens geld dus eintlik vir die vorige jaar.

[2] Die eerste almanak het in 1871 verskyn.

[3] Die totale aantal gemeentes was 16, waarvan 9 in die O.V.S. en Kaapland.

[4] en [5] Statistieke vir die gemeentes in die Z.A.R. ontbreek in die eerste nommer van die almanak. Die aantal ouderlinge, diakens en belydende lidmate het dus alleen betrekking op die gemeentes in die O.V.S. en Kaapland.

[6] 'n Eksemplaar van die 1890-nommer van die almanak is nie meer verkrygbaar nie.

[7] In 1900 is die almanak nie gepubliseer nie.

toon, was daar 'n toename van 811.2 persent in belydende lede en 1615.7 persent in die getal diakens.[38] Ook hieruit is dit duidelik dat die gemiddelde getal diakens per gemeente toegeneem en die aantal lidmate per diaken minder geword het. Kwantitatief het die diakonaat dus 'n fenomenale groei beleef in die Gereformeerde Kerk.

*Die Diakonaat as Kerklike Amp.*

Die amp van diakens is 'n eiesoortige instelling van die Christelike kerk as instituut.[39] Wat ook al die verskille met betrekking tot die besondere take en werksaamhede, die organisasie en status daarvan, die amp word aangetref in al die vertakkinge van die Christelike kerk, by die Apostoliese sowel as die Roomse, by die Lutherse sowel as by die Calvinistiese.

Alleen die Christelike kerk ken die diakonaat; by die heidene is dit onbekend, watter liefdadigheid, maatskaplike versorging of filantropie daar ookal beoefen mag word. Die wese van die amp is dat dit deur die apostels onder inspirasie van die Heilige Gees ingestel is as orgaan van die Nuwe-Testamentiese kerk waardeur die barmhartigheid van Christus en sy besondere liefde vir die arme en ellendige onder sy volk en sy algemene liefde tot die nooddruftiges buite sy volk, bewys kan word. „In het diaconaat gaf Hij tevens het orgaan, waardoor zijn gemeente hetzelfde tweeërlei liefde recht openbaren kan".[40] Daarom is die diakonale amp en werksaamhede ten nouste verbonde aan die gemeente. Die diakens is nie die enigste lede in die besondere gemeente of in die kerk in die algemeen, wat barmhartigheid moet betoon nie, maar hulle is in hulle amp en in hulle organisasie as diakonie, die orgaan en kanaal waardeur die gemeentelike barmhartigheid gekoördineer, gelei en uitgevoer moet word.

Grondslag en doel van hierdie amp is die Christelike liefde. Daarin wortel die Christelike barmhartigheid; dit is die tot daad gedrewe liefde.[41]

Oor een aspek van die amp maak deskundiges daaroor, soos Van Lonkhuyzen en Bouwman, oppervlakkig beskou, teenstrydige bewerings. Eersgenoemde stel dit dat die diakonaat tot die kerklike instituut behoort. Die instituut bestaan terwille van die sonde en is dus slegs tydelik. Gevolglik is ook die besondere diakonale amp slegs van tydelike aard.[42] Daarteenoor sê Bouwman: „Het diakonaat is niet een noodambt, dat tijdelijk dienst doet, als de particuliere liefdadigheid niet groot genoeg is, maar een vast en duurzaam ambt, dat zijn duurzaamheid bezit in het wezen der kerk".[43]

Albei fundeer die diakonaat in die wese van die kerk, maar die een stel dit *tydelik*, die ander *duursaam*. Eintlik lê die onderskeid slegs in

---

[38] Die toename in die diakental was dus feitlik dubbel so vinnig as dié van die getal gemeentes en belydende lidmate.
[39] Van Lonkhuyzen in a.w. pp. 11, 218; Chr. Enc. I, p. 586.
[40] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 218.
[41] Bouwman: a.w. pp. 86, 87, 93.
[42] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 11.
[43] Bouwman: a.w. p. 91.

die gebruik van die woorde *tydelik, duursaam* en *kerk*. Van Lonkhuyzen is eintlik presieser in sy uitdrukking as Bouwman; hy gebruik *tijdelijk* om daarmee aan te dui die duur van die aardse bedeling, dit wil sê tot die herskepping. Trouens, die diakonaat is eers in die lewe geroep in die Nuwe Testamentiese kerk. Die bestaansperiode daarvan dek nie eers die hele tydperk van die aardse geskiedenis nie. Bloot histories gesien is dit 'n tydelike amp. Daarby kom, ten tweede, ook nog dat dit verbonde is aan die kerk as instituut — ook hier moet gelet word op die presisering van Van Lonkhuyzen — wat bestaan om die sonde ontwil. Die duur van die sonde is ook slegs tydelik, van hierdie aardse bedeling, vanaf die sondeval tot die herskepping. Op die nuwe aarde sal geen sonde meer wees nie.

In die paradys — vóór die sondeval — was daar ook geen nood, dit wil sê onvervulde en onvervulbare lewensbehoeftes nie; na die herskepping sal daar eweëens geen nood, geen smart en ellende bestaan nie. Die geïnstitueerde kerk met sy ampte verval dan omdat dit nie meer nodig sal wees nie: geen *leeramp* meer nie omdat die geredde gelowiges dan ten volle sal verstaan; geen *regeeramp* nie, omdat daar die beginsel van gehoorsaamheid heers; geen *barmhartigheidsamp* meer nie omdat die liefde van Christus vervul, omdat geregtigheid heers en geen armoede, siekte of smarte meer bestaan om gelenig te word nie. In die sin dus tydelik.

Met hierdie opvatting is Bouwman nie in stryd nie, mits sy woordgebruik goed ontleed word. Hy is minder presies in sy terminologie, maar sy bedoeling word duidelik uit die omskywing wat hy gee: die diakonaat is nie 'n *noodamp* wat alleen uitgeoefen moet word as die partikuliere liefdadigheid faal nie. Dit is nie sporadies, aanvullend by die hetsy Christelike of nie-Christelike hulp uit ander bronne en beoefen deur ander instansies nie. Dit is *duursaam*, dit wil sê, blywend in die bestaanstyd van die Christelike kerk — totdat die kerk van Christus by sy wederkoms as bruidskerk sal triomfeer en die aardse instituering daarvan verdwyn. Duursaam dus in die aardse bedeling onder die sonde, en in die sin tog tydelik. Daarin stem die twee uitdrukkinge dus tog wesentlik ooreen.

*Historiese ontwikkeling van die Diakonaat.*

Die Roomse kerk het vanaf die tweede eeu n.C. reeds die diens of bediening van die tafels 'n eiesoortige betekenis gegee waardeur dit hoofsaaklik, byna uitsluitlik, gegeld het as hulpdiens vir die biskop. Nogtans is dit as amp behou.

Ten gevolge van sy besondere beklemtoning van die diens van die woord, kom eintlik net die *leeramp* by Luther tot sy volle reg. Die *regeer-* en *diakonale ampte* laat hy aan die burgerlike owerheid oor. Dié praktyk hang ook saam met Luther se opvatting oor die sog. lands- of volkskerk. Tog ontken Luther nie die diakonale amp nie. Hy baseer ook die barmhartigheidsdiens op Hand. 6 : 1-6, terwyl sy hele optrede getuig van sy ope hart en hand vir die nooddruftige. Maar omdat sy kerk staatskerk is, word ook sy diakonale diens oorwegend staatsdiens.[44]

---

[44] Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 107 e.v.

By Calvyn en sy medestanders tree die diakonaat sterker op die voorgrond. Calvyn kan weliswaar nie sy opvattinge in Geneve uitleef nie. Tog probeer hy, onder feitlik dieselfde omstandighede as Luther, om „de armverzorgers zooveel mogelijk met de kerk te verbinden en in het kerkelijk ambt te stellen". Teen die praktyk wat afgedwing word deur die Geneefse owerheid handhaaf Calvyn, as 't ware onder protes, sy beginsel van die diakonaat as 'n selfstandige kerklike amp. Hieroor handel hy in die kerkorde wat in 1541 opgestel is vir die Raad van Geneve en wat in 1561 en 1576 gewysig is. Hoewel die owerheid daarvolgens die beslissing behou met betrekking tot die armversorging, is dit tog duidelik dat die diakens vir hom *kerklike* ampsdraers bly.[45]

Hierdie beginsel word, hoewel op ander lyne, gehandhaaf deur à Lasco. Hy het 'n besondere waardering vir die diakonaat as amp openbaar.

In sy kerkorde vir die vlugtelinggemeentes in Londen, wys hy daarop dat hierdie amp deur die apostels ingestel is en derhalwe 'n Goddelike ordening is, noodsaaklik vir die kerk van Christus sodat Christus in sy behoeftige en bedrukte lede nie deur die kerk veronagsaam sal word nie. So hoog ag hy die amp dat hy die rykes vermaan om nie alleen mildelik by te dra tot die diakonale middele nie, maar ook om gedagtig te wees daaraan dat hulle nie die diakens mag verbygaan deur self aan die armes uit te deel nie. Sodanige optrede, sê hy, belemmer nie net die goeie orde in die gemeente nie, maar gee aanleiding tot onoordeelkundige liefdadigheid en tot verloëning van die amp. Sy beklemtoning van die amp is so sterk dat dit selfs die indruk laat dat hy geen plek laat vir die beoefening van partikuliere Christelike liefdadigheid nie.[46]

Op die grondslag van Calvyn, maar meer in ooreenstemming met die rigting van à Lasco het die gereformeerdes in Nederland gebou soos af te lei is uit die besluite van die verskillende sinodes — van die Konvent van Wezel af tot by die generale nasionale sinode van Dordrecht 1618—19. Op die stukke van laasgenoemde veral beroep die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hom nog steeds. Dit is die grondslag en gees van die Dortse Kerkorde wat ook aanvaar is „as die algemene Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in S.A. om in die kerkregering daarna te handel sover as dit in die onderskeie provinsies na die omstandighede van die gemeentes toegepas kan word. (Sin. Reddersburg, 1862, art. 19)".[47] Volgens art. 2 van hierdie Kerkorde word die diens van barmhartigheid as vierde kerklike amp naas die van „Dienaars van die Woord,.... die Doktore,.... die Ouderlinge...." erken. Ook blyk dit uit art. 3, waarin op algemene wyse oor die roeping gehandel word en uit artt. 4, 22 en 24 waarin besonderlik oor die verkiesing en bevestiging van die leraars, ouderlinge en diakens gespreek word, dat die diakonale amp gelykwaardig naas die ander aanvaar en gehuldig word. Dieselfde beskouing word vertolk deur die bevestigingsformulier van

---

45 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 120.

46 Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 132 e.v.

47 Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, (uitgawe in opdrag van die Sinode van 1945, gereedgemaak deur prof. J. D. du Toit en ds. T. T. Spoelstra), p. 17.

ouderlinge en diakens. So word gespreek van die „ampswerk van ouderlinge en diakens" en van die „oorspronklike instelling van hulle (die diakonale) amp." [48]

*Die Doel en Funksie van die Diakonaat.*

Die instelling van 'n amp veronderstel 'n besondere funksie of taak wat daardeur gedra en tot uitvoer gebring moet word. Die woord *amp* staan in die nouste betekenisverbinding met diens en dienslewering; dit het trouens dieselfde etimologiese oorsprong as *ambag*.[49] Met betrekking tot die diakonale amp moet die vraag dan gestel word watter diens hier bedoel word. Die woord *diaken* (Gr. diakonos = dienaar), dui alleen op die besondere dienskarakter van hierdie amp sonder om te sê wat die aard van die diens is.

En juis oor die soort diens wat deur die besondere dienaar gelewer word, het die verskille in die loop van die kerkgeskiedenis en van die ampsbediening opgeduik. Die etimologiese benadering sal in hierdie geval dan vervang word deur 'n historiese.

Gaan ons terug na die instellingsgeskiedenis van die diakonaat dan gee Lukas sekere grondbegrippe wat van beslissende betekenis is. Uit Hand. 6 blyk dit dat die instelling van die amp in wesentlike verband staan met die versorging van die weduwees wat in hulle daaglikse versorging oor die hoof gesien is en met die bediening van die tafels.[50] Histories gesien bestaan daar eintlik geen verskil tussen die twee funksies nie, tenminste nie wat die doel betref nie. Tog het hieroor veel stryd en misverstand ontstaan Die vraag wat hier eintlik beantwoord moet word omdat die hele betekenis van die diakonale amp daarop berus, is wat onder *die diens van die tafels* verstaan moet word. 'n Saaklike oorsig oor die lewenstoestande en die gebruike van die eerste gemeente is derhalwe gewens.

Uit wat in die apostoliese handelinge verhaal word, kan 'n redelik duidelike beeld opgebou word oor die godsdienstige en selfs die algemene gebruike van die eerste Christene in Jerusalem. Dit kan beste voorgestel word as die lewe van 'n groot familie.

Saamgebind deur 'n gemeenskaplike geloof, gedra en geïnspireer deur die liefde tot Christus, saamgedring deur die vyandigheid van die omringende Joodse en Heidenwêreld, moes die gemeenskapsgevoel besonder sterk gewees het, soos dit deurgaans die geval is met 'n minderheid wat te midde van antipatie en openlike vyandskap streef na die bereiking van 'n besondere ideaal.

So sterk was die gemeenskapsbande dat die gemeentelede soos broers en susters van een gemeenskaplike tafel geëet het „waarop men uit liefde voor den Here de dankofferen van zijn goederen bracht. De eene tafel, waaraan allen, hoe verschillend van rang en stand men ook mocht wezen,

---

[48] Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens — Afrikaanse Psalmboek, 1945, p. 155 e.v.

[49] Franck — van Wijk van Haeringen: Etymologisch Woordenboek. Vgl. ook Hoekstra, T.: Ambt en Liefde, Kampen 1919.

[50] Hand. 6 : 1, 2.

aanzaten, werd beschouwd als de tafel des Heeren. De rijken brachten veel daarop, de armen weinig of niets. Hetgeen daarop gebracht werd, werd den Heere gebracht. Zoo leefde men als van *Zijne* hand in een liefdeleven met Hem, den verrezen Heiland, en een liefdeleven met elkander, men at in verheuging en eenvoudigheid des harten. Niemand leed gebrek. Van de tafel werden dan, nadat de tafel met het verkondigen van den dood des Heeren besloten was, de gaven gebracht aan armen of behoeftigen in hunne woningen".[51] Dit is dus baie duidelik dat die beoefening van die godsdiens en die hulpverlening aan die mindergegoedes in een handeling saamgevat is en dat hieraan uitdrukking gegee is in „die diens van die tafels".

Die diens van die tafels en die daarmee samehangende versorging van die armes, was oorspronklik die taak van die apostels self. Die werk moes van besondere omvang gewees het, as in gedagte gehou word dat op Pinksterdag reeds 3000 gedoop is [52] en dat die getal spoedig aangegroei het tot 5000.[53] Gedagtig aan diegene wat die eerste was om Christus te volg en Sy Woord aan te neem, moes hieronder heelwat armes gewees het.

Dit is dus begryplik dat die apostels dit moeilik sou vind om naas die verkondiging van die Woord, die gawes tot aller bevrediging te verdeel, veral waar dit gegaan het om die *daaglikse* versorging. Onder die lewendige besef daarvan dat hulle eerste taak die diens van die Woord is, kan die besluit van die apostels des te beter begryp word: „Dit is nie reg dat ons die Woord van God nalaat om die tafels te bedien nie." Gevolglik word hierdie deel van die praktiese godsdiens, die vrug van die Christelike geloof, as't ware die materiële bediening van die tafels, sonder om dit los te koppel van die godsdienstige sin daarvan, oorgedra aan ander manne wat spesiaal hiervoor aangewys en in die besondere en nuwe amp gestel word.

Om dus hulle hande losser te kry vir hulle werklike diens om te „volhard in die gebed en in die bediening van die Woord" [54] laat die apostels die gemeente sewe manne kies „van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel".[55] „Krachtens hun apostolische volmacht hebben zij toen een afzonderlijk ambt der barmhartigheid bij de Kerk te Jeruzalem ingesteld".[56]

Hierdie historiese gegewens weerspreek duidelik genoeg daardie opvattings wat, afgaande op die naam diaken, die amp beskou as 'n *algemene* diens in die kerk of daardie beskouing wat dit beperk tot 'n blote *hulpdiens* vir die ander kerklike ampte.

Terwyl die dienste van die dienaars van die Woord en van die ouderlinge tog spesifieke ampte is, is dit inkonsekwent om die diakonale as 'n *algemene, onbepaalde* diens te beskou. Dit is te veel in stryd met die apostoliese kerkorganisasie. Hierdie oorweging tesame met die feit dat

---

[51] Van Lonkhuyzen, in a.w. p. 37.
[52] Hand. 2 : 41.
[53] Hand. 4 : 4.
[54] Hand. 6 : 4.
[55] Hand. 6 : 3.
[56] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 38.

aan die eerste diakens 'n spesifieke taak toegewys is en dat hulle deur handoplegging en onder gebed bevestig is, dui ook op die instelling van 'n afsonderlike *selfstandige* amp wat sy wesensgrond nie in blote hulpdiens van die ander ampte vind nie. Al sprake van hulpdiens wat hier kan wees is 'n onderlinge hulp: immers, aldrie die ampte is tot wedersydse hulp en aanvulling. Nie een staan op sigself nie, maar die drie saam staan wedersyds helpend en aanvullend in die diens en regering van die kerk van Christus.

Dit is goed om Van Lonkhuyzen se opmerking te onthou dat die diakonaat as diens van barmhartigheid nie dadelik in afgeronde vorm in die nuwe gemeentes posgevat het nie, maar aan groei en ontwikkeling onderhewig was.[57] Hoogs waarskynlik is daar ook nie altyd dadelik behoefte gevoel aan die amp by 'n nuutgestigte gemeente nie. Om dit so te stel: die verkondiging van die evangelie van Christus was onder die heersende omstandighede van meer onmiddellike primêre belang as die vaste en *volledige* organisasie van die gemeente. Ongeveer dieselfde toestande was ook weer kenmerkend van die latere Hervorming, veral in die Nederlande.

Aanneemlik is dit ook dat in die nuwe gemeentes, veral onder die heidene, die lidmatetal aanvanklik gering was en die onderlinge gemeenskap so innig dat die gemeentelike en individuele Christelike barmhartigheid, soos in Jerusalem oorspronklik, geen behoefte aan 'n besondere georganiseerde diakonale, amptelike diens laat voel het nie. Al mag die amp dan by sommige gemeentes nie in gebruik gewees het nie, was dit slegs 'n tydelike gebrek en nie 'n algemene permanente verskynsel nie. Daarom dat Van Lonkhuyzen dit so nadruklik stel dat die bewering as sou die diakonale amp as barmhartigheidsdiens in die ou Christelike kerk nie bestaan het nie, aan die kerkgeskiedenis 'n stuitende onreg aandoen.[58]

Hieruit is dit seker geregverdig om te besluit dat die diakonaat deur die apostels in die eerste Christelike gemeente as amptelike orgaan vir die barmhartigheidsdiens van die kerk (gemeente) ingestel is, en dat die doel en betekenis daarvan grootliks opgesluit lê in daardie deel van die diens van die tafels wat met die uitdeling aan die armes van die gemeente te doen het. Die gedagte wat deurgaans vasgehou moet word, is dat die versorging van die armes en die avondmaalsviering by *een* geleentheid plaasgevind het. Die handeling is uitgedruk met die term *bediening van die tafels*.

Uit die inhoud van Hand. 6 : 1-6 is dit immers duidelik dat daardie deel van die tafelbediening wat bestaan het uit gebed en verkondiging van die Woord deur die apostels behou, en dié deel wat in verband ge-

57 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 47 e.v.

58 „Het heeft bestaan, het is in de oude Kerk rijk ontwikkeld, wat meer is, het heeft *gebloeid*. De apostelen hadden in de Jeruzalemsche gemeente het diaconaat als ambt der barmhartigheid ingesteld, naar dit *model* hadden de overige Kerken 't zij in 't Oosten of Westen zich te conformeeren. En al is dit overnemen van het diaconale ambt misschien langzaam gegaan...., en misschien ook gebrekkig gegaan, toch heeft *geheel de Christenheid naar het voorbeeld der gemeente te Jeruzalem het diaconaat als ambt der barmhartigheid aanvaard*". Van Lonkhuyzen in a.w. p. 55.

staan het met die *daaglikse versorging,* aan die diakens oorgedra is. Logies is dit om dan verder af te lei dat toe die nagmaalsviering geskei is van die liefdesmaaltye, laasgenoemde tot die verantwoordelikheid van die diakens en eersgenoemde tot die take van die leer- en regeerampte sou behoort het.

Die opvatting wat reeds in die loop van die tweede eeu ontstaan het [59] en wat van die diaken 'n blote helper of dienaar van die biskop wou maak, moet waarskynlik verklaar word uit die opvatting asof die diakens oorspronkelik by *die bediening van die tafels* opgetree het as helpers vir die apostels met die Nagmaal as sodanig, en nie met die *daaglikse versorging* van die behoeftiges, wat daaraan gekoppel was nie.

Die gedagterigting wat hom gedurende die tweede eeu begin openbaar, het nie meteens die ouere beskouing verplaas nie. Soos dit met alle geestesstrominge gaan, vind ons ook hier vir 'n geruime tyd die vloei van twee strome, — die een swakker, die ander sterker — langs mekaar. Dit mag wees dat die swakkere altyd sterker, en die sterkere gaandeweg swakker vloei, totdat die aanvanklik swakste oorheers. Dit mag egter ook gebeur dat die nuwe en eertyds swakkere nooit so sterk word dat dit die ouere verplaas nie maar weer verdwyn of kwynend voortvloei; maar die geval mag ook voorkom dat die twee in verskillende bane uiteenvloei. Teenoor die historiese instellingsgedagte ten opsigte van die taak en status van die diakonaat as amp, gelykwaardig aan die ander kerklike ampte en as orgaan van die kerklike barmhartigheidsdiens, ontstaan daar vanaf die tweede eeu in dieselfde kerk, ja, selfs in die opvattings van dieselfde persone 'n tweede beskouing. Hierdie gedagte word eers gekoppel aan die oue deur 'n kompromis te smee, gewoonlik onder die indruk dat die nuwe 'n uitbouing van die oorspronklike is. Naas die gemengde beskouings kom in dié tyd ook nog die oorspronklike in suiwere vorm voor.[60] Maar gaandeweg sou die nuwere die oorspronklike opvatting in die Roomse Kerk totaal vervang, sodat dit eers met die Calvynse kerkhervorming kom tot 'n duidelike splitsing en 'n uiteenvloei in twee strome.

Die bloei van en tegelykertyd die gemengde opvattings oor die diakonaat blyk o.a. uit die Biblion Clementos [61] waarin gemeld word dat die diaken vir sy lewensonderhoud van die kerk afhanklik is: hy ontvang sy bevele van die biskop asof hy in vaste loondiens staan. Met die versorging van siekes, vreemdelinge, weduwees en wese en ander hulpbehoewendes soos vreemdelinge, bannelinge en verdwaaldes moet hy die onderrig van onkundiges en twyfelaars verbind.[62] Hierdie mate van barmhartigheidsdiens maak egter almeer plek vir hulpdiens vir die biskop by die kultus. In die derde eeu word reeds neergelê dat die diaken die presbiters en die biskop moet dien in alle dinge, sowel in die versorging van die siekes as by die mis.[63] Offisiële beslag kry die beskouing toe die konsilie van Nicea (385)

[59] Chr. Enc. I, p. 587.
[60] Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 57 e.v., 115 e.v.
[61] Vermoedelik afkomstig uit die derde eeu v. C. — vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 59.
[62] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 59.
[63] Vgl. die *Canones Hippolyte* aangehaal deur Van Lonkhuyzen in a.w. p. 60.

die diakens beveel om binne die aangewese grense te bly en daaraan gedagtig te wees dat hulle *diensknegte (hyperetai) van die biskop* is.

Die uitspraak word ook bevestig deur latere konsilies.[64] Ook Troeltsch kom tot 'n ooreenkomstige konklusie: „Das der Liebestätigkeit gewidmete Amt, das Diakonenamt, steht unter dem Bischofamt zum deutlichen Zeichen dafür, dasz auch alle Liebestätigkeit nur ein Ausflusz des religiösen Gedankens ist und in seinem Dienste steht".[65] So boet die diakonale amp sy selfstandigheid in totdat die diaken in Roomse leer en praktyk die oor en die oog van die biskop word. Hoe meer die diaken sy ampselfstandigheid prysgee en dienskneg van die biskop word, hoe verder wyk sy werksaamhede ook af van die oorspronklike barmhartigheidsdiens verbonde aan die bediening van die tafels. Waar die nagmaal en die liefdesmaaltyd algaande geskei is, word die betekenis van die diens van die tafels vir die diakens in die Roomse kerk slegs behou in die sin van hulp by die openbare godsdiensoefening.[66]

Met betrekking tot die hervorming van die diakonaat, gryp Luther ook terug na Handelinge 6 : 1-6 en 1 Tim. 3. Vir hom is dit die orgaan vir armversorging maar deur sy besondere opvattings oor die kerkregering kom dit nie verder as 'n gemengde burgerlik-kerklike instelling waarin die burgerlike spoedig oorheers nie.[67]

Van vanselfsprekende belang vir ons is die beskouings van Calvyn hieroor. Hand. 6 en 1 Tim. 3 tesame met Rom. 12 : 8 gee vir hom die grondslag van dié amp met betrekking tot die ampsorganisasie en -werksaamhede.[68] Hoewel hy meen dat Rom. 12 : 8 grond bied vir die bestaan van twee soorte diakens, die wat spesifiek met armversorging en diegene wat besonderlik met siekesorg belas is,[69] wys hy tog aan hulle die barmhartigheidsdiens toe as eerste en besondere ampswerksaamheid. Die kerke wat onder Calvyn se reformatoriese optrede tot stand gekom het, het ook wat die werksaamhede van die diakens betref in mindere of meerdere mate sy voetspore gevolg. Dit blyk veral uit die geskiedenis van die verskillende vlugtelingkerke, veral deurdat hulle, anders as Calvyn in Genève, gewoonlik vry was van beheer van die kant van burgerlike owerhede.[70]

Hoe groot en betekenisvol die werk van Calvyn ten opsigte van die herstel van die diakonaat as amp van barmhartigheid, was, was dit tog eintlik Johannes à Lasco wat aan die Nederlandse gereformeerde diakonaat sy besondere rigting gegee het. Ook vir hom is die taak van die diakonaat die barmhartigheidsdiens.[71] In die kerkorde vir die Londense vlugtelinggemeentes gee à Lasco ook 'n uiteensetting van die diakonale

---

64 Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 65.

65 Troeltsch, Ernst: Die Soziallehren der christlichen Kirchen und Gruppen. Tübingen, 1923, p. 85.

66 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 65 e.v.; Bouwman: a.w. p. 11.

67 Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 108; Bouwman a.w. p. 32.

68 Vgl. Calvin: Commentary upon Acts, I, p. 586; Commentaries on the Ep. to the Romans, p. 462 e.v.; Calvyn: Institutie, IV, 3, 8-9, p. 620.

69 Calvin: Com. Ep. Romans, p. 462 e.v.; ook Van Lonkhuyzen in a.w. p. 119.

70 Vir 'n vollediger uiteensetting vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 121 e.v.; ook Bouwman: a.w. p. 34 e.v.

71 Bouwman: a.w. p. 36.

werksaamhede. Dit bestaan uit 'n yverige en nougesette versameling en in 'n getroue en verstandige uitdeel van aalmoese. Die diakens moet die behoeftiges soos hulle eie gesinne versorg — nie alleen wat die uitwendige betref nie, maar ook met betrekking tot die geestelike behoeftes. Terselfdertyd bepaal hy die verpligtinge van die rykes en armes teenoor die diakens. Veral na die verdrywing van die vlugtelinggemeentes uit Londen in 1553 is die beginsel en praktyk van die gereformeerde kerklike lewe, insluitende die diakonaat, oorgedra na Duitsland en die Nederlande.[72]

Dit is duidelik dat daar betreklik vroeg gedurende die hervorming twee rigtings in die ontwikkeling van die diakonaat merkbaar geword het, die Franse Calvinistiese rigting en dié van à Lasco. In die Franse gereformeerde diakonaat is die werksaamhede van die diakens nie beperk tot die armsorg nie, maar sluit ook in katkiseerwerk, bediening van die Woord, huweliksbevestiging ens. Die rigting van à Lasco daarenteen beperk die diakonale werksaamhede geheel en al tot die armversorging.[73]

In die Nederlandse gereformeerde kerke is hoofdsaaklik die Calvyn-à Lasco-vertolking van die diakonaat gevolg. Derhalwe deel die Nederlandse Geloofsbelydenis die diakonaat in by die kerklike ampte met die bepaling „opdat ook de armen en bedrukten geholpen en getroost worden, naar dat zij van noode hebben".[74]

Wanneer die Konvent van Wezel, wat in die Nederlande eintlik die eerste vaste organisasie aan die gereformeerde kerke aldaar gee, die diakonaat aanvaar as een van die erkende kerklike ampte, gee dit meteens 'n vertolking van die *diens van die tafels* wat as hooftaak van die diakens aangedui word. „Het ambt der diakenen is de tafelen te bedienen, d.i. dat zij den armen in hunne behoeften te hulpe komen en door aalmoezen te verzamelen hun het noodige verstrekken".[75] Die verdere sinodes van die gereformeerdes in Nederland het, met betrekking tot die taak van die diakens, op hierdie grondslag voortgebou behalwe dat geen verdere melding meer gemaak is van twee soorte diakens soos in artt. 5 en 6 van hoofstuk V van die Konvent van Wezel nie.[76]

Van die werksaamhede van die diakonieë in die gereformeerde gemeentes in Nederland gedurende die 17de eeu word deur Bouwman[77] maar veral deur Van Lonkhuyzen[78] 'n duidelike en uitvoerige beeld gegee. Vir die geskiedenis van die diakonaat in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is dit van besondere belang aangesien dit die regstreekse erfenis — in leerstelling, tradisie en praktyk — was wat hier voortgesit sou word en wat deur die kontak met die moederkerk via die Nederlandse predikante, die klassis Amsterdam, Nederlandse literatuur en opleiding beinvloed moes word.

---

72 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 132, e.v. 139.
73 Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 148 e.v.
74 Nederlandsche Geloofsbelijdenis, art. 30; vgl. ook Van Lonkhuyzen in a.w p. 154 en Bouwman: a.w. p. 37.
75 Bouwman: a.w. p. 38 e.v.; Van Lonkhuyzen in a.w. p. 155.
76 Bouwman: a.w. p. 39; Van Lonkhuyzen in a.w. p. 157.
77 Bouwman: a.w. p. 39 e.v.
78 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 181.

*Die Taak van die Gereformeerde Diakonaat in Suid-Afrika.*

Van die leerstellige bepaling aangaande die werksaamhede en taak van die diakens van die eerste Kaapse Gereformeerde gemeente sê prof. Jooste: „Aangesien hier nooit, tydens die Regering van die O.I.K. 'n Offisiële Kerkorde geproklameer is nie, moet ons vir die vasstelling van die pligte van die diakens ons deur ander stukke laat lei. Die diakens het ongetwyfeld kennis gedra van die toestande in die Nederlande en Batavia en dit kan selfs wees dat hulle die Kerkorde van Dordrecht 1618-'19 gebruik het; maar offisiëel was dit nie die erkende Kerkorde hier nie".[79]

Afgesien van die afwesigheid van 'n offisiële kerkorde was daar ander leerstellige bronne wat die diakonale taak vir hierdie gemeente bepaal het. Die Kaapstadse Gereformeerde gemeente het in offisiële verband gestaan met die klassis Amsterdam van die Gereformeerde gemeentes in Nederland.[80] Die leerstellige stukke soos die bevestigingsformulier vir diakens,[81] die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dortse Kerkorde, wat ook ten opsigte van die diakonaat rigtinggewend was vir die Gereformeerde gemeentes in Nederland kon tog nie onbekend gewees het vir die Suid-Afrikaanse gemeente van dieselfde kerk nie.[82]

Die bevestigingsformulier omskryf die diakonale taak van die bediening van die tafels enigsins breër en verg van hulle „dat zij in alle getrouwigheyt ende neerstigheyt de aelmoesen ende goederen die dèn armen gegeven werden, versamelen ende bewaren: ja, oock vlijtich zijn om toe te helpen sien, dat tot hulpe der armen vele goede middelen gevonden mogen worden". Verder „bestaet hares Ampts in de uytdelinge waertoe ge-eyst wert niet alleen discretie ende voorsichtigheyt om de aelmoessen niet te besteden dan waar 't van nooden is", en dan ook „met troostelicke redenen uyt den woorde Godts, den armen ende ellendigen hulpe bewijsen".[83] Verder moet ook die kerkordes van 1624 en 1643 in aanmerking geneem word.

Die Bataafse Kerkorde van 1643 is veel uitvoeriger as die van 1624, ook wat betref die taak van die diakens. Die eerste staan blykbaar nog nader aan die Sinode van Dordrecht, die tweede bevat al heelwat praktiese byvoegings. Die Kerkorde van 1624 bepaal in art. 13 dat die „diaconen eygen ampt" daarin bestaan om (i) „de aelmoessen en andere armegoederen" te *versamel;* (ii) dit getrou en vlytig volgens behoefte *uit te deel;* (iii) die benoude *„te besoecken en te vertroosten";* (iv) toe te sien dat die aalmoese nie misbruik word nie, en (v) aan die kerkraad en gemeente verslag te doen.[84] Die kerkwet van Van Diemen [85] handel in nie

---

[79] Jooste, dr J. P.: *Die Diakonale amp in Suid-Afrika.* Die Diaken, dl I, 1940, p. 14.

[80] Spoelstra: Bouwstoffen, dl I en II; ook Du Toit, S.: Handl. Kerkgesk., p. 134.

[81] Opgestel deur die Sinode van 's-Gravenhage 1586; Van Lonkhuyzen in a.w. p. 164.

[82] Jooste: Verh. Kerk en Staat, p. 56 e.v.

[83] *Formulier van Bevestinge der .... Diakenen;* aangehaal deur Greyling: a.w. p. 179.

[84] Spoelstra: a.w. II, p. 563.

[85] Kerkorde van de Bataviasche Gemeente afgekondigd 7 December 1643, Spoelstra: a.w. II, p. 582. Onderstreping deur skr.

minder as elf artikels (17-27) oor die diakonale werksaamhede nie.

Die eerste van die artikels gaan oor die taak, die volgende drie hoofsaaklik oor die administrasie en die res oor administrasie, organisasie en wyse van hulpverlening. Die verskil tussen art. 13 van 1624 en art. 17 van 1643 is opvallend. Laasgenoemde bepaal dat die taak van die diakens is om „d' aelmoessen *ende andere incompsten der kercken* ende armen goederen" in te samel en voorts feitlik woordelik soos in art. 13 van die kerkorde van 1624.[86]

Artikel 18 handel dan uitdruklik oor die insameling van „d' incompsten der kercke". Die vraag is wel of hieronder alleen bydraes vir die armes, of alleen bydraes vir instandhouding van die erediens of albei bedoel word. Gelees saam met art. 17 en dié volgende op art. 18, blyk dit wel asof dit die gesamentlike kan wees. Hier is trouens ook geen sprake van aparte kasse vir diakonie en kerkraad nie, maar slegs van één „cassa" en één „geltkist".

Uit hierdie bronne blyk dit duidelik dat die taak van die diakens die diens van barmhartigheid ten grondslag het. Tog wyk die Bataafse kerkorde van 1643 af van die bevestigingsformulier en die Nederlandse Geloofsbelydenis in die sin dat die insameling van die algemene kerklike inkomste ook tot die diakonale werksaamhede gereken word. Nog verder wyk die instruksie af wat deur die diakonie in 1753 aan die politieke kommissaris en aan die kerkraad ter approbasie voorgelê is. Die doel was dat dit — waarskynlik by gebrek aan 'n amptelike kerkorde wat die besondere lands- en gemeentelike omstandighede in ag sou neem — moes dien as 'n „onderlinge maat en rigtsnoer" vir die diakens in hulle arbeid. Naas die versorging van die armes en die behartiging van die armegoedere maak dit met betrekking tot diakonale werksaamhede ook voorsiening vir die ontvangs van algemene kerkgelde deur die diakenontvanger, die toesig oor die brandspuit en feitlik die hele gemeentlike administrasie.[87]

Hierdie enigsins gemengde diakonale taak word amptelik in die Kaapse (Nederduits-Gereformeerde) kerk gehandhaaf deur die ordonansie van 1843. Hoewel die insameling en administrasie van die aalmoese en die ondersteuning van behoeftiges nog as eerste diakonale taak gestel word, word die algemene kerklike finansies tog ook die verantwoordelikheid van die diakens gemaak.[88] Hieraan het die hersiening van die kerkwette van 1873 nie ingrypende verandering teweeggebring nie, behalwe vir sover dit die dubbele taak miskien nog enigsins vaster gestel het. Prof. Jooste wys tereg daarop dat in die vorige opdragte bepaal is dat die diakens die fondse en middele moet behartig tot onderhoud van die *arme*, terwyl punt (3) van die nuwe ampspligte van die diakens alleen melding maak van die fondse en middele van die *gemeente*. „Dit is wel moontlik dat onder die fondse en middele van die gemeente ook dié van die armes en behoeftiges inbegrepe kan wees, en in so 'n geval sou dit nie 'n in-

---

[86] Spoelstra: a.w. p. 582. Onderstreping deur skr.

[87] Spoelstra: a.w. II, p. 282 e.v.; ook Jooste: *Die Diak. Amp. in S.-A.*, Die Diaken, I, pp. 15, 16.

[88] Jooste: *Diak. Amp in S.-A.*, Die Diaken, III, pp. 8, 9.

grypende wysiging wees nie. Maar dit kan ook beteken dat die klem op die algemene gemeentelike fondse geval het, en dit sou meen dat die diakens hulle moes beywer vir die gemeentelike finansies instede van vir die armsorgfondse".[89]

In ooreenstemming met die kerkwette van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Kaapland was ook dié van die Vrystaatse N.G. kerk. (1865) Versorging van armes, weduwees en wese word aan die kerkraad opgedra terwyl die diakens naas die versorging van behoeftige lidmate ook die kerklike finansies tot hulle verantwoordelikheid kry. Terwyl hulle werksaamhede enersyds op die breë kerkraad oorgedra is, het die diakens amptelik 'n nuwe taak bygekry. In volle ooreenstemming is ook die diakonale pligte vasgelê deur die kerkwette van die Natalse Nederduits-Gereformeerde Kerk.[90]

Alhoewel die diakonaat in die Nederduits-Hervormde Kerk om historiese redes nie veel invloed kon uitoefen op dié van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie, aangesien hulle in offisiële georganiseerde gestalte feitlik ewe oud is, kan terwille van vergelyking tog kortliks een en ander meegedeel word. Aangesien die Hervormde Kerk eers in 1862 sy kerkwette gekry het, is voor die tyd (sedert 1843) erkenning gegee aan die Kaapse kerkwette. Die kerkwet van 1862 het egter baie uitdruklik die diakonie verantwoordelik gestel vir die barmhartigheidsdiens. Met die rewisie van 1869 is dit reeds verbreed tot „het beheer der kas en kerkegoederen".[91]

Die invloede wat op die diakonale taak en werksaamhede van die Gereformeerde Kerk na die stigting van die gemeente te Rustenburg op 10 Februarie 1859 sou inwerk, is waarskynlik uit drie bronne afkomstig: die diakonale praktyk van die Nederduits Hervormde en die Nederduits Gereformeerde Kerke, die invloed van ds. Postma en die leerstellige erfenis van die Gereformeerde Kerk. Oor die eersgenoemde twee beïnvloedende faktore sal later vollediger gehandel word, aangesien dit meer regstreeks met die praktiese werksaamhede in verband staan en dit hier nog hoofsaaklik gaan om die amptelike leerstellige grondslag, uitgangspunt en beskouings. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het o.a. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dortse Kerkorde en die bevestigingsformulier vir ouderlinge en diakens, soos in gebruik by die gereformeerdes in Nederland, aanvaar.[92] Met hierdie stukke was die ou gereformeerde vaders goed op hoogte.

---

89 Jooste: *Diak. Amp in S.-A.*, Die Diaken, III, p. 10.

90 Jooste: *Diak. Amp in S.-A.*, Die Diaken, III pp. 12, 13 en 15, 16.

91 Jooste: *Diak. Amp in S.-A.*, Die Diaken, IV, pp. 15-17.

92 Vergelyk *Verzameling van de Algemene Bepalingen der Synoden der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, vastgesteld door Hare Zesde Synode te Reddersburg, Oranje Vrijstaat in 1876, uitgawe van 1891 pp. 10 en 29-30.* Die openlike verklaring waarmee elke gedeputeerde by die aanvang van die sinodesitting sy instemming moes getuig stel dit uitdruklik in die volgende woorde: „De Synodale Vergadering verklaart openlijk en elk lid voor zichzelven:

Dat zij van harte en met een goed geweten omhelst, de Geloofsbelijdenis der Gereformeerde Kerk in Nederland, zooals die door de Synode van Dordrecht in de jaren 1618-1619 is vastgesteld en uitgegeven, gewoonlijk genoemd *de Formulieren*

Dit is derhalwe nodig om in enige besonderhede van hierdie stukke in te gaan, nie alleen omdat daarin die leerstellige beskouings en bepalings van die Gereformeerde Kerk oor die diakonale taak gevind word nie, maar ook omdat daarna gedurig verwys sal word as rigsnoer ook by ander vraagstukke wat opduik oor die kwessie van die diakonaat.

In Art. XXX handel die Nederlandse Geloofsbelydenis saaklik oor die kerklike ampte en bepaal met betrekking tot die taak van die diakens „dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes".[93]

Volllediger is die Kerkorde wanneer dit in art. 25 die diakonale taak uiteensit: „Die eintlike taak van die Diakens is om die aalmoese en ander goed vir die armes nougeset te versamel en dit getrou en vlytig na die eis van die behoeftiges, sowel eie lede as ander behoeftiges, met gesamentlike oorleg uit te deel, en verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en goed toe te sien dat die aalmoese nie misbruik word nie....".[94]

Die volledigste van die drie stukke is die bevestigingsformulier vir (ouderlinge en) diakens. Nadat 'n kort oorsig gegee is van die ontstaan van die amp aan die hand van Handelinge 6, besluit die formulier: „Uit hierdie plekke is dit duidelik genoeg wat die amp van die diakens is.

Hulle moet naamlik ten eerste met alle getrouheid en ywer die aalmoese en goedere wat aan die armes gegee word, versamel en bewaar, ja, hulle moet ook vlytig wees om sorg te dra dat daar tot ondersteuning van die armes baie goeie middele gevind kan word. Die tweede deel van hulle amp bestaan in die uitdeling....".[95]

Hierdie drie stukke verskil geensins in strekking nie, soos wel te verstaan is. Die grondgedagte is dieselfde, terwyl hulle volgens bedoeling en funksie van elke stuk slegs verskil in die uitvoerigheid waarmee oor die amp gehandel word. Baie duidelik is dit dat hier slegs sprake is van 'n spesifieke amp *as diens van barmhartigheid* en daarby ook baie uitdruklik bepaal as hulp aan die armes, bedruktes en die wat in nood is. Terselfdertyd is dit opmerklik dat aan geeneen van die ander ampte 'n deel van die diakonale barmhartigheidsdiens toegewys word nie. Behalwe die toesig oor die diakens deur die kerkraad [96] word nòg in die Nederlandse Geloofsbelydenis, nòg in die kerkorde, nòg in die formuliere vir die bevestiging

---

*van Eenigheid der Gereformeerde Kerk in Nederland, nl. den Catechismus, de XXXVII Geloofsartikelen en de Leerregels der Dordsche Synode tegen de Remonstranten, en belooft dezelve* te handhaven door de genadekracht des Heiligen Geestes, volgens Gods Heilig Woord, naar de verplichting hunner ambten, elk in het zijne.

Insgelijks de Liturgie dier Kerk, omhelst zij als haar voorschrift in de uitoefening van den Heiligen dienst" (p. 10, Art. 2); Art. 4, p. 29 bepaal: *„De Dordsche Kerkorde* van 1618-1619 is aangenomen *als algemeene kerkorde* voor de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, om naar dezelve te handelen in de kerkregering, voor zoover dezelve in de onderscheidene landen naar de gelegenheid der gemeenten, kan worden toegepast".)

[93] Afrikaanse vertaling deur Bybelvertalers, Afr. Psalmboek 1945.

[94] Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in S.-A., uitgawe in opdrag van die Sinode van 1945, gereedgemaak deur prof. J. D. du Toit en ds T. T. Spoelstra.

[95] Bevestigingsformulier vir Ouderlinge en Diakens, in Afrikaans vertaal deur die Bybelvertalers, afr. Psalmboek, 1945, p. 155 e.v.

[96] Kerkorde, art. 16.

van bedienaars van die woord en van ouderlinge, daar enige aanduiding gegee dat 'n deel van die barmhartigheidsdiens deur hierdie ampte verrig moet word nie. Die barmhartigheidsdiens moet volgens hierdie leerstellige erfenis en fondament van die Gereformeerde Kerk deur die *diakonaat* beoefen word.

## HOOFSTUK IV.

# Die Diakonale Praktyk

Tot dusver is hoofsaaklik die leer omtrent die diakonaat nagegaan soos dit in die kerkgeskiedenis en veral in die geskiedenis van die gereformeerde kerke geformuleer is. Naas die leerstellige is daar egter ook 'n belangrike aspek wat in aanmerking geneem moet word as 'n ware en reële beeld van die diakonaat gerekonstrueer moet word. Naas die leerstaan ook die lewe, naas die teorie die praktyk. In *hoeverre* is die leerstellige grondprinsipes van die diakonaat toegepas en *hoe* is dit toegepas? Met betrekking tot die diakonale geskiedenis tot kort na die Hervorming sal die aandag hoofsaaklik op die *hoe* toegespits word, maar met betrekking tot die Nederlandse Gereformeerde Kerke en die verskillende Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal die aandag ook aan die *hoeverre* gegee word.

In 'n vorige hoofstuk is reeds aangetoon dat die vroegste vorm van diakonale werk die bediening van die tafels was. Dit is hulle as besondere taak aangedui.

*Die diens van die tafels:*

Vir sover dit die diens van die tafels betref mag die indruk gewek word asof hier alleenlik sprake is van voedselvoorsiening aan die behoeftiges, die sorg vir die daaglikse brood in die engste sin van die woord. Daar is egter verskeie aanduidings dat hierdie *tafeldiens* veel breër geïnterpreteer moet word.

Reeds voor die instelling van die diakonaat word deur die skrywer van Handelinge verhaal hoe die gelowiges saamgeleef het en ter illustrasie word dan ook die geskiedenis van Joses en dié van Ananias en Saffira gegee.[1] Enkele feite hieruit moet in die oog gevat word. Handelinge 4 gee ons 'n beeld van die saamlewe en onderlinge hulpverlening van hierdie gemeenskap wat deur 'n gemeenskaplike geloof sterk gebind is.[2]

---

1 Hand. 4 : 36-37; 5 : 1-11.

2 „En die menigte van wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad". (Hand. 4: 32). En verder: „Want niemand onder hulle was be-

Volgens die verband van hierdie tekste kan die diens van die tafels nie slegs gesien word as 'n blote uitdeel van die daaglikse voedsel nie. Te uitdruklik staan daar dat hulle *alles* in gemeenskap gehad het, dat niemand onder hulle *behoeftig* was nie, en dat aan elkeen uitgedeel is *volgens wat hy nodig gehad het.* En al sou die behoeftes van hierdie lidmate van die eerste gemeente vanweë hulle verwagting van die spoedige wederkoms van Christus en vanweë hulle hoë waardering van die geloof in teenstelling met die aardse dinge, hulle eenvoud van lewenswyse en feitlike vrees vir rykdom [3] betreklik klein en beperk gewees het, was dit klaarblyklik meer as net voedselbehoeftes.

Die behoefte aan voedsel is weliswaar die mees essensiële vir die lewensbestaan sodat verwag kan word dat dit seker die grootste deel van die versorging uitgemaak het. Dat dit egter nie die enigste was nie, kan afgelei word uit 'n beeld van die omstandighede. Daar sou tog seker ook behoefte aan kleding gewees het, juis omdat die arme die voorsiening van sy kleding gewoonlik ondergeskik stel aan die voeding van sy liggaam, en as hulle karig gevoed was, hulle sekerlik ook skamel gekleed sou wees. Onder die houding van antipatie van die Joodse volk, is dit waarskynlik dat daar ook huisloses sou wees — gesinne uitgedryf deur harde huisbase wat nou in die navolging van Christus 'n nuwe rede gevind het om van die onvermoënde huurders ontslae te raak; persone ontuis in eie huis of selfs die huis uitgedryf weens hulle nuwe geloof.

Baie uitdruklik word in elk geval verhaal van die behoeftes van die krankes en diegene wat deur onreine geeste gekwel was [4] en die verminktes en gebreklikes.[5] Na hierdie verskeidenheid van dienste waarvan dié ten opsigte van die liggaamlik en geestelik krankes dikwels met die apostoliese wondergawes uitgeoefen is, word in Handelinge 6 : 2 heel waarskynlik verwys as die diens van die tafels wat die apostels strem in die volle toewyding van hulle tyd en kragte van die bediening van die woord.

Dat die goedere *verkoop* en die *geld* aan die apostels oorhandig is, is ook nie sonder betekenis nie. Hulpverlening *in natura* is 'n gebonde vorm van hulp — voedsel moet as voedsel, klere as klere gebruik word. Maar as algemene ruilmiddel is geld 'n vrye hulpverleningsmiddel. Die begiftigde kan daarmee koop wat hy beskou as die noodsaaklikste vir sy behoeftebevrediging.[6] Die gee van geld as aalmoes veronderstel dus meer as blote voedselverskaffing.

Die feit dat die amp spesiaal ingestel is op die murmurering van die Grieksprekende weduwees is waarskynlik ook van meer as historiese betekenis, juis omdat die weduwee, veral in die Skrif en onder die

---

hoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en by die voete van die apostels neergelê". (Hand. 4 : 34). Van besondere belang is ook vers 35: „En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het".

[3] Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 72.

[4] Hand. 5 : 15, 16.

[5] Hand. 3 : 2-7.

[6] Vgl. Adriani, J. H.: Voorlezingen over Armenzorg en Maatschappelijk Werk, Zutphen 1949, p. 147 e.v.

oosterse patriargale lewensomstandighede die simbool is van algehele sosiale en ekonomiese afhanklikheid, die geheel-en-al onversorgde. Maar wat in die verband veral van belang is, is dat daar geskryf staan van die *daaglikse versorging* van die weduwees.[7] Dit moet eintlik gesien word as kwalifiserend van die term in vers 2: *die diens van die tafels*. Daaglikse versorging roep in die eerste plek die beeld van die daaglikse brood of voedselvoorsiening voor die gees maar dit omsluit tog soveel meer: die versorging van die hele mens, die hele gesin in *al* sy behoeftes en node.

Al word dit nou nie uitdruklik verhaal dat die diakens verantwoordelik gestel is of hulle in die praktyk besig gehou het met die voorsiening in al die bogenoemde behoeftes of met die leniging van al bogenoemde smarte en node nie, is dit tog van die uiterste belang in dié sin dat hierdie werksaamhede 'n beeld bied van die aard en besondere vertakkinge van die apostoliese barmhartigheidsdiens, sodat die diens van die tafels nie soseer gesien moet word as beskrywend van die diakonale taak nie, maar wel as — om sy tradisionele en sentimentele betekenis — simbool van die barmhartigheidsdiens en die grondslag waarop die diakonale arbeid uitgebou kan word.

Veel kon die primêre behoeftes van die lidmate van die eerste gemeente nie verskil het van wat vandag nog ervaar word nie, al was dit dan onder ander omstandighede. Ook het die besondere lewensomstandighede en die eenvoudige lewenswyse van hierdie mense van wie 'n groot gedeelte seker gewend was aan die beperkings van die armoede, die behoeftes waarskynlik tot die mees primêre beperk, maar daar moet tog rekening gehou word met die buitengewone node wat veroorsaak is deur die vervolging van die Christusbelyers.

Soos in die Ou Testament word die versorging van die weduwees en wese ook in die Nuwe Testament en onder die apostels sterk beklemtoon.[8] So ook die hulpverlening aan die armes. Onderlinge hulp tussen die verskeie gemeentes is dikwels verleen. So stuur die gelowiges van Antiochië deur Barnabas en Saulus hulp aan die deur hongersnood geteisterde Christene in Judea.[9]

*Diakonaat in die Christelike Kerke:*

Waartoe hierdie werksaamhede ontwikkel het, blyk uit wat Clemens [10] omtrent die diaken se werksaamhede skryf. Hy is die versorger van die siekes en vreemdelinge, 'n helper van die weduwees en 'n vader vir die wese. Hy moet rondgaan in die huise van die behoeftiges om self ondersoek in te stel of daar siekes of nooddruftiges verkeer. Verwaarloosdes moet hy klee, vreemdelinge in die koue versorg, reisigers en bannelinge die weg aanwys. As hy in 'n seestad woon moet hy die uitgespoelde lyke begrawe. Die herberg moet hy besoek om te sien of daar siekes, hulp-

---

7 Hand. 6 : 1.
8 Vgl. I Tim. 5 : 5.
9 Hand. 11 : 28-30.
10 Waarskynlik uit die vierde eeu v. C. in die tyd van Constantyn — vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 59 e.v.

behoewendes of dooies is. Die kreupeles en die siekes moet hy was, sodat aan elkeen in die kerk gegee word na sy behoeftes.

'n Ryke praktiese uiteensetting en beoefening van die barmhartigheidsdiens dus.

By die nagaan van die diakonale werksaamhede moet daaraan gedagtig gebly word dat in die eerste eeu van die bestaan van die Christelike kerk, veel uit die diakonaat se hande geneem is deur die bloeiende partikuliere Christelike sorg. Elkeen het gedien en gewedyver om sy gawes ten dienste van de heiliges te stel.[11] Daarby was die gemeentes onder die heidene gewoonlik nie baie groot nie en die gemeenskapsbande innig.

Namate ander strominge hulle begin openbaar het, is veel van wat op die terrein van die diakonale werksaamhede gelê het deur die hierargie van die Roomse kerk aan ander, veral die biskop, oorgedra. Tog was daar veel te doen: gevangenes om die geloof vry te koop, voedsel te verskaf aan vervolgdes en om die siekes, selfs in tye van pes en epidemie wanneer die heidene vlug en hulle siekes en sterwendes verlaat, te versorg en om die dooies te begrawe.

Die diens van die tafels en die gepaardgaande liefdesmaaltye het, namate die kerk uitgebrei en die Christene meermale uiteengedryf is, uiteindelik verval. Maar die grondslag van die diakonale werksaamhede was gelê, aansluitend by die ses dienste van barmhartigheid wat deur Christus aangedui is.[12] Daarby is selfs nog 'n sewende gevoeg sodat die diaken sy arbeid saamgevat het in 'n sewevoudige stelreël: [13] besoek aan armes en siekes, om te drinke te gee, te spysig, te bevry van skuld en druk en gevangenskap, te klee en van onderdak te voorsien, gewondes te verbind en om te begrawe. Hieronder is dan ingesluit 'n menigte van werksaamhede soos die versorging van weduwees en wese, die teengaan van bedelary, Christelike opvoeding van weeskinders en vondelinge, vertroosting en versorging en selfs vrykoop van gevangenes en slawe, versorging van arbeidsongeskiktes en werkloses en veral die versorging van siekes, hulp aan vreemdelinge en die beklemtoning van 'n Christelike begrafnis. Deur die groei van die Roomse hierargie, die kloosterwese en monnikedom en die groot inrigtings tesame met die toenemende kultuspligte van die diakens, raak diakonale sorg en werksaamhede sodanig in verval dat daar vanaf die vyfde — sesde eeu van diakonale arbeid op barmhartigheidsterrein geen sprake meer is nie.

### *Die Lutherse Diakonaat:*

In sy onsuiwere gemengde kerk-burgerlike gedaante, was die Lutherse diakens prakties daarvoor verantwoordelik om aalmoese in te samel, ondersoek na die behoeftes van die armes te doen en die nodige hulp te ver-

---

11 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 69.

12 Matth. 25 : 35, 36: „Want Ek het honger gehad, en julle het My iets gegee om te eet; Ek het dors gehad en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling en julle het My herberg gegee; Ek was nakend en julle het My geklee; Ek was siek en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek en julle het na My gekom".

13 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 80 e.v.

leen. Aan ambagsmanne is voorskotte gegee, koring is opgekoop om in duur tye aan die armes uitgedeel te word, terwyl aandag ook verleen is aan die opvoeding van verwaarloosde kinders, aan arm kraamvroue en aan die gevangenes.[14]

*Die Diakonale Pligte by Calvyn:*

Calvyn keer met meer krag en sukses terug tot die diakonale diens van Handelinge 6 as Luther, sowel in 'n dogmatiese uiteensetting as in die praktiese beoefening daarvan. Eintlik gaan hy verder as Handelinge 6 en stel op grond van Rom. 12 : 8 twee soorte diakens aan: [15] *procureurs* vir suiwer armeversorging en *hospitaliers* vir die siekeversorging. In Geneve vind ons dus behalwe die algemene versorging ook nog die drieledige hospitaal vir siekes, oues van dae en wese, sowel as 'n peshospitaal en 'n herberg vir reisigers — hoofsaaklik vlugtelinge en ballinge.[16]

Min of meer van dieselfde geaardheid was die werksaamhede van die diakens in die verskillende vlugtelinggemeentes in watter land ookal. Gedurig konsentreer die werk van die diakens in hierdie tye van vervolging en vlug om die versorging van armes, siekes, huisloses en gevangenes. Soos in die eerste gemeentes, word ook in hierdie kerke gedurende de Hervorming besondere klem gelê op die waarde van die arbeid. In die Nederlandse vlugtelingkerk is sieketroosters selfs gedeeltelik uit die armkas besoldig.[17]

*Algemene Diakonale Take:*

Die geskiedenis van die diakonaat vanaf die apostoliese tyd tot teen die helfte van die sewentiende eeu gee 'n beeld van werksaamhede van ryke verskeidenheid. Dit is nie maar voldoende om die barmhartigheidsdiens op te som as armsorg nie. Armoede self is so 'n komplekse

---

14 Vgl. Van Lonkhuyzen a.w. p. 109 e.v.
15 Calvin: Comm. Ep. Romans, p. 462 e.v.
16 Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 119 e.v.
17 Wese is by gemeentelede bestee en die skoolgelde van arm kinders betaal. In ander vlugteling-gemeentes soos dié te Keulen is 'n ewe ryke verskeidenheid van diakonale werksaamhede te vind. In moeilike tye is die welgesteldes in die gemeente besonderlik bearbei vir bydraes; soms is gelde selfs geleen vir die beoefening van die barmhartigheidsdiens. Aan vlugtende ambagslui is voorskotte gegee om weer te kan begin; gevangenes is losgekoop waar dit enigsins moontlik was; werksoekendes is deur die diakens aan die werk gehelp; skulde is betaal vir wie in die nood was; werkgewers is selfs aangespreek om lone te verhoog in gevalle waar werkers nie genoeg verdien het vir 'n ordentlike bestaan nie. In die Wezelse gemeente het die diakens in die najaar rondgegaan om te sien of die klere van die armes herstel nodig het en gedurende die somer reeds is allerlei lewensmiddele en benodigdhede vir die armes ingekoop. Die armes is terselfdertyd aan 'n verdienste gehelp en daar is materiaal vir hulle ambagte verskaf; wese is opgevoed: seuns vir 'n goeie ambag by 'n godvresende meester en meisies vir 'n eie gesinslewe. Waar hierdie optrede blyke gee van noodlenigings sowel as rehabilitasie blyk dit ook dat die voorkomingsaspek nie uit die oog verloor is nie. Een gemeente het tot die reëling gekom dat as iemand nog 'n huis of stukkie grond besit, hy deur die diakens gehelp mag word sodat hy nie tot algehele armoede verval nie. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 137 e.v.

toestand met soveel verskillende konsekwensies dat 'n nadere aanduiding van die werk, al is dit hier bloot opsommend, noodsaaklik is. Word die algemene diakonale armesorg ontleed dan kom 'n reeks spesifieke werksaamhede aan die lig. Daar is algemene sorg vir die lewensmiddele, voedsel, klere, behuising tesame met die beskerming van die reg van weduwee en wese; die versorging van oues van dae in hulle huise of in inrigtings; die bearbeiding van naasbestaandes om verpligtinge ten opsigte van behoeftige bloedverwante na te kom. Die terapeutiese waarde van die arbeid, sowel vir die persoonlikheid en die selfrespek en as enigste middel tot 'n eerlike lewensverdienste is deeglik benut: traes is aangespoor tot 'n arbeidsverdienste, bedelary is feitlik oral verbied, werkloses in diens geplaas, jeugdiges in staat gestel om in 'n eerlike beroep opgelei te word, vlugtende en werklose ambagsmanne deur voorskotte en materiaalvoorsiening in staat gestel om hulle beroep voort te sit; daar is bemiddelend opgetree tussen werkgewer en -nemer oor loonkwessies. Die bemiddelingsdienste is selfs beoefen tussen skuldeiser en skuldenaar en indien dit misluk, is die skulde gedelg. Vir wees-, afhanklike en verwaarloosde kinders, is gesorg deur 'n tuiste te vind by ander gesinne of in weeshuise; hulle algemene en arbeidsopleiding is bekostig en veral oor hulle geestelike welsyn is gewaak. Veel aandag is aan die siekes bestee: in die vorm van verskaffing van verpleging, medisyne, lewensmiddele en herberg. En eindelik is aan dooies 'n Christelike en eerbare begrafnis besorg.

Origens is dit duidelik dat daar gedink is aan die buitengewone node van ander gemeentes en is daar ook voorsiening gemaak vir die spesiale behoeftes in die eie gemeente deur verskaffing van warm klere, voedsel en brandstof vir die winterseisoen of die nodige by brand-, oorlogs- en waternood.

Daarby het die werksaamhede hulle uitgestrek tot bannelinge, vlugtelinge, gevangenes en vreemdes van dieselfde geloof maar selfs ook ten opsigte van die heidene en vyande. Hulle is verpleeg, te drinke gegee, van gidse voorsien, getroos en losgekoop.

Vir hierdie werksaamhede is die bekende drieledige diakonale administrasie of prosedure opgebou, bestaande uit die insameling, beheer en uitdeel van die nodige middele met die noodwendig daaraan verbonde vereistes van vlytigheid, noukeurigheid, liefde en oordeelkundigheid.

*Die begin van Diakonale werksaamhede in Suid-Afrika.*

Die eerste Gereformeerde gemeente aan die Kaap het begin met een diaken. Prof. Du Toit meen dat die eerste diaken(s) „hier ook niet zo erg veel werk" gehad het nie.[18]

In die oudste bekende „Resolutie Boek" van die Kaapse kerkraad staan die volgende aangeteken:

> „Den 23 Dec. 1665 is den diaken geordoneert 100 Caroli guldens den predikant aan te tellen, om diè in stilheid uit te deilen, aan de meest benodighde bij hem bekent".[19]

---

[18] Prof. J. D. du Toit in Hamersma e.a.; a.w. p. 292.
[19] Spoelstra: Bouwstoffen, II, p. 256.

Voorheen is reeds dertig gulde agt stuiwers aan die klassis Amsterdam gestuur ten behoewe van die behoeftiges aldaar.[20] Of hieruit afgelei moet word dat die „aan tellen" van die gulde vir die predikant die enigste werk van die diaken was en of dit 'n aparte uitsonderlike optrede was, is nie heeltemal duidelik nie. Waarom is daar dan in 1666 'n medediaken bevestig [21]? Was dit omdat die werk vir een te veel geword het, of om ewewigtigheid in die kerkraad te kry of om te voorkom dat een diaken in versoeking van korrupsie sou verval? Moet ons aanneem dat in die eerste twintig jaar van die bestaan van die Kaapse gemeente daar 'n gebrek aan werkgeleenthede vir die diakonaat was? Die aanneemlikste verklaring is blykbaar dat die arbeidsveld betreklik beperk was. Dat daar armoede in taamlike intensiteit voorgekom het blyk onder andere uit 'n besluit van die Politieke Raad in 1664 om die Sondagskollektes en die boetes ten behoewe van die armes te bestee „doch voornamelijk die met veele naeckte kinderen beswaert zijn en uyt enckel armoede snachts op de aarde en een weynigh stroo by de beesten in de stal slapen moeten".[22]

Interessant genoeg is die feit dat die diakonie sy taak duidelik uitoefen — gedurende die eerste dekades van die volksplanting altans — as 'n barmhartigheidsdiens aan armes. Weliswaar is die metode enigsins bevreemdend. In die eerste plek geskied die kerklike barmhartigheid onder proklamasie van die burgerlike owerheid of Politieke Raad en tweedens deur die predikant. Die eerste is wel te begryp in die lig van die destydse kerk-owerheidsverhouding.[23] Die tweede staan blykbaar in verband met die oorsprong van die gebruik wat later taamlik algemeen voorgekom het in die gereformeerde kerke in Suid-Afrika dat die diakens, selfs in hulle barmhartigheidsamp, dikwels beperk is tot die administratiewe sy daarvan alleen. In hierdie geval van die „aan tellen" van honderd gulde om deur die predikant in stilte aan die behoeftigstes bestee te word, is die diakonale optrede slegs administratief deur op besluit van die kerkraad die geld beskikbaar te stel sodat die *predikant en nie die diakens nie* die uitdeling sou waarneem.

Dat die diakonale werksaamhede spoedig reeds die beperktheid van die eerste twintig jaar ontgroei het is ook af te lei uit 'n opmerking van Spoelstra.[24]

---

[20] Hamersma e.a... a.w. p. 272 e.v.

[21] Vgl. Spoelstra a.w. II, p. 256.

[22] C 2 Resolusies 4.10.1664, p. 49 — aangehaal deur Van der Merwe, dr P. J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, Kaapstad, 1938, p. 7. Van der Merwe wys trouens daarop dat weens die lae graanpryse, hoë produksiekoste en misoeste die vryburgers uit akkerbou nie 'n ordentlike bestaan kon maak nie. In normale omstandighede het die oesopbrengs nouliks die produksiekoste gedek en dikwels het die koloniste so min oorgehou dat hulle nie hulle vroue en kinders, hoe gebrekkig ookal, kon onderhou nie. „Een slegte jaar het ellende beteken.... Omstandighede waaroor hulle geen beheer gehad het nie, het selfs die arbeidsaamste Vryburgers in 'n toestand van beklaenswaardige armoede gehou". p. 7.

[23] Vgl. Jooste, J. P.: a.w. — veral hfstt. 2 en 3.

[24] „De brieven die daar (in die buitegemeentes) en in Kaapstad bewaard gebleven zijn, meestal betrekking hebben op diakonale aangelegenheden, of gemeenteverslagen bevatten .... Wat de Resolutie-boeken betreft, reeds *a priori* ligt het voor de hand, dat een groot deel ervan betrekking zal hebben op alimentatie der armen,

Die beste samevatting van die alledaagse werksaamhede van die diakens in die Kaapse Kerk is seker te vind in die vroeër genoemde instruksies aan diakens:

„volgens oude usantie de schoolbesoeking der kinderen van de Diaconie; de huysvisiten; item ook dengeenen, daar leerlingen zijn aanbesteed gade te slaan; alle die armbussen te ligten, en de daarvoor gefourneerde penningen af te geeven aan den indertyd Ontfanger-Diacon; de noodlijdende te adsisteeren; het besteeden in goede huijsen van soodanige kinderen en andere persoonen, als inmiddens aan de Diakonie komen te vervallen; en bij het afsterven van behoeftige menschen, derselver nalatenschap onder het bestier nemen....'[25]

By alles het die versorging van wees- en verwaarloosde kinders 'n uiters belangrike plek ingeneem.[26]

In die resolusieboeke word verder melding gemaak van hulp aan „vrye luyden", wat blykbaar doel op vrygestelde slawe. Trouens gedoopte vrygestelde slawe het 'n belangrike versorgingsvoorwerp van die eerste gemeentes uitgemaak. Die „milddadigheid" om afgeleefde slawe vry te stel en daarmee die verantwoordelikheid van hulle versorging op die diakonie af te skuif, het so toegeneem dat die owerheid in 1777 verplig was om ter beskerming van die kerk te bepaal dat „degeene, die voortaan een slaaf, slavin, dan wel kind of kinderen derselve sal willen in vrydom stellen, gebonden zal zijn om, behalven de gewone cautie, dat deselve binnen den tijt van thien jaren niet tot lasten der Diacony sal of sullen vervallen, nog aan deselve voor yder vrij te geevene persoon te betalen de somma van vijftig rijxds, ens.....".[27]

Origens word nog die volgende genoem as voorbeelde van sporadiese hulpverlening: rentelose reisvoorskot aan 'n predikant op reis na Batavië, hulp aan 'n behoeftige student uit die Ooste op weg na die vaderland, begrafniskoste van 'n predikantsvrou, hulp aan die vroue van die „te dezen Casteele gebannen" burgers Gerrit Botha en Marthinus Prinsloo, besoldiging van die voorleser „voor 't leeren der Geloofsbelijdenisse aan onvermogenden, bejaarde persoonen", ens.[28]

Gedurende die agtiende eeu is die praktyk veral gevolg dat finansieel sterkere diakonieë verantwoordelik gestel is vir die versorging van die armes in ander gemeentes. Die „kerkenraad van de Hoofdplaats" (Kaapstad) het vir baie jare, solank die Stellenbosche gemeente in skuld was, hulle armes onderhou. Selfs toe die laaste skuld afbetaal is, is aan die Kaapse diakonie voorgestel om die praktyk nog twee jaar te kontinueer. So ook was Drakenstein verantwoordelik vir die armes van Waveren (Tulbagh).[29]

Tot hierdie barmhartigheidsdienste het die diakonaat egter nie beperk gebly nie. Die Bataafse Kerkorde van 1643 het reeds aan die diakens

---

verpleging der kranken, opvoeding van verwaarloosden en van weezen. Uit deze rubrieken vermelden wij dus slechts dan iets wanneer het een zeer bezonder karakter draagt". Spoelstra: a.w. II, p. 255.

25 Spoelstra: a.w. II, p. 284.

26 Spoelstra: a.w. pp. 259, 260, 275, 277, 279, 303, 305, 310.

27 Spoelstra: a.w. II, p. 313 en 334.

28 Vgl. Spoelstra: a.w. II, p. 309, 321, 337 resp.

29 Vgl. Spoelstra: a.w. II, p. 402 en 470 resp.

die insameling en ontvangs van die „andere incompsten der kercken" opgedra.[30]

Naas die diens van barmhartigheid kom die verantwoordelikheid vir die algemene kerklike finansies. Vroeg reeds ontstaan die indruk dat die diakens se werk oorhel na die administratiewe sy van kerk en barmhartigheid terwyl die beoefening van barmhartigheid deels oorgeskuiwe word na die predikant. Daarmee is nie gesê dat die barmhartigheidsdiens geheel en al verruil is vir die kerklike finansiele administrasie nie. Die voorgaande paragrawe weerspreek sodanige opvatting. Tog kom dit voor asof die werksaamhede 'n altyd meer gemengde karakter aanneem. Uit Spoelstra [31] se uittreksels uit die resolusieboeke van die oudste Kaapse gemeentes, kom die volgende voor as werksaamhede waarmee die diakens in die praktyk belas was: beheer oor die grafte in en om die kerk, lenings van kerklike gelde aan die Kompanjie, die koste verbonde aan gekombineerde kerkvergaderings, die behartiging van 'n boeklegaat vir 'n openbare biblioteek, besoldiging van die koster, kollekteer van gelde vir nuwe gordyne in die kerk en vir ander kerkreparasies, finansiering van kerklike ornamente, kerkbou en aankoop van orrel, ens. ens.

Dat hierdie werksaamhede dikwels voorrang geniet het bo die eintlike taak van armsorg, blyk uit 'n aantekening in die notuleboek van die kerkraad van Stellenbosch onder datum 24 Mei 1778. Op hierdie vergadering word 'n brief van die Kaapse kerkraad voorgelees wat hoofsaaklik daarop neerkom dat „de kerk van Stellenbosch thans buiten schulden was" en voorgestel word dat „het nu ook billijk en redelijk was, de armen en nooddruftigen uit eigen verzamelde penningen te ondersteunen".

Daar is dus nie alleen geld geleen van die Kaapse kerkraad vir kerkbou en reparasie nie, maar die laste van die armversorging is geheel en al deur die moedergemeente gedra. So gewoond was Stellenboschers blykbaar aan hierdie toestand dat op bogenoemde suggestie besluit is „te antwoorden, en de kerkenraad van de Hoofdplaats voor te staan om nog twee jaren te continueren onze armen te onderhouden, uit aanmerking dat, door de afbetaling van de bewuste schuld, onze penningen merkelijk waren opgekort".[32]

Die neiging kom al duideliker aan die lig dat die diakens belas is met ander werksaamhede van kerklik-finansiële en administratiewe aard ten koste van die beoefening van hulle eintlike amp. Uit die beskikbare gegewens is ek geneig om saam te stem met die uitspraak van Greyling [33] „dat die diakenamp verwater geraak het in wat feitlik neerkom op 'n kollekteeramp sonder meer", terwyl die armversorging nou op die kerkraad as geheel oorgegaan het. Wat betref die barmhartigheidsdiens kry ons 'n vervloeiing van ampte en wel so dat die spesifieke werksaamhede daarvan grootliks oorgaan op die breë kerkraad en die diakens in plek daarvan insamelaars en administreerders van die algemene kerklike finansies word.

'n Duidelike beeld van hierdie gemengde taak van die diakens en die

30 Spoelstra: a.w. II, p. 585/6.
31 Spoelstra a.w. dl II.
32 Spoelstra: a.w. II, p. 402.
33 Greyling: a.w. p. 179.

omvang wat dit reeds na verloop van 100 jaar in die praktyk aangeneem het, blyk ook uit die instruksies vir die diakens, wat op inisiatief en voordrag van die diakonie deur die Kaapse kerkraad in 1753 aanvaar is.[34]

Hierdie instruksies is bedoel om te dien as 'n verduidelikende uitbreiding op die bevestigingsformulier „om redenen dat het kerkelijk Formulier hunner confirmatie, van veele saaken ten opsigte deezer lande zeer beknoptelijk handelende" en daaruit dus „ambiquiteiten soude kunnen resulteeren" betreffende die „respective functiën van Diaconen". Behalwe die uitgebreide lys suiwere barmhartigheidsdienste waarop reeds gewys is, word dit „seer equitabel" geag om vir die „oorbaarst" bestier van die „brandspuyt en derselven toebehooren" die gesag aan die Burgerouderling te „condessendeeren", met die diaken Onder-Kerkmeester as sy plaasvervanger.[35] Origens maak die instruksie voorsiening vir 'n in besonderhede uitgewerkte konstituering van die diakonie met 'n Diacon-Scriba, Diacon-Ontfanger, Diacon-Onder-Kerkmeester en Diacon-Uytgeever. Hierdie name is interessant met betrekking tot die funksies wat aan elke pos toegesê is en die beeld van diakonale werksaamhede wat hieruit afgelei kan word.

Die Diacon-Scriba is daarvoor verantwoordelik „omme alle hetgeene bij den geheelen Eerwaarden Kerkenraad geresolveerd werd, navolgens de ingevoerde manier te boek te stellen", die korrespondensie waar te te neem, alle stukke („Instrumenten") wat deur die kerkraad aangeneem word op te maak en te voltooi, alle verband- en skuldbriewe op te stel, register te hou van alle „papieren en documenten en munimenten", uitvaardiging van „Extracten der geresolveerde observaties", en alles in gereedheid te hou vir die vergaderings. Op sy skouers kom dus te ruste die hele gemeentelike administrasie.

Die Diacon-Ontfanger is gehoue om alle inkomende penninge, kollektes onder die erediens, liefdegawes, armbusgelde en rente op beleggings in ontvangs te neem en toe te sien om dit „niet booven de twee jaaren te laten loopen" en om alles wat onder „de inkomsten der kerke maar enigsints dependeert" te ontvang en kwitansies daarvoor uit te reik. Hy is dus belas met die administrasie van die kerklike finansies.

Aan die Diacon-Onder-Kerkmeester word opgedra die toesig oor die kerklike reparasies, die verhuur van die diakoniehuise, besorging van doodkis en begrafnis aan behoeftiges, en indien enige nalatenskap „aan de Diaconie koomen te vervallen", dit te sekwestreer, administreer en te gelde te maak, „daarenboven het volveerdigen, en in gereedheyd te brengen de kleederagie, alsmede het gerack en gemak van de onder de respective Diaconen behoorende personen".

Vir die Diacon-Uitgeever is voorgeskryf om maandeliks aan die behoeftiges die bestemde gelde uit te betaal, toe te sien dat dit goed bestee word en om alle andere nodige uitbetalings uit die diakonale kas te maak onderhewig aan die opdrag en goedkeuring van die Burgerouderling en die „geheele Collegie".[36]

---

[34] Spoelstra: a.w. II, p. 281 e.v.
[35] Spoelstra: a.w. II, p. 282.
[36] Spoelstra: a.w. II, p. 283 e.v..

By die diens van barmhartigheid is die diakens dus reeds prakties belas met die geheele kerklike administrasie en finansies, toesig en bediening van die brandspuit en met die kerkreparasies. Dit word 'n aansienlike las en die vraag ontstaan watter een van die hooftake uiteindelik in die praktyk as primêre werksaamheid beoefen sou word.

Betekenisvol is dit dat die administratiewe amptenare van die kerkraad nie uit die gehele breë kerkraad gekies word nie, maar by wyse van instruksie juis uit die diakens benoem is. Dit laat dink aan die Roomse praktyk om die diaken te sien as algemene kerklike dienaar of biskopsdienaar en nie as staande spesifiek in die barmhartigheidsdiens nie. Moet agter hierdie praktyk die houding gesoek word dat op die diakonale amp sodanig neergesien is dat teen die einde van die sewentiende eeu twee broeders die beroeping tot diakens afwys „als zijnd zulks beneeden hun rang".[37] Die kerkraad kon hieroor sy verbasing lug en dit mag aangevoer word dat dit nie 'n algemene verskynsel was nie; tog is dit onbetwisbaar simptomaties van 'n toenemende neersiende houding ten opsigte van die diakonaat.

'n Verdere interessante punt wat tref in hierdie instruksie is punt vier: dat elke kwartaal twee diakens aangewys word vir die beoefening en toesig van die barmhartigheidswerk. Sodanige gewoonte om diakens beurtsgewys tydelik vir die diens verantwoordelik te stel, moes bydra tot die verval van die barmhartigheidsaspek van die diakonale werksaamhede.

Die gemengde aard van die diakonale praktyk van hierdie tyd weerspieël hom nou ook in die kerklike opvattings van die amp, soos blyk uit die kerkwette van 1842 waarin die siening van die diakonale taak alreeds so vaag is dat dit versprei word oor die gehele breë kerkraad.[38]

### *Diakonale Praktyk en Werksaamhede in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859—1949.*

Dit is alleen logies om aan te neem dat die hierbo gesketste diakonale praktyk van daardie Gereformeerde Kerk wat in 1652 aan die Kaap geplant is en tweehonderd jaar later as die Nederduits Gereformeerde Kerk bekend gestaan het, 'n sterk invloed sou hê op die praktyk van die diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerk van ná 1859. Dit was die enigste praktyk waarmee die stigters en lidmate van die Gereformeerde Kerk bekend was. Al moet daarmee ook rekening gehou word dat, weens die ontevredenheid met die leer en praktyk van die Nederduits Gereformeerde Kerke en van die Nederduits Hervormde Kerk as Transvaalse vertakking daarvan, die lidmate van die Gereformeerde Kerk 'n kritiese houding sou inneem teenoor dié leer en praktyk, insluitende die diakonale werksaamhede, sou dit nog onjuis wees om, veral gedurende die eerste jare van die Gereformeerde Kerk se bestaan, die invloed van hierdie praktiese kennis geheel en al te ontken. Selfs by 'n diepgrypende hervorming of algehele wegbreking van bestaande vorme gebeur dit maar selde

---

37 Spoelstra: a.w. II, p. 356 e.v.

38 Vgl. Greyling: a.w. p. 180; ook Jooste: *Diak.Amp in S.-A.*, Die Diaken, dll. I-IV.

dat alle praktyke, prosedures en gewoontes van die oue totaal oorboord gegooi word. Hervorming en verandering van die leer is gewoonlik makliker as wysiging van die lewenspraktyk. Maar hierby moet tog ook 'n ander vormende faktor in rekening gebring word naamlik die invloed van ds. Postma self. Uit alle kerklike stukke van die tyd blyk — soos te verwagte is in die geval van 'n stigter en leier met sterk persoonlikheid — hoe sterk die invloed van ds. Postma op die lewe van die Gereformeerdes was.

Dit is seker nie te veel aangeneem nie as gesê word dat hy ook as persoon ook die diakonale praktyke van die Nederlandse Gereformeerde Kerke na Suid-Afrika oorgedra het en dat dit beskou moet word as 'n sterk beïnvloedende krag op die ontwikkeling van die diakonaat.

'n Studie van die kerkraadsnotules van die verskillende gemeentes, van die stukke van die Algemene en ander meerdere vergaderings en *Die Kerkblad* gee enigsins 'n ander beeld van die diakonale praktyk as die reeds behandelde leerstellige stukke. Dit word spoedig heel duidelik dat met betrekking tot die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, daar gedurende die negentig jaar van sy bestaan nog altyd 'n mindere of meerdere mate van verskil tussen teorie en praktyk, leer en lewe bestaan het. 'n Ondersoek van genoemde stukke skep die oortuiging dat in sy beoefening die gereformeerde diakonaat na 1859, nieteenstaande 'n suiwer belydenis, 'n gemengde onomlynde funksie geword het. Die diakens is deurgaans belas met veel meer as suiwer barmhartigheidsdiens. Daar is veel in van wat Greyling [39] 'n „kollekteeramp" noem. Die diakens is veelal die administratiewe en finansiële ampsdraers van die gemeente wat verantwoordelik is vir armversorging plus predikantstraktement, kerkbou- en orrelfondse, ens. ens. Dikwels is die primêre werksaamhede nie die barmhartigheidsdiens nie. Trouens, 'n mens kom sterk onder die indruk daarvan hoedat die diakens in tye van finansiële druk en gebrek aan gemeentelike offervaardigheid hulle hooftaak vind in die byeenbring van (selfs ook agterstallige) predikantstraktement, sodat van armversorging, by gebrek aan tyd en fondse, dikwels weinig tereg kom. Terselfdertyd is armversorging dikwels die taak van die breë kerkraad gemaak — neigings wat sterk herinner aan die ontwikkeling van die diakonaat in Suid-Afrika in die Nederduits Gereformeerde Kerk vóór 1850.

Reeds in 1873 stel 'n diaken van gemeente Potchefstroom die vraag „wie voor het tractement van den 2den leraar moeten sorgen, de ouderlingen of de diakenen".[40] 'n Ouderling beantwoord die vraag deur voor te stel dat die diakens daarvoor moet sorg aangesien hulle „met de stoffelijke zaken belast zijn". Waarop dié opvatting gebaseer is, is nie duidelik nie. Dit het geen leerstellige grondslag nie; ook kon 'n kerkraadsbesluit in die voege nie opgespoor word nie. Die enigste ander verklaring is dat die opvatting afkomstig is van die usansie by die gemeente en kerkraad dat die diakens met die stoflike sake alleen of hoofsaaklik belas

[39] Greyling: a.w. p. 179.
[40] Kerkeraadsnotule: Potchefstroom 10.5.73, art. 12.

is. Blykbaar het nòg die voorsitter nòg die ander kerkraadslede met die broeder verskil — die notule gee in elk geval geen aanduiding van meningsverskil oor die punt nie. Volgens die beskouing is die diakonale taak enersyds verruim deurdat die diakens ook vir ander take verantwoordelik gestel word, te wete vir die stoflike of finansiële sake van die kerk en gemeente en nie net vir die middele benodig vir die barmhartigheidsdiens nie. Hierdie geldelike verantwoordelikhede moes soms redelik swaar op die diakens gedruk het. So vra 'n diaken van Ventersburg om ontslaan te word van „sommige geldelijke besigheden.... zich gewillig verklarende om agent des kerkeraads t e blyven, indien er andere diakenen gekozen worden om het kassiersboek alsmede het boek voor het salaris aan den leraar te houden...." [41]

Gepaard met die verruiming het ook 'n verenging van die diakonaat in die praktyk gegaan. Dit val mens op by die deurlees van die stukke dat die diakonale werksaamhede ook vertroebel is deurdat die armversorging nie 'n suiwer en uitsluitlik diakonale saak gebly het nie maar 'n *kerkraadsfunksie* geword het. Dit geld veral daardie gevalle waar die kerkraad betreklik klein was en geen aparte diakonale vergaderings gehou is nie. In die ouere gemeentes was dit byna deurgaans die geval, afgesien ook van die grootte van die breë kerkraad. Die notuleboeke van die ouer en veral kleiner gemeentes is vol voorbeelde van hierdie praktyk. Die feit dat diakonale notules eintlik eers langsamerhand vanaf na 1900 dateer, is betekenisvol. Derhalwe is gemeentelike bronne vir gegewens oor die diakonaat hoofsaaklik beperk tot stukke van die kerkraad as geheel. Dit is tekenend van die toestand dat in een kerkraadsnotule *een* versoek deur 'n diaken gedoen word vir hulp aan 'n behoeftige lidmaat teenoor *drie* aansoeke deur ouderlinge.[42] Dit is heeltemal duidelik dat, òf om suiwer praktiese redes, òf weens 'n sekere onverskilligheid teenoor die leerstellige bepalings, òf uit 'n soort onkunde die barmhartigheidsdiens lank nie as 'n spesifieke *diakonale* taak beoefen is nie. Voorbeelde hiervoor kan onbeperk aangehaal word.[43]

Daar is een verblydende aspek met betrekking tot bogenoemde verskynsel. Dit is 'n toestand wat die Gereformeerde Kerk besig is om te ontgroei en nie waarin hy vaster groei nie. Daar is baie duidelike tekens — wat hulle veral sedert ongeveer 1925 sterk openbaar — dat daar tot 'n helderder opvatting oor die diakonale taak en werksaamhede gekom word wat dan ook lei tot 'n suiwerder ampsbegrensing.

Voorbeelde uit die geskiedenis van enkele van die oudste gemeentes sal die stelling ophelder. Die wending in die barmhartigheidsdiens van 'n algemene kerkraadsaangeleentheid tot 'n spesifieke diakonale taak begin

---

[42] Kr. not.: Ventersburg, 8.1.04, artt. 17-20. Dat dit geen uitsonderlike geval is nie word bewys deur ooreenkomstige gevalle in die kerkraadsnotules van gemeentes soos Bethal, Bethulie, Johannesburg, Lichtenburg, Lydenburg, Middelburg K.P. e.a.

[43] Besonder beskrywend hiervan is die volgende: „De ondersteuning uit arm beurs kas word als volgt verdeeld: £1 aan zuster .... — aan de leraar afgegeven. £1 aan moeder van .... — aan diaken afgegeven. £1.7.7. aan br. .... — aan ouderling afgegeven". Kerkraadsnotule, Ventersburg 12.2.1910, art. 17. Aldrie die ampte word hier by die barmhartigheidsdiens betrek.

hom veral sedert ongeveer 1899 openbaar. Een openbaring daarvan vind ons in die geleidelike skeiding van die armbeurs en kerkkas wat in 'n later hoofstuk bespreek word. Tog moet gewaarsku word teen die moontlike verkeerde indruk asof die skeiding van kasse ook noodwendig beteken het dat die diakonie dadelik die barmhartigheidsdiens as spesifieke taak van die kerkraad oorgeneem het. Dit was slegs die simptome van 'n ontwikkeling wat veel later tot uiting en realiteit gekom het.

*Pretoria* het in 1867 al die kasse geskei [44] maar die aparte diakonale vergaderings vir die barmhartigheidsbeoefening het eers later [44a] werklikheid geword. Voor 1899 was die posisie in die *Johannesburgse* gemeente waarskynlik dat daar wel 'n aparte armbeurs gehou is maar dat die armsorgsake regstreeks op die breë kerkraadsvergadering voorgebring en beslis is. Voorbeelde is volop waar ouderlinge behoeftes voorlê en ondersteuning versoek of dat aangeteken staan: „en de Kerkeraad besluit £ 5 ondersteuning te geven welke som uit de algemene kas en de armenkas zal genomen worden".[45] In Junie 1899 kry ons die begin van 'n nuwe ontwikkeling. „De leeraar geeft kennis dat hij op eene gewone Kerkeraadsvergadering zal voorstellen dat de behartiging en ondersteuning der armen meer bepaald op de vergaderingen der BB. diakenen zullen besproken en besloten worden".[46] Op die Augustusvergadering [47] word dan voorgestel om die behartiging van die armes geheel en al aan die diakonie op te dra, dat die diakens vir die doel apart sal vergader en dat hulle op die volle kerkraad slegs verslag van hulle werk sal voorlê.[48]

Besonder illustratief is ook die ontwikkelinge in die kerkraad en diakonie van *Bethulie*. Volgens die kerkraadsnotules is die kwessies van armversorging voor die Engelse Oorlog op die volle kerkraad behandel. Aansoeke vir ondersteuning is direk daar voorgedra en nie via die diakonie nie. In 1904 [49] word besluit tot instelling van 'n aparte armkas met 'n diaken as kassier.

Daarna blyk dit al meer dat die diakens die behoeftes van die nooddruftiges voordra maar nie tot algehele uitsluiting van die ouderlinge nie. Die gewoonte was blykbaar so vasgewortel dat aansoeke om ondersteuning nog gedurig regstreeks aan die breë kerkraad gerig en daar afgehandel is, totdat uiteindelik [50] besluit is: „Alle aanvragen om ondersteuning worden verwezen naar de diakonie". Van hierdie werksaamhede is voortaan gereeld verantwoording gedoen aan die volle kerkraad blykens die genotuleerde verrigtinge. En dan volg 'n eienaardige besluit: [51] „Op voorstel van den Voorzitter .... wordt besloten om voortaan omtrent eene maand na Avondmaal een diac. verg. *van den Kerkeraad* te houden waarop den armenzaak steeds op den voorgrond gesteld zal worden".

---

[44] Kr. not.: Pretoria, 5.4.67, art. 5.
[44a] Kr. not.: Pretoria, 21.8.08, art. XXIII.
[45] Kr. not.: Johannesburg, 3.2.98, artt. 5, 8; ook 25.6.98 art. 11(b).
[46] Kr. not.: Johannesburg, 22.6.99, art. 7.
[47] Kr. not.: Johannesburg, 31.8.99, art. 17.
[48] Op die vergadering van 27.9.99, art. 6 is so besluit.
[49] Kr. not.: Bethulie, 12.4.04, art. 24.
[50] Kr. not.: Bethulie, 13.10.05, art. 11.
[51] Kr. not.: Bethulie, 11.8.06, art. 4. Onderstreping deur skr.

Waarskynlik was die bedoeling hiervan dat ouderlinge en diakens een-keer per kwartaal gesamentlik die hele kwessie van kerklike barmhartigheidsdiens volledig moes bespreek — 'n verstaanbare prosedure onder die na-oorlogse verarmingsellende. In 1912 word aan die diakonie selfs ook toegestaan om „zoo noodig vier diakonale vergaderingen per jaar (te) houden op andere tijden dan kerkgelegenheden".[52] So het onder die nood en die druk van die tye — want dikwels beklaag die diakonie hulle oor ongenoegsame middele vir die armsorg — die ware diakonale funksie van die kerkraad weer na die diakonie verskuif.

Wat die huidige opvatting van diensdoende diakens oor die verantwoordelikheid ten opsigte van die kerklike armsorg is, kan afgelei word uit die beantwoording van vraag 10(b) van vraelys 3 soos in Tabel 2 weergegee is.[53]

TABEL 2.

(Antwoorde op vr. 10(b) van Vraelys 3)

| | |
|---|---|
| Diaken verantwoordelik | 466 |
| Diaken — Lidmaat | 2 |
| Diaken — Ouderling | 2 |
| Diaken — Ouderling — Predikant — Susters | 2 |
| Diaken — Ouderling — Susters | 2 |
| Diaken — Predikant | 1 |
| Diaken — Susters | 80 |
| Diaken — Predikant — Susters | 1 |
| Diaken — Kerkraad — Susters | 1 |
| Predikant — Susters | 1 |
| Ouderling | 6 |
| Susters | 14 |
| Kerkraad | 2 |
| Almal | 3 |
| Onbeantwoord | 20 |
| | 603 |
| Aantal vraelyste terugbesorg | 603 |

Van die 582 antwoorde op die vraag het 466 dit aan die diaken alleen toevertrou en 96 aan die diaken saam met die lidmate, die susters, die ouderling, die predikant, die kerkraad of is die diakens ingesluit by die kerkraad en by „almal". Die getal wat die diaken geheel en al uitsluit by die barmhartigheidsdiens is slegs 21 van die totaal.

In die praktyk lyk die saak tog nog enigsins anders volgens die antwoorde op vraag 4 van vraelys 1.[54] Van die 153 gemeentes het 80 die vraag beantwoord. Daarvan het 39 (byna 50 persent) getuig dat die breë kerkraad oor diakonale sake beslis. Dit moet toegegee word dat die vraag

[52] Kr. not. Bethulie, 19.7.12, art. 11.

[53] Die vraag lui: Wie is, volgens u mening, in die eerste plek verantwoordelik vir die versorging van die armes: die ouderling, die predikant, die diaken, die susters?

[54] Wie besluit oor diakonale sake?

enigsins onduidelik of vatbaar vir misverstand gestel is en dat die antwoorde met versigtigheid bejeën moet word. Dit gaan oor wie *besluit* oor die diakonale aangeleenthede, en nie wie *beoefen* dit nie. Daar sou dadelik aangevoer kan word dat in klein gemeentes met enkele ampsdraers die enigste gesonde weg is dat die breë kerkraad ten minste oor barmhartigheidssake moet besluit al sou die uitvoering dan nog aan die diakens opgedra wees. Die volgende tabelle 3(a) en 3(b) gee 'n oorsig oor die aantal diakens in elke gemeente wie se antwoord onder die bogenoemde 39 sorteer en as kontrole die aantal gemeentes wat elk minder as 9 diakens het. Dit blyk uit tabel 3(b) dat 55 van die 80 gemeentes wat op die vraag geantwoord het agt en minder diakens het of byna 70 %. Meer as die helfte van hierdie groep, 38 uit 55, (of 69 %) laat die beslissing oor diakonale sake aan die volle breë kerkraad. Slegs een gemeente (met 15 diakens) buite hierdie groep hou nog aan die prosedure. Volgens art. 18 van die Kerkorde kan die diakens, waar die kerkraad klein is, deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word, terwyl dit altyd gedoen moet word waar die getal minder as drie is. In die gevalle doen die diakens dan die werk van hulpouderlinge, terwyl die omgekeerde ook die geval is.

TABEL 3(a).

*Aantal diakens in elke gemeente waar die barmhartigheidsdiens deur die breë kerkraad behandel en beslis word.*

| Aantal diakens | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal gemeentes | 1 | 1 | 2 | 8 | 9 | 5 | 4 | 5 | 3 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal 39 |

TABEL 3(b).

*Aantal gemeentes met minder as nege diakens elk met die getalledistribusie.*

| Aantal diakens | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal gemeentes | 1 | 1 | 2 | 10 | 12 | 7 | 8 | 7 | 7 | 55 |

Volgens tabelle 3(a) en 3(b) blyk dit dan ook dat waar die getalle kleiner as drie is (twee en minder) die syfers in die ooreenkomstige kolomme identies is. In kolom 4, waar daar drie diakens is, is 'n klein verskil, terwyl dit met wisselinge al groter word namate daar meer diakens is, totdat dit, met een enkele uitsondering nie meer voorkom in gemeentes met nege en meer diakens nie.

Nieteenstaande die oorwegende persentasie suiwere opvattings van die diensdoende diakens in 1949,[55] blyk dit dat, waarskynlik weens hoofsaaklik praktiese oorwegings nog in byna die helfte van die gemeentes die barmhartigheidsdiens nie 'n spesifiek diakonale taak is nie, maar 'n aangeleentheid van die breë kerkraad.

Andersyds is 'n ander verskynsel te gewaar naamlik dat die diakens ook vir ander nie-spesifiek diakonale of barmhartigheidstake verantwoor-

---

[55] Volgens Tabel 2 is die opvattings soos volg: Volgens 80 persent is die diaken alleen in die eerste plek verantwoordelik; volgens 96.4 persent die diaken alleen en saam met ander.

delik gestel word. Die verskeidenheid werksaamhede wat hieronder val kan kortliks aangestip word.

Blykbaar spruitende uit die hulpouderlingskap [56] kom die gevalle voor waar 'n diaken saam met 'n ouderling benoem is op 'n kommissie om tugsake te ondersoek.[57] Die interessante hiervan lê eintlik weer daarin dat die betrokke kerkraad in 1872 reeds ses ouderlinge getel het. Nou is dit twee gevalle wat geïsoleerd voorkom en waarskynlik ook uit praktiese gronde soos groot afstande te verklaar is; maar uit verskeie notules is dit tog ook duidelik dat die ouderlinge nie net saam met die diakens oor die barmhartigheidsdiens besluit nie, maar omgekeerd, dat die diakens saam met die ouderlinge tugsake bespreek, ook waar daar drie en meer ouderlinge op die kerkraad is. Hoewel nie beweer kan word dat dit 'n besonder groot deel van die diakens se tyd en werksaamhede in beslag geneem het nie, bied dit tog 'n uiters interessante prinsipiële kwessie.

Deurgaans skyn dit die gewoonte te wees om die diakens as algemene kollektante, geldinsamelaars en finansiële administrateurs te gebruik; om geld in te samel vir die verspreiding van stigtelike lektuur;[58] bydraes byeen te bring vir gedenkstene;[59] om te kollekteer vir bestryding van die onkoste van afgevaardigdes na meerdere vergaderings,[60] of bloot om die verantwoordelikheid te dra vir die haal en wegbring van predikante;[61] vir die insameling van bydraes vir kerkbou, orrelfondse en reparasies aan kerk en pastorie, die insameling van predikantstraktement en algemeen kerklike finansies.[62] Voorbeelde van die laasgenoemde werksaamhede is so algemeen en so bekend dat dit onmoontlik word om al die bewyse daarvoor aan te haal. Enkele besondere getuienisse moet egter tog gelewer word. In die kerkraadsnotule van Rustenburg staan dit uitdruklik aangeteken: „Ouderling ...... geeft zijn bezwaar te kennen, dat de jaarlijksche bijdragen voor het tractement van den tweeden leeraar [63] zal ingezameld worden door de ouderlingen. Hij meent dat ouderlingen niet behooren te collecteeren daar dit het werk van diakenen is....".[64] Hoewel die kerkraad die broeder nie gelyk gee nie, kom 'n tweede ouderling die jaar daarop met 'n gelykluidende versoek terwyl hy hom daarop beroep dat gemeentelede nie aan hom as ouderling hulle bydraes wil oorhandig nie.[65] In Potchefstroom vind ons dieselfde beskouing bevat in die voorstel van 'n ouderling.[66]

Op 'n latere vergadering [67] word die besluit dat die ouderlinge sal

[56] Kerkorde, art. 38.
[57] Kr. not.: Rustenburg, 9.11.72, art. 5 en 17.7.80 art. 25(c).
[58] Kr. not.: Ventersburg, 23.5.08, art. 11; ook 8.1.09, art. VII.
[59] Kr. not.: Bethulie,5.10.94, art. 3.
[60] Kr. not.: Bethulie,23.2.94, art. 7.
[61] Kr. not.: Rustenburg, 15.4.70, art. 24.
[62] Vgl. die volgende besluit: „Op Zaterdag voor Nagtmaal zullen de diakenen per publieke veiling doen verkopen 't gecollecteerde vee voor de kerkschuld en 't dankoffer by 't 50 jarig jubileum der kerk". Kr. not.: Lydenburg, 14.5.09, art. 9.
[63] Die tweede teologiese professor — skr.
[64] Kr. not.: Rustenburg, 9.11.72, art. 23.
[65] Kr. not.: Rustenburg, 4.7.73, art. 6.
[66] Kr. not. Potchefstroom, 10.7.73, art. 12.
[67] Kr. not.: Potchefstroom, 18.7.73, art. 7.

kollekteer reeds so afgewater dat „BB. ouderlingen beloven volgens vroegere bespreking om, indien vereischt, de diakenen te hulp te komen bij het collecteeren voor het tractement van den 2den Leeraar".

Bewyse vir hierdie addisionele take wat die diakens sedert die vroegste jare in die Gereformeerde Kerk verrig het, is verder te vind in die verrigtinge van meerdere vergaderings, van diakonale konferensies en uit die oordeel van predikante en andere kerklike ampsdraers wat 'n breë ervaring van hierdie toestande besit het. So skrywe ds. M. Postma in 1896 [68] dat die gebruik in die Gereformeerde Kerk meesal is dat die diakens die „salaris des leeraars inzamelen en de BB. ouderlingen het Theol. Schoolgeld". Opmerklik genoeg klink amper presies dieselfde woorde die leser teen uit 'n artikelreeks van ds. D. Postma in *Die Kerkblad* van 1928, naamlik dat die diaken nog altyd met voorbeeldige ywer gesorg het vir die onderhoud van kerk en Teologiese Skool deur die invordering van kerklike bydraes.[69]

Mettertyd sou almal met dié toestande nie meer so tevrede wees nie. Diaken Kruger wyt reeds in 1906 [70] die te groot versuim in die beoefening van die diakonale amp daaraan dat die diakens te veel belas is met ander stoflike werk.

Dat daar teen hierdie tyd nuwe verwikkelinge aan die gang was blyk ook uit die beskrywingspunt van Pietersburg voor die Transvaalse Algemene Vergadering te Nylstroom (Januarie 1909): „Daar in de meeste gemeentes onser kerk de BB. diakenen predikantsalaris en andere kerkelijke bydragen insamelen en dikwels het werk der armenverzorging daaronder lydt, zoo overwege de Algem. Verg. of het insamelen van predikantsalaris ens. eigentlik behoort tot het werk van diakenen en wyst aan den weg hoe volgens Art. 25 der Dordtsche Kerkorde BB. diakenen meer in hunne roeping kunnen werkzaam zijn".[71] Op nòg die een nòg die ander versoek het die Algemene Vergadering 'n positiewe antwoord gegee maar slegs besluit: „De Kerkeraad te Pietersburg worde in deze zaak vrijgelaten". Die Algemene Vergadering het blykbaar nog nie kans gesien om, selfs op grond van die ondubbelsinnigheid van die leerstellige grondslae van die amp, prakties te breek met die bestaande gebruike nie — waarskynlik ook omdat dit nog ontbreek het aan inisiatief en 'n duidelike weg betreffende die tweede vraag van die beskrywingspunt.

Die saak was daarmee egter ook nie afgehandel nie. Dit kom al meer op die voorgrond. Op die Kaaplandse Diakonale Konferensie van 1910 handel ds. J. A. van Rooy juis oor hierdie saak.[72]

„Ik wensch de Conferentie meer in 't algemeen aan te tonen dat het Diaconaat in onze Zuid-Afrikaansche kerk *zuiwerder* moet worden in *beginsel* en meer *prakties* in de *uitvoering*".

---

[68] Kerkblad: 15.8.96, p. 3.

[69] Postma, ds D.: *Aangaande ons Ouderlinge en Diakens*, Kerkblad, 16.10.28, p. 319 e.v

[70] Notulen eener Vergadering gehouden volgens opdracht der Algemeene Vergadering Art. 42 van hare zitting in Maart j.l. in zake de behartiging van de belangen der Armen, te Reddersburg 1 en 2 Augustus 1906. —Byvoegsel tot Het Kerkblad, 1.9.06.

[71] Not. 51e Alg. Verg. Tvl., art. 47. B. VII.

[72] Volgens verslag in Kerkblad, 1.10.1910, p. 7 e.v.

Hy voer die kern van die amp weer terug tot die apostoliese instelling daarvan en ontleed die bestaande toestand as volg:

„De grondfout waarom ons Diaconaat niet tot zijn recht komt is, omdat de Diaken beschouwd wordt meer als 't instrument van *de hoorders* van 't Woord dan als de *hand* van de *daders* van 't Woord".

Die gedagte is, volgens spreker, nog te sterk dat die diaken daar is om aan die gemeente geleentheid te gee om die Woord te hoor en die Sakramente te gebruik deur die predikant se salaris byeen te bring.

„Het moet andersom worden.... De Diaken is er niet om 't kerkhouden mogelijk te maken, maar om van de kerk af te gaan, waar de geloovigen met gevulde handen waren, welvoorzien om de behoeftigen te helpen. Waarom moet de Kerk altijd als 'n arme bedelares zijn inplaats van een milddadige huisvrouw, die rijkelijk uitdeelt?"

Die toestand wyt spreker daaraan dat die diakens 'n vierledige amp beklee: ouderling, koster, kollektant en dan nog eindelik ook diaken of armversorger. In die kerkraadsvergaderings moet die diakens dikwels 'n ouderling se werk doen, in die openbare erediens deur die handhawing van orde en in die bediening van die nagmaalstafels is hy weer koster; in verband met insameling van die kerkgelde is die diaken weer kollektant. Dit is waar dat die toestand uit die omstandighede van die verlede gegroei het — geen koster, klein kerkrade ens. — maar die vraag is of dit darem nie nou kan verander nie? Met die oog op die diakensvereistes soos gestel in 1 Tim. 3 kom daar as gevolg van bogenoemde nie meer veel tereg van die diakonale waardigheid nie. Daar word te veel gesê wat hy moet doen in plaas van te luister wat hy sê wat gedoen moet word. Dit doen afbreuk aan die selfstandigheid van die amp, derhalwe beveel ds. Van Rooy aan: „In de kerkelijke vergaderings moeten wij meer presbyteriaal met de ouderlingen en diakonaal met de diakenen vergaderen".

Voorgaande is 'n duidelike opsomming van die praktyk van die diakonaat soos dit in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ontwikkel het, met 'n aanduiding van die foute daarin en die weg tot hervorming. Maar hiermee het die stryd om die diakonaat suiwerder in beginsel en praktieser in toepassing te maak, nog maar pas begin. Tot diep in die dertiger jare sou die vra- en ontworstelingsperiode nog voortduur: vra na die suiwere beginsel en praktyk en 'n ontworsteling aan die bestaande gewoontes en toestande. Wat deur die nasleep van die Engelse Oorlog tot ontwaking gekom het, het veral deur die toenemende armoede en die groot depressie tot wyer uitgroeiing gedy. So het die vra- en worstelperiode wel lank geduur maar altyd in wyer kringe aan die oppervlakte van die kerklike lewe gekom — *wat* is die eintlike taak van die diakens en *hoe* moet dit uitgevoer word. Trouens, hierdie vrae word naderhand byna 'n eentonige refrein op diakonale konferensies, algemene vergaderings en selfs op die sinode.

Op die derde Transvaalse Diakonale Konferensie word die vraag van Pietersburg aan die Algemene Vergadering van Nylstroom feitlik woordeliks herhaal: „In hoeverre rust de verplichting op een diaken om gelden voor de kerkedienst in te zamelen".[73]

[73] Kerkblad, 15.8.13, p. 10.

Ook hier is geen besliste antwoord gegee nie maar van die saak afgestap.

Uiteindelik vind die vraag sy weerklank by die hoogste instansie toe op die een-en-twintigste Algemene Sinode (Rustenburg) die beskrywingspunt (no. 24) van Burgersdorp ter tafel gelê word wat van die sinode versoek „'n nadere omskrywing van die diakenamp na die eise van onse teenwoordige tyd, in aanmerking nemende die Bevestigingsformulier en ons Kerkorde".[74] Op die sinode van Reddersburg (1937) word 'n meerderheids- en 'n minderheidsrapport ingelewer waardeur baie interessante leerstellige verskil openbaar word. Die opvatting van die meederheid is in ses punte opgesom:

1. „Dat die versorging van die arme sowel volgens die Ou Testament as die Nuwe Testament deel uitmaak van die openbare kerkediens.
2. Dat onder die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament die bedeling van die arme gepaard gegaan en deel uitgemaak het van die stoflike onderhoud van die kerkediens en die kerkedienaars wat daaraan verbind was.
3. Dat uit Hand. 6 en a.p. moet afgelei word dat dit tot die diakenamp behoor om te sorg (a) vir die stoflike onderhoud van die kerkediens en die kerkedienaars, (b) vir die armes in die gemeente.
4. Dat die insameling, beheer, uitdeling ens., van *alle* kerklike goedere tot die amp van die diakens behoor.
5. Dat al drie ampte in die kerkeraad verteenwoordig behoor te wees.
6. Dat die diakenamp ook in die meerdere vergaderinge moet verteenwoordig word en mede stem en sitting kry as sake behandel word wat die diakenamp betref. *(Hoe* die verteenwoordiging moet gereël word, is egter 'n saak wat nie deur die Sinode aan die kommissie opgedra is nie)".[75]

Samevattend kom die beskouing van die meerderheid van die kommissie van prae-advies dus daarop neer dat die werksaamhede van die diakens soos hier beoefen skriftuurlik in orde is, naamlik behartiging van die barmhartigheidsdiens plus die algemene kerklike finansies en dat die leerstukke waarop die Gereformeerde diakonaat gegrondves is, te wete die Kerkorde, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Bevestigingsformulier, eensydig en onskriftuurlik is.

Teen hierdie standpunt het die minderheid van die kommissie stelling geneem in 'n verslag wat veel meer ooreenkoms toon met die tradisionele Gereformeerde opvatting en wat kulmineer in die volgende konklusies:

1. *„Dat die eintlike werk van die diakene is die armversorging* (vergelyk Hand. 6 : 3 en uit die bevestigingsformulier van die diakene die woorde: *die eigenlijk hun werk van de bediening der armen maken zouden).*
2. Dat die diakene behoor tot die breë kerkeraad.
3. Waar in ons Kerk die diakenamp in die loop van die tyd gebruik is ook vir die werk wat nie tot die amp behoor *(b.v. kollekteer van kerkgelde, hulp by Avondmaalsbediening, kosterwerk)* en die gebruik gaandeweg *gewoonte* geword is, is dit seker nie wyslik om meteens 'n verandering aan te bring, maar moet die *beginsel* tog duidelik op die voorgrond gestel word; en *moet die verandering oorgelaat word aan elke plaaslike Kerkeraad om na omstandighede te handel.*
4. In verband met die *ontwikkeling* van die diakenamp beveel ons aan:
   (i) dat *diakonale verslae* op die meerdere vergaderings sal kom;
   (ii) dat *diakonale konferensies* sal gehou word mits dit nie 'n kerklike status verkry nie".[76]

---

[74] Hand. 21e Alg. Sin., art. 51, p. 17.
[75] Hand. 22e Alg. Sin., bylae VII/1, p. 102 e.v.
[76] Hand. 22e Alg. Sin., bylae VII/2, p. 106 e.v.

Waar die meerderheidsrapport beweer dat die diakonale praktyk in Suid-Afrika skriftuurlik in orde is en sodoende die tradisionele opvatting oor die diakonaat probeer verruim, konstateer die minderheidsrapport dat gebruike en gewoontes posgevat het wat geen skriftuurlike grondslag het nie en wil dus die diakonale werksaamhede terugvoer tot die tradisionele enger bedding. Hiermee is die sinode dus eintlik voor 'n posisie geplaas om 'n ondubbelsinnige en positiewe antwoord te gee op die vraag wat nòg die Algemene Vergadering van Nylstroom nòg die Transvaalse Diakonale Konferensie (1913) wou beantwoord. So besluit die sinode „om wat die beginsel aangaan konklusies 1 en 3 van die minderheidsrapport aan te neem in ooreenstemming met ons Belydenisskrifte en Kerkorde".[77] 'n Ander antwoord was haas nie moontlik sonder om te breek met die tradisionele Gereformeerde gedagterigting nie. Besware van die gemeentes Rustenburg en Krugersdorp teen die uitspraak is van die hand gewys.[78] Hierdie standpunt sou die kerk ook later nog konsekwent handhaaf. In 1936 kom 'n versoek van 'n kommissie van die Federale Raad van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika [79] ter tafel „waarin te kenne gegee word die wenslikheid van 'n moontlike wysiging van die formulier vir die bevestiging van Diakens". Die skrywe bevat drie punte waarvan die eerste betrekking het op lidmaatskap van diakens in die kerkraadsvergadering, terwyl 2 en 3 handel oor die taak van die diakens met aanbeveling dat a) die diakens nie slegs alimentasie nie, maar ook geldelike belange van die gemeente moet behartig en b) die diakens nie net met geldelike maar ook met advies die armes moet help. Die Deputate adviseer dat geantwoord sal word „dat die Sinode van Reddersburg en Burgersdorp in 1927 en 1930 resp. gehandel het oor die Diakonale amp, en wat punte 1 en 2 betref, 'n negatiewe besluit geneem het".[80]

Maar nieteenstaande hierdie besluite is die bestaande praktyk nog nie dadelik opgehef nie sodat ds. Jacs van Rooy op die eerste Uniale Diakonale Konferensie (Bloemfontein 1929) die vraag kon stel wie die armes moet versorg en dan self die volgende antwoord verstrek: „Is die diaken nog 'n armeversorger of het die amp verval in die van 'n agentskap van die kerk om die geldelike sake te behartig?" [81]

Selfs waar die sinodale besluite leerstellige en deels ook praktiese rigting aangedui het, was alle praktiese vraagstukke nog nie opgelos nie al was dit net in die sin dat daar nou gevra is: Wat moet dan alles onder die barmhartigheidsdiens verstaan word? Wat is alles te doen op hierdie enger diakonale diensterrein? Dit is immers die indruk wat gewek word deur die antwoord wat die Transvaalse Diakonale Konferensie (Potchefstroom, 1929) gee op die vraag „omtrent die amp van die diakene, veral met betrekking tot insameling van kerklike bydrae".[82] Deur die afgevaardigdes sowel as die adviseur „word gewys op breër werkkring

---

77 Hand. 22e Alg. Sin., artt. 80, 81, p. 32 e.v.
78 Hand. 23e Alg. Sin., art. 155, p. 135 e.v.
79 Brief dd. 1 Sept. 1934.
80 Hand. 25e Alg. Sin., art. 28, p. 34.
81 Kerkblad, 20.8.29.
82 Not. Diak. Konf. Tvl., Okt. 1929: 2de sitting, art. 6.

van diakonieë soos b.v. 'n weeshuis oprig, 'n oue tehuis ens., wat dit noodsaaklik maak dat hulle losgemaak word van traktement insamel". Gevolglik word dan nog verder besluit dat al die diakonieë nou sal begin met uitvoering te gee aan die sinodale besluit wat insameling van kerklike bydrae deur diakens betref.

Vir soverre is daar verandering te bespeur dat hier nou darem al praktiese weë aangedui word vir die suiwere beoefening van die amp. Hoewel hierdie advies in toenemende mate gevolg is, het alle moeilikhede en praktiese afwyking van die leerstellige weg nie meteens verdwyn nie. Die Partikuliere Sinode van Transvaal word in 1934 via die Transvaalse Diakonale Konferensie gevra om die Algemene Sinode te versoek om hom uit te spreek oor die wenslikheid dat die kerkrade die diakonieë geleidelik vrystel van die behartiging van die algemene kerklike finansies.[83]

Soveel is bereik dat die diakonaat suiwerder in beginsel gestel is. Of dit ook suiwerder en praktieser in uitvoering gestel is? Gedeeltelik, ja. Die depressie het praktiese uitbouing noodsaaklik — selfs dringend — gemaak: werkverskaffing, voorkoming van armoede, noodleniging, versorging van wese en oues van dae op georganiseerde skaal. Maar 'n absoluut suiwere toepassing is seker nog nie bereik nie, soos ook blyk uit die volgende tabelle. (No. 4 (a) en (b).

TABEL 4(a).[84]

*(Waardeur word die meeste tyd van die diakens in beslag geneem.)*

| | |
|---|---|
| Traktement en kerklike bydraes . . . | 505 |
| Armsorg . . . . . . . . . . | 42 |
| Albei eweveel . . . . . . . . . | 40 |
| Onbeantwoord . . . . . . . . | 16 |
| Totaal | 603 |

TABEL 4(b).[85]

*(Waarvoor word bydraes by gereelde omgang deur die diakens hoofsaaklik ontvang.)*

| | |
|---|---|
| Hoofsaaklik vir Traktement ens. . . . | 45 |
| Hoofsaaklik Armsorg . . . . . . | 2 |
| Albei eweveel . . . . . . . . | 36 |
| Totaal | 83 |

Hierdie tabelle gee 'n aanduiding van die take wat die diakens in 1949 nog verrig het. Van die 83 diakonieë wat vraelys 1 beantwoord het, samel

[83] Not. 9e Part. Sin. Tvl., art. 26.

[84] Vraag 8 van vraelys 3 lui: „Wat neem in die praktyk die meeste van u tyd in beslag: (a) die insameling van traktement en ander kerkelike bydraes of (b) die versorging van die armes?"

[85] Vraag 9 van vraelys 1 lui: „Waarvoor word bydraes by die gereelde omgang in ontvangs geneem: (a) *Hoofsaaklik* vir traktement, instandhouding van die ere-

45 se diakens hoofsaaklik bydraes vir die algemene kerklike finansies in, slegs 2 samel hoofsaaklik vir die armversorging in terwyl in 36 gevalle die insameling ongeveer gelykop vir albei sake is.

Nog veelseggender is tabel 4(a). Van 603 diakens antwoord 505 of 83.7 persent dat die insameling van traktement en ander kerklike gelde die meeste van hulle tyd in beslag neem; by slegs 42 of 6.9 persent neem die armsorg die meeste tyd op en 40 of 6.6 persent wy eweveel tyd aan die take. Dit is in elk geval baie duidelik dat in die verre meerderheid gevalle die diakens meer te doen het met kerklike finansies as met barmhartigheidsdiens. Behalwe in een gemeente (opmerklik genoeg 'n plattelandse) is die gevalle waar diakens meer tyd aan barmhartigheidsdiens bestee baie verspreid en kom dit uiters sporadies voor.

Dit is ten slotte nog nodig om na te gaan wat die oorsake van hierdie gebruike by die Gereformeerde diakonaat was en in hoeverre — in breë trekke — dit die beoefening van die barmhartigheidsdiens beïnvloed het. Uit die voorheen aangehaalde uitsprake en oordele het dit reeds duidelik geword dat die eintlike diakonale funksie dikwels belemmer is onder die stremming en druk van die bykomende take. Die stremming mag nie so sterk gevoel gewees het gedurende die negentiende eeu toe die lewenswyse van die lidmate van die Gereformeerde Kerk hoofsaaklik plattelands, eenvoudig en min-eisend was nie, maar na die oorlogsverwoesting en onder die druk van depressies en die ellendes van 'n geld- en kredietekonomie moes die toestand verander.

Teen die toewysing van ander administratiewe take veral met betrekking tot die kerklike finansies aan die diakens kan prakties seker nie veel ingebring word nie, mits dit die diakens nie belemmer in die beoefening van hulle eintlike amp, die barmhartigheidsdiens nie.

Voor 1899 was hierdie diens bepaald nie veeleisend nie — behalwe miskien in die verstedelikende gemeentes soos Pretoria en Johannesburg — maar hoofsaaklik beperk tot sporadiese en af en toe gereelde alimentasie van wese, weduwees en oues van dae. Onder die omstandighede was daar dus feitlik te min werk vir die diakens en kon hulle prakties behulpsaam wees met ander take.[86] Die oplossing kan miskien daarin gesoek word dat 'n kleiner aantal diakens vir elke gemeente gekies word, maar daarteenoor staan die gewigtige praktiese besware van lang afstande en uitgestrekte gebiede sodat vasgehou is aan die wykstelsel met 'n gelyke aantal ouderlinge en diakens. Dat populêre wanopvattings oor die meerdere waardigheid van die ouderlingsamp hiertoe ook meegewerk het, kan ook nie buite rekening gelaat word nie.

Samevallend met die verstedelikingsinvloede, veral op die Witwatersrand, bring die Engelse Oorlog aan die omstandighede feitlik 'n einde. Daar ontstaan nou des te meer geleentheid vir en behoefte aan die be-

---

diens, sending, ens., (b) hoofsaaklik vir die versorging van die armes; (c) vir albei sake (a) en (b)".

[86] In die gevalle moes die diakens, om binne die prinsipieel suiwere grense te bly, die bykomende take verrig as lede van die breë kerkeraad en nie uit hoofde van hulle amp as diakens nie. Hierdie onderskeiding is egter nie duidelik begryp en gehandhaaf nie.

oefening van die diakonale amp in die sin van sy oorspronklike instelling. Daarom is dit interessant om daarop te let dat veral twee gebeurtenisse besonder veel bygedra het tot ontwikkeling van die diakonaat van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, naamlik die Engelse Oorlog gesien teen die ekonomies-sosiale agtergrond daarvan en die groot ekonomiese depressie wat op die eerste wêreldoorlog gevolg het.

Die beeld wat verkry word uit die gemeentelike notules dwing tot die mening dat die administratiewe of algemene finansiële rigting waarin die diakonaat geneig het om op te gaan nie soveel toegeskryf kan word aan aanvanklike onkunde omtrent die leerstellige grondslae van die amp nie, maar tot geen geringe mate aan geleentheid aan voortdurende armversorging. In plaas van 'n vaste organisasie en kanaal met gereelde middele vir die barmhartigheidsdiens, is daar feitlik alleen in die voege opgetree wanneer dit sporadies nodig geword het. Dan was dit gewoonlik alleen vir die kerkraad om te besluit om uit gelde voorhande ook die hulpbehoewendes te versorg of om die diakens op te dra om vir die armes insameling te hou. In hierdie begin- en boujare van die Gereformeerde Kerk is die eerste vereiste en grootste behoeftes ondervind in verband met die instandhouding van Kerk en Teologiese Skool. In sekere sin kom die omstandighede ooreen met die toestand van die eerste Christelike gemeentes onder vervolging. Die versorging van die armes was nie so 'n dringende saak nie en het eintlik as bykomstige, nogtans nie te verwaarlose, taak gegeld. Derhalwe lees ons in hierdie tye veel meer van klagtes oor tekorte in die kas van die Teologiese Skool, E.P.P.W.W., predikantstraktement en boufondse as in die armekas. Die armes en hulle versorging was dus meer uitsondering as reël sodat die diakens hulle ook aan ander dienste kon wy sonder om oorspronklik hulle plig te versaak en hieruit het 'n soort gebruik en tradisie gegroei wat later weer afgebreek sou moes word.

Na die oorlog was die toestande radikaal gewysig. Dieselfde gemeente wat in 1893 nog besluit het om die kollektes vir die armes af te skaf omdat daar geen armes was nie [87] notuleer in 1904:

„Naar aanleiding van de opbrengst van gelden voor de verzorging onzer armen wordt besloten: dat een krachtdadige opwekking uitga van de drie ambten in de gemeente opdat er meer offervaardigheid in de gemeente voor deze belangrijke zaak kome...." [88]

Nou was die gebruike reeds so vasgegroei dat alleen 'n langdurige worsteling eers weer die diakonaat tot redelike vryheid sou bring. Tog het die toename, onder nood, van die barmhartigheidsaspekte van die diakonale werksaamhede, nie meteens 'n algehele oorskakeling van die algemene terrein van die behartiging van kerklike finansies na die spesifieke taak van armversorging, beteken nie. Die grondliggende praktyk van byna 'n halwe eeu het in 'n sekere mate die opvattings oor die saak verduister en verwar en die praktyk vasgegryp, sodat ons byna 'n eeu na die stigting van die eerste gemeentes nog die beeld van die Gereformeerde diakonale praktyk het soos wat blyk uit tabelle 4(a) en (b).

---

[87] Kr. not.: Potchefstroom, 17.8.93, art. 9.
[88] Kr. not.: Potchefstroom, 13.8.04, art. 8.

HOOFSTUK V.

# Die Diakonie: Personeel, Organisasie en Status

1. *Personeel:*

(a) *Vereistes om die amp te beklee:*

Om die diakensamp te kan beklee moet aan bepaalde vereistes voldoen word. Hierdie eise is hoofsaaklik gegee in Hand. 6 en 1 Tim. 3.[1] By die instelling van die diakonaat stel die apostels in Hand. 6 slegs enkele breë vereistes: goeie getuienis en vol van die Heilige Gees en wysheid. Die goeie getuienis of naam sou die natuurlike waarborg wees vir die vertroue en agting wat die diakens moet wegdra om die amp met waardigheid en eer te beklee. Die wysheid is noodsaaklik vir die insameling sowel as beheer en versigtige uitdeel van die aalmoese. En aangesien hulle aangewys is om te werk onder gelowiges as draers van die Christelike hoëpriesterlike barmhartigheid moes hulle ook vervul wees met die Heilige Gees, met liefde, ywer en roepingsbesef.[2]

Op hierdie beginsels bou Paulus verder in 1 Tim. 3 : 8-10: waardigheid, woordvastheid, soberheid, eerlikheid en reinheid van gewete. Bouwman [3] en Biesterveld [4] vertolk die waardigheid en eerbaarheid, erns en ingetoënheid, waardig die Evangelie. Hulle optrede moet ook buite die amp agting, respek en vertroue van die gemeente wegdra. Dat hulle nie uit twee monde moet spreek nie dui op opregtheid in spreke en wandele.

Selfs die arme mag nie gevlei word nie en wanneer nodig vermaan en bestraf word.[5] Waar Bouwman [6] die soberheid (nie aan wyn verslaaf nie) bloot prakties vertolk met verwysing na die versoeking om in sy rondgaan te veel te drink of om by die liefdesmaaltye nie die matigheid te betrag nie, wys Biesterveld [7] daarop dat dit ook figuurlik verstaan moet word in die sin dat die diakens nie moet optree soos besopenes nie. Die vierde

---

[1] Koelman, J.: Het ambt en de plichten der Ouderlingen en Diakenen, 's-Gravenhage, 1837, p. 351; ook Biesterveld e.a.: a.w. p. 240, Bouwman: a.w. p. 73.

[2] Bouwman: Ambt, p. 71; Bouwman, H.: Gereformeerd Kerkrecht, Kampen, 1928, dl I, p. 574; Biesterveld in a.w. p. 240.

[3] Bouwman: Ambt, p. 71.

[4] Biesterveld in a.w. p. 240.

[5] Biesterveld in a.w., p. 241.

[6] Bouwman: Ambt, p. 71.

[7] Biesterveld in a.w., p. 241.

suiwer persoonlike vereiste — geen vuilgewinsoeker — slaan nie alleen op algemene geldgierigheid nie maar veral ook op die gesindheid om enige posisie, ook die diakenskap te misbruik vir eie bevoorregting en winsjag.[8] Ook hier word die persoonlike vereistes afgerond met die geloofsaspek. Al is sy amp nie 'n leeramp nie, moet ook die diaken goed onderlê wees in die ware geloof en suiwere leer. Sonder dat sy hart vol is van die geloof in Christus sal hy ook nie kan voldoen aan die beginsel dat die vertroosting uit die Heilige Skrif deel is van die barmhartigheidsdiens nie.

By hierdie individueel-persoonlike vereistes bespreek Biesterveld[9] nog 'n verdere wat eintlik die samesluiting van die vorige is naamlik dat die geroepene lus en oorgegewenheid vir sy dienswerk sal hê. Dit hang waarskynlik ook saam met die vraag van die bevestigingsformulier of die gekosene hom wettig geroepe ag tot die diens.

Die ampswerk vra die volle persoonlikheid van die diaken. Die versorging van die behoeftiges vereis oorgegewenheid — nie 'n halwe hart nie. Hiervan lei Biesterveld dan verder af dat dit vir die diaken nodig is om hom te beweeg in die breë stroom van die vergaderingslewe waarmee sy werk gemoeid is, om sy aandag aan alle vraagstukke wat te berde gebring word, te skenk en kennis te dra van alle voorligting oor sy amp.

Tot die innerlike persoonlikheidseienskappe voeg Bouwman[10] ook nog by dat daarop gelet moet word of die kandidaat 'n barmhartige mens is, want 'n stuurse, koue en harde mens is vir hierdie werk nie geskik nie. Al mag die blote gevoel nie die weg aanwys nie, is die barmhartigheidsdiens tog eerstens 'n saak van innerlike gesindheid, die stukrag van binne wat deur die rede en die wysheid gelei moet word.

(b). *Ouderdom van die Diakens:*

'n Bespreking van die ouderdom van die diaken as vereiste word nêrens gevind nie. Die feit dat alleen belydende lidmate tot die amp gekies kan word, veronderstel wel dat die kinderjare agter die rug moet wees, maar daarmee is geen vaste ouderdomsgrens bepaal nie. In die Nederduits Gereformeerde Kerke is dit wel die geval dat 'n minimum-ouderdomsgrens vir diakens en ouderlinge gestel word.[11] Hoewel kronologiese ouderdom geen onfeilbare maatstaf vir rypheid is nie[12] is dit tog 'n aanduiding van geestelike ontwikkeling, verantwoordelikheid, insig en oordeelvermoë. Die vereistes wat met die ampswerk gepaard gaan, dui wel daarop dat al te grote jeugdigheid seker nie 'n aanbeveling vir die verkiesing van die diakens is nie. Dit is opmerklik dat Paulus feitlik as vanselfsprekend aanneem dat die diakens getroude persone sal wees, mense met 'n mate van lewensrypheid en verantwoordelikheid. Bouwman beweer dan ook dat veral met betrekking tot armoedsvoorkoming dit 'n belangrike faktor is

---

8 Bouwman: Ambt, p. 71; Biesterveld in a.w. p. 241.

9 Biesterveld in a.w. p. 242.


10 Bouwman: Ambt, p. 73.

11 Vgl. Du Plessis, J. A.: Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering, Bloemfontein, 1925, p. 105.

12 Vgl. Burt, Cyril: The Young Delinquent, Univ. London Press, 1944, p. 18.


GRAFIEK 1.

*Ouderdomsdistribusie van Diakens en Ouderlinge.*
(1 jr-eenhede)



## GRAFIEK 2.

*Ouderdomsdistribusie van Diakens en Ouderlinge.*
*(5 jr-eenhede)*



dat „de diakenen mannen zijn die het leven kennen, die de menschen kennen, en die wegen en middelen weten te vinden om de bezwijkenden weder op te richten".[13] Dit is vereistes waaraan alleen by hoë uitsondering deur baie jeugdige persone voldoen kan word.

Grafieke 1 en 2 gee 'n beeld van die ouderdomsdistribusie van 603 diakens en 810 ouderlinge in Gereformeerde gemeentes by hulle ampsaanvaarding. Grafiek 1 toon die verspreiding van leeftydsgroepe in eenjaareenhede en nommer 2 in vyfjaar-eenhede. Die onreëlmatige, spitsagtige grafiek 1 toon onteenseglik dat die leeftydsgroep 27 jaar die enkele ouderdom is wat die meeste onder diakens voorkom met die 30-jariges tweede en daarna dié van 25 jaar. Wanneer in vyfjaar-groepe voorgestel kry ons 'n veel reëlmatiger grafiek (no. 2) waaruit dit ewe duidelik blyk dat diegene tussen 25 en 29 jaar as enkele leeftydsgroep die heel meeste voorkom met die groep 30-34 jaar daarna. Daaruit moet afgelei word dat die algemene neiging is om diakens te kies wat tussen 25 en 34 jaar oud is. Daar is slegs enkele diakens onderkant twintig jaar, min bokant 50 jaar en niemand bokant 60.

'n Vergelyking met die ouderdomme van die ouderlinge is interessant. In elk geval (of die voorstelling eenjaar- of vyfjaar-groepe is) is die verskuiwing na regs, na 'n hoër leeftydsgroep. Hier is die grootste enkele leeftydsgroep die 37-jariges met 'n verdere neiging na regs, want die 38-, 39- en 40-jariges is die volgende mees voorkomende groepe. Die gewildste ouderdom is in die geval van die ouderlinge dus nege jaar hoër as vir die diakens. Voorgestel in vyfjaar-leeftydsgroepe verskuif die spits van die grafiek eweëns regs met 35-39 jaar as maksimum en 40-44 jaar as tweede hoogste. Dit is dus 'n ouderdomsverhoging van 10 jaar in vergelyking met dié van die diakens. In die geval van die ouderlinge is daar niemand onder 20 jaar, en min tussen 20 en 25 jaar. Vanaf ouderdom 26 tot 52 jaar word die oorgrote meerderheid onderlinge bevestig, tussen 52 en 64 nog 'n redelike aantal, daarna slegs enkeles en na 70 jaar niemand. Al hierdie gegewens het betrekking op die eerste bevestiging in die betrokke amp.

Hieruit sou dus besluit kan word dat hoewel die diakens van die Gereformeerde Kerk oor die algemeen ongeveer 10 jaar jonger as die ouderlinge is by hulle eerste ampsbevestiging, die gemiddelde diaken nie as te jeugdig vir die beoefening van die veeleisende barmhartigheidsdiens beskou kan word nie. As geheel genome verteenwoordig hulle 'n groep manne op 'n aktiewe lewensperiode met redelike lewensrypheid en met 'n redelike mate van verantwoordelikheid veral as in ag geneem word dat slegs 9.5 % van die diensdoende diakens nog ongetroud is.[14]

(c.) *Ekonomiese en Sosiale vereistes vir die Diakensamp:*

Koelman [15] beantwoord ook die vraag met betrekking tot die uitwendige ekonomiese en sosiale status van die diaken. Hoewel dit nie regverdig is om sonder meer aan diegene voorkeur te gee wat na die wêreld ryk en

---

[13] Bouwman: Kerkrecht, I, p. 595.
[14] Van die diensdoende ouderlinge is 0.4 persent ongetroud.
[15] Koelman: a.w. p. 357.

magtig is nie, is dit ook nie wenslik om diegene te kies wat hulle eie huisgesinne nouliks sonder aalmoese in stand kan hou of verbonde is aan 'n lastige beroep „en eenen zeer geringen staat hebben, al mogten sy anders van de vroomsten gerekend worden, en het beste geschikt, om in liefde en barmhartigheid uitdeeling te doen".

As redes gee hy aan dat die besoek van die armes en die administrasiewerk veel tyd vereis; soms moet die diaken ook uit eie sak voorskiet terwyl 'n arm diaken makliker onder verdenking van kwaadwilliges kan kom. Bouwman [16] onderskryf die standpunt. Onvoorwaardelik kan hiermee nie saamgestem word nie. 'n Beroep wat geen tyd oorlaat vir behoorlike ampsbeoefening nie — handelsreisigers, amptenare op hooflyntreine, ens. ens. — is sekerlik 'n gewigtige praktiese beswaar. Versigtiger moet geoordeel word wanneer rykdom of armoede die faktor is. Daar is geen beswaar daarteen om 'n ryke as diaken te kies nie mits sy bekwaamhede en nie sy rykdom die deurslaggewende oorweging is nie. Maar dit geld immers ook die arme.

Daar mag wel gewigtige praktiese besware wees by die verkiesing van 'n verarmde tot diaken, maar prinsipieel en onoorkoomlik sal dit seker nie wees nie. Waar moet die grens getrek word tussen welvaart en armoede, tussen arme en arme? Versigtigheid sal betrag moet word by die verkiesing van 'n uiters verarmde en kronies armlastige. So iemand sal seker nie in die geleentheid wees om die amp na behore te beklee nie. Maar om net 'n „zeer geringen staat" as struikelblok te aanvaar, bring 'n plutokratiese standsverdeling in die kerk van Christus wat nie daar hoort nie. Die innerlike gesteldheid moet swaarder weeg as die uitwendige omstandighede. Alhoewel ons geen gegewens besit oor die ekonomiese en sosiale status van die diakens van die Gereformeerde Kerk nie, gee die beroepe waaraan hulle verbonde is tog enigsins 'n vae beeld daarvan. Die diakens verteenwoordig haas alle bekende beroepe: klerk en sakeman, gevangenis- en polisiebeampte, ingenieur en spoorwegwerker, rangeerder en hoofonderwyser, skilder, drankwinkelbestuurder en prokureur, verkoopagent en handelsreisiger, seinwagter en landmeter, vragmotorbestuurder, sweiser en messelaar, boumeester, lettersetter en lektor, blokman, hysmasjinis en rekenmeester, bosbouer, grofsmid en boer, ens., ens. Geskoolde en ongeskoolde werkkringe, hoog- en laagbesoldigde bedrywe, een en almal is hierin verteenwoordig.

(d). *Gesinsvereistes:*

In 1 Tim. 3 : 12 brei Paulus die vereistes om die amp van barmhartigheid te mag beklee ook uit tot die gesin van die gekosene.

„Die diakens moet manne van een vrou wees". Hoewel sommige die *man van een vrou* wou vertolk as 'n afkeuring van 'n tweede huwelik nadat een van die egteliede dood is, moet die uitdrukking slegs verstaan word as 'n afkeer van veelwywery en kan daarby ook ingesluit word 'n verwysing na eise van die sedelikheidslewe soos geïmpliseer deur die sewende gebod en weergegee deur Sondag 41 van die Heidelbergse Kate-

[16] Bouwman: Kerkrecht, I, p. 575.

gismus. Die Griekse Kerk het hiervan ook nog afgelei dat geen ongehudes tot diaken gekies mag word nie, maar die opvatting is deur die Gereformeerdes verwerp.[17] Van 603 van die diensdoende diakens van die Gereformeerde Kerk in 1949 was 9.5% ongetroud. Hierdie persentasie sal nog ietwat hoër wees by indiensttredende diakens, want verskeie het gemeld dat hulle ongetroud was toe hulle verkies en bevestig is. Dit is min of meer in ooreenstemming met die ouderdomsverspreiding van diakens.

'n Verdere gesinsvereiste is die goeie regering van die eie huis. By die ouderlinge word dit gemotiveer met die vraag hoe hulle anders vir die gemeente van God kan sorg.[18] Of die goeie versorging ook betrekking het op die materiële aspekte word nêrens duidelik gestel nie. Tog is dit sekerlik gerade om ook hierdie breedste interpretasie te volg. Die geestelike en materiële regering van die huis is 'n eenheidsbegrip wat alleen valslik geskei word òf deur hulle wat alleen stoflik — dikwels in oorvloed — voorsien èn kind èn vrou geestelik, opvoedkundig, sosiaal en andersins verwaarloos, òf deur hulle wat goed wil *regeer* deur vrou en kind dwangmatig onderdanig en gehoorsaam te wil hou sonder die nodige te doen vir hulle stoflike versorging. Koelman [19] se advies omtrent die ekonomiese omstandighede van die te kiese diaken het blykbaar ook betrekking op hierdie vereiste.

Op watter vroue 1 Tim. 3 : 11 betrekking het is nie baie duidelik nie — die vroue van die diakens of die wat een of ander gemeentediens verrig het. Bouwman [20] meen om uit die teksverband af te lei dat dit eerder betrekking het op laasgenoemde maar Biesterveld [21] is minder seker hiervan. Albei gee saam met Calvyn toe, dat die vereistes ewewel ook aan die vrou van die diaken gestel mag word. Dit is nie onverskillig hoe die ampsdraer se vrou, al beklee sy geen amp nie, haar gedra nie. Sy kan deur haar voorbeeldige gedrag, deur haar liefde vir sy ampswerk en deur haar ondersteuning veel bydra tot die goeie vervulling van sy taak. In sekere sin staan dit dan ook in verband met die eis dat die diaken sy huis goed moet regeer. Op verskeie Nederlandse sinodes [22] is in meer besonderhede hierop ingegaan en die algemene bevinding skyn te wees dat dit verkieslik is dat die vroue van diakens aan genoemde vereistes moet voldoen — en so ook hulle kinders — maar dat hulle nie uit hulle amp gesit hoef te word as dit nie die geval is nie en die gebrek „buyten hare schult" ontstaan.[23]

(e). *Kiesing en bevestiging:*

Die derde groep vereistes om die diakonale amp te beklee, is geleë in die kerklike karakter daarvan, naamlik dat die diaken wettig tot die diens

---

17 Biesterveld in a.w. p. 244.
18 1 Tim. 3 : 5.
19 Koelman: a.w. p. 357.
20 Bouwman: Kerkrecht, I, p. 577.
21 Biesterveld in a.w. p. 245 e.v.
22 Middelburg 1511; Dordrecht 1578; Amsterdam 1601.
23 Biesterveld in a.w. p. 246 e.v.

geroep en bevestig word.[24] Op voetspoor van Voetius antwoord Koelman reeds dat die diakens, netsoos die ouderlinge, deur die kerkraad en gemeente volgens kerkorde en Gods Woord gekies moet word.[25] Daar is drie grondbeginsels vir verkiesing van die diakens soos trouens vir enige kerklike ampsdraer: (a) die reg van die gemeente, (b) die selfstandige taak van die ampte en (c) die leiding van die kerkraad.[26] Artikels 22 en 24 van die Dordtse Kerkorde bepaal die praktiese wyse waarop ouderlinge en diakens in die Nederlandse Gereformeerde Kerke gekies moet word. Die gemeente kan nomineer, die kerkraad en diakens kies sonder om gebonde te wees aan die groslys van die gemeente en lê dan ter approbasie aan die gemeente voor. As ander praktiese weg stel Biesterveld[27] die stel van 'n dubbeltal. Bouwman [28] onderskei tussen *dubbeltal* en *dubbelgetal*. 'n *Dubbeltal* beteken dat A teenoor B, C teenoor D gestel word. Hy meen dat dit nie volgens die bedoeling van die kerkorde is nie omdat dit die gemeente te veel bind; derhalwe gee hy voorkeur aan 'n dubbelgetal, dit wil sê uit A, B, C en D mag enige twee gekies word.

Na die approbasie van die gemeente moet oorgegaan word tot bevestiging in die amp. Koelman [29] oordeel nog dat die bevestiging met handoplegging moet geskied netsoos in die geval van die herder. Biesterveld [30] is daarteen omdat dit geen sakramentele handeling is nie maar slegs 'n indiensstelling. Bouwman [31] wys met instemming daarop dat Voetius die handoplegging by ouderlinge en diakens onnodig ag en hy sien dit eerder prakties as prinsipieel. Die handoplegging by die eerste bevestiging van die leeraar wys op sy besondere omstandighede: dat sy hele lewe aan die amptelike diens gewy is wat nie die geval is met ouderlinge en diakens nie. Handoplegging sou nie verkeerd of sondig wees by die bevestiging van ouderlinge en diakens nie, maar om misverstand en misbruik te voorkom is die weglating daarvan verkiesliker.

Die verkiesingsprosedure van ampsdraers in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika word bepaal deur artikels 22 en 24 van die Kerkorde. Die ampsdraers moet „deur die oordeel van die Kerkraad en die Diakens verkies word volgens die reëling wat daar plaaslik in gebruik of deur die Kerkraad vasgestel is". Die gemeente kan toegelaat word om nominasies voor te lê, of die benodigde ampsdraers kan deur die kerkraad en diakens ter approbasie aan die gemeente voorgedra word of 'n dubbel getal kan aan die gemeente voorgehou word.

Die oorwegende praktyk is die stel van dubbeltalle. Blykbaar het die besondere lewensomstandighede en veral die verspreidwoning van lidmate hiermee te doen gehad. Aan elke ouderling en diaken is 'n bepaalde

---

24 Biesterveld in a.w. p. 248.
25 Koelman: a.w. p. 349.
26 Bavinck, dr H: Gereformeerde Dogmatiek, Kok - Kampen, 1911, dl. IV, p. 373; Bouwman: Kerkrecht, I, pp. 373, 376, 381; Bouwman: Ambt, p. 59; Calvijn: Institutie, IV, 3, 15.
27 Biesterveld in a.w. p. 248.
28 Bouwman: Kerkrecht, I, p. 523; ook Bouwman: Ambt, p. 64 e.v.
29 Koelman: a.w. p. 350.
30 Biesterveld in a.w. p. 249.
31 Bouwman: Kerkrecht, I, p. 542.

wyk toegeken, gewoonlik binne bereik van die betrokke ampsdraers. Gevolglik moes daar uit praktiese oorwegings gekies word met die oog op 'n ampdraer vir die besondere wyk en nie alleen met die oog op die voltalligheid van die kerkraad en diakonie nie. Dit het immers geen sin gehad om iemand as diaken vir die gemeente Potchefstroom te kies wat naby Lichtenburg woon met die doel dat hy vir die wyk Vaalrivier of Losberg verantwoordelikheid moet aanvaar nie. Die stelsel het gewerk en het vasgegroei. Selfs waar die toestande vandag enigsins verander het — veral in die stedelike gemeentes — bestaan daar seker geen behoefte om oor te slaan na 'n stelsel van dubbelgetalle nie. In die plattelandse meentes sal dit nie prakties wees nie en in die stedelike gemeentes alleen tot 'n beperkte mate. Die diensdoende ampsdraers is in die plattelandse en stedelike gemeentes meesal uit hoofde van hulle kennis van die wykslidmate beter in staat om leiding te gee met betrekking tot moontlike ampsdraers met die oog op bereikbaarheid van die wyke, as die gemeente self. Vir die verrigting van die ampswerk naas die daaglikse beroep is dit uiters belangrik om die ampsdraer se taak so lig moontlik te maak deur die uitskakeling van lang afstande. Weliswaar gebeur dit dat iemand uit wyk A gekies word om in wyk B te dien, omdat in wyk B nie geskikte kandidate is nie, want per slot van sake is die ampsdraer nie 'n wyksverteenwoordiger nie maar 'n gemeenteverteenwoordiger maar met besondere verantwoordelikheid in 'n besondere wyk.

Oor die algemeen dra die kerkraad en diakens 'n twee- en in enkele gevalle ook 'n drietal aan die gemeente voor. Soms kom dit ook voor dat die naam van slegs één persoon ter goedkeuring aan die gemeente voorgelê word omdat geen ander geskikte in die omgewing te vinde is nie. Laasgenoemde prosedure sal wel die uitsondering wees. Dit is moeilik om te bepaal in hoeveel gevalle die gemeente nominasies aan die kerkraad voorlê, maar selfs waar die reg uitdruklik gegee word, is dit te betwyfel of daar veel gebruik van gemaak word. Uit die name deur die kerkraad voorgelê, kies die gemeente dan by geleentheid van 'n vergadering van kerkraad en gemeente per stembriefie. Daarna word die name van die gekosenes minstens drie Sondae aan die gemeente voorgelees ter approbasie. Kom daar geen besware in nie of vind die kerkraad die besware ongegrond, word die gekose diaken volgens die formulier sonder handoplegging in sy amp bevestig gedurende die erediens.

Die vereistes wat aan die gelowige gestel word om die diakensamp te beklee is hoog. Die hoë eise hang saam met die betekenis van die amp.[32] Hy moet in leer en lewe, gawes en liefde geskik wees vir sy ampswerk. Hy moet barmhartig wees sonder weekhartigheid, moet die nooddruftiges ken, insig hê in hulle geestelike en stoflike behoeftes met 'n gesonde beskouing oor die prakties sosiale lewe.

Daarom kon Bavinck dan ook tot die slotsom kom dat die godsdienstige en sedelike eise vir ouderling en diaken vrywel gelyk is.[33]


---

[32] Bouwman: Kerkrecht, I, p. 574 e.v.; vgl. ook Sietsma, dr. K: De Ambtsgedachte, bewerkt en ingeleid door dr G. Brillenburg Wurth, Amsterdam.


[33] Bavinck: a.w. IV, p. 376.

*Getalle-distribusie van diakens per gemeente.*

GRAFIEK 3.




[redacted]



2. *Plaaslike Diakonale Organisasie.*

„De kerk heeft behoefte aan leiding en verzorging".[34] Naas die bediening van Woord en sakramente is ook die organe nodig waardeur die handhawing van orde en tug moontlik gemaak word. In die eerste deel van sy werk [35] haal Bouwman reeds Calvyn se uitspraak aan dat die kerkregering deur die Skrif bepaal is, dat Christus sy gemeente ook sonder mensediens kon regeer maar dit Hom behaag het om vir die regering ampte en bedieninge in te stel sodat in die gemeente geleef kon word na die reël van Gods Woord. Christus het self 'n organisasie aan die kerk gegee toe Hy 'n kring dissipels om hom vergader en aan hulle opdragte en take toegewys het. Die voorbeeld is gevolg deur die apostels; trouens die kerk was nooit sonder regering en mag nie.[36] Een van die ampte — trouens die een waarvan die instelling op besondere wyse weergegee is in die Skrif — is die barmhartigheidsamp.

Hoeveel diakens moet daar wees in elke gemeente? In die eerste gemeente is sewe diakens aangewys.[37] Waarskynlik is juis sewe gekies omdat die gemeente in sewe verskillende huise byeengekom en elkeen een diaken nodig gehad het.[38] Die oorsaak is blykbaar dus eerder prakties as prinsipieel.

Dit is dan ook die algemeen gereformeerde opvatting: die aantal diakens word bepaal deur die behoefte van die gemeente.[39] Die bepalende faktore sluit in die grootte van die gemeente sowel in sieletal as in geografiese sin, die getal sorgbehoewendes en die tyd wat die diakens beskikbaar het vir die beoefening van hulle amp.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het hom nog nooit, hetsy in leer of praktyk, gebind aan sewe of enige ander vasgestelde getal diakens nie. Die lyste diakens soos aangegee in die kerkalmanak is hieroor baie duidelik. Byna sonder uitsondering is daar 'n diaken vir elke ouderling, sodat eerder gesê sou kan word dat die aantal ouderlinge as die getal sewe die diakental bepaal. Die getal diakens in elke gemeente wissel van 0 tot 38.[40] 'n Beeld van die numeriese verspreiding word gegee in grafieke 3 en 4. Grafiek 3 toon die werklike verspreiding vir elke getal terwyl 4 'n beeld gee van die distribusie in eenhede van vyf. Uit die eerste grafiek is dit duidelik dat vier diakens as enkele getal die meeste aangetref word met 3 en 8 in die tweede plek. Hierdie indruk word effens gekorriseer deur grafiek no. 4. Laasgenoemde toon dat die aantal gemeentes met tussen 5 en 9 diakens die grootste is, en die met 4 en minder die tweede. Na die groep 5—9 gee dit 'n skerp, reëlmatige daling tot die getallegroep 30—34. Dit is in elk geval duidelik genoeg dat die getal sewe op sigself geen besondere plek hier inneem nie behalwe dat dit in die

---

[34] Bouwman: Kerkrecht, II, p. 1.
[35] Bouwman: Kerkrecht, I, pp. 324, 329.
[36] Bavinck: a.w. IV, pp. 368 en 451.
[37] Hand. 6 : 3.
[38] Bavinck: a.w. IV, p. 376.
[39] Koelman: a.w. pp. 342 en 349 met aanhalings uit Guthry: First Book of Discipline, hoofst. 8 en Owen: The True Nature of a Gospel Church, hoofst. 9, p. 179.
[40] Almanak van die Geref. Gemeentes in Suid-Afrika vir die jaar 1950.

mees verteenwoordigende groep ingesluit is. As enkele getal kom dit slegs in 6 gemeentes voor.

### 3. *Die Kerkregtelike Status van die Diakonie en sy verhouding tot die Kerkraad.*

#### (a) *Die Ampte.*

Wanneer die deursnee lidmaat van die Gereformeerde Kerk van *die kerkraad* praat, sluit hy gewoonlik ouderlinge sowel as diakens daarby in. Daarby het twee onderskeidende terme in omloop gekom: *kerkraad* en *breë kerkraad.* Nogtans word eersgenoemde so algemeen in die omgangstaal gebruik dat dit nie altyd duidelik is wanneer daarmee kerkraad in die enger sin of die breë kerkraad bedoel word nie. Met inagneming van die aard van die verskeie ampte en die strekking van die gereformeerde kerkreg moet die posisie van diakonie en kerkraad prakties en prinsipieel bepaal word.

Die gereformeerde Kerkreg onderskei drieërlei mag in die kerk van Christus.[41] Die feit dat Bavinck met betrekking tot die diakonaat liewer van 'n *ministerium* as van 'n *potestas* praat, dui op 'n betekenisvolle verskil van die drie magte wat meer raak as bloot die werkterrein van die amp maar ook moet slaan op die aard en die status daarvan.

Die *potestas docendi* of leeramp, het sy oorsprong in die profetiese amp waartoe Christus gesalf is en wat in die kerk veral verteenwoordig word deur die bediening van die Woord. Daarby is Christus ook die koning wat nog steeds vanuit die hemel Sy gemeente regeer maar vir die regering ook mense gebruik. Dit is die *potestas gubernationes* (insluitende die potestas disciplinae = tugmag).[42]

Naas hierdie ampte van leraar (profeet) en presbyter (regeerder) is Christus ook hoëpriester. Sy hemelvaart het die werking van die amp nie beëindig nie. As priester bewys Hy aan die gelowiges die rykdom van Sy barmhartigheid. Die spysiging van die menigtes, die genesing van siekes, opwekking van gestorwenes tydens Christus se omwandeling op aarde was geen bykomstige of toevallige werksaamheid nie maar 'n integrale hoofbestanddeel van Sy taak.[43] Trouens, ook die dissipels en apostels moes nie net preek nie maar moes daarbenewens ook die onreine geeste uitwerp en die siekes genees.[44]

Elkeen van hierdie ampte is volledig met sy eie plek in die kerk. Hoër en laer ampte ken die gereformeerde belydenis nie.[45] Waarskynlik met die oog op die vaak voorkomende misverstand betreffende die onderskeiding van die ampte herhaal Bouwman met verwysing na artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat leraar, ouderling en diaken gelyk is in

---

[41] Bavinck: a.w. IV, p. 456; Bouwman: Kerkrecht, I, p. 356; D.K.O. Art. 2; Ned. Geloofsbel. art. XXX.
[42] Bavinck: a.w. IV, pp. 456, 457, 460 en 462.
[43] Bavinck: a.w. IV, p. 468.
[44] Matth. 10; Hand. 3 e.a.p.
[45] Bouwman: Kerkrecht, I, p. 357; ook Sietsma: De Ambtsgedachte, p. 85 e.v.

status. Dit is nie so dat die diakensamp die laagste, die ouderlingskap hoër en die leraarsamp die hoogste is nie. In die kanttekening by 1 Tim. 3 : 13 is dit wel so gestel al was die bedoeling blykbaar nie in hierargiese sin nie maar wel duidende op die feit dat die ouderling- en herderskap meer in aansien is. 'n Beroep op die teks vir 'n hierargiese inkleding is dus verkeerd.[46]

Die eerste gedagte wat goed begryp moet word, is dat elke amp selfstandig,[47] vry is. Geen amp staan onder heerskappy van 'n ander nie en mag hom nie laat voorskryf nie want sy voorskrifte is vervat in Gods Woord.[48] Elke amp is soewerein in sy eie kring, elk met 'n afsonderlike aard- en wesensverskillende taak en terrein.[49]

Die ampte is dus soortverskillend maar formeel gelyk in status. In skynbare botsing met die wesensgelykheid van die ampte is die verdere onderskeid wat Bouwman[50] maak met die bewering dat die Skrif alle ampte gelyk in wese noem al is die omvang en betekenis van die werk nie gelyk nie. Die diens van die Woord is betekenisvoller as die regeertaak en lg. weer belangriker as die barmhartigheidsdiens. Dit is moontlik dat in een bepaalde gemeente geen armes is nie, maar 'n kerk sonder regering en veral sonder Woordbediening is ondenkbaar.

Die struikeling ten opsigte van die ampte is gewoonlik oor hierdie onderskeiding.

Hoewel onderskeie en verskillend is die ampte tog ook van 'n organiese aard. Hoewel selfstandig en soewerein kan hulle nie los van mekaar gedink word nie. Dit is ampte van en in die Kerk.[51] Trouens, ons moet altyd in gedagte hou dat in Christus aldrie ampte verenig is[52] en dat ook elke gelowige sowel profeet as koning en priester is.

Ten slotte moet ook nog opgemerk word dat die ampte — al is hulle met die gesag van Christus beklee — geen heerskappyvoerende nie maar bedienende mag vorm. Hulle is daar terwille van die gemeente en nie omgekeerd nie.[53] Daarom dan ook, hoewel die *diakonia* later hoofsaaklik vir die barmhartigheidsamp gebruik is, alle ampte aanvanklik daardeur aangedui is.[54]

Met die oog op die verdere behandeling van die plaaslike sowel as meerdere organisasie van die diakonale amp, is dit nodig om die aandag ook nog eers te vestig op die kerkregtelike posisie van die plaaslike kerkraad en gemeente teenoor ander gemeentes van dieselfde kerkverband.

---

46 Bouwman: Kerkrecht, I, p. 358.

47 Vgl. Sillevis Smitt, P. A. E.: De Organisatie van de Christelijke Kerk in den Apostolischen Tijd, Rotterdam, 1910, p. 154.

48 Vgl. Sillevis Smitt: a.w. p. 120.

49 Sillevis Smitt: a.w. p. 120, „Voorts volgt uit die regeering door den dienst van menschen, dat het ambt vanzelf meebrengt onderscheidingen en deelingen in de functiën, die in het organisme van Christus' Kerk voorkomen".

50 Bouwman: Kerkrecht, I, p. 359.

51 Bavinck: a.w. IV p. 413; Bouwman: Kerkrecht, I, pp. 359, 576. Vgl. ook die mooi praktiese beklemtoning hiervan deur Sietsma: a.w. p. 87.

52 Heidelbergse Kategismus, Sondag XII.

53 Bavinck: a.w. IV, p. 413 e.v. Ook Sietsma: a.w. p. 88 e.v.

54 Bavinck. a.w. IV, p. 375.

Wat van die ampte gesê is, geld in hoofsaak ook hier. Die gereformeerde kerkopvatting is dat elke plaaslike kerk, hoe klein en gering, selfstandig is, 'n *ecclesia completa.*[55]

Maar soos die ampte nietteenstaande hulle afsonderlike selfstandigheid nie geïsoleerd gedink kan word nie, is die gemeentes vry en tog saamgebind in die kerkverband. Hulle is één in Christus. Daarby is dit ook in hulle belang om 'n onderlinge verband te onderhou terwille van die suiwerheid van die leer en belydenis.[56] Die onderlinge verband kom organisatories tot uiting in die meerdere vergaderings hetsy in klassis, algemene vergadering, partikuliere of algemene sinode.

Hierdie meerdere vergaderings moet nie verstaan word as hierargies hoëre vergaderinge en bestuursmagte nie, maar as samekomste van meerdere of verskeie kerke. Dit het slegs afgeleide gesag wat ontleen is aan die lasbriewe en opdragte van die plaaslike gemeentes sodat daar vier verskille tussen die mag van 'n kerkraad en 'n meerdere vergadering bestaan nl. in oorsprong, wese, duur en doel.[57]

(b) *Verhouding tot die Kerkraad.*

Teen hierdie agtergrond kan die status van die diakonie en sy verhouding tot die kerkraad bespreek word. Koelman [58] haal met instemming dr. Owen [59] aan met betrekking tot die gesag van die diakonale amp. Dit is 'n amp van diens sonder enige gesag of mag in die kerk*regering.* Maar omdat dit 'n amp is het dit gesag sover dit sy eie werk en taak betref „onder een algemeen concept van gezag, dat is een recht" om dié sake te verrig wat tot sy taak behoort. Saam met Owen wys hy dan die volgende pligte van die diakens teenoor die ouderlinge as regeerders aan:

(1) om van tyd tot tyd verslag te doen oor die toestand in die gemeente met betrekking tot die armes;

(2) hulle advies te soek in verband met gewigtige sake en

(3) hulle by te staan in alle uitwendige aangeleenthede van die kerk.[60]

Op die vraag of die diakens sitting op die kerkraad mag neem om saam met ouderlinge en leraar oor alle sake te beslis, antwoord hy ontkennend omdat dit volgens Goddelike ordinansie hulle nie toekom nie.[61] Hy verskil selfs van Voetius [62] waar laasgenoemde beweer dat dit wenslik is dat diakens met die ouderlinge vergader vir die beroeping van 'n leraar. Waar Voetius se toegewing op praktiese gronde berus, wys Koelman dit prinsipieel af.

Oor wie die bestuursliggaam van die kerk uitmaak is die belydenisskrifte dit skynbaar nie eens nie. Volgens artikel 30 van die Nederlandse

---

[55] Bavinck: a.w. IV, p. 408; Bouwman: Kerkrecht, II, p. 7.

[56] Bouwman: Kerkrecht, II, p. 1; vgl. ook die uiteensetting van prof. J. A. du Plessis: Die Geref. Kerk en Kerkregering, hoofstukke IX—XIII.

[57] Bouwman: Kerkrecht, II, pp. 17 e.v. 22.

[58] Koelman: a.w. p. 344 e.v.

[59] „The True Nature of a Gospel Church".

[60] Koelman: a.w. p. 349.

[61] Koelman: a.w. pp. 184 e.v., 355.

[62] Voetius, G.: Politica Ecclesiastica, 2, p. 506.

Geloofsbelydenis word bepaal dat daar opsieners en diakens moet wees om saam met die herders as raad van die kerk te wees. Hiervolgens vorm die diakens deel van die kerkraad waardeur „die ware Kerk geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse.[63] Die Dortse Kerkorde [64] spreek egter van *kerkraad en diakens* wat dus inhou dat die diakens nie tot die kerkraad behoort nie. In art. 37 word die kerkraad omskryf as bestaande uit „die Dienaars van die Woord en die Ouderlinge". Is die *Raad van die Kerk* [65] iets anders as die *Kerkraad?* [66] Kuyper impliseer 'n verskil as hy dit afwys dat die diakens deel moet hê in die kerkregering maar dit verkieslik ag dat hulle sitting sal hê „in den plenairen raad waar heel het ambt saam komt en de gemeente vertegenwoordigt".[67]

Die *bestuur* van die kerk word in wyere sin uitgeoefen deur die („plenairen") raad, saamgestel uit predikant(e), ouderlinge en diakens en in engere sin, waarby die hantering van die tweede sleutel ingesluit is, uit die predikant(e) en ouderlinge alleen.[68] Daar is dus 'n kerkraad in breër sin vir algemene, uitwendige bestuursake en 'n raad in enger sin vir die geestelike bestuur van die kerk — om toesig te hou oor leraars en diakens en om rapporte oor die gemeente sowel as tuggevalle te behandel. Sekere sake wys Kuyper uit beginsel toe aan die breë kerkraad: sake waarin nòg uitsluitlik van die hantering van die sleutels, nòg uitsluitlik van die bediening van die tafels sprake is maar wat die algemene belange van die kerk raak soos die beroeping van predikante, aanwysing van ouderlinge en diakens, representasie van die kerk by die owerheid, kerklike finansies en besittinge.

Bouwman [69] erken nie 'n breër en enger kerkraad nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis dui wel in die algemeen aan watter persone die kerkraad vorm sonder om formeel vas te lê wat hulle afsonderlike werksaamhede is. Dit word deur die kerkorde gedoen. Hy gee egter toe dat die diakens saam met die kerkraad mag vergader vir sake wat deur die kerkorde of plaaslike usansie of reëling daarvoor aangewys is. Hierdie kerkraad met die diakens noem hy ook „consistorie".

Terminologies is dit miskien veiliger omdat dit minder aanleiding gee om aan hierdie samekoms dieselfde kerkregtelike karakter te gee as aan die wesentlike kerkraad.[70]

In een besondere geval word die diakens tog met volle status tot die kerkraadsvergadering in engere sin toegelaat. Die Kerkorde [71] bepaal dat

---

63 Ned. Geloofsbel. art. 30.
64 Artt. 4, 5 en 22.
65 Ned. Geloofsbel. art. 30.
66 D.K.O. art. 37.
67 Kuyper, dr A.: Tractaat van de Reformatie der Kerken. Amsterdam, 1884. p. 66.
68 Kuyper: a.w. p. 71.
69 Bouwman: Kerkrecht II, p. 114.
70 'n Aansienlike deel van die heersende verwarring behoort uitgeskakel te word indien die term *kerkregering* gekoppel word aan die amp van ouderlinge en daaronder dan verstaan word die *geestelike regering* van die kerk. Hiervan is die diakens uitgesluit. Die funksie van die sog. *breë kerkeraad* is dan 'n bestuurstaak: hieraan het die diakens prinsipieel sowel as prakties deel.
71 D.K.O., art. 38.

waar die getal ouderlinge klein is, *kan* die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word, terwyl dit altyd gedoen *moet* word waar die getal minder as drie is. Dit is 'n gebruik in die gereformeerde kerke sedert die sinode van 1574 as 'n praktiese bepaling om oorheersing van die gemeente deur enkele persone te voorkom. Maar in die geval tree die diakens nie op as *diakens* nie, dog as hulpouderlinge, terwyl die ouderlinge optree as hulpdiakens.[72]

Uit hoofde van die voorgaande was dit nog altyd die standpunt dat die diakonie nie verteenwoordiging op meerdere kerkvergaderings het nie. Alle meerdere vergaderings is metterdaad samekomste van genabuurde gemeentes van dieselfde kerkverband waarheen hulle verteenwoordigers met 'n welomskrewe mandaat stuur. Hoewel dit nie altyd streng toegepas is nie, bepaal die Kerkorde [73] tog dat die deputate na die meerdere vergaderings moet bestaan uit 'n leraar en 'n ouderling. 'n Diaken kan slegs gestuur word as geen ouderling beskikbaar is nie, en dan in sy kapasiteit as hulpouderling.[74]

Die diakonie is dus geen bestuurskollege naas die kerkraad nie maar staan onder sy toesig. Dit kan derhalwe ook nie die kerk na buite verteenwoordig as 'n orgaan van die gemeente nie. Wanneer dit om praktiese redes vir die diakonie nodig is om regspersoonlikheid te besit ter beoefening van voogdyskap oor minderjarige kinders, ontvang van legate ens. moet in sy statute die verhouding tot die kerkraad duidelik bepaal word. Afgevaardigdes van diakonieë kan wel saamkom in konferensie om oor sake van diakonale aard te spreek, maar besluite wat die kerk of diakonie bind, kan nie geneem word nie.[75]

Verder oordeel Bouwman dat die diakonieë geen band mag vorm om mekaar in gevalle van finansiële moeilikhede by te staan nie. Dit is die kerke, nie die diakonieë nie, wat mekaar help. As 'n plaaslike diakonie moeilikheid ondervind om sy behoeftiges te versorg moet die kerk— nie die diakonie nie — hom tot ander kerke wend om hulp.

### (c) *Plaaslike Diakonale Organisasie.*

Die liefdegawes moet uitgedeel word met „gemeen advies".[76] Die diakens moet dus gemeenskaplik handel. Ook in die gevalle waar dringende nood individuele beslissing en optrede verg moet die toestemming van

---

[72] Bouwman: Kerkrecht, II, p. 114 e.v. Streng genome kan dus nie beweer word dat die *diakens* in *gelyke status* met die ouderlinge optree nie. In werklikheid word hulle ontdaan van die diakonale amp en beklee net die ouderlings-amp, sodat hulle geen *diakens* is nie maar hulpouderlinge. Anders sou die toestand die ampsgedagte skaad.

[73] D.K.O., art. 41.

[74] Bouwman: Kerkrecht, II, pp. 132, 135; Bavinck: a.w. IV, p. 475. Daarby oordeel Bouwman (p. 135) dat die kerkraad ook op die klassis verteenwoordig kan word deur 'n gemeentelid wat nie ampsdraer is nie, hoewel alleen in besondere gevalle.

[75] Bouwman: a.w. II, p. 598 e.v. Tog bepleit Kuyper die samekoms in „Classicale Diakonie" as onmisbaar vir die inrigtings vir wesesorg en ander barmhartigheidsdienste, „Tractaat van de Rerformatie der Kerken, 1884, p. 67.

[76] D.K.O., art. 25.

die vergadering tog nog agterna verkry word.[77] Daar moet dus 'n plaaslike diakonale organisasie wees. Die diakens vorm op hulle beurt, netsoos die ouderlinge vir die regeerwerk, 'n afsonderlike kollege vir die bediening van die tafels.[78] Die kerkorde [79] bepaal selfs dat die diakens waar nodig weekliks moet saamkom vir afhandeling van hulle ampswerk. Biesterveld [80] waarsku ernstig teen die gewoonte om diakonale sake maar terloops af te handel soos Sondag na die diens of by toevallige ontmoeting. Die werksaamhede moet verrig word op ordelike wyse, deur reëlmatige besluit en op 'n wettig gekonstitueerde vergadering. Daarvoor word 'n huishoudelike reglement noodsaaklik geag met aanwysing van komitees, prosedure vir die tel van die geld, keuse van praeses en skriba. Dat die diakonie afsonderlik van die ouderlinge vergader is die verkieslikste.

Hy ag dit nie noodwendig dat die leraar praeses van die diakonie moet wees nie, maar dat die praesidium by toerbeurt waargeneem moet word. Hoewel die kerkorde [81] bepaal dat die leraar goeie toesig moet hou oor die diakonale werksaamhede en as dit nodig is die vergaderings moet bywoon, stel dit nie die eis dat hy moet presideer soos by die presbyteriale vergaderings nie.[82]

### 4. *Die Praktyk in die Gereformeerde Kerk.*

#### (a) *Afsonderlike Diakonale Vergaderings.*

Alhoewel dit gebruik was om vanaf die stigting van die eerste gemeente van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika diakens sowel as ouderlinge te kies en te bevestig, het dit lank geduur aleer die diakens as diakonie, dit wil sê as afsonderlike kollege vir die barmhartigheidsdiens, vergader het. In die praktyk was daar nie altyd heldere differensiëring van die ampte en klare omlyning van hulle status, werkterrein, organisasie en verpligtinge nie. Oor die toestande gee die sesde algemene sinode (Reddersburg 1876) sewentien jaar na die stigting van die kerk 'n duidelike beeld. As die diakens van Reddersburg vra om hulp ter bestryding van die koste verbonde aan die sinode, word 'n antwoord gegee wat saam met die motivering besonder betekenisvol is:

> „Daar het blijkt dat de diakenen geen afzonderlijk collegie te dezer plaatse uitmaken, gelijk ook in de andere gemeenten, maar met de ouderlingen te samen een collegie uitmaken, wordt algemeen besloten op voorstel van ds. D. Postma, gesecondeerd door den ouderling J. P. Venter, dat de Synode niet in de behandeling van dit verzoek kan treden, omdat het niet komt van den geheelen kerkeraad, door wien de Synode wordt ontvangen".[83]

Dit blyk dus dat daar in die praktyk geen afsonderlike diakonale vergaderings gehou is nie maar dat die diakens alleen in breë vergadering

---

77 Bouwman: Ambt, p. 116; Bouwman: Kerkrecht I, p. 595.
78 Kuyper: a.w. p. 71; Chr. Enc. I, p. 586 en dl III, p. 349.
79 D.K.O., art. 40.
80 Biesterveld in a.w. p. 251.
81 D.K.O., art. 40.
82 D.K.O., art. 37.
83 Hand.: 6e Alg. Sin., art. 16, p. 11.

met die ouderlinge saamgekom het. In die onderhawige geval was dit nie eens nodig om as hulpouderlinge op te tree nie omdat daar sewe ouderlinge was. Van die 21 toe bestaande gemeentes het 12 vier en meer ouderlinge gehad.[84] Slegs nege gemeentes was dus gehoue om volgens kerkorde die diakens saam met die ouderlinge te laat vergader.

Die voorstel van ds. Postma en die besluit van die sinode is formeel juis en in volle ooreenstemming met die gereformeerde kerkreg, naamlik dat 'n diakonale versoek nie sonder bemiddeling van die kerkraad by 'n meerdere vergadering kan kom nie. Tog weerspieël dit in die lig van die motivering enigsins 'n gebrek aan waardering van die praktiese posisie, naamlik dat die diakonie nie as afsonderlike kollegie vir barmhartigheidsdiens vergader het nie, maar uit hoofde van usansie ter plaatse deel van die breë kerkraad was, belas met die finansies en as lede van die breë kerkraad tot die sinode kom. Eintlik moes die sinode dan ook nog daarop gewys het dat sodanige versoek wesenlik ondiakonaal is, want om 'n sinode te ontvang is geen barmhartigheidswerk nie! Op die agste sinode (Pretoria 1882) word weer gekonstateer dat dit nog die toestand in die kerk is dat de diakens „mede tot de samenstelling van den kerkeraad behooren".[85]

Weliswaar moet daartussen onderskei word of die diakens ampshalwe saamkom in 'n afsondelike kollege ter beoefening van die barmhartigheidsdiens en of hulle afgesien hiervan ook saam in die breë kerkraad vergader. Dit kan en mag wel gebeur dat die diakonie afsonderlik vir sy ampswerk byeenkom en ook saam met die ouderlinge as konsistorie of breë kerkraad. Uit die aangehaalde sinodale stukke sowel as uit die verskillende kerkraadsnotules skyn dit egter asof die breë kerkraad naas die wesenlike kerkraad (bestaande uit leer- en regeerouderlinge) byeengekom het sonder dat daar diakonaal vergader is. Twee verskynsels wys veral in die rigting. Die breë kerkraad is in die Gereformeerde Kerk so bekend as *dié kerkraad* dat die presbyteriale vergadering nie as *kerkraadsvergadering* maar as *ouderlingsvergadering* of as *censura morum-vergadering* bekend staan. Ten tweede blyk dit daaruit dat die notules deurgaans spreek van die *kerkraad* wanneer daar oor barmhartigheidsdiens gehandel word en nie van die *diakonie* nie. Dit moet so verstaan word dat die kerkraad nie net sy goedkeuring geheg het aan diakonale besluite en voorstelle nie, maar dat die ouderlinge en diakens gesamentlik tot die optrede besluit sonder dat die saak eers suiwer diakonaal bespreek en behandel is. In die geval het die breë kerkraad die diakonie vervang.

Wat die besondere geval van Reddersburg so interessant maak is die feit dat daar in 1882 reeds besluit is dat die diakens voortaan om drieuur en die ouderlinge om vyfuur moet vergader.[86]

Aangesien die sinode sonder enige teenspraak konstateer dat die diakens ter plaatse geen afsonderlike kollege uitmaak nie, moet daarvan afgelei word dat die besluit nie konsekwent deurgevoer is nie of dat die diakens bloot as 'n kerkraadskommissie vergader het. Van 'n herroeping van die

---

[84] Almanak vir 1876.
[85] Hand.: 8e Alg. Sin., art. 141.
[86] Kr. not. Reddersburg, 13.12.62, art. 3.

1862-besluit is geen bewys te vind. Dit sou in elk geval nie die enigste geval wees waar die afsonderlike diakonale vergadering verval het nie Lichtenburg herroep sy besluit vir die afsonderlike diakonale vergaderings net nadat dit geneem is.[87] Middelburg, K.P. kon die besluit ook nie volhou nie maar besluit in 1916 dat die diakens voortaan nie meer afsonderlik sal vergader nie. Van belang hier is die praktiese wyse waarop die amalgamasie van die ampsvergaderings teweeggebring word met behoud van prinsipes, want die gesamentlike vergadering sal so gehou word dat slegs die diakens oor diakonale aangeleenthede en alleen ouderlinge oor tugsake mag stem.[88] In Ventersburg het die diakens eers afsonderlik vergader wanneer besondere noodgevalle dit verg,[89] maar in 1934 word die afsonderlike diakensvergadering heeltemal opgehef.[90]

Die behoefte aan aparte diakonale vergaderings het blykbaar veral teen ongeveer 1900 ontstaan. In Johannesburg was die saak nog onder bespreking toe die oorlog die afhandeling daarvan in die wiele gery het.[91] Veral na die oorlog het die besef tot groter helderheid en aksie gekom. Verskeie gemeentes besluit nou in die rigting.[92]

Stemme oor groter aandag aan die barmhartigheidsdiens en die herstel van die diakonale amp as barmhartigheidsdiens word almeer gehoor. Op die Algemene Sinode van 1904 is voorgestel om die kerkrade te adviseer om as eerste stap ter bevordering van die diakonale amp „die diakenen afsonderlik te laten vergaderen", maar dit is vervang deur 'n besluit wat slegs na die Kerkorde en bevestigingsformulier verwys.[93] Ook die Vrystaatse Diakonale Konferensie van 1906 versoek kerkrade om volgens artikels 25 en 40 van die Kerkorde meer diakonaal vergader. Gelykluidend is die mening van die Algemene Vergadering van die O.V.S. se kommissie oor Armes.[94] Ds. J. A. van Rooy bepleit ook op die Kaaplandse Diakonale Konferensie (1910) dat die kerkraad meer presbiteriaal met die ouderlinge en diakonaal met die diakens moet vergader.[95]

Die ou gebruike was vasgewortel en nuwe weë moes oopgetrap word. Omstandighede en behoeftes was nie oral dieselfde en is nie deur almal ewe sterk aangevoel nie. Lichtenburg het sy besluit tot aparte diakonale vergaderings feitlik dadelik herroep.[96] Bethulie het in 1906 [97] so besluit en tog gee die notules die indruk dat die prosedure nie vlot verloop het voor ongeveer 1912 eers nie. Pretoria gee in 1908 aan die diakens verlof om apart te vergader [98] maar toe die logiese resultaat daarvan, naamlik

---

87 Kr. not.: Lichtenburg, 10.7.03, art. 27 en 22.10.03, art. 17.
88 Kr. not.: Middelburg, K. P., 12.5.16, art. 11.
89 Kr. not.: Ventersburg, 15.6.27, art. 10.
90 Kr. not.: Ventersburg, 13.7.34, art. 13 en 1.9.34, art. 5.
91 Kr. not.: Johannesburg, 23.2.99, art. 6; 22.6.99, art. 7; 31.8.99, art. 17.
92 Kr. not.: Potchefstroom, 31.10.03, art. 21; Lichtenburg 10.7.03, art. 26; Lydenburg, 31.3.05, art. 21; Bethulie, 11.8.06, art. 4; Pretoria, 21.8.08, art. XXIII.
93 Hand. 14e Alg. Sin., art. 38, p. 17.
94 Byvoegsel tot Het Kerkblad, 1.9.06.
95 Kerkblad, 1.10.10, p. 7 e.v.
96 Kr. not.: Lichtenburg, 10.7.03, art. 27 en 22.10.03, art. 17.
97 Bethulie, 11.8.06, art. 4.
98 Kr. not. Pretoria, 21.8.08, art. XXIII.

'n suiwere werkverdeling volgens ampte vasgestel moes word, kon 'n oplossing nie gevind word nie.

Die diakens versoek dat die ampswerk geskei en 'n finansiële kommissie desnoods benoem moes word sodat die diakens alleen vir die barmhartigheidswerk verantwoordelik sou wees.[99] Verskeie lede was hierop teë terwyl die praeses van mening was dat by skeiding aan die diakonie 'n welomskrewe lasbrief gegee moes word, waarop die antwoord tereg was dat hulle nie applikasie gemaak het vir 'n lasbrief nie.[100] Die heersende opvattings oor die diakens se posisie kom in hierdie geval baie duidelik aan die lig: die breë konsistorie as gehele kerkraad; die diakens as finansiële komitee van die breë kerkraad en die onwil van die ouderlinge om ander reëlings te tref vir die invordering en beheer van kerklike finansies.

Uit die geval Pretoria volg ook 'n ander saak wat die aandag verdien. Afsonderlike diakonale vergaderings het sedert 1903 al meer in gebruik gekom en tog het die Staande Deputaatskap van die Transvaalse Diakonale Konferensies dit in 1934 nog nodig geag om by die Partikuliere Sinode van Transvaal te pleit vir die selfstandiger optrede van diakens in die aparte vergaderings.[101] Die grondliggende gebrek was nie soseer dat die diakonieë nie afsonderlik vergader het nie, maar dat hierdie byeenkomste eintlik nie *diakonale* vergaderings in die strenge sin van die woord was nie. Die diakens het afsonderlik vergader maar nie uitsluitlik en dikwels nie eers oorwegend vir barmhartigheidsdiens nie.

In Johannesburg se kerkraadsnotule lui dit uitdruklik: „De B.B. diakenen brengen ter kennis van den Kerkeraad dat zij tot de *betere behartiging der geldelijke zaken* besloten hebben op den 14den van elke maand eene diakonale vergadering te houden.[102]

Die huidige posisie is nie veel anders nie. Uit die gegewens wat deur 89 gemeentes verstrek is, blyk dit dat in 47.2 persent van die gemeentes die diakens in 1949 nog nie apart vergader het vir diakonale aangeleenthede nie en die breë kerkraad oor dié sake besluit het. In een uitsonderlike geval het die diakonie nie afsonderlik vergader nie, maar het die diakens tog oor barmhartigheidsaangeleenthede besluit. Verdere besonderhede oor die toestand is uitgewerk in tabelle 3(a) en 3(b).[103] In *alle* gevalle vergader die diakens ook saam in breë kerkraad vir sake van algemene kerklike belang.

(b) *Voorsitter:*

Betreffende die voorsitterskap van die diakonie bepaal die Kerkorde niks. Weliswaar word dit as vereiste gestel [104] dat die bedienaar van die Woord, indien nodig, by die diakonale vergadering teenwoordig moet wees maar nie dat hy moet presideer nie. Op die vergadering van die

---

99 Kr. not.: Pretoria, 9.10.08, art. 9.
100 Met 'n kompromis is die saak eers op die volgende vergadering besleg. Kr. not.: Pretoria, 20.11.08, art. XIII.
101 Not. 9e Part. Sin. Tvl. 1934, art. 26.
102 Kr. not.: Johannesburg, 23.2.99, art. 6. Onderstreping deur skr.
103 p. 72 hierbo.
104 D.K.O., art. 40.

kerkraad en van kerkraad met diakens is die leraar die praeses.[105] Uit die beskikbare gegewens blyk dit ook wel dat die predikante dit in die Gereformeerde gemeentes wenslik en dikwels ook nodig [106] geag het om die diakonale vergaderings by te woon, maar nêrens is enige bewys dat hulle juis op die vergaderings moes presideer nie. In die 52.8 persent gevalle waar diakonaal vergader word in die gemeentes, word die voorsitter uit die vergadering gekies. In enkele gevalle is dit die diaken wat die langste in die amp staan en slegs in een geval presideer die voorsitter van die kerkraad.

(c) *Verhouding tot die Kerkraad:*

Tot sover het dit duidelik geword dat die diaken en diakonie in die Gereformeerde Kerk prakties 'n eienaardige plek beklee het wat nie heeltemal in ooreenstemming is met die kerkreg nie. Om dit te begryp moet verskeie aspekte besien word. So moet onderskei word tussen die siening van gewone lidmate, dikwels ook ouderlinge en diakens en die amptelike standpunt van die kerk soos vasgelê deur sy meerdere vergaderings en in sy kerkorde en belydenisskrifte. Die bepaling van die kerkorde [107] dat wanneer die getal ouderlinge klein is die diakens bygereken kan word tot die kerkraad en dat dit 'n verpligting is wanneer daar minder as drie ouderlinge is, is as algemene praktyk in die Gereformeerde Kerk gevolg, dikwels ook tot 'n ander uiterste. Volgens die Almanak vir 1876 het 9 van die 21 gemeentes 3 of minder ouderlinge gehad; 12 het 4 en minder gehad; daar was 13 met 5 en minder, 17 uit die 21 het minder as 7 ouderlinge gehad. In die 4 gemeentes wat meer as 6 ouderlinge gehad het, was daar ook nie meer as 7 en 8 nie; 3, 4 en 6 ouderlinge per gemeente het die meeste voorgekom. Dit is dan ook nie buitengewoon dat die diakens in hierdie gevalle saam met die ouderlinge 'n kollege gevorm het nie, al was hulle in tenminste 18 uit die 21 gevalle prinsipieel nie daartoe verplig nie.

Tien jaar later is die posisie nie veel anders nie al is die grootste getalle ouderlinge enigsins hoër as die vir 1875, maar die groeperings is nie veel verskillend nie.[108] Toe die diakonie van Johannesburg in 1899 voorgestel het dat afsonderlike diakonale vergaderings gehou moet word, was daar 7 ouderlinge en eweveel diakens.[109] In Pretoria was daar 14 ouderlinge en 15 diakens toe in 1908 tot dieselfde stap besluit is.[110] Op hierdie kerkrade het dus geen behoefte bestaan of verpligting gerus om die diakens langer as hulpouderlinge te laat fungeer nie.

Maar onder die toestande voor 1899 het die opvatting reeds sterk en algemeen posgevat dat die diakens deel uitmaak van die werklike kerkraad. In die notules van gemeente Lydenburg heet dit dat daar om drie uur diakonale en om vier uur *volle* kerkraadsvergadering gehou word.[111] In

---

105 D.K.O., art. 37; Kuyper: Tractaat, p. 71.
106 Kr. not.: Braamfontein, 5.1.15.
107 D.K.O., art. 38.
108 Almanak vir 1886.
109 Almanak vir 1899.
110 Almanak vir 1909.
111 Kr. not.: Lydenburg, 31.3.05, art. 21.

die reeds vroeër aangehaalde worsteling van die diakens van gemeente Pretoria om afsonderlik te mag vergader, was een van die argumente dat by „de Regeering en Hoven zijn we als een lichaam bekend".[112] Maar daarteenoor staan die uitspraak van die visitatore op die vraag van 'n ampsdraer van Braamfontein oor die aanwesigheid van diakens op 'n ouderlingsvergadering dat die Kerkraad uit leraar en ouderlinge bestaan, dat die diaken geen kerkraadslid is en dat soiets as 'n breë kerkraad nie bestaan en geen bestaansreg het nie.[113] Nieteenstaande hierdie opvatting was die posisie tog in werklikheid dat die diakens voordat oorgegaan is tot afsonderlike vergaderings, feitlik volle status as kerkraadslede geniet het. Op die vraag van Burgersdorp of die diakens by belydenisaflegging en sensuursake reg het om te stem, antwoord die Algemene Sinode (1882) dat solank die diakens „mede tot de samenstelling van den Kerkeraad behooren, *gelijk tot nog toe bij onze Kerk het geval is*, dan hebben zij in de vergadering ook in allen evengelijke stem als de leraar en de ouderling. Maar buiten de vergadering zijn hunne werkzaamheden van die der ouderlingen onderscheiden".[114] In die gemeente Bethulie het die diakens tot in 1914 bygesit op die kerkraadsvergaderings waar sensuur- en tugsake behandel is.[115] Middelburg K.P. het aan die diakens eers die vryheid verleen om buite stemming te bly as hulle beswaar het om oor sensuursake te beslis en later besluit dat, terwyl die afsonderlike diakonale vergaderings gestaak word, op die gesamentlike vergaderings oor diakonale sake deur diakens en oor tugsake alleen deur ouderlinge gestem sal word.[116] Hiervolgens mag die diakens egter nog teenwoordig wees by die bespreking van sake wat suiwer tot die regeeramp behoort. In die vorige eeu was dit nog veel meer die geval dat die diakens as kerkraadslede opgetre het. By die verhoor van die klagsaak van ds. Venter teen ds. D. Postma in 1877 was as kerkraad aanwesig 6 ouderlinge en 9 diakens.[117] So was die 5 gemeentes wat op 9 September 1864 op uitnodiging van Burgersdorp die Kaaplandse Algemene Vergadering bygewoon het verteenwoordig deur 15 ouderlinge en eweveel diakens.

Teen die tweede helfte van die twintiger jare het daar 'n heftige polemiek oor die posisie ontstaan. Regstreekse aanleiding hiervoor was blykbaar die bevinding van die Kommissie van Advies van die Klassis Pretoria, 1926, dat die diakens as sodanig geen sitting op die kerkraad het kragtens hulle amp nie. Hulle is geroepe om die arme te versorg, nie om te regeer nie.[118]. Op die 22ste Algemene Sinode, 1927, kom die Kommissie van Prae-Advies, benoem op die vorige sinode,[119] met 'n meerderheids- en minderheidsrapport. Eersgenomde wys aan die diakonaat toe die kerklike armversorging, sodat die diakensamp in die kerkraad verteenwoordig

---

112 Kr. not.: Pretoria, 9.10.08, art. 9.
113 Kr. not.: Braamfontein, 17.7.14.
114 Hand. 8e Alg. Sin., art. 141, p. 58.
115 Vgl. veral Kr. not. Bethulie, 22.3.73 en 17.4.41, art. 1.
116 Kr. not.: Middelburg K.P. 21.2.13, art. 2 en 12.5.16, art. 11 resp.
117 Feestkomité: Gouden Jubileum van het Vijftigjarige bestaan van De Geref. Gemeente Burgersdorp 1860—1910, p. 55.
118 Kerkblad, 6.7.26, p. 12 e.v.
119 Hand. 21e Alg. Sin., art. 53, p. 18 en bylae 8, p. 104.

moet wees. Die minderheidsrapport stel hulle op die tradisionele enger standpunt en besluit dat die diakens alleen tot die breë kerkraad behoort.[120] Hierop volg 'n lang debat in „Die Kerkblad".[121] Hierin is alleen die beskouings van bekende outoriteite geherkou en geen nuwe gesigspunte na vore gebring nie. Die Sinode van 1929 kon ook nog nie tot 'n finale beslissing kom nie en verwys die saak weer na 'n kommissie.[122]

(d) *Waardering van die Diakonaat.*

Uit hierdie histories gevormde toestande dat die diakens prakties tot die kerkraad gereken is, sou verwag kon word dat die diaken dieselfde agting en aansien sou ontvang as die ouderling. En tog skyn die teenoorgestelde die posisie te wees. In sekere sin word die diakensamp as minder in rang en waarde beskou as die ouderlingskap. Dit is weliswaar soos Bouwman [123] dit stel dat die ampte uiteraard verskil in betekenis, dat die een as't ware onontbeerliker as 'n ander is, dat die kerk in gevalle wel sonder 'n diakonie maar nimmer sonder die bediening van die Woord kan bestaan nie. Tog bestaan die indruk dat die algemene oordeel en waardering van die diakensamp teenoor die presbiteriale verder gaan as dit. Die praktiese opvatting geld veral die waarde-oordeel. Die bespreking deur Owen [124] raak die kern van die saak. Die onderskeid tussen ouderling en diaken is nie „in trap, maar in orde. Een diaken tot ouderling gemaakt wordt niet bevorderd tot een hooger trap in zijne eigene orde, maar hij verlaat die en krijgt eene andere". Daarom oordeel hy tewens ook dat die vlytige uitvoering van die diakonale taak geen voorbereiding of kwalifikasie vir die ouderlingskap is nie, maar 'n belemmering daarvoor! Hoe anders is dit in die praktyk — ook in dié van die Gereformeerde Kerk, waar die jong broeders in die diakensamp feitlik opgelei en uitgetoets word vir bevordering tot ouderlingskap; waar die diaken soveel minder agting en aansien geniet as die ouderling, waar die oorgang hoofsaaklik van diaken tot ouderling en alleen by hoë uitsondering andersom is; waar die ouderlinge hulleself bygeval in 'n agtenswaardiger amp gevoel as toe hule diakens was. Dit is niks nuuts nie. Op die Kerkraad van Rustenburg en dié van Potchefstroom het ouderlinge beswaar gemaak om vir die traktement van tweede leraar aan die Teologiese Skool te kollekteer omdat dit buite die ouderlingswaardigheid gaan om te kollekteer.[125] Van ongeveer dieselfde gees en waardering spreek die

---

120 Hand. 22e Alg. Sin., bylae VII/I, p. 98 e.v.

121 Kerkblad, 6.7.26, p. 15 e.v.; 19.10.26, p. 16; 16.11.26, p. 17 e.v. 18.1.27, p. 13 e.v.; 1.2.27, p. 17 e.v.

122 Hand. 22e Alg. Sin., artt. 80, 81. Die Advies, heeltemal in lyn met die tradisionele gereformeerde opvattings is op die Sinode van Burgersdorp (1930) voorgelê. Die Sinode se oordeel was nog so verdeeld dat daar nie minder as sewe voorstelle, almal sonder volstrekte meerderheid, ingedien is nie. Eers by 'n latere bespreking is die saak punt vir punt beslis. — Hand. 23e Alg. Sin., art. 37 (a), 38 en 45. Hierdie uitspraak is tot dusver nog die amptelike standpunt van die Geref. Kerk.

123 Bouwman: Kerkrecht, I, p. 359.

124 Owen: True Nature of a Gospel Church, aangehaal deur Koelman: a.w. p. 346.

125 Kr. not. Rustenburg, 9.11.72, art. 23 en 4.7.73, art. 6; Potchefstroom, 10.5.73 art. 12.

vraag van Petrusburg wat aan die 14de Algemene Sinode gestel is: of 'n oud-diaken wat vir die beroeping tot ouderling bedank weer as diaken gekies kan word.[126] Die oorsake van die opvatting is seker nie enkelvoudig nie, maar in 'n samestrengeling van die ampsaard, die ouderdom van die personeel van die ampte en daarmee gepaard gaande agting en aansien en in ander faktore geleë. Dit het reeds geblyk [127] dat die gewildste ouderdom en ouderdomsgroepe by ouderlinge ongeveer tien jaar hoër is as by diakens by bevestiging. Dit het sekerlik 'n belangrike psigologiese invloed. Die ampsaard wat meebring die regering van die Kerk, die behandeling van sake van tug, die plaasvervangende optrede in die leeramp soos by wyks- en leesdienste en die afvaardiging na meerdere vergaderings moet noodwendig bydra om die emosioneel bepaalde opvatting te sterk. In hoeverre dit die geval is dat diakens tot 'n aansienliker amp oorgaan blyk ook uit die volgende. Van 807 diensdoende ouderlinge (in 1949) was 514 of 63.7 persent eers diakens voordat hulle tot ouderling gekies is, maar in slegs 1.4 persent gevalle is die ampsbekleding as ouderling onderbreek deur verkiesing tot diaken. Van 603 dienende diakens (in 1949) was slegs 3 of 0.5 persent eers ouderling. Van die 603 diakens was 9 of 1.5 persent se diakonale ampsbekleding onderbreek deur ouderlingskap. Hulle was dus eers diakens daarna ouderling en is toe weer as diakens gekies.[128]

Die verskuiwing is dus hoofsaaklik in een rigting: van diaken na ouderling. Dit is begryplik [129] maar tog jammer in velerlei opsigte omdat dit beteken dat die diakensamp vir meer as 60 persent gevalle die leerskool vir die ouderlingsamp is en die diakonaat op die wyse 'n aansienlike aantal ervare en geoefende ampsdraers verloor. Waar die ouderlingsamp 63 persent van sy personeel betrek uit persone wat reeds in die kerklike diens geskool is, moet die diakonaat met 99.5 persent nuwelinge begin.[130]

(e) *Diakens op meerdere Vergaderings.*

Gedurende die negentiende eeu was die aanwesigheid van diakens op meerdere kerklike vergaderings geen buitengewone of onbekende verskynsel nie. Op die eerste Algemene Sinode,[131] was daar selfs 'n *groot* aantal diakens aanwesig en tot en met die sitting van die agtiende sinode [132] is die vergaderings feitlik sonder uitsondering deur een of meer diakens as sinodale deputate bygewoon.[133] Op die Algemene Ver-

---

126 Hand. 14e Alg. Sin., art. 31.

127 Grafieke 3 en 4, pp. 83, 84.

128 Dit sou interessant wees om na te gaan of die betrokke persone in dieselfde gemeente waar hulle as ouderling gedien het, later as diaken gekies is.

129 Veral vanuit die ouderdomsstandpunt: ouderlinge is oudstes, ervare en ryp.

130 Die nadeel hiervan is nie soseer die verlies aan die regeeramp nie, as die ontstaan van 'n houding dat die diakonaat 'n soort voorbereidingskool is vir 'n ander amp in plaas van 'n selfstandige amp met 'n eie funksie wat eweëens ervare en bekwame ampsdraers nodig het.

131 Reddersburg, 1862.

132 Potchefstroom, 1916.

133 By wyse van uitsondering kom die naam van 'n diaken voor op die presensielys van die 26e Sinode, Bloemfontein 1939.

gaderings het die diakens as gemeentelike verteenwoordigers reeds vroeër verdwyn.[134]

Hierdie afvaardiging van diakens na die meerdere vergaderings het geskied in die lig van die toestand wat reeds geskets is. Hulle is met ander woorde gedeputeer as hulpouderlinge volgens art. 38 K.O. en nie uit hoofde van hulle diakonale amp nie. Daarom bepaal die eerste Sinode spesifiek om nie alleen aan die ouderlinge maar ook aan die broeders diakens „*ditmaal* stem en zitting" te verleen.[135] Hulle afvaardiging is dus nie maar *ipso facto* aanvaar nie, maar moes deur die sinode goedgekeur word.[136] Maar wanneer aan hulle dan sitting verleen is geniet hulle volle status sodat diakens op die derde Sinode (Reddersburg 1866) saam met leraars en ouderlinge deelgeneem het aan die eksaminering van kandidate vir die bediening van die Woord.[137] Dat hierdie afvaardiging van diakens as hulpouderlinge nie beskou is as die normale en verkieslikste posisie nie maar eerder aanvaar is as 'n noodwendigheid van die heersende omstandighede, blyk uit die feit dat aan die diakenafgevaardigdes spesiaal sittingsreg en keurstem verleen is sowel as uit die handelinge van die sesde Sinode (Reddersburg 1876) wat met betrekking tot die wyse van deputering na die Sinode alleen oor die kwessie van 'n leraar en een of twee *ouderlinge* gaan.[138] Van diakens word nie eens melding gemaak nie. So kan die besluit van die Transvaalse Algemene Vergadering (Middelburg 1925) ook verstaan word dat aan die diaken-afgevaardigde van Ermelo *by wyse van uitsondering* sitting verleen word met attendering van die betrokke kerkraad daarop dat volgens art. 50 K.O. (met Sinodale uitbreiding) *ouderlinge* na meerdere vergaderings afgevaardig moet word.[139]

'n Ander aspek van die deputering van diakens na meerdere vergaderings word belig deur die feit dat die diakens deurgaans die minderheid gevorm het op die vergaderings en dat daar nie *gereeld* (vanaf 1915-16 byna *geen)* diakenafgevaardigdes op die vergaderings aanwesig was nie.[140] Hierdie diakenafgevaardigdes was byna altyd van klein en swak gemeentes en heel dikwels het hulle as secundi-afgevaardigdes gekom omdat die primari-ouderlinge verhinder was.[141]

---

[134] Voor 1910 was daar op 14 Alg. Vergs. in Tvl. geen diakenafgevaardiges aanwesig nie en na 1910 uiters selde.

[135] Hand. 1e Alg. Sin., p. 6.

[136] Hier is dus tog nog sprake van differensiasie.

[137] Hand. 3e Alg. Sin., art. 12.

[138] Hand. 6e Alg. Sin., art. 50.

[139] Not. Alg. Verg. Tvl. 1925, art. 46. Onderstreping deur skr. Hierdie „Sinodale uitbreiding" doel op die bylae by die 1916-uitgawe van die Kerkorde en in besonder op die besluite van die Sinode van 1897 artt. 41 en 42 waarin bepaal word dat elke gemeente regstreeks na die sinode afvaardig, t.w. 'n leraar en ouderling en vakante en gekombineerde gemeentes twee ouderlinge mag stuur. Maar dan voeg dit ook by: „Bij gebrek aan genoegzame ouderlingen kunnen ook broeders diakenen hun plaatsen vervangen", Kerkenordening 1916, art. 50, p. 32.

[140] Alleen op die eerste Sinode, Reddersburg 1862, was daar 'n aansienlike getal diakens, daarna slegs enkeles.

[141] Kr. not.: Bethulie, 6.1.82, art. 5; Lydenburg, 9.2.95, art. 3; Rustenburg

Die deputering van diakens het dus geskied onder die noodsaak van omstandighede en nie uit beginsel nie en sodra die toestand verhelp kon word is dit blykbaar ook gedoen.

Tussen die aanwesigheid van diakens op 'n meerdere vergadering as hulpouderlinge onder die noodsaak van omstandighede en hulle teenwoordigheid as 'n reg spruitende uit die vereistes van die diakonale amp, lê 'n wesensverskil. Die tydperk 1859 tot 1915 is in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk deur eersgenoemde situasie gekenmerk. Dan kom daar verandering. Diakens word feitlik glad nie meer as hulpouderlinge na die meerdere vergaderings gedeputeer nie. Terselfdertyd kom daar nuwe lewe in die diakonaat en die besef van sy barmhartigheidstaak. Nou ontstaan die strewe om diakens op die meerdere vergaderings te kry as verteenwoordigers van die *diakonale amp* en nie van die kerkraad en gemeente nie. Die saak was reeds te berde op die Algemene Sinode van 1904 maar die versoek is afgewys.[142] Op die sewentiende Algemene Sinode, Steynsburg 1913, stel die gemeente Johannesburg weer die vraag of die diakens volgens hulle roeping en in belang van die armes nie na die meerdere vergaderings afgevaardig moet word nie, terwyl terselfdertyd ook versoek word dat die Sinode 'n weg aanwys waarop die diakens in belang van die armes op die meerdere vergaderings verteenwoordig kan word. Die antwoord van die Sinode was kort en saaklik: „Neen, op grond van artikels 37, 41, 47, 50 D.K.O." [143]

Uit die beskrywingspunte voor die sinodes kom dit voor asof die versoek berus op 'n eerlike dryfveer van behoorlike ampsbeoefening in „belang der armen", en nie maar bloot om saam met ouderlinge afgevaardig te word nie. Daar is in hierdie jare 'n sterk behoefte gevoel aan gemeenskaplike besprekings van diakonale sake en en om as diakens die probleme van die barmhartigheidsdiens voor die meerdere vergaderings te stel, toe te lig en leiding te soek en te gee. In elk geval het die antwoord van die sinode van 1913 die posisie nie opgeklaar nie. Die Transvaalse Algemene Vergadering van 1917 kry ongeveer dieselfde vraag op die agenda en hoewel sy kommissie van pre-advies nog die deur effens wou ooplaat wys die vergadering die versoek beslis af.[144] Die besluit het sy opslae gehad in daarop volgende algemene vergaderings.[145] Die besluit was in wese dieselfde as die van 1917 behalwe dat dit met verwysing na die gereformeerde kerkreg gemotiveer was. Lank het die pogings tot diakonale verteenwoordiging op meerdere vergaderings nog aangehou. Die kommissie van pre-advies van die Algemene Vergadering van Fordsburg 1928 adviseer, in stryd met alle vorige besluite, dat die afwesigheid van die diakens 'n leemte is, dat die K.O. vir die gebrek verantwoordelik is en dat die Algemene Sinode genader moet word om die nodige voorsiening vir diakonale verteenwoordiging op meerdere vergaderings te maak.

---

27.3.71, art. 6; Lichtenburg 24.10.95, art. 10 en 29.10.97, art. 13.

[142] Hand. 14e Alg. Sin., artt. 36 en 38, en beskr.pt. A 9

[143] Hand. 17e Alg. Sin., art. 165, p. 57.

[144] Not. Alg. Verg. Tvl. 1917, art. 34.

[145] Not. Alg. Verg. Tvl. 1919, art. 75 IV, 1920. Bylae B en artt. 22, 23 en 27.

Dit is so besluit.[146] Hierdie besluit het saam met 'n soortgelyke van die Kaaplandse Algemene Vergadering en een van die kerkraad van Rustenburg op die agenda van die Algemene Sinode van Rustenburg 1924, verskyn, en is na die Kommissie insake die Armblankevraagstuk verwys vir verslag op die volgende sinode.[147] Hoewel die omvattende meerderheids- en minderheidsrapport eers op die sinode van 1927 voorgelê is, is dit teen die helfte van 1926 vir kennisname gepubliseer en volg 'n lewendige polemiek in „Die Kerkblad".[148] Die standpunt van die meerderheid was dat die diakenamp as 'n amp deur Christus ingestel in die kerkraad verteenwoordig moet wees met dieselfde reg om op die meerdere vergaderinge verteenwoordig te wees. Die minderheid wou nie sover gaan nie maar beveel in hulle konklusies, punt (4), aan dat diakonale verslae op meerdere vergaderings sal kom en dat diakonale konferensies gehou moet word mits dit nie kerklike status verkry nie.[149] Aangesien daar nie eenstemmigheid bereik kan word nie, is punt 6 van die meerderheids- en punt 4 van die minderheidskonklusies vir verdere studie na 'n kommissie terugverwys.[150] Op die Sinode van 1930 kom hierdie verslag tesame met beswaarskrifte van Rustenburg en Krugersdorp en beskrywingspunte van Brakpan en Johannesburg-Oos voor dat die diakonieë via die diakonale konferensies op die meerdere vergaderings verteenwoordig moes word.[151]
Die kommissie adviseer en die sinode besluit dat sake wat spruit uit diakonale vergaderings of konferensies deur *kerkrade* op meerdere vergaderings gebring kan word wat dit weer aanhangig kan maak by die Partikuliere of Algemene Sinode. Dit word selfs geadviseer dat vir die toeligting of verdediging van diakonale sake kerkrade of diakonale konferensies deputate na die meerdere vergaderings kan stuur.[152] Met hierdie standpuntstelling was die stryd bygelê al het daar nog af en toe enkele opflikkerings gekom.[153]

### (f) *Diakonale Verteenwoordiging op meerdere Vergaderings deur Kommissies en Deputate.*

Die pogings van afsonderlike diakonieë en van diakonale konferensies om hulle gedagtes en probleme regstreeks onder die aandag van meerdere vergaderings te bring, kon nie altyd onbeantwoord bly nie. Die weg deur afvaardiging van diakens, hetsy deur kerkrade, diakonieë of diakonale

---

146 Not. Alg. Verg. Tvl. 1923, art. 48.
147 Hand. 21e Alg. Sin. artt. 17, 21, 23 en 51.
148 Kerkblad, 6.7.26, p. 15; 9.10.26, p. 16; 16.11.26, p. 17 e.v.; 18.1.27, p. 13 e.v.; 1.2.27, p. 17 e.v.
149 Hand. 22e Alg. Sin., bylae VII/2 en VIII/1.
150 Hand. 22e Alg. Sin., artt. 73, 78, 80, 81.
151 Hand. 23e Alg. Sin., artt. 28, 151 en beskr. pte. III/C/15 en VII/C/7.
152 Hand. 23e Alg. Sin., artt. 37(a)(4), 38 en 45.
153 So het sowel die Vrystaatse Algemene Vergadering (Kroonstad 1944) as die Vrystaatse Diakonale Konferensie (Bloemfontein 1946) en die Kaaplandse Partikuliere Sinode (Kaapstad 1948) nog weer besluit dat deputate van die Diakonale Konferensies die Algemene Vergaderings adviserend mag bywoon terwille van die goeie uitvoering van die barmhartigheidsdiens.

konferensies, was kerkregtelik afgesny. Tog het die Algemene Vergaderings en die Algemene Sinode nie heeltemal ongeneë gebly teenoor die versoeke nie mits 'n weg gevind kan word wat nie strydig sou wees met die Kerkorde en die Kerkreg nie. Onder veranderde omstandighede en die nood van nuwe tye kon die posisie nie gansegaar staties bly met 'n blote beroep op kerkreg en kerkregering nie. Ook laasgenoemdes is uitgebou op vaste onveranderlike beginsels maar met inagneming van die omstandigheidsvereistes. Die oplossing van die diakonale probleem hoef nie noodwendig 'n verwatering of versaking van hierdie fundamentele beginsels te beteken nie. Die eerste Vrystaatse Diakonale Konferensie was eintlik 'n kommissie van die Algemene Vergadering [154] en het, met vier leraars en vier ouderlinge onder sy lede, 'n regstreekse mondstuk in die meerdere vergadering gehad. Daarna het die verband losser geword. Transvaal het die saak probeer oplos deur 'n diakonale Kommissie van Pre-advies te benoem. Dit was waarskynlik nie dieselfde kommissie as dié wat die voorstelle van aktuele belang wat op die diakonale konferensie geneem is aan die Algemene Vergadering daaropvolgend moes oordra nie,[155] want die Kommissie van Pre-Advies is eers in 1919 gekies.[156] Die bestaan van die kommissie as kanaal vir die diakens om hulle sake op die meerdere vergadering te bring was blykbaar so onbekend dat hyself versoek het om bekendstelling.[157] Hoewel ds. L. P. Vorster van oordeel was dat die wyse van diakonale verteenwoordiging nie bevredigend was nie,[158] skyn dit tog asof die liggaam werksaam was in belang van diakonale sake en konferensies.[159] Maar heeltemal bevredigend was dit seker nie. Die volgende diakonale konferensie is deur die diakonie van Johannesburg-Noord byeengeroep en is goed bygewoon maar van die kant van die Algemene Vergadering is die verslag daarvan nòg aangevra nòg behandel en daar is nie eers van die konferensie gerep of opdrag vir 'n ander een gegee nie.[160] In Kaapland [161] en die Vrystaat [162] het die bemoeiïnge daarop uitgeloop dat die diakonale konferensies uitgenooi is om deputate in adviserende hoedanigheid na die meerdere vergaderings van die provinsies te stuur.

Wat van die Algemene Sinode? Die werkwyse van hierdie meerdere byeenkoms wat geen vaste bestuurs- of sentrale uitvoerende liggaam het nie, is deur die benoeming van deputaatskappe vir die bestudering van advies oor en optrede in verband met besondere sake gedurende die tyds-

---

[154] Vgl. Notule eener Vergadering .... in zake de behartiging van de belangen der armen, te Reddersburg 1 en 2 Augustus 1906 — byvoegsel by Het Kerkblad, 1.9.06. Die vergadering is gehou ooreenkomstig art. 42 van die notule van die Alg. Vergadering O.V.S., Maart, 1906.

[155] Not. 59e Alg. Verg. Tvl., 1918, bylae J.

[156] Not. 60e Alg. Verg. Tvl., 1919, art. 75, IV.

[157] Not. 62e Alg. Verg. Tvl., 1921, bylae C.

[158] Kerkblad, 6.7.26, p. 15.

[159] Not. 66e Alg. Verg. Tvl., 1925: Rapport van die Diak. Kom. van Prae-advies.

[160] Brief van ds L. P. Vorster, Kerkblad, 6.7.26, p. 15.

[161] Not. 13e Part. Sin. 1948, art. 38.

[162] Not. Alg. Verg. 1944.

verloop tussen die driejaarlikse sinodesittings. Daarnaas bestaan die Administatiewe Buro, wat, soos die naam aandui, belas is met die suiwer administratiewe aspekte verbonde aan die sinode en administratiewe beheer van gesamentlike sake en eiedomme soos die Teologiese Skool en verskeie fondse.[163] Onder die deputaatskappe van die sinode is die een vir die barmhartigheidsaangeleenthede van resente oorsprong. Die Sinode van 1918 het weliswaar 'n Kommissie van Ondersoek en Advies in verband met 'n deugdelike oplossing van die armblankevraagstuk benoem [164] maar dit was slegs 'n *ad hoc* liggaam wat wel studie moes doen en adviseer oor 'n saak belangende die barmhartigheidsdiens maar dit kon selfs nie as sydelingse of onregstreekse mondstuk van die diakonale amp in die sinode beskou word nie.[165] Een van die kommissies van die Sinode van 1933 was dié vir Diakonale en Sosiale Sake. Hoewel diakonale sake hier meer regstreeks aandag kry, is dit nog saamgevoeg met sake van suiwer leer- en regeeraard soos Bybelse rolprente, geboortebeperking, lykverbranding ens., ens.[166] In enger verband hiermee staan die Deputaatskap vir Weseversorging wat deur hierdie Sinode benoem is.[167] Hoewel hierdie deputaatskap vir slegs 'n gedeelte van die barmhartigheidsterrein verantwoordelik gestel word, raak dit tog die saak wat destyds in die brandpunt van die diakonale aktiwiteite gestaan het. Breër in opset was die benoeming van die Deputaatskap vir Bestudering van die Armblankvraagstuk en vir Koördinering van Armesorg en Staatshulp.[168] Die rapport van Kommissie I van die Sinode het tot gevolg gehad 'n sinodebesluit dat in elke provinsie een predikant as adviserende lid van die provinsiale diakonale konferensies benoem word.[169]

Hierop is verder uitgebou deur die besluit van die Sinode van Aliwal-Noord 1942, dat 'n studiedeputaatskap bestaande uit predikante en diakens van elke provinsie saam met prof. J. C. van Rooy [170] benoem word om advies te gee aan provinsiale en uniale diakonale konferensies, studie te maak van diakonale vraagstukke en met die publikasie van „Die Diaken" voort te gaan.[171] Op advies van hierdie liggaam is besluit tot die benoeming van 'n Sinodale Deputaatskap vir Diakonale Sake wat volgens die aan-

---

163 Die Alg. Sin. van Bloemfontein, 1939, het hom uitgespreek ten gunste van vermeerdering eerder as vermindering van deputaatskappe en van 'n sistematiese verdeling van werksaamhede — Hand. 26e Alg. Sin., art. 169, pt 4, p. 216. Op die daaropvolgende Sinode (Aliwal-Noord, 1942) is 'n breedvoerige omskrywing van die naam, werksaamhede en noodsaaklikheid van die deputaatskappe gegee — Hand. 27e Alg. Sin., artt. 73, 79, 89, p. 122 e.v.

164 Hand. 19e Alg. Sin., art. 165, p. 62.

165 Die Reddersburgse Sinode (1927) het 'n adviserende kommissie benoem vir verslag oor die diakonaat in die kerkregering (Hand. 22e Alg. Sin., artt. 81, 82) maar hoewel dit regstreeks die diakonale amp betref, was dit 'n kommissie *oor* en nie *van* die amp nie. Daarby was dit weer net 'n *ad hoc* kommissie en het dit slegs een aspek van die saak geraak.

166 Hand. 24e Alg. Sin., art. 24, p. 27, en art. 99, p. 114 e.v.

167 Hand. 24e Alg. Sin., art. 109, p. 132 e.v.; art. 111, par. 20, p. 135.

168 Hand. 25e Alg. Sin., art. 66, p. 59 e.v.; art. 164, p. 175.

169 Hand. 26e Alg. Sin., art. 153(V), p. 172; art. 176, p. 244.

170 Hoof van die Dept. Maatskaplike Werk aan die P.U.K. vir C.H.O.

171 Hand. 27e Alg. Sin., art. 68, p. 114; art. 131, p. 201.

bevelings 'n wye werksveld en wye magte sou hê.[172]

Getrou aan die stand van die gereformeerde kerkreg was die algemene sinodes dus nie te beweeg tot toelating van *diakens* as lede van meerdere vergaderings nie, maar is met die oog op die eise van die tyd 'n skakel tussen die diakonale amp en die meerdere vergaderings gevind in die toelating van adviserende diakonale deputate op die algemene vergaderings en partikuliere sinodes en deur die benoeming van 'n Diakonale Deputaatskap deur die algemene sinode. Daarmee is implisiet erken dat sake ten aansien van die diens van barmhartigheid groter erkenning en aandag op meerdere vergaderings behoort te ontvang.

(5) *Diakonale Konferensies.*

Terwyl die pogings voortgesit is om verteenwoordiging van die diakonale amp op die meerdere vergaderings, is daar ook in 'n ander rigting gewerk in konsekwente aansluiting by die oplewing van belangstelling in die diakonaat en barmhartigheidsdiens. Bedoel word die hou van diakonale konferensies.

(a) *Prinsipiële Standpunte.*

Kerkregtelik is daar niks in te bring teen sodanige konferensies nie. Bouwman [173] erken dat die afgevaardigdes van diakonieë kan saamkom „tot eene conferentie om daar allerlei gewenschte zaken te behandelen". Kuyper beskou die klassis-samekoms van diakens as onmisbaar vir behoorlike behartiging van sake soos die wesesorg.[174]

In die Gereformeerde Kerk in Nederland is diakonale konferensies sedert 1887 reeds bekend maar het aanvanklik nie veel lewensvatbaarheid getoon nie: enersyds omdat die meerdere vergaderings nie genoegsaam kennis geneem het van die vraagstukke waarmee die diakens te kampe het nie en andersyds ook omdat die diakens nie sterk genoeg vir die doel geywer het nie en deels ook ten gevolge van die gereformeerde kerkregtelike opvattings.[175] Die Generale Sinode van Groningen (1899) het met soveel woorde diakonale konferensies afgekeur. Biesterveld is self nie baie entoesiasties oor die saak nie en maak beswaar teen die terme „diaconale classes" en „diaconale vergaderingen" omdat dit die idee van 'n verband impliseer naas die bestaande kerkverband.

Die bekende bestaande vergaderings sou genoegsaam wees om in belang van die diakonale amp op te tree. Die beste maar meesal onbenutte geleentheid sou die rondvraag verbonde aan die gemeenteverslag ooreenkomstig art. 41 D.K.O. wees. Die prosedure kan gevolg word tot by die Algemene Sinode mits alleen konkrete gevalle gestel en bespreek word. Verder beveel hy die kerkvisitasie aan as 'n geleentheid om moeilikhede op die terrein te

---

172 Hand. 28e Alg. Sin., artt. 15, 148, 154, 194, p. 18 e.v., art. 254, p. 198.

173 Bouwman: Kerkrecht, I, p. 598 e.v. In sy ander werk (Het Ambt der Diakenen, p. 152) noem Bouwman dit 'n uitnemende middel vir die ontwikkeling van die diakonaat.

174 Kuyper: Tractaat, p. 67.

175 Biesterveld in a.w. p. 386, 388.

bespreek en dat die klassisse meer gebruik moet maak van diakens op kommissies van pre-advies oor diakonale aangeleenthede.[176]

(b) *Historiese Ontwikkeling in Suid-Afrika.*

Die beweging vir diakonale konferensies het gelyktydig met die eerste behoefte aan afsonderlike plaaslike diakonale vergaderings ontstaan en in dieselfde gemeente. Op die Algemene Vergadering te Nylstroom 1899 dien 'n brief van gemeente Johannesburg „behelzende voorstellen over diaconale conferenties" en word besluit om dit na die volgende vergadering op te stuur.[177] Deur die oorlog is die gang van sake egter versteur en kon die eerste algemene sinode eers in 1904 plaasvind. By die geleentheid is wel oor diakonale sake gehandel maar nie oor diakonale konferensies nie. Eers op die Algemene Vergadering van Transvaal te Heidelberg 1906, kom Johannesburg weer met 'n positiewe voorstel om jaarliks diakonale konferensies te hou. Die voorstel is aangeneem met weglating van *jaarliks.*[178]

In dieselfde jaar aanvaar die Vrystaatse Algemene Vergadering die advies van sy Kommissie insake Armoede om „generale diakonale vergaderingen" te hou.[179] Op die Kaaplandse Algemene Vergadering (1907) word 'n soortgelyke voorstel ingedien maar weens verskil van mening word die beslissing uitgestel tot die volgende vergadering.[180]

Tot dusver was die saak dus gewonne wat die provinsiale meerdere vergaderings betref. Nou moes die diakonieë self nog vir die saak gewen word. So is die Transvaalse Algemene Vergaderings [181] versoek om die Kerkrade onder hulle ressort te oorreed tot aanvaarding van die noodsaaklikheid van gereelde bywoning van die konferensies. Hoewel die algemene vergadering die nuttige en leerryke van die konferensies erken het, wou dit weens die uiteenlopende gemeentelike omstandighede nie aan die versoeke voldoen nie. In die twintiger jare is die saak weer dikwels geopper en sterk aanbeveel.[182] Die algemene sinode het sy sanksie verleen in 1930 met die erkenning dat „tot meerdere bloei van die diakonale arbeid kan dienstig wees diakonale konferensies".[183]

Veral voor 1925 het die strewe nie 'n effe baan vir sy verwesenliking gevind nie. Dit kom voor asof die pogings in Transvaal die meeste onder die kritiek van twyfel in die noodsaaklikheid, uitvoerbaarheid en moontlike sukses moes deurloop. Op die uitnodigings na die Transvaalse Konferensie (Fordsburg 1910) antwoord die kerkraad van Lydenburg dat hulle

---

176 Biesterveld in a.w. p. 393 e.v.

177 Not. 44e Alg. Verg. Z.A.R., art. 46, B. 6. Die *volgende vergadering* het blykbaar betrekking op die Algemene Sinode.

178 Not. 48e Alg. Verg. Tvl., art. 40.

179 Byvoegsel tot Het Kerkblad, 1.9.06.

180 Not. Alg. Verg. Kp. 1907, art. 58. In werklikheid het die Alg. Verg. van 1909 eers hiertoe besluit: Not. Alg. Verg. Kp., 1909, art. 12.

181 Not. Alg. Verg. Tvl., Fordsburg 1913, art. 47 en Potchefstroom 1914, art. 42.

182 Vgl. Rapport van die Diak. Kom. van Prae-advies op die Alg. Verg. te Middelburg Tvl., 1925; Not. Alg. Verg. Middelburg Tvl., 1925, artt. 32, 33; Not. 4e Prov. Sin., Kp. 1930, art. 9.

183 Hand. 23e Alg. Sin., artt. 37(a) (4) en 45.

die noodsaaklikheid van sodanige byeenkoms in Transvaal nie kan insien nie [184] terwyl Bethal besluit om nie deel te neem nie omdat die saak as onuitvoerbaar beskou word in Suid-Afrika.[185] Verskeie diakonieë was afwesig weëns finansiële omstandighede; Erasmus het 'n afwagtende houding ingeneem maar goeie vermanings gestuur; Middelburg, soos Lydenburg, sien geen noodsaaklikheid nie en Heidelberg stem saam met Bethal.[186] Die tweede Transvaalse konferensie was so swak bygewoon dat oorweeg is om 'n predikant te vra om in „Het Kerkblad" propaganda te maak.[187] Sommige gemeentes het lank volhard, nie met 'n passiewe afsydige houding nie, maar selfs ook met 'n greintjie antagonisme.[188] Die bywoning van die konferensies was voor 1940, maar veral ook vroeër, nooit besonder verteenwoordigend of bemoedigend nie. Vandaar dan ook die versoeke aan die algemene vergaderings en sinodes om die kerkrade te oortuig van die wenslikheid van bywoning van die diakonale konferensies.

Vyftig jaar na die eerste sprake van diakonale konferensies en drie-en-veertig jaar na die eerste algemene diakonale vergadering (Reddersburg 1906) plaasgevind het, kan die gedagte selfs vandag nog nie aanspraak maak op algehele belangstelling en ondersteuning nie. Uit 'n ondersoek na die bywoning van diakonale konferensies in die drie provinsies vanaf 1945 tot 1949 het die antwoorde van 84 gemeentes aan die lig gebring dat slegs sestien daarvan al vyf die konferensies bygewoon het, en die res was op van een tot vier konferensies verteenwoordig. As die vier gemeentes wat „pas gestig" is buite rekening gelaat word het 20 persent gereeld die konferensies bygewoon, 41.25 persent glad nie en 38.75 persent ongereeld. Die gronde vir nie- en ongereelde bywoning is net so interessant as veelvuldig:

| | | |
|---|---|---|
| Te lang afstande | 10 | |
| Behoeftig (en klein) | 2 | (2) |
| Behoort nie aan konferensie | 3 | |
| Geen diakonie (en afsonderlike diakonale vergadering) | 1 | (1) |
| Geen redes aangegee | 11 | |
| Geen vaste predikant | 1 | |
| Gebrek aan belangstelling | 5 | (1) |
| Nie oortuig van noodsaaklikheid | 3 | |
| Onmoontlik | 2 | |
| Pas gestig | 4 | |
| Persoonlike en werksomstandighede van afgevaardigdes | 22 | (1) |
| Redes onbekend | 2 | |
| Reël nog nie ingevoer | 1 | |
| Te laat kennis ontvang | 1 | |
| | 68 | |

184 Kr. not. Lydenburg, 21.1.10, art. 6.

185 Kr. not. Bethal, 23.4.1910, art. 4.

186 Verslag van die 1e Diak. Konf. Tvl. — Het Kerkblad, 1.9.10.

187 Verslag Diak. Konf. Tvl. — Kerkblad 15.8.13.

188 So maak Lydenburg in 1932 nog beswaar teen die naam Konferensie van Diakonieë in *Transvaal:* Not. Staande Deputaatskap, Diak. Konf. Tvl., 15.12.32, art. 1.

Waar 'n getal in hakies aangegee word beteken dit 'n addisionele bykomstige rede naas 'n hoofoorsaak. So word die gebrek aan belangstelling ook veroorsaak deurdat sommige gemeentes min armsorg te verrig het, klein is en die diakonie nie afsonderlik vergader nie. Drie diakonieë stel in vooruitsig dat besluit is om in die toekoms die konferensie by te woon. In die geheel gesien neem die gebrek aan belangstelling en onoortuigdheid van die noodsaaklikheid gesamentlik 'n betreklik geringe plek onder die oorsake in. Die meeste gronde vir afwesigheid het dus blykbaar te doen met uitwendige omstandighede en nie met die gesindheid teenoor die konferensies nie.[189]

Alhoewel die beweging vir diakonale konferensies in Transvaal gebore is, het die Vrystaat die eerste praktiese begin gemaak. Op besluit van die Algemene Vergadering,[190] het die konferensie of vergadering „om de belangen der armen te behartigen" te Reddersburg op 1 en 2 Augustus 1906 byeengekom. Dit is bygewoon deur afgevaardigdes van 10 gemeentes terwyl 2 verhinder was om deputate te stuur.[191] Die volgende algemene vergadering „heeft alsnog geen behoefte aan een tweede Diaconale Conferentie" [192] met die gevolg dat na hierdie historiese byeenkoms daar in die Vrystaat op dié terrein stilstand kom. Met 'n onderbreking in Julie 1913 te Bloemfontein [193] en in Julie 1937 te Reddersburg,[194] kom daar 'n algehele stilstand totdat die eerste daaropvolgende konferensie waarvan die notule en ander bewyse behoue gebly het, in 1928 te Reddersburg gehou is.[195] Dit was die begin van 'n gestadige oplewing: daarop volg konferensies in April 1930 te Ventersburg; September 1934 te Bloemfontein; en September 1935 te Theunissen,[196] en daarna jaarliks.

Eweso het die ander provinsies hierdie voorbeeld aanvanklik met meer entoesiasme as bestendigheid en sukses gevolg. Volgende op die advies van die Kaaplandse Algemene Vergadering, dat met die oog op die toenemende verarming die hou van diakonale konferensies wenslik is,[197] vind die eerste Kaaplandse Konferensie plaas te Middelburg in November 1909 [198] gevolg deur 'n tweede in Augustus 1910,[199] gevolg deur 'n derde in Steynsburg in 1911.[200] Die konferensie wat vir 1914 te Steynsburg belê

---

189 Die vraag is egter of die meer as 60 diakonieë wat nie op die vraelys geantwoord het nie, nie 'n groter persentasie van diegene verteenwoordig wat minder aktief in diakonale werksaamhede, en derhalwe ook in diakonale konferensies, belangstel nie.

190 Not. Alg. Verg. O.R.K., Maart 1906, art. 42.

191 Vorster, P.: *Diakonale Aksie in die Vrystaat.* Die Diaken, IV, p. 25 e.v.

192 Not. 46e Alg. Verg. O.V.S., 1910, art. 42.

193 Vgl. Kr. not. Ventersburg, 25.4.13, art. 18 en 1.7.13, art. 16; Kerkblad, 15.9.13, p. 7.

194 Kerkblad, 1.8.17, p. 6.

195 Kerkblad, 18.1.27, p. 18; Kr. not. Ventersburg, 20.11.26, art. 2; *Die Diaken,* Okt. 1937, p. 3.

196 Vorster, P.: *Diakonale Aksie in die Vrystaat,* Die Diaken, IV, p. 26 e.v.

197 Verslag 46e Alg. Verg. Kp. Kerkblad, 1.3.09.

198 Kerkblad, 1.11.09, p. 14.

199 Verslag Diak. Konf. Kp.: Kerkblad, 1.11.10, p. 8 e.v.

200 Kerkblad 15.8.11, p. 9.

is moes weens die swak belangstelling afgestel word.[201] Hiermee het die eerste reeks diakonale konferensies in Kaapland blykbaar ook versand. Weliswaar het die Kaaplandse Algemene Vergadering te Aliwal-Noord 1917 besluit „dat voortaan een konferentie van diakenen onmiddellijk aan de Algemene Vergadering zal voorafgaan" [202] maar blykbaar het dit nie verder as 'n konferensie, nog in dieselfde jaar, te Burgersdorp gekom nie. Eers nadat 'n diaken van Burgersdorp die Vrystaatse Konferensie van 1936 bygewoon het, het Burgersdorp se diakonie die inisiatief geneem om weer dergelike byeenkomste in Kaapland te hou. Op die konferensie van Burgersdorp (Aug. 1937) [203] word besluit om die konferensie jaarliks te hou — die besluit is uitgevoer met uitsondering van die jare wanneer uniale konferensies gehou is.

Die Engelse oorlog het die voorstel van die kerkraad van Johannesburg (Algemene Vergadering te Nylstroom, 1899) vir die hou van diakonale konferensies op niks laat uitloop. Die Algemene Vergadering, Erasmus 1910, neem kennis van die hou van so 'n byeenkoms en verwys die vrae met betrekking „tot deugdelike versorging der armen" daarheen.[204] Die kerkraad van Johannesburg het die oproep gedoen vir die konferensie te Fordsburg op Vrydag 22 Julie 1910.[205] Die tweede konferensie, Pretoria 1912, is blykbaar nie te goed bygewoon nie maar die derde, Potchefstroom 1913, weer beter. Daar bestaan ook getuienis oor 'n diakonale konferensie te Johannesburg in Desember 1917 [206] maar nieteenstaande die besluit van die Algemene Vergadering van Pretoria 1918 dat 'n diakonale konferensie voor elke AlgemeneVergadering gehou moet word, skyn dit tog asof die eerste eers weer byeengekom het in 1925.[207] In September 1926 is weer 'n konferensie gehou [208] en vanaf 1929 bestaan volledige rekords van die jaarlikse diakonale konferensies in Transvaal.

Die ontstaan van die konferensies van diakonieë op die Rand en Pretoria moet blykbaar gesoek word in die verteenwoordiging op die Transvaalse Konferensies tot 1926 wat hoofsaaklik deur afgevaardigdes van hierdie stedelike diakonieë bygewoon is.

Dié ontstaansgeskiedenis is nie baie duidelik nie aangesien volledige notules slegs vanaf 1930 bestaan terwyl Die Kerkblad [209] in 1929 reeds van die *tweede* Randse Diakonale Konferensie melding maak. Weens die besondere gemeenskaplikheid van belange, die geografiese nabyheid en vervoergeriewe kon diakonale vergaderings van hierdie gemeentes baie gereeld gehou word. Vanaf die konferensie te Pretoria, Desember 1930 tot dié te Johannesburg-Wes, April 1949, is 33 vergaderings gehou.

Eintlik is dit te verwagte dat vanaf die *provinsiale* konferensies die

---

201 Kerkblad, 1.9.14, p. 6.
202 Brief II, Kerkblad 1.3.17.
203 Van Rooy, M.: Diakonale Konferensies van Kaapland, Die Diaken, VI, p. 21 e.v.
204 Not. 52e Alg. Verg. Tvl., 1910, art. 45, B. VIII.
205 Kerkblad, 1.3.10, p. 10 en 1.6.10, p. 7.
206 Kerkblad, 1.12.17, p. 8.
207 Kerkblad, 17.11.25, p. 9.
208 Kerkblad, 16.11.26, p. 17.
209 Kerkblad, 17.9.29, p. 820.

gedagtes sou uitvleuel tot *uniale* byeenkomste. Die gedagte om met die konferensies in ander provinsies te korrespondeer en jaarliks 'n uniale byeenkoms te hou is reeds op die Transvaalse konferensie van 1926 uitgespreek. Pretoria is aangewys as korresponderende diakonie.[210] Hierdeur het veral die onderlinge verteenwoordiging op die provinsiale konferensies in swang gekom. Vandag is dit 'n vaste gebruik. Die eerste uniale byeenkoms van diakens was blykbaar dié te Bloemfontein in 1929.[211] Daarna het verskeie jare verloop voordat die vergaderings met jaarlikse tussenposes in 1938 hervat is, sodat daar tot dusver die volgende uniale konferensies gehou is, almal te Bloemfontein, nl. 1938, 1941, 1944 en 1947.[212]

(c) *Waardering van die Konferensies.*

Ds. Hamersma het reeds in 1917 sy twyfel oor die waarde van diakonale konferensies gelug. Na aanleiding van die besluit van die Kaaplandse Algemene Vergadering te Aliwal-Noord in 1917, skryf hy [213] dat hy niks as lof het vir die ywer waarmee die saak van diakonale konferensies bepleit word nie. Maar hy kan „met de beste wil der wêreld" nie sien wat die konferensies kan bereik nie, veral omdat die diakens nie van die oudste in die gemeente is nie en nie beter op hoogte van die toestande van die armes is as die ouderlinge nie.

Met die oog op die ouderdomsdistribusie van ouderlinge en diakens en die feit dat meer as twee-derde van die diens-doende ouderlinge eers diakens was, moet erken word dat hierdie argument 'n mate van krag bevat, maar dit hou nie rekening met die waarde daarvan vir die nog diensdoende diakens in die praktiese uitoefening van hulle ampspligte nie.

Selfs op die konferensies is die twyfel al uitgespreek. Op die Vrystaatse Diakonale Konferensie (Ventersburg 1930) word gevra of die konferensies „tot enige daadwerkelike steun vir die diaken en sy amp is" en in 1937 vind ds. Jacs van Rooy dit weereens nodig om die besware te bestry wat nie soseer op beginsels as teen die praktyk gemik was nie. Hy noem dan drie voordele op:

1. Leersaamheid: die lesings oor die verskillende aspekte van die amp en die praktiese probleme, die vrae en beskrywingspunte, uitruil van ervaringskennis is waardevol.
2. Dit spoor aan tot nuwe lewe en aksie en 'n beter besef van pligte.
3. Dit bevorder die saamhorigheidsgevoel.[214]

Oor die algemeen het die besware en twyfel blykbaar verdwyn en kom daar algaande 'n groter vertroue in die konferensies. Waarskynlik is die vertroue hoofsaaklik gewek deur die praktiese resultate en prestasies wat deur die gesamentlike optrede bereik is.

---

210 Kerkblad, 16.11.26, p. 17.
211 Die Diaken, Okt. 1937, p. 3.
212 Vgl. Die Diaken, IV, p. 38 en VII, p. 8 e.v.
213 Hamersma, ds. T.: *Brief II.* Kerkblad, 1.3.17.
214 Van Rooy, ds. Jacs: Diakonale Konferensies, Kerkblad 1.9.37. p. 18 e.v.

(d) *Organisasie van Diakonale Konferensies.*

Dit spreek vanself dat as 'n aantal diakonieë gereeld saamkom daar een of ander organisasievorm moet wees. Daar moet 'n liggaam of kollege wees om die konferensie byeen te roep, om die verrigtinge te lei en te reël en om die besluite of aanbevelings uit te voer. Hierdie organisasie en die vorm wat die konferensies aanneem moet altyd gesien word in die lig van die gereformeerde kerkregtelike stelsel veral met betrekking tot die posisie van die diaken en diakonie in die gemeente en teenoor die kerkraad. Daarvolgens het die diakonie geen deel in die kerkregering nie en kan diakens ampshalwe nie afgevaardig word na meerdere vergaderings nie. Die eerste vraag is dus wie 'n diakonale konferensie mag byeenroep. Sydelings hieraan verbonde is die feit dat daar steeds aangedring is op goedkeuring van meerdere vergaderings vir die hou van sodanige byeenkomste. Die eerste diakonale byeenkoms in die Vrystaat is in opdrag van die Algemene Vergadering byeengeroep.[215] In 1910 besluit die vergadering dat hy nog geen behoefte aan 'n tweede konferensie gevoel nie.[216] Wie die konferensies van 1913 tot 1928 byeengeroep het, is nie duidelik nie maar hierna het verskeie diakonieë blykbaar as roepende liggame opgetree met die voorsitter van die roepende diakonie as konvenor totdat 'n buro uit die afgevaardigdes saamgestel is.[217] Op die konferensie van 1934 is voorgestel dat 'n *Korresponderende Diakonie* in die lewe geroep moet word [218] wat blykbaar 'n vaster vorm en meer kontinuïteit aan die konferensies moes verleen as 'n roepende diakonie. Hoewel die konferensie van 1936 'n *Staande Deputaatskap,* saamgestel uit 3 persone, gekies het,[219] word daarvan nie weer iets verneem nie sodat die posisie van die deputaatskap onduidelik is. Op die 1949-konferensie te Bloemfontein [220] is besluit om 'n *Uitvoerende Komitee* te kies om tussen die konferensiesittings die nodige kontinuïteit te bewaar, opdragte uit te voer en reëlings vir die volgende konferensie te tref.

In Kaapland het die saak ongeveer dieselfde verloop geneem. Die eerste konferensie het saamgekom op advies van die Algemene Vergadering.[221] Daarna het die uitnodigende diakonie as saamroeper opgetree meestal met die praeses van die kerkraad as voorsitter terwyl 'n buro of bestuur vir die duur van die konferensie gekies is.[222]

In Transvaal het die organisasie eerder tot stabiliteit gekom. Die eerste konferensie is blykbaar op advies van de Algemene Vergadering deur die diakonie van Johannesburg byeengeroep.[223] Daarna het 'n sogenaamde *Korresponderende Diakonie* opgetree as sameroepende liggaam totdat in

---

215 Hand. 42e Alg. Verg. O.R.K., art. 42 (Vgl. Byvoegsel tot Kerkblad, 1.4.06.)
216 Not. 46e Alg. Verg. O.V.S., 1910, art. 42.
217 Vorster, P.: *Diakonale Aksie in die Vrystaat.* Die Diaken, IV, p. 26 e.v.
218 Kr. not. Ventersburg, 13.7.34, art. 14.
219 Die Diaken, 1936, p. 37, pt. 4.
220 Not. Diak. Konf. O.V.S. 1949.
221 Not. 46e Alg. Verg. Kp., 1909, artt. 6, 12.
222 Van Rooy, M.: *Diakonale Konferensies van Kaapland,* Die Diaken, VI, p. 21 e.v.
233 Oproep tot Diak. Konf., Kerkblad, 1.3.10; brief ds. L. P. Vorster, Kerkblad, 6.7.26.

1932 besluit is dat dit vervang word deur 'n *Staande Deputaatskap* bestaande uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en penningmeester, jaarliks verkiesbaar.[224] Die liggaam oordeel dat dit wenslik is dat hy ook sal optree as buro vir die volgende konferensie.[225] Die konstitusie wat gereedgemaak is vir voorlegging op die Transvaalse Partikuliere Sinode (1933) is nie deur laasgenoemde behandel nie aangesien geoordeel is dat hy nie bevoegdheid besit om 'n reglement van 'n liggaam sonder kerklike status te behandel of goed te keur nie.[226] Gevolglik is per brief en deputasie hulp gesoek by die algemene sinode wat dit vir advies verwys na die Kommissie vir Sosiale en Diakonale Sake.[227] Hierdie konsep het, kerkregtelik besien, veel aanvegbaars bevat soos *punt 4 (e)* wat voorsiening maak vir die konferensie as regspersoon om eiendomme te kan besit en *punt 8* waarvolgens twee diakens jaarliks na die Partikuliere Sinode afgevaardig sou word om daar met adviserende stem voorligting te gee oor sake wat die barmhartigheidsdiens betref. Hoewel die sinode van 1933 uitvoerige verslag gekry het van bogenoemde kommissie oor weeshuisaangeleenthede, is daar geen uitdruklike aanbeveling of besluit oor die konsepreglement nie.[228] Die konstitusie wat eindelik deur die Konferensie in 1944 aangeneem is, verskil in belangrike opsigte van die konsep van 1933 sover dit die kontensieuse kerkregtelike punte betref.

(e) *Status en Magte van die Diakonale Konferensies.*

Dit is nodig om die presiese posisie van die diakonale konferensies in die lewe en organisasie van die kerk vas te stel. As uitgangspunt moet die diakonie geneem word. Hoewel Bouwman [229] die praktiese waarde van diakonale konferensies aanprys, waarsku hy onmiddellik dat dit geen kerklike vergadering is nie; geen bindende besluit kan neem nie en alleen diakonale sake mag bespreek. Dit mag nie 'n diakonale klassis of sinode word nie.[230] Die Dordtse Kerkorde maak tewens ook geen voorsiening vir „meerdere" byeenkomste van diakens nie.[231]

Aan hierdie tradisionele standpunt van die Nederlandse gereformeerdes het die amptelike beskouing van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika hom streng gehou. Die aanvaarde Kerkorde — die enigsins gewysigde Dordtse Kerkorde — maak geen voorsiening vir enige diakonale vergadering anders as die plaaslike diakonie nie. Onder omstandighede van verbysterende volksverarming wat aan die Gereformeerde Kerk nie ongemerk kon verbygaan nie, onder die bewussyn van 'n behoefte aan vermeerderde en verbeterde barmhartigheidsbetoon en daarmee gepaardgaande herleefde belangstelling in en helderder besef van die taak van die diakonale amp, het die diakonale konferensies in Suid-Afrika posgevat — ongereeld

224 Not. Diak. Konf. Tvl. 1932, art. 14.
225 Not. Staande Dep. 15.12.32, art. 7.
226 Not. 8e Part. Sin. Tvl. 1933, art. 41, bylae 1 C en P.
227 Hand. 24e Alg. Sin., artt. 12, 80.
228 Hand. 24e Alg. Sin., art. 109.
229 Bouwman: Ambt, p. 152.
230 Bouwman: Kerkrecht I, p. 598 e.v.
231 Biesterveld in a.w. p. 386 e.v.

en onbestendig en weifelend aan die begin maar sedert ongeveer 1930 op 'n redelik vaste voet. Die ontwikkeling het plaasgevind onder diepe en bewuste besef van die prinsipiële kerkregtelike posisie. Dié opvattings is ook nie verswyg of goedskiks oorboord gegooi nie. Trouens, die kern van die worsteling om erkenning van die konferensies moet juis hiertoe herlei word: om in die lig van die kerkregtelike prinsipes en met behoud daarvan 'n praktiese oplossing te vind vir die diakonale probleem: om te skep en te laat groei en te ontwikkel sonder om die tradisionele belydenis skade aan te doen; maar andersyds ook om die beginsels suiwer te hou sonder om die werke van barmhartigheid te verwaarloos en te verstar.

Die hele kwessie van die posisie, status en magte van die diakonale konferensies in die Gereformeerde Kerk is vanselfsprekend eng verbonde aan die onklaarheid en verwarring wat oor die diakonale amp as sodanig bestaan het en wat eintlik eers na die aandag wat dit van die meerdere vergaderings ontvang het — nie sonder heftige verskil nie — en die Kerkbladpolemiek hieroor, gedurende die twintiger jare enigsins opgeklaar is.

Ds. L. P. Vorster wat altyd 'n sterk voorstander van die breë opvatting van die diakonale amp was, skryf feitlik met wanhoop daaroor. Hy bestempel die diakonale konferensies as „'n doodgebore kindjie" en „'n bliksemafleier" omdat dit sonder enige kerklike status is. Dit kan nie beskrywingspunte of advies op 'n meerdere vergadering bring nie. „Dit kan dus aan die regmatige eis van onse diakonieë om seggingskap op meerdere kerklike vergaderinge te kry, as sake wat onder hulle amp val behandel word, nie voldoen nie".[232] Hoewel hy hom nie daarmee vereenselwig nie gee ds. Vorster hierin tog die praktiese en kerkregtelike posisie weer. Met hierdie statusposisie stem ds. P. J. S. de Klerk saam al betreur hy dit nie en meen hy dat die konferensies tog hulle nut en waarde het.[233]

Die kerklike standpunt is veral deur prof. J. A. du Plessis onder die skryfnaam J. P. gestel na aanleiding van die te houe konferensie te Johannesburg-Noord „enersyds om die kerkregtelike beginsel suiwer te bewaar en tweedens om die belangrikheid van sulke konferensies onder die aandag te bring".[234]

---

[232] Kerkblad, 6.7.26.

[233] Kerkblad, 20.7.26, p. 15.

[234] „Wat die *status* aangaan kan ons veilig neerlê dat sulke konferensies geen kerklike status het nie. Die gedagte moet dadelik afgesny word dat 'n diakonale konferensie 'n soort meerdere vergadering is, soos 'n klassis of 'n provinsiale Sinode. Sulke konferensies kan alleen die karakter dra van 'n broederlike onderhoud, waarop gespreek word oor beginsels en sake betreffende die armversorging.

Hieruit volg dat 'n diakonale konferensie geen *besluite* kan neem nie. *Besluite* kan alleen kerkrade en meerdere vergaderings neem. 'n Besluit tog moet bindend geag word. Vir wie? Vir die diakens?

Maar die diakens staan onder die Kerkraad.

Vir die kerke is dergelike besluite ook nie bindend nie.

Alle resultate van besprekings op sulke konferensies het bloot adviserende karakter. Advies word egter hier nie in die sin gebruik soos dit in die Kerkordening voorkom nie. Dit beteken hier net raad of opinie. So kan 'n Diakonale Konferensie nie *besluit* om 'n fonds vir een of ander doel op te rig nie, hy kan nie *besluit* om 'n weeshuis

Meeste van almal, waarskynlik, het die konferensies self met die probleem geworstel. Hoewel die kerklike opvatting onderskryf word weet elkeen wat die konferensies bywoon hoe daar gewaak en gewaarsku moet word om nie die aanvaarde grense te oorskry nie. Die Konferensie van Johannesburg-Noord het blykbaar die advies van prof. Du Plessis goed ter harte geneem toe verklaar is dat die byeenkoms genoem sal word die *Algemene Diakonale Konferensie van Transvaal* en beskou sal word „as 'n broederlike samekoms sonder enige kerklike status".[235] Tog word daar in 1926 nog geworstel met die praktiese uitvoering van hierdie beginsel. Om alles in ooreenstemming te bring is gepoog om ook die terminologie te wysig: daar moes *adviserende besluite* geneem word en beskrywingspunte moes *besprekingspunte* word. Maar dit wou nie deug nie en die konferensie moes volstaan met die konklusie en bevestiging van sy vorige erkenning dat hy geen status het, geen besluite kan neem en geen kommissies kan benoem nie.[236] Die standpunt is herbevestig in 1932.[237]

Die Kaaplandse konferensies het om in die reine oor die aangeleentheid te kom, 'n kommissie benoem wat op die konferensie van Middelburg, 1940, 'n lang rapport oor die taak, doel en status van diakonale konferensies voorgedra het. Die verslag is geheel in ooreenstemming met die tradisionele gereformeerde beskouing.[238]

Ten slotte is daar ook nog die besluite van die Algemene Sinode. In 1930 is 'n beslissing geneem wat tot dusver nog nie verander is nie, naamlik dat diakonale konferensies tot meerdere bloei van die diakonale arbeid dienstig kan wees, maar dat sodanige konferensies geen kerklike regeermag besit nie omdat die bron waaruit hulle afgelei word, naamlik die diakonieë, geen aparte regeermag besit nie.[239]

### (f) *Die Taak en Werksaamhede van Diakonale Konferensies.*

Die vraag mag nou wel gestel word wat dan eintlik die doel en werksaamhede van die diakonale konferensies is as hulle geen kerklike status en mag besit nie. Is daar dan nog enige sin in om hulle te laat plaasvind? Te oordeel na die ongereelde byeenkomste tussen 1906 en 1930 sou mens geneë voel om dit gewonne te gee dat daar geen bestendige behoefte aan

---

te stig, waarvoor die Kerke verantwoordelik is nie. Wel kan so 'n Konferensie die noodsakelikheid bespreek en 'n adviserende oordeel uitbring, maar die uitvoering van enige adviserende oordeel kan nie ten laste van die plaatslike kerke gelê word nie, tensy die kerkrade die laste aanvaar". Kerkblad, 17.11.25, p. 9.

[235] Verslag van Diak. Konf. Melville, Nov. 1925, art. 5 (a): Kerkblad, 22.12.25. p. 15.

[236] Kerkblad, 16.11.26, p. 17 e.v.

[237] Not. Diak. Konf. Rand en Pretoria, 5.3.32, art. 5.

[238] Punt 1 wys daarop dat die kerkorde slegs vir 'n diakonale samekoms voorsiening maak (art. 40) en geen broederlike samekomste ken nie. Maar daarom is laasgenoemdes, hetsy van leraars, ouderlinge of diakens nie ongeoorloof nie. Punt 2 beantwoord die vraag hoedat sodanige konferensies saamgestel kan word sonder om kwasi-kerkelike vergaderings te word of om te ontaard. Daarvoor word twee weë aangewys: (i) diakens van een of meer diakonie kan die leiding neem en ander diakens nooi of (ii) een of meer diakonieë kan die inisiatief neem en ander diakonieë vra om saam te kom. Not. Diak. Konf. Kp. 1940, art. XII.

[239] Hand. 23e Alg. Sin., 1930, artt. 37(a) (4) en 45.

en taak vir die byeenkomste bestaan het nie. Maar dan sal tog 'n verklaring gevind moet word vir die gereelde byeenkomste oor die afgelope vyftien jaar. As ds. L. P. Vorster die konferensies in 1926 „bliksemafleiers" [240] noem, waarvolgens hulle dan eintlik slegs 'n skynfunksie vervul en 'n skynwaarde besit, moet slegs gedink word aan die periode tot 1925. Maar selfs in daardie tyd het hulle tog volgens P. J. S. de K.[241] in bepaalde behoeftes voorsien. Dit sou gedien het tot algemene voorligting van diakens en het darem daarin geslaag om sake onder aandag van meerdere vergaderings te bring. Ds. Jacs van Rooy reduseer die voordele tot drie [242] naamlik voorligting, besieling en aansporing en samewerking. Volgens prof. J. A. du Plessis [243]is die eerste taak van 'n diakonale konferensie om die diakensamp weer tot sy reg en eer te bring deur alle diakonieë wakker te skud. Daarvoor is nodig die bestudering van die beginsels in Skrif, Belydenis en Kerkorde. 'n Tweede werksaamheid sou wees om 'n „statistieke ondersoek" in te stel na die verhouding van die hulp wat deur die owerheid, samelewing en Kerk verleen word. Die rapport voor die Kaaplandse Diakonale Konferensie (1940) ontleed die doel deur dit eers negatief en dan positief te bepaal.[244] Dit lê nie op die weg van so'n konferensie om vas te stel wat die amp van die diaken is of om die praktiese uitvoering van werk ter hand te neem nie. Positief het dit allereers die taak om diakens of diakonieë byeen te bring omdat hulle anders nie die kans daartoe kry nie; tweedens om te konfereer oor die teorie van armsorg en as derde doelwit word gestel dat die konferensie as deputaatskap van 'n meerdere vergadering kan optree met 'n bepaalde mandaat.

'n Oorsig oor die werksaamhede van die konferensie bring die indruk en besluit dat hulle bestaan, selfs in die vroegste jare, nie nutteloos en sonder betekenis, vrug of gevolg was nie. Die allergrootste werksaamheid was bepaald voorligtend en inspirerend. Dit kan nie ontken word nie dat die diakonale konferensies by uitstek dié krag was waardeur 'n diaken en ander ampte weer bewus geword het van die ware en diepe betekenis van die barmhartigheidsdiens en van die diakonaat as kanaal van hierdie liefdediens in die kerk van Christus. Dit is ook waar dat die konferensies in sekere sin die uiting was van 'n herleefde diakonale besef, maar die teenoorgestelde is nog meer waar. In die belangstelling van die Gereformeerde Kerk in die sogenaamde armblankes het die diakonale konferensies ook 'n belangrike rol gespeel. Die eerste Vrystaatse konferensie, Reddersburg 1906, was trouens 'n regstreekse gevolg van die kerklike belangstelling in die saak. Hiernaas moet ook die feit genoem word dat die konferensies 'n heilsame saamhorigheidsgevoel tussen diakens oor die hele Suid-Afrika en veral binne die provinsiale kerkgrense gebring het. Leraars en ouderlinge ontmoet mekaar op meerdere vergaderings en almal kan getuig watter waarde dit het vir die eenheid van die kerk. Maar hiervan is die diaken verstoke. Die konferensies verbreek die muur van onbekend-

---

240 Kerkblad, 6.7.26, p. 15.
241 Kerkblad, 20.7.26, p. 11 e.v.
242 Kerkblad, 1.9.17, p. 18 e.v.
243 Kerkblad, 19.1.26, p. 10.
244 Not. Diak. Konf. Kp. 1940, art. XII.

heid. Hierdie subtiele waarde geleë in die persoonlike kennismaking met ampsbroeders, hulle probleme en aktiwiteite, word te veel buite rekening gelaat. Gepaard hiermee moet die opvoedkundige waarde erken word sowel vir diakens wat lank in die amp staan as vir die jongeres. Dit kan weliswaar geredeneer word dat ernstige Skrifstudie, ondersoek van belydenisskrifte, kerkorde en ander literatuur oor die amp die skool van die diaken moet wees. Dit moet die grondslag lê vir die kennis van die amp en sy vereistes. Die laaste bron is egter nie altyd vir die diaken in groot omvang toeganklik nie; sommige leer ook moeilik teoreties en uit boeke; maar bowe-al besit die konferensies 'n vormende invloed wat die grondslag wat genoemde bronne bied verstewig en hulle invloed verryk. Min diakens kan jaarliks die konferensies bywoon, maar dan geniet húlle tenminste die vrugte daarvan en by hulle word die uitstraling tog nie subiet afgesny nie sodat hulle ook ander in minder of meerdere mate beïnvloed.

Hierdie subtiele waarde is 'n bykomende werksaamheid. Die werklike vuur en motief en dryfkrag agter die strewe was eintlik iets meer konkreets en prakties. Die geskiedenis van die diakonale strewe en optrede herinner aan die essensie van die brief van Jakobus: [245] die najaging van die werke as vrug van die geloof. Uit die diakonale ywer deur die konferensies is albei die inrigtings vir barmhartigheid, die *Kruger Tehuis vir Onversorgde Wese* en *die Dirk Postma Tehuis vir Oues van Dae*, gebore. Weliswaar het die ywer vir praktiese optrede die insig in en handhawing van prinsipes in gevaar gebring. In menigerlei opsig was dit egter 'n keuse tussen twee euwels: om 'n kerkregtelike prinsipe te skaad in die daaddrang tot barmhartigheidsbetoon of om die beginsel suiwer te hou in koue daadloosheid. Deur die weg van die eerste is uiteindelik tog 'n oplossing gevind wat aan almal tevredenheid gee, aan die daders van die Woord sowel as aan die wagters oor die suiwerheid daarvan, terwyl in die kerk, wat 'n lewende organisme is, nuwe vorme en take en doelwitte gegroei het.

Dit is interessant om uit die notules en stukke van die diakonale konferensies die beskrywingspunte, besluite en agendas na te gaan met die oog op algemene werksaamhede en bewyse van vordering al dan nie.

Om alles weer te gee is 'n onbegonne taak, om te veralgemeen bring die gevaar dat aan die groot verskeidenheid van aktiwiteite onreg gedoen kan word. 'n Drieledige groepering daarvan is egter moontlik. Die voorligtingsaspek staan op die voorgrond. Sowel deur referate as deur die beskrywingspunte is aan die aanwesiges voorligting gegee oor allerlei aangeleenthede van prinsipiële en praktiese aard: die taak van die diaken, die verhouding tussen diakonie en sustersvereniging, die verhouding tussen kerklike barmhartigheid en owerheids- en partikuliere sorg, wie is die armes, kan kinders gehelp word met klere en skoene om die skool te kan besoek, ens., ens. Hoewel hierdie aktiwiteit vandag nog 'n uiters belangrike plek onder die werksaamhede van die diakonale konferensies inneem, kan die geskiedenis van die konferensies tog, volgens werksaamhede, in twee fases verdeel word. Tot ongeveer 1930 was dit hoofsaaklik

[245] Jak. 2 : 14-26.

'n periode van worsteling om duidelikheid en rigting en het die voorligtingsaspek oorweeg; daarna het parallel hiermee te staan gekom die praktiese werksaamhede. Dan groei uit die konferensies die konkrete optrede in verband met die fonds vir hulpbehoewende studente, die publikasie van „Die Diaken", die sentrale diakonale kasse en die twee groot monumente van diakonale bemoeiïng: die tehuise vir onversorgde wese en vir oues van dae terwyl 'n begin gemaak is met planne vir 'n tehuis vir laagbesoldigdes. Sonder dat die voorligtende werksaamhede verminder het, is dit aangevul deur die praktiese aktiwiteite. Derdens het, op natuurlike wyse, die organisatoriese werksaamhede bygekom: beraadslagings en optrede om die grootste mate van diakonale samewerking te verkry, om die byeenkomste ordelik en vrugbaar te laat verloop en te bespoedig, om die uitvoering van besluite te verseker en doeltreffend te maak. Dit is opmerklik hoedat veral die Transvaalse konferensie met hierdie werksaamhede 'n bestendigheid en ewewigtigheid verkry het waarin die sake belangende die praktiese optrede reeds oorweeg oor die besprekings van algemene prinsipiële aard of van besondere praktiese probleme van diakonieë.

(g) *Die Beheer oor die Inrigtings vir Barmhartigheid.*

Velerlei gewis was die moeilikhede en struikelblokke wat die diakonieë ondervind het in hulle aksie vir omvattende en doeltreffende barmhartigheidsdiens. Toe toestemming van die meerdere vergaderings uiteindelik verkry is vir die oprigting van 'n tehuis vir onversorgde wese en toe die grond toegestaan is, kom die konferensie te staan voor die kwessie van transportering van eiendomme. Die diakonie besit geen regspersoonlikheid nie en eweso die konferensie. Dieselfde moeilikheid is ervaar in verband met die Dirk Postma Tehuis hoewel deur ervaring toe reeds soveel geleer is, dat 'n oplossing makliker gevind kon word. Van belang in die verband is veral die advies van die Kommissie vir Diakonale en Sosiale Sake op die Algemene Sinode (1933) [246] en die rapport van die Deputate van die Partikuliere Sinode van Transvaal om die Transvaalse diakonieë te adviseer insake weeshuisaangeleenthede.[247] Hierdie advies is 'n uiteensetting van die tradisionele gereformeerde kerkregtelike standpunt. Aanvanklik is die eiendomme getransporteer op naam van die kuratore van die Teologiese Skool onder uitdruklike voorwaarde dat hulle geen finansiële verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Volgens opdrag van die sinode van Potchefstroom, 1945, moes die Deputaatskap vir Sosiale Sake, op sy eie advies, trag om as regspersoon geregistreer te word en sodoende op te tree as trustees „van alle eiendomme wat verkry word vir diakonale belange en in regte op te tree vir daardie belange".[248] So maklik was dit egter nie te doen nie. Op die Sinode van 1949 is 'n breedvoerige rapport ingedien wat nie alleen 'n insig gee in die probleme om die besluit uit te voer, die moeilikhede van die diakonieë ten opsigte van die beheer van

[246] Hand. 24e Alg. Sin., art. 99.
[247] Not. Part. Sin. Tvl., 1943.
[248] Hand. 28e Alg. Sin., art. 15.

die barmhartigheidsinrigtings te ondervang en bowedien nog binne die grense van die gereformeerde kerkreg te bly nie, maar wat ook aandui watter praktiese stappe te doen is — met nie alleen heelwat meningsverskil in die Sinode nie, maar ook nog daarna in die kerklike orgaan. So konstateer die Deputaatskap onder ander: „Die moeilikhede in hierdie verband was nie te oorsien nie. 'n Akte wat as voorbeeld kon dien om as regspersoon geregistreer te word, kon nie van die kuratorium verkry word nie aangesien die betrokke wet nie van toepassing is op liggame wat voor 1940 bestaan het nie. Ontheffing, op grond daarvan dat dit 'n kerklike liggaam is, kon ook nie van die Minister verkry word nie. Eers die derde regskundige kon 'n akte opstel wat enigsins naby die Kerkorde gebly het. Hoewel u Deputate besef dat dit 'n onbegonne taak is om hierdie Akte aan die Maatskappywet en aan die Kerkorde te laat konformeer, het ons die stuk aan die Registrateur van Maatskappye laat toekom en hy het dit geregistreer".[249]

Die diakonale en kerklike beheer het 'n vraagstuk van oorvleueling gebied. Om dit te vergemaklik en om moeilikhede op te los, is eers die verskillende beherende organisasies se jurisdiksie bepaal. Die vroeëre Tehuiskommissie is afgeskaf aangesien sy werk nou deur die Deputaatskap verrig word. „Die Diakonale Konferensie van Transvaal, in samewerking met Deputate van die Uniale Diakonale Konferensie, het in beginsel aangeneem dat die diakonale versorging in die inrigtinge sal geskied deur die *Plaaslike Bestuur* wat by elke inrigting in die verlede bestaan het, maar nou net vergroot word met die doel dat hierdie bestuur die funksies van die vroeëre *Tehuiskommissie* oorneem".[250] Die sinodale kommissie belas met hierdie rapport adviseer dat dit sy bevinding is dat dit onmoontlik was om die Deputaatskap te registreer en terselfdertyd die beginsels van die kerkorde in alle opsigte te handhaaf omdat die Maatskappywet en die kerkorde onversoenbaar is en dat die Deputaatskap *pro forma* die karakter van 'n utiliteitsmaatskappy aangeneem het. Maar na sorgvuldige studie van die Statute en Akte van Oprigting is die kommissie tevrede dat daar genoeg voorsorg getref is om te verseker dat die Sinode se seggenskap nie verminder of enigsins aangetas is nie. Met betrekking tot die uitdrukking „Diakonale en Kerklike beheer" word aanbeveel dat liewer gepraat moet word van „kerklike beheer en diakonale versorging". Die rapport met adviese is so aanvaar.[251]

'n Ander weg was daar nie te volg nie. Aan die owerheidsbepalings soos beliggaam in die Maatskappywet moes voldoen word, hoewel dit strydig is met die kerkorde. Die resultaat is derhalwe die gevolg van die onversoenbaarheid van kerkregtelike beginsels en die praktyk van die regsformulering deur die owerheid. Indien laasgenoemde nie gewysig word nie, sal die kerk hom dus daarby moet neerlê, desnoods onder protes. Onderwyl het die regspraktyk geëis dat die eiendomme geregistreer moes word en kon die sinode geen ander liggaam met regspersoonlikheid aanwys in wie se naam registrasie en transportering kon geskied nie.

---

249 Hand. 30e Alg. Sin., art. 68, p. 161 e.v.
250 Hand. 30e Alg. Sin., art. 68, p. 163 e.v.
251 Hand. 30e Alg. Sin., art. 145.

HOOFSTUK VI.

# Fondse en Middele vir die Barmhartigheidsdiens

Die verlening van doeltrefende materiële hulp hetsy in die vorm van dienste, ware of kontant, kan nie geskied sonder genoegsame middele nie. As heel eerste taak van die diakens word dan ook deur die bevestigingsformulier gestel die ywerige en getroue versameling en bewaring van „die aalmoese en goedere wat aan die armes gegee word". Met nadruk word daarby gestel dat ter ondersteuning van die armes „baie goeie middele" gevind moet word. Ook in die vermaning aan die bevestigde diakens en aan die gemeente word nogeens hieraan herinner. Soos Bouwman [1] sowel as Biesterveld [2] dit, stel het die diakens nie net 'n roeping om wat op die tafel van de Here gebring is goed te bestee nie maar ook om te sien dat die tafel welgevuld is.

*Beginsels vir die verkryging van goeie middele.*

Die vraag hoe daar oor voldoende middele beskik kan word om die behoeftiges volgens eis van die diakonale amp te versorg, is van soveel onmiddellike praktiese belang dat die versoeking sterk is om enige beperkings oor die hoof te sien. Tog mag dit volgens gereformeerde beginsels nie „omdat zulks altijd op schade uitloopt".[3] Drie beginsels word in hierdie verband vooropgestel: (1) dat die barmhartigheidsfondse nie 'n sosiaal-ekonomiese nivellering in kommunistiese sin beteken nie; (2) dat dit nie net 'n taak van die diakonie is nie maar 'n roeping verbonde aan die algemene amp van gelowige en (3) dat dit berus op 'n grondslag van vrywilligheid.[4] Elk van hierdie beginsels moet nader beskou word.

1. *Private besit* is deur gereformeerdes nog altyd nie net as geoorloof geag nie, maar selfs as noodsaaklik, terwyl absolute gelykheid in ekonomiese soos in ander opsigte, as onmoontlik beskou word. Sowel die persoonlike individualiteit as die bestaan en funksionering van die huisgesin

---

[1] Bouwman, H.: Het ambt der Diakenen, p. 93.
[2] Biesterveld e.a.: Het Diaconaat, p. 271.
[3] Biesterveld e.a.: a.w. p. 271.
[4] Bouwman: a.w. pp. 93 e.v.; en Biesterveld e.a.: a.w. p. 271 e.v., en p. 274.

as goddelike instelling is daaraan gekoppel. Smeenk[5] haal met instemming die opvattings van Von Nathusius en Geesink aan dat private besit reeds in die regstaat voor die sondeval gegee is maar deur die sondeval om vierderlei redes feitlik onmisbaar geword het. Op hierdie grond is die besit aan die mens gegee as 'n amp: God is die absolute eienaar, die mens is slegs rentmeester wat die middele tot welsyn van homself en sy naaste moet aanwend. Die sedelike aspek hiervan is juis daarin geleë dat die gesindheid teenoor die besit — die gebruik of misbruik daarvan — hoër is as die blote besit van stoflike goedere. Hierby kom ook die arbeid ter sprake: die mens moet werk om te besit, en besit om des te beter te kan dien. Volgens Smeenk ag Von Nathusius die verskeidenheid van besit selfs nodig maar daarmee saam veroordeel hy die skerp teenstelling tussen armoede en rykdom. Rykdom sowel as armoede bring gevaar mee, derhalwe is die bede van Agur[6] die ideaal. In die verband moet dan ook gelet word op die betekenis van die toestande van die eerste Christelike gemeente te Jerusalem. Daar was geen verpligte onteiening van eiendom nie maar terwille van die groot aantal armes in die gemeente juis 'n gesindheid om vrywillige offers te bring sonder dat die beginsel van privaat besit opgehef is. Immers sonder privaat besit sou offers onmoontlik gewees het. Hieruit moet derhalwe met betrekking tot die barmhartigheidsdiens afgelei word dat die doel nie is om die armes en nooddruftiges te help deur 'n gelykskakeling van ekonomiese vermoë en status nie, nie arm maak van die rykes of ryk maak van die armes nie, maar om deur die opwekking van die liefdesgesindheid en voorligting met betrekking tot die rentmeestersamp die wat het te laat gee aan die wat gebrek ly en almal deur die arbeid genoeg te laat verdien vir eie lewensonderhoud en nog iets oor te hê vir die behoeftiges.[7]

2. Hieruit word dit ook duidelik waarom die verskaffing van goeie middele vir die barmhartigheidsdiens deur gereformeerdes beskou word as plig van alle gelowiges. Die diaken het nie net 'n roeping ten opsigte van die arme nie maar ook teenoor die ryke.[8] Daarom moet die diakonale amp ook arbei tot ontplooiïng van die amp van die gelowige. Die gemeenskap van die heiliges kom immers ook daarin uit, dat alle gelowiges deel het aan die gawe van Christus en dus die gawes wat van Hom ontvang word met vreugde en gewillig tot nut en saligheid van ander moet aanwend.[9] Opmerklik is dit dan ook meteens dat die bevestigingsformulier vir die diakens nie alleen laasgenoemdes aanspreek nie maar hom ook rig tot die gemeente, rykes sowel as armes. Waar die armes vermaan word met betrekking tot die ontvangs van die liefdegawes word die rykes opgewek tot mededeelsaamheid en weldadigheid. Die laaste vermaningswoord — om Christus na te volg terwille van die spys van die siel en nie terwille van die brood nie — slaan meteen die gedagte die bodem

---

[5] Smeenk, C.: Christelijke Sociale Beginselen; Kok. Kampen 1934, deel I, p. 133 e.v.

[6] Spreuke 30 : 7-10.

[7] Vgl. die Huweliksformulier.


[8] Bouwman: a.w. p. 94.

[9] Biesterveld e.a.: a.w. p. 272.

KOLLEKTEGELDE


Grafiek 5.

*(Getal en soort muntstukke.)*




Grafiek 6.

*(Waarde van verskeie soorte muntstukke.)*



in dat alleen die werklik rykes verplig is om te gee, dat die minderwelgestelde vrygestel word van verpligtinge teenoor gebreklydendes en dat die behoeftiges in passiewe ontvanklikheid moet voortleef. Soos in die huweliksformulier staan dit uitdruklik en direk in verband met die armes: „En arbei deur met u hande te werk wat goed is, sodat u iets kan hê om mee te deel aan diegene wat gebrek het". Selfstandigheid deur eerlike arbeid word dus ook vir die behoeftige as roeping voorgehou.

Wat die gemeentelike offervaardigheid van die Gereformeerde Kerk betref is die getuienis nie te gunstig nie. Ds. D. Postma beklaag hom in 1874 al oor die gebrek aan vrygewigheid by lidmate. „Volgens de rapporten", skrywe hy, „die men vry algemeen van de diakens ontvangt, gaan veel menschen de kerk uit zonder iets te geven".[10] Dieselfde klag vind ons sewentien jaar later in byna presies dieselfde woorde in ander gemeentes.[11] In Johannesburg bedra die gemiddelde Sondagskollektes £ 3.8.0 vir 'n gemeente met 800 lidmate. As elkeen maar 'n trippens per Sondag (nie eers per diens nie) sou bydra, sou die inkomste £ 10 wees.[12] Of die kerkbywoning was swak, òf die offervaardigheid was nog swakker, òf albei was gebrekkig. Indien die eerste, beteken dit, teen trippens per lidmaat 32 persent bywoning as aangeneem word dat die £ 3.8.0 die kollekte per diens en nie per Sondag (twee dienste) beteken nie. As dit nie gelê het by swak bywoning van die erediens nie, beteken dit dat vir 66 persent bywoning die gemiddelde bydrae per lidmaat anderhalwe pennie of vir 50 persent bywoning ongeveer twee pennies per Sondag was. Na die Engelse oorlog duur die toestand nog voort: sodanig so dat kerkrade dit nodig ag „dat een krachtdadige opwekking uitga van de drie ambten in de gemeente opdat er meer offervaardigheid in de gemeente voor deze belangrijke zaak kome".[13] Oor die kwessie van ramings of vrywillige kollektes vir algemene kerklike en barmhartigheidsfondse, bereken die Kerkblad wat gedoen kan word as in 'n gemeente van seshonderd lidmate een-derde 'n trippens, een-derde 'n sikspens en die res nege pennies *per Sondag* vir die armes bydra. Met 'n twee-derde bywoning beteken dit £ 10 per Sondag. Maar dan kla hy: „Wij hebben bovenstaande geschreven niet met de hoop dat dit zal worden opgevolgd; want helaas! een twee-en-veertig jarige arbeid onder de gemeenten heeft ons in dit opzicht moedeloos gemaakt".

Hy wys vervolgens op die kerkbesoekgewoontes op die platteland en vervolg: „Als men al ter kerke komt wordt nog misschien de kleinste penning opgezocht: de collecten bij de deuren is een getuigenis tegen de gemeente".[14]

Verskeie ooreenkomstige getuienisse kom voor in die stukke van afsonderlike kerkrade.[15] Dat dit egter nie 'n geïsoleerde verskynsel in enkele

---

[10] Postma, ds. D.: De Maandbode, 1.10.1874.
[11] Kr. not., Middelburg, Kp., 21.8.91, art. 17.
[12] Kr. not., Johannesburg, 4.10.98.
[13] Kr. not., Potchefstroom, 13.8.04, art. 8.
[14] Kerkblad, 1.6.10, p. 2.
[15] Vgl. Kr. not., Middelburg K.P., 10.11.11, art. 15; Potchefstroom 5.10.17, art. 12 e.a.

gemeentes was nie, getuig naas al die bogenoemde voorbeelde ook nog die besluit van die klassis Middelburg Tvl. (1926). Met betrekking tot die antwoorde op vraag 8 van die gemeenteverslae is aangeteken dat „dit noodsaaklik is om daarop te wys dat daar kragtens roeping en plig meer gereeld vir die arme gekollekteer sal word".[16]

Of die toestand onderwyl verander het, is by gebrek aan konkrete gegewens nie vas te stel nie. Insiggewend is die resultate in elk geval wat verkry is in antwoord op 'n vraelys [17] wat aan die verskillende gemeentes gestuur is met die versoek om 'n weergawe van sowel die getal geldstukke van elke soort as die totale bedrag wat ontvang is by enige *gewone* diens. Uit die antwoorde van 64 gemeentes blyk dit dat trippense die grootste enkele bydrae van die kollektes uitmaak. Kwantitatief is die trippense selfs meer as al die ander groter geldstukke saam. Die bedrag wat daardeur voorgestel word is die grootste enkele bedrag, maar nie in volstrekte sin nie. Die relatiewe verhouding in getalswaarde en in werklike geldwaarde word deur die bygaande grafieke aangetoon (bls. 126).

As ons aanneem dat elke persoon wat die diens bywoon slegs vir een geldstuk verantwoordelik is, dan is die gemiddelde bydrae per persoon per diens 6.2 pennies, wat nie te swak is nie. Die prent verander egter wanneer dit bereken word as 'n gemiddelde bydrae van al die belydende lidmate van die gemeentes. Wanneer die totale kollekte van die 64 gemeentes verdeel word deur hulle totale getal belydende lidmate (bereken volgens die Almanak vir 1950) kom dit te staan op slegs 2.6 pennies per belydende lidmaat en slegs 1.6 pennies per lidmaat (doop en belydend) as die sieletal as basis geneem word. Nou is dit waar dat laasgenoemde berekening nie heeltemal regverdig is nie omdat veral klein kinders gewoonlik nog nie die eredienste kan bywoon nie, maar aan die beginsel dat die gesinshoof namens die hele familie moet bydrae, maak dit nie veel verskil nie. Veral die gemiddelde bydrae per belydende lidmaat is interessant. Dit is nie alleen laag nie, maar dit toon meteens die groot kloof tussen die getal belydende lidmate en die aantal wat gewoonweg die erediens bywoon, veral as ons nog moet toegee vir die getal dooplidmate wat by die werklike bydraers (kerkbesoekers) inbegrepe is. Aan die gemiddelde bydrae per belydende lidmate tesame mag die vergrote totale kollektes by Nagmaals- en ander „grootkerk"-geleenthede 'n klein en gunstige verskil maak, maar of dit 'n verhoging van die gemiddelde per bydraer bring, is twyfelagtig.

Daar is terselfdertyd getrag om vas te stel of daar 'n groot variasie van gemiddelde bydraes per lidmaat onder die verskillende gemeentes is. 'n Aansienlike variasie (van 2.4 tot 9.9 pennies) is aangetref tussen gemeentes. Opmerklik is die variasie blykbaar groter onder plattelande as in dorps- en stadsgemeentes. In die plattelandse gemeentes is sowel die hoogste as die laagste gemiddeldes gevind; in die dorpsgemeentes was die variasie kleiner en in die stadsgemeentes die kleinste.

Die oorsaak vir die lae gemiddelde bydrae en byna kroniese toestand van gebrek aan barmhartigheidsmiddele moet in verskeie faktore gesoek

[16] Verslag Klassis Middelburg Tvl., 1926: Kerkblad, 5.10.26, p. 12.
[17] Vraelys no. 2.

word waarvan die kerkbesoekgewoontes een is. Onder die omstandighede van verspreidheid en groot afstande — en gewoonlik ook ongereelde bediening deur die klein aantal predikante — was die kerkbesoek en bywoning van die erediens vroeër feitlik beperk tot die driemaandelikse Nagmaalsviering. Leesdienste deur ouderlinge het nog altyd 'n ongeregverdige soort minagting ontvang. Negentig jaar na die stigting van die Gereformeerde Kerk met die geweldige veranderinge wat plaasgevind het — verkorting van afstande deur digter bewoning en vinniger vervoermiddels, meerdere bediening deur 'n groter aantal predikante — konstateer die Kommissie insake Kerkbesoek in die klassis Johannisburg: „Die stedelike lidmate was gewoon om op die platteland slegs met „groot kerk" of Nagmaal, kerk-toe te gaan en hulle kan die jarelange ingewortelde gebruik maar nie ontgroei nie".[18] Dit is vanselfsprekend dat hierdie soort kerkbesoek beperk tot uiters twaalf tot vyftien dienste per jaar uit die moontlike 104 dienste [19]die bydraes vir die barmhartigheid teoreties verminder tot ongeveer een-sewende van die totale potensiële bedrag. Dit gee egter nie 'n ware beeld van die toestand nie omdat daar tog 'n persentasie lidmate is wat die ander dienste ook bywoon. Volgens die gegewens wat in die voorgaande grafieke verwerk is, is hierdie gemiddelde bywoning ongeveer 27.8 persent van die totale sieletal, mits ons aanneem dat elke geldstuk een belydende of dooplidmaat verteenwoordig. Op die huidige bydraebasis beteken dit dus 'n weinig meer as 'n kwart van die moontlike totale bedrag. Met die groter bywoning by Nagmaal en „grootkerk" in ag geneem, sal die gemiddelde enigsins hoër kom, maar hierdie wins word grootliks indien nie geheel en al geneutraliseer deur die algemeen bekende feit, waarop die bogenoemde kommissie ook die aandag vestig, nl. dat dit die oorwegende gewoonte is om slegs een diens op 'n Sondag by te woon. Waarskynlik word die aanddienste die swakste bygewoon.

Eintlik behoort swak diensbywoning nie noodwendig die kollektes vir die armbeurs nadelig te affekteer nie. Dit is altyd moontlik om vir die afwesigheid te „vergoed" in die sin wat Paulus aan die gemeente van Korinthe voorgeskryf het [20] naamlik om op die eerste dag van die week iets weg te lê vir die arme namate welvaart geniet is. Dit sou prakties uitgevoer kan word òf deurdat die betrokke lidmaat wanneer hy die diens bywoon, by die opneem van die offers 'n bydrae maak gelykstaande aan wat hy sou gedoen het indien hy al die dienste bygewoon het, òf deur sy „agterstallige" offers in die kollektebussie te plaas of aan die diaken te oorhandig.

Dit is natuurlik uiters moeilik — feitlik onmoontlik — om vas te stel watter persentasie lidmate op een of ander wyse „vergoed" vir die verlies wat deur hulle afwesigheid veroorsaak is.

Die gemiddelde bydraes is sodanig dat 'n mens twyfel of dit in 'n aan-

---

18 Die Maandbode, Mei 1950, p. 11.

19 Bereken teen twee dienste per Sondag en sonder inagneming van voorbereidingsdienste op Sondagaande of -middae veral omdat die gebruik in die stedelike gemeentes nie meer sonder uitsonderings nagevolg word nie.

20 1 Kor. 16 : 2.

sienlike aantal gevalle gedoen word. Die aangehaalde predikantservaring [21] spreek eintlik teen so'n algemene gewoonte: „Als men al ten kerke komt wordt nog misschien de kleinste penning opgezocht". Hierby word seker ook nog allermins rekening gehou met die dalende geldwaarde — blykbaar word meer gedink aan die geldstuk wat in die offerbussie kom as aan die waarde daarvan.

Die kollekte vir die armes is meesal 'n trippenskollekte. Nou is daar inderdaad wesentlik niks verkeerd met 'n trippensbydrae nie mits dit natuurlik in verhouding is met die vermoë van die gewer [22] en die nood van die tyd. 'n Trippens per lidmaat per diens beteken vir 'n gesin van vyf lede reeds 2/6 per Sondag of £ 6.10.0 per jaar wat 'n aansienlike bedraggie beloop. Vir die Gereformeerde Kerk se barmhartigheidsdiens sal dit, gereken volgens die sieletal vir 1950 £ 891 per diens bedra of meer as £ 500 per diens op die basis van belydende lidmate alleen.[23] Wat sou die gereformeerde barmhartigheid nie kan doen met £ 1000 per Sondag of £ 52,000 per jaar nie!

Die feit dat die Gereformeerde lidmate oor die algemeen nie ryk is nie, grotendeels selfs as arm beskou word, mag wel deels bydra tot die lae gemiddelde offer, maar dit bied geen verklaring en geen regverdiging daarvoor nie. Trouens die distribusie van lidmate op 'n inkomstebasis is sodanig dat die agterstand veroorsaak deur die armes meer as vergoed kan word deur die bemiddeldes.

Die werklike oorsaak moet eerder inwendig gesoek word in 'n soort koudheid, onnadenkendheid en selfs 'n soort slordigheid in die kerklike lewe. Die dae toe daar weinig behoeftiges in die kerk was en 'n sterk diakonale kas nie 'n onmiddellike noodsaaklike praktiese vereiste was nie, is al byna 'n halfeeu of meer agter die rug en tog skyn dit asof die tradisie wat toe gevorm is nog nie uitgesterf het nie. Slegte gewoontes en tradisies sterf swaar, hierdie een ook. Kerklike bydraes is onder die bepaalde lewenstoestande geleidelik geassosieer met bydraes vir predikantstraktement, kerkbou en ander algemene finansies. Die offers vir die armes is stadigaan vergeet en het in die bewussyn vervaag. Daar is ook ander simptome van die onnadenkendheid en slordigheid soos byvoorbeeld die gebruik dat met uitsondering van die kollekte wat kerk-toe geneem word, die diaken alle ander offers, hetsy vir kerk of barmhartigheid juis by die lidmate moet afhaal instede daarvan dat die lidmaat dit aan die diaken besorg. Die lidmate wat dit wel doen is blykbaar die hoë uitsondering. Die tweede simptoom is die gebrek om wanneer die erediens nie bygewoon word nie, die offer vir die armes weg te lê en later te besorg en die derde is die gewoonte om die kleinste beskikbare geldstuk te gee sonder ernstige oorweging van die relatiewe waarde daarvan. Eintlik is dit verkeerd om in die algemeen van offers te praat. Onder die lidmate van die Gereformeerde Kerk, as geheel genome, is wat die barmhartigheidsdiens betref, die offer-

---

[21] Kerkblad, 1.6.10, p. 1 e.v.

[22] Vgl. Markus 12 : 41-44 en 1 Kor. 16 : 2: „Namate sy voorspoed is".

[23] Teen die helfte van 1949 (Kerklike Statistieke word gedurende Mei-Julie opgeneem) was daar 41,315 belydende lidmate en 71,282 doop- en belydende lidmate in die Gereformeerde Kerk: Almanak 1950.

gedagte lankal verplaas deur 'n kollekte-idee. Offer impliseer selfverloëning, die stel van 'n ander se behoeftes en belange bo jou eie; *kollekte* word geassosieer met wat oortollig is, nie meer vir eie gebruik nodig is nie soos halfslyt skoene en klerasie, 'n trippens wat netsowel aan lekkers of roomys bestee kon word.[24]

Die vraag of hierdie gebrek aan offervaardigheid alle aspekte van die kerklike finansies geld, kan alleen afdoende beantwoord word deur 'n volledige studie van die algemene finansies van die Gereformeerde Kerk. My indruk is dat dit 'n betreklik algemene kenmerk is, maar dat dit in die geval van die barmhartigheidsdiens duideliker en skerper belig op die voorgrond tree. Die onmiddellike, regstreekse verpligtings ten opsigte van traktement, kerkbou-, orrel en soortgelyke fondse stel dikwels sodanige eise dat lidmate daaragter begin skuil as dit by bydraes vir die liefdediens kom. En, terwyl die diakens meesal met die in van al hierdie gelde belas is, ontbreek dit hulle dikwels aan vrymoedigheid om nog bo en behalwe dit alles, verdere bydraes vir die suiwer diakonale werk te vra.

3. *Die vrywillige grondslag* van die barmhartigheidsdiens word in die gereformeerde literatuur oor en oor benadruk. Barmhartigheid berus immers op liefde en liefde is geen dwangsaak nie. Die plig om te gee is sedelik en nie reglementêr nie.[25] Dwang om te gee kan selfs nie eens op die gemeente uitgeoefen word in verband met die gewone bydrae tot instandhouding van die erediens nie. In die geval is selfs 'n hoofdelike raming gebaseer op die vrywillige aanvaarding daarvan deur die lidmate.

Die kerk mis daarby dan ook die dwangmag van die owerheid wat sy opgelegde belasting kan laat invorder en versuim onderhewig maak aan straf. Die kerk moet oortuig en daardeur het hy die sterk sedelike gesag waardeur die harte bewerk kan word om uit liefde vir Christus en uit dankbaarheid vir die ewige verlossing die Here te dien met die stoflike gawes wat Hy skenk. Hierdeur word die Christelike barmhartigheid juis ook bewaar van onpersoonlikheid en koudheid want wanneer die hart deur genade bewerk is, ag die Christen dit 'n lewensroeping om uit sy oorvloed mee te deel aan die behoeftiges sodat ook die arme as lid van die liggaam van Christus deel mag hê aan die gemeenskap van die heiliges en hom kan verheug in sy Skepper.[26] Ewe sterk beklemtoon Biesterveld die vrywillige liefdeskarakter van die barmhartigheidsdiens nie alleen ten opsigte van die ontvanger van die middele nie, maar ook van die gewer. Die vrywilligheid impliseer dan ook dat hier van regte geen sprake kan wees nie. „De gaven zijn en blijven daar vrijwillige offers".[27]

Dit was van die begin af blykbaar 'n vaste beginsel in die Gereformeerde Kerk dat sy barmhartigheidsdiens op vrywillige offers moet berus alhoewel nêrens gemotiveerde en breed uitgewerkte besluite daaroor aangetref word nie. Derhalwe wys alle gegewens daarheen dat die hoof- en

---

24 Dit maak mens gedagtig aan Langenhoven se woordverklaring van 'n *aalmoes* as „'n afknypseltjie uit weelde vir gebrek": Langenhoven, C. J.: Aan Stille Waters; Kaapstad, p. 102.

25 Bouwman: a.w. p. 94.

26 Bouwman: a.w. p. 94 e.v.

27 Biesterveld e.a.: a.w. p. 274.

feitlik uitsluitende bron van inkomste vir die armkas allerlei kollektes is. So lui dit reeds in 1864: „Door de diakenen werd voorgesteld, of het niet goed ware dat men voor de armen der Gemeente ging kollekteeren, hetwelk toestemmend is beantwoord....".[28] So het Pretoria en Rustenburg,[29] twee van die heel oudste gemeentes, albei besluit om die kollekte by die dankseggingsdiens hiervoor af te sonder. Of die kollektes nou al onder of na die diens opgeneem word, of dit alleen in spesifieke noodgeval of bywyse van roetine deur die diakens by hulle wyksrondgang versamel is, die armkas is feitlik sonder uitsondering gevul deur een of ander kollekte. Dikwels is daar selfs van „vrye kollektes" gepraat, waardeur bedoel is *spesiale* kollektes of insamelings waarvoor nie op die gewone program voorsiening gemaak is nie. Dit is veral in verband gebring met gevalle waar die diakens, met niks in die kas, onder goedkeuring van die kerkraad onderneem om in 'n bepaalde wyk of in die hele gemeente bydraes te vra vir die gebrek van een of ander behoeftige wat op kerklike barmhartigheid aangewese geword het. So antwoord die kerkraad van Potchefstroom selfs op vraag agt van die gemeenteverslag: „Ja, indien er geen voldoend bedrag in kas is, worden er vrywillige kollekten gehouden".[30] Ongelukkig het die vrywillige grondslag van die barmhartigheidsdiens in baie gevalle ontaard tot eiewilligheid [31] en grootliks verstar tot 'n trippensbydrae. In enkele gevalle is die barmhartigheidsmiddele slegs aangevul uit die kerkkas.[32] Tog is hierin geen algehele beginselverbreking te vind nie, want die bydraes vir die kerkkas was per slot van sake ook vrywillig, hoewel dit geïn is volgens hoofdelike raming. Bewuste pogings om die bydraes vir die barmhartigheidsdiens op 'n vasgestelde basis volgens een of ander ramingstelsel te verkry kom slegs enkele kere voor. In die geval van Ventersburg het die leraar en kerkraad, blykbaar uit desperaatheid nadat die gemeente minstens drie keer reeds besluit het om 'n bespreking van 'n verbetering van die offers vir die liefdediens uit te stel, aan die hand gegee dat elke lidmaat elke eerste dag van die week iets afsonder vir die diens „zegge elk lidmaat minstens zes dubbeltjies".[33] Die inkleding van die voorstel is egter sodanig dat dit nog geen raming is nie, maar alleen 'n praktiese basis vir die algemene gedrag. Die bedoeling is nie 'n vaste, verpligte, geraamde bydrae nie maar 'n begeerte om die gemeente op te wek tot groter milddadigheid. Van dieselfde aard ongeveer is die rondskrywe van die Deputaatskap vir Diakonale Sake met betrekking tot die bydraes vir die Kruger Tehuise, met die advies dat 3 pennies per lidmaat per maand die benodigde bedrag sal lewer. Ook hier was sekerlik nie sprake van gereglementeerde barmhartigheid nie, omdat die skrywe 'n advies bevat en nie 'n bevel of verpligting nie. Hoewel die vorm in hierdie gevalle sterk herinner aan 'n hoofdelike ra-

---

28 Kr. not. Rustenburg, 12.3.64, art. 3.
29 Kr. not. Pretoria, 5.4.67, art. 5 en Rustenburg 27.9.67, art. 6.
30 Kr. not. Potchefstroom, 23.12.89, art. 12.
31 Van Rooy, J. A.: Kerkblad, 1.10.10, p. 8.
32 Vgl. Kr. not. Johannesburg 17.2.98, art. 5; Bethulie 11.12.71, art. 12 en 12.9.90, artt. 13 en 15; Rustenburg 4.4.95, art. 28.
33 Kr. not. Ventersburg, 13.10.96, art. 12.

ming is die bedoeling tog anders en is die vrywilligheidsbeginsel nie geskaad nie.

Twee ander afwykings is ook aangetref. Die diakonie van Piet Retief het by die kerkraad aansoek gedoen om 2½ persent van die totale lopende begroting „om de armen daarmee te bedelen".[34] Dit kom eintlik op dieselfde neer as hulpverlening uit die kerkkas en is 'n fout wat spruit uit 'n verkeerde administratiewe reëling deur nie die twee kasse te skei nie. In hierdie gevalle moet dit sterk veroordeel word dat die barmhartigheidsdiens geskaad word deurdat ook aan die lidmate nie behoorlik geleentheid gegee word vir die uitoefening van hierdie deel van hulle amp as gelowiges nie.

Die enigste geval waar werklik gepoog is om die middele op 'n ramingsgrondslag te verkry, is waarskynlik dié van Petrusburg toe die diakonie — belas met alle geldelike sake van die gemeente — aan die kerkraad voorgestel het om die lidmate op 'n 10 persent raming te plaas en hulle aansoeke veral motiveer deur verwysing na die nood van die armes.[35]

Die verwarring van metodes en die bedreiging van die vrywilligheidsbeginsel wat blyk uit hierdie afwykings is hoofsaaklik te wyte aan die gebrek aan onderskeiding in die finansiële administrasie en in die take waarmee die diakens belas is. In sy geheel is hierdie beginsel nie verloën nie en is die uitspraak van die kerkraad van Pretoria seker kensketsend van die algemene houding in die Gereformeerde Kerk: „Omtrent 'n brief van die diakonie waarin gewesen wordt op 't niets geven in de Kerkesak door sovele Kerkgangers, spreekt de Kerkeraad uit dat alleen zedelijke middelen kunnen worden gebruikt en predikatie en huisbezoek om in dit kwaad verbetering te brengen".[36]

*Bronne en metodes vir die Verkryging van middele vir die Barmhartigheidsdiens.*

By die bespreking van die verkryging van middele vir die barmhartigheidsbeoefening spreek Biesterveld [37] dadelik van goeie en verkeerde middels, sowel met betrekking tot die besondere bron waarvan dit afkomstig is as die metode wat aangewend word om dit te bekom. Onder die geoorloofde middele sluit hy in:

1. „de gewone collecte in de samenkomsten der gemeente". Hieronder val Paulus se opdrag aan die Korinthiërs. Terselfdertyd word die bron en metode gefundeer in die historiese prinsipe van eenheid van die diens van die Woord en van die barmhartigheid, sodat dit meteens beteken dat die prediking hierin 'n belangrike rol te vervul het. By hierdie kollekte word ook ingesluit die doop- en nagmaalsoffers.

2. Aanvullend hierby benadruk Biesterveld die diakonale huisbesoek veral in tye van besondere nood en dan veral onder die welgestelde lidmate.

---

[34] Kr. not. Piet Retief, 5.11.20, art. 21.
[35] Kr. not. Petrusburg, 10.10.19, art. 9; 9.1.20, art. 14 en 10.1.20, art. 4.
[36] Kr. not. Pretoria, 19.12.08, art. 8.
[37] Biesterveld e.a.: a.w. p. 280 e.v.p.

3. Verder moet as hulpbron geëksploiteer word die moontlike hulp van familielede en ander maatskaplike verbande insluitende vroeëre werkgewers e.a.

4. Publisiteit word ook as goeie middel genoem.

5. Legate is geoorloofde bronne met insluiting van die boedel van die ondersteunde na sy dood en selfs ook van persone wat nie tot die kerkverband behoort het nie.

6. As laaste bron word genoem hulp van ander diakonieë.

As eerste ongeoorloofde bron keur Biesterveld die gebruik af om, op welke wyse ookal, „hulp te vragen van hen die niet tot onze kerkelijke gemeenschap behooren".[39] Voorts behoort alle gawes geweier te word wat die diakonie onder 'n verpligting teenoor 'n vreemde mag sou bring soos subsidies van die owerheid. Ook word veroordeel enige hoofdelike raming. Sonder enige oorweging moet elke bate geweier word wat deur „wereldsche voorstellingen", „fancy fairs", „bazaars" en konserte byeengebring is. So ook alle geld wat op 'n oneerlike wyse verkry is, tensy dat die kerk nie daarvan bewus is nie of tensy die gewer sy verkeerde daad berou.

Bouwman [40] kom, met heelwat minder detaille tot ongeveer dieselfde opsomming.

Betreffende die barmhartigheidsfondse van die ou Kaapse Gereformeerde Kerk konstateer Greyling dat die fonds waaruit die hulpbehoewendes ondersteuning ontvang het en bekend was as die diakoniefonds, gaandeweg uit noukeurig omlyste bronne opgebou is.[41] Hierdie bronne het ingesluit die kollekte by die diens, eers net voor die prediking en later ook by die deure na die diens; begrafnisgelde, legate, armbusse in herberge en in skepe, nalatenskappe van diegene wat deur die diakonie onderhou is, die armbus in die pastorie vir persone wat hulle name kom opgee om te trou, kind te doop of lidmaat te word en boetes op kerkraadslede wat laat kom by vergaderings. Dit toon 'n sterk ooreenkoms met die diakonale inkomste van die Nederlandse Gereformeerde Gemeentes van die sewentiende eeu:

> „De inkomsten van de diakonie bestonden, behalve in de collecten tijdens de dienst, welke in de regel niet groot waren, in de opbrengst der armenbussen, die geplaatst werden in de cathechiseerkamers, rechthuizen, kantoren en herbergen. Bovendien verhuren de diakenen doodlakens, rouw- en begrafeniskleederen, brouwketels enz. Allerlei boeten, belastingen, uitkeering uit de winst van de O. en W.I. Compagnie, ijkverpachting en andere voorrechten werden hun van de zijde der regeering toegestaan".[42]

In die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het die praktyk enigsins anders ontwikkel. Op die lys van bronne waaruit die diakonieë werklik hulle inkomste put, staan kollektes bo-aan. Daaronder val nie alleen kollektes by die erediens nie, maar ook kollektes opgeneem by wykdienste

---

38 1 Kor. 16 : 2.
39 Biesterveld e.a.: a.w. p. 293.
40 Bouwman: a.w. p. 104.
41 Greyling, P. F.: a.w. p. 180.
42 Bouwman, a.w. p. 43.

van die ouderlinge, by huisgodsdiens volgens die bussiestelsel op grond van 1 Kor. 16 : 2, kollektes by die jongeliede en gemeentelike samekomste, insameling by die diakonale rondgang in die wyk of vrye (spesiale) kollektes vir besondere node en behoeftiges. Hierbenewens kom ook die volgende voor: doopgifte en belydenisoffers, skenkings, armbus in die kerk, oorskotte, voorskotte en donasies uit die kerkkas, korting op gekoopte goedere en straatkollektes. Hierdie bronne moet nader ondersoek word sowel wat betref die omvang van die bydrae wat elkeen lewer as die wyse waarop daaruit geput word en die prinsipiële juistheid van elkeen.

1. *Die Kollekte.* As hoofbron vir die middele benodig vir die barmhartigheidsdiens word die kollekte, of die offer verbonde aan die erediens aangegee. „De collecte voor de armen is op haar plaats bij de bediening des Woords", sê Bouwman.[43] Dit behoort gepaard te gaan met die verkondiging van die ryke genade wat die gelowiges deelagtig is in Christus. Daarby stel Biesterveld „dat de dienst der tafelen alleen van de tafelen mag onderhouden worden".[44] Dit is die historiese en prinsipiële uitgangspunt, volgens gereformeerde beskouing, van die Nuwe Testamentiese kerk. Volgens Hand. 6 is die afleiding dat die uitdeling aan die armes geskied het uit wat by die liefdesmaaltye aan liefdesgawes deur die gelowiges op die tafel gebring is. Hier bestaan dus ook die verbondenheid van die Evangelieverkondiging en die kern daarvan, naamlik die rykdom van die gelowiges in die kruis van Christus. Die grondliggende gedagte is dat Christus self as hoof al die lede van Sy liggaam versorg. Biesterveld stel dit dan ook kategories dat die „bijeenbrengen der middelen geschiedt in de bijeenkomsten der gemeente".[45] Hierdie beginsel is sterk op die voorgrond gestel deur die Hervorming en is vasgelê in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus waar die bring van die liefdegawes aan die armes genoem word as Christelike Sabbatsplig naas die aanhoor van Gods Woord, die gebruik van die sakramente en die openlike gebedsbeoefening.

In die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het die kollekte verbonde aan die bediening van die Woord, hetsy deur leraar, ouderling of huisvader, die grootste enkele bron vir die barmhartigheidsdiens gebly. So was dit reeds in die eerste Kaapse gemeente.[46]

Dit is blykbaar as so vanselfsprekend aanvaar, as so duidelik vasgelê in Skrif en belydenis, dat hieroor geen besondere besluit deur meerdere vergaderings geneem is nie. In tenminste twee van die heel oudste gemeentes was dit in 1887 gebruik om tenminste die kollekte by die dankseggingsdiens (nabetragtingsdiens na Nagmaal) af te sonder vir die armes.[47] Wat die posisie by die ander gemeentes was, is nie beslis vas te stel nie. Dit is waarskynlik dat die meeste in hierdie jare nog nie 'n afsonderlike armkas gehad het nie. Die omstandighede moet goed begryp word. Weens die seldsaamheid van armoedsgebrek het die meeste gemeentes geen vaste armkas gehad nie en het daar in die beginjare geen vaste, ge-

---

43 Bouwman: a.w. p. 95.
44 Biesterveld e.a.: a.w. p. 275.
45 Biesterveld e.a.: a.w. p. 276.
46 Du Toit e.a.: a.w. p. 284.
47 Kr. not. Pretoria, 5.4.67, art. 5 en Rustenburg 27.9.67, art. 6.

reelde insameling van barmhartigheidsmiddele plaasgevind nie. Aan die diens van die Woord was dus geen barmhartigheidsoffers verbonde nie, maar eerder bydraes vir die algemene kerklike finansies. Die getuienis is sterk om tot die indruk te kom dat waar daar noodsaaklikheid vir die skepping van 'n gereelde armbeurs ontstaan het, dit in die eerste plek verbonde gestel is aan die diens van die Woord. Hierop was daar wel uitsonderings en gedurende die eerste kwarteeu van die kerk se geskiedenis nogal taamlik baie uitsonderings soos later bespreek sal word. Dit sou egter moeilik beweer kan word dat dit belangriker metodes was as die eredienskollekte.

'n Interessante ontwikkeling met betrekking tot die offers vir die barmhartigheid kom dan ook aan die lig in verskeie gemeentes. Waar die kerkraad van Pretoria in 1867 besluit om die offers by die danksieggingsdiens vir die armes af te sonder,[48] het die behoeftes van die armes na 15 jaar blykbaar al so toegeneem dat nou besluit word om voortaan by elke diens aan die gemeente by die kerkdeure geleentheid te gee om gawes vir die armes af te sonder.[49] Potchefstroom volg in dieselfde jaar met 'n gelykluidende besluit [50] terwyl dit in 1911 nog sterker gestel word te wete dat vanaf 1 Januarie 1912 „worden de collecten bij de diensten speciaal afgezonderd voor de armen" [51] — 'n besluit wat Pretoria al vier jaar vroeër geneem het.[52] Hierdie enkele voorbeelde illustreer 'n duidelike ontwikkelingsgang wat egter nie deur alle gemeentes beleef is nie. Van een kollekte per kwartaal gaan dit tot die opsionele geleentheid van 'n kollekte na elke diens en uiteindelik tot die beklemtoning dat die kollektes by die diens *alleen* vir die doel van die barmhartigheidsdiens gebruik mag word. Besluite in min of meer dieselfde bewoording en met ongeveer dieselfde strekking kom wydverspreid in die stukke van ander gemeentes voor. By almal was die ontwikkelingsgang nie presies so logies as by Pretoria en Potchefstroom nie, maar die rigting en resultaat was dieselfde. Die antwoord op vraag 8 van die gemeenteverslae volgens art. 31 K.O. toon baie duidelik dat, indien die kollektes by die erediens nie die enigste bron was nie, dit tog mettertyd die basiese bron was waarby die ander aanvullend gedien het.[53]

Met betrekking tot hierdie kollektes moet ook nog enkele ander aspekte bespreek word. Die eerste is die vraag wat Bouwman [54] ook stel: wanneer moet daar gekollekteer word? In die ou Christelike kerk het elkeen sy gawe op die tafel in die kerk gebring. Dit was ten nouste verbonde aan die Nagmaalsviering.[55] Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus verklaar die offer vir die behoeftige as deel van die erediens. Hieruit moet dan as prinsipe afgelei word dat die kollekte moet plaasvind voordat

---

48 Kr. not. Pretoria, 5.4.67, art. 5.
49 Kr. not. Pretoria, 3.4.82, art. 21.
50 Kr. not. Potchefstroom, 2.6.82, art. 25.
51 Kr. not. Potchefstroom, 22.12.11, art. 11.
52 Kr. not. Pretoria, 13.9.07, art. 8.
53 Vgl. bv. Kr. not. Bethulie, 22.1.15, art. 9; Visitasierapport, Rustenburg, 12.1023, artt. III en IV; gemeenteverslae Oost. Klassis, Kaapland, 16.3.48.
54 Bouwman, a.w. p. 96.
55 Bouwman, a.w. p. 96.

die diens met die uitspreek van die seën beëindig word. Weliswaar het die provinsiale sinode van Dordrecht (1574, art. 49) voorkeur gegee aan die kollekte by die kerkdeur ná beëindiging van die diens, as „het allervoechelikste en bequaemste", maar dit was om bloot praktiese redes, naamlik steurings wat plaasgevind het gedurende die kollekte onder die diens.[56] Enkele ander soos Gunning[57] en die Diaconaal Correspondenteblad (1903) verdedig die kollekte by die deur ook op praktiese gronde van steuring, en omdat die deurkollekte die vrywilligheidsbeginsel beter sou eerbiedig. Biesterveld[58] neem 'n eienaardige standpunt hieroor in. Hy verklaar uitdruklik dat die kollekte vir die armes 'n bepaalde deel van die openbare godsdiensoefening uitmaak. Maar nadat hy die mening van prof. Fabius, dat die afkondiging betreffende die ontvangs van die offers op 'n besondere wyse gedoen moet word, met instemming aangehaal het, kom hy tot die konklusie dat die insameling na beëindiging van die diens by die deur kan geskied of by rondgang onder die diens hoewel aan laasgenoemde voorkeur gegee word. Deurslaggewend is vir hom blykbaar alleen die praktiese oorweging dat niemand oorgeslaan moet word nie en dat dit so ordelik en snel moontlik moet geskied.

In sy skets van 'n godsdiensoefening in die eerste gereformeerde gemeente aan die Kaap dui dr. Du Toit daarop dat die kollekte gedurende die diens, net na die lees van die Wet en die Heilige Skrif, gehou is.[59] Greyling[60] kom tot dieselfde gevolgtrekking wat betref die vroegste jare, maar toon aan dat daar later veranderings ingetree het. In plaas van tydens die diens met „aan stokken bevestigde zwarte flennelsche beurzen of zakjes", te kollekteer, is bussies by die kerkdeure geplaas waarin die kerkgangers hulle offers kon werp.

Die deurkollekte was blykbaar die enigste metode in die oudste gemeentes van die Gereformeerde Kerk. By die instelling van kollektes vir die armes word van deurkollektes gepraat as 'n uitdrukking van 'n algemene gewoonte.[61] Die gewoonte het selfs baie lank bly voortbestaan. Trouens, in 1929 nog praat ds. I. D. Kruger in dieselfde trant in sy advies oor bronne vir die barmhartigheidsmiddele aan die Transvaalse Diakonale Konferensie (Potchefstroom 1929) as hy sê dat as eerste middel kan genoem word „die deurkollekte by die openbare godsdiens".[62]

Teen hierdie gebruik het daar teen die twintigerjare stemme begin opgaan.

Na aanleiding van die beantwoording van vraag 8 van die gemeenteverslae word op die Kaaplandse Algemene Vergadering (Middelburg

---

56 Bouwman a.w. p.96 e.v.

57 Gunning, Onze Eeredienst, p. 76, aangehaal deur Bouwman, a.w. p. 97. Dr. A. Kuyper is om praktiese en ideële redes teen die kollekte na afloop van die diens by die deur: Onze Eeredienst, Kampen 1911, p. 349.

58 Biesterveld e.a., a.w. p. 280 e.v. Kuyper is sterk ten gunste van 'n plegtiger insameling onder die diens waardeur die offervaardigheid beklemtoon word „als offerande der Gemeente, niet aan de armen, maar aan God...." a.w. p. 347.

59 Du Toit e.a., a.w. p. 284.

60 Greyling, a.w. p. 180 e.v.

61 Vgl. kr. not. Pretoria, 3.4.82, art 21.

62 Kerkblad, 5.11.29, p. 897.

1921) die vraag gestel of die kollekte nie tydens die diens gehou moet word nie, terwyl die gemeente dan daarop gewys moet word dat die kollekte deel is van die erediens en dat dit plig is om elke Sondag vir die doel 'n offer af te sonder.[63] Op die sestigste Algemene Vergadering van die Kaaplandse gemeentes (Steynsburg 1923) was die saak weer ter sprake [64] en eers op die Algemene Vergadering van Aliwal-Noord in 1926 word besluit dat wat die armekollekte in die erediens betref die kerkrade daartoe moet meewerk dat gemeentelede besef dat hulle gawes vir die arme 'n deel is van die openbare erediens ooreenkomstig Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus. As advies word gegee dat die gedagte beter sal uitkom „as die kollekte *in* die diens geskied".[65] In 1927 gee die algemene sinode sy beslissing oor die beginsel van die saak, hoewel die uitvoering daarvan om praktiese redes oopgelaat is:

> „Die kollekte vir die armes behoor tot die erediens en dit word aan die vryheid van die Kerkrade oorgelaat om te bepaal wanneer hierdie of ander kollektes zal gehou word".[66]

Hierdie besluit is herbevestig deur die Sinode van Bethulie.[67]

Die Sinodale advies het rigting aangegee maar geen snelle verandering teweeggebring nie want in besluite beklaag die Transvaalse Diakonale Konferensie en die Staande Deputaatskap [68] hulle dat daar nog 'n gemis is aan konsekwente toepassing van die beginsel.

Op 'n rondvraag van die Staande Deputaatskap in 1939 is die antwoorde nog uiters uiteenlopend, sodat die volgende drie besonder tiperend is: by Pretoria is kollektes onder die diens al lank in gebruik; Lydenburg ag die tyd nog nie ryp nie maar die leraar sal by die volgende huisbesoek die gemeente oor die saak onderrig; Waterberg sien nog geen kans om die gewoonte te verander sonder skeuring in die gemeente nie.[69] Selfs op die huidige stadium is die toestand nog feitlik dieselfde. Van 89 gemeentes wat op vraag 10 van vraelys 1 geantwoord het, hou 73 die kollekte na die diens by die deur en slegs 16 of ongeveer 18 persent samel die offers onder die diens in.

'n Ander aspek van waarskynlik meer praktiese as prinsipiële aard wat hierby te pas kom, is die kwessie of die kollektes in oop of toe bordjies, bussies of sakkies ontvang word. Op gesag van Mattheus 6 : 1-4 stel Bouwman dit beslis dat om „in een open schaal" te kollekteer nie goed te keur is nie.[70] Die argument dat 'n oop bord meer aan kollekte inbring, is vir hom alleen 'n bewys daarvan dat iets met die geestelike toestand van die gemeente skeel. Die kollekte in 'n sakkie of buidel of bussie of ander wyse waardeur niemand kan sien wat deur 'n ander gegee word nie, sou volgens die opvatting meer in ooreenstemming wees met die eis van

---

[63] Not. 58e Alg. Verg. Kp., 1921, art. 22: Kerkblad, 1.4.21.
[64] Verslag 63e Alg. Verg. Kp., Kerkblad, 2.4.23, p. 9.
[65] Verslag 63e Alg. Verg. Kp., Kerkblad, 20.4.26, p. 7.
[66] Hand. 22ste Alg. Sin. 1927, art. p. 80.
[67] Hand. 25ste Alg. Sin. 1936, art. 101, p. 102.
[68] Not. St. Deputaatskap, 27.10.34, art. 8.
[69] Not. St. Deputaatskap, 24.3.39, art. 3.
[70] Bouwman, a.w. p. 98 e.v.

Christus dat die liefdadigheid in die verborgene gedoen moet word.[71] Terselfdertyd sou dit waak teen die sonde van pronk- en eersug en die vrywilligheidsgedagte bevorder. Hier sou bygevoeg kan word dat dit sekerlik ook die saak ligter maak vir diegene wat alleen oor 'n geringe gawe beskik, terwyl dit natuurlik ook die suinige in sy kwaad kan sterk. Biesterveld spreek hom hieroor nie uit nie sodat afgelei kan word dat dit vir hom 'n onverskillige saak van geen prinsipiële en weinig praktiese betekenis is. Naas die woord van Christus staan ook nog die praktyk van die eerste Christelike gemeentes om die liefdegawes, grotendeels *in natura* op die tafel in die gebou van samekoms te plaas.[72] Hier was al te letterlike geheimhouding tog nie moontlik nie. Tog moet erken word dat 'n metode waar die vertroulike aard van die liefdegawe nie streng gehandhaaf word nie, aanleiding tot allerlei wantoestande en praktyke kan gee. Daarom sou die ontvangs van die offers in enige toé houer die verkieslikste wees. Waarskynlik op dieselfde gronde as hierbo genoem wou geen meerdere vergadering van die Gereformeerde Kerk hom uitspreek oor die kwessie nie. Die Transvaalse Algemene Vergadering het die saak by die bespreking gelaat[73] terwyl die Algemene Sinode van Potchefstroom (1945) die kwessie van kollektes met bordjies of sakkies aan die vryheid van elke kerkraad oorlaat.[74] Wat die praktyk betref is daar, soos die aangehaalde uitsprake ook impliseer, heelwat verskil. Die drie bekendste metodes in gebruik is om te kollekteer met oop bordjies of met 'n sakkie of met 'n bussie.

In 1949 het van die 89 gemeentes wat op vraag II van vraelys 1 geantwoord het, 20 oop bordjies en 68 òf sakkies òf bussies vir die kollektes gebruik. Een gemeente gebruik albei: bordjies in sommige en bussies in andere wyke. Die toé houer blyk dus die gewildste te wees.

Bouwman[75] bespreek ook nog 'n ander aspek van die kollektes. Hy ag dit onwenslik dat daar tydens die diens vir die kerk gekollekteer word. Hoewel ook uit liefde gegee, is die kollekte vir die kerk, predikantstraktement, kostersalaris, kerkbou e.s.m. nie 'n liefdegawe in die sin van die barmhartigheidsoffers nie maar die betaling van 'n aandeel in 'n gemeenskaplike verpligting of skuld. Dit lei tog daartoe dat die middele vir die barmhartigheid buite die diens gesoek moet word. Biesterveld[76] deel nie die beskouing nie. Solank dit met goeie orde geskied maak dit nie saak of daar verskeie kollektes gehou word nie. Dit is vir hom vanselfsprekend dat mens in die algemene lewe eers aan sy verpligtinge voldoen en daarna weldadigheid bewys.

Aanvanklik het die kollektes by die godsdiensoefening, hetsy gedurende of na die diens, byna uitsluitlik gegaan vir die kerklike kas. Dit was die jare van opbou van die kerk, van dringende verpligtings in die sin van Biesterveld se opvatting. Terwyl die dienste blykbaar nooit sonder

---

71 Matth. 6 : 1-4.
72 Biesterveld e.a., a.w., p. 276.
73 Not. Alg. Verg. Tvl. 1925, art. 90.
74 Hand. 28e Alg. Sin. 1945, artt. 111(b), 174(f), p. 155.
75 Bouwman, a.w. p. 97 e.v.
76 Biesterveld e.a., a.w. p. 281.

'n kollekte gehou is nie, blyk dit tog dat die een gemeente na die ander, algaande eers enkele besondere en geleidelik alle kollektes vir die barmhartigheidsdiens bestem het.

Hierdie oorgang het ook ander metodes geken soos die verdeling van 'n kollekte tussen die arm- en kerkkas.[77] Namate daar naas die eise vir kerk en Teologiese Skool ook groeiende verpligtings teenoor behoeftige lidmate tevoorskyn gekom het, het almeer van die kollekte-opbrengste wat vroeër 'n weg na die kerkkas gevind het, in die armkas begin vloei. Van kollektes vir die kerk het dit kollektes vir die armes geword. In 'n paar gemeentes is dit blykbaar nog die geval dat daar geen behoefte aan armversorging is nie en die kollektes na die kerkkas gaan, terwyl in enkele gemeentes die kollekte verdeel word tussen die kerk- en armkas. Naas hierdie gereelde kollektes is daar ook enkele sinodaal bepaalde kollektes.[78] Nieteenstaande die feitlik algehele ommeswaai in bestemming van die kollektes, word die armkas in bepaalde gevalle nog nadelig beïnvloed sodat Steynsburg deur middel van 'n beskrywingspunt op die Algemene Sinode van Burgersdorp (1930) kla dat die sinode reeds soveel kollektes vir spesiale doeleindes vasgelê het, dat die armkas daaronder ly.[79] In dieselfde trant rapporteer die diakonie van Burgersdorp in 1943 aan die kerkraad.[80]

Die geval is dat hierdie kollektes nie *naas* die gewone offer vir die armes onder of na die diens geneem word nie, maar *in plek daarvan* kom. In enkele gemeentes waar onder die diens vir die armes gekollekteer word, word by die deur ook 'n kollekte opgeneem vir die instandhouding van die dienste. Dit is eintlik die enigste gevalle van 'n dubbele kollekte.

Van wesentlik dieselfde aard as die kollektes by die diens van die Woord deur die leraar, maar enigsins verskillend in vorm, is dié wat opgeneem word by die ouderlingsdienste in die wyke en die insameling by die Sondagse huisgodsdiens waar die gesin nie instaat is om die diens in die kerk by te woon nie. Die uitwendige toestande wat vroeër daarvoor verantwoordelik was dat lidmate die dienste ongereeld bygewoon het, dikwels slegs een keer per kwartaal of halfjaar, het weliswaar verander, maar nie geheel-en-al verdwyn nie. Daar is nog gemeentes soos Vryburg en in Suid-Wes-Afrika waar lidmate tot 200 myl van die kerk af woon. In die stede is daar die nuwe omstandigheid van Sondagsarbeid wat lidmate soms al om die ander Sondag, maar soms ook al om die ander maand verhinder om die diens by te woon. Teen die ongereelde bydraes vir die barmhartigheidsdiens weens ongereelde kerkgang op grond van omstandighede, wis die kerk nog altyd 'n goeie raad op die gesag van

77 Vgl. kr. not. Potchefstroom, 18.2.98, art. 6.

78 Behalwe die vier verpligte kollektes vir die Kas Teol. Studente en vir die Kas Teol. Skool Jubileumfonds (Hand. 30ste Alg. Sin. 1949, art. 211) word die Pinksterkollekte gewoonlik ook nog vir die provinsiale sending afgesonder. Die enigste van hierdie kollektes wat deel van die barmhartigheidsdiens uitmaak is dié vir (hulpbehoewende) Teologiese Studente. Die problematiese in hierdie prosedure is nie die aard van die kollektes nie, maar die feit dat die Christelike liefdegawes aan die armes en dus die barmhartigheidsdiens as deel van die erediens (Heid. Kat. Sondag 38; vgl. ook Kuyper, Onze Eeredienst, p. 346 e.v.) uitskakel.

79 Hand. 23ste Alg. Sin 1930, art. 154, p. 135.

80 Kr. not. Burgersdorp, 9.4.43. art. 9.

Paulus.[81] In 1896 reeds adviseer die konsulent die gemeente Ventersburg om op hierdie voorskrif te handel.[82] Dieselfde advies is gegee aan die Transvaalse Diakonale Konferensie te Potchefstroom in 1929,[83] en deur die Algemene Vergadering van Kaapland.[84]

Verskeie gemeentes het geprobeer om die saak te verhelp deur kollektes op te neem by die wykdienste van die ouderlinge en dikwels aanvullend hierby deur 'n bussiestelsel waarin van die lidmate verwag word om by hulle huisgodsdiens hulle liefdegawes te stort. Die algemene beginsel van die eenheid van diens van Woord en barmhartigheid bly hierdeur gehandhaaf. Tog moet erken word dat hierdie metodes nie algemeen toegepas is nie en slegs 'n geringe aanvullende bydraebron gelewer het. „Door de diakenen werd voorgesteld of het niet goed ware dat men voor de armen der Gemeente ging collecteeren....".[85] Hierdie aantekening in die kerkraadsnotule, vyf jaar na die stigting van die gemeente, in 'n tyd toe armoedsgebrek selde in so 'n graad voorgekom het dat die diakonie groot somme vir die verligting daarvan benodig het, en drie jaar voordat besluit is om een kollekte elke drie maande vir die armkas te bestem,[86] dui daarop dat die hoofbron van die armkasfondse aanvanklik nie die kollekte by die diens was nie, maar blykbaar òf spesiale, sporadiese kollektes, òf anders kollektes by die gereelde diakonale rondgang. Van albei is daar duidelike spore in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk se barmhartigheidsdiens.

Teen die kollekte by die lidmate aan huis het gereformeerde skrywers nie beswaar nie, onderhewig aan sekere voorwaardes. By Bouwman [87] en Biesterveld [88] is dit duidelik, al word dit nie so uitdruklik gesê nie, dat die metode toelaatbaar, selfs noodsaaklik is, mits dit *aanvullend* dien by die kollekte verbonde aan die erediens. Die diakens mag nie al te spoedig tou opgooi nie maar moet eers die hele gemeente amptelik besoek. „Geen bedelpartij maar een aanzeggen van den nood der heiligen in den naam des Heeren, en een overtuigen van roeping uit het Woord Gods".[89] Dan nog is die besoek van die diaken nie in die eerste plek om dadelik die harde klinkende munt te ontvang nie — maar moet dit eerder as eerste doel hê die opwekking en verskerping van die gewete en die inligting oor die nood waarin voorsien moet word, sodat die lidmate by die gereelde kerkbesoek milder kan bydra. In die Gereformeerde Kerk het ons in sy eerste bestaansjare feitlik net die teenoorgestelde toestande gehad, naamlik dat die basiese inkomste van die barmhartigheidsbeurs uit sogenaamde vrye of spesiale gemeentelike wykskollektes bestaan het terwyl die kollektes verbonde aan die erediens vir ander kerklike doeleindes aangewend is totdat teen die sewentiger jare en met beter kerklike

---

81 1 Kor. 16 : 2.
82 Kr. not. Ventersburg, 31.7.96 art. 8.
83 Die Kerkblad, 5.11.29, p. 897 e.v.
84 Verslag van die 63e Alg. Verg. Kp.: Kerkblaw 20.4.26, p. 7.
85 Kr. not. Rustenburg, 12.3.64, art. 3.
86 Kr. not. Rustenburg, 27.9.67, art. 6.
87 Bouwman: a.w. p. 95 e.v.
88 Biesterveld e.a.: a.w. p. 281 e.v.
89 Biesterveld e.a.: a.w. p. 284.

organisasie en administrasie die toestand geleidelik omgeswaai het. Dit blyk genoegsaam uit allerlei getuienis in die kerkraadsnotules [90] dat die diakonie dikwels, in sommige gemeentes byna gereeld, moes terugval op hierdie soort kollektes om die armes te kan versorg, òf omdat die kerkrade geen afsonderlike armkas gehad het nie, òf omdat die opbrengste van die kollektes te min was om selfs in die geringe behoeftes van die tyd te voorsien. In Rustenburg en waarskynlik ook in ander gemeentes is soms alleen wykskollektes gehou: „Daarbij worden nu en dan bijzondere collecten gedaan in een wijk waar een noodlijdende is" lui dit in die verslag van die kassierdiaken.[91]

Sodanige optrede spreek seker van sterk buurskapsgevoel maar die vraag is tog of die eenheid van die gemeente nie geskaad word nie. Meer dikwels het dit gebeur dat in die hele gemeente gekollekteer is òf vir die die nood van een of meer spesifieke armes òf vir die kas en sy behoeftes in die algemeen.[92] Dat aanvullende spesiale kollektes voor 1900 in sommige gemeentes altans taamlik algemeen was, blyk ook uit die antwoord van Potchefstroom op vraag 8: „Ja, indien er geen voldoend bedrag in kas is, worden er vrijwillige collecten gehouden".[93] Die antwoord is veral interessant omdat dit gegee is slegs 'n paar maande nadat besluit is om die helfte van die opbrengs aan kollektes by die diens vir die kerkkas te hou. Naas die toenemende gebruik om die eredienskollektes vir die armbeurs te bestem en naas die spesiale kollektes vir besondere of algemene nood het sommige gemeentes ook hulle toevlug geneem tot diakonale kollektes by die huise.[94] Wat die huidige posisie betref kan dit slegs gestel word dat uit die 89 antwoorde op vraag 9 van vraelys 1 dit blyk dat in 2 gemeentes die diakens by hulle gereelde omgang *hoofsaaklik* insameling hou vir die armes; in 48 gevalle is die insameling *hoofsaaklik* vir traktement en kerkkas, en in 39 vir albei doeleindes. Dit gee dus geen definitiewe gegewens oor watter deel van die barmhartigheidsmiddele op die wyse gevind word nie. Tog sou ek dit wil stel dat dit die kleinste deel vorm.

2. Die verdere inkomstebronne van die armbeurs is, met enkele uitsonderinge miskien, nie groot nie. *Doopgifte* en *belydenisoffers* kom selde voor as besondere bydraes. Die algemene, byna uitsluitlike gebruik in die Gereformeerde gemeentes is om sodanige dankoffers by die gewone offers in die bordjie of bussie te plaas. Dit is seker die mees aanprysenswaardige: dit maak dit vir die arme makliker en dit gee die ryke nie kans vir pronksug nie. Tog was en is die afsonderlike gee van doopgifte byvoorbeeld nie onbekend in enkele gemeentes nie.[95]

---

90 Vgl. kr. not. Bethulie, 23.3.68, art. 5; 13.12.69, art. 6; 11.12.71, art. 12; 22.12.89, art. 10 en 12.9.90, art. 13.

91 Kr. not. Rustenburg, 17.11.92, art.14; Ventersburg, 8.9.23, art. 5.

92 Kr. not. Ventersburg, 7.10.92, art. 16.

93 Kr. not. Potchefstroom, 18.2.98; vgl. ook Ventersburg 8.4.21, art. 8; 22.3.25 art. 15 en 19.4.29, art 12.

94 Kr. not. Potchefstroom, 13.10.11, art. 30; Ventersburg 19.4.35, art. 11 en Burgersdorp 17.3.39, art. 15.

95 Kr. not. Pretoria. 12.4.13, art. III; Gemeenteverslag, Maclear op Oost. Klassis K.P. 1948.

3. Die bevordering van *skenkings* en *legate* vir die barmhartigheidsbeurs word deur Bouwman aangeprys met die argument dat dit net so goed is om mense te beweeg om by hulle dood die behoeftiges te gedenk as in hulle lewe.[96] Maar dit gaan nie sonder waarskuwing nie. Wanneer 'n welgestelde geen kinders of behoeftige naverwante het nie, is dit gerade om hom met beskeidenheid gedagtig te maak aan 'n testamentêre bemaking. Dit mag egter nie geskied ten koste van behoeftige nagelatenes nie. Dit moet die einde van 'n weldadige lewe wees; met ander woorde, die eintlike roeping tot barmhartigheid is gedurende die lewenstyd en nie eers by die dood nie. Om alleen by jou dood die behoeftiges te gedenk is om uit die erfgename se regmatige besittings vir die arme te gee en sodoende die eie inhaligheid en gierigheid te bedek.[97]

Met hierdie waarskuwing in gedagte behoort die diakens seker wel daaraan te dink dat heelwat lidmate geld spaar in die vorm van lewensassuransies of in vaste eiendom of in ander vorme wat moeilik tot geld te maak is of wat moeilik ontbeer kan word gedurende hulle lewe — veral deur die gemiddelde man en nie in die geval van die heel rykes nie — maar waarvan hulle graag 'n deel sou afstaan aan die einde van hulle lewe. Nòg groot skenkings, nòg legate is tot dusver 'n gewilde bron vir die armbeurs. Net na die Engelse oorlog het die Gereformeerde Kerk 'n skenking van £ 1000 ontvang „waarvan £ 300 voor de gemeente Pretoria bepaald voor armen, weduwen en weezen".[98] Die diakonie van Burgersdorp het ook 'n aansienlike erflating antvang.[99] Hierdie is seker geen volledige lys van erflatings en groot skenkings vir die doel van barmhartigheid nie, maar dit is seker dat die lys nie lank sal wees nie. Dit het heel waarskynlik tyd geword dat die Gereformeerde diakonieë veral met die gevestigde barmhartigheidsinrigtings tans, meer aandag sal moet gee aan die bevordering van hierdie gedagte.

Volledigheidshalwe moet hier ook nog 'n ander soort legaat bespreek word, naamlik die nalatenskap van die ondersteunde. Biesterveld meen dat wanneer die ondersteunde iets nalaat die diakonie 'n rekening vir die koste van ondersteuning aan die erfgename kan voorlê vir terugbetaling. Hy wys egter waarskuwend daarop dat dit nie op die weg van die diakonie lê om met die hulp van die wet dwingend op te tree nie, behalwe in besondere gevalle waar 'n groot bedrag of eiendom nagelaat is en die ondersteunde die besit daarvan verswyg het.[100] Al sou die diakonie ook volgens die Suid-Afrikaanse wet die reg tot so'n verhaal van koste besit, is dit bepaald nie 'n baie aanbevelenswaardige optrede nie. Gaan deur hierdie opeising van regte nie die hele gees van barmhartigheid verlore nie? As die nalatenskap verhaal kan word deur sedelike middels, oortuiging en beïnvloeding, sal daarteen geen beswaar ingebring kan word nie, maar om 'n formele rekening in te dien en desnoods na die gereg te gaan skyn nie regverdigbaar te wees nie.

---

96 Bouwman: a.w. p. 101.
97 Bouwman: a.w. p. 102; Biesterveld e.a.: a.w. p. 290.
98 Kr. not. Pretoria, 15.10.02, art. 19.
99 Gemeenteverslag, Burgersdorp, Oost. Klassis K.P. 1944.
100 Biesterveld e.a.: a.w. p. 291.

Voorbeelde van sodanige fondsversterking in die Gereformeerde Kerk het ek slegs eenmaal teengekom. Die Kerkraad het in die geval kontraktueel onderneem om die behoeftige vir die res van sy lewe te onderhou op voorwaarde dat sy nalatenskap die kerkraad toekom.[101] Die feit dat die hulp feitlik voorwaardelik gemaak is, skyn my 'n afwyking te wees van die suiwere barmhartigheidsbeginsel.

4. Oor die ander bronne wat af en toe genoem word, is nie veel te sê nie. Dit kom slegs sporadies voor en die bedrae daarby gemoeid is gering. So is daar enkele gevalle van spesiale afslag op goedere wat deur die diakonie vir die behoeftiges gekoop is of van die opbrengs van 'n spesiale armbus in die kerk.[102]

Meer dikwels kom dit voor dat oorskotte uit die kerkkas die armkas ten goede gekom het maar eintlik slegs deurdat die kollektes wat eintlik tot laasgenoemde behoort, aan die kerkkas afgedra is.[103]

5. Die oorsig sal nie volledig wees sonder verwysing na twee ander bronne naamlik *verkopinge* (basaars) en *straatkollektes* nie. Eersgenoemde is geen onbekende metode by die Gereformeerde gemeentes nie maar dan uitsluitlik vir algemene kerklike fondse en nie soseer vir barmhartigheid nie. Die Sinode van Pretoria (1907) het dit reeds afgekeur omdat dit „een zeer ongewenschte afwijking is van het rechte beginsel van vrijwillige bijdragen voor kerk, school, liefdadigheidsdoeleinden".[104] Die daaropvolgende sinode (Redersburg, 1910) het die besluit vervang met 'n blote waarskuwing dat verkopings van die aard altyd met versigtigheid op Christelike wyse moet geskied.[105] Hierdie uitspraak het die standpunt van latere sinodes gebly.[106] Hierdie standpunt is sekerlik meer in ooreenstemming met die omstandighede en behoeftes van die Gereformeerde Kerk sonder om prinsipieel onsuiwer te wees. Met plattelandse omstandighede en met 'n groot persentasie lidmate wat nie altyd veel aan kontant het nie, maar deur landbouprodukte of deur handwerk wat in geld omgesit word, kan dit 'n gesonde en aansienlike bydrae lewer vir die kerk en ook vir besondere bamhartigheidsdoelstellings. Maar dan moet tog ernstig in gedagte gehou word wat Bouwman noem die aanlok van kopers deur jonge dames „die wel grasieuslik hunne waren aanprijzen", fiktiewe pryse vir prulle [107] en vir onekonomiese arbeid.

Biesterveld is omsigtiger in sy oordeel. Hy stel hom alleen teen wat ingebring word deur „wereldsche voorstellingen", maar beskou die bates van Christelike verenigings en basaars as geoorloof, mits daar geen advertensie aangeheg is dat die opbrengs vir die armes is nie. „Dat is om menschen te trekken of om een vrome schijn te geven aan hetgeen men (zeker geoorloofd) doet voor genot.... Laat men dan eenvoudig zonder ophef de baten aan de diakonie ter hand stellen".[108] Mits dit as insame-

---

101 Kr. not. Middelburg, K.P., 17.11.16, art. 1.
102 Kr. not. Pretoria, 12.4.13.
103 Kr. not. Lydenburg, 9.4.86, art. 11.
104 Hand. 15e Alg. Sin. 1907, art. 149, p. 46.
105 Hand. 16e Alg. Sin. 1910, artt. 165, 178 en 181, pp. 63, 69 en 70 resp.
106 Hand. 21e Alg. Sin., 1924, art. 38, p. 11 en 23e Alg. Sin., art. 186, p. 160.
107 Bouwman: a.w. p. 104.
108 Biesterveld e.a.: a.w. 294.

lingsmetode slegs ter aanvulling van die regstreekse kontantbydrae aangewend, en op sobere wyse geskied, kan daarteen as sodanig prinsipieel en prakties niks ingebring word nie. Die toets moet wees dat die ware of arbeid wat in geld omgesit word, vrywillig gegee moet word.

6. Op die inkomstestaat van die Paul Kruger Tehuis vir Onversorgde Wese en van die Dirk Postma Tehuis vir Oues van Dae staan ook die opbrengste van *straatkollektes* wat jaarliks 'n aansienlike som beloop. Bouwman [109] sowel as Biesterveld [110] gee toe dat die diakonie geld buite die kerkverband mag vra vir uitvoering van sy ampswerk, maar alleen as dit nie anders kan nie. Dit is dan ook sonder twyfel die enigste grond waarop die straatkollektes onderneem en geregverdig kan word. Die genoemde barmhartigheidsinrigtings sou bepaald nie in stand gehou kan word as dit nie was vir hierdie addisionele, maar belangrike inkomstebron nie. Op die wyse word jaarliks van £ 1200 tot £ 1700 byeengebring.[111]

Tog moet die vraag gestel word aan die diakonieë maar veral aan Gereformeerde lidmate, of hulle in hulle gewete daarvan oortuig is dat daar geen ander weg is en dat daar na vermoë geoffer is. Volgens 'n berekening vroeër in hierdie hoofstuk blyk dit dat 'n bydrae van 'n trippens per belydende lidmaat per diens meer as £ 50,000 per jaar vir die barmhartigheidsdiens sal lewer. As daar so bygedra word sal straatkollektes en weldadigheid van buite die Gereformeerde kerkverband nie nodig wees nie. Die noodsaaklikheid van straatkollektes vir die instandhouding van hierdie inrigtings is per slot van sake geen eer vir die Gereformeerde Kerk nie.

7. *Die onderlinge diakonale hulpverlening* is streng gesproke geen afsonderlike inkomstebron nie maar eerder 'n wyse van fondsverdeling volgens behoefte. Biesterveld [112] prys dit sterk aan dat wanneer 'n diakonie nie in die bestaande behoeftes kan voorsien nie en ook nie met 'n goeie gewete meer van die gemeente kan verwag nie, hy hom tot meer gegoede diakonieë wend. Dit is trouens 'n voorbeeld wat deur Paulus self gestel is.[113]

Die sosiaal-ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika het tot 'n mate reeds voor 1900 maar veral daarna, baie groot onewewigtigheid in die ekonomiese toestande van die verskillende Gereformeerde gemeentes in die hand gewerk. Aanvanklik het die stedelike gemeentes oorwegend 'n konsentrasie van arm plaasverlatende lidmate geword veral nadat die stadwaartse volkstrek na die verwoesting van die Engelse Oorlog, uit ekonomiese nood en met oorwegend ekonomiese motiewe besonder sterk toegeneem het.[114] So het daar nou gemeentes ontstaan met baie behoeftiges

109 Bouwman: a.w. p. 102.
110 Biesterveld e.a.: a.w. p. 292.
111 Vgl. geouditeerde finansiële jaarstate: 1940/44; £ 1724.18.6; 1944/45: £ 1224.0.0; 1945/46: £ 1271.6.4; 1946/47: £ 1399.13.4.
112 Biesterveld e.a.: a.w. p. 292.
113 1 Kor. 16 : 1-4; 2 Kor. 8 en 9.
114 Schumann, C. G. W.: Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner; Nas. Pers Bpk., Bloemfontein, 1940, p. 98 e.v.; Grosskopf, J. F. W.: Plattelandsverarming en Plaasverlating Hoofst. 2 (Carnegieverslag, deel I, Stellenbosch 1932).

en met min middele. Die armes het dikwels na die stede getrek sonder enige middele of vooruitsigte hoegenaamd; selfs sonder genoeg geld „om hulle paar stukkies huisraad te los by die stasie".[115] Voorheen het dit egter ook al gebeur dat gemeentes onder besondere omstandighede verarm het en by ander moes aanklop om hulp.[116] Maar in latere jare is die nood veral ervaar deur die Randse gemeentes.[117] Behalwe die toeloop van armes en die onbestendigheid van menige stedelike betrekking weens ekonomiese flutuasies, toon die kerklike stukke ook die gevolge van arbeidsonrus. Weens die gevolge van die 1922-staking is 'n omsendbrief aan alle gemeentes gestuur „vragende ondersteuning voor diakonie en kerkelijke kas voor Johannesburg en Germiston wegens tekort door de werkstaking en hare gevolgen veroorzaakt".[118]

Maar ook die gewone en minder opspraakwekkende oorsake van stedelike ellende het behoefte aan die soek van hulp by ander diakonieë veroorsaak. In „Die Kerkblad" verskyn „Een Beleefde Versoek om Hulp" van die gemeente Johannesburg om 'n winteruitdeling van klere en ander benodigdhede te hou „aan ons vele arme alhier wat uit bijna alle dele van ons land in onse gemeente alhier is saamgekom".[119]

Toe, in opdrag van die Algemene Vergadering ondersoek ingestel is na die posisie van die armsorg van die gemeente Bloemfontein, word verklaar dat die Bloemfonteinse diakonie nie die nodige middele het om sy arme behoorlik te versorg nie. „Daarom word aanbeveel dat die ander diakonieë Bloemfontein steun deur een of meer kollektes hierdie jaar af te sonder".[120]

Vroeg reeds het die gedagte ontstaan om die onderlinge hulpverlening deur organisasie doeltreffender te maak. Die pogings waarmee die Transvaalse Diakonale Konferensie van Pretoria in 1912 begin het om 'n gemeenskaplike fonds op te bou [121] het blykbaar weens die ongereelde konferensies eers in 1922 en 1923 op iets konkreets uitgeloop toe deur die Algemene Vergadering tot so 'n stap besluit [122] en 'n reglement vir die Kas van Hulpbehoewende Diakonieë aanvaar is.[123] Die doel was om diakonieë wat nie oor die nodige middele beskik nie te help: ook in die geval van armoedsvoorkoming indien die fondse dit toelaat. Die middele sou verkry word deur 'n nagmaalskollekte per jaar af te staan aan die kas en verder uit moontlike skenkings en legate. Die kas moes beheer word deur 'n kerkraad deur die Algemene Vergadering daarvoor aangewys.

Die kas was blykbaar nooit sterk nie. Gedurende 1923 is slegs £ 19 ontvang en tot die einde van 1924 £ 98 met twintig gemeentes agterstallig.

---

115 Verslag Klassis Pretoria: Kerkblad, 15.11.27, p. 327.
116 Vgl. die Lydenburgse toestande volgens die notule van die Algemene Vergadering, Z. A. R., Pretoria, 1890, art. 9.
117 Verslag Klassis Pretoria: Kerkblad, 15.11.27, p. 327.
118 Kr. not. Middelburg, K. P. 31.3.22, art. 11.
119 Kerkblad, 20.4.26, p. 18.
120 Verslag Alg. Verg. O.V.S.: Kerkblad, 1.5..28, p. 38.
121 Not. Tvl. Diak. Konf. 1912, art. 11.
122 Not. 63e Alg. Verg. Tvl. 1922.
123 Not. 64e Alg. Verg. Tvl., 1923, art. 71 en bylae XII.

'n Totale uitkering van £ 48 is aan drie Randse gemeentes gedoen.[124] Veral met die totstandkoming van vier klassisse in Transvaal was die funksionering van die kas blykbaar nie bevredigend nie sodat dit opgehef is met verdeling van die saldo onder die klassisse.[125]

Die volgende poging was om die saak uniaal te organiseer.[126] Hoewel die goedkeuring van die Algemene Sinode gevra sou word, kom niks daarvan voor in die sinodale stukke van 1930 of daarna nie. Die Vrystaatse Algemene Vergadering wou sy goedkeuring nie heg aan die stigting van so 'n uniale kas nie.[127] Van die poging het in elk geval niks tereg gekom nie behalwe 'n herlewing van die vroeëre Kas vir Hulpbehoewende Diakonieë in Transvaal, nou onder beheer van die Staande Deputaatskap van die Transvaalse Diakonale Konferensie.[128] Onderwyl het dit egter ook gebeur dat gemeentes onderlinge hulp verleen sonder bemiddeling van die Staande Deputaatskap, waaroor hulle tereggewys is: [129] 'n optrede wat seker buite die bevoegdheid van die konferensie gelê het. Die fondse was nooit groot nie en in 1939 was die kas reeds leeg.[130] Dit was ook die begin van die einde.

Ook in Kaapland het die pogings nie verder as 'n voorstel gekom nie.[131] Aan die hele beweging het 'n einde gekom deur die besluit van die Transvaalse Diakonale Konferensie van 1946 wat die ervaring van al die provinsies vertolk het dat geen sentrale fonds gestig behoort te word nie, maar dat 'n behoeftige diakonie, nadat alle middels aangewend is om in sy behoeftes te voorsien, by 'n naburige diakonie om hulp moet aanklop.[132] Prinsipieel is dit ook die veiligste weg.

*Die Administrasie van Barmhartigheidsfondse.*

'n Belangrike deel van die verkryging van goeie middele vir die versorging van die armes, is die beheer en administrasie daarvan. In artikel 25 bepaal die Kerkorde dat die diakens moet toesien dat van die aalmoese verslag gedoen moet word in die kerkraad en indien verlang ook voor die gemeente. Terwyl Bouwman [133] uitsluitlik nadruk lê op die verantwoording teenoor kerkraad en gemeente, dring Biesterveld [134] skerp aan op afsonderlike en noukeurige administrasie. Na die hervorming is aan hierdie aspek baie aandag gegee en veral in die Franse kerke is die administrasie tot in de fynste bysonderhede gereël.[135]

Die administrasie van die middele vir die barmhartigheidsdiens kan onder vier hoofde bespreek word, naamlik die hou van 'n afsonderlike

---

124 Not. 65e Alg. Verg. Tvl., 1924, bylae III.
125 Not. 2e Prov. Sin. Tvl., 1927, art. 56.
126 Not. 1e Uniale Diok. Konf. 1929: Kerkblad, 20.8.29, p. 776 e.v.
127 Beskr. pt. no. 4(a), Diak. Konf. O.V.S. 1930.
128 Not. Diak. Konf. Tvl., 1932, art. 16(b).
129 Not. Diak. Konf. Tvl., 1938.
130 Not. St. Dep., 13.11.39, art. 5.
131 Not. Diak. Konf. Kaapland., 1938, art. 12.
132 Not. Diak. Konf. Tvl., 1946, art. 14(11).
133 Bouwman: a.w. p. 117.
134 Biesterveld e.a.: a.w. pp. 298—300.
135 Biesterveld e.a.: a.w. p. 138 e.v.p.

kas, die noukeurige administrasie van alle fondse, die verantwoording teenoor kerkraad en gemeente en die kwessie van diakonale surplusse en fondse.

1. *Afsonderlike kas.*

Van Lonkhuyzen reken die bestaan van 'n afsonderlike armkas tot een van die vernaamste verskille tussen die Lutherse en Calvynse kerkhervorming.[136] Biesterveld stel dit as allereerste vereiste vir die gesonde administrasie.[137] Hy veroordeel die praktyk om alle ontvangste ongedifferensieerd in een kas te stort, of om die ontvangste om die helfte of anders te verdeel of om die batige saldo's van die armkas vir die kerkkas aan te wend, sowel op praktiese as op beginselgronde. Prakties, omdat dit aanleiding gee tot verkeerde toestande: die kerklike administrasie reken op die inkomste met die gevolg dat as die diakonie meer nodig het die fondse nie daar is nie. Prinsipieel, omdat wat vir die armes afgesonder en ingesamel is, vir die armes gebruik moet word. Selfs wanneer die kerkkas 'n tekort en die armkas 'n saldo het, mag hulp alleen geskied op basis van 'n voorskot, maar verkiesliker is 'n ander reëling deur bv. minder vir die armes en meer vir die kerk te kollekteer. Voorts beveel hy ook nog afsonderlike administrasie en boekhouding vir die verskillende onderdele van die barmhartigheidsmiddele aan.[138]

Die Gereformeerde gemeentes in Suid-Afrika wat tans nog geen afsonderlike armkas het nie, is die klein minderheid. Van 89 gemeentes het slegs 10 in 1949 nog geen afsonderlike armkas gehad nie. Hierdie 10 gemeentes het almal minder as agt diakens en die diakonie vergader nie afsonderlik van die breë kerkraad nie. Daarby is 8 van hulle plattelandse gemeentes en slegs 2 is dorpsgemeentes; 4 het meegedeel dat hulle geen armversorging het nie en een dat daar weinig aan armsorg te doen is. Van hierdie 5 het geeneen, volgens hulle opgawes, oor die boekjaar 1948/'49 iets bygedra vir die sentrale barmhartigheidsinrigtings nie.

Die toestand was nie altyd so nie. Dit is die resultaat van 'n langsame ontwikkeling. Allerlei toestande word weerspieël in die geskiedenis van die verskillende gemeentes. Aanvanklik was die lyn tussen kerk- en armkas nie duidelik getrek nie. Gelde is, al na die behoefte van die oomblik, gebruik hetsy vir kerklike uitgawes of vir armsorg. Die kerkraad van Rustenburg besluit in 1867 om die enkele dankseggingskollekte per kwartaal „tot hiertoe aan de armen besteedt te wijden aan de afbetaling der schuld".[139] Hierdie soort handeling wat nooit die oog gehou het op toekomstige barmhartigheidsvereistes nie, het dan ook daartoe moes lei dat die kerk sy gewone finansiële verpligtinge nagekom het ten koste van sy armversorging. Daarom kla L. P. V.:

„De Kerkeraad heeft het geld dat in de „armbeurs" komt, noodig voor *andere*

136 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 113.
137 Biesterveld e.a.: a.w. p. 298 e.v.p.
138 Ook Bouwman: a.w. 114.
139 Kr. not. Rustenburg, 27.9.67, art. 6.

dingen, en de aanspraak der armen op dat geld wordt maar gedeeltelijk erkend of soms geheel ter zijde gezet".[140]

Aan die ander kant was armsorg uit die „kerkkas" geen seldsaamheid nie. Waar Rustenburg [141] reeds 'n geringe armkas gehad het, het Pretoria in 1867 'n afsonderlike kas vir die doel in die lewe geroep.[142] Terwyl Reddersburg weer in 1869 besluit het „om de beide kassen ...... tot eene te brengen" [143] het Bethulie eers in 1904 besluit om die armbeurs voortaan apart te hou en al om die ander Sondag 'n kollekte daarvoor af te staan.[144] Dit is weerspieëlend van die uiteenlopende prosedures en toestande. Die saak staan ook in verband met die verwarring van diakonale pligte en die gewoonte om hulle met *alle* finansiële sake van die gemeente op te laai. Deur nie die pligte te onderskei nie is dikwels ook nie die fondse onderskei en administratief geskei nie. Dikwels is 'n terugwaartse stap gedoen deur die bestaande skeiding tot niet te maak.[145] In Johannesburg [146] en Middelburg K.P.[147] het dit van die een na die ander geswaai in pendulumbeweging. Sommige gemeentes lewer duidelike bewys dat onder die onvaste gang die goeie versorging van die armes darem altyd in gedagte gehou is. Potchefstroom-gemeente het die skeiding van kasse eers in 1898 teweeggebring.[148] Voor die tyd is alle verpligtinge uit een kas, dié van die kerk, nagekom, totdat in 1875 besluit is om die traktement by die rondgang in die wyke te kollekteer maar die bydraes vir die Algemene Vergadering en reiskoste vir die kuratore „uit de kerkekas te nemen; doch altijd met inachtneming dat er altijd overblijven zooveel als noodig tot ondersteuning van de armen".[149]

Dieselfde voorwaarde word ook in 1876 gestel as dit noodsaaklik word om die opbrengs vir die Teologiese Skoolkas en die E.P.P.W.W.-fonds weer uit die kas te betaal.

Ander gebruike was, om, wat oor was in die kerkkas, vir die armkas te bestem [150] of om wat in die armkas ontbreek aan te vul uit die kerkkas.[151] Andersom is ook uit die armekas geneem vir tekorte in die kerkkas, hetsy om huweliksertifikate op te spoor of vir die koste van afgevaardigdes na die sinode.[152] 'n Veel gesonder basis is bereik toe die wedersydse hulp uit die kasse as lenings behandel is. Dit was gewoonlik 'n voorwaartse stap op die oor-en-weer-neem.[153]

---

140 Kerkblad, 15.12.94, p. 4.
141 Blykens Kr. not. 27.9.67, art. 6.
142 Kr. not. Pretoria, 5.4.67, art. 5.
143 Kr. not. Reddersburg, 20.10.69, art. 18.
144 Kr. not. Bethulie, 12.4.04, art. 24.
145 Kr. not. Rustenburg, 27.9.67, art. 6; Reddersburg, 20.10.69, art. 18; Ventersburg 6.1.05, art. 10.
146 Kr. not. 24.10.96, art. 12; 20.12.97, art. 2 en 27.9.99, art. 6.
147 Kr. not. Middelburg K.P., 2.12.80, art. 16; 10.2.88, art. 6; 9.11.1900, art. 20 en 1.8.02, art. 6.
148 Kr. not. Potchefstroom, 18.2.98, art. 6.
149 Kr. not. Potchefstroom, 15.1.75, art. 4.
150 Kr. not. Rustenburg, 4.4.95, art. 28.
151 Kr. not. Johannesburg, 17.2.98, art. 5.
152 Kr. not. Ventersburg, 21.11.08, art. 14 en 8.2.07 art. 16 resp.
153 Kr. not. Ventersburg, 3.7.08, art. 14(c); 31.5.13, art. 11; 29.8.25, art. 4;

Die noukeurige administrasie van die barmhartigheidsmiddele hou volgens Biesterveld in dat geen skyn van wantroue gewek mag word nie. Derhalwe is dit verkieslik dat geen diaken daarmee alleen sal wees nie. Nie uit wantroue nie, maar om agterdog onmoontlik te maak. Daarby moet dit só akuraat wees dat volledige verslag aan kerkraad en gemeente gedoen kan word.[154]

2. Op die Vrystaatse diakonale konferensie te Bethlehem (1937) bepleit diaken Liebenberg 'n *suiwere administrasie* gebaseer op 'n kaartstelsel, kwitansies vir alles wat ontvang en uitgegee word, kwartaallikse insae deur die finansiële onderkomitee en jaarlikse ouditering.[155] Hierdie voordrag het nie impliseer dat die diakonale finansies nie pluis is nie, maar wou die saak vir almal vergemaklik en in ooreenstemming bring. Verwysings na onnoukeurige boekhouding en beheer kom so uiters selde voor dat dit eintlik nie genoem kan word nie. Waar dit wel die hoogs uitsonderlike geval is, is gegronde redes, soos siekte van die kassier aangevoer.[156] Op die Sinode van Redersburg (1910) is deur die Kaaplandse Algemene Vergadering voorgestel dat die vraelys onder Art. 41 Kerkorde uitgebrei word om 'n vraag (F. 2) in te sluit nl.:

„Worden de finansieën zo beheert, de bewijzen en eigendommen en andere stukken van waarde omtrent de kerkelijke goederen en armen-administratie zo bewaard, dat er geen aanleiding kan bestaan tot wantrouwen of tot moeilikheid by eventueel aftreden of overlijden?".

Daar is egter geen behoefte gevoel om die bestaande vraelys te verander nie.[157] Dit sou die hele posisie opsom as beweer word dat die administrasie van kerklike finansies, en veral van barmhartigheidsmiddele in die Gereformeerde gemeentes deurgaans bevredigend was en selfs met nougesetheid uitgevoer is, selfs waar die manne wat dit moes doen dikwels meer opgewasse was om 'n ploegstert of sweep te hanteer as 'n stel boeke. Namate die werk in omvang toegeneem het, is daar ook almeer diakens gevind wat sodanige opleiding en later ook besigheidservaring geniet het, dat die werk tot aller bevrediging en tot eer van die kerk behartig kon word.

3. Noukeurige administrasie is veral bevorder deur die posisie van die diakonie wat van al sy werksaamhede *verantwoording* verskuldig is aan die kerkraad en via laasgenoemde aan die gemeente. Daar was 'n tyd in die bestaan van 'n groot aantal — indien nie die meeste gemeentes — toe die diakonie nie afsonderlik vergader het nie en alle sake op die kerkraad regstreeks afgehandel is. Hier was 'n dubbele kontrole minder moontlik as wanneer die diakonie eers afsonderlik oor die barmhartigheidssake handel. Maar die verantwoording deur die individuele diakens was in elk geval daar. Die getuienis is voldoende om aan te neem dat namate diakonieë afsonderlik begin vergader het, gereelde verslag aan die kerkraad en heel dikwels aan die kerkraad saam met die gemeente, gegee is.

---

Middelburg K.P. 9.11.1900, art. 20; 1.8.02, artt. 6, 7 en 10.

154 Biesterveld e.a.: a.w. p. 300.

155 Die Diaken, 1937, p. 21 e.v.

156 Kr. not. Ventersburg, 18.1.35, art. 28.

157 Hand. 16e Alg. Sin., 1910, art. 52, p. 26 e.v.

Die besondere vorm van Gereformeerde kerkregering en die uitgangspunt dat diakonale armsorg gemeentelike barmhartigheidsdiens is, het dit trouens in die hand gewerk dat diakonie, kerkraad en gemeente meesal baie noue onderlinge voeling gehou het gepaard met raadpleging en verslaggewing.[158] Naas die rapport aan kerkraad en gemeente is iedere kerkraad natuurlik ook nog verplig om volgens artt. 41 en 44 van die Kerkorde verslag te doen oor die barmhartigheidsdiens aan die meerdere vergaderings, hetsy klassis of Algemene Vergadering en aan die visitatore. Sowel die gewete as die uiterlike bewyse van die gesonde behartiging van die goeie middele word dus deeglik getoets.

4. Op die vraag of dit geoorloof is om 'n *batige saldo* oor te hou en barmhartigheidsmiddele te *spaar*, antwoord Bouwman bevestigend.[159]

Daarvoor beroep hy hom veral op Joh. 6 : 12, 1 Kor. 16 : 2 en 2 Kor. 12 : 14. Dit is geoorloof mits die behoeftiges goed versorg is. Die goeie balansstaat en stywe spaarrekening mag nie nagestreef word ten koste van die nooddruftiges nie, maar om alles te bestee sonder dat daar nood is, sou dwaas wees. Die weglê van oorskotte mag alleen geskied terwille van beter versorging van die behoeftiges. Wanneer daar behoefte is moet gehelp word. „Geen geld maakt betere rente, dan dat voorziet in aanwezigen nood. Die terstond helpt, helpt dubbel". Biesterveld is van presies dieselfde oortuiging.[160]

Vir die diakonieë van die Gereformeerde Kerk geld feitlik dieselfde as wat Biesterveld inleidend oor die saak konstateer, naamlik dat om van oorskotte te praat oorbodig is aangesien die diakonieë meer van tekorte lewe as dat hulle geen raad weet wat om met hulle inkomste aan te vang nie.[161] Uit wat tot dusver behandel is, is duidelik dat batige saldo's en opgehoopte reserwefondse die Gereformeerde diakonieë nooit hoofbrekens kon besorg nie. Op die Algemene Vergadering in Potchefstroom in 1924 is die opmerking gemaak dat net een gemeente 'n batige saldo op sy armsorgstate toon. Die posisie het so verander, veral sedert 1937/'38, dat op die 8ste Kaaplandse Partikuliere Sinode (Burgersdorp 1941) met betrekking tot vraag 8 art. 41 K.O. gerapporteer kon word dat die „staat van die armsorg kaste oor die algemeen baie gunstig is, sodat byna alle kaste 'n batige saldo aantoon".[162]

Die volgende bied enigsins 'n beeld van hierdie posisie oor die algemeen. Van die 89 diakonieë wat op vraelys 1 geantwoord het, besit 10 geen aparte diakonale fondse nie. Van die orige 79 het 15 nadelige balanse tot 'n totale bedrag van ongeveer £ 263 aangetoon; 47 het 'n gesamenlike batige saldo van inkomste oor uitgawe vir die boekjaar 1948/'49 van meer as £ 2105 gehad en gesamenlik het 49 gemeentes 'n diakonale reserwefonds van £ 10,482 besit. Oor die batige saldo's en reserwefondse nog dit: dit skyn asof sommige diakonieë in die beantwoording van vraag

158 Vgl. Kr. not. Bethulie, 26.5.11, art. 10; 19.4.12, art. 14; 21.5.15, art. 22; Johannesburg, 6.9.02, art. 4; ens., ens.
159 Bouwman: a.w. p. 112 e.v.
160 Biesterveld e.a.: a.w. p. 296 e.v.
161 Biesterveld e.a.: a.w. p. 296.
162 Not. 8e Alg. Verg. K.P., 1941, art. 29.

15(a) van vraelys no. 2 nie altyd 'n streng verskil tussen 'n batige saldo en 'n reserwefonds gemaak het nie, sodat wat onder reserwefondse aangegee is moontlik tot die totale batige saldo behoort. Verder is dit ook moontlik — weens die gewoonte dat die diakonieë alle kerklike gelde hanteer — dat as diakonale reserwes bedrae aangegee is wat in werklikheid nie barmhartigheidsmiddele is nie maar kerklike eiendom. As geheel geneem gee die syfers egter 'n indruk van die geldelike posisie van die gemeentes in hulle barmhartigheidsdiens en is daaruit af te lei dat die posisie veel gesonder is as voor 1900 of na die Engelse Oorlog of gedurende die periode na die eerste wêreldoorlog tot aan die einde van die depressie in ongeveer 1935.

HOOFSTUK VII.

# Die Metodes van die Gereformeerde Hulpverlening

Volgens die bevestigingsformulier vir die diakens bestaan die tweede deel van hulle amp in die uitdeling van die baie goeie middele wat vir die armes ingesamel is. Die wyse waarop die besteding of uitdeling moet plaasvind word verder omskryf: daarvoor word, naas die gawe van onderskeiding en versigtigheid om die aalmoese alleen te bestee waar dit nodig is, blymoedigheid en opregtheid vereis om met 'n bewoë hart en toegeneë gemoed die nooddruftiges te help ooreenkomstig die eis van die apostel Paulus (Rom. 12 : 8 en 2 Kor. 9 : 7). Die uitdeling van die uiterlike gawes behoort verder gepaard te gaan met trooswoorde uit die Heilige Skrif.[1]

Met betrekking tot die aanwending van die barmhartigheidsmiddele word hier derhalwe drie beginsels beklemtoon: (a) versigtigheid sodat die gawes alleen bestee word waar dit nodig is; (b) die gesindheid van blymoedigheid, opregtheid en bewoëndheid om met toewyding hulp te verleen en (c) omvattende hulp bestaande uit stoflike middele tesame met geestelike religieuse vertroosting, opbeuring en vermaning.

Alhoewe aldrie hierdie punte betrekking het op die wyse van hulpverlening, word nòg in die Skrif nòg in die formulier enige praktiese besonderhede daaroor gegee. In die Skrif word slegs verwys na *die daaglikse versorging,*[2] die diens van die tafels[3] *en na hulpverlening.*[4]

Die enigste nadere aanduidings van die wyse van versorging word gevind in die Ou Testament en wel in die burgerlik-godsdienstige voorskrifte aan Israel.[5] 'n Gereglementeerde skema van besonderhede kan ook nie in die Skrif verwag word nie. Wat wel aangedui word, is die saak en algemene beginsel met genoeg rigting en elastisiteit vir verdere uitbouing. In hierdie sin is die bevestigingsformulier reeds 'n uitbouing van wat in Hand. 6, Rom. 12 : 8, 1 Kor. 9 : 7 en in 1 Tim. 5 oor die diakonale versorging van die behoeftiges gesê word. Die kern hiervan is die uit-

---

[1] Formulier vir die bevestiging van die diakens.
[2] Hand. 6 : 1.
[3] Hand. 6 :2.
[4] 1 Tim. 5 : 16.
[5] Van Lonkhuyzen in a.w. p.22 e.v.

drukking: *die daaglikse versorging.* Die begrip is so ryk aan inhoud en tegelyk so helder in wese en tog so wisselend aan besonderhede dat dit moeilik kategories omskryf en gereglementeer kan word.

*Die Vorm van die Hulp:*

(a) *Geestelike Hulpverlening.* Oor hierdie aangeleentheid is die bebevestigingsformulier baie duidelik: nie net uiterlike gawes nie maar ook geestelike vertroosting. Behoefte en armoede is nie net 'n saak van stoflike gebrek en ontbering nie; dit laat ook sy spore na op die gees. Dit word nie net fisiek ervaar nie; die geestelike belewenis van ontbering en behoefte bring dikwels selfs groter pyn en smart. Uit die aard daarvan moet die stoflike hulpverlening derhalwe gepaard gaan en aangevul word met troos, simpatiebetuiging, bemoediging en soms selfs ook met vermaning en tug. Bouwman [6] lê besonder klem op die geestelike aspek van die barmhartigheidswerk. Dit moet nie maar net 'n woord van algemene geestelike vertroosting wees nie maar moet die krag van Gods Woord vir die hele gesinslewe, vir die verhouding tussen man en vrou, ouers en kinders en vir die beroep laat uitgaan. Waar die behoefte, oorsaaklik of resulterend in verband staan met sondes soos onsedelikheid of drankmisbruik moet die geestelike versorging die gesin of lidmaat terugroep tot die Woord met blootlegging van die kwaad en die weg tot herstel. Biesterveld [7] gaan in sekere opsigte nog verder as Bouwman vir soverre hy ook onderskei tussen die geestelike versorging van die onderskeie ampte:

„Bij de stoffelijke gave moet vooral gedacht aan allerlei geestelijk belang dergenen, die hulpe behoeven. Hiermee wordt niet bedoeld hetgeen in het huisbezoek der dienaren en ouderlingen gedaan moet worden, maar wat bepaaldelijk in deze dingen der diakenen is".

Dit behoort ook tot die taak van die diaken om na te gaan of daar nalatigheid en gebrek aan ywer in die arbeid is, of daar te maklik hulp gesoek word ens.

Albei hierdie skrywers raak hier 'n saak wat hulle nie duidelik in besonderhede uitbou nie, naamlik die onderskeid tussen die geestessorg van die verskeie ampte. Dr. Hoek meen dat die diaken sielesorg in die engere sin van die woord moet verrig aan die hulpbehoewendes. Die diaken se geestessorg is beperk en begrens tot die sielenood wat geken word in verband met die besondere stoflike nood van die hulpbehoewende. Hy mag wel oor ander geestelike node praat, maar dan doen hy dit as gelowige en nie as diaken nie.

Hoewel van beperkte aard is die geesteswerk van die diaken tog onontbeerlik maar daarby ook moeilik. Dit wil nie sê dat die diaken die behoeftige met 'n reeks parate Bybeltekste moet oorweldig nie. Hierdie deel van die sorg begin met stil te luister na die nood van die behoeftige en dan te kom met die salf van Gods Woord.[8]

---

6 Bouwman: a.w. p. 110 e.v.
7 Biesterveld e.a.: a.w. p. 231 e.v.p.
8 Diaconaal Correspondentieblad, aangehaal in Die Kerkblad, 17.7.35.

Die verskil tussen diakonale sielesorg en die deur ander ampte is seker nie baie duidelik gestel nie, behalwe vir soverre dié van die diaken enger is en sy regstreekse aansluiting vind by die materiële hulpbehoewendheid. Wesentlik sal daar seker ook geen skerp grens getrek kan word nie en sal daar tog gemeenskaplike terrein oorbly vir leraar, ouderling en diaken.

Hierdie beskouing oor en opdrag tot geestelike versorging van die armes deur die diakens is in die Gereformeerde Kerk nie onbekend nie. In hoeverre dit nagekom is in die kerk is moeilik te bepaal, aangesien dit nie te boek gestel word soos sommige ander aspekte van die barhartigheidsdiens nie. Ook maak die gemeenteverslae volgens art. 41 van die Kerkorde nie voorsiening vir vermelding van hierdie sy van die diakonale versorging nie. Af en toe is hieroor gehandel op meerdere vergaderings en diakonale konferensies. Op die Kaaplandse Algemene Vergadering (1926) word geadviseer dat diakens veral met betrekking tot die voorkoming van armoede gebruik moet maak van geestelike middels. Die lidmate moet by die diakonale huisbesoek bearbei word om nie te verarm deur weelde of slegte administrasie nie. Die diaken se huislike lewe moet self 'n voorbeeld wees en die prediking moet hom in hierdie taak te hulp kom.[9] Dit is hieruit nie duidelik of die geestelike versorging deur die diakens oor die algemeen of slegs op die besondere terrein van die voorkomende sorg nagelaat is nie. Handelende oor die „Grondreëls vir die Praktyk van die Armsorg" wys ds. J. V. Coetzee die Vrystaatse Diakonale Konferensie (Reddersburg 1926) daarop dat die stoflike versorging met die vertroosting uit die Skrifte gepaard moet gaan omdat die armes geheiligdes in Christus is. Die diaken moet derhalwe kennis dra van hulle geestelike nood sodat hy die vertroude vriend en raadsman van die nooddruftige sal wees. Verder moet die doel van die geestessorg wees om (i) troos en bemoediging te bring; (ii) te dien as bewys van die barmhartigheid van Christus; (iii) te voorkom dat die stoflike armoede ook lei tot armoede van die gees en tot geestelike agteruitgang.[10]

Waar die bevestigingsformulier die eis oplê dat baie goeie middele gevind, dat versigtigheid en onderskeiding betrag moet word by die besteding; dat daar in alles 'n gesindheid van blymoedigheid, opregtheid, bewoëndheid van hart en toegeneëntheid van gemoed aanwesig moet wees, word ook nog die praktiese raadgewing bygevoeg dat dit goed is om nie net uiterlike gawes te gee nie, „maar ook met trooswoorde uit die Heilige Skrif aan die armes en ellendiges" hulp te bewys. Dan word in die gebed by die bevestiging nog klem gelê op die versigtige maar milde uitdeling en die lieflike vertroosting.

Hierdie klem op die vertroosting uit die Skrif is nie onnodig nie. Die ellende en gebrek van armoede is nie net beperk tot die liggaamlike ervaring van honger en koue, swak klere en behuising nie; die psigiese en sosiale ervaring daarvan is by die jeugdige en volwassene waarskynlik

---

9 Not. 63, Alg. Verg. K.P. 1926, art. 43.
10 Verslag Diak. Konf. O.V.S., 1926: Kerkblad, 18.1.27, p. 18 e.v.

veel pynliker. In die studie van jeugwangedrag en -misdaad is dit herhaaldelik gevind dat die arm kind net sowel steel om sy honger te stil, as om daardie dinge te koop of te verkry wat hom 'n gelyke aansien en status verleen in die oë van sy maats.[11] By die studie van armoede kan niemand die oë sluit vir die feit dat ekonomiese gebrek ook ekonomiese isolasie teweegbring nie en dat hieruit sosiale isolasie spruit met maatskaplike verwydering en vervreemding ten gevolg. Hiervan getuig seker ook die verskillende gevalle waar kerkrade behoeftiges voorsien het van kerkklere omdat hulle andersins te skaam sou wees om die eredienste by te woon. Dit behoort derhalwe ook 'n interessante studie te wees om na te gaan in hoeverre die toevloei na die sektes korreleer met sosiaalekonomiese en nasionaal-kulturele isolasie.

Die enkele gegewens oor hierdie aspek van die barmhartigheidsdiens maak 'n konklusie uiters moeilik. In agnemende die ouderdomsdistribusie van die Gereformeerde Kerk se diakens, en die algemene diakonale praktyk, word die indruk gewek asof daar van hierdie aspek van diakonale kant nie soveel tereggekom het as wat wenslik sou wees nie. Maar dit wil nie sê dat die geestelike versorging van die behoeftige lidmate verwaarloos is nie.

Dit is trouens 'n kenmerk van die praktyk van die Gereformeerde Kerk dat die lidmate oor die algemeen geestelik goed versorg is. Dit was egter nie soseer 'n diakonale geestessorg as 'n sielesorg deur die ander ampte nie. Verskeie gronde kan hiervoor aangevoer word. Die praktyk van die sieketrooster as algemene geestelike arbeider in die gemeente het ongetwyfeld daartoe bygedra dat die diakens hulle oorwegend bepaal het tot die stoflike hulpverlening. Daarby moet die maatskaplik-kulturele agtergrond van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in ag geneem word. Die plattelandse lewenswyse met 'n redelik strenge kerkvasheid in die dae van die stigting van die Kerk het min plek gelaat vir godsdienstige bearbeiding deur die diaken. Ook was die armoede onder die omstandighede meesal sowel ten opsigte van aard en omvang sodanig dat dit nie besonder veel geestelike en godsdienstige verval ingehou het nie. 'n Derde oorweging is te vinde in die praktyk van die plattelandse gemeentes waar die ouderling en die diaken meesal saam die rondgang in die wyke gedoen het en die diaken sy taak alleen tot die stoflike beperk het terwyl die ouderling *alle* geestelike bearbeiding verrig het. Eweëns moet onthou word dat die diaken se werk almeer verskuif is na die finansiële administrasie van die gemeente terwyl die geestelike arbeid byna uitsluitlik gaan rus het op die skouers van ouderling en leraar.

Hierdie toestand sou seker nie veel ernstige probleme opgelewer het in 'n eenvoudige plattelandse gemeenskap nie, maar die stedelike lewe met 'n toenemende verarmingsverskynsel het ander eise begin stel.

Die aangehaalde adviese is dan ook van belang as dit gesien word teen die besondere tydsagtergrond, naamlik 1926 — 'n periode voorafgegaan deur verskeie kongresse en konferensies oor die armblankevraagstuk,

---

11 Burt, Cyril: The Young Delinquent, 1944, pp. 79, 84.
12 Hand. 6 : 1.

vrees en beklemming ten opsigte van die stadswaartse trek en die eerste simptome van die wêrelddepressie. Die besondere adviese wys dus tog daarop dat die geestelike versorging deur die diakens nie was wat dit kon wees nie en hoewel die toestand middelerwyl reeds mag verbeter het, is dit tog nog 'n ope kwessie of daarvan al soveel teregkom as wat die bevestigingsformulier van die diakens vereis.

(b) *Stoflike Hulpverlening.*

Die algemeenste en bekendste vorm van diakonale hulpverlening is die stoflike, die daaglikse versorging in die vorm van kos, klere, huisvesting, medisyne ens. Die aanduiding wat gevind word in *die daaglikse versorging* [12] sowel as in die bepaling van die bevestigingsformulier — *waar dit nodig is* — gee geen prioriteit ten opsigte van 'n behoeftebevrediging en stoflike hulpmiddel soos kos, klere, huishuur, medisyne, bo die ander nie.

Wat die besondere middele betref gee die Skrifte bepaalde voorbeelde. In die Ou Testament, veral in Deuteronómium en Levitikus, word hoofsaaklik gespreek in terme van goedere en dienste: die na-oes, onafge-oeste hoeke van die land, 'n vergete gerf, are wat agterbly op die akker, die tiendes van die vrug van die tuin en die veld, vrylating, lossing, ens.[13]

Die barmhartigheidswonders van Christus bestaan ook hoofsaaklik uit die gee van goeie gawes soos brood en vis, maar ook in die verrigting van besondere dienste: die blindes se oë te open, die kreupeles te laat loop, die siekes te genees, die dooies op te wek. So stel Petrus dit ook aan die kreupelgebore bedelaar by die Skone Poort:

> „Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en wandel".[14]

Hoewel die gee van geld onder hierdie middele feitlik ontbreek, moet uit die feit dat Petrus goud en silwer noem en dat Judas die beurs vir die armes gedra het en die kosbare salf wou verkoop om die geld aan die armes te gee [15] tog sekerlik afgelei word dat geld nie alleen 'n bekende maar ook veroorloofde middel in die barmhartigheidsdiens was. Hoewel die eerste gemeentes op die liefdestafel gawes *in natura* [16] gebring en aan die behoeftiges uitgedeel het, het van die eerste gelowiges tog ook hulle besittings verkoop en die opbrings daarvan aan die dissipels oorhandig om aan die armes bestee te word.[17] Aan hierdie oorwegende hulpverlening in die vorm van ware kan seker geen prinsipiële betekenis geheg word nie. Die verklaring hiervoor en van 'n blykbare klemverskuiwing van die oorwegende hulp *in natura* na *geldhulp* sal eerder te vinde wees in die kultureel-ekonomiese lewe van Israel. Vanaf hulle bestaan as trekkersvolk deur die woestyn tot die stigting van die eerste Christelike gemeente, het die ekonomiese lewe vanselfsprekend 'n sterk verandering van 'n

---

13 Vgl. veral Lev. 25 en Deut. 14, 15 en 24.

14 Hand. 3 : 6.

15 Matth. 26 : 9; Joh. 12 : 4, 5. Vgl. ook die geval van die ryk jongeling, Matth. 19 : 21.

16 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 37.

17 Hand. 4 : 34; 5 : 1-10.

ruilstelsel na 'n geld-ekonomie ondergaan.[17a].

Wat wel uit die voorbeelde afgelei kan word is dat daar drie vorme van hulpverlening bestaan het: deur ware, dienste en geld. Die aanwending van elke besondere vorm word bepaal deur die omstandighede van die hulpbehoewende. Tog is daar ten opsigte van elkeen sekere voordele en beperkinge wat in ag geneem moet word om die hoogste waarde en doeltreffendheid daaruit te verkry.

As algemene ruilmiddel is geld 'n vrye middel — 'n ware wat in ruil gegee kan word vir enige benodigdheid, ware of diens. Dit is die ongebonde middel waarmee elke selfstandige mens sy lewensbenodigdhede koop. Wie die selfstandigheid, die verantwoordelikheid en die selfrespek van die ontvanger respekteer, verleen stoflike hulp in die vorm van geld. Dit laat die ontvanger vry om te koop wat hy nodig ag. Maar in die maatskaplike sorg lewer dit ook sy moeilikhede. Elkeen wat met behoeftiges te doen kry, weet dat die vermoë om met geld te werk nie altyd aanwesig is nie. Daar is diegene wat sal hongerly ten einde hulle op te tooi; of wat minderwaardige voedsel sal koop om daarby versnaperinge te kan bekostig [18] of wat meer koop as betaal kan word. Dan word dit reeds nodig om die geldvryheid in te kort. Dit kan gedoen word deur te bepaal waarvoor die geld gebruik mag word of deur die begunstigde toe te laat om die voorgeskrewe items te koop en die rekening aan die diakonie te laat stuur. Met die oog op die vertroulike aard van die diakonale hulp moet hierdie weg alleen gevolg word by wyse van strenge noodsaak en nie ter wille van die vergemakliking van die administrasie nie.

Op dié stadium grens hierdie vorm van hulpverlening reeds aan die van ware en dienste. Albei is meer spesifiek en dus meer gebonde as geld. Juis daarom het dit onder bepaalde omstandighede sekere voordele mits dit goed toegepas word. Wanneer hulpverlening in die vorm van geld nie wenslik is nie of die intensiteit van die nood te hoog is om enige uitstel en versuim te gedoog, kan hulp in die vorm van goedere en dienste verleen word. Om aan die dronkaard of luiaard of dobbelaar geld te gee, sterk hom in sy kwaad en voorsien nie in sy ware behoefte nie; om die deur honger verswakte 'n bereide maaltyd voor te sit is beter as om hom 'n geldstuk in die hand te stop; om die onversorgde ernstig kranke onmiddellik in die hospitaal op te neem op koste van die diakonie is beter as om medisyne na sy huis te stuur of om hom verlof te gee om 'n geneesheer te ontbied. Biesterveld [19] noem naas hierdie redes waarom liewer van goedere en dienste gebruik gemaak moet word, ook 'n praktiese naamlik dat die diakonie dikwels as gevolg van allerlei insamelings oor verskeie soorte benodigdhede beskik. Daarby kan die Dorkas maklik ook sodanige goedere vervaardig of versamel.

Hoewel daar genoegsame getuienis bestaan om aan te neem dat in die verskillende Gereformeerde gemeentes geen strenge eenvormigheid bestaan het nie, is die meeste hulp blykbaar tog in die vorm van kontanttoekennings gelewer. In die plattelandse gemeentes waar die kwartaallikse

---

17a Krüger, I.D. en Coetzee, J. V.: Land en Volk van Palestiena, p. 63 e.v.
18 Biesterveld e.a.: a.w. p. 315; vgl. ook Adriani a.w. p. 147 e.v.
19 Biesterveld e.a.: a.w. p. 317.

Nagmaalsvierings die eintlike geleentheid vir kerkraadsvergaderings was, is die toekennings gewoonlik in driemaandelikse paaiemente uitgekeer, mits dit 'n sogenaamde *vaste uitkering* was. Dit wil selfs voorkom asof sodanige hulp vir 'n lang of 'n onbepaalde tydperk 'n latere ontwikkeling was.

Die vroeëre lewensomstandighede en aard van die armoede was meesal sodanig dat sporadiese hulp, wanneer 'n bepaalde gebrek voorgekom het, genoegsaam was. Kroniese gebrek en armoede was seldsaam sodat langdurige gereelde hulp nie nodig was nie. Toenemende verstedeliking, 'n ingewikkelder ekonomiese lewe, die verdwyning van pionierstoestande. die oorlogsverwoesting en daaruitspruitende verarming het 'n ander verhouding tussen sporadiese en gereelde hulpverlening geskep. Tog was gereelde geldelike hulp voor 1900 nie algeheel onbekend nie. Veral was dit nodig in die gevalle van behoeftige oues van dae en weduwees. In 1871 besluit die kerkraad van Bethulie om aan 'n oue broeder elke ses maande £ 6 toe te ken [20] en in 1888 kom dieselfde kerkraad tot die interessante reëling om 'n kollekte te hou vir 'n weduwee:

„De 2 oudste diakens zullen 6 maanden werken, dan zullen de 2 andere diakens weder werken".

Die gekollekteerde moet kwartaalliks aan die weduwee gegee word.[21]

In verskeie gevalle is die geldelike toekennings voorwaardelik gemaak. Bethulie ken aan 'n weduwee in 'n afgeleë wyk 5/- per maand toe mits sy lidmaat van die Gereformeerde Kerk is.[22] Ventersburg staan aan 'n broeder £ 25 toe mits sy kinders in die dorpsskool geplaas word [23] en aan 'n weduwee £ 12 vir die jaar, „indien zij niet naar Theunissen gaat".[24] Waar die eerste en derde geval 'n beperking ten opsigte van die voorwerp oplê, naamlik dat die ontvanger lidmaat van die kerk en die besondere gemeente moet wees, beperk die ander die hulpverlening tot 'n besondere behoefte. Laasgenoemde beperkings kom dikwels voor: £ 1 vir rottang om mandjies te maak; [25] £ 10 aan 'n jong broeder wat wil studeer om klere te koop; [26] 'n bedrag aan 'n weduwee om hout en sink vir haar huis te koop.[27] Soortgelyke behoeftetoekennings is dikwels ter betaling van doktersrekenings, begrafniskoste en onderwysgelde.

Verskeie gevalle kom ook voor van hulpverlening in nog meer gebonde vorm waar die diakonie of kerkraad self die geld bestee in die belang van die besondere behoefte waarvoor dit aangevra en toegestaan is:

„De diaken van de wyk wordt opgedragen om voor die £ 3 't noodige voor haar ('n doofstomme suster) te koopen dewijl anders het geld wellicht niet goed besteedt wordt.[28]

---

[20] Kr. not. Bethulie, 11.12.71, art. 12.
[21] Kr. not. Bethulie, 18.5.88, art. 4.
[22] Kr. not. Bethulie, 27.8.98, art. 5.
[23] Kr. not. Ventersburg, 22.5.20, art. 5.
[24] Kr. not. Ventersburg, 5.10.17, art. 3.
[25] Diak. not. Burgersdorp, 11.12.31, art. 6.
[26] Gemeenteverslag, Dordrecht, 1948.
[27] Kr. not. Bethulie, 11.8.06, art. 15.
[28] Kr. not. Lichtenburg, 30.7.97, art. 4; Vgl. ook Kr. not. Bethulie, 14.4.98, art. 5 en Ventersburg 31.5.13, art. 11.

Soms was die besteding vir 'n heel besondere doel soos om klere te koop vir lidmate sodat hulle die kerk kan besoek.[29] In hierdie gevalle veral styg die doel van die armesorg bo die bloot materiële uit: nie net sorg vir die kleding nie maar bewuste versterking van die selfrespek sodat die versorgde nie net menswaardig nie maar ook Christenwaardig saam met sy geloofsgenote kan verkeer. Verdere doelbeperkte geldelike toelaes, deur die diakonie self beheer en bestee, is gegee vir huishuur, betaling van doktersrekeninge, begrafniskoste, kruideniersrekenings en ander sake wat die daaglikse versorging betref.

In verband met die geldelike hulp aan behoeftiges moet nog twee ander verskynsels genoem word.

Die eerste is die toestaan van lenings. Op die vraag of 'n diakonie 'n voorskotkas onder sy beheer mag hê en rente mag vra op uitgeleende geld, antwoord prof. J. A. du Plessis dat om geld op rente uit te sit deur 'n diakonie 'n bedenkelike saak is en te veel op besigheid lyk. Dit sou beter wees as soiets deur die gemeentelede self georganiseer word.[30] Bouwman [31] keur dit egter goed veral met betrekking tot voorkoming van armoede en aangesien die diakonie dit doen met 'n ander motief en op 'n ander wyse as 'n gewone finansieringsinstelling. Die kwessie van rente raak hy in sy uitspraak egter nie aan nie sodat die indruk gewek word dat hy 'n rentelose lening voorstaan, maar dat die begunstigde sy rente sal bybring in die vorm van 'n dankoffer aan kerk en arme. Biesterveld [32] haal met goedkeuring die uitsprake van Koelman, Voetius, H. H. Kuyper ten gunste van lenings uit die diakonale kas aan, mits dit binne die vermoë van die diakonie is en nie tot skade van die ander aspekte van die barmhartigheidsdiens strek nie. Vir die barmhartigheidskas het dit self dié voordeel dat dit op die lange duur weer terugontvang en daarby 'n besondere waarde vir die geholpene besit. Hy sien prinsipieel niks verkeerds daarin om rente op die geleende geld te vra nie, maar waarsku tog teen geldhandel en opeising van die geleende deur dwang en beslaglegging. Dit bly immers nog 'n werk van barmhartigheid. Teruggee van ondersteuning wat eens geniet is, is nie verkeerd nie, mits dit sonder ontbering kan geskied. Die hele saak reduseer hy tot die uitspraak dat diakonale voorskot op rente as voorkomingsmaatreël nie af te wys is nie, maar dat elke geval op sigself behandel moet word en dat geen invordering met dwang mag geskied nie.

Hiermee kan volmondig saamgestem word.

Minder uitgesproke is die menings van gereformeerde skrywers oor die ander aspekte van diakonale lenings soos borgstelling en die ooreenkoms van terugbetaling. Na die skuldbewys, die wetteregtelike dokument wat terugbetaling met regsdwang waarborg, verwys Biesterveld [33] slegs onregstreeks as hy alle dwang, behalwe 'n sedelike, om die geleende bedrag terug te kry, afkeur. Die enigste moontlike konklusie in hierdie

29 Kr. not. Bethal, 23.10.09, art. 9; Ventersburg 24.11.17, art. 15.
30 Die Kerkblad, 15.7.31, p. 174.
31 Bouwman: a.w. pp. 111/112.
32 Biesterveld e.a.: a.w. p. 328.
33 Biesterveld e.a.: a.w. p. 328.

geval is dat, wanneer barmhartigheid die doel is en nie 'n balanserende staat van inkomste en uitgawe nie, die noodsaaklikheid en selfs die blote bestaansreg van 'n skuldbewys verval.

Op die voetspoor van Voetius behandel alleen Koelman [34] die kwessie van borgstelling. En hy is nie daarteen nie. Die vraag is nou egter of die hulpverlening nie verswaar word deur die eise van borgstelling nie. As die behoeftige by die diakonie om 'n lening moet aanklop sal dit tog eintlik beteken dat hy nie deur die gewone finansieringsinstellings geholpe kan raak nie. En indien die diakonale voorskotkas dieselfde eise stel as 'n gewone handelsbank, wat is dan eintlik die verskil? En as aanvaar word dat die skuldbewys in hierdie transaksie geen bestaansreg besit nie omdat regsdwang hier misplaas is en alleen sedelike dwang plek het, wat is dan die sin van borgstelling? Die kerkregtelike aspek van die saak moet nie uit die oog verloor word nie. Wesentlik beskik die diakonie nie oor die bevoegdheid om 'n regshandeling soos 'n lening op skulbewys en ander borgstelling aan te gaan nie.

Sodanige handeling kan nie 'n juridiese ooreenkoms wees nie maar dra hoogstens 'n sedelike karakter waarby die geholpene onder die indruk gebring kan word dat die hulp, wanneer hy weer daartoe in staat is, terugbesorg behoort te word en dat enige „rente" in die vorm van 'n dankoffer na die diakonie kan kom. Maar wanneer daar in dae van herstelde voorspoed en welstand geen reaksie is nie, kan die diakone alleen deur geestelike bearbeiding trag om die broeder tot 'n „vergoeding" te beweeg. Die vraag is egter of die „skuld" nie ook „vereffen" kan word deur bydraes by die diens van barmhartigheid onder die erediens nie, sonder dat die diakonie spesifiek daarvan bewus is. Die resultaat is immers dieselfde, al is dit in laasgenoemde geval nie menslik kontroleerbaar nie.

Vermelding van lenings uit die diakonale kas kom selde en baie verspreid voor in die Gereformeerde barmhartigheidsdiens. In die gemeente Rustenburg was dit gedurende die vorige eeu blykbaar redelik dikwels toegepas. Op een vergadering word nie minder as drie lenings (£ 4, £ 8 en £ 10 resp.) teen 5 persent rente per jaar toegestaan. In 1891 was, volgens die kasboek van die diakenkassier £ 44.14.0 uitgeleen gedurende die jaar. 'n Vorige keer moes spesiaal gekollekteer word om genoeg in die kas te kry om aan 'n broeder £ 15 te leen om sy dokterskoste te betaal. Naas die opmerklike rentevoet van 5 en 6 persent is dit ook opmerklik dat die kerkraad meen dat lenings uit die armkas nie kwytgeskeld kan word nie.[35]

Met veel geloof en optimisme staan die kerkraad van Johannesburg 'n lening toe aan 'n „oud en gebrekkig en behoeftig lidmaat.... om eene broodwinning te krijgen".[36] Vir sover dit die selfrespek van die aansoeker betref het, was dit seker 'n loflike besluit; maar of dit enigsins

---

34 Aangehaal deur Biesterveld e.a.: a.w. p. 327.

35 Kr. not. Rustenburg 19.8.81, art. 15; 1.10.91, art. 16; 2.10.85, art. 19; 19.8.81, artt. 15, 17; 12.5.92, art. 27. Die kerkregtelike posisie is hier enigermate gewysig vir sover die *kerkraad* die lennings beheer het.

36 Kr. not. Johannesburg, 23.2.99, art. 16.

die karakter van 'n lening kan dra, sowel in die bedoeling van die aansoeker en die kerkraad as in die praktyk, skyn erg twyfelagtig, gesien teen die beskrywing van die applikant. In Lydenburg was dit ook 'n meer algemene praktyk, al word hoofsaaklik gelees van die afwysing van leningsaansoeke weens gebrek aan fondse. Later word die weiering anders gemotiveer:

„Geld leenen kunnen wij ook niet, omdat het tegenstrijdig is met onze beginsels en daarenboven hebben wij ook niet".[37]

Dat in sodanige gevalle die barmhartigheidsbeginsel bo die besigheidsaspek gestel is, blyk uit 'n besluit van Ventersburg om aan 'n weduwee die geld wat deur haar oorlede man geleen is, kwyt te skeld.[38]

Van die diakonieë wat op vraelys no. 1 geantwoord het, het slegs een 'n besondere leningsfonds van ongeveer £ 50, terugbetaalbaar met rente. Van die 22 gemeentes uit hierdie getal wat aan hulpbehoewende leerlinge en studente hulp verleen in die vorm van beurse en lenings, het slegs 5 vaste studiefondse; 3 daarvan is terugbetaalbare en rentedraende lenings; hulle word ook aldrie deur die P.U vir C.H.O. geadministreer op dieselfde wyse en onder dieselfde voorwaardes as die ander studielenings van die Inrigting. Die ander 2 is eintlik beursfondse en nie terugbetaalbaar nie.

Pogings om lenings op groter en meer georganiseerde skaal beskikbaar te stel, is slegs in twee gevalle aangewend. Die eerste was die *Sentrale Studiefonds vir Gereformeerde Leerlinge* wat in 1940 deur die Transvaalse Diakonale Konferensie begin is. Hoewel daar groot verwagtings en ideale gekoester is, het die saak nie veel opgelewer nie. 'n Totale bedrag van ongeveer £ 100 is byeengebring terwyl £ 40 aan studielenings uitbetaal is.[39] Sowel die prinsipieel-kerkregtelike aspek as die administrasie en borgstelling het moeilikhede gelewer sodat op aanbeveling van die Uitvoerende Kommissie van die Transvaalse Diakonale Konferensie [40] besluit is om die fonds te ontbind, die saldo pro rata aan die skenkers terug te betaal en die uitstaande lenings of aan die Kas vir Hulpbehoewende Studente oor te maak indien laasgenoemde die administrasie wil oorneem of dit aan die leners te skenk.[41]

Die tweede poging is deur die Partikuliere Sinode van Kaapland geïnisieer in dieselfde jaar toe voorgenoemde gestaak is. Lenings aan blinde en doofstomme Gereformeerde leerlinge aan die Worcesterse Instituut is formeel goedgekeur en 'n kommissie is benoem om die voorwaardes vir sodanige lenings op te stel.[42] Die reglement maak voorsiening vir 'n lening tot 'n maksimum van £ 200, renteloos vir die duur van die studietydperk maar teen 5 persent rente sodra die begunstigde 'n verdienste het. Verder vereis dit ook mede-ondertekening deur 'n goedgekeurde borg.

[37] Kr. not. Lydenburg, 17.7.03, art. 8; 9.10.03, art. 6; 29.10.09, art. 18.
[38] Kr. not. Ventersburg, 9.4.10, art. 22(e).
[39] Not. Diak. Konf. Tvl. 1945, art. 7.
[40] Not. Uitv. Kom. Diak. Konf. Tvl. 28.8.46, art. IV.
[41] Not. Diak. Konf. Tvl., 1946, art. 12.
[42] Not. Part. Sin. K.P., 1946, art. 38 II.

Regtelik is hierdie lenings in orde aangesien die beheer daarvan nie by 'n diakonie berus nie, maar by 'n liggaam met kerkregtelike status.

'n Ander, baie eienaardige vorm van hulpverlening was die uitreiking van kollektelyste. Die praktyk om 'n kollektelys, onderteken deur die predikant of ander kerkraadslede, aan 'n behoeftige te gee om self te kollekteer ter voorsiening van sy behoeftes het, hoewel nie baie dikwels dan tog geografies wyd verspreid voorgekom. Die eerste vermelding daarvan is te vinde in die Kerkraadsnotule van Middelburg.[43] Hoewel in hierdie geval besluit is om aan die applikant nie 'n lys te gee nie maar vir hom 'n besondere kollekte te laat hou, is dit tog van belang dat sodanige lys aangevra is. Dit skep die indruk dat die metode nie heeltemal onbekend en onbeoefend was nie. Prinsipiële beswaar het daar blykbaar nie teen die prosedure bestaan nie, want 'n latere soortgelyke versoek is toegestaan.[44] In die Vrystaat was die praktyk ook nie onbekend nie.[45]

Ds. L. P. Vorster het hierteen ernstig te velde getrek. Dit is volgens hom geen ongewone saak om iemand met so 'n kollektelys te sien aalmoese vra nie. Hy is verbaas dat 'n Gereformeerde predikant sy naam daaraan kan heg. Dit is trouens die maklikste manier vir die kerkraad om van sy armes ontslae te raak. Kerkregtelik, prinsipieel en prakties is dit verkeerd: die predikant besit geen reg om so 'n lys uit te skryf nie; die armes moet na die diakens verwys word: „Voor den rechten luiaard en bedelaar is niets aangenamer dan zulk een collectelijst".[46]

Blykbaar het dié skrywe sy uitwerking gehad want die 35ste Kaaplandse Algemene Vergadering moes antwoord op 'n beskrywingspunt van Burgersdorp of 'n kerkraad skriftuurlik geregtig is om kollektelyste aan armes uit te reik. Oor die kwessie was die vergadering so verdeeld dat met die beslissende stem van die voorsitter besluit is om die vraag na die Algemene Sinode op te stuur, terwyl die ander gedagterigting was dat sulke lyste nie ongeoorloof is nie hoewel die kerkraad opmerksaam gemaak word op die groot gevare wat daarin skuil.[47] In die handelinge van die Algemene Sinode van 1897 kom egter niks hiervan voor nie. 'n Duidelike kentering het egter ingetree te oordeel aan die verskillende aansoeke wat voortaan afgewys word „om gewichtige redenen" [48] of omdat „zulks in strijd is met Gods Woord" [49] of omdat dit „tegen het Gereformeerde beginsel is" [50] Trouens op 'n vorige Vrystaatse Algemene Vergadering is die lyste al bestempel as bedelbriewe wat „bepaald verkeerd en zonde is", en in stryd met die diakensamp.[51]

Die prosedure kon tot allerlei verleentheid lei. So het Ventersburg se kerkraad dit nodig gevind om twee diakens aan te wys om 'n ou broeder tereg te wys omdat hy by lidmate van die Nederduits-Gereformeerde

43 Kr. not. Middelburg Kp., 17.11.71, art. 25.
44 Kr. not. Middelburg Kp., 31.3.93, art. 9(b).
45 Kr. not. Bethulie, 24.6.92, art. 5; Ventersburg, 8.1.04, art. 19.
46 Kerkblad, 15.12.94, p. 4.
47 Not. 35e Alg. Verg. Kk. 1896, art. 47: Kerkblad, 16.3.96.
48 Kr. not. Potchefstroom, 24.6.04, art. 9.
49 Kr. not. Bethulie, 15.7.98, art. 4.
50 Not. 45e Alg. Verg. O.R.K., 1909, art. 32; Kerkblad, Apr. 1909.
51 Not. Verg. i.s. Armes, 1906, art. 9; byvoegsel tot Kerkblad, 1.9.06.

Gemeente met so 'n lys geld gevra het,[52] waardeur die indruk te regte moes ontstaan dat die Gereformeerde Kerk nie by magte is om sy armes te versorg nie.

Wanneer die geldhulp beperk word deur voorwaardes aan die besteding daarvan te heg of deur 'n reëling dat die diakonie self die benodigdhede sal koop of daarvoor sal betaal, verskil dit nie meer wesentlik van hulp in die vorm van ware en dienste nie. Hoewel die geldhulp miskien die bekendste is, is hulpverlening deur goedere of dienste te lewer nie onbekend in die Gereformeerde armsorg nie. In historiese perspektief gesien werp dit 'n interessante lig op die lewensgewoontes en die bedrywe van bepaalde streke van die land as geheel. Dit was in gebiede soos Noord-Oos Kaapprovinsie en Suid-Vrystaat nie alleen gebruiklik om die traktement van die leraar gedeeltelik in die vorm van slaghamels en koring of meel te betaal nie, maar ook om op die wyse in die behoeftes van die onvermoëndes te voorsien. Die gemeente Middelburg help 'n ou broeder met 6 hamels in die jaar;[53] Ventersburg besluit om ter ondersteuning van drie blinde kinders skape, geld en ander benodigdhede te kollekteer [54] terwyl die Lydenburgse plaaslike kleur blyk uit die koring en mielies wat deur die wyksouderling en -diaken vir 'n ou suster byeengebring is.[55]

So eenvoudig en primêr het die vorm van naturalia nie altyd gebly nie. Wanneer Ventersburg se kerkraad 'n nuwe lys kruideniersware vir 'n ondersteunde goedkeur [56] is dit seker grootliks weerspieëlend van veranderende lewensomstandighede en -gewoontes. Ander ware- en diensteitems het gaandeweg bygekom. 'n Enigsins verteenwoordigende aanduiding daarvan is te vind in die geval van Burgersdorp: huishuur, doodkis, wintergoed vir kinders, skoene vir 'n weduwee en doktersrekening.[57]

Dit is duidelik dat die diakonale versorging oor die algemeen nie juis aan een of ander van die hulpverleningsmiddele voorkeur verleen het nie. Dit was feitlik deurgaans 'n gemengde ondersteuning. Beleidloos was dit egter nie. Met erkenning van die gewone uitsonderings was die Gereformeerde hulpverlening geen starre vasklewe aan geld of naturalia of dienste nie, maar is daar klaarblyklik 'n variërende en elastiese praktyk gevolg wat in die maatskaplike sorg met sy menigvuldigheid van vraagstukke, gedurige wisselwerking van omstandighede en oneenselwigheid van behoefte en vermoë 'n gesonde beleid is. Ter illustrasie kan die volgende uittreksels uit die gemeenteverslae wat op die Oostelike klassis van Kaapland in 1940 voorgelê is, dien:

*Molteno:* Die diakonie help 'n paar weduwees met die betaling van hulle huishuur. Verder word van tyd tot tyd hulp verleen in gevalle waar gebrek aan voedsel mag wees. Waar mediese hulp verleen moes word, betaal die diakonie baie maal die rekenings.

---

[52] Kr. not. Ventersburg, Maart 1926, art. 12.
[53] Kr. not. Middelburg, Kp., 14.2.79, art. 3.
[54] Kr. not. Ventersburg, 24.8.78, art. 6.
[55] Kr. not. Lydenburg, 21.6.12, art. 4.
[56] Kr. not. Ventersburg, 22.10.20, art. 9.
[57] Diak. not. Burgersdorp, 3.4.25; vgl. ook gemeenteverslae, Oost. Klassis, Kp. 16.3.48: mediese hulp, klerasie, voedsel.

*Sterkstroom:* Die armes van die gemeente word gehelp met kos en met die versorging van siekes waar daar behoefte is.

*Burgersdorp:* Elke geval word op sy meriete behandel. Die diakonie gee ondersteuning in geld of ware of vrye inwoning en dra by tot die begrafnisfonds vir armes.

*Dordrecht:* De armsorg geskied deur geldelike bydraes, sowel as klere en voedsel.

*Werkverskaffing:*

Bemiddelingsdienste is 'n baie belangrike, gesonde en waardevolle vorm van hulpverlening.

Veral wanneer dit die selfrespek, verantwoordelikheid en selfstandigheid van die hulpbehoewende betref sal daar selde 'n beter hulpvorm gevind kan word. Om die hulpbehoewende te help om homself te help, het 'n leuse in die maatskaplike werk geword, dit wil sê om hom te help om sy plek van relatiewe selfstandigheid te herwin en te handhaaf. So 'n bemiddelingsdiens van ongeëwenaarde waarde is werkverskaffing.

Selfs onder die verswaarde vloek van die sonde kan Bavinck nog skryf oor „De Zegen van den Arbeid".[58] Sosiaal-terapeuties gesien het die arbeid 'n besondere seën gebly. Dit bly prinsipieel die enigste sosiaal en sedelik gesanksioneerde kanaal waardeur die mens sy brood kan verdien en sy selfstandigheid kan handhaaf. In sy volle konsekwensie beklemtoon Paulus dié waarheid in sy stelling dat as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.[59] Gedurig spoor hy aan tot die arbeid.[60] Dit is trouens sekerlik een van die besondere gedagtes wat die Christendom in die heidense wêreld ingedra het en waarmee die sending vandag nog te doen kry. Van Lonkhuyzen [61] noem as twee van die belangrikste eienskappe van die Christelike barmhartigheid van die ou Kerk en die eerste gemeentes die lewenseenvoud en hoë waardering van die arbeid. Ook met die kerkhervorming onder Luther en Calvyn beleef die beginsel 'n heroplewing.[62] Calvyn het selfs ten einde die talle vlugtelinge wat hulle in Genève bevind het van 'n inkomste te voorsien, 'n nuwe industrie begin.[63]

In die vroeëre Gereformeerde Kerke was werkverskaffing aan werklose en hulpbehoewende lidmate geen onbekende praktyk nie. Voetius [64] beveel selfs die oprigting van werkhuise aan terwyl die „Sociaal Congres" [64] as die drie middels om groot armoede te voorkom lenings, werkverskaffing en die stigting van werkhuise gedurende die winter of in tye van groot werkloosheid noem. Hoewel hier praktiese gevare van onnodige en nadelige konkurensie op die weg mag lê, hef die misbruik die gebruik geensins op nie en is dit nie ongeoorloof vir die diakonie om sy werklose lidmate op een of ander wyse aan die werk te kry nie.[64]

---

58 Bavinck, J. H.: De Zegen van den Arbeid; Voorhoeve, 's-Gravenhage, 2e druk.
59 2 Thess. 3 : 10.
60 Ef. 4 : 28; 1 Thess. 4 : 11.
61 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 72.
62 Van Lonkhuyzen in a.w. pp. 128, 145 e.v.
63 Biesterveld e.a.: a.w. pp. 328/329.
64 Aangehaal by Biesterveld e.a.: a.w. p. 328.

Hoewel nie grootskaals en op georganiseerde wyse toegepas nie, is werkverskaffing nie 'n onbekende middel in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie. Ook hier moet die landsgeskiedenis in sy sosiale, ekonomiese en kulturele aspekte in gedagte gehou word. Tot ongeveer die laaste kwart van die 19de eeu was armoede selde die regstreekse gevolg van werkloosheid in die twee noordelike provinsies en in die noord-ooste van Kaapland waar die lidmate van die Gereformeerde Kerk oorwegend gevestig was. Dit was byna uitsluitend veeteelt- en landbougebiede met 'n agrariese kultuur waar elkeen sy eie baas en werkgewer was. Die ontwikkeling van die mynindustrie met die gepaardgaande handel en sekondêre nywerhede bring eerst vanaf ongeveer 1880, — maar versterk deur die oorlogsgevolge, veral eers na 1902 — 'n groot verandering in die toestand. Die volkstrekstatistieke toon onmiskenbaar hoedat groot getalle plattelanders, dit wil sê hoofsaaklik Afrikaans-sprekendes, na die stede emigreer, nie as werkgewers nie, maar wel as werknemers.[65]

Tussen armoede en werkloosheid ontstaan daar nou 'n veel intiemer en regstreekser kousale verband.

Blykbaar is dit ook 'n aktiwiteit wat nie altyd in diakonale stukke vermeld word nie. Dit is immers algemene kennis dat die stedelike diakonieë en diakens veel doen om werklose lidmate in betrekkings geplaas te kry. Tog is aantekening hieroor uiters sporadies. Die ou lidmate van Bloemfontein onthou nog hoedat ds. W. Postma na die Engelse Oorlog Bloemfontein met sy fiets deurkruis het om vir die ekonomies geruïneerde lidmate werk en verdienstes te soek. Dit is trouens ook die verhaal van die kerklike barmhartigheidsdiens op die Rand en in Pretoria. Pogings tot georganiseerde werkverskaffing was daar ook. Die 61ste Transvaalse Algemene Vergadering het in verband met vraag 8 van die gemeenteverslae aan sy Diakonale Kommissie opgedra om weë te vind teneinde die arme beter te versorg onder andere deur organisasie van die werkverskaffing.[66] In die toenemende industriële lewe is dit 'n aktiwiteit wat elke diakonie op tweeledige wyse moet onderneem: om gedurig aan te spoor tot werksaamheid en om daarmee saam werkskuheid en kroniese werksverwisseling te veroordeel en te bestraf en om andersyds behulpsaam te wees met die soeke na 'n eerbare verdienste. Eintlik sluit dit veel meer in: aansporing tot die beste arbeidsopleiding, tot ywerige en getroue pligsvervulling en eerlike arbeidslewering sodat die betrokke lidmaat die hoogste arbeidstabiliteit kan bereik. Dit beteken ook dat prediking en onderwys meer nadruk moet lê op die wesentlike sin van die arbeid: „Arbeid is aanbidding, hij is gedragen door eerbied voor God, hij is naar God gekeerd en op God gericht".[67]

*Familiehulp*. Adriani[68] se stelling, dat in die reeks hulpverleningskringe, die gesins- en familiekring die naaste hulpbron verteenwoordig, word algemeen deur die maatskaplike sorg onderskryf. Paulus verwys bepaald hierna wanneer hy aan Timotheus skryf dat die gemeente ver-

65 Schumann, a.w. p. 97 e.v.; Carnegieverslag, I, Hfst. 1, 2.
66 Not. 61e Alg. Verg. Tvl., art. 66.
67 Bavinck: a.w. p. 14.
68 Adriani: a.w. p. 29 e.v.

antwoordelik moet wees vir die wat waarlik weduwees is maar dat dié wat kinders en kleinkinders het deur hulle versorg moet word.[69] Die beroep hier is op die vyfde gebod.[70] En hoewel hier alleen sprake is van kinders en kleinkinders, sluit dit seker nie ander bloedverwante uit nie in ooreenstemming met die Israelietiese lossingsbepalings.[71] Bouwman [72] stel dit uitdruklik dat die diakonie die natuurlike versorgers, soos vader en moeder, broers en susters, kinders en familielede in ander verwantskapsgrade, nie mag verdring nie. Die diakonie moet intree waar en wanneer hierdie eerste hulpverleningskringe onmagtig is of in onwilligheid die hulpbehoewendes aan hulle lot oorlaat. Waar daar onwil van die kant van die natuurlike versorgers is, het die diakonie en seker ook die ouderlinge, 'n taak om hulle tot die regte insig en optrede te bring. Onderwyl mag die hulpbehoewendes egter nie aan hulle lot oorgelaat word nie.

Die vraagstuk van verwaarlosing van gesins- en familieverantwoordelikheid het ook in die Suid-Afrikaanse samelewing en in die Gereformeerde Kerk werklik aktuele afmetings begin aanneem met die toenemende verstedeliking. Onder die plattelandse pionierstoestande is familie- en buurskapsbande gewoonlik baie heg.

Die familiehegtheid van die Boeregemeenskap in die vorige eeu was feitlik spreekwoordelik soos dit ook blyk in die algemene aanspreekvorme wat berus op die verwantskapsaanduidings.[73] Die plattelandse omstandighede het hulle trouens ook veel makliker geleen vir sodanige optrede as die stedelike lewe met sy groter individualisme, woningnood, onsekere verdienste en hoë lewenskoste. Veroppervlakking van verhoudings en desorganisasie van natuurlike verbande is kenmerkend van die stadslewe.

Blykens die aangetekende besluite in kerkraads- en diakonale notules het die Gereformeerde barmhartigheid hom sterk aan hierdie beginsel gehou. Opmerklik is dit dat verwysings na die familieverantwoordelikheid veral teen ongeveer die laatste dekade van die 19de eeu veelvuldiger voorkom. As 'n broeder hulp vra om die dokterskoste te bestry, word hy deur die kerkraad „volgens de H. Skrift verwezen naar zijn familie".[74] Middelburg verminder die maandelikse bystand aan 'n weduwee aangesien haar kinders „thans beter verdiensten hebben".[75] Veelal kom die verwysing voor in die verband met siekte en begrafniskoste waar die diakonie wel voorlopig of gedeeltelik help op voorwaarde dat beproef word of die familielede nie die ontbrekende sal aanvul nie. Handhawing van die beginsel is dikwels ook ingeskerp, indien nie as voorwendsel voorgehou nie, deur die bittere realiteit van 'n leë diakonale kas. Dit blyk baie duidelik

69 1 Tim. 5 : 3, 4, 16.

70 Vgl. Geesink, dr. W.: Van 's Heeren Ordinantiën, Amsterdam 1908, dl II, 2, Hfst. V en veral p. 40.

71 Lev. 25 : 23 e.v.

72 Bouwman: a.w. p. 105.

73 Soos die kerklike aanspreekvorm van *broeder* en *suster* dui op die noue verwantskap in Christus, is die nasionale aanspreekvorme *neef* en *niggie*, *oom* en *tante* 'n weerspieëling van 'n sosiale en kulturele verwantskapsbesef.

74 Kr. not. Bethulie, 25.2.98, art. 11.

75 Kr. not. Middelburg, Kp. 17.2.99, art. 17.

daaruit as Fordsburg se kerkraad aan dié van Middelburg Kp. skrywe om die familie van 'n behoeftige lidmaat van eersgenoemde gemeente aan te spoor tot hulpverlening.[76]

Onder toestande van beter georganiseerde barmhartigheidsdiens, beter gevulde armbeurse en toenemende familieloosheid, ontstaan die indruk dat hierdie beginsel minder streng gehandhaaf is. Dadelik moet erken word dat die lewenspraktyk die diakonie in die verband voor 'n haas onkeerbare en onverhelpbare situasie plaas. Terselfdertyd ontstaan die vraag egter of diakonie en kerkraad, barmhartigheidsdiens en prediking tesame met partikuliere welsynsinstansies en owerheidshulp, nie voor 'n des te groter taak en dringender plig gestel word nie? Die hele gang van die hedendaagse maatskaplike sorg neig in die rigting van die verbreking van spesifieke, individuele en gesinsverantwoordelikheid waardeur die geroep om onderstand en maatskaplike versorging in 'n wêreld van verdwynende sosiale bindinge al groter word. In sy openingsrede voor die vierde Indiese Welsynskonferensie het die voorsitter, dr. J. N. Mehta die tendens baie duidelik gestel:

„In this process of helping, let us be very cautious that we do not make him really or virtually dependent. By providing a number of services, the state usurps the loyalty of the individual to his family and tends to create a strong state, and a weak family".[77]

*Aansoek of Ondersoek.*

Moet die behoeftige skriftelik aansoek doen by die diakonie of persoonlik verskyn met sy aansoek om ondersteuning? Of moet die diaken die moontlike behoeftige vra of hy hulp nodig het uit die diakonale kas?

Oor die wenslikheid van skriftelike aansoeke om hulp antwoord die Kaaplandse Diakonale Konferensie dat die diakens volgens hulle bevestigingsformulier 'n mandaat het om die nood van die gemeentelede te ken.[78] Aansoeke deur die hulpbehoewende, hetsy per brief of aansoekvorm, behoort dus nie nodig te wees nie. Op ongeveer dieselfde vraag antwoord J.V.C. dat dit net so ongereformeerd is om van die behoeftige te verwag om by die diaken aansoek te doen as dat die diaken moet vra of hulp nodig is. Om hulp te vra is swaar en vernederend. Om dit as beleid te stel sal beteken dat alleen aan diegene hulp verleen word van wie die skaamtegevoel afgestomp is terwyl die fyngevoelige in onbekendheid ellende sal ly. Ewemin is dit aan te beveel dat die diaken die arme vra of hy hulp nodig het. Hy behoort soveel intieme kennis te besit van sy lidmate dat hy op 'n kiese en behoorlike manier kan vasstel wat die toedrag van sake is.[79]

Prinsipieel en ideëel is dit korrek. Die vraag is egter of die diaken altyd daartoe in staat sal wees om sonder medewerking en regstreekse inligting van die kant van die behoeftige 'n presiese oordeel te kan vel

---

76 Kr. not. Middelburg, Kp., 22.6.06, art. 5.
77 The Indian Journal of Social Work, June 1951, p. 30.
78 Not. Diak. Konf. Kp., 1940, art. XVI.
79 Kerkblad, 4.5.45, p. 13.

oor die besondere behoefte en die omvang daarvan. Behoort die behoeftige nie ook genoegsame vrymoedigheid te besit om met sy diaken daaroor te praat nie? Hiervoor is nodig die regte gesindheid van die lidmaat teenoor sy kerk en vertroue in sy diaken — want die lidmaat kan ook skuld daaraan hê dat die diaken nie barmhartigheid beoefen nie. Die aangehaalde uitsprake sluit hierdie aspek nie juis uit nie.

Intieme kennis en begrip van die kant van die diaken, sowel as kiese en noukeurige ondersoek van sy kant, beskeidenheid maar tog ook genoeg vertroue in die diaken en die regte gesindheid teenoor die kerk van die kant van die arme en ten slotte barmhartigheid gepaard met versigtigheid in oorleg met die diakonie — dit sal die weg open vir 'n barmhartigheidsbetoon wat nie die gewer sal berou of die ontvanger sal verneder nie.

Wat die algemene praktyk met betrekking tot hierdie saak by die verskillende diakonieë en kerkrade was en nog is, is moeilik om presies te bepaal. Aanduidings van bepaalde aansoekvorms is nie gevind nie. Getuienis betreffende skriftelike en mondelinge aansoeke kom taamlik dikwels voor en nie slegs as uitsonderinge nie: „ou broeder A doen skriftelik aansoek om ondersteuning" of: „brief van suster H. gelees, vragende om ondersteuning".[80] Die grootste persentasie van hierdie soort aansoeke is blykbaar gebore uit 'n gesonde vrymoedigheid teenoor kerk en diakonie wat wortel in 'n sterk kerkgesindheid en in die vertroue wat geskep is tussen lidmaat en kerkraadslede deur die praktyk van huisbesoek. Tog kom daar ook verskeie gevalle voor wat die indruk skep dat die vrymoedigheid oorgegaan het in oormoedigheid; dat beskeidenheid plek gemaak het vir onbeskaamdheid en dat die barmhartigheid nie meer as voorreg aanvaar maar as reg geëis word en dat die diakonie beskou word as die permanente ekonomiese bestaansbron. Onder sulke omstandighede is dit dan ook te wagte dat vitterige kritiek op die diakonie uitgeoefen sou word.[81]

Wat die motiewe en gesindheid van die aansoekers ookal mag wees, moet dit seker as 'n refleksie teen die diakonale versorging aangeteken word dat die ontvangs van sodanige aansoeke so dikwels vermeld word. Moet die toestand daaraan gewyt word dat die diakens so in die groef van geldinsameling vir algemene doeleindes verval het, dat die skerpte van blik en die oplettendheid na moontlike behoefte en gebrek verdof het? Of het die beskouing posgevat dat hulp eintlik net verleen moet word wanneer die behoeftige lidmaat by die diakonie of kerkraad daarvoor aansoek doen?

Die vraag kan wel gestel word hoe die diakens dan moet onderskei tussen hulpbehoewendes en vermoëndes en moet bepaal waar werklik behoefte bestaan. Hierop is slegs een antwoord moontlik, naamlik dat die diaken — en daarvoor is die wyksindeling uitmuntend geskik — die behoeftes van die lidmate moet ken deur ondersoek en vertroulike omgang. Daarmee word nie bedoel dat volgende op 'n formele aansoek om hulp op 'n voorgeskrewe vorm of andersins, die betrokke wyksdiaken

[80] Diak. not. Burgersdorp, 15.6.23, artt. 18, 19.
[81] Diak. not. Burgersdorp, 18.9.25, art. 19.

'n ewe formele, inspektorale ondersoek moet gaan instel of die aansoek *bona fide* is nie. Netsomin word daarmee gesê dat die diaken maandeliks of op ander vasgestelde tye 'n balansstaat van die finansiële toestande van elke gesin en individu in sy wyk moet opstel met die doel om tekorte te ontdek nie.

Sonder behoorlike ondersoek en deeglike kennis van die hulpbehoewende en sy nood kan die diaken nie met versigtigheid die regte hulp verleen nie. Om met versigtigheid te versorg beteken dat in die regte behoefte voorsien word, dat op die regte tydstip begin en nie langer as wat absoluut noodsaaklik is aangehou moet word nie; dat daar nie te min, maar ook nooit te veel gegee moet word nie, dat dit op taktvolle wyse en in die regte vorm gegee word.

Die versigtige hulp sluit ook in advies en toesig oor die besteding of gebruik van die hulpmiddele.

Op die Vrystaatse Diakonale Konferensie, (Reddersburg 1926) het ds. Yssel 'n omvattende formulering van die diakonale ondersoek gegee. Die diakonie moet hom deur die wyksdiaken of 'n kommissie van diakens op de hoogte stel van die hele toestand van behoeftes en behoeftiges in die gemeente. Hy moet weet hoeveel behoeftiges daar is, wat die oorsake van hulle toestand is, hoeveel deur lenings en hoeveel deur simpatieke raadgewing gehelp kan word, wat die toestand van naverwante is en hoe hulle help en indien nie, waarom nie.[82] Die diakonale ondersoek moet dus die deur open vir 'n begrip van die behoeftes, hulle oorsake en die besondere wyse waarop die beste hulp verleen kan word.

Hierdie en ander uitsprake [83] mag die indruk skep dat onversigtigheid die Gereformeerde diakonieë in hule barmhartigheidsdiens as geheel ten laste gelê moet word. Die kerkraads- en diakonale notules gee 'n enigsins ander indruk. Die byna kroniese toestand van skaarste en tekorte in die armbeurs het waarskynlik meer as enige ander faktor bygedra tot noukeurige ondersoek en versigtigheid by die behandeling van aansoeke om hulp. Maar dit was nie die enigste oorweging nie. Daar is genoegsame bewyse van 'n heldere begrip, van gesonde versigtigheid, prinsipiële insig en noodsaaklike onderskeiding. As 'n ouderling wil weet „welke de houding dient te zijn van de plaatselijke ouderling en diaken inzake armverzorging", antwoord die kerkraad dat in die verband baie versigtig gehandel moet word „daar dikwijls harder geklaagd wordt dan de nood groot is".[84] Dit was ook geen seldsaamheid dat 'n aansoek of voordrag om hulp na 'n kommissie of na die wyksouderling en -diaken vir verdere ondersoek terugverwys is nie om dan na goeddunke of met advies van kerkraad of diakonie op te tree.[85]

Selfs waar dit die minderheid van gevalle was wat terugverwys is vir verdere ondersoek, beteken dit nie dat diakonale ondersoek 'n uitsonderingspraktyk was nie. Gedurige formele herondersoek is klaarblyklik onnodig gemaak deur die redelike mate van algemene onderlinge bekend-

[82] Verslag Diak. Konf. O.V.S. 1926: Kerkblad, 18.1.27, p. 20 e.v.
[83] Vgl. die rapport voorgelê aan die Part. Sin. Kp., 1934, deur ds W. J. de Klerk.
[84] Kr. not. Lydenburg, 24.3.04, art. 15.
[85] Kr. not. Ventersburg, 25.5.18, art. 10.

heid van kerkraadslede en lidmate in die plattelandse en vroeër tot op sekere hoogte ook in die stedelike gemeentes. Daartoe het die plattelandse lewenswyse tesame met die gereelde kwartaallikse huisbesoek deur ouderling en diaken veel bygedra.

Daar is blykbaar veral na drie aspekte nadere ondersoek ingestel te wete die werklike behoefte,[86] die moontlikheid van hulpverlening deur verwante [87] en die aanwending van die hulp. Dit spreek byna vanself dat feitlik die hele gemeente oor laasgenoemde 'n wakende oog kon hou indien hulle bewus was van die hulpverlening.[88]

Gereelde ondersoek na behoefte en toesig oor gebruik van die hulp wil nog nie sê dat die versigtigheid altyd geslaagd of dat die ondersoek wetenskaplik deeglik was en tot die beste resultate gelei het nie. As in aanmerking geneem word dat selfs die bes opgeleide maatskaplike werker met sy tegniek van ondersoek en diagnose nie altyd slaag nie, dat die Gereformeerde diakens mense uit die gewone levenswandel is, dat hulle hierdie ampswerk moet afdoen naas die verantwoordelikhede van beroeps-, gesins- en volkslewe, dat hulle geen besondere opleiding vir die werk het nie en dat hulle oor die algemeen jonger manne met minder lewenservaring is, is gebreke in die diakonale ondersoek, diagnose en terapie heeltemal begryplik. In die lig hiervan is dit eintlik verbasend dat in die Gereformeerde armsorg nog so 'n peil van versigtigheid en noukeurigheid gehandhaaf kan word. Waarskynlik moet die verklaring daarvoor veral gesoek word in die onderlinge kennis tussen lidmate en tussen lidmate en ampsdraers waardeur 'n potensiële vertroue meegebring is wat die opgeleide werker dikwels mis en wat verder berus op die geloofsgemeenskaplikheid, die gesamentlike optrede van die kerklike ampte waardeur die ouderling en predikant nog altyd 'n aandeel neem in die barmhartigheidsdiens.

*Diakonale Huisbesoek.*

Om tot genoegsame kennis aangaande gemeentelike toestande te kom met die oog op ontdekking van behoefte en gebrek, is die dienstigste metode gereelde diakonale besoek aan *alle* lede van die gemeente. Dit is veelseggend dat onder Gereformeerdes in Suid-Afrika huisbesoek alleen geassosieer word met die besoek deur die ouderling en leraar met die oog op die voorbereiding vir die Nagmaalsviering. In die Gereformeerde Kerk doen die diaken nie huisbesoek nie, hy kollekteer net.

„De werking der christelijke barmhartigheid kan zeer bevorderd worden door het diakonaal huisbezoek", sê Bouwman.[89] As sodanig is dit reeds aangeprys deur die ou Gereformeerdes. Dit is egter interessant dat Bouwman die diakonale huisbesoek hier alleen bespreek in verband met die besoek aan die welgesteldes om hulle op te wek tot groter milddadigheid jeëns die behoeftiges. Terwyl hy die kollektes vir die armes by die

---

86 Kr. not. Johannesburg, 8.12.98, art. 17.
87 Kr. not. Middelburg, Kp., 22.6.06, art. 5.
88 Kr. not. Rustenburg, 10.9.77, art. 6.
89 Bouwman: a.w. p. 99.

huise afkeur, ag Bouwman dit geoorloof en selfs goed om ingeval van tekorte en besondere nood 'n rondgang te hou by die gegoede lidmate om hulle oor die toestande in te lig en te vra vir 'n besondere gawe.[90]. Dit is goed dat hierdie aspek van die diakonale huisbesoek beklemtoon word anders kan dit tot die gevolgtrekking lei dat die diaken in die uitoefening van sy barmhartigheidstaak alleen maar die armes behoef te besoek. In werklikheid moet die diakonale huisbesoek tweeledig wees. Die gegoede en selfstandige lidmate moet besoek word om die behoeftes van die nooddruftiges te bespreek, hulpbronne te vind, die harte oop te hou vir die diens van barmhartigheid, maar ook om hier 'n oog te hou op en te waarsku teen verkwisting en weelde en alles wat tot behoeftigheid kan lei. Ook die mindergegoedes, die behoeftiges en die ondersteundes moet besoek word, maar nie net om formeel ondersoek in te stel of om die toegestane hulp te oorhandig of toesig oor die gebruik daarvan te hou nie. Die diaken wie se huisbesoek nie dieper as hierdie oppervlakkighede indring nie, ken nie die betekenis van barmhartigheid nie. Dan is daar tussen hom en die owerheid se welsynsamptenaar geen wesentlike onderskeid nie.

Die diaken se huisbesoek behoort sodanig te wees dat hy 'n vriend en kenner van elke gesin en bowe-al van elke arm gesin en lidmaat kan wees — 'n kenner en vertroueling. Voorheen is daarop reeds gewys dat dit nie nodig behoort te wees dat die behoeftige sy nood bywyse van 'n aansoek, mondelik of skriftelik, aan die diakonie moet voorlê nie. Die diaken moet dit deur intieme, simpatieke kennis van die lidmaat sien en aanvoel en die aansoek deur eie optrede voorkom. Hy moet so goed ken en so goed geken word dat die lidmaat die nodige vrymoedigheid sal besit om wanneer die diaken nooddruf vermoed en dit aan die lidmaat stel, met hom te bespreek. Die enigste weg daartoe is diakonale huisbesoek — nie net elke kwartaal of elke maand wanneer die traktementbydrae opgehaal of die hulpverlening afgedra word nie, maar so dikwels moontlik en dikwels ook so informeel moontlik. Die vraag in hoeverre so 'n kennis en vertroue in die stedelike gemeentes waar anonimiteit en mobiliteit die kenmerkende verskynsels is, nog bereik kan word, is moeiliker te beantwoord. Die ergste gevolge daarvan kan alleen enigsins geneutraliseer word deur 'n beleid van kleiner wyke, langer ampstermyne en onderlinge diakonale kontak waardeur diakonieë en kerkrade mekaar wedersyds op hoogte kan hou van die toestand van intergemeentelik migrerende lidmate. Bouwman noem hierdie deel van die diakonale huisbesoek 'n gewigtige en heerlike deel van sy werksaamheid.[91] Ds. Yssel wys op die individuele bearbeiding, die sedelike opheffing van die diakonale huisbesoek mits dit meer in beoefening gebring word. Die doel en aard van die besoeke by welgesteldes en behoeftiges sal verskillend wees, so ook die tye van en die aantal besoeke.[92] Ook hier kom die gawe van onderskeiding te pas.

Hoewel die persoon van die diaken in die Gereformeerde huisgesinne nie 'n onbekende is nie, word sy werk geassosieer met kollektes, terwyl

---

90 Bouwman: a.w. p. 100.
91 Bouwman: a.w. p. 108.
92 Verslag Diak. Konf. O.V.S. 1926: Kerkblad, 18.1.27, p. 20 e.v.

alleen die besoek van ouderling en leraar werklik as *huisbesoek* verstaan word. In hierdie spreek- en denkwyse is veel opgesluit. Die huisbesoek deur die Gereformeerde diakens is vandag nog grotendeels nie *diakonale* huisbesoek nie. Wat die visitatore van die gemeente Venterstad te sê het, naamlik „daar is geen gereelde diakonale huisbesoek nie" [93] is nog waar van die oorgrote aantal gemeentes. Op die vraag of die diakens ook ander diakonale huisbesoek doen afgesien van die gereelde omgang vir die insameling van bydraes, het 43 van die 86 gemeentes geantwoord dat dit gedoen word, terwyl nog 14 die antwoord gekwalifiseer het deur byvoeging van *soms, ongereeld, wanneer nodig*. Daar bestaan genoeg redes om aan te neem, dat indien nie almal nie, dan tog die oorgrote meerderheid van die 43 diakonieë wat bevestigend geantwoord het, ook hulle antwoorde sodanig kon kwalifiseer. Diakonale huisbesoek soos hierbo beskryf vind in werklikheid selde plaas. Die geykte patroon wat onder die plattelandse toestande algemeen bekend was en grootliks nog voortbestaan, hoewel dit in die stedelike gemeentes aan verander is, was dat die diaken hoogstens eenmaal elke drie maande saam met die ouderling en soms ook in aanwesigheid van die predikant, die wyk deurgaan om te kollekteer vir predikantstraktement, bou- of orrelfonds, teologiese skool, ens. „In spesiale gevalle, as die nood dit vereis" [94] het dit ook gebeur dat die diaken spesiale huisbesoek moes aflê om fondse in te samel vir 'n arme in dié betrokke of in 'n ander wyk vir wie se versorging die diakonale fondse nie toereikend was nie of om die behoefte nader te ondersoek. Maar hoewel die hoofdoel van die diakonale rondgang nie spesifiek in verband gestaan het met die beoefening van die barmhartigheid nie, het dit tog sekondêr 'n waardevolle bate gebly omdat langs die weg en deur die aktiwiteit die kontak tussen lidmaat en diaken bewaar is en laasgenoemde indirek die geleentheid bekom het om op hoogte te bly met die lewenstoestande, vermoëns en behoeftes van die lidmate in sy wyk. Blykens die antwoorde van 86 diakonieë op die vraag hoe dikwels die diakens hulle wyke deurgaan, het die posisie nie veel verander nie:

| | |
|---|---|
| Weekliks | geen |
| Maandeliks | 17 |
| Kwartaalliks | 33 |
| Halfjaarliks | 4 |
| Jaarliks | 4 |

Verder is daar 18 gemeentes waarin die dorpswyke maandeliks en die plaaswyke kwartaalliks besoek word, 4 met maandelikse en jaarlikse rondgang in die dorps- en plaaswyke resp., terwyl in die res die rondgang maandeliks-kwartaalliks-halfjaarliks, maandeliks-kwartaalliks-jaarliks en maandeliks-halfjaarliks-jaarliks plaasvind. In een gemeente word die bydraes deur die lidmate self aangestuur. Feitlik sonder uitsondering geskied die maandelikse rondgang in suiwer stedelike of dorpsgemeentes of die dorps- en stadswyke van gemengde gemeentes. In 48 van hierdie gevalle gaan die diakens *hoofsaaklik* rond vir die insameling van kerklike

93 Kr. not. Ventersburg, 15.6.27, art. 10.
94 Kr. not. Ventersburg, 15.6.27, art.10.

bydraes, en slegs in 2 gevalle *hoofsaaklik* vir die invordering van gifte vir die barmhartigheidsdiens. In 39 diakonieë is die rondgang vir albei doeleindes. Barmhartigheidsdiens is dus in slegs 2 gevalle die primêre doel, in 87 gevalle is dit òf sekondêr òf gelykgestel met die algemene kollekte.

Hierdie toestand word enigsins in die reine gestel deur die antwoorde van 'n aantal gemeentes dat diakonale huisbesoek minder of meer gereeld gedoen word en wel hoofsaaklik by behoeftige lidmate. Dit sou met die oog op al hierdie omstandighede juister wees om te beweer dat daar geen suiwer diakonale huisbesoek in die Gereformeerde kerk is nie. In die meeste gevalle besoek die diaken die lidmate nie alleen en uitsluitlik in sy hoedanigheid as diaken nie, maar wel as diaken-kollektant, barmhartigheidsversorger *en* administrateur van die algemene kerklike finansies. Dit is miskien alleen in die geval van die behoeftiges waar van diakonale huisbesoek, maar dan in beperkte mate, sprake is soos die antwoord van Middelburg op vraag 8 van die gemeenteveslag aantoon: „De weduwen, kranken en behoeftigen worden geregeld door de diakenen bezocht. . . .".[95]

*Waar word die hulp besorg?*

Die beantwoording van hierdie vraag moet in verband gebring word met die beginsel wat neergelê is in Matth. 6 : 1-4, dat liefdadigheid nie 'n saak van reklame is nie, maar van vertroulikheid. Die enigste gesonde reël is dan om die hulp tuis aan die behoeftige te besorg.[96] Waar dit in die groot gemeentes moeilikhede mag oplewer, beveel Biesterveld aan dat die hulpmiddele dan by die wyksdiaken gehaal moet word deur die verskillende ondersteundes op verskillende tye sodat hulle mekaar nie behoef te ontmoet nie, maar Bouwman se advies verdien seker voorkeur naamlik dat die diakens in sulke gevalle so vermeerder en die wyk soveel kleiner gemaak moet word dat gereelde besoek moontlik kan wees.

Om die ondersteundes op 'n vasgestelde uur voor die diakonie of 'n kommissie te laat verskyn is onkies en hoort nie tuis in die Christelike barmhartigheid nie. Dit tref die fyngevoelige arme nadelig en al bedoel die diakens dit nie so nie, is dit tog vernederend vir die ondersteundes om as bedelaars te moet saamkom en wag om binnegeroep te word.

Spore van hierdie gelaakte vorm van hulpverlening of bedeling kon ek nêrens in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vind nie. In die opsig is blykbaar meesal 'n besondere kiesheid geopenbaar en is die beginsel van Matth. 6 : 1-4 redelik suiwer gehandhaaf.

'n Onopsetlike afwyking van hierdie beginsel kom egter dikwels voor in die ou praktyk wat later met beter administrasie van die armkas in verval geraak het. Male sonder tal het dit gebeur dat wanneer aansoek gedoen word vir ondersteuning van een af ander behoeftige, hetsy blinde kinders, weduwees, afhanklike bejaardes, gewone armes, slagoffers van vuur- of waterrampe, daar niks of nie genoegsaam in die kas is nie en die diakens, soms almal, soms enkele, soms die wyksouderling en -diaken

---

[95] Kr. not. Middelburg, Kp., 11.2.11, art. 16.

[96] Bouwman: a.w. p. 107 e.v.p.; Biesterveld e.a.: a.w. p. 312 e.v.

in die hele gemeente of in een of ander wyk 'n spesiale of sogenaamde vrye kollekte hou. Van vertroulikheid is hier geen sprake nie. Al word die gekollekteerde dan weliswaar nie in die openbaar oorhandig nie, is die feit tog algemeen bekend gestel. Biesterveld waarsku selfs teen die bekendmaking van die naam van 'n lidmaat wat deur die diakonie gehelp word aan die Sentrale Register wat 'n uiters vertroulike instelling is.[97] Ooreenkomstige resultate is ook behaal deur die voorheen bespreekte praktyk van uitreiking van kollektelyste aan behoeftiges om self vir hulle te kollekteer. Selfs die argument dat diesulkes tog geen selfrespek meer besit nie — daarvan is hulle aansoek om so 'n lys getuie — regverdig nie die afwyking van die grondslag van die kerklike en van alle Christelike barmhartigheid, die hulp in die verborgene, nie. Tog is die vraag of die beginsel van vertroulikheid op die geholpene of die helper van toepassing is. Volgens Christus geld dit in eerste instansie die gewer: [98] nêrens is die geholpenes verbied om dit geheim te hou nie. Veelal is die opdrag omgedraai deur te swyg oor wie gehelp is, maar nie oor wie gehelp het nie. Natuurlik sou dit verkeerd wees om die nood en gebrek van lidmate aan die groot klok te hang, maar hoe sal die barmhartigheid van ander opgewek word as die nood en sorge geheel en al verborge bly; en hoe kan dit in bepaalde gevalle soos brand, siekte en ongeluk verborge gehou word? Uiteindelik sal die omstandighede van elke geval die optrede en die mate van vertroulikheid moet bepaal. Eerlike armoede is in elk geval geen skande wat verberg hoef te word nie.

---

97 Biesterveld e.a.: a.w. p. 313

98 Matth. 6 : 1-4.

HOOFSTUK VIII.

# Die Omvang en Kwaliteit van die Barmhartigheidsdiens

'n Studie van die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk moet noodwendig ook 'n beoordeling insluit van die omvang en die doeltreffendheid, die kwantiteit en die kwaliteit daarvan. Hoeveel hulp word gegee en met watter mate van geslaagdheid?

*Die Omvang.*

'n Volledig-juiste weergawe van die omvang van die armsorg van die Gereformeerde Kerk is uiters moeilik en vereis 'n veel diepergaande afsonderlike studie. Uit hoofde van die besondere stelsel van kerkregering en -organisasie is die barmhartigheidsdiens 'n gemeentelike aangeleentheid. Die boekhouding wat 'n aanduiding kan gee van die kwantiteit is derhalwe gedesentraliseer. Selfs 'n volledige staat van die kontant-uitgawes van diakonieë en in sekere gevalle van kerkrade vir die doel, gee nog geen juiste oorsig van die omvang van die diens nie, omdat dit nie die hulp in die vorm van ware insluit nie. 'n Belangrike deel van die kerklike hulpverlening word vandag ook deur die Dorkas- en Susterverenigingе uitgevoer sodat die finansiële state en ander stukke van hierdie liggame ewe-eens bestudeer sal moet word.

Weliswaar moet ooreenkomstig die Kerkorde op alle klassikale vergaderings verslag gegee word van die gemeentelike barmhartigheidsdiens; „of die armes en die skole versorg word".[1]

Die ou formulering van vraag 8 van die gemeenteverslag het feitlik alleen 'n *ja* of *nee* as antwoord geëis wat wel 'n aanduiding kon gee van die genoegsaamheid van die versorging maar nie van die omvang daarvan nie.[2] Waar die vraag vroeër byna uitsluitlik met *ja* of *nee* beantwoord is, soms met 'n byvoeging: „naar vermogen", word daar vanaf die twintigerjare, blykbaar onder die groeiende bewuswording van die verarmingsvraagstuk, sporadies besonderhede oor die bedrae wat aan armsorg spandeer is aan die meerdere vergaderings verstrek. Op versoek van die Par-

[1] Kerkorde, art. 41.
[2] Kerkordening 1916, p. 27: „Of de armen behoorlijk verzorgd worden?"

tikuliere Sinode van Kaapland het die Algemene Sinode (Bloemfontein 1939) die vrae onder art 41 K.O. so uitgebrei, dat vraag 8 nou vraag 9 word en die bewoording lui: „Word die Armesorg behoorlik behartig en hoe geskied dit?" [3] Die bewoording is op die Algemene Sinode van 1945 weer, hoewel nie wesentlik nie, gewysig.[4] Die nuwe bewoording vra dus benewens die genoegsaamheid van die sorg, ook na die *wyse* waarop dit geskied. Sodoende word die meerdere vergaderings — in praktyk die klassis — instaat gestel om te oordeel oor die kwalitatiewe en kwantitatiewe versorging van die hulpbehoewendes in die gemeentes.

Die beskrywingspunt van die Kaaplandse Partikuliere Sinode voor die Algemene Sinode van 1936 het dit uitdruklik gestel dat wat vraag 8 betref „daar 'n behoorlike verslag gevra sal word van al die werksaamhede van die gemeentes i.v.m. armesorg".[5]

Verder is aanbeveel dat die uitvoerige verslag in die vorm van 'n bylae gegee kan word. Hierdie advies is in 'n aansienlike mate gevolg nadat die nuwe formulering sinodale sanksie erlang het. Dit geld slegs die afgelope tien jaar. Getuienis oor die vroeëre tydperk is sporadies.

Ruim vyftien jaar voor die besluit van 1939 het die Transvaalse Algemene Vergadering reeds behoefte gevoel om vraag 8 van die gemeenteverslag uit te brei, aangesien die verslagvorms van sommige gemeentes òf onvolledig òf onvoldoende ingevul is.[6] Hoewel die pogings nie tot 'n konkrete wysiging van die vraelys gelei het nie, het dit tog ten gevolge gehad dat die gemeenteverslae 'n groot verandering ten goede getoon het sodat die Diakonale Kommissie instaat was om daaruit die totale uitgawe van Transvaalse gemeentes aan armsorg oor die jare 1922, 1923 en 1924 op te maak, naamlik £ 2121.8.2; £ 2210.7.3 en £ 2387.10.9 resp.[7] Die verslae wat by hierdie Algemene Vergadering ingedien is, bevat besonderhede oor die volgende: Is daar armes in die gemeente? Word hulle behoorlik versorg? Tot watter bedrag? Wat is gedoen tot voorkoming van armoede? Waar word siekes verpleeg? Van die 40 gemeentes onder ressort van die Algemene Vergadering het 34 volledige verslae ingedien en hoewel nie absoluut volledig nie, was dit tog die volledigste verslag oor die gemeentelike armsorg in die stukke van die Algemene Vergadering van Transvaal. Ongelukkig is die prestasie nie gehandhaaf nie. Nadat die Algemene Vergadering plek gemaak het vir die Partikuliere Sinode met klassisse, word nog gekla dat almal blykbaar nie weet dat vraag 8 vir die Transvaalse gemeentes uitgebrei is nie sodat sommige antwoorde nie in drie dele verdeel is nie.[8] Die bedrag wat in die klassis alleen aan armsorg bestee is, het toe meer as £ 2000 beloop, byna netsoveel as die van al die Transvaalse gemeentes in 1924.

Die gesamentlike armsorguitgawe van 91 gemeentes vir die boekjaar

---

[3] Hand. 25e Alg. Sin., 1936, art. 154, p. 170; 26e Alg. Sin., 1939, art. 49, p. 43.

[4] Hand. 28e Alg. Sin. 1945, art. 167(e) en 198, p. 175; ook Kerkorde, Bylae by art. 41, p. 65: Word die armes behoorlik versorg en hoe geskied dit?

[5] Hand. 25e Alg. Sin. 1936, art. 154, p. 170.

[6] Not. 64e Alg. Verg. Tvl. 1923, Bylae IV; ook Not. 65e Alg. Verg. Tvl., 1924, bylae III.

[7] Not. 65e Alg. Verg. Tvl. 1925, rapport van die Kommissie van Pre-advies.

[8] Verslag Klassis Pretoria: Kerkblad, 15.11.27, p. 327.

1948/'49 het ongeveer £ 10,933 beloop. Op hierdie basis bereken bestee die diakonieë van die 153 gemeentes dus ongeveer £ 18,300 per jaar aan armsorg. Gedurende dieselfde boekjaar is £ 11,850 bestee aan die inrigtings vir barmhartigheid. Van hierdie som is ongeveer £ 4250 bygedra deur die diakonieë en is dus reeds ingesluit by die £ 18,300, sodat die totaal te staan kom op £ 25,981 of nagenoeg £ 26,000. Dit kom neer op 'n armsorguitgawe van ongeveer 12/4 per belydende lidmaat vir 1949.

Die globale bedrae wat bestee is, verskil aansienlik ten opsigte van die verskeie gemeentes, klassisse en partikuliere sinodes sowel as met betrekking tot die verskillende jare. In die Oostelike Klassis van die Kaapse Partikuliere Sinode het die bedrae wat in 1947 bestee is verskil van geen uitgawe tot £ 343 per gemeente of van niks tot 13/6 per belydende lidmaat.

Om die omvang van die sorg per hulpbehoewende en met maandelikse of jaarlikse gemiddeldes te bereken, is nie alleen uiters moeilik nie, maar ook onbevredigend as gevolg van die uiteenlopende aard van die behoeftes, verskil in tydsduur van die hulpverlening en die samestelling van behoeftige gevalle soos enkele persone, huisgesinne e.d.m. Die jaarlikse diakonale uitgawe van £ 26,000 verteenwoordig nog maar 'n bydrae van ongeveer anderhalf pennie per belydende lidmaat per diens.

Indien die hulpbehoewendes op 2 persent van die belydende lidmate gestel word — wat seker 'n konserwatiewe skatting is — kom die gemiddelde bedrag wat bestee word te staan op minder as £ 32 per hulpbehoewende per jaar of £ 2.8.3 per ondersteunde per maand. Albei berekenings lei tot een konklusie: die hulp kan beswaarlik as rojaal bestempel word veral as verder in aanmerking geneem word die groter behoeftes van die onversorgde kinders en oues-van-dae in inrigtings en hulp aan studente en skoliere. Maar na alles moet onthou word dat die voorgaande die resultaat van 'n berekening by benadering is en dat dit alleen betrekking het op die stoflike hulpverlening in kontant: die geestelike komponent daarvan kan beswaarlik bereken en tot syfers herlei word, terwyl die hulp *in natura* nie bygereken is nie.

### *Die Kwaliteit van die Barmhartigheidsdiens.*

Terwyl art. 41 K.O. vra of die armes versorg word, is vraag 9 (vroeër vraag 8) van die gemeenteverslag eintlik indringender deur te vra of die armes *behoorlik* versorg word. Dat hierdie deel van die vraag die tradisionele is, waarby dié na die wyse en omvang eers betreklik onlangs bygevoeg is, is nie sonder betekenis nie. Dit is 'n vraag wat deurdring na die gewete en wat 'n oordeel eis. By die behoorlike versorging is die aard en omvang van die middele en metodes tog eintlik ook wesentlik inbegrepe.

Sodra die praktyk aan die woord kom, word gevra na 'n nadere verklaring van *behoorlike* versorging. Bouwman werp belangrike lig op die probleem deur te verklaar:

„dat de Christelijke barmhartigheid noodig is niet alleen om den arme te vrijwaren

voor gebrek, maar eveneens om hem te helpen opdat hij zelf weder in staat gesteld worde zijne roeping in het Koninkrijk Gods te betrachten".[9]

Die hoogste voorbeeld van die *behoorlike* versorging sien hy dan ook in Christus. Die besondere aanknopingspunt sou hier dus wees dat Christus die gelowige *ten volle* vrygekoop en verlos het van sy sonde: [10] *behoorlik* dus en nie slegs gedeeltelik nie.

Op die vraag hoeveel gegee moet word — om nou weer die vae kwalitatiewe in konkrete kwantitatiewe om te sit — om aan die eis van behoorlike versorging te beantwoord, stel Bouwman drie sake waarmee rekening gehou moet word:

(1) die draagkrag van die kerk moet in ag geneem word;

(2) dat dit beslis noodsaaklik is om „zooveel te geven als voor het levensonderhoud strikt noodig is";

(3) as die kerk daartoe in staat is „dan is men gebonden iets meer te geven dan het allernodigste".[11]

Die behoorlike versorging bedoel nie dat die grense tussen arm en ryk opgehef moet word nie, maar volgens wat Paulus in 2 Kor. 8 : 14 bepaal, moet hy wat in oorvloed leef, ook daadwerklik dink aan die behoefte van die arme. Bouwman bespreek verder die vraag dat daar beweer kan word dat dit nie die kerk se taak is om iemand tot welvaart te bring nie, en dat 'n oue van dae byvoorbeeld nie soveel moet ontvang dat hy kan oppot nie. Dit is volgens hom 'n bloot teoretiese kwessie omdat die versorging om praktiese redes nooit so ruim sal wees nie. Maar aan die anderkant behoort dit vir die gemeente 'n oorsaak van blydskap te wees as die oues, weduwees en ellendiges ruime versorging van die tafel van die Here ontvang.[12]

Biesterveld sluit hom volkome hierby aan. Eerstens waarsku hy egter teen die opvatting dat die diakens maar alles wat hulle ontvang sal uitdeel:

„De hulp moet niet in overvloed zijn, geene verkeerde sentimentaliteit zitte hier voor, die armen of weezen rijker wil helpen dan in burgergezinnen geleefd word".

Hierdie gevaar is waarskynlik slegs 'n teoretiese: in die praktyk het die middele by die Gereformeerde diakonieë meesal te kort geskiet om 'n fout in die rigting toe te laat. Maar daarteenoor waarsku Biesterveld dan ook dat die ondersteuning voldoende moet wees: „Eer mag men niet tevreden zijn".[13] So stel Kuyper [14] dit dan ook in sy uiteensetting van die verpligting van die kerk om sy lidmate te versorg sodat hulle nie genoodsaak word om daarbuite hulp te soek nie. Die kerk mag dus nie tevrede wees met blote bedeling nie; hy moet sô in die nood voorsien dat daar geen nood meer sal bestaan nie.

Teen albei die eksesse van te min en te veel in die hulpverlening waarsku Adriani [15] tereg. 'n Ontoereikende toekenning mag die nood enigsins lenig,

---

[9] Bouwman: a.w. p. 105.
[10] Heidelbergse Kategismus, Sondag 1 Vr. 1.
[11] Bouwman: a.w. p. 106.
[12] Bouwman: a.w. p. 107.
[13] Biesterveld e.a.: a.w. p. 311.
[14] Kuyper, dr A.: Pro Rege, Kampen 1911, dl II, p. 333 e.v.
[15] Adriani: a.w. p. 146 e.v.

maar bied geen waarborg vir sukses en die oplossing van die probleme nie. Dit is dan ook die onvoldoende armsorg wat nie alleen daaraan 'n slegte naam verleen het nie, maar dikwels ook meewerk tot armlastigheid. Derhalwe moet die ondersteuning duur solank as wat dit nodig is. Deur te gou die hulp te staak weens besuinigingsmaatreëls, gebrek aan fondse of watter rede ookal, word die behaalde sukses in die proses van herstel in gevaar gestel; maar deur toe te gee aan 'n sentimentele simpatie en telank aan te hou, word die selfstandigheidsgevoel van die ontvanger weer ondermyn.

Om 'n algemeen geldige formule vir behoorlike versorging op te stel, val buite die bestek van die moontlike. Derhalwe adviseer ds. I. D. Krüger,[16] dan ook dat elke geval op sy meriete behandel moet word — en dit sluit volgens die skrywer meer in is wat werklik in ons kerklike lewe tereg kom. Die beste leidraad wat in die verband aan die diakens gegee kan word is wat reeds in die bevestigingsformulier aangegee is: versigtigheid en onderskeiding. Dit moet aangevul word deur ervaring soos in die Maatskaplike Werk gedoen word met die bestudering van gevallerekords. Onderskeiding, dit wil sê groepering en individualisering, bly die basis. Onder die hulpbehoewendes is daar groepe met 'n meerdere mate van ooreenkoms wat behoeftes en behoeftigheid betref, en tog kan die lede van elke groep — oues van dae, weduwees, wese, siekes — nie oor presies dieselfde kam geskeer word nie. Derhalwe moet verder geïndividualiseer word: die omstandighede, behoeftes, vermoë en geaardheid van elkeen moet afsonderlik geken en ontleed word om aan hom (haar) net te gee wat in die geheel van daardie situasie die beste en die behoorlike sorg sal wees.

'n Oordeel oor die algemene doeltreffendheid van die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk is dus nie moontlik in terme van die bedrae wat daaraan bestee is nie. Selfs al sou die totale getal ondersteundes en die gehele bedrag wat daaraan bestee is, bekend wees, bly 'n algemene oordeel nog hoogs problematies aangesien die nood en omstandigheid van elke geval nie genoegsaam aan die ondersoeker bekend is nie. Daarby word sodanige oordeel nog altyd beïnvloed deur die ekonomiese lewe van die besondere tydperk, die geldwaarde en lewenskoste, die kulturele en algemene lewenstandaarde. Die £5 p.j. wat Rustenburg se kerkraad in 1891 aan 'n bejaarde lidmaat toesê [17] of die £2.0.0 vir klere vir die kinders wat „byna nakend" rondloop [18] is maar 'n baie skrale hulpverlening gemeet aan die omstandighede van 1950, maar was sekerlik heeltemal ruim sestig jaar gelede onder die plattelandse lewenswyse van eenvoudige boeremense en die destydse geldwaarde.[19] By die hele verwikkeldheid van die vraagstuk moet ook nog onderskei word tussen aanvullende hulp en volle lewensonderhoud waarvoor die diakonie moet instaan.

---

[16] Krüger, ds I. D.: *Oor die Diakens*, Kerkblad, 21.10.36, p. 11 e.v.

[17] Kr. not. Rustenburg, 1.10.91, art. 14.

[18] Kr. not. Rustenburg, 12.11.91, art. 21.

[19] Vgl. ook die toelae van £1 per maand aan 'n huisgesin vir die versorging van 'n weeskind, lydende aan vallende siekte (Kr. not. Rustenburg, 7.10.98, art. 23) of die „2/6 per week en 1 mud koren" aan die koster en sy vrou vir die versorging van 'n gedragsafwykende pleegdogter (Kr. not. Rustenburg, 2.7.86, art. 24) en stel dit teenoor die per capita onderhoudskoste van die wese in die kerk se inrigtings in 1949.

So wisselend as wat die omvang van die middele wat aangewend is in die beoefening van die barmhartigheidsdiens, so uiteenlopend is die resultate wanneer dit beoordeel word aan die eis van die behoorlike versorging. Dit varieer van gemeente tot gemeente. Die antwoorde van ongeveer 400 gemeenteverslae wat strek oor die tydperk 1924 tot 1948 het die volgende resultaat gelewer:

| | |
|---|---|
| Niks bestee | 0 |
| Waar nodig | 10 |
| Onvoldoende | 14 |
| Geen besliste uitspraak | 31 |
| Geen armes | 35 |
| Sover moontlik | 36 |
| Na vermoë | 83 |
| Behoorlik | 189 |

Hierdie indeling gee egter geen oorsigtelike beeld van die doeltreffendheid van die versorging (volgens oordeel van die betrokke gemeentes self) nie. Daarvoor is 'n drie-indeling nodig: behoorlik, onvoldoende en geen versorging. Die antwoorde onder die kolom *waar nodig* kan goedskiks by die positiewe uitspraak van *behoorlik* geplaas word. By die besliste uitsprake van *onvoldoende versorging* kan miskien nog 'n gedeelte van die *na vermoë*- en *sover moontlik*-antwoorde gevoeg word. Netsowel kan 'n groot deel van hierdie antwoorde tuisgebring word onder die hoof *behoorlik*. Alhoewel dit uit sommige antwoorde blyk dat die versorging dikwels bepaal is deur die stand van die kas eerder as deur die behoefte van die armes, skyn dit tog ook asof die antwoord *na vermoë* 'n soort geykte uitdrukking vir menige gemeente geword het en gebruik is uit 'n soort beskeidenheid wat die kerkraad verbied om 'n positief-gunstige antwoord te gee. Uit hoofde van die onsekere element in hierdie antwoorde word dit saamgeskakel met die ongunstige uitsprake. Die onbesliste of ontbrekende uitsprake is meesal daaraan te wyte dat daar geen of weinig behoefte in die gemeente bestaan en waar dit wel voorkom, die nood bevredigend of behoorlik gelenig is.

Ons kry dan die volgende beeld:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Gunstig:* | Behoorlike versorging | 189 | |
| | Sorg waar nodig | 10 | *Totaal* 199 |
| | Geen armes | 35 | |
| | Geen besliste antwoord | 31 | *Totaal* 66 |
| *Ongunstig:* | Onvoldoende | 14 | |
| | Na vermoë | 83 | |
| | Sover moontlik | 36 | *Totaal* 133 |

Die globale indruk wat deur hierdie syfers verskaf word is dus dat die armversorging meesal aan die eis van die Christelike barmhartigheid voldoen, maar dat dit in aansienlike gevalle nog wissel van positief onvoldoende tot onbevredigend, dat naamlik eerder die middel as die behoefte die kwaliteit van die sorg bepaal. Bowendien moet onthou word dat die oordeel uiteen lopend en subjektief is, wisselend van kerkraad tot kerkraad.

'n Gemeenskaplike, konkrete basis vir beoordeling het hier ontbreek.

Gemeentes het dikwels op meerdere vergaderings gerapporteer dat hulle niks aan armversorging gedoen het nie. Terwyl baie — miskien die meeste — as rede vir die non-aktiwiteit kon aangee: „Door Gods genade zijn wij nog van zoodanige verschoond",[20] is daar tog ook enkeles wat moes bely dat dit nie ontbreek het aan behoeftiges en nooddruftiges nie, maar wel aan middele. Dit was reeds die toestand in 'n ou gemeente soos Lydenburg in die jare 1884 toe die Algemene Vergadering aan die konsulent moes opdra om die „gemeente ernstig op te wekken".[21] So lui dit ook met betrekking tot 'n jonger gemeente in die depressiejare: „Die gemeente is in so 'n behoeftige toestand dat aan armversorgen niets gedoen kan word nie".[22]

Die rede vir die non-aktiwiteit met betrekking tot die barmhartigheidsdiens by die eersgenoemde groep behoort eintlik nie te bestaan nie. Wanneer daar geen behoeftiges in die eie gemeente is nie, is daar allereers die kerklike inrigtings van barmhartigheid wat des te meer behoort te profiteer uit die geseënde toestand van dié gemeentes terwyl daar ook altyd ander gemeentes is waar die fondse vir die gemeentelike barmhartigheidsdiens ontoereikend is. Daardeur behoort die non-aktiwiteit weens gebrek aan fondse opgelos te wees, want die gemeentes met geen armes nie en dié met groot batige saldo's het ook 'n taak en verantwoordelikheid ten opsigte van die minder geseëndes.

Hoewel vraag 9 van die gemeenteverslae nie uitdruklik vra na die versorging van die armes *in die gemeente nie*, is die hele vraelys tog toegespits op die besondere gemeente, sodat die antwoord dat daar geen armes is nie, nie noodwendig beteken dat die betrokke gemeente niks aan armsorg buite sy eie grense gedoen het nie veral nie sedert die ontstaan van die inrigtings vir barmhartigheid nie. Wat die onderlinge gemeentelike hulpverlening betref is dit bepaald minder die geval.

Gemeentes wat weens gebrek aan middele hoegenaamd niks aan die versorging van hulle armes kan doen nie, was deurgaans eerder die uitsonderinge.

Meer dikwels het dit voorgekom dat sommige werklik behoeftiges afgewys moes word omdat, toe hulle nood voorgedra is, die kas reeds leeg was. Dit kan dus wel gebeur dat die antwoord *na vermoë* of *onvoldoende* mag beteken dat sommige behoeftiges behoorlik versorg is, maar andere nie gehelp kon word nie, of dat al die behoeftiges slegs gedeeltelik gehelp kon word. Dit is nie 'n nuwere of uitsluitlik 'n stedelike verskynsel nie want spore daarvan gaan terug sover as 1890 en wel meesal in plattelandse gemeentes soos Bethulie, Middelburg Kp., Ventersburg en Potchefstroom,[23] waar die notule uitdruklik lui: „Die kas is leeg. Verskillende aansoeke is van die hand gewys".

Die vroegste verwysings na gebrekkige versorging van die armes kom

[20] Kr. not. Ventersburg, 7.4.80, art. 8.
[21] Not. 31e Alg. Verg. Z.A.R., 1884, art. 12.
[22] Kr. not. Koffiefontein, 30.1.32.
[23] Kr. not. Bethulie, 12.9.90, art. 15; Middelburg, Kp., 21.8.91, art. 8; Ventersburg 27.8.21. art. 9; Potchefstroom 21.3.24, art. XIV.

voor in die jaar 1884 sowel in die Suid-Afrikaanse Republiek as in Kaapland. Ongeveer dieselfde tyd toe die gemeente Lydenburg opgewek moes word tot beter armversorging[24], vind die Algemene Vergadering van Kaapland dit nodig om 'n antwoord op vraag 8 onder nadere kwalifikasie aan te neem naamlik „dat het de vergadering leed doet te vernemen dat er vertraging in de bedeeling der armen was wegens gebrek aan geld".[25]

Alhoewel daar melding gemaak word van behoeftiges vanaf die vroegste jare van die kerk se bestaan — die eerste vermelding is seker dié van Reddersburg in 1862 [26] — kom die verwysings na ontoereikende sorg eers voor in 1884. Nieteenstaande 'n gemeente soos Ventersburg sedert 1880 gereeld op vraag 8 geantwoord het dat daar geen armes is nie, besluit die kerkraad tog in 1883 dat die leraar van die kansel

> „vriendelijk zouden verzoeken, om toch wat meer bij de Kerkdeuren te geven en dat niemand toch vervolgens maar moge uitgaan zonder iets in de armbeurs geworpen te hebben".[27]

En tog bly die antwoord op vraag 8 maar dieselfde tot in die negentiger jare. Terwyl die geval van Steynsburg [28] 'n eenmalige gebeurtenis was, — na 1884 is die gemeente se verslag sonder aanmerking goedgekeur — was dié van Lydenburg 'n ware lydensgeskiedenis, weerspieëlend van die nood en armoede en gebrek van pionierstoestande, van vyandelike optrede, epidemies, gebrek aan markte ens.[29] Waar die aanspraak van die armes in Potchefstroom in 1894 nog maar £ 15.17.0 beloop het [30] blyk dit uit die beantwoording van vraag 8 dat die versorging nie meer voldoende was in die jare 1897 en 1898 nie.[31] En hoewel Pretoria voor die oorlog reeds byna £ 300 per jaar aan armesorg bestee, meen die kerkraad tog dat die som „wel niet voldoende (was) maar meer kan niet gedaan worden".[32]

As daar enkele gevalle van onvoldoede versorging gedurende die laaste 20 jaar van die negentiende eeu was, was die beginjare van die twintigste eeu katastrofaal. In die gemeentelike en sinodale stukke van die Gereformeerde Kerk vorm die tydperk 1899—1902 byna 'n volkome hiaat. Sommige gemeentes se boeke is totaal vernietig (Petrusburg), ander gedeeltelik (soos Ventersburg), ander bevat geen aantekening gedurende die periode nie, terwyl slegs enkele soos Pretoria en Johannesburg 'n redelik aaneenlopende verhaal van die kerklike desorganisasie van die oorlogsjare bied.[33]

Met die weerbare, dus ook werkbare, manne op kommando, krygs-

---

[24] Not. 31e Alg. Verg. Z.A.R., 1884, art. 12.
[25] Not. 23e Alg. Verg. Kp., 1884, art. 14.
[26] Kr. not. Reddersburg, 11.10.62, art. 6.
[27] Kr. not. Ventersburg, 6.7.83, art. 8.
[28] Not. 23e Alg. Verg. Kp., 1884, art. 14.
[29] Not. Alg. Verg. Z.A.R., 1890, art. 9.
[30] Kr. not. Potchefstroom, 21.12.94, art. 8.
[31] Kr. not. Potchefstroom, 7.1.98, art. 17; 23.12.98, art. 12.
[32] Kr. not. Pretoria, 23.12.98, art. 9.
[33] Vir 'n oorsig oor die liefdediens in Johannesburg gedurende die tydperk vgl.: Coetzee, J.H. *Die Gereformeerde Barmhartigheid in oorlogsnood*, Kerkblad, 20.7.51, p. 15 e.v.

gevange, gewond of gesneuweld, die plase afgebrand, oeste vernietig, die vee om die lewe gebring en die vrouens en kinders in die konsentrasiekampe aangewys op hulle eie middele of die genade van die vyand, kon daar nieteenstaande die groot behoeftigheid van die kerklike barmhartigheidsdiens weinig tereg kom behalwe in die Kaaplandse gemeentes waar die oorlog nie so intensief gevoer is nie. Hoewel daar weer kerklike organisasie kom sodra die vrede aanbreek, is die posisie van die kerklike armsorg dan eers benard: duisende verarmde lidmate, byna geen kerklike fondse, met weinig tydelike hulp deur die nuwe owerheid. Geen wonder dus dat die kerkraad van Pochefstroom op vraag 8 kortaf „neen" antwoord nie.[34] Ventersburg kla dat die kerkraad „geen zeggenschap heeft over het beheer van de Fondsen ter ondersteuning en dat alzoo de armen onzer kerk veronachtzaamd worden".[35] Die kerklike armsorg beleef nou 'n baie moeilike periode tot diep in die dertiger jare, hoewel daar 'n geleidelike verbetering te bespeur is vanaf ongeveer 1906.[36]

Die toestand van Bethulie se gemeente is seker besonder kenmerkend van die algemene situasie soos die antwoorde op vraag 8 in kronologiese orde aantoon:

| | |
|---|---|
| 13.7.06 (Art. 6) | „Er is groote behoefte en niet genoegzaam in kas om eenigszins behoorlijk hulp te verleenen"; |
| 8.2.08 (Art. 4) | „Wegens den staat van onze kerkelijke finantiën kan de kerkeraad uit de armenkas niet genoegzaamd voorzien in al de behoeften...."; |
| 14.1.10 (Art. 15) | „De Kerkeraad vindt deze vraag steeds moeilijk te beantwoorden.... De diaconie bevindt dat er niet genoegzaam bewijs van een hartelijk geven uit liefde en dankbaarheid is". |
| 22.1.11 (Art. 6) | „Hoewel de Kerkeraad met blijdschap verbetering kan rapporteren op den toestand van een jaar geleden, heeft hij de vrijmoedigheid nog niet volmondig te antwoorden dat de armen „behoorlijk" verzorgd worden". |
| 26.1.12 (Art. 7) | „In de tegenwoordige behoefte wordt voorzien en de giften zijn vermeerderd." |

Hieruit blyk 'n geleidelike verbetering wat kenmerkend is van die algemene toestand wat na 1914—'15 weer 'n dalende neiging begin toon. Vergelyk die antwoorde van dieselfde kerkraad vir die volgende jare:

| | |
|---|---|
| 21.1.16 (Art. 12) | „Wegens algemene achteruitgang en duurder lewensmiddelen, ten gevolge van zwakkeren opkomst van de gemeente in 't afgelopen jaar, verminderen en verkleinen de giften aan de kerkdeur.... Daartegenover staat dat 't getal armen eer aangegroeit dan vermindert, zodat soms kwalik in de behoefte voorzien wordt". |
| 19.1.17 Artt. 2, 10) | „Klagte over armoede.... Uit de opbrengst van de gemeente kan die diakonie die arme nie behoorlik versorg nie. Die behoefte in die gemeente neem ook gestadig toe". |

[34] Kr. not. Potchefstroom, 27.2.03, art. 5.

[35] Kr. not. Ventersburg, 8.1.04, art. 22. Hier word blykbaar verwys na die fondse wat deur die owerheid aan die kerke toegesê is.

[36] „Naar aanleiding daarvan (voorsittersrede — Skr.) delen de B.Brs. afgevaardigden thans mede, hoe de toestand der armen tegenwoordig is in hun respectieve gemeenten. Naar aanleiding van deze mededeelingen konstateert de Vice-Voorzitter, met dank aan God, dat het blijkt hoe in de afgelopen zeven jaren verbetering merkbaar is, in 't bijzonder doordat onze armen meer bereid zijn dienstwerk te verrichten". Not. Diak. Konf. O.V.S., 1913, art. 7 — Kerkblad 15.9.13, p. 8.

Alhoewel die presiese syfers ontbreek om 'n juiste grafiek te trek van die omvang van die onvoldoende versorging, gee die beskikbare data tog die indruk dat die situasie weergegee sou kon word deur 'n kurwe wat min of meer die omgekeerde is van die algemene toestande: hoog na 1902 met 'n geleidelike daling tot 1914, dan weer 'n redelike styging tot 1924—'25 met 'n skerp styging vir die periode 1930—'34 en daarna 'n aansienlike, voortdurende daling.

Wanneer daar na die oorsake van die gevalle van onvoldoende versorging gevra word, kan verskillende faktore voorgehou word wat nie een op sigself die volle verklaring bied nie maar in hulle gesamentlike uitwerking gesien moet word. Die eerste faktor sal seker geleë wees in die toename van armoede en armoedsgebrek in samehang met die ingewikkelder lewenswyse wat veral in die stadsgemeentes gereflekteer is en ook tot die plattelandse gemeentes deurgedring het. Meer armoede het meer behoeftigheid beteken, groter noodsaak vir middele en minder bronne.

Of 'n tweede oorsaak gevind kan word in 'n gebrek aan ywer van die kant van die amp van barmhartigheid, is moeilik te beantwoord. Die ondersoeker kom sterk onder die indruk daarvan dat die diakonale amp enersyds so belaai was met allerlei finansiële funksies en daarby (miskien juis ook daarom) so swak ontwikkel was as barmhartigheidsamp dat die onvoldoende versorging eerder hieraan toegeskryf moet word as aan regstreekse louheid en laksheid van die ampsdraers.

Laksheid kom wel in 'n ander verband ter sprake. Die gebrek aan die nodige middels vir behoorlike sorg spruit veral uit drie bronne: algemene armoede en beperkte middele (veral as in aanmerking geneem word die dringende verpligtings met betrekking tot die instandhouding van die erediens, predikantstraktement, kerkbou, teologiese skool, ens.); daarby 'n gebrek aan behoorlike koördinering van gemeentelike armsorg en dan tot 'n groot mate ook 'n gebrek aan offervaardigheid aan die kant van gemeentelede.

'n Baie populêre antwoord op vraag 8 van die gemeenteverslag (ooreenkomstig art 41 K.O.), is dat die versorging *na vermoë* geskied. Wat daar mee bedoel is. is nie altyd duidelik nie. Dit skyn asof in 'n groot persentasie gevalle 'n soort ongenoegsaamheid daardeur uitgedruk is: dat die behoeftiges versorg is na vermoë van die armkas en nie juis ooreenkomstig die werklike behoeftes nie. In enkele gevalle is dit ook wel so uitgespreek. Of die „naar vermogen (der kas)" egter *altyd* so verstaan moet word, lyk nie die geval te wees nie. Dit het by sommige kerkrade blykbaar 'n goedpassende geykte term geword. In enkele gevalle is ook geantwoord: „na die beste van ons vermoë" of „so goed moontlik". Die uitdrukking is moeilik anders op te vat waar dit gegee word as antwoord op vraag 8 terwyl die diakonale verslag terselfdertyd 'n redelike batige saldo toon. Dit mag ook gebeur het dat sommige diakonieë 'n kredietbalans op hulle boeke toon, bloot omdat hulle deur die ervaring van gereelde tekorte, later 'n beleid van minimumhulp gevolg het. Al sou dié gevalle nie 'n onaansienlike persentasie beloop nie, is dit seker ook nie tiperend van die antwoorde nie. Met hierdie vertolkingsmoontlikhede in gedagte kan alleen

tot die slotsom gekom word dat hierdie populêre antwoord op vraag 8 [87] in sy breedste moontlike sin opgevat moet word sodat dit netsowel kan beteken dat die armes na die beperkte vermoë van ons kas en dus ongenoegsaam versorg is, as om te sê: die armes is so goed versorg as waartoe ons met ons middele, toewyding, insig, versigtigheid en liefde instaat was.

As die grootste persentasie antwoorde op vraag 9 van die gemeenteverslag veral sedert 1937/'38 nou positief gunstig is, kan daaruit dan besluit word dat as geheel, die armversorging van die Gereformeerde Kerk digby die ideaal van behoorlike armversorging gekom het? Onder behoorlike versorging moet dan opgesom word genoegsame materiële hulp sowel as milde geestelike vertroosting, bemoediging, die aanhaal van maatskaplike bande, die versterking van die Christelike gemeenskap, die geloofsgenootskap en die gemeenskapsbeoefening van die gelowiges. Die versorging met materiële middele was, soos aangetoon, somtyds in mindere of meerdere mate onvoldoende maar merendeels as noodlenigingsoptrede tog redelik goed, hoewel seker selde mildelik of rojaal. Dit was in elk geval „naar vermogen" — en wanneer 'n kerkraad namens die hele gemeente met 'n rein gewete kan verklaar dat die armes na vermoë versorg is, impliserende dat die lidmate ten hoogste bygedra, dat die diakens geen moeite en ywer gespaar het in die insameling, ondersoek en besteding nie, dan was die versorging immers ook goed. Uiteindelik is dit 'n diens van barmhartigheid en nie van geregtigheid nie. Geregtigheid moet aan die *volle* mate van die eis voldoen; barmhartigheid gee wat hy *kan*.

Watter gebreke daar weliswaar nog aan die materiële deel van die Gereformeerde barmhartigheidsdiens gekleef het, het die glanspunt daarvan nog meesal berus op die geestelike aspek. Tot 'n groot mate is die eenheidsband onder Gereformeerde lidmate behoue gebly en is op die wyse die isolasie en gevolglike vervreemding, die gevoel van ontuis en onwaardig te wees, gestrem.

Uitwendig is die situasie begunstig deur drie faktore: die vroeëre plattelandse lewe waarin feitlik almal mekaar geken en op 'n voet van redelike gelykheid verkeer het; tweedens die gevoel-van-die-minderheid-te-wees wat, indien nie met antipatie, dan wel met a-patie bejeen is — die karikatuur van die Gereformeerde, die Dopper — en derdens die feit dat die Gereformeerde lidmate weens algemene gebrek aan rykdom nie veel geleentheid gehad het tot ekonomies-sosiale klassevorming en differensiasie nie. Die eerste faktor is waarskynlik oorspronklik selfs nie in die stede geheel verdring nie omdat die klompie Gereformeerdes nasionaal, kultureel en ekonomies op ongeveer dieselfde niveau verkeer het. Die minderheidsgevoel het hier ook nog bande gesmee hoewel dit dikwels ook disintegrerend ingewerk het. Namate die vroeëre sosiaal-ekonomiese gelykheid plek inruim vir stratifikasie word ook die kerklike lewe daardeur beïnvloed. Armes voel hulle nou dikwels meer ontuis te midde van rykes en wel- en swieriggekledes.

---

87 Vgl. die not. 62e Alg. Verg. Kp. 1925, art. 19, waar die meeste antwoorde lui: na vermoë.

Terwyl kerkrade dikwels daarop wys dat die gemeente oor die algemeen arm is, word tog in dieselfde asem beweer dat daar weinig is wat versorging nodig het. Enersyds moet die skynbaar teenstrydige uitspraak daarop dui dat die kerkrade nie baie maklik oorgaan tot hulpverlening nie en andersyds dat die armes nog nie behoeftiges en allermins armlastiges is nie. Dit wil sê dat daar nog deurgaans 'n selfstandigheidsgevoel en selfrespek geheers het waardeur die armoede nog nie sinoniem geword het met gebrek en hulpbehoewendheid nie.

Dit is opvallend dat die term armblanke en armlastige selde met betrekking tot die lidmate van die Gereformeerde Kerk gebruik is. Laasgenoemde begrip impliseer meer as net 'n gebrek aan lewensmiddele,[38] terwyl die eerste dikwels ook in die sin gebruik is, hoewel die Carnegiekommissie geensins die konnotasie daaraan wou heg nie.[39] Met die begrippe is dikwels getrag om die aanwesigheid aan te dui van geestes-, karakter- en persoonlikheidsonvermoë om langs die normale, eerbare weg van inspanning en opoffering die daaglikse brood te bekom.

Die feit dat die benamings selde in die terminologie van die Gereformeerde Kerk voorkom, kan sekerlik nie toegeskryf word aan 'n sekere superieure mense-materiaal wat op een of ander onbekende wyse in die besondere kerk geselekteer is nie. Trouens, 'n noukeurige studie van tugsake toon duidelik genoeg dat die Gereformeerde lidmate ook maar feilbare, swakke en sondige mense was. Die verklaring moet eerder gesoek word in die stelsel van geestelike versorging in die Gereformeerde gemeentes en die gereelde funksionering van die leer- en regeeramp. Weliswaar het die diakonale en ouderlingsampte hulle meesal nie streng gehou aan die leerstellig vasgestelde ampsgrense nie, maar saam het die drie ampte die hele terrein in onderlinge aanvulling en vervanging gedek en dus gesamentlik grootliks gedoen wat in die geheel gedaan moes word.

Die stelsel van gereelde, driemaandelikse huisbesoek met die oog op die Nagmaalsviering, deur die ouderling, gewoonlik vergesel deur die diaken, het 'n eenheidsband in die gemeente geskep wat 'n sterk wal gevorm het teen sosiale isolering en gevolglike vervreemding van lidmate. Al sou deur die huisbesoek nie veel meer bereik wees as om te toon dat die kerkverband bestaan nie, dat die huisgesin wat besoek is tot die verband gereken en erken word en dat hy nie te onwaardig is om deur die kerklike ampsdraers besoek te word nie, dan nog het dit vir die Kerk en sy barmhartigheidsbeoefening 'n diens van hoë sosiale gehalte en 'n resultaat van besondere religieuse betekenis gelewer.

*Die Voorkoming van Armoede en Behoeftigheid.*

In die algemene maatskaplike sorg kan vier fases onderskei word: voorkoming, noodleniging, rehabilitasie en nasorg. Al vier die fases is weliswaar nie altyd aanwesig in elke geval van hulpverlening en kom nie altyd in hierdie volgorde voor nie: tog is dit die sistematiese en logiese

---

[38] Gillin, J. L.: Poverty and Dependency; N.Y., 1921, p. 20 e.v.

[39] Carnegie Kommissie, a.w.: Gesamentlike Bevindings en Aanbevelings, parr. 1 en 5.

volgorde. In die beoefening van Christelike naasteliefde, sowel deur die partikuliere instansies as deur die Kerk, is dit nie anders nie.

Die beginsel van voorkomende sorg as deel van die diakonale barmhartigheidsdiens word deur alle Gereformeerde skrywers, op prinsipiële sowel as praktiese gronde, toegestem. Dit is opmerklik dat die grootste deel van die voorskrifte wat aan Israel gegee is met betrekking tot die volk se sosiale welsyn eerder voorkomend as noodlenigend is.[40]

Hierby moet die Christelike arbeidsopvatting bepaald beskou word as die belangrikste armoedsvoorkomende maatreël.

Bouwman [41] konstateer uitdruklik dat voorkomende sorg, hoewel nie die maklikste gedeelte nie, beslis tot die diakonale taak behoort. Verder beroep hy hom saam met Voetius enersyds op die uitspraak in Lev. 25 : 35 en andersyds op die praktiese les van die daaglikse lewe. Juis vanweë die nood van die armoede en die versoekings waaraan die arme blootgestel word [42] moet die diakens nie net let op diegene wat al geheel-en-al hulpbehoewend is nie, maar ook ag slaan op wat daartoe neig. „Het ambt der Christelijke barmhartigheid moet medewerken tot de verwezenlijking van dat hooge ideaal, dat niet alleen geen enkel christen wegkwijne in ellende, maar dat alle kinderen Gods zich kunnen verblijden in hunnen rijken Christus, bekwaam zijn om als kloeke strijders te staan in den moeilijken kamp des levens".[43]

Mede op gesag van Voetius en Koelman onderskryf Biesterveld [44] hierdie beskouing met instemmende aanhaling van uitsprake van die Diaconaal Congres van 1891. Maar hy waarsku terselfdertyd dat dit moet geskied met behoorlike inagneming van die roeping en terrein van kerk en owerheid resp. Tog meen Biesterveld dat die voorkoming van armoede as sodanig nie op die weg van die diakonie lê nie en vergelyk die diakonale optrede met die van die Rooi Kruis wat nie vra na die oorlogsvoorkoming nie, maar wel hoe die slagoffers gehelp kan word. Derhalwe is die voorkomende taak van die diakonaat 'n *aanvullende* langs die ekonomiese program van die owerheid.

Waar die owerheid se benadering dus geskied deur omvattende, landswye nasionale skemas, wetgewing, loonvasstelling, winsbeperkings, ens., tree die diakonie vanaf die individuele menslike gevalle op. Terwyl dit wesentlik tot die taak van die owerheid behoort om wetgewend moontlikhede te skep vir die hoogste welvaart van alle burgers, kom ons ook op kerklike terrein wanneer individuele lidmate opgewek en vermaan en geleer moet word tot gebruikmaking van die daargestelde weë. In soverre sluit die preventieve aksie van owerheid en diakonie mekaar nie uit nie.

Die grond van alle Christelike barmhartigheid is die liefde.[45] Die liefde blyk sekerlik sterker wanneer dit beskerm teen die dreigende onheil as wanneer dit wag om te red of lyding te lenig wanneer die nood reeds die

[40] Biesterveld e.a.: a.w. p. 24 e.v.p.
[41] Bouwman: a.w. p. 109.
[42] Vgl. die bede van Agur, Spr. 30 : 7-9; ook Smeenk: a.w. dl II, p. 135.
[43] Bouwman: a.w. p. 110.
[44] Biesterveld e.a.: a.w. p. 322 e.v.p.
[45] Bouwman: a.w. p. 87.

geliefde oorval het. Daarom word die noodwendigheid van voorkomende sorg veral besef as in gedagte gehou word wat armoede werklik inhou. In al sy fases en vorme en intensiteit is dit 'n proses. Indien nie kragdadig daarteen opgetree word nie, neem dit gewoonlik toe in omvang en intensiteit. In sy werking tas dit uiteindelik die hele mens aan. Al begin dit ook as 'n stoflike toestand — gebrek aan geld en bestaansmiddele — ondermyn dit weldra die wil, die moed, die oordeels- en redeneervermoë, die sedelikheid, die estetiese sin en die religieuse lewe.[46] Dit verswak die weerstand van die liggaam teen siekte en ondermyn die arbeidsprestasie en arbeidslus. Armoede bring lyding in die vorm van liggaamlike pyn en geestelike smart. In sy psigiese en sosiale ervaring, deur sy gevolge van isolasie, verwerping, vervreemding,[47] sy stempel van minderwaardigheid, is dit meesal smartliker as in die fisieke ervaring van honger en koue. Waar Bouwman[48] nadruk lê op die verlammende aard van die armoede en versoekings wat dit meebring, herinner Biesterveld[49] daaraan dat uiterlike insinking dikwels ook innerlike verswakking meebring.

Hierdie versorgingsaspek was by die Gereformeerde Kerk nie onbekend nie. Vanaf 1913 lui dit herhaaldelik op diakonale konferensies en meerdere vergaderings: „Wat kan gedaan worden om armoede onder de leden van de Gereformeerde kerk te voorkomen?"[50] Dat die kerk en sy barmhartigheidsamp tot die taak geroepe is, word volgens die vraagstelling aanvaar. Die antwoord van die Kaaplandse Algemene Vergadering (1916) is geklee in die woorde van Biesterveld, terwyl ds. C. W. M. du Toit hom by die bespreking van die onderwerp „Voorkoming van Armoede" op die Vrystaatse Diakonale Konferensie[51] beroep op Gereformeerde skrywers soos Kuyper, Voetius, Koelman, Biesterveld, Bouwman, Rutgers, e.a.

Die antwoorde op die vraag *hoe* die voorkomingswerk gedoen moes word, was egter uiteenlopend. Ds. W. J. de Klerk was sterk ten gunste van 'n voorskotkas, terwyl dr. J. D. du Toit by dieselfde geleentheid hom weer ten gunste verklaar het van voorkomende diakonale advies aan lidmate met betrekking tot die noodsaaklikheid om hulle grond te behou, die gevare van 'n te hoë lewenswyse, onverstandigheid om 'n huwelik aan te gaan sonder vooruitsig om dit te kan onderhou, ens.[52] Die resultaat van hierdie besprekings was 'n beroep op hulp van die kant van die leeramp om 'n paar predikante te vra om „sociale preken over de toestanden van armen in onze Kerk" te bundel en te versprei. Die resultate van ander besprekings het nie veel meer teweeggebring nie: „waarschuwing tegen de zucht tot speculeren waarbij men eigendom of beroep opgeeft"; aanmoediging van ouers om hulle kinders vir 'n ambag of beroep te laat oplei,[53]

---

46 Coetzee, J. H.: Verarming en Oorheersing, Bloemfontein 1942, p. 15 e.v.
47 Spr. 14 : 20: „Die arme word selfs deur sy naaste gehaat".
48 Bouwman: a.w. p. 110.
49 Biesterveld e.a.: a.w. p. 325.
50 Verslag 3e Diak. Konf. Tvl., 1913: Kerkblad, 1.9.13, p. 10; Verslag Diak. Konf. O.V.S. 1913, art. 15, Kerkblad 15.9.13, p. 9; Not. Alg. Verg. Kp., 1916; Diak. Konf. O.V.S. Not., 1927; Not. Alg. Verg. Kp. 1926.
51 Not. Diak. Konf. O.V.S., 1926.
52 Verslag 3e Diak. Konf. Tvl. 1913; Kerkblad 1.9.13, p. 10.
53 Not. Diak. Konf. O.V.S. 1913, art. 15 Kerkblad, 15.9.13, p. 9.

die beklemtoning van die medeverantwoordelikheid van kerkraad en gemeente.[54] Die Alegemene Vergadering van Kaapland gee vir die eerste keer breër praktiese advies deur aan te wys dat daar twee soorte geestelike en stoflike voorkomende middele is. Onder die geestelike word dan aangegee bearbeiding en toesig met betrekking tot weelderige lewenswyse en swak administrasie. Hierin moet die prediking die diakonie tot hulp wees. Onder stoflike middele word slegs genoem „geldlening op klein skaal".[55] Dit is duidelik uit dié voorbeelde dat die aanvoeling in oorwegende mate was dat die kerklike voorkomingstaak meer op die terrein van die lering en die sedelike onderrig en opwekking geleë is, terwyl die prakties-konkrete aan owerheid en partikuliere inisiatief oorgelaat moet word.

Die aanduiding van geestelike middele volg blykbaar die voorskrif van Bouwman[56] wat ook die geestelike voorkomende middele van die diakonaat aanknoop by die bediening van die Woord. Dit geld veral daardie gesinne wat verarm deur hulle eie toedoen weens drankmisbruik, traagheid, onordelikheid, ens. Biesterveld[57] voer die voorkomende geestelike middele nog verder tot die vermaning van die armes tot tevredenheid en onderworpenheid in hulle kruis.

Beginnende by die troos, vermaning en leiding uit die heilige Skrif, brei die geestelike voorkomende middele ten dienste van die diaken hulle uit tot advies en raad oor elke aspek van alle moontlike lewensprobleme wat tot armoedstoestande en gebrek kan lei.

Biesterveld[58] erken dat dit nie gemaklik is om reëls vas te lê vir die stoflike middele in die voorkomende sorg nie. Elke geval moet op die eie meriete beoordeel en behandel word. Waar Bouwman[59] slegs die moontlikheid van 'n lening noem, noem Biesterveld ook die moontlikhede van werksoek, verskaffing van gereedskap en verlening van huisvesting.

Vir geeneen van die twee soorte middele is 'n algemene formule te gee nie. Die enigste algemene beginsel wat neergelê kan word vir voorkomende sorg is dat die potensieel behoeftige bewus gemaak moet word van die vir hom miskien nog verborge gevaar sodat hy met die hulp van die diakonie instaat gestel kan word om gebruik te maak van die moontlikhede wat deur owerheid en samelewing daargestel is vir die handhawing van 'n welvaartstoestand.

Die indruk ontstaan maklik dat hierdie aspek van die barmhartigheidsdiens in die Gereformeerde Kerk verwaarloos is.

Dit sal alleenlik grotendeels waar wees as ons aan die Kerk die verantwoordelikheid vir die oprigting van prakties-materiële welvaartsondernemings opdra. Prinsipieel is dit egter nie die primêre funksie van die Kerk nie, maar van owerheid en samelewing. Wat die geestelike middele van die voorkomende sorg betref, het die Gereformeerde Kerk dit tot sy

---

54 Not. Alg. Verg. Kp. 1916.
55 Not. 63e Alg. Verg. Kp. 1926.
56 Bouwman: a.w. p. 110 e.v.p.
57 Biesterveld e.a.: a.w. p. 324.
58 Biesterveld e.a.: a.w. p. 386.
59 Bouwman: a.w. p. 111.

eer dat hy waardevolle werk gedoen het. Wat reeds gesê is van die betekenis van gereelde huisbesoek en die handhawing van 'n gemeenskapsbesef, is veral van toepassing op die voorkomende sorg. In hoeverre die advies oor die verskillende armoedsvoorkomende en -ontheffende faktore beoefen is, is nie vas te stel nie. Tog weet ons dat die volle bloei daarvan deur verskillende faktore aan bande gelê is, waaronder 'n onklare besef van hierdie taak deur die diakens, dikwels te veel ander laste en te min tyd vir die beoefening van deeglike voorkomende sorg en seker ook deur 'n mate van gebrek aan lewenservaring by die jeugdige diakens.

Maar naas die waardevolle huisbesoek — al was dit nie *diakonale* huisbesoek in die strenge sin van die woord nie — en die algemene advies waarvan ons die omvang nie kan vasstel nie, het die Gereformeerde Kerk hom tog ook bedien van ander praktiese middels. In ander verband is reeds gewys op wat gedoen is met betrekking tot studielenings, gewone lenings en werkverskaffing al was die konklusie dat die optrede nie onverbeterlik was nie. Dit moet egter ook nie onderskat word nie. Gedurende die twintigerjare was veral die Transvaalse gemeentes helder bewus van hierdie aspek van die barmhartigheidsdiens. In beantwoording van vraag 8 moes ook verslag gedoen word oor voorkomende optrede en uit die antwoorde blyk 'n breeëre aksie as wat anders uit beskikbare dokumente af te lei is.

Op die Algemene Vergadering [60] het van die 34 gemeentes waarvan antwoorde verkry is, 12 geen besonderhede oor die aspek verstrek nie, een het geantwoord dat dit nie nodig was nie, terwyl die antwoorde van die ander neergekom het op die volgende: verskaffing van grond, gereedskap en trekdiere, (soms in samewerking met die Boerevereniging); aanmoediging om te werk; algemene advies; werkverskaffing; lenings vir saadkoring en vir studie sowel as gewone finansiële hulp — stappe dus wat getuig van 'n omvattende optrede.

Die beste antwoord op die vraag omtrent die kwaliteit van die Gereformeerde Kerk se barmhartigheidsdiens kan deur die omvang en intensiteit van armoede, gebrek, afhanklikheid, armlastigheid en afdwaling ten gevolge van sosiaal-religieuse verwaarlosing, isolasie en vervreemding onder sy lidmate, gegee word. Oor sodanige gegewens word nie beskik nie. Die algemene indruk is egter dat hierdie verskynsels, vir sover dit simptome van gebrekkige en oppervlakkige kerklike versorging is, in die Gereformeerde Kerk, vergelykenderwys, betreklik gunstig is. As die omvang van die Gereformeerde liefdediens, in geld bereken, daarby in gedagte gehou word, kom dit voor asof die inhoud en kwaliteit daarvan van gunstige gehalte moet wees.

---

[60] Not. Alg. Verg. Tvl. 1925.

## HOOFSTUK IX

# Die Voorwerp van die Barmhartigheidsdiens

Aan wie moet barmhartigheid bewys word? Wie is hy wat die diakonale sorg nodig het?

Hoewel die Heilige Skrif voortdurend aanspoor maar ook menigvuldiglik kla oor die gebrek aan barmhartigheid en ontferming by die mens in teenstelling met die ryke goedertierenheid van God, bevat dit nêrens een omvattende, konkreet-duidelike en allesinsluitende uitspraak oor die voorwerp van die ontferming en barmhartigheid nie.

Tog is daar vir wie die Skrif met die nodige versigtigheid en noukeurigheid lees,[1] 'n groot verskeidenheid aanduidings wat tot 'n antwoord kan lei. Die woord barmhartigheid — en so ook ontferming — impliseer reeds 'n tegemoetkoming, hulpverlening aan iemand wat iets nodig het, wat gebrek het, wat ly. In hierdie sin word barmhartigheid gebruik met betrekking tot die verhouding van God teenoor mens: die Algenoegsame, Alwyse, Almagtige wat uit 'n heilige liefde aan die sondige mens barmhartigheid bewys, wat hom ontferm oor die sondaarmens en aan hom gunste en gawes gee wat hy nie verdien of uit homself kan verkry nie.[2] Regverdigheid is 'n begrip van gelykheid: van gee wat verdien word; dit veronderstel 'n aanspraak en 'n reg op bepaalde dinge. Daarteenoor staan barmhartigheid as die gee van voorregte, van wat nie verdien word nie maar wat nodig is.[3] Dit is 'n woord wat ten nouste geassosieer word met ellende en gebrek. In 'n heilstaat soos die Paradys sou daar plek wees vir geregtigheid en liefde onder mense onderling, maar seker nie behoefte aan barmhartigheid nie omdat daar geen gebrek bestaan het wat die noodsaak vir barmhartigheid daarstel nie. Juis die gebrek aan geregtigheid en aan heiligheid onder die mense ten gevolge van die sondeval, beklemtoon die noodsaaklikheid vir barmhartigheid. Die hoogste daad van barmhartigheid is die feit dat die Vader Sy eniggebore Seun aan die uiterste vernedering, die dood en die smarte van die hel oorgegee het om sondaars wat geen reg en geen aanspraak op ewige geluksaligheid

[1] Vgl. Slotemaker de Bruine, J. R.: Christelijk-Sociale Studiën; Ruys, Utrecht 1923, Dl. I, Hfst. V: *Christelijk-Sociale Studie en Bijbel-gebruik.*

[2] Heid. Kat. Sondae 10 en 50.

[3] Ned. Geloofsbel. artt. XVI, XX, XXIII.

het nie, te verlos van sonde en die ewige dood; om hulle die geregtigheid wat deur hulle sonde geskend en verbeur is, toe te reken deurdat Christus daarvoor betaal het. Ten nouste verbonde in absolute paradoks is die begrippe sonde en Goddelike barmhartigheid. Aan die wortel van alle sosiale nood en ellende lê die sonde. Bo, oor alles troon die verlossende barmhartigheid van God in Christus.

Maar nou, die menslike barmhartigheid — aan wie presies en onder watter omstandighede, moet dit betoon word? Dit is nie voldoende om te sê: aan alle mense in nood nie,[4] want daarop volg die wedervraag: is alle mense dan nie in nood nie? Spreek die Skrif alleen van stoflike, of ook wel van geestelike armes? [5]

Dit is wel waar dat alle mense, sosiaal gesproke, nie gedurig in nood, behoeftigheid en gebrek verkeer nie. Daarom is 'n onderskeid tussen behoefte en gebrek hier van pas.

Alle mense het behoeftes: stoflik, biologies, sosiaal, psigologies, eties, esteties, religieus, ens.[6] Trouens, die behoeftes is normaal: die meeste daarvan was reeds aanwesig voor die sondeval in die Paradys, al was dit dan in ander verhoudings.[7] Maar hierdie periode onderskei hom van dié na die sondeval onder andere daarin dat terwyl die Paradyslewe menslike behoeftes met die moontlikheid en realiteit van volle behoeftebevrediging geken het, die huidige bedeling behoefte *en* behoeftigheid, behoefte *en* gebrek ken. Die behoeftebevrediging ontbreek sowel vanweë die verkeerde beklemtoning en interpretasie van die menslike behoeftes as vanweë die belemmering van die middele waardeur dit bevredig moet word.[8]

In die maatskaplike lewe is aan sekere kanale of instellings sanksie verleen vir die ordelike, vreedsame, sedelike en genoegsame bevrediging van die behoeftes: [9] arbeid, huwelik, skool, staat, kerk ens. Die samelewing is 'n struktuur van menslike behoeftes en behoeftebevrediging. Maar toestande mag ontstaan sodat 'n persoon nie meer instaat is om sy behoeftes te bevredig nie, hetsy as gevolg van subjektiewe of objektiewe faktore of van albei. Die toestand het moontlik en aktueel geword as gevolg van die vloek wat die sonde oor die mens en die aarde gebring het. Op die wyse ontstaan 'n probleem van behoeftigheid, van gebrek, van lyding. Hoe nader die onbevredigde behoefte geleë is aan die primêre lewensdrange en biologiese behoeftes, deste dringender word die gebrek meesal ervaar.

Terselfdertyd sluit hulpverlening aan die tipes nie barmhartigheid aan andere uit nie. Per slot van sake bestaan die samelewing nie uit twee duidelik kenbare, hermeties afgegrensde mensesoorte nl. behoeftiges en nie-behoeftiges, gebreklydendes en genoegsames, onversorgdes en ver-

---

4 Vgl. die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan, Luk. 10 : 23-37.
5 Slotemaker de Bruine: a.w. dl. I, p. 176.
6 Vgl. Clarke: a.w. p. 13 e.v. Witmer: a.w. p. 68 e.v.
7 In Gen. 2 : 9, 16 en in vss. 18 en 20 word m.i. tenminste die biologiese behoefte (om te eet) en die sosiale behoefte regstreeks aangegee.
8 Vgl. Gen. 3 : 17-19.
9 Vgl. Brown, L. G.: Social Pathology; N.Y. 1942, p. 362.

sorgdes nie. Daar is 'n gedurige vloei, verandering en mengeling. Weens die sondegevolge is alle mense, tenminste in potensiaal en beginsel, gebrekkig en behoeftig. Hoogstens is daar te onderskei tussen minder en meer behoeftiges, minder en meer gebreklydendes, minder en beter versorgdes en dan is hierdie onderskeid 'n tydelike wat elke oomblik ten opsigte van die personeel van die groep verandering ondergaan. Die ryke van vandag kan môre se arme wees; die gebreklydende van gister, die gegoede van vandag; die ekonomies welversorgde tegelyk die geestelik of emosioneel of verstandelik of liggaamlik hulpbehoewende. Die selfgenoegsame mens met volkome behoeftebevrediging bestaan nooit. Ons ken slegs 'n benadering daarvan. Die volmaakte bestaan eers in die herskepping.[10]

Gesien vanuit die persoonlike aspek word die armes, die weduwee en wese en die vreemdeling die meeste deur die heilige Skrif genoem as diegene aan wie die barmhartigheid bewys moet word.[11] Apart en in meer besonderhede word ook nog genoem die benoudes, blindes, dowes, eenvoudiges, ellendiges, hongeriges, naaktes, treurendes, ens. Benader vanuit hierdie persoonlike of groepsaspek, bly daar egter nog baie vaagheid en onsekerheid.

So ingewikkeld as die menselewe, so veelvuldig is die besondere behoeftes en so menigerlei kan die node en gebrek wees.

Altyd veronderstel die barmhartigheid dus die aanwesigheid van 'n gebrek en 'n toestand van onbevredigde behoefte by die persoon aan wie barmhartigheid bewys moet word, waarin hyself nie kan voldoen nie en waarin hy wat barmhartigheid beoefen, wel kan sonder dat die ontvanger 'n reg of aanspraak teenoor die gewer het.

Die vraag oor die voorwerp van die barmhartigheid word deurgaans vanuit die persoonlike kant benader. *wie* is hy? *Wie* is die ware arme? *Wie* is my naaste? En tereg ook, omdat hy wat barmhartigheid bewys te doen het met die node van mense, nie met probleme *in abstracto* nie. Maar op sigself is dit 'n eensydige en onvolledige benadering. Barmhartigheid moet wel aan mense bewys word, maar dan aan bepaalde mense. Die afgrensing word bepaal deur besondere node. Derhalwe eis 'n volledige antwoord 'n tweeërlei benadering: vanuit die persoonlike (menslike) en vanuit die saaklike (gebreks-) aspek. Die geleentheid en eis vir 'n barmhartigheidsdaad spruit uit die persoon by wie en die omstandighede waaronder die gebrek of nood bestaan. Dieselfde mense is nie altyd behoeftig nie en dieselfde omstandighede resulteer nie altyd in gebrek nie.

Die heilige Skrif wys by name sekere groepe of tipes aan wat in besonder de voorwerp van barmhartigheid is. By die bespreking daarvan moet egter altyd in aanmerking geneem word dat dit nie alles in- of uitsluitende kategorieë is nie. *Al die persone* wat onder sodanige groepe geklassifiseer kan word is nie *te alle tye* voorwerpe van die barmhartigheidsbetoon nie.

Terwyl dit redelik duidelik is waarin die behoeftes van blindes, dowes,

---

[10] 1 Kor. 13 : 10.

[11] Vgl. Deut. 24 : 17-22; Jes. 1 : 17; 3 : 14; 10 : 2; 11 : 4; Jer. 2 : 34 e.a.p.

hongeriges, dorstiges, en naaktes bestaan, is dit minder duidelik en baie ingewikkelder wanneer te staan gekom word voor die spesifieke behoeftes van armes, ellendiges, vreemdelinge, verdruktes, eenvoudiges, weduwees e.d.m.[12]

'n Benadering vanuit die kant van die behoeftes en gebreke kan die vaagheid enigsins verdryf en die probleem duideliker stel.[13] Die gebreke wat implisiet in bogenoemde groepe saamgevat is en wat die verrigting van barmhartigheid vereis, word deur Christus opgesom in ses primêre, onherleibare behoeftes, te wete om die honger te stil, om die dors te les, om te herberg, om te klee, om te verpleeg en om in die eensaamheid van gevangenskap die gemeenskapsbehoefte te bevredig.[14]

Alleen met hierdie tweeledige benaderingswyse kan meteen 'n omvattende en hegte basis daargestel word wat betref die werksaamhede en die voorwerp van die Christelike barmhartigheidsdiens. Die ses behoeftes lê ten grondslag van alle sosiale node en probleme — dit kom gewoonlik net nie in enkelvoudige gestalte voor nie maar in gekompliseerde verbindings en dikwels in duistere en verwarde vorm.

In die algemeen sou die voorwerp van die barmhartigheid dus aangewys kan word as enigeen by wie een of ander van hierdie node aanwesig is sonder dat hy instaat is om daarin te voorsien.

Vir die voorsiening in hierdie behoeftes maak die Mosaïese wette reeds voorsiening sowel deur die voorskrifte wat betrekking het op die regverdigheidseise as op die barmhartigheid;[15] oor die skromelike verwaarlosing hiervan toorn die profete; [16] in krag en heerlikheid het Christus in Sy wonderwerke en andersins die voorbeeld gestel van waar en hoe die barmhartigheid verrig moet word: Hy voed die hongerige skares; [17] Hy herstel die krankes na siel en liggaam;[18] Hy versterk die sosiale bande deur die wonderwerk op die bruilof te Kanaän [19] en herstel die gebroke maatskaplike verhoudings deur die opwekking van die gestorwenes.[20]

'n Voorsetting hiervan, deur die oordra van die wonderkrag van Chris-

---

12 Vgl. Slotemaker de Bruine: a.w. dl. I, p. 176.

13 Jesus beantwoord die vraag van die wetgeleerde (Luk. 10 : 25-37) oor wie sy naaste is wat hy soos homself moet liefhê, met verwysing na die nood van die beroofde en gewonde langs die pad sonder om daarmee die voorwerp van die barmhartigheid tot sodanige slagoffers te beperk, maar juis om dit by die vraer tuis te bring dat elkeen (en by uitstek elkeen in nood, afgesien van die aard daarvan) jou naaste is en ontvanger van jou liefdesdaad moet wees.

14 Matth. 25 : 35, 36.

Op hierdie basis het blykbaar die sewevoudige taak van die diaken in die ou Christelike kerk ontwikkel t.w. om die armes en siekes te besoek, te drinke te gee, te spysig, van skuld en druk te verlos en uit gevangenskap los te koop; te klee en van woning te voorsien, aalmoese te versamel (of gewondes te verbind) en om te begrawe: Biesterveld e.a.: a.w. p. 80.

15 Vgl. veral Lev. 25; Deut. 15 : 1-18; 16 : 18-20 (oor regters en geregtigheid); 24 : 6-22; 25 : 13-16.

16 Vgl. o.a. Jes. 3 : 12-15; Amos 2 : 6-8; 4 : 1; 5 : 7, 10-12, 24; 8 : 4-6; Miga 2 : 1-2; 3 : 1-3, 5, 9, 10, 11; 6 : 8-12; 7 : 3, 18; Hab. 1 : 3, 4.

17 Matth. 14 : 14-21; 15 : 29-39.

18 Matth. 15 : 21-28; Luk. 5 : 17-26; Joh. 5 : 1-15 e.a.p.

19 Joh. 2 : 1-12.

20 Mark. 5 : 21-43; Luk. 7 : 11-17; Joh. 11 : 1-45.

tus, vind ons by die Apostels: die diens van die tafels, die genesing van die kreupel bedelaar by die Skone Poort [21] en van siekes.[22] Sonder oordrag van die wondergawe word die spesifieke taak van die barmhartigheidsdiens van die gemeente nou gekanaliseer in die diakonaat. Die voorwerp van hulle versorging sal derhalwe dieselfde wees as wat reeds deur God aan Moses en Israel voorgeskryf is en waarvan Christus as Hoëpriester die sprekende dader was. Vroeër is die aandag reeds daarop gevestig dat dié werksaamhede in verband gebring moet word met *die daaglikse versorging* [23] — geen buitengewone node dus nie, maar voorsiening in die gewone alledaagse gebrek in al sy menigvuldige vorms en grade.

Op hierdie fondament is voortgebou deur die diakonaat in die ou Christelike kerk: vrykoop van geloofsgevangenes in tye van Christenvervolging; spysiging van hongeriges deur self te vas; verpleging van siekes en slagoffers van pes en plaag, versorging van weduwees en wese en armes en vondelinge, van arbeidsonbekwames, siekes en vreemdelinge.[24]

Ook die Roomse Kerk het hierdie voorwerpe van versorging aanvaar, sy dit dan met ander middels en metodes, in 'n duidelike herhaling en dit verder uitgebou en ontwikkel volgens die nood van die tye.

Van alle kategorieë wat genoem word as voorwerp van diakonale barmhartigheidsdiens staan die *armes* op die voorgrond. Dit is heeltemal begryplik aangesien feitlik alle sosiale nood en ellende gekoppel word aan armoede en die gebrek aan materiële lewensmiddele. Armoede het die simbool geword van onbeholpenheid, gebrek, verdrukking en ellende. Dit het die samevattende term geword om die grootste groep van maatskaplike probleme en node op te som. Maar juis weens die omvattendheid daarvan het die konnotasie so algemeen geword en die inhoud so vaag dat veel van die bruikbaarheid ingeboet is.[25] Om armoede vandag te begryp moet dit nie net as 'n algemene en tipiese aanduiding benader word nie, maar ook in sy individuele voorkoms en probleemsituasie.[26] Die inhoud het so bont en vaag geword dat dit minseggend is wanneer daarmee 'n geheelbeeld of 'n spesifieke toestand weergegee moet word. Dit het vir die maatskaplike werker, vir die persoon wat hulp wil verleen, alleen betekenis as die omstandighede en toestande waarop dit in elke individuele geval betrekking het, nader omskryf word. Dit is analoog met die begrip siekte — 'n toestand wat eers nader gediagnoseer en geanaliseer moet word om die presiese aard van die ongesteldheid en die behandeling daarvoor vas te stel. Dit is meteens 'n relatiewe sowel as ingewikkelde begrip: relatief in die sin dat daar geen vaste, altyd en onder alle omstandighede geldende vorm of maatstaf is waardeur die toestand aangedui kan word nie. Inkomste is geen onveranderlike maatstaf nie omdat die koopkrag van die geld self varieer; daarby word dit ook geaffekteer deur die grootte van

---

21 Hand. 3 : 2-8.

22 Hand. 5 : 15, 16; 6 : 8; 8 : 7 e.a.p.

23 Hand. 6 : 1.

24 Biesterveld e.a.: a.w. p. 71 e.v.

25 Bruno, F. J.: The Theory of Social Work; Heath Co., 1936, p. 425; ook Coetzee, J. H.: a.w. p. 8 e.v.

26 Vgl. Gillin, J. L.: Poverty and Dependency, p. 11, 23.

die gesin, die besondere aanwesige behoeftes, die vermoë om oordeelkundig te spandeer, ens. Ingewikkeld is dit uit die aard daarvan sowel as uit hoofde van die vervlegtheid van oorsake en gevolge. Die oorsake alleen kan in twee hoofgroepe verdeel word: eksterne faktore of invloede van die omgewing en interne of subjektiewe faktore wat aanwesig is in die persoon van die arme self. Maar elkeen van die groepe herberg menigerlei spesifieke faktore en faktore-kombinasies. Uiters selde is daar slegs 'n enkelvoudige, allesoorheersende en geïsoleerde faktor aan te wys. Meesal is dit 'n ketting van vervlegtheid saamgestel uit invloede uit albei hoofgroepe verarmingsoorsake.[27]

In sy gevolge tref dit die hele menslike persoonlikheid, nie net sy voeding of kleding of onderdak nie. Die ganse mens, liggaamlik en geestelik, sedelik en religieus, individueel en sosiaal word daarin betrek en aangetas; dit beïnvloed die kind vanaf voor sy geboorte, in sy suigelingsperiode, sy voorskoolse leeftyd, in sy rypingsjare, sy toetrede tot die arbeidslewe, sy houding teenoor taak, kultuur, nasieskap, samelewing, kerk en godsdiens.[28]

Watter besondere samestelling van hierdie moontlikhede word nou bedoel wanneer gespreek word van armoede of die arme? Daarom beweer moderne skrywers oor die sosiale patologie dat daar eintlik nie soiets as dié arme bestaan nie. Binne die geheelsituasie is daar te veel variasie om die begrip van veel wetenskaplike betekenis te maak.

Vir algemene gebruik kan tog 'n bruikbare omskrywing gegee word mits bostaande altyd in gedagte gehou word. Dan sou die armes aangedui kan word as diegene wat nie in hulle daaglikse lewensbehoeftes kan voorsien nie om welke rede ookal en wat op een of ander wyse beïnvloed word deur die toestand van gebrek en ongenoegsame behoeftebevrediging. In die sin is *armoede* en *die arme* dan sinoniem met sosiale gebrek en nood, sonder om nader te bepaal wat die besondere nood is en waaruit dit ontstaan het, maar darem met die gedagte dat dit te doen sal hê met honger, gebrek aan kleding, swak behuising, ens.

Afgesien hiervan doen die verskynsel hom dikwels voor dat juis weens sy gebrek aan materiële middele en ander toestande wat daarmee veroorsakend of resulterend saamhang en sy onaansienlike, mindere sosiale status aan die arme ook nog minder geregtigheid bewys word as wat die lot van meer gegoedes is. Hierdie beskuldiging het die Ou Testamentiese profete die volk en hulle regeerders reeds ten laste gelê: die arme word op 'n „wettige" wyse beroof[29] omdat hy weens gebrek aan middele en dikwels uit onkunde en minderwaardigheidsgevoel nie na die gereg gaan om sy reg te soek nie; ja, hulle word selfs van die gereg weggestoot en

---

[27] Vgl. Coetzee, J. H.: a.w. pp. 8-15; ook Gillin: a.w. Hfstt. V-IX; Phelps, H. A.: Contemporary Social Problems, N.Y. 1942; Hfst. II, veral pp. 23-29.

[28] Vgl. die hiervoorgenoemde literatuur tesame met besondere studies oor spesifieke aspekte van die verskynsel o.a. Bevindings van die Carnegie Kommissie; M'Gonigle, G. C. M. and Kirby, J.: Poverty and Public Health London 1937; Titmus R. M.: Poverty and Population, Macmillan, London 1938.

[29] Jes. 3 : 14.

van alle reg ontroof,[30] so erg so, dat die bloed van die onskuldige armes aan die some van die klere van die aansienlikes kleef.[31] So word die arme die simbool van hom wat gebrek ly, wat onaansienlik is en geen sosiale prestige besit nie omdat hy sonder ekonomiese status is; wat verdruk word, aan wie geen geregtigheid geskied nie, sodat die behoefte aan barmhartigheid juis des te groter is. As sodanig word die arme by uitstek die voorwerp van die diakonale versorging want dit sluit al die ander groepe in wat meer spesifiek van tyd tot tyd genoem word as hulpbehoewendes, dorstiges, hongeriges, naaktes, tuisloses, weduwees, blindes, kreupeles, siekes, wese, verlatenes, verdruktes. Die diens van die tafels is die simbool van die diakonale taak; die arme die simbool van sy arbeidsterrein en van wie aan sy sorg opgedra is.

Geen wonder dan dat die kerklike barmhartigheidsdiens deur die geskiedenis feitlik al sinoniem geword het met armsorg nie. In sy suiwere betekenis is armsorg tog 'n beperkter begrip as barmhartigheidsdiens. Teveel word armsorg geassosieer met blote stoflike alimentasie, materiële, tydelike noodleniging. In die praktyk sal dit hoofsaaklik een of ander soort arme wees aan wie barmhartigheid bewys word.

Behalwe die armes, die weduwees en wese, die siekes en oues van dae waaroor in die volgende hoofstukke breedvoeriger gehandel sal word, word die gevangene dikwels in die Skrif genoem as voorwerp van die liefdediens. Christenvervolgings en bevolkingsverskuiwings in die eerste eeue na Christus het groot getalle gevangenes laat ontstaan en geen koste is ontsien om hulle, waar moontlik, vry te koop van slawerny en ellende nie.[32]

So was ook die vreemdeling[33] in hierdie tyd van swak verkeersweë en -middele en gevaarvolle paaie, die sterk familie- en stam- en nasionale en geografiese grense, 'n besondere voorwerp van versorging. Veral by geval van oorlog of siekte of ander ongeval was die vreemdeling en die reisiger meesal in 'n onbenydenswaardige posisie. Die Christene van die eerste eeue het hulle van gidse voorsien, in die herberge opgesoek, verpleeg wanneer hulle siek in herberg of langs die weg was en ter aarde bestel as hulle te sterwe gekom het.[34]

In verband met die kerklike barmhartigheid ontstaan dadelik die vraag hoever die diens hom moet uitstrek? Word dit afgesluit deur die grense van die plaaslike gemeente of hoogstens van dieselfde kerkverband? Moet die diakonie slegs sy eie behoeftiges te hulp kom of kan hy ook bystand verleen aan ander diakonieë in sy kerkverband? Moet die besondere kerk sy barmhartigheidshulp beperk tot lidmate van die kerk alleen? Omgekeerd, is dit die diakonie en die kerk en vir die doel ook die lidmaat geoorloof om aan andere wat nie van dieselfde kerkverband, belydenis of geloof is nie, hulp te verskaf? Indien daar geen beperking is ten opsigte van wie deur hierdie liefdesdiens geholpe mag raak nie, waarom spreek

[30] Jes. 10 : 2.
[31] Jer. 2 : 34.
[32] Biesterveld e.a.: a.w. p. 81.
[33] Matth. 25 : 35.
[34] Biesterveld e.a.: a.w. p. 82.

Paulus [35] van „ware weduwees" en vanwaar die uitdrukking in die kerktaal van *die ware armes?*

Grotendeels kom dit weer op die vraag van die wetgeleerde aan Jesus wie sy naaste is wat hy moet liefhê en waarop in antwoord die gelykenis van die barmhartige Samaritaan volg.[36] Hierin lê ook die fondament vir die kerklike barmhartigheidsbetoon, met ander woorde, *almal wat in nood verkeer is voorwerp van barmhartigheidsdiens,* sonder nasionale of godsdienstige of kerklike begrensing.

Dat die grense wyer getrek moet word as die eie nasionale en godsdienstige, bepaal die Ou Testament reeds. Ook vir die *vreemdeling* moes die natrossies in die wingerd oorgelaat word [37] en omdat God reg verskaf aan die wees en die weduwee en die vreemdeling liefhet, daarom moes Israel ook die vreemdeling liefhê.[38]

Die grense van liefde en liefdesbetoon strek selfs wyer as vreemdelinge. Die Israeliet moet hom tewens ontferm oor die beswykende lasdier van sy *vyand* [39] en sodoende ook aan sy vyand goed doen. Wanneer Christus dan leer dat die liefde nie net vir die geliefdes is nie maar ook vir die vyand, is dit geen nuwe lering nie maar die herhaling van 'n gebod wat die Joodse wetgeleerdes nie net vergeet het nie maar selfs al verander het.[40] Die allesonderliggende beginsel wat hier geld is dat die Christen barmhartigheid moet betoon waar die gebrek voorkom sonder enige aansien des persoons. Trouens daarin lê die onderskeiding van die Christelikheid en die benadering van die volmaaktheid.[41]

Tog gee Christus en daarna die apostel Paulus ook 'n andere, feitlik rangordelike aanduiding van die naaste. Aan die Kananése vrou antwoord Jesus dat hy gestuur is na die verlore skape van die huis van Israel en dan weer dat dit nie mooi is om die brood van die kinders aan die hondjies te gee nie.[42] Dit lyk dus asof daar diegene is teenoor wie 'n *eerste plig* bestaan en dus in die barmhartigheidsbetoon voorkeur moet geniet. Duideliker stel Paulus dit wanneer hy die gemeente van Galate vermaan om aan almal goed te doen „maar die meeste aan die huisgenote van die geloof".[43] Hierdie uitsprake sal tog so gesien moet word dat, waar die wetgeleerdes en fariseërs die liefde en die liefdesdade tot die letterlik naaste, familiaal, nasionaal en godsdienstig wou beperk en selfs die vyand daarvan wou uitsluit, Christus en Paulus dit so stel dat die naaste, die huisgenote van die geloof, die uitgangspunt, die begin van die barmhartigheid is: dat dit hiervandaan, uit die kleiner kring moet uitgesirkel om vreemde en vyand in te sluit. Dit is 'n praktiese aanduiding wat die beginsel nie verloën nie. Immers, iewers moet tog begin word

---

35 1 Tim. 5 : 3, 5, 16.
36 Luk. 10 : 25-37.
37 Lev. 19 : 10.
38 Deut. 10 : 19.
39 Ex. 23 : 4, 5.
40 Matth. 5 : 43, 44.
41 Matth. 5 : 43, 48. Vgl. ook Geesink: Gereformeerde Ethiek, dl 1, p. 454 en 457.
42 Matth. 15 : 24, 26; vgl. Ridderbos, dr H. N.: Korte Verklaring Mattheüs, dl I, p. 285.
43 Gal. 6 : 10; vgl. Greydanus, dr S.: Korte Verklaring, Galaten, p. 132 e.v.

met die werk, dit kan nie in die lug bly hang nie. Die wat naaste is kan tog eerste en beste gehelp word. Wie nie aan die nooddruftiges uit eie huis en die eie kerk en eie volk barmhartigheid bewys nie, sal trouens weinig geneë wees om vreemdeling en vyand te hulp te kom. Dit hou rekening met die natuurlike lewensorde — die natuurlike gesindheid teenoor die eie, die gelyksoortige, die lede van die eie groep hetsy van bloed- of geloofsverwantskap.

Die uitgangspunt van die diakonale versorging sal dan die onmiddellike kring wees: die behoeftiges in die eie gemeente en dan sal dit verder uitkring tot insluiting van die geloofsgenote in ander gemeentes van dieselfde kerkverband, behoeftiges van stad en omgewing, eie volk en staat, afgesien van kerkverband en uiteindelik tot alle behoeftiges oor die wêreld.[44]

Bouwman [45] en Biesterveld [46] is dit albei daaroor eens dat die behoeftige lidmate van die eie gemeente die eerste verantwoordelikheid van die diakonie is. Maar dan gebruik Bouwman die uitdrukking „eerlijke armen, de rechte weduwen en weezen".[47] Wat moet daaronder verstaan word?

Paulus gebruik feitlik dieselfde uitdrukking as hy spreek van die weduwees *wat waarlik weduwees is*.[48] In wat volg op vers 3 word groter duidelikheid gegee omtrent die uitdrukking. Biesterveld [49] meen dat dit betrekking het op die vroue wat van hulle mans as broodwinners beroof en dus eensaam en verlate is, alleenstaande vroue sonder bloedverwante en sonder enige ander band behalwe die gemeente waaraan hulle behoort. Hiermee word 'n beginsel beklemtoon wat sekerlik nie net betrekking sal hê op die versorging van die weduwees nie, maar wat alle barmhartigheidswerk, sowel wat die metode as die voorwerp betref,ten grondslag lê, naamlik die gesins- en familieverantwoordelikheid. Hetsy dat dit die armes, die siekes, oues van dae of die wese betref, voordat die diakonie regstreekse materiële hulp verskaf of toevlug tot regstreekse kerklike hulp verleen word, moet die gesins- en familieverantwoordelikheid in beoefening gebring word. Bloedverwante is geroepe om hulle afhanklikes te versorg na vermoë: hierop was trouens die stelsel van lossing in Israel reeds gebou.[50] So sou die ware arme dan ook beteken die *bona fide* arme: waar die toestand nie aan onwil, maar aan onvermoë te wyte is.

---

[44] Dieselfde beginsel spreek ook in Kuyper se opvatting: „Men kan niet zeggen, dat *de* verzorging van armen en kranken *onder heel het volk* plicht der Kerk is. Dit ware haar een volstrekt onmogelijke taak opleggen, en het is alleen de schijngestalte der Volkskerk, die aan dit wanbegrip voedsel geeft". As die hele volk tot die kerk behoort het moes die kerk die versorging van alle krankes en armes vir sy rekening geneem het omdat die eer van Christus as Koning van sy Kerk dit eis. As die Kerk *al* sy lidmate so versorg het dat daar geen nodigheid bestaan om by die owerheid of 'n ander instansie aan te klop nie, en daar dan nog middele oor is, is alles daarvoor te sê dat die milddadigheid ook buite die grense van die kerk toegepas moet word: Kuyper: Pro Rege, II, p. 333 e.v.

[45] Bouwman: a.w. p. 106.

[46] Biesterveld e.a.: a.w. p. 306, 308.

[47] Bouwman: a.w. p. 106.

[48] 1 Tim. 5 : 3, 5, 16.

[49] Biesterveld e.a.: a.w. p. 307.

[50] Lev. 25 : 25.

Heeltemal korrek is Adriani [51] dan ook as in sy leer van hulpverleningskringe die verwantskapskring as eerste hulpverleningsbron aangewys word. Dit is uiteraard die beste toegerus om die regte hulp te verleen. Faal hierdie kring òf omdat daar nie bloedverwante is nie òf omdat hulle nie instaat is tot die nodige hulpverlening nie òf omdat die verhoudings verkeerd gegaan het, moet die toevlug dan onmiddellik tot die kerklike barmhartigheid geneem word? Adriani stel die kring van vriende, bekendes en werkgevers as 'n tussenbron, hoewel toegegee word dat die kerk so 'n intieme kring kan wees dat dit net buite die familie staan. Prinsipieel beskou behoort die kerk, volgens Paulus [52] net ná die verwantskapskring te volg. Die familiekarakter daarvan word tog in geestelike sin vertolk deur die vaderskap van God, die broeder- en susterskap in die gemeente — 'n verlengstuk van die familie as 't ware, nie op bloedsmaar op geloofsgrond.

Sodoende word die nooddruftige die voorwerp van die diakonale sorg en kerklike barmhartigheid as daar niemand anders is wat op daardie oomblik in daardie besondere nood kan help nie, afgesien van taal of geloof of belydenis. Maar in die praktyk beteken dit dat die diakonie maklikste in kontak kom met die nooddruftiges van die eie gemeente — die huisgenote van die geloof — en dat lidmate hulle makliker as ander tot die kerk sal wend om hulp. Daarby sal dit beteken dat in dringende onmiddellike nood hulp verleen sal word, maar dat die diakonie wel sal oorweeg of daar nie ander weë is nie: bestendige arbeid of hulp deur bloedverwante of wat die geval ookal mag wees.

In hierdie verband bly daar nog 'n belangrike vraag onbeantwoord: as die ware arme diegene is wat behoeftig is, nie weens onwil om die lewensmiddele te verdien nie, maar weens werklike onvermoë, wat dan van die origes, die „unworthy poor" [53] en van die „able-bodied pauper"? Hoewel in die bevestigingsformulier vir diakens sprake is van die *regte* weduwees wat versorg moet word, word deurgaans alleen van die armes en nie die *ware* armes gepraat nie. Tog het die vraag herhaaldelik op diakonale konferensies en meerdere vergaderings voorgekom: wie die *ware* arme is.

Die enigste konklusie waartoe geraak kan word, is dat *alle* armes gehelp moet word, gedagtig aan Paulus se voorskrif aan die Galate.[54] Watter sin sal daar trouens nog oorbly in die begrip barmhartigheid, as by die beoefening daarvan uitgegaan word van die standpunt dat die een (die ware arme) groter reg en aanspraak daarop het as die onwaardige arme? So 'n uitgangspunt is deel van 'n regsopvatting en van die begrip geregtigheid, nie van barmhartigheid nie. Die enigste verskil wat prinsipieel en wesentlik aan te merk is, is 'n verskil in die soort, vorm en metode van die barmhartigheidsdiens. By die ware arme sal dit 'n saak van regstreekse, meesal materiële hulpverlening wees; die onwaardige arme sal naas die noodlenigende materiële hulp deur die diaken opgewek en ver-

[51] Adriani: a.w. p. 29 e.v.
[52] 1 Tim. 5 : 3, 4, 5, 16.
[53] Kelso, R. W.: The Science of Public Welfare, pp. 155, 156.
[54] Gal. 6 : 10.

maan en selfs deur die regeeramp bearbei moet word. Hy is nie alleen 'n voorwerp vir diakonale sorg nie maar ook vir geestelike bearbeiding, vir kerklike tug en vir evangelisasie.

Volgens Greyling [55] het die kerk van die jong volksplanting aan die Kaap die hand van barmhartigheid gereik aan alle behoeftiges sonder aansien van persoon of onderskeid van kleur. Die dokumente deur Spoelstra byeengebring [56] rugsteun die bewering. Die meeste armes het bestaan uit vrygestelde slawe, slavinne en slawekinders, selfs ook die wat lidmate was van die Lutherse Kerk.[57] Sedert 1780 toe 'n ooreenkoms tussen die Lutherse en Gereformeerde Kerk bereik is ten opsigte van die armsorg, was dit min of meer die gebruik by die destydse Gereformeerde, later Hervormde en nog later Nederduits-Gereformeerde Kerk „om in die eerste instansie die helpende hand aan sy eie lidmate te reik". Die houding is onderskryf deur die Sinode van 1824.[58]

Die eerste soort armes wat die aandag van die Gereformeerde Kerk in beslag geneem het met betrekking tot die barmhartigheidsdiens, was die *weduwees en wese*, getuie die memorie wat deur die Sesde Algemene Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in die Z.A.R. in 1861 aan die regering by monde van Komdt. Paul Kruger voorgedra is.[59] Nie net gedurende die eerste jare van die Gereformeerde Kerk se bestaan nie maar deurgaans, was die weduwees en wese eintlik die belangrikste enkele groep wat deur die kerklike barmhartigheid versorg is. Tiperend hiervan is die aantekening van die visitatore oor die gemeente Roossenekal: „Daar is g'n enkel lidmaat wat welgesteld genoemd kan word, laat staan ryk. 'n Paar arm weduwees ontvang ieder nagmaal iets uit die armkas".[60]

'n Volgende groep wat diakonale en kerklike versorging geniet het, is die *oues van dae* waar hulle toestand van ouderdom gekompliseer is deur siekte, en geestesswakheid gepaard met gebrek aan genoegsame middele.

Ewe-eens is die *siekes* versorg, insluitende die *liggaamlik gebreklikes, verminktes* en *geestelik krankes.* In die tydperk toe hospitaalfasiliteite gering, byna onbekombaar was, was hier 'n vrugbare terrein vir die beoefening van Christelike barmhartigheid. Die siekeversorging is dikwels ook nog opgevolg deur begrafnisversorging.

Maar afgesien van hierdie spesifieke kategorieë van min- of onvermoëndes was daar blykbaar ook altyd die *algemene armes* — mense wie se armoede nie verhoog en onder die aandag gebring is deur siekte of ouderdom of weduweeskap nie. Derhalwe het baie gemeentes nie die behoeftiges gespesifiseer nie en kon dit in 'n groot aantal gevalle waarskynlik nie gedoen word nie. In een geval word jarelank op vraag 8 ge-

---

55 Greyling: a.w. p. 190.

56 Spoelstra: Bouwstoffen, dl 11. Vgl. b.v. die opvoeding van die kinders van Pieter van Meerhof en sy weduwee, die Hottentottin Eva, p. 259 en Spoelstra se aantekening by datum 9 Des. 1720: „Zorg voor kleurlingen, als voorbeeld van vele diergelijke gevallen", p. 275.

57 Greyling: a.w. p. 190/191.

58 Greyling: a.w. p. 191 e.v.p.

59 Not. 6e Alg. Verg. Z.A.R., 1861.

60 Bylae by Not. Alg. Verg. Tvl., 1925.

antwoord: „een arme word ondersteund met .... per jaar".[61] Soms is die gekompliseerde toestand ook weerspieël in die notule soos wanneer in Bethulie 'n kollekte gehou word vir 'n broeder „in ziekte en armoede",[62] of in die geval waarin aan 'n broeder hulp toegestaan word vir begrafniskoste van sy vrou en twee kinders „omdat hy seer behoeftig is en voor geruime tyd de sware koortssiekte in syn huis gehad heeft".[63]

Dit is begryplik dat die hulpverlening aan die armes in die eerste plek en hoofsaaklik bedoel sou wees vir die algemene lewensonderhoud. Tog skemer dit deur die notules en verslae dat hulp dikwels ook gegee is vir meer besondere doeleindes. So wordt aan 'n weduwee en haar dogter 'n kontantsom toegeken „voor kleederen.... om naar de kerk te komen".[64] Vir die bywoning van die erediens moes die klere behoorlik wees. 'n Ander besondere doel waarvoor hulp verleen is, was dokters- en aptekersrekeninge, begrafniskoste insluitende die koste van die doodkis.

'n Item wat dikwels ook voorkom op die state van diakonieë is die *hulp aan behoeftige skoliere en studente.* Op die vraag of die diakonieë uit die armkas skoolgeld mag toestaan ten behoewe van die kinders van hulpbehoewende ouers, antwoord Bouwman ontkennend. Aangesien die diakonie se taak begrens is „door de zorg voor het levensonderhoud" [65] vind hij dit nie behoorlik dat die diakonie die skoolgeld betaal of aanvul nie. Bouwman se redenering is dat die skool nie tot die terrein van die kerk behoort nie en aangesien dit 'n soewereine lewenskring is, val dit nie op die terrein van die geïnstitueerde kerk om 'n skool op te rig en instand te hou nie. Dit is nie 'n inrigting vir barmhartigheid nie maar moet op 'n ekonomiese grondslag bestuur word. Hulp vir skoolgelde moet ouers van mede-Christene, nie van die diakonie, vra nie. Vir die doel gee Bouwman ook aan die hand die stigting van 'n „suppletiefonds". Hierdie prosedure moet gevolg word ten opsigte van ouers wat nie „geheel voor rekening" van die diakonie staan nie. As die ouers van die betrokke kinders egter geheel deur die diakonie onderhou kan word of as dit weeskinders is onder voogdyskap van die diakens, val dit wel binne die roeping van die diakonaat.

Die laatste stelling van Bouwman is logies en begryplik. Waar die diakonie eintlik optree as plaasvervangende ouers, hetsy as wettige voogde (de jure) van die wese, verwaarloosde of ontouerde kinders, hetsy bloot *de facto* in die sin dat die diakonie die ouerlose kinders onderhou of die ouers saam met hulle kinders versorg, is dit duidelik dat hy in al hulle behoeftes moet voorsien, insluitende hulle onderwysbehoeftes.

Minder begryplik is Bouwman se stelling betreffende die ander kinders. Sy uitgangspunt is dat die taak van die diakonie begrens word deur die lewensonderhoud. Dit is egter 'n baie moeilik bepaalbare begrip. Moet daaronder alleen verstaan word die hulp vir voedsel en klere en huis-

---

[61] Kr. not. Bethal, 10.11.93, art. 10; 2.11.94, art. 8; 13.11.96, art. 11; 16.4.97, art. 10; 18.11.98, art. 9.

[62] Kr. not. Bethulie, 23.3.68, art. 5.

[63] Kr. not. Middelburg, K.P., 16.2.94, art. 8.

[64] Kr. not. Bethal, 23.10.09, art. 9.

[65] Bouwman: a.w. p. 114 e.v.

vesting? Dan geld dit tog ook die gevalle waar die diakonie wettige of feitlike voog is. Voogdyskap verander die diakonie nog nie in werklike, biologiese ouers van die beskermlinge nie. Moet die begrensing nou beteken dat ouers, terwille van die lewensonderhoud wat niks oorlaat vir skoolgelde nie, hulle kinders, dikwels veelbelowende kinders — uit die skool moet neem, omdat hulle die skoolgelde nie kan bekostig, om koste te spaar en om te help verdien? Is daar prinsipieel en prakties verskil of die diakonie die ouers help deur lesgelde vir hulle kinders te betaal of deur te help met die ouers se lewensonderhoud sodat hulle uit hulle gewone lewensmiddele die leergeld van hulle kinders kan bekostig? Die geld wat bestee word aan die onderwys van 'n kind is tog in voorkomende sin bestee aan 'n beter lewensonderhoud vir hom sowel as sy ouers op 'n latere tydstip. Die kind se behoorlike onderwys en opleiding is ook bereken om te „vrijwaren voor gebrek en hem in staat te stellen zijne roeping als burger in het koninkrijk Gods te vervullen".[66]

Sy aanbeveling van 'n „suppletiefonds" of hulpfonds vir die onderwys verdien alle waardering. Dit moet veel bydra tot bevordering van die Christelike partikuliere barmhartigheid en die belangstelling van die ouers in die skool en die onderwys van hulle kinders. In die lig van sy ander stellings wek die aanbeveling twee vrae. Indien so 'n fonds nie bestaan en nie maklik in die lewe geroep kan word nie, moet die diakonie hom geheel en al weerhou van hulpverlening aan behoeftige skoliere en studente? Tweedens: mag die diakonie bydra tot so 'n fonds? Bouwman [67] skyn dit goed te keur. Maar wat is dan die prinsipiële verskil tussen 'n donasie aan die fonds en regstreekse hulp aan die ouers vir dieselfde doel, waar die fonds nie bestaan nie, behalwe dat die fonds lenings en nie donasies moet toestaan nie?

Bouwman se standpunt dat sodanige fonds 'n leningsfonds moet wees verdien waardering en maak dit begrypliker waarom hy die beheer daarvan in partikuliere hande wil hê en nie onder die diakonie nie, want lenings kan beskou word as nie barmhartigheidsdiens nie, hoewel die toekennings van lenings deur die diakonie sonder meer nie af te keur is nie.[68]

By die Gereformeerde diakonaat in Suid-Afrika vind ons 'n gevestigde praktyk van hulpverlening aan behoeftige skoliere en studente. Wat eersgenoemde groep betref was dit veral die geval voordat gratis onderwys 'n praktiese owerheidsbeleid geword het en veral toe die Gereformeerde

---

[66] Bouwman: a.w. p. 115.
Bouwman slaag nie daarin om te onderskei tussen die oprigting en instandhouding van 'n skool deur die kerk en die hulp deur die diakonie aan partikuliere ouers om hulle kinders op skool te kan hou nie. Dit moet hom toegegee word dat die skool nie 'n barmhartigheidsinstelling is nie en nie op verantwoordelikheid van die kerk staan nie. Maar dit is immers 'n ander saak as dit gaan om die onvermoë van spesifieke ouers om die skoolbesoek van hulle kinders te bekostig. Bouwman handel hier weliswaar slegs oor die kwessie van lesgelde wat in die Suid-Afrikaanse laer- en middelbare gratis onderwysstelsel onbekend is. Maar watter prinsipiële verskil bestaan daar in hulpverlening aan ouers om òf lesgelde òf losies òf boeke of klere of vervoer aan hulle kinders te voorsien om die skool te kan bywoon?

[67] Bouwman: a.w. p. 116.

[68] Biesterveld e.a.: a.w. p. 138, 142.

Kerk sy C.N.O.-beginsel in die praktyk toegepas het. Reeds vroeg in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk staan die volgende geboekstaaf as bewys van diakonale hulpverlening:

„Doordien de broeder V. het gevraag om assistentie van school voor zijn dochter ........, zoo besluit de Kerkeraad in dien mogelijk, haar voor een onbepaalden tijd voor kerkrekening op school te zetten, om te zien of er ook wat aan te doe is".[69]

Deur die praktyk van vrye skole het die behoefte aan leergeld en die hulp van die diakonie in die spesifieke verband verval. Tog was daar nog ander regstreekse en onregstreekse hulp met betrekking tot die onderwys — veral middelbaar en hoër — van behoeftige kinders nodig. In die gemeente Ventersburg byvoorbeeld is herhaaldelik hulp verleen om kinders in die skoolkoshuis op te neem vir bywoning van die middelbare skool.[70] Later het die gemeente oorgegaan tot 'n vorm van hulpverlening wat meer in ooreenstemming is met Bouwman se „suppletiefonds" deur 'n bedrag aan die Boekefonds van die skool te doneer.[71]

Met die toename van hoër onderwys, en veral waar daar uit die Gereformeerde Kerk 'n Teologiese Skool met 'n akademiese vertakking en later 'n selfstandige inrigting vir hoër onderwys sou ontstaan, sou die behoeftes op die gebied ook toeneem. Afgesien van die gereelde kollektes wat ooreenkomstig sinodebesluit en art. 19 K.O. jaarliks afgestaan moet word vir hulpbehoewende teologiese studente[72] was en is daar tog ook nog groot getalle ander belowende skoliere wat die skool verlaat en graag verdere opleiding wil geniet en ook behoort te ontvang. Die belang wat die Gereformeerde Kerk deur sy strewe vir C.N.O. gehad het, het meegebring dat groot bedrae via die kerk en uit diakonale kasse vir die doel aangewend is. Die enigste praktiese beswaar mag alleen dit wees dat die gemeentes dikwels vergeet het dat alle Gereformeerdes nie predikante kan en wil en behoort te word nie, maar dat ook hulp nodig was om gereformeerde onderwysers, prokureurs en advokate, medici, ingenieurs, navorsers, maatskaplike werkers(sters), ens. op te lei. Maar afgesien hiervan het dit ook voorgekom dat sommige gemeentes hulle beywer het vir die studiegeld van 'n student uit hulle midde, geheel of gedeeltelik.[73]

'n Verdere voorwerp van barmhartigheidsversorging was die *slagoffers van nasionale nood en ramp.* Wie die annale van die Gereformeerde Kerk aandagtig lees, vind daarin weerspieël die geskiedenis van die Afrikaner en veral die verhaal van sy nood en lyding in 'n nuwe gebied wat hy moes tem tot 'n woonbare vaderland. Op die 26ste Algemene Vergadering in die Z.A.R. word „gesproken over de noodlijdenden in Lydenburg tijdens den vroegeren Kafferoorlog geruïneerd" en is aan elke kerkraad opgedra om te kollekteer vir die „BB's en ZZ die zoo te zeggen hongersnood lijden".[74] Hierdie nood het vir ten minste drie jaar die verskillende

69 Kr. not. Bethulie, 25.3.72, art. 11.; ook 22.4.78, art. 32.
70 Kr. not. Ventersburg, 13.12.19, art. 7(b); 22.5.20, art. 5.
71 Kr. not. Ventersburg, 9.2.23, art. 19; en 23.2.24, art. 9.
72 K.O.; Reglemente vir Beurse, art. 2, p. 89.
73 Vgl. Kr. not. Ventersburg, 12.7.18, art. 21; Potchefstroom 21.12.22. art. 6.
74 Not. 26e Alg. Verg. Z.A.R., 10.10.78, art. 9.

gemeentes en die Algemene Vergadering besig gehou.[75] Wyd was die weerklank van die nasionale nood en wyd en algemeen ook die Christelike handreiking onder lidmate van die Gereformeerde Kerk.

Die nood en smarte van die Tweede Vryheidsoorlog staan duidelik geskrywe oor die bladsye van die kerkraads- en diakonale notules en die stukke van die meerdere vergaderings van die Gereformeerde gemeentes van die twee eertydse Republieke sowel as dié van die susterprovinsie. Dit is nie net verwysings na die pynlike ervaring van die verlies van die staatkundige vryheid nie.[76] Veral die ontberings op stoflik-maatskaplike gebied is hier verhaal tesame met die betoon van naasteliefde. In die meeste gemeentes was die kerklike lewe gedurende die oorlogsjare so ontwrig dat alleen die naweë geboekstaaf staan in die stukke wat na die oorlog hervat of opnuut aangelê is. Enkele gemeentes soos Pretoria en Johannesburg het 'n deurgaande relaas van die oorlogsnood op die tuisfront bewaar: die sorg vir agterblywende gesinne van wie die broodwinners op kommando was, krygsgevange geneem, gesneuwel of gewond is sowel as versorging van die gewondes self.[77] Hierdie jare lewer juis die mooiste voorbeelde van volgehoue kerklike barmhartigheid nieteenstaande gebrek aan middele en ingryping van owerheidsweë.

Die nood het ook sy opslag buite die grense van die Republieke gehad, en ook van daardie kant is hulp verleen.[78]

So is die deelname aan die Rebellie van 1914 en aan die verset teen die oorlogsbeleid tydens die Tweede Wêreldoorlog deur gebrek en ellende gevolg. Minder eenstemmig en veel meer uiteenlopend was die reaksie tot hulpverlening in hierdie gevalle. Uit die nood van 1914 word *Die Helpmekaar* gebore en uit dié van 1941 die *Noodhulpfonds* vir die gesinne van geïnterneerdes. Albei ondernemings het van partikuliere nonkerklike liggame uitgegaan, tog het sommige diakonieë en gemeentes regstreeks tot die fondse bygedra. Ander het, en moes, weens meningsverskille oor die meriete van die politieke optrede binne die gemeente, die standpunt inneem wat Ventersburg se kerkraad geboekstaaf het na aanleiding van 'n versoek van die sekretaris van die Helpmekaartak ter plase om samewerking ten einde die „schuld van £ 110,000 nog rustende op de schouders dergenen, die deel genomen hebben aan het gewapend protest, af te betalen", naamlik dat die kerkraad daarvoor is dat die kollekte vir die Helpmekaar „niet op kerkelijke lijnen gehouden zal worden".[79] Prinsipieel gesien was die kerkraad volkome reg: hier was 'n nasionale, volkse saak waarvoor 'n nasionale, volkse kanaal, dit wil sê 'n partikuliere of gemeenskapsorgaan daargestel was en nie 'n kerklike

---

[75] Vgl. not. 27e Alg. Verg. Z.A.R., 7.10.80, art. 5.

[76] Vgl. die opskrif van die notule van die eerste Algemene Vergadering in Transvaal te Nylstroom na die oorlog. Oudergewoonte het die skriba begin skryf: „Notule van die Algemene Vergadering van Gereformeerde Gemeentes in die *Zuid-Afrikaansche Republiek*" om die laatste dan deur te haal en te vervang met *Transvaal*. Hoeveel psigiese smart lê nie hierin opgesluit nie!

[77] Vgl. Coetzee, J. H.: „*Gereformeerde Barmhartigheid in Oorlogsnood*", Kerkblad, 20.7.51, p. 15 e.v.

[78] Kr. not. Middelburg, Kp., 11.5.1900, art. 10.

[79] Kr. not. Ventersburg, 5.10.17, art. 17.

nie. Dit was een saak om 'n gesin regstreeks te help van wie die broodwinner wat lidmaat van die gemeente was, gewond, gesneuwel of gevange geset was ten gevolge van sy deelname aan die protes, of die gemeente en kerkraad en diakonie nou al vir of teen die saak was; maar dit is tog enigsins anders om die volkse onderneming regstreeks te subsidieer om die skulde oor te neem veral waar dit beroering in die gemeente kan veroorsaak. Dieselfde geld *mutatis mutandis* die konsentrasiekamp-episode van 1940—1945. Daarenteen sou dit sekerlik ook nie verkeerd wees van 'n diakonie om sodanige fonds in die algemeen te ondersteun nie mits die doel van die fonds bloot versorgend is sonder doelbewuste bevordering van een of ander politieke organisasie en mits dit gedoen kan word sonder skade aan die plaaslike armsorg of die vrede in die gemeente. Selfs waar die aandeel van die lidmaat in die gebeure sedelik nie te regverdig is nie, hef dit nogtans nie die diakonale verpligtinge op nie maar vereis dit ook die optrede van die regeeramp in vermaning of desnoods in kerklike tug.

Op die wyse was die voorwerp van liefdesdiens nie altyd lidmaat van die gemeente nie maar het die hulpverlening ook oor die gemeentelike en selfs oor die kerklike grense gegaan. Intergemeentelike barmhartigheidshulp was duidelik in die hierbo genoemde gevalle van die Lydenburggeskiedenis, die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebellies van 1914 en 1940. Dit was besondere gevalle waar die bloeds- en verwantskapsfaktore nie buite rekening gelaat moet word nie. Minder opsigtelik miskien is die gevalle van hulp aan die gewone behoeftiges van ander gemeentes. Oorlogsnaweë en depressies, stedelike akkumulasie van ellende en van soekers na iets beters, het dit dikwels nodig gemaak dat vanuit stedelike gemeentes veral hulpgeroepe uitgegaan het tot ander wat meer fondse en minder armes het.[80] Die diens van barmhartigheid het verskeie kere oor die gemeentelike, kerklike en provinsiale grense gestrek. Christenharte het oopgegaan en -hande het hulle aalmoese gebring waar die nood van volks- en geloofsgenote bekend geword het.[81]

Op hierdie wyse is 'n praktiese antwoord gegee op die vraag wie die armes, die naaste in nood, die voorwerp van barmhartigheid is. Dit blyk baie duidelik dat die meeste barmhartigheid bewys is aan die „huisgenote van die geloof" — nie omdat die prinsipiële houding antipatiek of onverskillig teenoor andere was nie, maar om praktiese redes, waarvan die skrapsheid van die barmhartigheidsmiddele ongetwyfeld die belangrikste was.

---

[80] Kr. not. Ventersburg, 13.12.19, art. 13; 22.5.20, art. 10; 7.9.23, art. 8; 3.7.26, art. 6.

[81] Kr. not. Middelburg Kp., 31.3.93, art. 8 lui: „Besluit om 'n vrye kollekte in die gemeente te hou ter ondersteuning van die broeders in Transvaal wat getref is deur die oorstromings".

HOOFSTUK X.

# Die Gereformeerde Weseversorging

Saam met die armes word die wese deur die Heilige Skrif as besondere voorwerp van die barmhartigheidsdiens genoem,[1] sodat dit nodig is om besondere aandag aan hierdie aspek van die diakonale werk te wy.

Die allereerste vraag is: wie is die wese? Streng volgens die betekenis van die woord beskou, is dit kinders wat een of albei ouers deur die dood verloor het. In die gevalle word dan ook van halwe en volle wese resp. gepraat. Volgens die Christelike Encyclopaedie is 'n wees „een ouderloos kind. Halve of heele weezen al naar vader of moeder of beiden werden verloren".[2]

In die praktyk bevredig hierdie strenge en enge konnotasie nie. In verband met armoede is reeds daarop gewys dat die Skrif sekere tiperende terme gebruik om daarmee eintlik 'n wyer begrip aan te dui as wat in die woord op sigself behels word. Sekerlik is dit ook die geval met die wese. Om die praktyk van die weseversorging werklik te verstaan moet nie vertoef word by die tegniese woordbetekenis alleen nie. Wat werklik nodig is, is 'n begrip van die fundamentele behoeftes wat daardeur aangedui word. Soos die arme simbool is van alle node en gebreke in die algemeen, is die wees die betekenisvolle aanduiding van die onvervulde behoeftes van die kind.

In die Skrif word aan die onversorgde kind 'n besondere plek toegeken.

> „In alle talen is aan dit woord evenals aan weduwe, groot wee, bitterheid verbonden. In het Hebreeuwsch: de verlatene, die voorlichting en leiding behoeft. De begunstigende wettelijke verordeningen onder Israël voor weduwen, armen en vreemdelingen gelden ook voor weezen, Deut. 14 : 29; 16 : 11; 26 : 12. In Job 6, vgl. Klaagl. 5 : 3; 15 : 17 komen ze voor als een beeld van wreed verdrukten".[3]

Terwyl die kind deur Christus selfs aan die volwassenes voorgehou word as voorbeeld van vaste geloofsvertroue [4], word dikwels ook daarna verwys as die swakke, onervarene, diegene wat besondere behoeftes het en

1 Deut. 14 : 29; 24 : 17-22.
2 Chr. Enc. dl. V, p. 701.
3 Chr. Enc. dl V, p. 701.
4 Matth. 18 : 1-14.

wat in teerheid en liefde behandel moet word. Sprekend hiervan is die verhouding tussen God en die gelowiges: soos 'n Vader teenoor Sy kinders.

Die opvoedkunde het deur die eeue die kind as middelpunt van sy belangstelling gehad, maar dit was veral die ontwikkeling van die sielkunde met sy besondere vertakking van die kindersielkunde wat in die 20ste eeu die kind op 'n besondere wyse op die voorgrond gestel het en veral lig gewerp het op die besondere geestesstruktuur en behoeftes van die kind. Hierby het die maatskaplike werk aangesluit sodat die kindersorg 'n uiters belangrike vertakking daarvan geword het.

Thomas [5] reduseer die gesamentlike bevindings ten opsigte van die kind se fundamentele behoeftes tot vier wat deur Healy en Bronner [6] soos volg weergegee word:

> „Specifically we must consider the desire for feeling secure in family and other social relationships, for feeling accepted by some person and group, for recognition as having some standing as a personality, for feeling adequate somehow or somewhere".

Dit is natuurlik afgesien van die elementêre biologiese behoeftes van voeding, kleding en herberg. Genoegsaam is dit om in die verbygaan op te merk dat hierdie behoeftes ook nog in die volwassenes voortleef al is dit oor die algemeen meer beheersd.

Die weeskind is die voorbeeld van uiterste kinderlike afhanklikheid en hulpeloosheid. Die gesin is gegee as die eerste primêre instelling tot versorging van die kind.[7] Die feit word vandag deur alle sosioloë onderskryf. Wanneer die gesin verbreek word deur die afwesigheid van een of albei ouers raak dit die kind ten diepste omdat die versorgingsinstelling verswak of vernietig word. Daarmee kom 'n bedreiging ten opsigte van die materiële versorging, die opvoeding, die algemene veiligheidsgevoel, die tug, die erkenning, die liefdesbetuiging teenoor en die status van die kind. Die bron van versorging, van bestaan, van wording tot 'n volkome mens, is gedeeltelik of geheel afgesny. Prinsipieel en teoreties is die weeskind die toonbeeld van 'n swakke, hulplose en alleengelatene — die samevatting van alle menslike behoefte en gebrek en swakheid. Die relatiewe natuurlike afhanklikheid van alle kinders word in hierdie geval 'n buitengewone absolute afhanklikheid.[8]

Tog is dit in die praktyk nie altyd die geval met alle wese nie. Deur die nalatenskap van genoegsame materiële middele en/of die krag van die persoonlikheid en bekwaamheid van 'n oorlewende ouer word die toestand dikwels, al is dit dan maar ten dele, geneutraliseer. 'n Halwe gesin is per slot van sake geen volle gesin nie veral as een van die ouers ontbreek. Of die dissiplinerende invloed van die vader, òf die bindende liefde van die moeder word ten dele ontbeer.

---

5 Thomas, W. I.: *The Unadjusted Girl* Boston 1924, p. 4 e.v.

6 Healy, W en Bronner A.F.: *New Light on Delinquency and its Treatment,* Yale Univ. Press. 1943, p. 6 e.v.

7 Bavinck, dr H.: Het Christelijk Huisgezin, Kampen 1908; vgl. verder: Keyter, J. de W.: *Die Huwelik en Gesin.* Nas. Pers. Bloemfontein, 1940, hfst. II.

8 Vgl. Gillin: a.w. pp. 18/19.

Aan die anderkant is hierdie onvervulde behoeftes nie net kenmerkend van kinders wat een of albei ouers *deur die dood* verloor het nie. Hoewel prinsipieel verskillend, is die toestande prakties identies of die een ouer ontbreek uit hoofde van egskeiding, verlating of die dood, behalwe dat die sosiale en psigiese ervaring in die eerste gevalle nadeliger kan wees. Waar die ouer sterf, bly die liefde en herinnering aan die ouerlike eensgesindheid en die ouer-kind liefde tog nog, wat die sterkste basis van die kind se veiligheidsbehoefte daarstel; waar die gesin verbreek word deur verlating en egskeiding word die ellende van die posisie verhoog deur die skande, die herinnering aan die voorafgaande tweedrag, twis, gebrek aan liefde en die atmosfeer van spanning. Die wees, as voorwerp van diakonale barmhartigheid is hier dikwels sterker aanwesig as in die huis waar die doodsengel opgetree het.

Gebrek aan materiële veiligheid — aan kos, klere en huisvesting — kom ook voor in volledige gesinne waar die inkomste onvoldoende of onreëlmatig is of onoordeelkundig verkwis word. Ewe-eens heers daar kinderbehoeftigheid in die rykste gesinne waar die kind aan homself of aan bediendes oorgelaat word. Te min word besef dat hier 'n groter omvang en intensiteit van *weesheid* bestaan as in baie gevalle wat bedien word deur diakonieë en organisasies vir kindersorg.[9] Te veel soek ons nog na kinderbehoeftigheid en kinderverwaarlosing, kindergebrek en onvervulde kinderbehoeftes alleen in arm huise. Weeskinders bestaan nie net waar vader of moeder of albei ontslaap het nie; hulle word ook aangetref in die huise van verlate gesinne, ongehude moeders, ryk en arm huise waar die kind onwelkom is, in gesinne waar die kind alleen bestaan om die weelde van die ouers ten toon te stel sonder aanspraak op opofferende ouerlike aandag, sonder broer of suster, in gesinne waar of weelde of gewone onverskilligheid die liefde vervang het.

Die wesesorg van die kerklike barmhartigheidsdiens is prinsipieel dus nie begrens tot die versorging van kinders wat een of albei ouers verloor het en gevolglik in hulpeloosheid nagelaat is nie, maar moet ook insluit alle kinders vir wie daar nie na behore gesorg word nie, hetsy in volledige of onvolledige gesinne, hetsy weens materiële of geestelike onvermoë of onwil. Vanselfsprekend is dit dat die *modus operandus* in elk geval anders sal wees. Waar daar werklike onvermoë is, hetsy geestelik of materieel, sal dit by uitstek 'n taak van die diakonie bly. Waar die oorsaak van verwaarlosing die onwil is, sal naas die diakonale optrede die regeer- en leeramp moet intree met vermaning en desnoods met tug.

In die geskiedenis van die diakonaat het die Gereformeerde Kerk 'n ryke voorbeeld en erfenis van die wyse, metodes en omvang van weseversorging, alhoewel die heilige Skrif geen besondere voorskrifte hieroor gee nie. Die Ou Testament beveel hoofsaaklik dat die regte van die wees nie verdraai moet word nie.[10] Wat die Nuwe Testament betref moet uit die voorskrifte oor die versorging van die weduwees deur Paulus [11] afgelei word dat dit die praktyk en algemene beskouing was dat die weduwees

[9] Vgl. Keyter: a.w. p. 116 e.v.p.
[10] Deut. 24 : 17; Jes. 1 : 17 e.a.p.
[11] 1 Tim. 5.

sodanig versorg moes word dat hulle instaat sou wees om hulle kinders in hulle huis groot te maak. Onder die Ou Testamentiese poligamie sou die halwe wese van wie die moeder oorlede is, tog nie geheel en al moederloos wees nie. Die patriargale lewenswyse moes die versorging van wewenaarskinders aansienlik vergemaklik het. Die posisie van volle wese word nie nader aangedui nie, maar sal seker gesien moet word in verband met die beginsel wat Paulus ook in 1 Tim. 5 : 4 neerlê met betrekking tot die weduwees, naamlik dat die bloedverwante die eerste verantwoordelikheid teenoor hulle afhanklike naasbestaandes het. Derhalwe was wesesorg nog 'n kwessie van versorging in 'n *plaasvervangende gesin.* Die eerste inrigtings vir die doel het eers teen die vyfde en sesde eeue ontstaan met die opkoms van die Nosocomia waarvan die weeshuis en tehuis vir vondelinge vertakkings gevorm het.[12]

Die praktiese, meer in besonderhede uitgeboude weseversorging kom aan die lig in die optrede van die diakens in die apostoliese gemeentes in die latere Christelike kerk. Aan wese is 'n Christelike opvoeding gegee, gewoonlik in pleeggesinne. Kinderlose ouers is veral hiertoe aangespoor. Verder is sorg gedra dat die seuns opgelei word vir 'n ambag en die meisies, in ooreenstemming met die opvatting van die tyd, vir die huwelik en gesinslewe. Baie van hierdie wese was kinders wat volgens die heidense praktyk te vondeling gelê en indien deur heidense ouers aangeneem, opgevoed sou wees vir die sirkus, bordeel of slawerny, aangesien die pleegouer eiendomsreg oor die vondeling verkry het.[13]

In Geneve en onder die Gereformeerde gemeentes van die geloofsvlugtelinge sowel as in die inheemse hervormde gemeentes oral oor die vasteland en in Nederland, volg die weseversorging dieselfde spoor. Gedurende die troebele tye van geloofsvervolging is veral aandag gegee aan die kinders van martelare, gevangenes en ballinge. Hulle is deur die diakens by gemeentelede bestee.

„De weesjongens kregen een degelijke opvoeding voor het ambacht by godvreezende meesters, de weesmeisjes een opvoeding voor het huisgesin by godvruchtige lieden".[14]

Blykbaar was die omvang van die vraagstuk reeds so groot dat die Geneefse hospitaal ook 'n weeshuis moes herberg onder regstreekse beheer en toesig van die diakonie wat ook gesorg het vir 'n Christelike onderwyser en vir katkiseermeesters.[15] Hierdie versorgingsmetode het langsamerhand in gewildheid toegeneem sodat teen die helfte van die 17de eeu in Nederland verskeie groot Gereformeerde weeshuise bestaan het.[16]

---

[12] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 84.
[13] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 81.
[14] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 145.
[15] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 120.
[16] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 174; Schmidt, J. D.: *Weezenverpleging bij de Gereformeerden in Nederland tot 1795.* Utrecht, 1915, p. 88 e.v.; Bouwman: a.w. p. 142; vgl. ook Fleidner se beskrywing van die Nederlandse Wese-inrigtings — Fleidner, Th.: *Collektenreise nach Holland und England,* Essen, 1831, dl I, p. 202 e.v.

In die Kaapse kerk het die weseversorging 'n aansienlike deel van die diakonale armversorging beslaan. Die diakonale instruksies wat in 1753 deur die Kaapse kerkraad aanvaar is, wys as gewone werksaamhede van die diakens aan om diegene gade te slaan „daar de leerlingen zijn aanbesteed" en om te sorg vir die besteding van „soodanige kinderen.... als inmiddels aan de Diaconie komen te vervallen".[17] Daarby was diakonale voogdyskap oor wese blykbaar geen uitsonderlike situasie nie.[18]

By afwesigheid van enige inrigtings en tehuise vir blanke sowel as nieblanke kinders wat hulle ouers verloor het in die onbestendige tye en die stryd teen die elemente, roofdiere en vyandelike Bantoes en Boesmans, was die enigste oorblywende metode vir die pioniers in die noordelike gebiede, gesinsverpleging. Die verpleging van nie-blanke kinders onder die sog. inboek-sisteem, is die Trekkers later ten laste gelê as 'n bedekte stelsel van slawerny,[19] terwyl dit onder omstandighede die enigste praktiese humane weg was en daarby 'n weg wat sowel in Engeland as in Amerika met blanke kinders gevolg is.[20] Wat die versorging van blanke wese betref, was ds. D. Postma se bevinding onder die Gereformeerdes aanvanklik:

„Een zorg voor weezen behoeft men hier niet te maken, elk wil zulken gaarne voor de zijnen aannemen en alzoo opvoeden".[21]

Selfs in 1921 kon Die Kerkblad nog verwys na die woorde van die heer Merriman in die Volksraad na aanleiding van die nuwe wet i.s. Kindersorg [22] nl.:

„Enigeen wat iets van die land weet, moes die feit getref het dat in 'n Holl.-Afrik. huisgesin van 13 of 14 kinders, twee of drie kinders aangeneem is. Ek glo nie dat daar enige land ter wêreld is, waar verwaarloosde of weeskinders so goed versorg word nie. Of dit te danke is aan die Calvinistiese Godsdiens weet ek nie".[23]

Die saak van weseversorging moes ds. Postma baie na aan die hart gelê het, want in Augustus 1861 verklaar hy aan 'n vergadering van die kerkraad en gemeente van Rustenburg „zijne gemoedelijke bekommering over de inrichting hier te lande omtrent de nalatenschap". Met die oog daarop het sy eerw. 'n memorie in konsep opgestel wat nou aan die gemeente voorgelê en aanvaar word vir deursending aan „Den Weledel Gestrengen Heer den Heer S. J. P. Kruger, Commandant van het district Rustenburg". Die saak is van soveel historiese betekenis dat 'n volledige weergawe van die memorie gewens is:

---

[17] Spoelstra: Bouwstoffen, dl II, p. 284.

[18] Spoelstra: a.w. dl II, p. 303, 310.

[19] Agar-Hamilton, J. A. I.: The Native Policy of the Voortrekkers, 1836—1858; Kaapstad 1928, hfst. IX.

[20] Kelso: a.w. p. 339 e.v.

[21] Postma, D.: De Geschiedenis van de Stichting en Ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, Paarl 1905, p. 171.

[22] Blykbaar word bedoel Wet no. 26 van 1921 ter wysiging van die kinderbeskermingswet no. 25 van 1913.

[23] J. P.: Tydige waarskuwing; Kerkblad, 2.5.21, p. 6.

„Weledel Gestrenge Heer,
De Algemeene Kerkvergadering der Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek de aandacht vestigende op de belangens van weduwen en weezen, gevoelt eene groote behoefte aan eene verbetering in de behartiging van de belangen van wege de Regering.
Zij is zoo vrij om hierover hare gedachten in hoofdtrekken voor te dragen:
1. Dat er voor het geheele land één of twee weesheeren worden aangesteld, acht de Vergadering niet doelmatig en kan te groote kosten veroorzaken voor de belanghebbende personen, of voor het Goewernement.
2. Het verlangen van de Vergadering is, dat die zaak by elk Landdrostkantoor van het districkt, in welke het geval plaats vindt, kan verricht worden en dat zonder de kosten voor wewenaar, weduwe of minderjarige weezen. Zonder kosten zegt de Vergadering, want het afsterven van Vader of Moeder moet beschouwd worden als een ongeluk of groote ramp, die met geene kosten dient bezwaard te worden, maar door de wettige Regeering moeten worden geholpen.
3. De Regeering zoude over die zaak, op deze of dergelijke wijze kunnen besluiten, onder goedkeuring van het publiek:
(a) By overlijden van Vader of Moeder, worde er met goedvinden van de naaste familje van Vaders en Moeders zijde, door den Landdrost een toeziend voogd aangesteld.
(b) By dood van beide ouders, op dezelfde wijze een Voogd en toeziend Voogd.
(c) De toeziende Voogd zorge in elk geval, dat er een Inventaris gemaakt wordt door den Veldkornet, in bijzijn van twee onpartijdige getuigen.
(d) Van dat Inventaris wordt een wettig afschrift gesteld in handen van den Landdrost.
(e) De toeziende Voogd zorge er voor dat de boedel door Vader, Moeder of Voogd, op de voordeeligste wijze worde beheerd en, zoo hij het noodig acht, vordert hij een bekwamen borg, met welken hij zich kan tevreden stellen.
(f) Waar minderjarige kinderen zijn, onder verschillende Voogden, zoeken dezen onder goedkeuring van den Landdrost overeen te komen, of de boedel al of niet moet worden verkocht....".[24]

Hierdie memorie is 'n interessante dokument uit die vroegste jare van die Gereformeerde Kerk wat nie alleen lig werp op die ernstige wyse waarop die belange van die wese in ag geneem is nie, maar ook op die praktiese verhouding tussen Kerk en Owerheid. Prinsipieel het dit seker nie in die eerste plek op die weg van die kerk gelê om die saak by die owerheid te bepleit nie, maar waar geen ander instansie hieroor opgetree het nie, het ds. Postma dit blykbaar gerade geag om die owerheidsgewete van kerkweë te prikkel en tot aksie aan te spoor deur self *in detaille* wenke oor die *modus operandus* aan die hand te gee. Weliswaar is hier dus geen sprake van besondere diakonale optrede nie maar dan tog van kerklike barmhartigheid en 'n duidelike voorbeeld van die handhawing van die reg van die wese, terwyl dit as 'n voorbeeld van voorkomende barmhartigheid nie lig oortref kan word nie.

In 'n sekere sin gaan die ontwikkeling van die weseversorging van die Gereformeerde Kerk met spronge of fases wat verband hou met die nasionale geskiedenis. Insidente soos die Tweede Vryheidsoorlog en die griepepidemie van 1919 het die kurwes hoog laat styg en elke keer die weseversorging opnuut en aktueel op die voorgrond gestel.

Voor 1900 het die versorging betreklik ongesteurd en rustig verloop.

---

[24] Kr. not. Rustenburg 26.8.61, art. 13.

Nie dat daar geen wese was nie. Oor die aantal wese gedurende hierdie tyd is daar haas geen syfers beskikbaar nie, maar uit die omstandighede kan tog enigsinds 'n beeld opgebou word betreffende die omvang van die weseversorging. Gebrek aan mediese dienste in die noordelike provinsies, 'n gevaarvolle en onsekere lewenswyse te wyte aan die jag, Kafferoorloë en malaria sowel as die groot huisgesinne van daardie tyd, moes 'n aansienlike aantal wese opgelewer het. Tog was die gesinsverpleging blykbaar so ingewortel en as so natuurlik en onvermydlik aanvaar dat die notules van enkele van die oudste gemeentes oor al die jare voor 1900 slegs enkele gevalle van hulpbehoewende wese of verwaarloosde kinders openbaar, in welke gevalle die kerkraad moes optree. Dit is nodig om enkele van die interessantste gevalle hier aan te haal. In Potchefstroom ontvang die kerkraad 'n „aanschrijving" van die Landdrost om in die behoeftes van die vrou en kinders van 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk te voorsien daar die lidmaat „beschouwd wordt krankzinnig te zijn". In oorleg met die moeder word gevolglik besluit om die drie oudste kinders wat nog by haar is (7, 10 en 12 jaar) in drie verskillende gesinne te bestee. Die pleegouers onderneem om „die kinderen in alles behoorlijk als Christenkinderen te verzorgen tot tijd en wijl hierin met goedkeuring des Kerkeraads verandering kan gemaakt worden. En zij zullen daarvoor mogen genieten de hulp dier kinderen naar derselver vermogen".

Die mense het nog geglo aan arbeidsopvoeding in die praktyk! Die moeder en die twee jongste kinders sou by haar swaer gaan inwoon.[25] Waarskynlik het die ouerlike disposisie die kinders reeds beïnvloed, want toe op die Aprilvergadering gerapporteer is dat die vader herstel het en die kinders teruggeneem het, blykbaar nie tot leedwese van die pleegouers nie, word spesiaal genotuleer „dat de menschen ook eenigszins met die kinderen verlegen waren".[26]

Pretoria se kerkraad het in hierdie vroeë jare reeds 'n sterk houding ingeneem oor kerklike versorging van wese. In 1869 word aan die kerkraad gerapporteer van 'n weduwee in Zoutpansberg met vier wese „zijnde kinderen van wijlen haren echtgenoot.... bij zijnen eersten vrouw". Aangesien die stiefmoeder-weduwee nie meer instaat was om in hulle behoeftes te voorsien nie, moes sy hulle reeds aan die sorg van ander „personen buiten de gemeenschap der kerk" toevertrou. Die leraar en ouderling het hierdie optrede belet omdat „de Kerkeraad de natuurlijke verzorger dier weezen is". Gevolglik word besluit dat die kerkraad die sorg van die wese op hom sal neem en dat die gemeente gevra sal word „om plaatsing van die weezen". Onder andere sou die leraar by die erediens die aand die saak onder aandag van die gemeente bring.[27]

Daar was blykbaar geen moeilikheid om pleegouers te vind nie want artikel 10 van dieselfde notule meld:

„Daar er zich verscheidene personen hebben aangeboden een der weezen tot zich te nemen, wordt hierover uitvoerig gehandelt en besloten:

---

[25] Kr. not. Potchefstroom 19.1.66, art 6.
[26] Kr. not. Potchefstroom 20.4.66, art. 4.
[27] Kr. not. Pretoria 24.12.68, art. 3.

de oudste dochter te geven aan de heer M.H.
de tweede dochter te geven aan den heer S.L.
de zoon te geven aan den heer P.M.
de derde dochter te blijven by den leraar al hier of by ds. Cachet tot tijd en wijle dat ds. Postma alhier is geweest, omdat ds. Postma getuige is over dat kind. Zondagmiddag zal de overgave der weezen aan de pleegouders geschieden".[28]

Hierdie „overgawe" was 'n plegtige seremonie. Aanwesig is die hele kerkraad en gemeente tesame met die weduwee-stiefmoeder en die voornemende pleegouers. Die moeder word gevra „of zij de weezen aan de zorg des Kerkeraads opdraagt en wat gezag betreft of aanspraak, daarvan geheel afziet". As sy hierop toestemmend antwoord, neem die kerkraad „plechtig de zorg der weezen over". Dan word die pleegouers gevra of „zij onder opzicht des Kerkeraads de weezen onder hunne vaderlijke en moederlijke zorg nemen". Na 'n bevestigende antwoord word ook die wese (ouderdomme 8, 10, 12 en 14 jaar) gevra „of zij gewillig zijn met hunne pleegouders mede te gaan". Nadat van almal 'n „ja" ontvang is, gee die kerkraad „nu elk kind plechtig over aan de pleegouders".[29]

Uit hierdie geval wat in sy besondere vorm seker nie as tiperend van die metode beskryf kan word nie [30] is daar enkele belangrike gedagtes af te lei.

Eerstens is die kerk se opvatting van sy verantwoordelikheid ten opsigte van die wese van sy lidmate opvallend. Dit word duidelik geponeer dat „de Kerkeraad de *natuurlijke* verzorger dier weezen is",[31] en ooreenkomstig die beskouing word onmiddellik opgetree. Die kerk mag derhalwe ook nie oogluikend toelaat dat sy verpligtinge oorgeneem word deur persone buite die gemeenskap van die kerkverband nie. Dit gaan hier blykbaar ook om meer as die gewone versorging van die wese, maar ook om die kerk waarin hulle gedoop is, om die kerklike verantwoordelikheid vir hulle sielewelsyn in die nakoming van die doopsbelofte. Die hele erns van die saak blyk uit die onmiddellike optrede en die plegstatigheid waarin alles geskied.

Dit is egter interessant dat hier deurgaans alleen van die kerkraad sprake is terwyl die diakonie nooit eers genoem word nie.[32] Twee moontlike verklarings hiervoor doen hulle voor. Dit mag wees dat gehandel is onder besef van die kerkregtelike posisie dat die kerkraad as sodanig alleen regspersoonlikheid besit en nie die diakonie nie, sodat laasgenoemde nie as regtelike voog kan optree nie en alles derhalwe in naam van die kerkraad moes geskied. Die tweede moontlikheid is meer aanvaarbaar, te wete dat die diakonale amp reeds so op die agtergrond gedring was as selfstandige barmhartigheidskanaal, en dat volgens die usansie die ouderlinge saam met die diakens as breë kerkraad oor alle sake van die barmhartigheidsdiens beraadslaag en besluit het. Die korrekte posisie sou

[28] Kr. not. Pretoria 24.12.68, art. 10.
[29] Kr. not. Pretoria 24.12.68, artt. 15-17.
[30] Dit is die enigste van sy soort betreffende die besonderhede van prosedure, wat raakgeloop is.
[31] Onderstreping deur Skrywer.
[32] Die saak word deur die *praeses* voorgedra en nie deur die *diakonie* nie terwyl die *kerkraad* oor die besteding besluit en die voogdyskap aanvaar.

natuurlik wees dat die diakens die nodige maatreëls getref het met finale voorlegging aan die kerkraad vir sy goedkeuring. Prakties het die diakens as lede van die breë kerkraad egter medeseggenskap en deelname in die optrede gehad, hoewel nie as *diakonie* nie.

In die tweede plek word mens getref deur die bereidwilligheid van die lidmate om as pleegouers op te tree. Terwyl die saak Saterdagmiddag op die kerkraadsvergadering te berde gebring is, kon daar Sondagoggend gerapporteer word dat „verscheidene persone" aangebied het om die wese aan te neem. Blykbaar was daar meer voornemende pleegouers as wese, sodat die kerkraad selfs kon kies by wie die kinders bestee sou word. In hierdie tyd van groot gesinne was dit blykbaar makliker om 'n pleeggesin te vind as vandag in huise met veel minder kinders oor die algemeen.[33]

'n Gebruik wat in hierdie verband genoem word en wat verdere navorsing vereis is die saak van doopgetuies. Aangesien ds. Postma getuie was oor een van die kinders was dit blykbaar die opvatting dat Sy Eerw. daarmee die verpligting as voog en pleegsorg van die kind aanvaar het.[34]

Teenoor hierdie prysenswaardige optrede van kerkraad en gemeente, kan daar ook op enkele leemtes in die saak gewys word, hoewel daarby onmiddellik opgemerk moet word dat die erns, die liefde en bereidwilligheid die leemtes, wat origens onder die bepaalde lewensomstandighede nie te ernstig was nie, bedek. Eerstens is daar die skeiding van die kinders. Terselfdertyd toon die geval aan hoe ingewikkeld kindersorgprobleme in die praktyk kan wees. Die kinders is nie alleen wees nie, maar staan ook in 'n stiefverhouding en is daarby behoeftig. In sekere sin is hulle volle wese aangesien eie vader en moeder oorlede is. Tog is die posisie enigsins getemper deur die tweede huwelik van die vader en die aanwesigheid van 'n stiefmoeder. Hier is geen aanduiding dat laasgenoemde hulle werklik stief behandel het nie, maar dit is tog veelseggend dat as sy nie meer in hulle behoeftes kan voorsien nie — of dit uit blote onvermoë is sonder bykomende onwil word nie verhaal nie — word die kinders uitgeplaas in ander huise, eers deur die moeder self en dan deur die kerkraad. Dit is tog verskillend van wat die posisie sou wees as dit hulle eie moeder was, want dan sou die aangewese weg gewees het dat die kerkraad die moeder sodanig moes help dat sy haar eie kinders kon versorg. Prinsipieel was dit trouens ook die verantwoordelikheid van die stiefmoeder, maar onder die bestaande omstandighede besluit die kerkraad op 'n ander oplossing. Die kinders verlaat nou nie alleen die ouerhuis nie, maar word selfs van mekaar geskei en versprei onder vier huisgesinne. Prakties kon dit waarskynlik nie anders nie. By al die voortreflike voordele van gesinsverpleging bo inrigtingsverpleging van sorgbehoewende kinders, is die noodwendige skeiding van die kinders 'n vraagstuk wat selde bevredigend opgelos kan word, omdat pleegouers gewoonlik nie meer as een onder hulle sorg kan neem nie.

Die ondervraging van die kinders, wisselende in ouderdomme van 8

[33] Vgl. Kr. not. Middelburg, Kp. 2.9.82, art. 5.

[34] In Junie 1869 is die kind op dieselfde formele wyse aan Sy Eerw. afgegee, Kr. not. Pretoria 12.6.69, art. 4. Vgl. verder ook die not. van 30.9.70, art. 18 en 23.12.70, art. 17.

tot 14 jaar in aanwesigheid van die hele gemeente, kerkraad en pleegouers, of hulle akkoord gaan met die reëlings, getuig seker nie van veel takt en sielkundige optrede nie. Dit moes 'n uitsonderlike kind gewees het wat onder sulke omstandighede „nee" as antwoord sou gee. Of daar vooraf ook reeds met die kinders oor die saak gepraat is, word nie vermeld nie; waarskynlik wel. Indien wel, dan was die vraag voor die gemeente, netsoos aan die stiefmoeder en pleegouers blote formele bevestiging van die vooraf gereëlde optrede. Indien nie, het die antwoorde van die kinders weinig of geen betekenis gehad nie.

Wat die algemene kenmerke van die weseversorging van dié tyd betref, word enkele verdere interessante voorbeelde in dieselfde gemeente aangetref. Tot sigbare ontevredenheid van die kerkraad is ook in 'n ander geval die kinders bestee by 'n lidmaat van 'n ander kerk maar aangesien die voogde tevrede was met die reëling moes die kerkraad hom daarby neerlê dat (a) volgens die Weesheer van die Z.A.R. die gemeente waar die kind gedoop is „ook het recht heeft hetzelve in zijne kerkleer te doen opvoeden" en (b) die voogde en die doopgetuies wat lidmate van die Gereformeerde Kerk was, aangespreek is om 'n wakende oog oor die kinders te hou.[35] Origens is daar voorbeelde van hulp uit die diakonale kas aan die pleegouers om die aangenome kind behoorlik te kan versorg [36] en van toesig deur die kerkraad oor die welsyn van wese by die oorlewende ouer of pleegouers en die beklemtoning van die wenslikheid van testamentêr bepaalde kerklike voogdyskap oor wese.

Hier vind ons ook reeds bewyse daarvan dat die kerkraad hom nie alleen besorg gemaak het oor wese as sodanig nie, maar ook oor verwaarloosde kinders van wie die ouers nog geleef het. Na ongeslaagde bearbeiding is die kinders deur die wyksouderling aangeneem.[37] Naas sulke ongekompliseerde gevalle was daar ook ingewikkelder voorbeelde waar kinders van die wewenaar-vader weggeneem is maar later teruggekom het om te vind dat die drankduiwel ondertussen ook sy intrek in die huis geneem het. In hierdie geval moes die kerkraad van die Weesheer wetlike erkenning verkry om as voog die kinders uit te plaas by pleegouers uit die gemeente.[38]

In enkele gevalle het kerkrade, onder die indruk van hulle verantwoordelikheid, blykbaar ook te ver gegaan sodat na „breedvoerige discussiën" erken moes word dat „onvoorzichtig in die zaak" opgetree is, en die kind aan die ouer terugbesorg is.[39]

Terselfdertyd gee die stukke 'n blik op die behandeling deur die pleegouers wat nie altyd van die beste was nie sodat die betrokke kerkraad kennis moes neem van „de wreede handelswijze van V.[40] jegens die weezen" en aan een van die lidmate moes opdra om 'n behulpsame hand te

---

[35] Kr. not. Pretoria, 30.9.70, artt. 8, 18.
[36] Kr. not. Pretoria, 29.4.70, art. 8; 3.4.75, art. 11.
[37] Kr. not. Pretoria, 6.7.88, art. 8; 12.10.88, art. 3.
[38] Kr. not. Pretoria, 5.7.95, art. 11.
[39] Kr. not. Lydenburg, 21.12.83, art. 16.
[40] Die pleegouer

bied in die versorging van die kinders.[41] So was die kinders blykbaar nie altyd gelukkig by die pleegouers nie en het dan verder aanleiding tot moeilikheid gegee. Dieselfde kerkraad moes handel met 'n seun wat van sy pleegouers weggeloop het na sy broer [42] wat hom sowel as sy broer verkwalik is. Die resultaat was in hierdie geval egter dat die kind sy sin gekry het aangesien die pleegouers nie geneë was om hom terug te neem nie. Hy is, onder toesig van die kerkraad, aan sy broer se sorg toevertrou op voorwaarde „dat hy hom sal doen onderwezen".[43]

Oor die weseversorging van die Gereformeerde Kerk voor 1900 kan die volgende besluit word:

(1) Die sorg het uitsluitlik bestaan uit gesinsverpleging. Die pleegouers is gevind deur die oorlewende ouer, of deur die ouers voor een of albei se dood, of deur die kerkraad, terwyl baie hulle self aangebied het.

(2) Dit was nie moeilik om pleegouers te vind nie. In die gevalle wat beskryf is was daar meesal meer aansoeke as beskikbare wese.

(3) Opmerklik is die klein aantal wese wat deur die kerkraad geherberg moes word. In die stukke van die oudste gemeentes is slegs van 8 gevalle melding gemaak (waarvan die meeste uit die stadsgemeente Pretoria) waar die kerkraad nodig gehad het om 'n sorg te vind; in ander gevalle moes daar slegs bykomende hulp aan die pleegouers verleen word.

(4) Die versorging is nie beperk tot wese in die strenge sin van die woord nie, maar ook uitgebrei tot verwaarloosde kinders van wie die ouers nog geleef het.

(5) Die gesinsverpleging het noodwendig meegebring dat kinders uit dieselfde huisgesin meesal van mekaar geskei is, waardeur hulle blykbaar nie altyd gelukkig was nie. Omstandighede het egter geen uitweg gelaat nie.

(6) Daar bestaan genoegsame bewyse dat die kerkraad 'n besonder sterk verantwoordelikheidsbesef teenoor alle wese gevoel het. Die beskouing is selfs gehuldig dat wese onder alle omstandighede die verantwoordelikheid van die kerkraad is en dat laasgenoemde daadwerklik toesig moes hou oor die materiële, godsdienstige en opvoedkundige belange van die wese in hulle pleegtuistes.

(7) Waar nodig is die pleegouers en weduweemoeders ondersteun uit die diakonale kas.

(8) 'n Interessante gewoonte in die tyd waaraan blykbaar veel waarde geheg is maar wat geen regsgeldigheid besit het nie, was om doopgetuie te staan. Daardeur is feitlik die bereidwilligheid te kenne gegee om by eventuele dood van een of albei ouers die verantwoordelikheid oor die kind te aanvaar. Die onderwerp verdien nog verdere studie.

(9) In die weseversorging soos in alle armesorg het die kerkraad as geheel opgetree en nie die diakens afsonderlik nie.

---

41 Kr. not. Lydenburg, 21.12.83, art. 18. Vgl. ook Kr. not. Lichtenburg, 9.9.04, art. 13 en 14.4.05 artt. 6, 7.

42 Die verskynsel is te begryp as 'n uitvloeisel van die skeiding van kinders.

43 Kr. not. Lydenburg, 30.10.84, art. 13.

*Wesesorg na 1900.*

Na die Tweede Vryheidsoorlog, wat saamval met die begin van die twintigste eeu, betree die weseversorging van die Gereformeerde Kerk 'n nuwe fase. Die vreedsame landelikheid was versteur met al die sosiologiese implikasies daaraan verbonde. Die nuwe toestande is reeds voorberei deur die ontdekking van goud en diamante en die daarmee gepaardgaande opkoms en groei van groot nywerheids- en kommersiële stede met vreemde bevolkings en, vanuit die standpunt van die landskultuur, disintegrerende invloede. Simptome hiervan was reeds sigbaar in die omvang en die aard van die weseprobleme in die gemeente Pretoria. Vanaf 1875 tot 1896 het die lidmatetal van dié gemeente toegeneem van 465 tot 800 (dus byna verdubbel), terwyl die sieletal van die Randse gemeentes wat in 1896 gestig is toegeneem het van 721 by stigting tot byna 1300 twee jaar later.[44]

Die groeiende disintegrasie van gemeenskapsbande in die stadslewe het 'n skielike kulminasiepunt bereik met die Tweede Vryheidsoorlog in sy tweeërlei betekenis as direkte gesins- en ekonomiese verwoesting en as veroorsaking van 'n toenemende stroom van verstedeliking.

Van die lewensverliese van die Engelse Oorlog hetsy op die slagveld of in die krygsgevangene- en konsentrasiekampe, besit ons volledige opgawes. Maar oor die res van die gesinsvernietiging in terme van weduwees, wewenaars, volle en halwe wese wat nagelaat is, bestaan geen betroubare rekord nie. Hierby moet dan ook nog rekening gehou word met die ekonomiese toestande volgende op 'n totale oorlog waarin geen besittings ontsien is nie.

Die nuwe behoefte is spoedig uitgespreek. Enkele maande na die vredesluiting vra die gemeente Johannesburg reeds „hoe het gesteld zou zijn met de weezen der gemeente Johannesburg die door deze oorlog veroorzaakt zijn, of zij onder behoorlijk toezicht en verzorging zijn".

Om die vraag te beantwoord word besluit om 'n opname van alle onversorgde wese van die gemeente te maak [45] terwyl onderneem word om na Nederland te skryf om hulpverlening.[46]

Hierdie besondere belangstelling van die gemeente dateer eintlik al vanaf die jaar voor die oorlog toe enkele persone in Johannesburg op die gedagte gekom het om 'n tehuis vir wese en oues van dae op te rig. Die saak het van partikuliere persone uitgegaan wat van die staat 'n stuk grond vir die doel gekry het en toe die samewerking van die kerke gevra het omdat „zij wenschen dat de inrichting Christelijk Nationaal moge blijven". Hoewel die kerkraad die konferensie bygewoon en die saak toegejuig het, kon hy „wegens de behoefte thans bestaande in de gemeente zich niet voor iets bepaalds verbinden".[47] Blykbaar moes die behoefte aan behoorlike versorging van wese en oues van dae dus al taamlik gevoel gewees het. Later toe gegewens verstrek moes word oor die beheer

---

[44] Vgl. die Kerkalmanakke vir die betrokke jare.
[45] Kr. not. Johannesburg, 31.10.02, art. 7.
[46] Kr. not. Johannesburg, 22.11.02, art. 7.
[47] Kr. not. Johannesburg, 8.9.98, art. 15.

van die op te rigte tehuise, was die Gereformeerde Kerk minder tevrede en word op die vergadering van kerkraad en gemeente besluit om op skriftuurlike gronde nie saam te werk vir die verkryging van so 'n inrigting nie.[48]

Die gevolge van die oorlog op die weseversorging was 'n vergrote omvang met verminderde versorgingsmoontlikhede. Nuwe weë sou dus gevind moes word. Vanaf 1902 is daar dan ook duidelike tekens dat die versorging van Gereformeerde wese in verskillende bane begin te vloei. Die tradisionele gesinsorg bly voortbestaan maar die moontlikhede is sterk verminder sowel deur die ekonomiese nasleep van die oorlog as deur die insypeling van die stedelike lewenshouding en ervaring van stadstoestande. Gevolglik begin dit 'n relatief kleiner plek inneem.

Naas die versorging in gesinne kom inrigtingsversorging sterker op die voorgrond en kry die Gereformeerde Kerk onder die dwang van omstandighede vir die sorg van sy afhanklike wese te kies uit vier moontlikhede, naamlik:

(a) om sy eie inrigting op te rig en in stand te hou;

(b) om wese te plaas in inrigtings wat hy stig en instandhou in samewerking met ander kerke;

(c) om hulle te laat gaan na inrigtings van ander kerke, van die owerheid of partikuliere persone of om

(d) hulle onversorgd te laat waar geen pleegouers gevind kan word nie.

Pleegsorg het nog bly voortbestaan, maar soos vroeër reeds aangedui, nie meer as algehele oplossing van die problem nie. „Goede zorg voor de kinderen"[49] kon die kerkraad nog maak al was dit met ondersteuning van die pleegouers uit die diakonale kas.[50] Tog was dit blykbaar nie meer so maklik om pleegouers te vind nie. Met betrekking tot die voorbeeld wat hierbo genoem is, is dit reeds duidelik genoeg dat die kinders verskeie kere van pleegouers verwissel het totdat later niemand meer gevind kon word nie en die diaken self moes intree.[51] Die toon van optimisme, blymoedigheid en welslae wat duidelik kenbaar was in die kerkraadsnotules voor die oorlog, begin nou geheel en al ontbreek.

In die gemeente Ventersburg ontstaan 'n poging om die probleem die hoof te bied deur die stigting van 'n gemeentelike fonds vir die versorging van die wese in die gemeente.[52] Die bestaan van hierdie fonds is egter spoedig beëindig deur 'n besluit om „de gelden gecollecteerd voor weezen in armenkas te storten en de diakenen dan later alle aanvragen te laten onderzoeken".[53] Wat die motief vir hierdie besluit was waarmee 'n onderneming wat tot iets moois kon ontwikkel, verongeluk is, word nie gemeld nie.

Later word hierdie gedagte met groter opset na vore gebring deur die

---

[48] Kr. not. Johannesburg, 22.9.98, art. 11 en 10.10.98. art. 2.
[49] Kr. not. Lichtenburg, 22.10.03, art. 6.
[50] Kr. not. Lichtenburg, 27.1.04, art. 15.
[51] Kr. not. Lichtenburg, 3.6.04. art. 6.
[52] Kr. not. Ventersburg, 8.1.04, art. 17 en 8.7.04, art. 14.
[53] Kr. not. Ventersburg, 7.4.05, artt. 7, 21.

Diakonale Konferensie van Transvaal.[54] Hoewel die konferensie die gedagte van 'n Sentrale Diakonale Kas aanvaar kom die beskrywingspunt om 'n fonds op te rig vir versorging van *weduwees en wese* tog nie tot 'n besluit nie aangesien die onderhoud van weduwees en wese geoordeel is 'n saak van die afsonderlike kerkrade te wees.

Die nood van die *oorlogswese* van die gewese Republieke het sterk weerklank gevind in die gemeentes van Kaapland.[55] Verskille tussen kerke is selfs vergeet sodat gemeentes van die Gereformeerde en Nederduits-Gereformeerde Kerke plaaslik saamgewerk het.[56] Die Algemene Vergadering (Kaapland) het aan die „Commissie voor de Zusterkerken" opgedra om 'n kollekte vir die wese te organiseer en uit te vind op watter wyse die beste hulp verleen kon word.[57] Op die daaropvolgende vergadering is gerapporteer dat die meeste gemeentes gereageer het.[58]

Die algemene bemoeilikende omstandighede moes egter daartoe meewerk dat die gedagtes in ander rigtings as gesinsverpleging van wese sou gaan. Waar die Algemene Vergadering van Transvaal nog in algemene terme die leiding van die sinode vra oor die wesesorg versoek die professor van die Teologiese Skool spesifiek die oorweging van die oprigting van 'n weeshuis vir die kinders van die Gereformeerde Kerk. Die antwoord van die Sinode omvat vier punte, naamlik:

(1) dat die versorging van wese van die kerk by die diakonie van elke kerkraad berus, wat na bevind van sake moet handel en by die Algemene Vergadering verslag moet doen;

(2) dat die oprigting van 'n weeshuis nie gewens is nie tensy dit onmoontlik bevind word om sodanige kinders by hulle eie of ander families te bestee;

(3) dat diakonieë by ontstentenis aan die nodige middele, hulle tot ander gemeentes kan wend om hulp;

(4) dat met dankbaarheid kennis geneem is van wat te Rustenburg en Bethulie in die verband gedoen is.[59]

Die Sinode het hom hier bevind voor die situasie wat later nog oor en oor herhaal sou word, dat wesesorg prinsipieel deur pleegouers onder toesig van die diakonie verrig moes word, maar dat die praktyk reeds getoon het dat genoeg pleegouers nie gevind kon word nie. Vir hierdie praktiese moeilikheid het die meerdere vergaderings dwarsdeur die komende kwarteeu die oë gesluit. In die beskrywingspunt van die teologiese professor was ook nog 'n ander vraagstuk implisiet opgesluit, — of daardie sinode dit reeds opgemerk en bespreek het is nie bekend nie — naamlik wie die beheer van so 'n inrigting, as dit opgerig word, moes behartig, die individuele diakonie of die kerkverband. Hoe om hier 'n aanvaarbare sintese te bereik tussen die prinsipieel-kerkregtelike toestand en die praktiese eise en moontlikhede, sou 'n sinodale strydpunt bly tot

---

[54] Not. Diak. Konf. Tvl. 1912, art. 11; Kerkblad, 15.5.12, p. 8.
[55] Not. Alg. Verg. Kp., 1903, art. 33(b).
[56] Kr. not. Middelburg Kp., 15.5.03, art. 13 en 3.7.03, art. 23.
[57] Not. Alg. Verg. Kp., 1903, art. 33(b).
[58] Not. Alg. Verg. Kp. 1.2.04.
[59] Hand. 14e Alg. Sin. 1904, art. 212.

op die Sinode van 1949 toe ook nog maar op 'n *modus operandus* besluit is wat nie almal kon bevredig nie.[60]

In sy boekstawing van waardering vir wat te Bethulie en Reddersburg gedoen is, toon die sinode tog 'n bewussyn van die nood van die tyd, maar die prinsipiële probleem het hom blykbaar nog weerhou van kragtige insiatief vir 'n konstruktiewe poging tot weseversorging in georganiseerde verband.

Hierdie standpunt is ook nog gehandhaaf in die adviese van dr. S. O. Los en prof. dr. J. D. du Toit aan die Diakonale Konferensie van Transvaal op die konferensie se vraag of die pasaanvaarde kinderbeskermingswet [61] nie 'n aanknopingspunt vir die diakonieë bied om iets te doen in belang van verwaarloosde kinders nie. Pleegsorg word aangewys as eerste hulpmiddel, daarna 'n gesertifiseerde inrigting en in laaste instansie 'n nywerheidsskool. Opmerklik is dit dat terwyl pleegouers van Gereformeerde belydenis aanbeveel word, geen melding hoegenaamd van 'n inrigting onder Gereformeerde beheer gemaak word nie. Dit is moeilik begrypbaar waarom die adviseurs aan 'n neutrale gesertifiseerde inrigting voorkeur kon gee bo 'n eie tehuis vir wese. Tog besluit die konferensie ooreenkomstig die adviese.[62] Sou die moontlikheid, indien nie die wenslikheid, van 'n Gereformeerde weesinrigting onder die bespreking van wetsbesonderhede bloot vergeet gewees het, of het die prinsipiële besware teen 'n kerklike inrigting te swaar geweeg? Die laaste moontlikheid kan moeilik aanvaar word, want dan moes die besware teen 'n owerheidsinrigting nog swaarder geweeg het. In die praktyk is die advies ook wel opgevolg.[63] Eienaardig genoeg is, wat pleegsorg betref, die klem gedurig gelê op die die noodsaaklikheid van voogde van Gereformeerde belydenis, opvoeding in die Gereformeerde leer, selfs met beroepe op die ou Transvaalse wet dat die gemeente waar die kind gedoop is, bepaal in watter leer die kind opgevoed moet word.[64] Andersyds is sover gegaan dat die Algemene Vergadering van Transvaal versoek is om ondersteuning te gee aan die Langlaagte-Weeshuis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, waarskynlik omdat daarin Gereformeerde wese opgeneem is. Weer is by die beslegting van die probleem van die skynbare anomalie of onversoenbaarheid van beginsel en praktiese nood verbygeskipper deur te verwys na die sinodebesluit van 1904 en die kerkorde.[65]

Nieteenstaande die standpunt van die meerdere vergaderings het daar tog twee weesinrigtings net na die Engelse Oorlog tot stand gekom waarin die Gereformeerde Kerk 'n leidende aandeel gehad het en, hoewel onder gemeentelike beheer, tog die waardering van die Algemene Sinode en die samewerking van die Algemene Vergadering en gemeentes oor die Unie en selfs uit die buiteland geniet het.

Op inisiatief van ds. W. Postma en in samewerking met ds. Bekker van

---

60 Hand. 30e Alg. Sin. 1949, artt. 68, 145, 147, 206.
61 Wet no. 25/1913.
62 Rapport 3e Diak. Konf.: Kerkblad, 15.8.13, p. 9.
63 Kr. not. Potchefstroom, 29.11.13, art. XIV.
64 Kr. not. Lichtenburg, 9.7.03, art. 10; Braamfontein, 19.9.03, art. 12.
65 Not. 58e Alg. Verg. Tvl. 1917, art. 27.

die Nederduits-Gereformeerde gemeente, is in Augustus 1903 'n weeshuis te *Bethulie* geopen.[66] Die plaaslike Gereformeerde Kerk was tot bevrediging van die kerkraad, gemeente en Algemene Vergadering op die bestuur verteenwoordig,[67] en sou aan die Algemene Vergadering verslag doen.[68] Die doel van hierdie stigting was om oorlogswese uit die Oranje Rivier Kolonie op te neem en te versorg.[69] Gemeentes is deur die Algemene Vergadering versoek om opnames te maak van sodanige wese en hulle deur middel van die betrokke kerkraad na die inrigting te stuur.[70] Die gewoonte is hier blykbaar ook nog gehandhaaf dat die plaaslike kerkraad voogdyskap oor die wese in die inrigting aanvaar.[71] Twee weke later was daar 90 kinders in die inrigting en was die bestaande gebou reeds te klein.[72] Dit verklaar waarskynlik Ventersburg se moeilikheid dat sy wese nie opgeneem kon word nie en derhalwe besluit is om die gekollekteerde gelde vir die inrigting te stort in 'n gemeentelike wesefonds.[73] Om die nodige fondse te vind het die Algemene Vergadering geadviseer dat kerkrade kollektante moes aanstel om by vriende en belangstellendes te kollekteer. Die saak het offers gevra, nie kollektes nie. „Toch geen trippensies, sixpensies maar asseblief meer dan wij aan lekkernijen en tabak verslinden....".[74] Die oproep het vrug gedra, sowel in die Vrystaat [75] as in Kaapland terwyl bydraes ook uit Amerika [76] en van die Boerecomitee uit Nederland ontvang is.[77] In 1910 is die inrigting gesluit en is besluit om die kinders òf in pleegtuistes te plaas òf na die weeshuis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk te Ladybrand te verskuif.[78]

Die inrigting te *Rustenburg* het ongeveer dieselfde geskiedenis beleef. By sy terugkeer na die oorlog het ds. D. Postma in 1903 met behulp van die ander twee kerke in Rustenburg 'n fonds byeengebring vir die onderwys van oorlogswese. Vir die doel is 'n huis gehuur, 'n onderwyser is gevind en die kindertehuis was gestig. Ook hier was die behoeftes groter as die beskikbare fasiliteite.[79] Bydraes is ontvang van kollektante uit Transvaalse en Kaaplandse gemeentes tesame met 'n eerste donasie van £ 100 uit Amerika terwyl 'n „kettingbrief" 'n verdere £ 25 ingesamel het en £ 20 van „miss E. Hobhouse" ontvang is.[80] Meer bydraes is uit Amerika ontvang tesame met donasies uit Nederland en uit Rusland. Desnieteenstaande het die inrigting gedurig gebuk gegaan onder finansiële sorge. Verdere besonderhede oor die geskiedenis van die inrigting kon nie na-

66 Het Kerkblad, 15.8.03, p. 3; 15.9.03, p. 3.
67 Kr. not. Petrusburg, 17.4.03, art. 10; Kerkblad 15.9.03, p. 3.
68 Kr. not. Bethulie, 8.1.04, art. 24.
69 Het Kerkblad, 15.9.03, p. 3.
70 Kr. not. Petrusburg, 17.4.03, art. 10.
71 Kr. not. Bethulie, 8.1.04, art. 8.
72 Het Kerkblad, 15.9.03, p. 3.
73 Kr. not. Ventersburg, 8.7.04, art. 14; 17.4.05, art. 9.
74 Het Kerkblad, 15.9.03, p. 3.
75 Kr. not. Bethulie, 14.5.04, art. 4; 1.7.04, art. 6; Petrusburg, 14.8.03, art. 24; 9.10.03, art. 18; Ventersburg, 23.10.03, art. 5 e.a.
76 Het Kerkblad, 1.11.03, p. 4.
77 *Weeshuis Bethulie:* Kerkblad 1.3.04, p. 4.
78 Kr. not. Bethulie, 19.2.10, art. 9.
79 Postma, D.: *Het Kinderhuis te Rustenburg,* Kerkblad, 1.6.03.
80 Postma, D.: *Het Kinderhuis te Rustenburg,* Kerkblad, 1.10.03.

gespoor word nie en vir die doel van hierdie bespreking, wat hoofsaaklik gaan oor die beginsel en praktyk van inrigtingsversorging, is dit nie van essensiële belang geag nie.

'n Terugblik oor die weseversorging van die Gereformeerde Kerk gedurende die eerste 15—17 jaar na die Engelse oorlog lei tot die volgende konklusies:

(a) Die gesinsvernietiging van die oorlog het die aantal onversorgde wese sterk laat toeneem.

(b) Die invloede van verstedeliking op die lewenshouding tesame met die ekonomiese nasleep van die oorlog het die moontlikhede van gesinsverpleging verminder.

(c) Omstandighede het die gedagtes oor weseversorging nou in ander rigtings gedwing maar daar is nog nie 'n positiewe, bevredigende oplossing gevind nie.

(d) Die kerk het nog sterk aangedring op die vereiste dat sy wese 'n Gereformeerde versorging moes kry, maar het op inkonsekwente wyse dikwels as alternatief vir die verpleging by 'n Gereformeerde gesin, 'n gesertifiseerde owerheidsinrigting aanbeveel.

(e) By monde van die sinode is die standpunt gestel dat wesesorg die taak van die individuele diakonie is.

(f) Desnieteenstaande moes die sinode met waardering kennis neem van die noodgedwonge ontstaan van twee weesinrigtings waarin Gereformeerde kerkrade 'n belangrike aandeel gehad het.

(g) Al die pogings bring dit nog nie tot 'n inrigting onder uitsluitlike beheer van die Gereformeerde Kerk nie.

(h) Die pogings was slegs van tydelike aard, sodat die kerk moes verwag om uiteindelik weer in alle erns voor die probleem van onversorgde wese te staan te kom.

*Die Griepwesefonds.*

'n Gebeurtenis wat na die Engelse oorlog 'n besondere uitwerking op de weseversorging van die Gereformeerde Kerk gehad het, was die griepepidemie van 1918 waardeur etlike duisende kinders ouerloos gelaat is. Netsoos in die geval van die Tweede Vryheidsoorlog is die omvang van die gesinsverbreking ook in hierdie geval nie presies bekend nie.[81] Die Nederduits-Gereformeerde Kerk het destyds £ 52,000 ingesamel waardeur plaaslike liggame gehelp is in hulle pogings om wese te versorg terwyl in inrigtings 1650 kinders opgeneem is vir wie daar andersins geen vooruitsig was nie.[82] Nie een van die pogings van die Gereformeerde Kerk om 'n volledige opname van sy volle en halwe griepwese te maak, het positiewe resultate gelewer nie. Nogtans was die nood wat hierdeur veroorsaak is een van die sterkste enkele faktore wat die pogings van die twintigerjare gestimuleer het.

Die eerste regstreekse uitvloeisel van die situasie was die ontstaan

---

[81] Geskat word dat 142,000 mense deur die epidemie die lewe gelaat het — Verslag van die Nasionale Gesondheidsdienskommissie, 1942—1944, U.G. no. 30 — 1944, p. 21, par. 18.

[82] Greyling: a.w. p. 164/5.

van die *Griepwesefonds*. Op die 60ste Algemene Vergadering van Transvaal het die kerkraad van Johannesburg voorgestel dat ondersteuning aan die Abraham Kriel Tehuis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk te Langlaagte gegee moes word (blykbaar sodat Gereformeerde wese daarin opgeneem kon word). Die Sinode besluit in antwoord hierop om di. M. Postma en J. V. Coetzee te benoem om saam met die diakonie van Johannesburg 'n opname van Gereformeerde wese in Transvaal te maak en dat ondertussen vir die weeshuis te Langlaagte gekollekteer moet word. Die gelde moes aan ds. Coetzee gestuur word, 'n sesde deel daarvan moes op aparte rekening geplaas word om sodoende te kom tot „'n vaste fonds ten einde 'n eie inrigting daar te stel".[83]

Die nood van die tyd het blykbaar die Gereformeerde Kerk, vir sover dit die Transvaalse Algemene Vergadering betref, genoop tot 'n belangrike frontverandering. Naas die (blykbaar) tydelike ondersteuning van Langlaagte spreek die vergadering hom onomwonde en sonder enige voorbehoud teenoor gesinsversorging uit ten gunste van 'n eie wesetehuis. Hoewel ongeveer £ 200 in antwoord op die opdrag byeengebring is, was die $^5/_6$ des by die volgende vergadering nog nie uitbetaal nie en word die vorige besluit gewysig sodat die geld voortaan vir die verwaarloosde kinders van die Gereformeerde Kerk in Transvaal aangewend sou word.[84] In hoeverre ontevredenheid van die gemeentes tot die wysiging bygedra het, word nie verklaar nie maar die opdrag dat die penningmeester moet uitvind vir watter doel die gemeentes bygedra het (nieteenstaande die duidelike besluit van die vorige vergadering) wek die indruk dat hier tog miskien misverstand en ontevredenheid mog geheers het.

Die volgende jare word feitlik geen verdere bydraes ontvang nie, terwyl die kassier tot die oortuiging gekom het dat daar nie genoegsame duidelikheid oor die doel van die fonds bestaan nie. Die vergadering word nou uitdruklik geadviseer om geen uitbetaling aan diakonieë te doen nie maar die ontvange gelde te belê „totdat die oprigting van 'n weeshuis mogelik is".[85] Op versoek van die kerkraad van Potchefstroom word trouens ook besluit om 'n kommissie te benoem om die oprigting van 'n eie weeshuis te ondersoek waarin ook die Gereformeerde wese in die Nederduits-Gereformeerde inrigtings te Langlaagte en Tempe opgeneem kan word.[86] So loop die gedagte van 'n Griepwesefonds in *Transvaal* uit op die ondersoek na die wenslikheid van 'n Gereformeerde weeshuis.

In die *Vrystaat* was die nagevolge van die pogings nie veel verskillend van die resultate wat in Transvaal behaal is nie. In 'n ope brief wys die Algemene Vergadering (Philippolis, Maart 1919) op alles wat gedoen word om fondse vir griepwese in te samel met 'n oproep om steun sodat die wesies nie „aan die genade van ander ontfermers" oorgelaat moet word nie.[87] In teenstelling met die besluite van die Transvaalse Algemene

[83] Not. 60e Alg. Verg. Tvl. 1919, art. 68.
[84] Not. Alg. Verg. Tvl. 1920, artt. 54 en 67.
[85] Not. 65e Alg. Verg. Tvl. 1923, art. III en bylae XXI.
[86] Not. 65e Alg. Verg. Tvl. 1923, art. III.
[87] W. Postma e.a.: *Ope brief aan Diakonieë* — Kerkblad, 1.4.19, p. 4.

Vergadering is hier nòg sprake van 'n eie weeshuis, nòg van tydelike versorging in 'n inrigting van 'n ander kerk. Diakonale gesinsverpleging bly nog die ideaal terwyl, sonder enige definitiewe statistiese gegewens as grondslag, gekonstateer word dat die aantal wese nog nie 'n eie weeshuis regverdig nie. Die vraag is hoeveel wese regverdig 'n weeshuis en wat onderwyl gedoen moet word met die wat onversorgd is en wat nie in 'n pleeggesin tuisgebring kan word nie.

*Georganiseerde Gesinsverpleging vs. 'n eie Weeshuis.*

Onder die praktiese ervaring dat pleegsorg nie meer in die behoefte van die versorging van wese kon voorsien nie, kom die gedagte aan inrigtingsorg vanaf die twintigerjare so sterk op die voorgrond dat dit heelwat stryd binne die Gereformeerde kerk ontketen het voordat hierdie gedagtes sou kristalliseer in die stigting van die President Kruger Tehuis vir Onversorgde Wese.

Vir 'n begrip van die standpunt van die meerdere vergaderings en die ernstige meningsverskille oor die weseversorging, is 'n uiteensetting van die prinsipiële aspekte noodsaaklik. Die eerste weeshuise het onder die Roomse Kerk ontstaan.[88] Dit was vir Calvyn blykbaar geen beletsel om 'n weeshuis as deel van die Geneefse hospitaal onder diakonale sorg in te rig nie.[89] Dit is 'n algemene verskynsel dat in eenvoudige landbou- en pioniersgemeenskappe bure en bloedverwante hulle noodgedwonge ontferm oor kinders wat die gewone ouerlike en gesinsverhouding ontbeer. Die geskiedenis van ander samelewings toon aan dat op 'n later stadium sodanige kinders, by gebrek aan bereidwillige bloedverwante en vriende, amptelik ingeboek en bestee is by iemand wat die verantwoordelikheid vir hulle versorging en opvoeding aanvaar.[90] Namate dorpe gegroei en fabriekswese toegeneem het, het die eenvoudige fasiliteite onvoldoende begin word vir die aantal afhanklike kinders en moes kerke en godsdienstige liggame, broederskappe, munisipaliteite en ander owerhede ingryp om die kinders sonder ouerlike sorg in spesiale inrigtings op te neem.[91]

Inrigtingsversorging vir alle groepe sosiale afhanklikes het nou feitlik mode geword en in hulle omvang ontaard.[92] „De groote weeshuizen, toonbeelden van weldadigheidszin, ontaarden in weezenkazernes, waar alles, tot zelfs bidden en Bijbellezen peletonsgewijze op commando geschiedt, onder het drijven van één wet en één tucht voor allen".[93] Theodor Fliedner beweer dat die Amsterdamse weeshuis teen ongeveer 1814 oor die 3000 kinders gehuisves het.[94] „Niet gering was meermalen het getal der verpleegden" sê Schmidt [95] op grond van sy bevinding dat die getalle

---

88 Christ. Enc.: dl V, p. 701.

89 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 120.

90 Warner, Queen en Harper: a.w. p. 402, Kelso: a.w. p. 342; Schmidt: a.w. p. 21 e.v.p.

91 Warner e.a.: a.w. p. 402.

92 Kelso: a.w. p. 353.

93 Christ. Enc.: dl V, p. 701.

94 Fliedner: a.w. dl I, p. 241.

95 Schmidt: a.w. p. 79 e.v.p.

van 100 tot 1800 gewissel het.

Teenoor hierdie kolossale inrigtings en die oordrywing van inrigtingsversorging het mettertyd ook weer reaksie ingetree.[96]

> „Meer principieel is de zaak opgevat door de betekenis van het weeskind te bezien in verband met de familie. Het stelsel van de aanneming van kinderen, zoo diep in het wezen van het Christelijk geloof ingeplant, gaf de zuiwerste oplossing van de weezenquaestie. In wijden kring werd nu steeds weer de familieverpleging als de meest natuurlijke en doeltreffende erkend".[97]

Die herwaardering van die gesin as die primêre en natuurlike lewenskring van die kind, sy wêreld in klein, moes diegene wat hulle ernstige aandag aan die welsyn van afhanklike en verwaarloosde kinders gewy het, tot die slotsom voer dat, indien die kind die voorregte van 'n eie gesin ontbeer (hetsy deur onvermoë of onwil) daar tenminste 'n plaasvervangende gesinslewe gevind moet word. Die plaasvervangende gesin kan òf verkry word deur adopsie, dit wil sê aanneming tot eie kind, òf deur pleegsorg waar die kind in die gesin opgeneem word vir versorging sonder om wetlik die pleegouers se kind te word nie. Alleen wanneer hierdie pogings nie slaag nie, moet die tuiste gevind word in 'n inrigting. Die huidige opvatting is dat selfs die inrigting die normale gesinstoestande en atmosfeer so dig as moontlik moet benader, dit wil sê kleiner inrigtings, gevarieerde ouderdomme, albei geslagte gegroepeer om huisouers en in 'n woning wat uit- en inwendig nie veel verskil van enige gewone woning nie. Die woning moet 'n gesinsatmosfeer uitstraal: dit moet 'n *tuiste* wees.

Dit is 'n algemene uitgangspunt in die moderne kindersorg dat gesinsverpleging te verkies is bo inrigtingsorg.[98] Dit sluit trouens aan by die gewone orde van die skepping. „Een weeshuis kan nooit het gezin vergoeden" sê Bouwman.[99] Hy stem eintlik saam met skrywers soos Warner, Queen en Harper dat die voordele van die inrigtingsorg meer negatief as positief is. Daarteenoor is die ervaring almeer dat die moontlikhede vir adopsie en pleegsorg beperk is en die aanbod die vraag ver oortref.[100] Daarby moet bepaal word dat bepaalde soorte kinders, soos gedragsafwykendes, ten minste tydelik in inrigtings versorg moet word.

Die gedagterigting in die verskillende Algemene Vergaderings was nie eenders nie. Die Kommissie vir Diakonale en Sosiale Sake kom tot die gevolgtrekking dat Transvaal „na dit skyn voorkeur gee aan 'n weeshuis", die Vrystaat sy wese wil versorg deur middel van 'n ondersteuningsfonds terwyl in Kaapland „sover u kommissie bekend is, geen besondere aksie aan die gang is nie.[101]

Blykbaar gebruikmakende van die opening wat geskep is deur die

---

96 In die V.S.A. teen 1870 ongeveer. Vgl. Warner e.a.: a.w. p. 299 en Kelso: a.w. p. 354 e.v.p.

97 Christ. Enc. dl V, p. 701.

98 Warner e.a.: a.w. pp. 135, 402.

99 Bouwman: a.w. p. 144.

100 Brown, Florence G.: *What do we seek in Adoptive Parents* — Social Casework, April 1951, p. 155 e.v.

101 Hand. 25e Alg. Sin. 1936, art. 78, p. 70 e.v.p.

Algemene Sinode van 1921, dat waar gesinsversorging nie voldoende is nie, met 'n inrigting 'n begin gemaak kan word en dat die diakonieë van Rustenburg en Reddersburg hierin onderlinge oorleg sal pleeg,[102] kom Reddersburg op die Vrystaatse Algemene Vergadering, (Lindley 1924) met 'n voorstel vir die oprigting van 'n weeshuis waarop die Algemene Vergadering eers statistiese opgawes versoek.[103] Hierdie gegewens word aan die volgende vergadering voorgelê maar weens gebrek aan reaksie en samewerking van die gemeentes was die resultaat onvolledig. Uit die antwoord kon die kerkraad alleen aflei dat daar 60 wese was van wie 'n paar by „privaat families" bestee is.

„Die indruk van die kerkraad is dat oor die algemeen die toestand van die wese heelwat te wense oorlaat. Sommige is seker goed by families bestee maar vele kom te lande in weeshuise en raak onder invloed van ons kerk uit".[104]

Sonder 'n behoorlike ontleding van die gegewens kan die vae „indruk" van die kerkraad nie bevestig of weerspreek word nie. Die algemene konklusie van Reddersburg se kerkraad is egter van belang. „Gesinsverpleging is seker die beste maar dan moet daar ook behoorlike versorging wees. In die ekonomiese moeilikhede van vandag is gesinsverpleging in vele gevalle uiters gebrekkig. Dit is 'n mooi teorie. Maar 'n teorie sonder meer gee 'n mens nog nie voedsel en deksel nie. Die indruk wat die verskillende antwoorde van die gemeentes vestig is dat vele gemeentes hulle aan slaap laat sus deur die teorie, terwyl in die praktyk vele wese verwaarloos word".[105]

In die enigsins skerpe bewoording van 'n teleurgestelde kerkraad is die kern van die probleem tog aangeraak. Hulle hou in gedagte dat die omstandighede verander het waardeur die waarde van gesinsverpleging as sodanig nie opgehef is nie, maar waardeur dit as metode so bemoeilik is dat dit nie meer voldoende welslae kon bied nie. Kinderverwaarlosing was aan die toeneem, die ekonomiese vereistes en die lewenshouding het so verander dat al minder gesinne gevind kon word om die verantwoordelikheid op hulle te neem terwyl al meer te doen gekry is met 'n kind uit sodanige gesinslewe en met sodanige opvoeding en lewensgewoontes (en dikwels ook erflikheid) dat baie min gesinne, hoewel miskien nog bereid, daartoe instaat sou wees om hulle in te neem en op te voed. Wat moes van diegene word as gesinsverpleging die enigste toelaatbare metode is?

Maar in hierdie meningsverskille is die verdere fout begaan dat gesinsverpleging as metode van versorging te veel tot beginsel verhef is. Die allereerste beginsel is dat die wese versorg moet word. Die *goeie versorging* gaan die *metode* van versorging in die gesin vooraf, nie andersom nie. Weliswaar is dit die metode wat hom die beste leen vir die uitvoering van die prinsipieel gefundeerde beleid van die Christelike maatskaplike sorg. Calvyn het die probleem blykbaar besef anders sou sy weseversor-

---

102 Hand. 21e Alg. Sin. 1924, art. 47.
103 Verslag Alg. Verg. O.V.S. 1925: Kerkblad, 16.6.25, p. 13.
104 Verslag Alg. Verg. O.V.S.: Kerkblad 20.4.26, p. 15.
105 Kerkblad, 20.4.26, p. 15.

ging nie 'n weeshuis ingesluit het nie; so ook die Gereformeerdes in Nederland. Gesinsverpleging van wese en verwaarloosde kinders is ongetwyfeld in alle opsigte die primêre en beste metode maar bepaald nie die enigste toelaatbare nie. Ook nie maar net gesinsversorging *per se* nie. Dit moet aan bepaalde vereistes voldoen anders kon dit selfs slegter wees as goeie inrigtingsorg. Die ervaring in Nederland was dikwels heel droewig met die pleeggesinne onder die Gereformeerdes. „Heel hoog kunnen onze verwachtingen omtrent pleegouders, hunne opvoedkundige talenten en hun liefhebbend hart niet zijn" is Schmidt se slotsom op sy omvattende studie oor die Gereformeerde weseversorging in Nederland. Hier reeds was die keuse van pleeggesinne beperk sodat selfs getuig moes word dat hulle meesal die „armste en meest onbeschaafde arbeiders (waren), wier godsdienstig en zedelijk leven alles te wenschen" oorgelaat het.[106] Dit mag wel nie die algemene toestande gewees het nie en grotendeels voorgekom het onder toestande van kerklike verval, maar dit toon tog aan, aan watter ontaardinge en miswasse selfs Gereformeerde gesinsverpleging onderhewig is. Ook Bouwman gee toe dat dié toestande aanleiding tot weeshuisstigting gegee het.[107] Ooreenkomstige gegewens betreffende Gereformeerde pleeggesinne in Suid-Afrika ontbreek maar daar is genoegsame aanduidings dat dit ook hier nie altyd geslaagd was nie.[108]

Om werklike welslae te behaal moet gesinsverpleging veral voldoen aan twee vereistes: (1) 'n behoorlike keuring van gesinne en verpleegdes en (2) gereelde toesig en nasorg. Enige kind kan nie by enige gesin geplaas word nie en om misbruik te voorkom moet toesig gehou word ná die uitplasing. En selfs dan nog behaal die mees gespesialiseerde uitplasingsorganisasies nie volkome sukses nie.

Volgens gegewens deur ds. Yssel verskaf op die Algemene Vergadering was daar Gereformeerde wese in die Nederduits-Gereformeerde inrigtings te Winburg en Langlaagte en selfs in 'n Roomse inrigting. „Dit is tog nie gesinsverpleging nie" besluit hy tereg.[109] Dit is trouens die eienaardige in die standpunt van die meerdere vergaderings dat nieteenstaande die versorging van Gereformeerde wese in ander inrigtings weens gebrek aan voldoende pleegtuistes, daar van 'n eie weesinrigting geen sprake was nie. Gedeeltelik was dit verstaanbaar aangesien die sprekende syfers nie voorgelê kon word nie met die gevolg dat nou ook weer gevra is: hoeveel onversorgde wese is daar? [110] Nieteenstaande die situasie het Reddersburg tog sy voorneme te kenne gegee om sodanige inrigting te begin en meteens was daar „talle van aansoeke vir opname van weeskinders".[111] Die behoefte was blykbaar dus wel daar!

Hierdie voorneme van Reddersburg is egter nooit gerealiseer nie. Op die volgende Algemene Vergadering (Bethulie, 1927) is daar geen verslag

---

106 Schmidt: a.w. p. 50 e.v.p.

107 Bouwman: a.w. p. 142.

108 Vgl. Kr. not. Lydenburg 21.12.83, art. 18 en Lichtenburg 9.9.04, art. 13 en 14.4.05, artt. 6, 7.

109 Vervlag Alg. Verg. O.V.S.: Kerkblad, 20.4.26, p. 15.

110 Verslag Alg. Verg. O.V.S.: Kerkblad, 20.4.26, p. 15.

111 Yssel, A. S. E.: *Weeshuis op Reddersburg:* Kerkblad, 3.8.26, p. 13 e.v.

van Reddersburg nie maar adviseer 'n Kommissie van Praeadvies dat Reddersburg „met so 'n inrigting vir wese en verwaarloosde kinders" moet voortgaan.[112] Hier word vir die eerste keer blykbaar die weeshuis as 'n plek van tydelike heenkome en as 'n deurgangstehuis besef en word die gedagte uitgespreek in die aanbeveling dat kinders vanuit die inrigting onder toesig van die diakonie, bestee kan word in Gereformeerde gesinne.[113] Op die volgende Algemene Vergadering is daar weer geen rapport van Reddersburg nie en word die stigting van 'n algemene wesefonds bepleit.[114] Onder hierdie toestand van gedurige uitstel en vertraging geraak die Vrystaatse gemeentes weer — interessant genoeg op voorstel van Reddersburg — tot 'n nuwe frontverandering met die gedagte van „georganiseerde gesinsverpleging" wat uiteindelik sou moes toon of die oprigting van 'n weeshuis noodsaaklik sou wees.[115] In 1930 neem die konferensie daarvan kennis dat die „saak van 'n weeshuis in die O.V.S. nog nie georganiseer is nie" en word besluit om fondse te soek en om die Transvaalse diakonieë in hulle strewe na 'n weeshuis moreel te steun.[116] Tog wou die kwessie van weseversorging in die Vrystaat nie koers kry nie sodat 'n nuwe rigting probeer word naamlik aansluiting by die inrigtings van die Nederduits-Gereformeerde Kerk.[117] Op die volgende Konferensie is gerapporteer dat die beleid deur die Algemene Vergadering aanvaar is.[118]

In *Transvaal* het die geskiedenis van die weseversorging vanaf 1920 minder rustig en dikwels selfs minder vreedsaam verloop, maar hier is ook die eerste konkrete resultate bereik. Die 64ste Algemene Vergadering (1923) het reeds besluit om ondersoek te laat instel na die wenslikheid van die oprigting van 'n weeshuis.[119] Die volgende vergadering ontvang geen verslag op die opdrag nie en verwys die aangeleentheid na die Sinode.[120] Met twee voorstelle van dieselfde aard voor hom, naamlik vir die oprigting van 'n ouetehuis uit Kaapland en 'n weeshuis uit die Vrystaat en Transvaal, herhaal die Sinode sy standpunt ten gunste van gesinsverpleging met die toegewing dat waar laasgenoemde onmoontlik blyk met sulke inrigtings 'n begin gemaak kon word met onderlinge oorlegpleging tussen die diakonieë van Rustenburg, Reddersburg en Burgersdorp.[121] Hierop het die Konferensie van Randse en Pretoriase diakonieë in die interim tussen die sinodesittings die noodsaaklikheid van 'n inrigting aanvaar tot blykbare onrus van sommige lidmate wat soiets as 'n „noodsaaklike kwaad" beskou het.[122] Die aanbevelings voor en die besluit van die 22ste Sinode was besonder gunstig vir die oprigting

---

112 Verslag Alg. Verg. O.V.S. 1927: Kerkblad, 15.2.27, p. 11.
113 Verslag Alg. Verg. O.V.S. 1927: Kerkblad, 15.2.27, p. 11.
114 Not. Alg. Verg. O.V.S., 1928.
115 Not. Diak. Konf. O.V.S., Des. 1928.
116 Not. Diak. Konf. O.V.S., 1920, art. 12.
117 Not. Diak. Konf. O.V.S., 1934, art. II, 1.
118 Not. Diak. Konf. O.V.S., 1935, artt. 7(a), 13.
119 Not. 64e Alg. Verg. Tvl. 1923, art. III.
120 Not. 65e Alg. Verg. Tvl. 1924, art. 49.
121 Hand. 21e Alg. Sin. 1924, art. 47, p. 16/17.
122 J. P.: *'n Weeshuis*, Kerkblad 19.1.26, p. 10 e.v.

van 'n weeshuis naamlik dat Rustenburg se voorgestelde poging deur die ander diakonieë ondersteun moet word en as voog oor die eventuele stigting wat aan die gehele Gereformeerde Kerk sou behoort, moet optree.[123] Dat van die Reddersburgweeshuis niks konkreets gekom het nie, kon dus nie skeel aan 'n gebrek aan goedwilligheid van die Sinode nie, maar eerder aan die gebrek aan konkrete belangstelling, finansiële ondersteuning en 'n vaste beleid van die Vrystaatse gemeentes.

Nieteenstaande die Sinode se morele ondersteuning aan Reddersburg se voorneme, het die Transvaalse Diakonale Konferensie, blykbaar onder indruk van die gunstige houding, nou aandag begin skenk aan fondse vir 'n eie inrigting.[124] Hoewel die Transvaalse Partikuliere Sinode nog die klassis Pretoria vermaan om te hou by die sinodebesluit [125] was die Randse diakonieë al „hard besig om fondse in te samel" en om 'n geskikte terrein te vind.[126] Op die Diakonale Konferensie te Potchefstroom word weeshuisplanne al druk en in besonderhede bespreek en word besluit om 'n opsie op 'n blok erwe in Bezuidenhoutvallei te neem, om 'n „definitiewe skema" gereed te hê vir die Sinode en om daarvoor fondse in te samel.[127]

Toe die volgende Algemene Sinode in 1930 vergader, is die begeerte om 'n weeshuis te stig deur nie minder as drie stukke op die agenda verteenwoordig nie. Naas die voorstelle van twee Randse diakonieë was die belangrikste stuk afkomstig van die Weeshuiskommissie van die Transvaalse Diakonale Konferensie ooreenkomstig die besluite van die konferensie te Potchefstroom. Dit meld dat vier erwe gekry kan word, dat 'n ruwe skets vir die gebou gereed is, dat £ 150 ingesamel is en dat behoeftes om Gereformeerde wese uit die inrigtings van ander kerke, die Heilsleër en Roomse *Convents* die steun van die Sinode vir sodanige inrigting dringend nodig maak. Die Sinode het dit egter wenslik geag dat Gereformeerde wese by gesinne geplaas word en dat vir die doel die diakonieë 'n skema van georganiseerde gesinsverpleging dwarsdeur die kerk in die lewe moet roep. Maar aangesien die ervaring geleer het dat baie kinders op die wyse nie 'n onderdak sal vind nie, word aanbeveel dat op voetspoor van die Randse diakonieë 'n inrigting daargestel word en word die diakonieë tot aksie opgewek.[128]

Hierdie besluit wat blykbaar geneem is om uiteenlopende beskouings te versoen, het die penne in beroering gebring en 'n hewige polemiek in die *Die Kerkblad* laat ontbrand. Enersyds word die besluit as onduidelik en dubbelsinnig bestempel [129] wat dit tereg ook was, terwyl ander dit verdedig het.

Ter uitvoering van die sinodebesluit het die daaropvolgende Transvaalse Diakonale Konferensie 'n *Komitee vir Weseversorging* gevorm in

---

123 Hand. 22e Alg. Sin. 1927, Bylae VII/3, pp. 92/93.
124 Verslag Diak. Konf. Tvl.: Kerkblad, 16.10.28, p. 327.
125 Not. 4, Part. Sin. Tvl. 1929, art. 43.
126 Verslag 2e Randse Diak. Konf.: Kerkblad, 17.9.29, p. 820.
127 Not. Diak. Konf. Tvl. 1929, art. 11.
128 Hand. 23e Alg. Sin. 1930, art. 144, pp. 127, 130.
129 J. P.: *Die Sinode III*, Kerkblad 19.8.30, p. 1575 en Duvenage, H.: *Die Sinode en 'n Weeshuis*, 16.9.30, p. 1636 e.v.

samewerking met Redersburg en Burgersdorp.[130] 'n *Sentrale Informasieburo* sou die nodige ondersoekingswerk doen veral om die omvang en die verdere moontlikhede van gesinsversorging te beproef.[131] Die verslag van hierdie komitee was nie bemoedigend vir die voorstanders van uitsluitlike gesinsverpleging nie. In die hele Transvaal is slegs een persoon gewillig gevind om wese aan te neem terwyl ongeveer 30 wese gewag het om versorg te word. Gevolglik is ook in weerwil van 'n voorstel om die beskikbare fondse aan te wend vir gesinsverpleging besluit om dit te gebruik vir 'n weeshuis en dat dadelik oorgegaan moes word om grond of 'n geskikte gebou aan te koop.[132]

In Desember kon dr. P. J. S. de Klerk reeds namens die Weeshuiskommissie rapporteer dat 'n stuk grond in Pretoria deur bemiddeling van minister P. G. W. Grobler vir die doel verkry is. Die naam van die inrigting sou wees die „President Kruger Tehuis" en moes weens die aktuele nood onmiddellik opgerig word. Die saak was nou in volle gang maar die haas van die Kommissie is enigsins gedemp deur die Konferensie se besluit dat nie begin bou kon word voordat £ 2000 in hande was nie.[133] Die Transvaalse Partikuliere Sinode (1932) het die aksie wel toegejuig maar wou geen finansiële verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.[134] Hoewel nie hierdeur ontmoedig nie, kom die Weeshuiskommissie voor 'n ander probleem te staan naamlik dat die grond alleen op naam van die Transvaalse Diakonieë getransporteer kon word indien dit 'n liggaam met 'n konstitusie en regspersoonlikheid was.[135] Dit was die begin van 'n nuwe strydpunt vir die meerdere vergaderings.

Nieteenstaande hierdie vorderings en die aanbevelings van die Kommissie vir Diakonale en Sosiale Sake [136] is ook nog 'n minderheidsverslag voorgelê wat weeshuisverpleging as onskriftuurlik bestempel, beweer dat die besluite oor georganiseerde gesinsverpleging nie uitgevoer is nie en dat waar die stelsel beoefen is dit geseënde resultate het. Die belangrikste punt van die verslag waarvoor die Sinode sy oë nie kon sluit nie was dat die Transvaalse Diakonieë geen kerkregtelike status besit het nie en dus nie grond op sy naam getransporteer kon kry nie.[137] In teenstelling met die negatiewe houding van die minderheidsverslag het die Kommissie vir Diakonale en Sosiale Sake geadviseer dat, hoewel prinsipieel strydig met die kerkreg, die foutiewe optrede van die diakonieë *bona fide* begaan is en dat die Sinode bywyse van uitsondering die versoek om die grond op naam van die Transvaalse Diakonieë te laat registreer, moes toestaan onder uitdruklike voorwaarde dat die eiendom oorgedra sal word op naam van die kerkraad van 'n spesifieke gemeente

---

130 De Klerk, P. J. S.: *Die Weeshuiskwessie*, Kerkblad 2.9.30, p. 1607 e.v.

131 Not. Diak. Konf. Tvl. 1930, art. VIII.

132 Not. Diak. Konf. Tvl.1931, artt. 10, 11.

133 Not. Diak. Konf. Tvl. 1932; Not. Weeshuiskom. 5.11.32.

134 Not. 7e Part. Sin. Tvl. 1932, art. 18.

135 Not. Weeshuiskom. 5.11.32; Not. spes. Diak. Konf. Tvl. 1933.

136 Agenda 24e Alg. Sin. 1933, pt. A. 6 pp. 20/21; Hand. Alg. Sin. 1933, pa.. 81, p. 65, art. 99, p. 119, rapport no. VIII.

137 Hand. 24e Alg. Sin. 1933, artt. 81 en 99, pp. 66, 120.

of op naam van die Kuatore van die Teologiese Skool.[138] In besluit hierop benoem die Sinode weer 'n kommissie om 'n skema van georganiseerde gesinsverpleging in die lewe te roep en die diakonieë te adviseer. Die diakonieë moet in samewerking met die Kommissie bly en moet sorg dra om die weeshuisgronde getransporteer te kry op naam van 'n liggaam met regspersoonlikheid volgens kerkorde terwyl 'n Deputaatskap vir weseversorging benoem word.[139]

'n Mens kan nie nalaat om by die deurlees van die stukke wat betrekking het op hierdie geskiedenis die indruk te kry dat van Sinodekant dit werklik ontbreek het aan ware broederlikheid en aan 'n gees van opregte hulpvaardigheid. Afgesien van die regsaspek daarvan skemer dit selfs ook deur in die antwoord van die Kuratorium op die versoek van die diakonieë om die grond op eersgenoemde liggaam se naam te transporteer, naamlik dat aan die versoek voldoen word dog alleen onder die uitdruklike voorwaarde dat die Kuratorium

„geen verantwoordelikheid op hulle neem ten opsigte van die oprigting en onderhoud van geboue en weeshuis nie. Ingeval deur Regering en/of Stadsraad 'n eis van enige aard gestel word teen die Kuratore, dan gee die Kuratore die grondbrief af aan die outoriteite".[140]

Die kleingelowigheid wat deur al hierdie instansies geopenbaar is in die onderneming van die Transvaalse diakonieë moes uiteindelik sekerlik beskaam het.

Hiermee was die stryd om met 'n eie Gereformeerde weeshuis te begin in beginsel gewen alhoewel vele praktiese moeilikhede nog oorkom moes word.[141] Die eerste onmiddellike probleem was fondse vir die oprigting van 'n gebou. Hoewel die behoefte aktueel was, was die fondse ontoereikend. Die gedagte om as tydelike maatreël 'n gebou te huur moes laat vaar word.[142] Die Diakonale Konferensie was bereid om op 1 Junie 1936 te begin bou mits 'n aanvangsbedrag van £ 3000 op hande sou wees.[143] Die voorneme kon egter nie verwesenlik word nie.[144] Teen die jaareinde was die Weeshuiskommissie meer optimisties[145] maar 'n groot teleurstelling het die lede gewag toe die tenders op 29 Mei 1937 geopen is — die laagste tender was vir £ 5,484.[146] Aangesien geen verband op die grond geneem mog word nie, moes maar eers nog fondse ingesamel word.[147]

---

138 Hand. 24e Alg. Sin. 1933, art. 99, p. 121.
139 Hand. 24e Alg. Sin. 1933, art. 109, p. 132 e.v.p. en par. III, p. 135.
140 Not. Weesh. Kom. 30.9.33; 11.11.33; 2.5.36 en Not. Diak. Konf. Tvl. 1933, art. 14.
141 Die vraagstuk van beheer oor die gesamentlike diakonale ondernemings is bespreek in Hfst. V hierbo.
142 Not. Diak. Konf. Tvl. 1933, bespt. 1; not. Weesh. kom. 11.11.33; 28.4.34; 7.7.34.
143 Not. Diak. Konf. Tvl. 1935, art. 6.
144 Not. Diak. Konf. Tvl. 1936; Not. Weesh. Kom. 3.10.36.
145 Not. Weesh. Kom. 12.12.36.
146 Not. Weesh. Kom. 29.5.37.
147 Not. Diak. Konf. Tvl. 1937.

Na veel geworstel is die ywer en geloof tog bekroon. In November 1938 is 'n tender vir £ 4557 aanvaar; [148] op 30 Desember was die uitleg afgesteek [149] en op 21 Januarie 1939 kon besluit word om die hoeksteen van „Die President Kruger Tehuis van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (vir onversorgde wese)" [150] te lê op Saterdag, 11 Maart 1939, om 2.30 nm. deur Sy Ed. Sen. P. G. W. Grobler.[151] Op 2 Oktober 1939 is die gebou in gebruik geneem [152] en kon die yweraars vir 'n Gereformeerde tehuis vir onversorgde wese die welslae op hulle ywer en arbeid en stryd aanskou. Die inrigting was spoedig te klein en nadat die Burgerlike Beskermingsdienste gedurende die oorlog ontruiming van die inrigting geëis het op kort kennisgewing ingeval van 'n lugaanval, is die eiendom Balweni net buite Johannesburg aangekoop as 'n noodmaatreël. Hier het dieselfde lydensgeskiedenis gevolg, ook tot beskaming van diegene, wat nie genoeg vertroue in die saak van die diakonieë gehad het nie. Balweni is as 'n tak van die President Kruger Tehuis ingerig en ingebruik geneem gedurende 1943. Voortaan sou die seuns hoofsaaklik hier geherberg word, terwyl die dogters in die Pretoria-afdeling onderdak sou vind.

148 Not. Tenderkom. 22.11.30.
149 Not. 30.12.38.
150 Not. Diak. Konf. Tvl. 1935, art. 9A.
151 Not. Weesh.kom. 21.1.39.
152 Not. Weesh.kom. 12.8.39.

## HOOFSTUK XI.

# Siekesorg

Een van die voorwerpe van die Christelike versorging is die krankes.[1] Soos in die geval van die arme moet hier 'n breë konnotasie as uitgangspunt geneem word, naamlik die sieke as verteenwoordigende die liggaamlik ongesonde, die liggaamlik gebreklike of verminkte en die geestelik kranke. Dit is almal toestande van gebrek wat meebring dat die betrokke persoon nie 'n normale lewe as volwaardige mens kan voer nie, hetsy tydelik of duursaam.

Ook hier is dit nodig om die besondere behoeftes van die barmhartigheidsobjek vas te stel omdat die take van die diakonie en van die kerk daaruit enigsins bepaal kan word. Die behoeftes val uiteen in drie hoofgroepe. Die eerste hiervan is die terapeutiese, die herstel van 'n gesondheidstoestand en 'n terugvoer tot die beste funksionering van alle lewensvermoëns, liggaamlik sowel as geestelik. Die tweede behoefte wat óf die oorsaak òf die gevolg van die siektetoestand kan wees, is voorsiening in die gewone lewensbehoeftes soos voeding, kleding en behuising. Die terapeutiese behoefte word dikwels bevredig deur op besondere wyse in die algemene behoeftes te voorsien. Dit is 'n kenmerk van die sieke dat hy in mindere of meerdere mate homself nie kan help nie; dat hy dus hulp nodig het ter verkryging en gebruik van die gewone lewensmiddele, siekte bring 'n tweeledige verhoging van die gewone lewensbehoeftes mee. Weens die sieke se algehele of gedeeltelike onbekwaamheid kan hy die gewone lewensmiddele nie meer verkry nie terwyl sy toestand juis besondere vereistes stel met betrekking tot die middele: 'n besondere dieet en klere, 'n spesiale bed, verwarming, afsondering en so meer.

Die derde behoeftegroep is die geestelike, ook waar die siekte primêr liggaamlik is. Dit is nie net 'n behoefte aan sosiale omgang en ter opbeuring nie, maar in besondere sin ook 'n sielsbehoefte.[2] Daarom moet alle, maar veral die Christelike siekesorg, nie net rekening hou met die liggaam en die aanwending van alle middele tot verligting van pyn en die herstel van die liggaamlike kragte en vermoë nie, „maar zij rekent er

---

1 Matth. 25 : 36.
2 Bouwman: Ambt, p. 131.

eveneens mede, dat de mensch een ziel heeft, dat hij voor de eeuwigheid geschapen is, dat hij in zichzelven een arm verloren zondaar is, die alleen door de genade van Christus behouden kan worden".[3]

Van die verwoesting wat deur die sonde gewerk is, is siekte seker een van die geweldigste resultate juis omdat dit in onmiddellike verband staan met die dood as die werklike sin en werking van die sonde. Siekte word gevrees (en daarin lê die beginsel van geestelike sorg vir die kranke) omdat daarin gesien word die voorskaduwee van die skeiding van liggaam en siel, van onmag en onvermoë. Dit is soos armoede, ook gevolg van die sonde, die bewys en simptoom van die broosheid en verganklikheid van die menslike liggaam.

Begryplik is dit dan ook dat die meeste, grootste en bekendste wonderwerke van Christus se barmhartigheid juis in verband staan met siekte, liggaamsgebrek en dood. Christus het wel die hongeriges gevoed maar nêrens stoflik ryk gemaak nie; maar Hy het die melaatses van hulle besmetting gereinig.[4] die blindes laat sien,[5] lammes laat loop,[6] besetenes van die duiwel verlos [7] en afgestorwenes uit die doodslaap opgewek.[8] Weliswaar het Hy hulle hierdeur nie onsterflik gemaak en onvernietigbare liggame gegee nie maar dit bly simbolies van Sy eintlike verlossingstaak en -mag, naamlik vrymaking van die ewige dood. Dieselfde wonderkrag het ook oorgegaan op die Apostels en het 'n belangrike deel uitgemaak van hulle evangelisasie- en barmhartigheidsarbeid.[9]

Hoewel die wonderdadige genesing van siekes en verminktes blykbaar nie deel geword het van die toerusting van die eerste diakens nie, was die krankeversorging in die ou Christelike kerk tog deel van die diakonale arbeid.[10] Van Lonkhuyzen meen trouens dat die glanspunt van die diakonale arbeid en die barmhartigheidsdiens van die tyd juis te vinde was in die krankeversorging. Hierin het die diakonesse en die weduwees veral bystand verleen.[11] Die versorging moes, by gebrek aan spesiale inrigtings, in die gesinstuiste waargeneem word. Eers teen die vierde eeu ontstaan die Nosocomia en uit hierdie inrigtings vir allerlei afhanklikes en hulpbehoewendes, ontwikkel die latere siekehuise.[12] In hierdie ontwikkeling het die kruistogte en veral die stigting van hospitaalordes 'n belangrike rol gespeel.[13]

Vir Luther was die siekes een van die voorwerpe van die barmhartigheidsdiens [14] terwyl Calvyn die krankeversorging blykbaar van besondere belang geag het. Hy stel op grond van sy interpretasie van Rom. 12 : 8

---

3 Bouwman: a.w. p. 135.
4 Matth. 8 : 1-3.
5 Matth. 9 : 27-30 e.a.p.
6 Matth. 9 : 2-7 e.a.p.
7 Matth. 12 : 22 e.a.p.
8 Luk. 7 : 11-15 e.a.p.
9 Matth. 10 : 1, 8; Hand. 3 : 1-8; 5 : 15, 16; 9 : 32-41.
10 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 59.
11 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 82.
12 Van Lonkhuyzen in a.w. pp. 84/85.
13 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 94 e.v.; Warner e.a.: a.w. p. 13.
14 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 110.

selfs 'n spesiale soort diaken in vir die besoek aan en verpleging van die siekes en in sy hospitaal in Geneve kry hierdie „hospitaliers" die toesig en beheer oor die sieke-afdeling van die hospitaal vir hulle rekening.[15] In die vlugtelingkerk ontstaan blykbaar 'n besondere diens vir die geestelike sy van die siekesorg in die amp van die sieketroosters wat in die vlugtelinggemeente in Londen gedeeltelik uit die armkas besoldig is.[16]

Hoewel die Konvent van Wezel (1568) blykbaar op voetspoor van Calvyn ook nog twee soorte diakens erken het waarvan een spesiaal vir die siekesorg verantwoordelik was, is die rigting tog nie voortgesit in die Gereformeerde Kerk nie. Die Provinsiale Sinode van Dordrecht (1574) het reeds net een soort diaken erken en op hierdie grondslag het die ander sinodes voortgebou.[17]

'n Interessante instelling in verband met die Gereformeerde Kerk se krankeversorging, wat ook in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis bekend is, is die sieketrooster. Die onderwerp verdien eintlik 'n afsonderlike studie terwyl dit hier alleen bespreek sal word vir soverre dit regstreeks op die diakonale aspek van die krankeversorging betrekking gehad het.

Hoedanig die geestelike aspek van die siekeversorging in die Gereformeerde Kerke in Nederland benadruk is, blyk uit die voorskrifte aan die sieketrooster. Die „Acte der Kerckelijke Vergaderinge Gehouden tot Batavia (1624)" bepaal slegs kortliks in art. 21 dat die *kranckbesoeckers* saam met die dienaar van die Woord en die skoolmeesters die Geloofsbelydenis van die Nederlandse Kerk, die Heidelbergse Kategismus en die „Canonen van het Synodus Nationaal van Dordrecht, des jaars 1619" moet onderteken.[18] Maar in die Bataafse Kerkorde van 1643 word, behalwe die ondertekeningsformulier (art. 39) 'n spesiale hoofstuk gewy aan die taak van die sieketoosters (artt. 73-78). Die taak was suiwere sielesorg soos blyk uit art. 73:

> „Het ampt der cranckbesoeckers is vooreerst de siecken ende crancken uyt Godts Woord t' onderwijsen, te vertroosten ende verstercken, ter gesetter tijt ende bequaemheyt, beneffens het singen, uyt Godts heilige Woort eenige capittelen of te ooch eenich goet sermoen uyt de Decades Bullingeri, Ursini Catechismo of te eenich ander boeck....".[19]

Die drie ander take het in verband gestaan met katkiseerwerk, waarneem van eredienste en om die gebed voor en na ete te doen. In 1695 word die instruksies aan sieketroosters en predikante in diens van die Oos-Indiese Kompanjie selfs in dieselfde stuk vervat,[20] asof daar eintlik geen wesentlike verskil tussen die twee dienste bestaan het nie.

Die praktyk was in volle ooreenstemming met die kerkordelike bepalings en instruksies. Geestelik-godsdienstige krankeversorging was maar een van die vele take waarmee die sieketrooster in die praktyk belas was:

---

15 Van Lonkhuyzen in a.w. pp. 119, 121.
16 Van Lonkhuyzen in a.w. p.137 e.v.
17 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 155 e.v.
18 Spoelstra: Bouwstoffen, dl II, p. 564 e.v.
19 Spoelstra: a.w. dl II, p. 594.
20 Spoelstra: a.w. dl II, p. 544 e.v.

godsdiensonderrig van die „jongeluyden, die onder deese diaconie gehooren en niet meer ter schoole gaan, mitsgaders alle onvermogende"; [21] voorleser in die kerk, algemene katkiseermeester, onderwyser vir die *Diaconys kinderen.*[22]

Dit is baie duidelik dat die krankeversorging wat in die Nederlandse en daarna in die Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk 'n baie belangrike plek ingeneem het, in twee rigtings of arbeidsterreine vertak het. Aan die diakonie is alleen in ooreenstemming met die praktyk van die amp, die stoflike versorging van daardie krankes oorgelaat wat sodanige hulp nodig gehad het. Op diakonale terrein het dus alleen gekom die stoflik hulpbehoewende siekes. Die geestelike versorging van alle krankes van die gemeente het op die ampsweg van die ouderling en predikant (en vroeër ook van die sieketrooster) geval. Nie alle siekes het materiële probleme nie, maar almal het behoefte aan geestelike versorging ter versterking van die sosiale band sowel as troos met betrekking tot die sielelewe. Dit is ook volkome in ooreenstemming met die lering van Jakobus.[23] Die sieketrooster se funksie het hom dus op die terrein van die ouderling en die leraar gebring en nie op dié van die barmhartigheidsdiens nie.

Hierdie rigting is in die *Gereformeerde Kerk na 1859* voortgesit. Die geestelike en godsdienstige versorging van alle krankes in die gemeente word tradisioneel en ampshalwe verrig deur die herder en ouderlinge terwyl die diakens se taak hoofsaaklik beperk is tot materiële versorging van en hulpverlening aan daardie siekes wat terselfdertyd armes is. Die diakonale siekesorg is derhalwe wesentlik armsorg hetsy dat dit gaan om die siekes wat tydelik deur hulle siekte arm is, of om die armes wat siek geword het.

Volgens Bouwman is dit die juiste posisie. Waar die Christelike kerk 'n besondere roeping besit ten opsigte van die hongeriges, dorstiges en siekes bied die siekesorg die beste geleentheid om die stoflike noodleniging van die barmhartigheidsdiens te verbind met die bediening van die Woord en om sodoende liggaams- en sielesorg tot één saam te voeg. Hoewel die hele siekeversorging kerklik is, behoort die ganse terrein nie tot die diakonaat nie. „Ziekenzorg is nog iets anders dan armenzorg".[24]

Dit is dan ook te verwagte dat die diakonale praktyk van krankeversorging in die Gereformeerde Kerk ten nouste verbonde is aan die armsorg. Die beskikbare gegewens bied geen omvangrike beeld van die siekeversorging nie, maar laat tog ook blyk dat dit nie tot die minder belangrike diakonale arbeid behoort nie. Oral is dit ingeweef in en verbonde aan die algemene barmhartigheidsdiens veral as daarby ingesluit word al die vorme van liggaamlike gebreke en geestelike onvolwaardighede. Die empiriese ondersoek van die probleme hieraan verbonde en van die versorgingsaktiwiteit dui daarop dat die saak nie eenvoudig is nie. Diakonale en kerklike siekesorg kan nie beperk word tot blote liggaamlike siekes nie aangesien die lyn baie moeilik getrek kan word

---

[21] Spoelstra: a.w. dl II, p. 279.
[22] Spoelstra: a.w. dl II, pp. 255, 331, 312, 403, resp.
[23] Jak. 5 : 14, 15.
[24] Bouwman: a.w. p. 132 e.v.p.

tussen siekte en liggaamsgebrek of fisieke ongesteldheid en geestessiekte. Vir die diaken gaan dit nie soveel om die oorsaak van die toestand van hulpbehoewendheid as om die onvervulde behoefte en die gebrek met meegaande lyding nie. Waar presies eindig die gebrekgevolge van siekte? Wesentlik moet selfs die begrafniskoste en materiële behoeftes van die agterblywendes hierby in aanmerking geneem word.

Uit die praktyk blyk dit duidelik dat die diakonale siekesorg 'n ingestrengelde deel van die barmhartigheidsdiens was wat slegs enkele kere spesifiek as sodanig aangemerk kan word behalwe waar dit isoleerbaar is weens die minder of meer belangrike kousale verband daarvan met die versorgingsaktiwiteit. Soms is die siekte die oorsaak van die stoflike gebrek; net so dikwels het die stoflike nood reeds bestaan voordat siekte sy intrede gemaak het; soms is hulle verskyning gelyktydig. Prakties gesien is die diakonale siekesorg moeilik te skei van gewone armsorg, versorging van oues van dae, onderhoud van weduwees en wese en begrafnisversorging. Die versorging word gevorder juis omdat die sieke onder die bepaalde omstandighede ook nog die smarte van armoede moet tors. Hoe ingewikkeld die toestand kan word, blyk byvoorbeeld uit 'n brief van 'n lidmaat „vragende om ondersteuning uit die armbeurs". Die applikant „moet voor wezen zorgen, had groote ziekten in huis, is verarmd en heeft groote behoefte, en daarby nog 'n aansienlike schuld".[25]

Dat die situasie so ervaar en aanvaar is deur kerkrade en diakonieë blyk ook uit ander getuienis. Kenmerkend hiervan is 'n antwoord op vraag 8 van die gemeenteverslag:

> „De armen worden naar vermogen der gemeente verzorgd. De *weduwen, kranken en behoeftigen* worden geregeld door de diakenen bezocht en zooveel mogelik door geregelde bydragen geholpen. Wat de stoffelike behoeften van dezen aangaat heeft de Kerkeraad in het afgeloopen jaar ondersteuning gegeven *voor voedsel, huishuur, doktersloon en kleeren*".[26]

In een en dieselfde verband word siekes, weduwees, armes en wese genoem as verskillende soorte behoeftiges in wie se gebreke voorsien is met dié stoflike middele wat in elke onderhawige geval die nodigste was. Dieselfde uitdrukkingswyse en -vorm word by die meeste ander gemeentes ook gevind. So noem 'n ander kontanttoekennings, kruideniersware, medisyne, versterkende middels en reiskoste as middele, wat deur die diakonie aangewend is.[27] 'n Diaken vra ondersteuning vir 'n „zieke en bedliggende weduwe".[28] Die vraag mag wel gesteld word of dit nou sieke- of weduweeversorging is. Die lys uitgawes uit die armkas van Burgersdorp sluit as 't ware bywyse van refrein die volgende in: huishuur, doodkis, wintergoed vir kinders, skoene vir weduwee, medisyne of doktersgelde.[29]

Volgens wat in kerkraads- en diakonale notules vermeld word aan-

---

[25] Kr. not. Lydenburg, 29.10.09, art. 7.
[26] Kr. not. Middelburg, Kp., 11.12.11, art. 16. Kursivering deur Skr.
[27] Kr. not. Pretoria, 12.4.13, art. III.
[28] Kr. not. Piet Retief, 3.1.20, art. 4.
[29] Diak. not. Burgersdorp, 3.4.25.

gaande hulp aan liggaamlike siekes, het die hulp meesal bestaan uit geldelike bystand ter betaling van medisyne- en doktersrekeninge. Dit was veral die geval in die vroeër jare van die kerk se bestaan toe hospitaalfasiliteite uiters karig en beperk was en die verpleging hoofsaaklik tuis gedoen moes word. Waar die eerste besondere behoefte van die sieke, wat hom trouens enigermate onderskei van ander hulpbehoewendes, die aan mediese sorg is, is hierdie vorm van diakonale hulp begryplik. Voorbeelde hiervan is legio. Maar die situasie was nie altyd enkelvoudig nie:

„De leraar zegt een verzoek van eene arme zuster dezer gemeente heeft in te dienen ten einde om voor haar eene Dr. rekening te betalen".[30]

Bo-op die druk van armoede en siekte het menigmaal ook nog die laste gekom wat deur die eventuele dood van die broodwinner meegebring is.[31] By sommige diakonieë was dit blykbaar gewoonte dat by goedgekeurde gevalle die geneesheer sy rekening regstreeks aan die diakonie moes stuur[32] terwyl in enkele gevalle die diakonie 'n behoeftige sieke ook na 'n „gratis geneesheer" verwys het.[33]

Alhoewel die eerste besondere en onderskeidende behoefte van die sieke mediese hulp en sorg is, mag die gewone daaglikse behoeftes nie vergeet word nie. Dikwels word die behoeftes aan 'n goeie en besondere diëet, beter behuising en geriefliker en gesonder kleding onder die omstandighede juis dringend. Hier is dit ook weer 'n geval van algemene armsorg tesame met besondere krankeversorging. Behalwe die finansiering van die spesifiek mediese koste, hetsy aan apteker of geneesheer, kom die diakonie dus dikwels te staan voor die gewone onderhoud, *die daaglikse versorging* van die kranke wat weens sy toestand nie alleen dringender behoeftes het nie maar ook verhinder word om self daarin te voorsien. As 'n kerkraad besluit om vir 'n kranke broeder „eenige schapen te collecteeren"[34] dan is dit duidelik dat dit nou gaan om die algemene lewensonderhoud en nie primêr om genesing van die siekte nie.[35]

Enkele gevalle van tegemoetkoming in ander besondere behoeftes word ook sporadies vermeld soos betaling van oppassers in gevalle van aansteeklike siektes.[36]

'n Ander noodwendige aspek van die siekesorg was die *bestryding van begrafniskoste.* Op 'n eerbare begrafnis is deur die Christene vanaf die vroegste jare reeds groot prys gestel veral weens die belydenis van die opstanding van die vlees.[37] Uit die ou Christelike kerk dateer die gebruik dan ook dat die teraardebestelling van verlatenes en armes tot

---

30 Kr. not. Middelburg Kp., 15.11.78, art. 5.
31 Vgl. Kr. not. Middelburg Kp., 19.8.92, art. II.
32 Kr. not. Burgersdorp, 17.2.99, art. 8.
33 Kr. not. Johannesburg, 9.2.01, art. 3.
34 Kr. not. Ventersburg, 1.2.96, art. 8.
35 Vgl. ook Kr. not. Burgersdorp, 11.8.93, art. 3; 5.2.94, art. 13; 26.3.97, art. 6 e.a.p.
36 Kr. not. Johannesburg, 22.9.98, art. 12.
37 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 82.

spesifieke diakonale taak geword het.[38] Op die lyste van diakonale uitgawes is *begrafniskoste* en *doodkis* van die mees konstante items. Soms het die diakonie die totale koste hiervan gedra maar heel dikwels was hy alleen gewillig om die bloedverwante gedeeltelik tegemoet te kom.[39] Soms is die geld vir die doodkis voorgeskiet en moes die kinders en bloedverwante dit terugbetaal.[40]

In hierdie verband het daar by enkele diakonieë later ook meer sisteem gekom. Waar die diakonie van Burgersdorp die meeste gegewens gelewer het met betrekking tot begrafnisfinansiering is dit ook opmerklik dat juis hierdie diakonie 'n nuwe rigting ingeslaan het deur behoeftige lidmate te laat inskryf by 'n begrafnisgenootskap en dan uit die diakonale kas die premies te betaal. Waar dit met die individuele optrede van een diaken begin het, het die diakonie dit spoedig as algemene beleid aanvaar met die verstandhouding dat die premie afgetrek word van die gereelde toelae.[41] Ongeveer tien jaar later is die beginsel ook aanvaar deur die Randse en Pretoriase diakonieë.[42] Die bestuur van die Dirk Postma Oue Tehuis het die intekening van alle inwonendes by so 'n skema as beleid aanvaar.[43]

Dat die gesin in eerste instansie die versorging van die deur siekte behoeftige lid sal waarneem, is netso natuurlik as wat dit die opvoeding van die kind, die versorging van die afgeleefde ouers en grootouers of die onderhoud van 'n ander hulpbehoewende lid op hom sal neem. Dit lê in die natuurlike ingeskape orde en kom sekerlik meer tot sy reg in eenvoudiger gemeenskappe waar georganiseerde mediese versorging nog nie 'n groot omvang aangeneem het nie. Die Gereformeerde diakonieë het om prinsipiële en praktiese redes hierdie siekeverpleging in die gesin verstrek, hetsy deur betaling van doktersrekeninge, verskaffing van medisyne, versterkende middels, gewone onderhoud, klere, beddegoed, betaling van huishuur en van siekeoppassers.

Bouwman [44] beklemtoon die verantwoordelikheid van die bloedverwante en ander vermoëndes om dit vir die pasiënt moontlik te maak om tuis verpleeg te word. As die hulp onvoldoende is, kom die diakonie in aanspraak. Veral waar die huis miskien klein is, die gesin groot, die inkomste onvoldoende, kan die diakonie van die gemeentlike en veral sustershulp gebruik maak. Wat ook al die geval, die diakonie moet sorg dra dat niemand in krankheid onversorgd bly nie, daarvoor moet alle kragte en gawes in die gemeente georganiseer word. Terselfdertyd moet die diakonale optrede in noue verband staan met die leraars- en ouderlingeamp.[45]

Tot op groot hoogte het die Gereformeerde diakonieë hierdie beginsels nagevolg. Op aansoek van 'n applikant wat vir wese moet sorg, groot siekte gehad het, in skuld verkeer en gebrek ly, antwoord die betrokke kerkraad

[38] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 80, 82.
[39] Diak. not. Burgersdorp, 19.12.24; 26.3.36.
[40] Diak. not. Burgersdorp, 12.6.25.
[41] Diak. not. Burgersdorp, 19.9.30, art. 5 (a) en (b).
[42] Not. Diak. Konf. Rand en Pretoria, 6.4.40; 14.9.40.
[43] Mededeling deur br. H. du Plessis.
[44] Bouwman: a.w. p. 132.
[45] Bouwman: a.w. pp. 137, 139.

dat die armbeurs daar is om weduwees en wese volgens 1 Tim. 5 te help. „Het is in de eerste plaats de plicht van de familie om elkander te ondersteunen".[46] Al is Paulus se voorskrif aan Timotheus hier enigsins eng vertolk, is die beginsel van familiehulp suiwer gestel.[47] In die gevalle van aanvrae om hulp met begrafniskoste het hierdie houding ook sterk op die voorgrond gedring sodat met vrymoedigheid beweer kan word dat veral met betrekking tot die siekesorg die diakonieë hulle sterk op die standpunt van gesins- en familieverantwoordelikheid gestel het.

Gesinsversorging van krankes is egter ook nie altyd moontlik, toereikend of selfs wenslik nie. Dit het vroeg al die geval geblyk te wees veral met betrekking tot erg aansteeklike siektes soos die gevreesde melaatsheid.[48] Verpleging binne die huis- en gesinsverband is in die geval opgehef. Gedurende die middeleeue is die melaatse in Wes-Europa selfs simbolies begrawe en moes hy buite die bewoonde buurt lewe met verbranding van sy hut en die hele inhoud daarvan na sy dood.[49] Van spesiale sieketehuise was gedurende die eerste eeue van die Christelike jaartelling nog geen sprake nie totdat die Nosocomia van die vierde eeu later in die rigting ontwikkel het terwyl die hospitaal as siekehuis uit die vroegmiddeleeuse herberge ontstaan.[50] Omdat die siekehuise hulle eerste bloeiperiode hoofsaaklik onder die Roomse Kerk beleef het, mag die instelling nie sonder meer afgekeur word nie. Daarteen getuig Calvyn se oprigting van 'n weeshuis, oue-tehuis en siekehuis onder één dak, in Geneve.[51] In ooreenstemming met die skool, die weesinrigtings, die oue-tehuise en ander instellings wat die gesin in die vervulling van sy menigvuldige take in 'n ingewikkelde en veeleisende samelewing tegemoet kom en aanvul, het die hospitaal ook as 'n hulpmiddel en nie as 'n plaasvervanger vir die versorging van siek gesinslede nie, ontstaan. Daarby het dit met die ontwikkeling van die mediese wetenskap as 'n waardevolle, noodsaaklike en onvervangbare hulpmiddel gekom. Bouwman aanvaar die noodsaaklikheid van hospitaalverpleging veral om drie oorwegings t.w. die snykundige werk wat alleen daar gedoen kan word, die ondoelmatigheid van menige woning vir siekeverpleging en die behoefte van mense in hotelle, losieshuise, kamers ens. wat gesinshulp ontbeer.[52] Hierop kan nog uitgebrei word deur in ag te neem die kwessie van aansteeklike siektes, gebruikmaking van hoogs tegniese hulpmiddels soos Röntgenstrale, suurstoftoediening, reekse inspuitings, behoorlike voortdurende professionele observasie van die patiënt vir 'n juiste diagnose, bloedoortapping ens. As ideaal stel Bouwman 'n Christelike sieketehuis vir 'n Christenpasiënt.[53]

Van bestaande hospitaaldienste het die Gereformeerde diakonieë dik-

---

[46] Kr. not. Lydenburg, 29.10.09, artt. 7, 8.
[47] Vgl. ook kr. not. Bethulie, 25.2.98, art. II; Middelburg Kp., 12.5.93, art. 10.
[48] Lev. 13 : 45, 46.
[49] Van Lonkhuyzen in a w. p. 98.
[50] Van Lonkhuyzen in a.w. p.p. 84, 92 e.v.p.
[51] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 120.
[52] Bouwman: a.w. p. 139 e.v.
[53] Bouwman: a.w. p. 139 e.v.

wels gebruik gemaak en veral waar hospitaaldienste nie gratis was nie, was diakonale bystand dikwels nodig.[54] Die hulp was nie alleen beperk tot hospitaal- en dokterskoste nie, maar is selfs ook gegee vir reis- of vervoerkoste na die hospitaal.[55]

Diakonieë van gemeentes met 'n hospitaal in die nabye omgewing het ook nog 'n bykomstige taak te verrig gekry in die besoek aan die hospitaalpasiënte van dieselfde kerkverband. Dit is blykbaar 'n ou gewoonte.[56] Dit was nie net 'n taak vir die ouderlinge nie maar ook vir die diakens om die begryplike rede dat die pasiënte liggaamlik en geestelik versorg moes word.

Tot die stigting van 'n Christelike hospitaal op inisiatief van die Gereformeerde Kerk en onder toesig en beheer van 'n diakonie of Gereformeerde lidmate het dit in Suid-Afrika nog nooit gekom nie. Die situasie is nie te wyte aan prinsipiële besware nie, maar wel aan praktiese redes. In Nederland is hospitale uit Gereformeerde inisiatief en onder Gereformeerde beheer nie onbekende instellings nie. Die verhouding van die kerk tot 'n sieketehuis hang volgens Bouwman ten nouste saam met die verhouding van die kerk tot stigtinge van barmhartigheid in die algemeen.[57] Die Gereformeerde Kerk het wel gepeusel aan die gedagte van 'n kerklike sieketehuis maar die sinode het met die omvattende voorstel van 'n drieledige inrigting vir „krankzinnigen, melaatsen en ander noodlijdenden" blykbaar nie raad geweet nie en dit na die diakonale konferensie verwys.[58] Die Vrystaatse diakonieë het hiervoor blykbaar ook nie kans gesien nie en het slegs daarop aangedring dat voorsiening gemaak word in geval van siekte onder behoeftiges deur die instelling van susterkomitees.[59] Ambisieuser was die Transvaalse diakonieë met 'n regstreekse voorstel om 'n plan te beraam om so 'n inrigting tot stand te bring gesien die behoeftes in groot stede soos Johannesburg en die atmosfeer van die owerheidsbeheerde inrigtings. Die advies ten opsigte van die prinsipiële aspek was geensins bevorderlik vir die entoesiasme van die voorstellers nie. Dr. S. O. Los het hom op die standpunt gestel dat 'n hospitaal geen barmhartigheidsinrigting is nie maar 'n besigheidsonderneming „en hier in de Transvaal de slechtste bezigheid die er is". As sodanig lê dit buite die bestek van die diakonie maar wel op die terrein van die partikuliere inisiatief waarop Christelike burgers 'n taak te vervul het. Dr. J. D. du Toit het die standpunt onderskryf maar voeg by: „Toch kan er ook in verband met hospitalen barmhartigheid uitgeoefend worden".[60] Albei adviese is prinsipieel korrek maar die laaste is die volledigste. Die oprigting en instandhouding van 'n Christelike siekehuis sonder nadere kwalifikasie is in die eerste plek die roeping en taak van die Christelike samelewing of meer korrek nog die Christelike lede uit die samelewing.

---

54 Kr. not. Johannesburg, 8.12.98, art. 16.
55 Kr. not. Johannesburg, 22.8.1900, art. 3.
56 Kr. not. Johannesburg, 22.2.02, art. 3.
57 Bouwman: a.w. p. 140.
58 Hand. 16e Alg. Sin. 1910, art. 163, p. 63.
59 Not. Diak. Konf. O.V.S. 1913, art. 18: Kerkblad, 15.9.13, p. 9.
60 Rapport 3e Diak. Konf.: Kerkblad, 15.8.13, p. 10.

Hierin sou vanselfsprekend pasiënte op die gewone wyse teen betaling van vasgestelde fooie opgeneem word. Dit verhinder natuurlik geen diakonie om 'n behoeftige pasiënt daarheen te stuur en vir sy verpleging uit die diakonale kas te betaal nie. Maar daar bestaan tog ook die moontlikheid dat 'n Christelike sieketehuis opgerig word met die uitsluitlike doel om alleen behoeftige pasiënte daarin te verpleeg. Is dit nie 'n barmhartigheidsinstelling wat op inisiatief en onder beheer van 'n diakonie tot stand gebring en onderhou kan word nie? Dit was blykbaar die toestand van die Geneefse hospitaal met die verskil dat die „hospitalier"-diakens daar as inwonende verpleërs opgetree het terwyl 'n moderne hospitaal van besoldigde geneeshere en verpleegsters gebruik sal maak. Bouwman [61] stel hom ook op die standpunt van die adviese van drr. Los en Du Toit maar dit is duidelik dat sy redenering ook net die eersgenoemde soort hospitaal in aanmerking neem. Prakties gesproke is die tweede vorm waarskynlik minder wenslik omdat dit 'n relatief hoër eenheidskoste vir die diakonie sal meebring ten opsigte van die fondse wat alles uit vrywillige bydraes gevind moet word. Buite die perke van die moontlike is so 'n onderneming egter nie al mag dit onwaarskynlik wees. Bouwman gee so 'n moontlikheid selfs toe wanneer hy verder konstateer dat dit vir die kerk nie ongeoorloof is om 'n siekehuis te bou en te onderhou nie; dat dit selfs sedelik verpligtend kan wees wanneer die partikuliere onderneming ontbreek:

> „Maar dan verzorgt zij de kranken niet zozeer omdat zij krank zijn, dan wel omdat zij arm zijn, niet bij machte zijn voor eigen verpleging te kunnen zorgen of te kunnen betalen".[62]

Sy standpunt kan so opgesom word:

(a) Die oprigting van hospitale en sanatoria behoort nie tot die regstreekse en engere roeping van die kerk nie.

(b) Dit is vir die kerk egter nie ongeoorloof om sodanige inrigtings tot stand te bring nie.

(c) Waar die partikuliere inisiatief ontbreek en die nood dit kan eis kan die kerk dit selfs as sy dringende taak beskou.

(d) Dit is verkiesliker dat 'n Christelike hospitaalwese onderneem word deur 'n Christelike vereniging.

(e) Plaaslike kerke is te swak vir die oprigtings- en instandhoudingskoste van so 'n inrigting.

(f) Kerkregtelik besit die meerdere vergaderings ook nie die bevoegdheid om sodanige onderneming te beheer nie.

(g) 'n Kontraktuele verband tussen kerkrade bied nie genoeg waarborg nie.

(h) Die beste oplossing sal geleë wees in 'n kontraktuele verband tussen kerkrade en 'n vereninging vir 'n Christelike hospitaalwese"[63]

Waar die hospitaalwese in Suid-Afrika feitlik van oudsher beheer word

---

[61] Bouwman: a.w. p. 146.
[62] Bouwman: a.w. p. 146.
[63] Bouwman: a.w. p. 148.

deur die Provinsiale Owerheid, kom prof. Du Toit met die verdere praktiese suggestie om ter wille van Christelike siekesorg kamers in die owerheidshospitale te huur tesame met 'n Christenverpleegster. „Aan het oprichting van 'n eigen inrichting valt niet te denken".[64] Hiermee het prof. Du Toit sekerlik die praktiese Suid-Afrikaanse omstandighede en die situasie van die Gereformeerde Kerk in gedagte gehad. Die draagkrag van die Gereformeerde lidmate kan moeilik meer as 'n ordentlike hospitaal regverdig, wat in ons uitgestrekte land met sy verspreide bevolking alleen een beperkte streek prakties sal kan bedien sodat die res daar geen voordeel van sal hê en dus ook tereg onwillig sal word om daarvoor by te dra. 'n Siekehuis is nie soos 'n weeshuis of tehuis vir bejaardes waarby afstand eintlik 'n minder belangrike faktor is nie.

Verbonde aan hierdie saak van hospitaalwese — hoewel nie noodwendig aan die diakonale- en barmhartigheidsaspekte daarvan nie — is die *opleiding van Christelike geneeshere en verpleegsters*. Die diakonale en kerklike krankeversorging kan alleen tot volle bloei kom indien die Christelike opleiding van geneeshere, psigiaters en verpleegsters met krag aangepak word. Nòg die Gereformeerde Kerk, nòg enige ander kerk is as sodanig geroepe om die opleiding te gee, maar hier staan die kerk gewis voor sy taak om „die gewete te prikkel" en om seuns en dogters uit Gereformeerde en ander Christenhuise aan te moedig om ook hierdie professies te betree.

Van die praktiese advies van dr. Du Toit het niks tereg gekom nie. In die Vrystaat is in 'n ander rigting beweeg. Volgens besluit van die Algemene Vergadering is fondse byeengebring vir voorsiening in stoflike en geestelike behoeftes van kranke lidmate van Gereformeerde gemeentes wat in die verskillende Bloemfonteinse sieketehuise verkeer. Naas kontantbydraes is ook gevra vir boeke en tydskrifte, vrugte en versnaperinge en warm onderklere vir die winter. Die onderneming het gestaan onder leiding van 'n diakonale komitee waarby ook susters van die gemeente betrek was.[65] Die optrede was derhalwe nie presies in die gees van dr. Du Toit se latere advies nie. Die pogings om die saak op 'n vaste basis te bring deur gereëlde jaarlikse bydraes van gemeentes te vra, was nie heeltemal geslaagd nie.[66]

In die kerkraadsnotules van Bethulie kom 'n artikel voor wat nie alleen van besondere belang is omdat dit volgens kerkraadsbesluit die eerste Afrikaanse notule is nie, maar weens die inhoud daarvan:

> „Die leraar lê 'n skrywe voor van die Magistraat se aansoek om hulp aan die Nasionale Hospitaal te Bloemfontein. Aan die Voorsitter word opdrag gegee om te adviseer dat die beste sal wees om die saak als 'n algemeen publieke op te neem".[67]

Blykbaar is daar van owerheidsweë hulp gesoek vir die onderhoud van die hospitaal, maar van hierdie geleentheid om met die owerheid tot 'n ooreenkoms te geraak met betrekking tot Christelike versorging van Ge-

64 Kerkblad, 15.8.13, p. 10.
65 Kerkblad, 1.3.1910, p. 10.
66 Kr. not. Bethulie, 1.3.13, art. 8.
67 Kr. not. Bethulie, 14.4.16, art. 10.

reformeerde lidmate op 'n bepaalde basis, is nie gebruik gemaak nie.

*Transvaal* het ook 'n poging aangewend om in ongeveer dieselfde rigting te gaan of ten minste om 'n fonds in die lewe te roep vir hospitaalversorging van arm lidmate. Maar as die reaksie van die meeste gemeentes soos dié van Lydenburg was, is dit begryplik dat daarvan niks tereg gekom het nie:

„Een brief ontvangen van die Diakonale Commissie vragende medewerken voor Armen Hospitaalfonds na bespreking heef de Kerkeraad geantwoord niet te kunnen voldoen aan dit verzoek".[68]

Aan één groep siekes, *die melaatses,* is van kerkweë besondere aandag gegee. Weens hulle afgesonderde troostelose bestaan en moontlik ook omdat hierdie siekte besonderlik deur die heilige Skrif bespreek word, het die melaatse ook in die Gereformeerde Kerk besondere deernis verwek. Ten gevolge van die aansteeklikheid en aaklige uitwerking van die siekte en die afwesigheid van enige effektiewe behandelingsmetodes, is van oudsher strenge afsonderingsmaatreëls toegepas.[69] Die melaatse was in die Oosterse lewe, en toe die siekte na die Kruistogte oor Europa versprei het ook hier, 'n uitgeworpene. Die woordafleiding dui daarop dat die melaatse as die eintlike sieke beskou is.[70]

Die eerste inrigting vir melaatses is in 1818 in die Kaap Kolonie opgerig. In 1845 is dit gesluit en is die pasiënte na Robbeneiland verwyder. Hierdie inrigting is in 1931 vervang deur West Fort naby Pretoria. Hier word alle blanke pasiënte versorg, terwyl nie-blankes ook nog in vier ander inrigtings versorg word.[71] Met hierdie deerniswekkende pasiënte nader in hulle midde is deur Gereformeerdes ook meer aandag aan hulle gegee. Van die oorweging om 'n eie inrigting waarin ook melaatses geherberg sou word, daar te stel,[72] het niks kom nie. Uiteindelik was dit die susters en nie die diakonieë nie, wat in die saak opgetree het. Die werk het hoofsaaklik bestaan uit die versagting van die algemene gebrek aan genietinge van die gewone lewe eerder as voorsiening in die daaglikse behoeftes. As sodanig het dit dan ook miskien meer op die weg van die sustersverenigings gelê. Dit het sy begin daarin gehad dat susters van Pretoria se gemeente jaarliks met Kersfees iets byeengebring en aan die melaatses oorhandig het.[73] Die Sustersvereniging van Pretoria het die aangeleentheid namens die susters van al die Gereformeerde gemeentes behartig. Die doel was hoofsaaklik om gedurende die Kersfeesseisoen aan die pasiënte geskenke van allerlei benodigdhede en versnaperinge te besorg en om sodoende ook weer die bewys te lewer dat die afsondering nie geheel-en-al die gemeenskapsbande van bloed en geloof verdring het nie. Bydraes is gereeld in Die Kerkblad verantwoord.

Wat die georganiseerde verpleging van *swaksinniges en sielsiekes* be-

---

68 Kr. not. Lydenburg, 17.10.13, art.9.
69 Lev. 13.
70 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 98.
71 Verslag Nas. Gesondh. Kom., pag. 84 parr. 170, 173.
72 Hand. 16e Alg. Sin. 1910, art. 163, p. 63.
73 A. du P.: Die Hulp; bylae by Die Kerkblad, 16.9, 31.

tref het die Gereformeerde Kerk niks institutêr tot stand gebring nie. Weliswaar is die wenslikheid van 'n Christelike inrigting vir sielsiekes op die Sinode van Bloemfontein (1910) genoem [74] maar verder het dit nie gekom nie. Netsoos met algemene siekesorg die geval, is die bewyse oorvloedig voorhande dat van diakonale weë hulp alleen verleen is waar de geestelik onvolwaardiges terselfdertyd ook stoflik behoeftig was. Die hulp het dan uit die aard van die saak bestaan uit die versorging van die kinders indien die ouer(s) na 'n inrigting verwyder is,[75] finansiële ondersteuning in die daaglikse behoeftes [76] of om die pasiënte in 'n inrigting te besorg.[77] Die volgende besluit is kenmerkend:

„Wordt besloten om br. C. tans in krankzinnigen gesticht te Bloemfontein £ 12 jaarlijks toe te kennen wanneer voornoemd broeder door den broeder V. teruggeneem wordt uit voornoemd gesticht — deze ondersteuning zal voortduren zoolang de Kerkeraad zulks noodig acht".[78]

Ook is daar getuienis van kollektes vir die kranksinniges in die Bloemfonteinse inrigting.[79]

Alleen in Kaapland is spore van enige georganiseerde en gereëlde hulp aan sielsiekes. Deur die Algemene Vergadering is die „Blinden, Doofstommen en Krankzinnigen Fonds" in die lewe geroep.[80] Hieruit is deur die penningmeester gereeld 'n bedrag van ongeveer £ 5 aan die Superintendent van die inrigting vir sielsiekes te Grahamstad gestuur tesame met vrugte en ander versnaperinge vir die Gereformeerde lidmate.[81]

Onder die siekes moet ook ingereken word die liggaamlik gebreklikes *en/of verminktes*. Die ervaring leer dat hierdie toestande dikwels oorsaaklik aan siektes verbonde is en in elk geval netsoos siekte aanleiding gee tot behoeftigheid. Die behandelingswyse en praktyk van die versorging verskil dus nie wesentlik van siekesorg nie al sou hier minder terapeutiese optrede aanwesig wees. Tog is hier dikwels mediese en veral sjirurgiese hulp nodig tesame met voorsiening in die lewensonderhoud. Hoewel afsondering hier nie gebruiklik of nodig is soos in die geval van aansteeklike en oordraagbare siektes nie, is dit tog minder tydelik as die duur van die meeste ongesteldhede en selde 'n regstreekse oorsaak van dood. Identies met die diakonale siekesorg is die verpleging hier nie primêr terwille van die liggaamlike gebrek nie, maar om die behoeftigheidsituasie wat daarmee gepaard gaan.

Met die liggaamlik gebreklikes vorm *die blindes* waarskynlik die grootste groep ekonomiese afhanklikes. Die meeste blindes is in elk geval nie ekonomies selfstandig nie.[82] Die *doofstommes en die dowes* het

---

74 Hand. 16e Alg. Sin. 1910, art. 163, p. 63.
75 Kr. not. Ventersburg, 27.4.66, art. 4; Potchefstroom 19.1.66, art. 6
76 Kr. not. Ventersburg, 1.2.96, art. 8; Johannesburg 23.2.01, art. 3.
77 Kr. not. Johannesburg, 31.8.99, art. 17.
78 Kr. not. Ventersburg, 10.4.08, art. 10.
79 Kr. Not. Ventersburg, 13.11.09, art. 13; 9.4.10, art. 17.
80 Not. 52e Alg. Verg. Kp. 1915, art. 39 en bylae C: Kerkblad, 15.4.15; p. 12 en 15.
81 Not. 52e Alg. Verg. Kp. 1915, bylae C(4): Kerkblad 15.4.15, p. 15; ook Not. 53e Alg. Verg. Kp., 1916, art. 35; Kerkblad 1.3.16, p. 18.
82 Mangold, G. B.: *Social Pathology*, Macmillan, N.Y., 1937, p. 270.

probleme van meer sosiale en minder ekonomiese aard.[83] Die *kreupeles* as derde hoofgroep liggaamlik gebreklikes is die talrykste [84] maar die toestande en gebreke is in hierdie geval so uiteenlopend dat 'n vergelyking ten opsigte van ekonomiese toestande moeilik val. In alle geval is deur die studie van beroepsvereistes en psigo-tegniek, teoreties in elk geval, al ver gevorder om hierdie groepe en individue in werkkringe te plaas waar hulle gebrek die minste hindernis vorm en dikwels selfs as 'n arbeidsaanwins beskou kan word. Hierdie deel van die versorging val minder regstreeks op die kerklike en diakonale weg, behalwe dat die kerk hier waarskynlik ook 'n roeping het ten opsigte van die prikkeling van die gewete.

Die aktiwiteite van die Gereformeerde Kerk met betrekking van die liggaamlik onvolwaardiges was veral toegespits op *blindes en doofstommes*. Dit beteken nie dat ander nie ook aandag geniet nie. Mits die gebreklike behoeftig was, afgesien van die aard van sy liggaamlike gebrek, was hy 'n voorwerp van diakonale optrede. Die blindes en doofstommes staan tog enigsins in 'n ander posisie, hetsy dat hulle toestand meer meegevoel wek, hetsy dat spesifieke probleme daardeur geskep word veral ten opsigte van die opvoeding.

Die geskiedenis van die Gereformeerde versorging van blindes en dowes openbaar veral drie fases. Eerstens is te noem die algemene voorsiening in die lewensonderhoud. Dit is die oudste en mees algemene vorm. Getuienis van hierdie bystandsvorm is oorvloedig.[85] Dit is opmerklik dat by die behoeftigheid dikwels spesiaal ook melding gemaak is van die blindheid om meer krag te verleen aan die aansoek selfs tot so 'n mate dat blinde behoeftiges enkele kere die situasie misbruik het in die sin dat hulle aanspraak op versorging maak sonder enige teenprestasie:

„Diaken L. doet mededeling over de armoedige toestand van de blinde zuster, de weduwe S. Zy is by haar zoon te Daspoort, die melk voor niet by Oud. H. voor zijn moeder kan halen, maar het niet wil doen en eischt dat de diaken de melk zullen laten bezorgen".[86]

Wat val te sê van sowat van verwaandheid en gebrek aan kinderverantwoordelikheid! Geen wonder dat die kerkraadsbesluit soos volg lui nie: „Brs. diakenen zullen besluiten over de moeder, de ouderlingen over de zoon".[87]

In 1881 het die Nederduits-Gereformeerde Kerk van Kaapland die *Instituut vir Doofstommes en Blindes te Worcester gestig.*[88] Blykbaar het hierdie voorbeeld ook weerklank gevind by die Gereformeerde Kerk veral in Kaapland. Die Algemene Vergadering van Kaapland het reeds in 1899 gemeentes in ander provinsies genader om bydraes tot stigting van 'n

---

[83] Phelps: a.w. p. 206.
[84] Phelps: a.w. p. 203.
[85] Kr. not. Ventersburg, 24.8.78, art. 6; Middelburg Kp. 13.2.85, art. 3 e.a.p.
[86] Kr. not. Pretoria, 10.4.43, art. XI.
[87] Kr. not. Pretoria, 10.4.43, art. XI.
[88] Greyling: a.w. p. 146 e.v.p.

fonds vir die oprigting van 'n inrigting vir blindes.[89] Die oorlogsjare het waarskynlik meer as enige ander faktor die poging verongeluk. Maar ook vanuit prinsipiële standpunt moet hieragter 'n vraagteken geskryf word. Indien die oprigting van 'n hospitaal nie regstreeks tot die kerklike terrein behoort nie, dan ook nie 'n instituut vir die opleiding en versorging van blindes en doofstommes sonder meer nie, behalwe waar dit deur-en-deur as 'n barmhartigheidsinrigting bedoel is. In 1912 verwys die Kaaplandse Algemene Vergadering die stigting van 'n fonds vir die doel na die Algemene Sinode.[90] In Transvaal het die gedagte nie soveel byval gevind nie al is sterk pleidooie daarvoor gelewer. Die Diakonale Konferensie van Potchefstroom (1913) het sy simpatie betuig met die strewe van „de Kommissie in de K.P." maar het ook weer die diakonieë daaraan herinner dat elkeen sy eie moet versorg.[91]

Hierdie pogings het tot niks konkreets gelei nie maar oorgegaan in die derde fase waardeur veel meer bereik is. Aangesien die algemene versorging van behoeftige blindes en doofstommes nie voldoende was nie en veral nie kon voorsien in die onderwysbehoeftes van sodanige kinders nie en die kerk aan die anderkant self nie by magte was om 'n eie skool vir blindes en dowes op te rig nie, moes 'n middeweg gevolg word. Dit is gevind in die hulpverlening aan behoeftige leerlinge om gebruik te kan maak van die beskikbare fasiliteite wat aangebied is deur die Worcesterse Instituut. Lank voor die tyd is blykbaar al deur die Gereformeerde gemeentes van die Nederduits-Gereformeerde Kerk se inrigting gebruik gemaak sodat eersgenoemdes hulle verplig gevoel het om tot die inrigting se fondse by te dra. Bethal het reeds in 1893 'n dankuur gehou en die kollekte afgesonder vir die Worcesterse Instituut.[92] Gedurende dié jare was daar beslis 'n blinde Gereformeerde lidmaat in die inrigting want Middelburg Kp. het meer as £ 9 vir die broeder ingesamel.[93] In 1899 kom dit tot verdere ontwikkeling. Nadat die Kaaplandse Algemene Vergadering deur die blinde broeder H. van der Walt toegespreek is, word besluit:

„De Vergadering stelle eene Comm. aan van 3 leden ten einde de e.k. Algem. Verg. met advies te dienen aangaande het onderwijs en eene behoorlijke opvoeding voor onze blinden en dat er tegelijkertijd in elke gemeente voor gecollecteerd zal worden".[94]

Vertraag deur die oorlog kon die daaropvolgende vergadering eers in Septembr 1902 gehou word om verslag van die Kommissie te ontvang. Hoewel die notule meld dat dit aangehoor en goedgekeur is met opdrag om die geld wat nog in die kas is aan te wend in belang van die blindes te Worcester [95] is die verslag self nie te vinde nie. Blykens 'n besluit van

---

89 Kr. not. Johannesburg, 2.9.99, art. 2.
90 Not. 49e Alg. Verg. Kp. 1912, art. 74: Kerkblad, 1.4.12.
91 Rapport 3e Diak. Konf.: Kerkblad, 15.8.13, p. 10.
92 Kr. not. Bethal, 13.1.93, art. 9.
93 Kr. not. Middelburg, Kp., 17.2.93, art. 19; 31.3.93, art. 6; Not. Alg. Verg. Kp. 1895.
94 Not. Alg. Verg. Kp., 1899, art. 35.
95 Not. Alg. Verg. Kp., 1902, art. 45.

die kerkraad van Bethulie moes dit 'n aanbeveling bevat het vir die stigting van 'n eie inrigting.[96] Dat die kommissie na die oorlog, tydelik altans, van die standpunt afgesien het weens die ekonomiese omstandighede, moet veronderstel word op grond van die laaste gedeelte van die besluit en die feit dat op die volgende Algemene Vergadering niks meer hieroor gerep word nie, behalwe die vermelding dat verskillende blindes „op eene of andere wijze uit de kas geholpen zijn" en die opdrag aan 'n Kommissie bestaande uit ds. Postma en die blinde broeders P. Kruger en H. van der Walt om die belange van die blindes en doofstommes van die Gereformeerde Kerk van Worcester en elders te behartig.[97] Vir die volgende jare is die notules feitlik identies, behalwe dat in 1905 'n nuwe kommissie benoem is. Van 'n eenmanskommissie, die predikant van Venterstad, vir die ontvangs en administrasie van bydraes vir 'n behoeftige blinde student, het dit nou gekom tot 'n fonds vir die onderwys van behoeftige blinde en doofstomme lidmate te Worcester, 'n kommissie van advies oor die aangeleentheid en 'n kommissie ter behartiging van die belange van sodanige lidmate. In 1910 word ook die hulp van die Algemene Vergadering in die O.V.S. en Transvaal ingeroep vir hierdie saak.[98] Soos die versoeke van ds. S. Postma aan die gemeentes [99] en die notules van die Kaaplandse Algemene Vergaderings aandui, was die gedagte aan 'n eie skool miskien wel uitgestel maar nog nie laat vaar nie.[100] Maar in die praktyk het dit nie verder gekom as ondersteuning aan behoeftige lidmate wat van die fasiliteite te Worcester gebruik gemaak het nie.

Vanaf 1913 is blykbaar heeltemal afgesien van die gedagte van 'n eie skool en is die kragte meer toegespits op hulp aan behoeftige lidmate om hulle onderwys en opleiding te Worcester te ontvang. In 1915 word oor die „Blinden, Doofstommen en Krankzinnigen Fonds" gerapporteer dat daar 10 Gereformeerde kinders te Worcester is waarvan 6 uit Transvaal en slegs 4 uit Kaapland. Die Transvaalse leerlinge was met uitsondering van een, wat nie aan die domisilievereistes voldoen het nie, staatsleerlinge. Vir die nie-staatsleerling is gedeeltelik deur die fonds betaal.[101] Vir die betrokke boekjaar het die bydraes aan die inrigting £ 31 bedra.[102] Die uitgawes het geleidelik gestyg tot ongeveer £ 100 in 1926—1927.[103] Teen die einde van 1929 was daar reeds 18 blinde en 4 of 5 doofstamme Gereformeerde lidmate te Worcester.[104]

Nou het daar 'n nuwe verwikkeling gekom. Hoewel opgelei tot 'n sekere skolastiese peil en vir allerlei kunste en handwerke soos musiek, musiekstemmery, mandjie- en matrasmakery, kon die persone tog moeilik algeheel ekonomies selfstandig word. Daar moes nou ook nasorg en arbeidsorg

---

96 Kr. not. Bethulie, 14.4.99, art. 15.
97 Not. Alg. Verg., Kp. 9.3.03, art. 14.
98 Not. 47e Alg. Verg. Kp. 1910, art. 35.
99 Kr. not. Johannesburg 31.8.99, art. 16; 2.9.99, art. 2.
100 Not. 49e Alg. Verg. Kp. 1912, art. 74.
101 Not. 52e Alg. Verg. Kp. 1915, bylae C(1): Kerkblad, 15.4.15, p. 15.
102 Not. 53e Alg. Verg. Kp. 1916, art. 35: Kerkblad, 1.3.16, p. 17 e.v.
103 Not. Part. Sin. Kp. 1927, Bylae C.
104 V.d. Walt, J. C. H.: *Ons Blindes en Dowes.* Kerkblad 18.2.30, p. 1056.

onderneem word. Die hulp van gemeentes word vir die doel ingeroep: hulle moes help om werk te vind en om die produkte verkoop te kry. Ds. D. G. Venter van Steynsburg sou optree as adviesburo aan wie die blindes besonderhede van hulle ware kon verstrek en wat dan ook bestellings van lidmate sou opneem.[105] Aan die dogters wat die inrigting verlaat het, is breimasjiene geskenk „om hulle te help in die voorsiening van hulle lewensbehoeftes".[106] Tydens die Jubileumfees van die inrigting in 1931 het die Gereformeerde Kerk ook sy erkentlikheid betoon deur 'n donasie.[107] Afgesien van die losies van £ 36 per jaar per leerling het ook nog ander uitgawes bygekom vir klerasie, reiskoste en verpleging [108] sodat die totale uitgawes met 'n toenemende aantal leerlinge gedurig toeneem vanaf £ 31 in 1915 tot £ 150 in 1933. Die verhoging is ook teweeggebring deurdat die Instituut nou ook 'n afdeling *Nasorg vir Blindes* gehuisves het sodat kwekelinge langer kan aanbly.[109]

Toe dr. Biesenbach, hoof van die inrigting, die Kaaplandse Partikuliere Sinode in 1948 toegespreek het [110], kon hy wys op die goeie samewerking wat tussen die Gereformeerde Kerk en die Instituut bestaan. Op die stadium het 120 Gereformeerde kinders reeds hulle opleiding daar voltooi. Weens die verhoogde koste moes hy 'n beroep doen om meerdere finansiële steun wat hy stel op £ 10 per kind per jaar. Die Sinode was bereid om aan die versoek te voldoen.[111] Die besluit sou as beskrywingspunt ook aan die Algemene Sinode opgestuur word terwyl kerkrade, sustersverenigings en katkisasiekinders van tyd tot tyd opgewek sou word om by te dra. Terwille van nouere samewerking is die Raad van Beheer van die Instituut versoek om die predikant van Kaapstad te benoem as permanente skakel. Daaropvolgende word 'n deputaatskap benoem bestaande uit die predikante en diakonieë van Kaapstad en Burgersdorp „om fondse d.m.v. kollektes in te samel ten bate van die kas vir Blindes en Dowes volgens besluit van die Algemene Sinode".[112]

Benewens hierdie bydrae het die Partikuliere Sinode van Kaapland reeds in 1946 'n begin gemaak om uit die Fonds vir Blindes en Dowes ook lenings aan behoeftige lidmate vir opleiding te Worcester toe te staan.[113] Prakties was dit ook moontlik omdat 'n Josefsbeleid met die finansies gevolg en gereeld bedrae op vaste deposito geplaas is sodat in 1941 daar reeds 'n reserwe van £ 600 op vaste belegging was.[114]

Dit blyk dus dat die siekesorg van die Gereformeerde Kerk in twee afdelings val: die geestelike versorging deur die herdersamp en die barmhartigheidsaspek. Laasgenoemde word alleen beoefen waar die sieke terselfdertyd ook behoeftig is. Die primêre aanleiding tot die diakonale

---

105 Kerkblad, 18.2.30, p. 1057.
106 Kerkblad, 2.12.31, p. 403.
107 Kerkblad, 2.12.31, p. 403.
108 Kerkblad, 2.11.32, p. 266.
109 Kerkblad, 21.2.34, p. 1026 e.v.
110 Not. Part. Sin. Kp., 1948, art. 32.
111 Not. Part. Sin., Kp. 1948, art. 60, (4) (b).
112 Kr. not. Burgersdorp, 6.5.49, art. 19.
113 Not. Part. Sin., Kp. 1946, art. 38, II.
114 Not. 8e Part. Sin., Kp. 1941.

hulpverlening is dus die behoeftigheid wat deur die siekte veroorsaak of geaksentueer word. Wat die metode en aard van die hulp betref het die vordering van die mediese kennis en praktyk, die professionalisasie van die siekeverpleging en die toename van sieketehuise meegebring dat dit nie meer van die diakens verwag word om soos die „hospitaliers" van Geneve self as verpleërs op te tree nie, maar dat die diakonie dit vir behoeftige pasiënte moontlik sou maak om die voordele van die professionele behandeling te geniet.

## HOOFSTUK XII.

# Die Versorging van die Oues van Dae

Die hulpverlenende hand van die kerklike barhartigheid is ook nog altyd na die *afgeleefdes* en die *oues-van-dae* uitgesteek. Die versorging van die bejaardes, sê Mangold,[1] is 'n inherente fase van die afhanklikheidsvraagstuk. By die nadere bepaling van hierdie versorgingsvoorwerp moet dieselfde versigtigheid betrag word as in die geval van die wese, siekes en ander afhanklikes. Lidmate word nie outomaties voorwerpe van diakonale versorging by bereiking van 'n bepaalde leeftydsgrens van sestig of vyf-en-sestig jaar nie. Weliswaar is daar omstandighede wat die bereiking van sodanige leeftyd identies maak met potensiële hulpbehoewendheid. Volgens Epstein is 65 jaar gewoonlik die drumpel van die ouderdom (in die V.S.A.) aangesien dit die leeftyd is waarop die siekte- en sterftesyfers 'n opmerklike aanwas bo dié van die voorgaande periodes toon sodat die meeste pensioenskemas dit dan ook as die aftree-ouderdom aanvaar.[2] Dit beteken natuurlik dat die vaste lewensverdienste dan tot 'n einde kom hoewel dit nie noodwendig hulpbehoewendheid beteken nie.[3] Wesentlik is dit egter nie so eenvoudig om te bepaal waar die grens tussen ouderdom en middeljarigheid te trek is nie. Sommige is weens 'n swak inherente liggaamlike struktuur en die aanslae van die lewe — kwellings, ontberings, siekte, losbandigheid — afgeleefd en oud op 50 jaar; andere is vergelykenderwys nog jonk op 70. Vir praktiese doeleindes soos die toekenning van ouderdomsbystand en uitdienstreding word weliswaar sekere ouderdomsgrense vasgestel, gewoonlik 55, 60 of 65 jaar, maar dit dien onthou te word dat psigies en sosiaal, ouderdom nie net 'n kronologiese begrip is nie.[4] Die kronologiese is normalerwys wel 'n aanduiding van die aan- of afwesigheid van sekere liggaamlike en geestelike vermoëns, maar dit is nie alles bepalend nie. Die ouderdomsbehoeftigheid hang

---

1 Mangold: a.w. p. 142.

2 Epstein, A.: The challenge of the Old, N.Y. 1928, p. 14.

3 Vgl. Brummer, F.: *Openingsrede* en Du Toit, ds. P.: *Die Behoeftes van die Oues-van-Dae op Sosio-ekonomiese Gebied* — Verslag Konf. Welsyn Oues van Dae, 1950, pp. 2, 18 resp. e.v.

4 Burt: a.w. p. 18.

grootliks af van sosiale en ekonomiese toestande.[5] Trouens die moderne industriële lewe neig daartoe om werkers op vyf-en-veertigjarige leeftyd reeds as „afgeleefd" uit te stoot.[6]

Dit is dan ook hierdie bykomende omstandighede wat bepaal of die oue van dae gegroepeer moet word saam met ander afhanklikes as 'n voorwerp van kerklike sorg.

Die aandag moet hier gevestig word op twee verskynsels. Die eerste is dat die bejaarde groep toeneem in verhouding tot die res van die bevolking. Dit is 'n wêreldwye verskynsel. In Suid-Afrika het die persone (blankes) bo 60 jaar van 37,613 in 1904 of 3.37 % van die bevolking gegroei tot 221,990 of 9.36 % in 1946,[7] terwyl dit beraam word op 13.12 persent van die bevolking oor 'n verdere halfeeu.[8] Die tweede waarneming is dat afhanklikheid onder die bejaardes blykbaar aan die toeneem is.[9]

By die versorging geld natuurlik ook nog die gewone beginsels van die Christelike barmhartigheid nl. die *gesins- en familieverantwoordelikheid.*[10] Van die hulpbehoewende oue van dae geld dieselfde as vir die weduwees dat hulle *ware* weduwees, dit wil sê alleen en onversorgd moet wees om in aanmerking te kom vir diakonale sorg. Daar bestaan dan ook seker 'n mate van gemeenskaplikheid in die posisie van die sorgbehoewende weduwee en die oue van dae, veral volgens 1 Tim. 5 : 4 waar dit gaan oor weduwees wat kinders of kleinkinders het, met ander woorde oor *bejaarde* weduwees. In albei gevalle geld die kinderplig primêr. Dit is seker ook nie sonder betekenis dat oor die grysaards en weduwees in dieselfde gedeelte ván die hoofstuk gehandel word nie.

Uit die voorgaande beginsel volg ook 'n verdere omstandigheid wat kenmerkend is van eenvoudige landelike kulture en van die vroeëre Christelike gemeenskappe, naamlik die versorging van die oues *in gesins- en woningverband.* Die grootfamiliestelsel het dit veral moontlik gemaak. Hierin het in die praktyk groot veranderings ingetree, hoewel dit nie noodwendig beteken dat waar kinders, kleinkinders en bloedverwante nie instaat is tot die versorging van hulle oues van dae nie en die diakonie namens die kerk moet ingryp, inrigtingsorg die enigste oplossing bied nie. Hulp van buite, dit wil sê uit ander as die natuurlike verwantskapskringe, is nie sinoniem met inrigtingsorg nie. Veral getroude pare wat nie algeheel of grootliks liggaamlik en/of geestelik onbekwaam is nie, het 'n sterk aanspraak op versorging in 'n „eie" woning, hetsy gehuur of hulle eiendom.

Tog is die tehuis vir oues van dae nie 'n onbekende instelling in die geskiedenis van die kerklike hulpbetoon nie. Twee erkende vertakkinge van die Nosocomia — die versorgingsinrigting van die ou Christelike

---

5 Mangold: a.w. p. 144; Epstein: a.w. p. 2.

6 Mangold: a.w. p. 145; Epstein: a.w. p. 5; Schreuder, L. E.: *The Aged in the Economic Life of the Country* — Verslag Konf. Oues, p. 34 e.v.

7 Vgl. tabelle I-III en veral tabel IV — Verslag Konf. Oues, p. 8.

8 Verslag Kom. Bestaansbev., 1944, tabel XIX, p. 32.

9 Piek, ds H. J.: Verslag Konf. Oues, p. 26; ook referaat Schreuder: p. 34 e.v., dieselfde verslag.

10 Gillin: a.w. p. 17 klassifiseer die afgeleefde ouer as 'n natuurlike afhanklike van sy kind(ers).

kerk — was tehuise vir weduwees en afgeleefde mans.[11] Ook Calvyn maak in Geneve gebruik van 'n oue-tehuis as onderdeel van die hospitaal.[12] Die Nederlandse Gereformeerdes het hierdie voorbeeld veral onder die druk van woningnood en ellende nagevolg en reeds in 1680 'n Ou Vroue-tehuis in Amsterdam opgerig.[13] In elke geval moet die tehuisversorging as 'n aanvullende of komplementêre maatreël beskou word. Bouwman [14] gee 'n goed gemotiveerde uiteensettng van sy besware teen 'n veralgemeende en onoordeelkundige inrigtingsorg vir bejaardes. Hy gee derhalwe voorkeur aan versorging in 'n eie tuiste desnoods met finansiële en ander hulp van die diakonale kant. As daaropvolgende alternatief stel hy inwoning in eie vertrekke by ander gesinne en daarna eers een of ander inrigtingsorg waarin die huislikheid soveel moontlik behou moet word. Met die hedendaagse woningnood is dit te betwyfel of die inwoning by ander gesinne 'n prakties uitvoerbare stelsel is terwyl die moderne strewe ten opsigte van die behuising van bejaardes teen die groot inrigtings en in die rigting van 'n eie tuiste, aangepas by die inwoner se behoefte en vermoëns gaan.[15]

Die kerklike versorging van afgeleefde lidmate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het onlangs eers die stadium van *inrigtingsorg* bereik. Daar bestaan 'n merkwaardige ooreenkoms tussen die ontwikkeling van die versorging van verweesde en verwaarloosde kinders en van afgeleefdes. Hoe hegter die gesinslewe, hoe landeliker die omstandighede, des te meer ruimte is daar vir albei in die huis en die hart. Maar 'n belangrike verskil moet gekonstateer word. Die proporsionele afname van die kindertal gaan gepaard met 'n ooreenkomstige styging in die verhouding van die oues van dae tot die res van die bevolking.[16] As die ervaring leer dat daar in die gesin al minder plek is vir weeskinders en ander verwaarloosde jeugdiges, wat moet die geval dan wees met die groeiende getal oues van dae wat weens geld-, huis- en liefdesnood nie meer deur hulle kinders versorg kan word nie?

Die gewone versorging van die behoeftige oues van dae verskil nie veel van dié sorg van die gewone arme nie. Dit is dikwels trouens moeilik om uit die notules van kerkraads- en diakonale vergaderings af te lei of die bepaalde hulpverlening bedoel is vir 'n afgeleefde broeder of suster of vir 'n jonger behoeftige broeder of weduwee. In hierdie gevalle is dit versorging terwille van die gewone lewensbehoeftes. Terselfdertyd bied die metodes 'n blik in die eenvoud van die versorgingsbehoeftes van die vorige eeu. Op voordrag van die betrokke wyksouderling besluit die Kerkraad van Middelburg „dat elk diaken voor twee slacht schapen zal zorgen", met byvoeging, asof die kerkraad al effens moeg was vir die behoeftige broeder „in hope dat het dan voldoende zal zijn"! [17] Maar vyf jaar later

---

[11] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 84.
[12] Van Lonkhuyzen in a.w. p. 120.
[13] Bouwman: a.w. p. 142.
[14] Bouwman: a.w. p. 144 e.v.
[15] Steyn, Z.: *Praktiese Vraagstukke in die Voorsiening van Behuising en Huisvesting vir Hoogbejaardes* — Verslag Konf. Oues, p. 46 e.v.p.
[16] Tabel XIX, Verslag Best. bev. Kom., p. 32; tabel IV, Verslag Konf. Oues, p. 8.
[17] Kr. not. Middelburg, Kp., 14.2.74, art. 12.

word die diakens maar weer aangesê om vir dieselfde broeder ses hamels te kollekteer.[18] Dit was nie oral die gewoonte om die leeftog *in natura* te voorsien nie; merendeels was dit in die vorm van kontant.[19] Van optimisme sowel as selfstandigheidsgevoel spreek die volgende voorbeeld: „Diaken ...... vraagt namens Br. R. *een oud en gebrekkig en behoeftig* lidmaat om £ 5.0.0 uit de Kerkekas voor een tijdje te mogen leenen om eene broodwinning te verkrijgen".[20] Dit toon meteens ook dat ouderdom nie 'n alleenstaande toestand en enkelvoudige faktor van hulpbehoewendheid is nie — nie net 'n hoë aantal lewensjare nie, maar ook gebreklikheid, behoeftigheid en gebrek aan broodwinning akkumuleer rondom die klimmende lewensjahre.[21] Veelal is *ouesorg* ook *siekesorg.* Voorbeelde hiervan is veelvuldig. So staan dit by herhaling in die notules van die kerkraad van Burgersdorp aangeteken: „vir die oue suster S. 17/- ter betaling van 'n drs. rekening"; vir br. K. „oud en ziek" eers £ 2.2.0 en dan weer „£ 2.0.3 vir 'n drs. rekening"; „oude zuster K." betaling van 'n doktersrekening.[22] Kerkrade het nie altyd net op grond van gevorderde lewensjare hulp verleen nie: br. W. se versoek om ondersteuning word nie toegestaan nie omdat hy hoewel bejaard, nog gesond is.[23] Wanneer die oues van dae hulle eers om hulp tot die kekraad wend, is dit dikwels 'n versorging tot die einde — òf afgebroke òf gereeld. Sprekend van die verskynsel is die aanhalings soos die volgende: Br. J. K., oud, blind en siek: doktersrekening en vleisrekening en verder vleis teen 1/ per dag *solank hy leef.*[24] Net so dikwels staan daar ook geboekstaaf die finale hulp van die kerk aan een van sy bejaarde lidmate: doktersrekening en begrafniskoste.[25]

In een van sy „Briewe" [26] bespreek ds. Hamersma die vraagstuk van die versorging van die behoeftige oues van dae met vermelding van die feit dat die kerk ook nie meer instaat is om genoegsaam te help nie en dat die kinders van afhanklike bejaardes gewoonlik self ook te behoeftig is om uit hulle karige verdienste iets vir hulle ouers af te sonder. Hy betreur dit as 'n aanklag teen die Christelike samelewing. Blykbaar dink hy hier reeds aan voorkomende maatreëls in die vorm van aftree-pensioene, maar erken dat die kerk om prinsipiële en praktiese redes, self nie so 'n onderneming in die lewe kan roep nie. Dit is 'n taak vir partikuliere en owerheidsinisiatief. Derhalwe juig hy twaalf jaar later die ouderdoms-pensioenwet [27] toe as 'n wet van „barmhartigheid" waaruit die Christelike liefde spreek.[28] Hierdie uitdrukking is deur L. J. du Plessis as gevaarlik

---

18 Kr. not. Middelburg, Kp., 14.2.79, art. 3.

19 Vgl. Kr. not. Lichtenburg, 11.12.96, art. 9; Bethulie, 14.10.98, art. 12.

20 Kr. not. Johannesburg, 23.2.99, art. 16. Kursivering deur Skr.

21 Vgl. kr. not. Burgersdorp, 27.12.95, art. 8.

22 Kr. not. Burgersdorp, 29.9.99, art. 11; 10.8.1900, art. 10 en 9.11.1900, art. 12; 4.7.02, art. 11.

23 Kr. not. Burgersdorp, 27.12.95, art. 8.

24 Kr. not. Burgersdorp, 15.5.96, art. 8(a). Kursivering deur Skr.

25 Kr. not. Burgersdorp, 16.2.94, art. 8.

26 T. H.: *Brief 13,* Kerkblad, 16.4.17.

27 Wet 22 van 1928.

28 T. H.: *Brief,* Kerkblad, 5.3.29.

bestempel aangesien die staat geen liefdadigheidsinstelling is nie.[29]

Wat die praktiese en prinsipiële implikasies van die sogenaamde ouderdomspensioene was (in werklikheid is dit ouderdomsbystand berustende op 'n nie-bydraende stelsel wat as guns en nie as regte gegee word nie), het dit vir die kerklike barmhartigheid bepaald 'n groot ekonomiese verligting gebring. Daar is sonder twyfel in die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika alleen honderde oues van dae wat bystand ontvang in die vorm van 'n staatspensioen of -bystand wat andersins deur die diakonie versorg sou moes word tot 'n totale bedrag van etlike duisende ponde.[30] So word die las van die Dirk Postma Tehuis vir Oues van Dae tot 'n groot mate verlig deurdat die inwoners almal 'n ouderdomsbystand van gemiddeld £ 4.10 per maand ontvang het waarvan £ 3 per maand vir losies en inwoning aan die inrigting afgestaan is.[31] Met 'n gemiddelde inwonertal van 6 het hierdie bron ongeveer 25 persent van die totale uitgawe van die inrigting beloop.

Hoewel 'n noukeurige beoordeling van die stand van sake eintlik tuishoort by 'n bespreking oor die onderskeie terreine en funksies van kerk, owerheid en samelewing, is dit van pas om die aandag hier te vestig op die neiging in die Suid-Afrikaanse sosiale en by name ons sogenaamde pensioenwetgewing om die kinderverantwoordelikheid toenemenderwyse te ontneem en die owerheidsverpligtinge in ooreenstemmende mate uit te brei. Die oorspronklike Ouderdomspensioenwet van 1928 het die staat die reg gelaat om die bystand of 'n deel daarvan van die kinders van 'n begunstigde te verhaal as hulle instaat was om die ouer(s) te versorg. Die voorbehoud is nooit toegepas nie. Die 1931-wysigings bepaal dat die hulp wat kinders aan die begunstigde kan verleen vasgestel en ingesluit kan word by die begunstigde se inkomste wanneer die middeletoets aangewend word. Hierdie voorsiening vir bydraes van kinders is deur die Wysigingswet van 1944 geheel-en-al weggelaat.[32]

Gesins- en familieverantwoordelikheid, diakonale barmhartigheid en staatsbystand ten spyt, bly daar tog nog altyd bejaardes, hetsy alleengelatenes, swakkes, kroniese siekes, gebreklikes en geestelik verswaktes oor vir wie die *versorging in 'n inrigting* van een of ander soort wat 'n tuiste bied en verpleging waarborg, noodsaaklik is. Hierdie toestand is ook deur Gereformeerdes gevoel. Die voorstel van Burgersdorp dat die Kerk planne moet beraam om 'n tehuis vir behoeftige ou mense op te rig is deur die Kaaplandse Alg. Ver. na die Sinode verwys.[33] Ook in Transvaal het 'n soortgelyke aksie ontstaan [34] hoewel die predikante-adviseurs ernstige bedenkings teen die voorstelle gekoester het sowel op grond van die oorweging dat dit nie op die weg van die diakonieë lê om by die

---

29 Du Plessis, L. J.: *Staatspensioen vir ou Mense.* Kerkblad, 2.4.29, p. 570.

30 In 1950 het 68,635 Blankes, 40,304 Kleurlinge en Indiërs ouderdomsbystand ontvang tot 'n totale bedrag van £ 5,437,932.—. — Good, R. F.: Verslag Konf. Oues, p. 87.

31 Dit was die posisie in 1948/49 voor die latere verhogings van die bystandskale.

32 Good, R. F.: Verslag Konf. Oues, pp. 82, 83 en ooreenst. wette.

33 Verslag 60e Alg. Verg. Kp. 1923, Kerkblad, 2.4.23, p. 10.

34 Verslag Diak Konf. Tvl., 1926, Kerkblad, 16.11.26, p. 25.

owerheid om hulp aan te klop nie en omdat — hoewel die behoefte aan betere versorging beklemtoon is — inrigtings nie as wenslik beskou is nie maar 'n „pawiljoen stelsel" aanbeveel is. Hier was duidelik 'n begripsonduidelikheid en -verwarring. Die sogenaamde pawiljoenstelsel is ook maar 'n inrigtingstelsel al wyk dit af van die tradisionele groot tehuis. Netsoos in die geval van die stryd oor die strewe na inrigtingversorging van onversorgde wese, vind ons hier ook weer 'n onvrugbare negatiewe standpunt sonder dat 'n behoorlike studie gemaak en helderheid verkry is oor die verskillende moontlikhede van versorging buite die woning van die oues van dae of van hulle kinders of bloedverwante. Nieteenstaande die adviseurs se mening is die Potchefstroomse diakonie tog belas met 'n opdrag om fondse in te samel vir die oprigting van so 'n tehuis. Die poging het tot geen konkrete resultate gelei nie. Onderwyl het die Transvaalse diakonieë 'n vrugbaarder arbeidsveld gevind in die weseversorgings sodat, nieteenstaande kleinere herlewings van die gedagte,[35] die houding omgeswaai het in die rigting om die Kaaplandse poging te steun.[36]

Nieteenstaande die houding teenoor die voorgenoemde beskrywingspunt van Burgersdorp op die 60ste Algemene Vergadering van Kaapland te Steynsburg in 1923,[37] staan die Kaaplandse Diakonale Konferensie, (Steynsburg 1938) nog nie verder as die ondersoek-stadium nie [38] terwyl die Colesbergse Konferensie (1939) aan die moderamen opdra om op grond van die ontvange informasie die konferensie van advies te dien.[39] Die Middelburgse Konferensie (Nov. 1940) verwys die saak na die Uniale Diakonale Konferensie met die versoek om 'n sterk aanbeveling te doen vir die oprigting van so 'n tehuis.[40] In 1941 is daar al veel meer konkreets. Die Konferensie van De Aar (1941) bevestig die besluit van die Uniale Konferensie [41] dat Burgersdorp die aangewese plek is, die naam van die inrigting word reeds bekend gestel as die *Dirk Postma Oue-Tehuis* en Burgersdorp se diakonie word bedank vir die aanvoorwerk en oprigting van die Tehuis.[42] Op versoek van die Kerkraad van Burgersdorp het die Kaaplandse Partikuliere Sinode die saak onder die aandag van die Algemene Sinode (Aliwal-Noord, 1942) gebring.

Alhoewel die advies betreffende hierdie beskrywingspunt reeds heelwat meer positief en simpatiek was as dié voor die Transvaalse Diakonale Konferensie van 1926 [43] naamlik dat die Sinode met dankbaarheid kennis neem van die inisiatief van Burgersdorp was dit tog nog nodig om per petisie die bespreking oor die saak te heropen en 'n amendement aangeneem te kry dat die Sinode ook aan die onderneming sy ondersteuning

---

35 Not. Diak. Konf. Rand en Pta., 1940.
36 Not. St. Dep. 13.11.39, art. 6; Diak. Konf. Tvl., 7.10.40, art. XV.
37 Kerkblad, 2.4.23, p. 10.
38 Not. Diak. Konf. Kp., 1938, art. 12(3)(b).
39 Not. Diak. Konf. Kp., 1939, art. XVIII.
40 Not. Diak. Konf. Kp., 1940, art. X.
41 Burgersdorpse Eeufeesgedenkboek, 1846—1946, p. 158 e.v.
42 Not. Diak. Konf. Kp., 1941, art. 7.
43 Verslag Diak. Konf. Tvl., 1926, Kerkblad, 16.11.26, p. 25.

toesê.[44] So kon die Dirk Postma Oue-Tehuis dan met volle offisiële kerklike ondersteuning op 1 November 1942 met vier inwoners geopen word.[45]

Hierdie resultaat was grootliks die kroon op die ywer en werk van die diakonie van Burgersdorp. En soos die naam van br. Frans van der Walt onlosmakelik verbonde is aan die Paul Kruger Tehuise vir Onversorgde Wese, word br. Hennie du Plessis geassosieer met die aksie vir en oprigting van die Dirk Postma Tehuis.

Dat daar behoefte aan sodanige inrigting bestaan het, moet daaruit afgelei word dat die ou pastorie van die Gereformeerde Kerk wat vanaf 1945 vir die doel gebruik is, ruimte vir 10 inwoners gebied het [46] spoedig ook te klein geword het en aansoeke vir opname dientengevolge afgewys moes word [47] sodat voortaan gewerk is vir 'n doelmatiger gebou wat enersyds moontlik gemaak is deur oordrag van 'n stuk grond deur die Burgersdorpse Munisipale Raad vir die doel [48] en andersyds deur 'n kapitale voorskot van die Departement van Volkswelsyn teen die gewone sub-ekonomiese tariewe.

Waar die eertydse en meer algemene versorging van afhanklike bejaardes prakties 'n ongespesifiseerde deel van die barmhartigheidsdiens was, het die stigting van die Dirk Postma Tehuis vir Oues van dae vir die eerste keer die versorging van die Kerk se bejaarde hulpbehoewende lidmate 'n besondere deel van die diakonale werk gemaak.

---

44 Hand. 27e Alg. Sin., 1942, artt. 47, 74, 125, p. 28 e.v.
45 Gedenkboek, p. 159.
46 Gedenkboek, p. 160.
47 Not. Dagbest. Oue-Tehuis, 9.5.46.
48 Not. Dagbest. 24.3.48.

HOOFSTUK XIII.

# Die Vrou in die Gereform. Barmhartigheidsdiens

Uit die voorgaande hoofstukke het dit reeds geblyk dat die diakonie in die praktyk van die Gereformeerde Kerk nie die enigste kanaal vir die beoefening van die barmhartigheid was nie, maar dat die werk heel dikwels deur aldrie ampte as kerkraad verrig is. Afgesien van die amptelike diensverrigting moet die buite-amptelike barmhartigheidswerk ook in aanmerking geneem word aangesien die diakens prinsipieel nie die alleenreg oor die praktiese beoefening daarvan besit nie, maar daargestel is as amptelike liggaam onder wie se leiding die *gemeente* barmhartigheid moet beoefen. In die verband moet allereers en in besonder aandag gegee word aan die optrede van die vrou binne die kerkverband vir sover dit die barmhartigheidsdiens betref.

Alhoewel dit hier alleen gaan om die vrou se aandeel aan die barmhartigheidswerk is dit tog van wesentlike belang om allereers haar plek in die kerk volgens Gereformeerde opvatting te bepaal, aangesien haar barmhartigheidswerk daardeur bepaal sal word.

Die Christelijke Encyclopaedie [1] betreur dit dat van die gawes en kragte wat God die vrou geskenk het nie die ruime gebruik gemaak word waartoe die Skrif geleentheid bied nie. Daarmee is dan gesê dat die vrou in die kerklike werksaamhede 'n aktiewe rol te vervul het. Wat die rol is, hoe dit vervul moet word en deur welke vroue, moet noukeurig nagegaan word.

Afgaande op die uitspraak van Paulus in 1 Kor. 14 : 34, 35 en 1 Tim. 2 : 12, 15 dat die vrou in die gemeente moet swyg, het die Gereformeerdes waarskynlik te veel geneig tot die standpunt dat die vrou se rol 'n algeheel passiewe is, vergetende die verdere aanwysings van dieselfde Apostel in 1 Tim. 5 : 9-16 en Titus 2 : 3 sowel as die voorbeelde van Nuwe Testamentiese vroue soos Dorkas,[2] Febe, Priscilla, Trifena, Trifosa, Persis [3] en ander. Die Nuwe Testament lewer oorvloedige getuienis van 'n aktiewe aandeel van die gelowige vroue aan die gemeentelike lewe en die uitbreiding van die Evangelie — selfs meer as die Ou Testament waar-

[1] Chr. Enc. I, p. 585/6.
[2] Hand. 9 : 36, 39.
[3] Rom. 16 : 1, 3, 6, 12.

skynlik. Tog is die verskil eerder oppervlakkig as fundamenteel. Die Ou Testamentiese kerk is nog minder institutêr en minder duidelik van die nasionale Israelitiese lewe te onderskei. Maar ook hier is voorbeelde van aktiewe vroulike optrede in die godsdienstige nasionale lewe van Israel: getuie hiervan is Mirjam „die profetes" en haar optrede in die openbare lofverkondiging van die Here [4] en Debora, eweëens 'n profetes, wat Israel gerig het.[5]

Die posisie van die vrou in die kerklike lewe in die Oue sowel as die Nuwe Testament, moet ook gesien word in die lig van die sterk patriargale, manneregtelike sosiale struktuur van die Oosterse samelewing. Hierdie sosiale struktuur was nie bloot 'n gevolg van menslike willekeur nie, maar die natuurlike hoewel in sonde oordrewe uitkoms van die aardverskil tussen man en vrou soos dit in die skepping voor die sondeval reeds bepaal is.[6] Daaruit het verdere implikasies voortgevloei. Kuyper [7] beweer dan ook „. . . . *gemeenlik* verkiest God het mannelijk geslacht voor Zijn publieken dienst". Alleen die man kon priester wees in Israel; selfs die offerdier moes manlik wees en behalwe Atália was daar geen regerende vrou in Juda of Israel nie.

Hierdie voorbeelde dui reeds op 'n uitsonderingsverskynsel. Volgens Kuyper [8] het die vrou gedurende die bloeiperiode van Israel op die agtergrond getree totdat die volk sy manlike krag ingeboet het. Toe Isébel en Atália die ondergang verder verhaas het, het Joséba en Hulda, die profetes, getrag om die ondergang te stuit. Hulle optrede, soos die van Debora, dra dus die eienskappe van 'n noodaksie. Volgens Kuyper is hier eintlik twee verskille. In Israel tree alleen profete op en „geen profetessen".[9] Die praktyk verskil aanmerklik van die heidense volke wat juis daartoe geneig was om waarsêery by die vrou te soek soos blyk uit die gevalle van die Pythia in die Orakel van Delphi. Die vrou as profetes is dan kenmerkend van die bygeloof. Maar by die gelowiges is dit anders: daar is die instrumente van die profesie byna uitsluitlik mans sodat as profetesse slegs Debora en Hulda [10] genoem word: die een tydens die volksverval onder Josua, die ander tydens die volksverval na Achab — uitsonderingsfigure dus.

Die tweede verskil raak die vrou in die Nuwe Testament. Veral in die heidenwêreld het die vrou by die eerste verkondiging van die Evangelie van Christus 'n groot rol gespeel.[11] Dit was wel in sekere ooreenstemming met die posisie in die ou bedeling toe die Israelietiese vrou voorregte

---

4 Ex. 15 : 20, 21; ook Kuyper, dr A.: Vrouwen uit de Heilige Schrift, Kok, Kampen, vierde druk, p. 45.

5 Rigt. 4 : 4; Kuyper: a.w. p. 45, 53 e.v.

6 Gen. 2 : 18; 1 Tim. 13, 14.

7 Kuyper: a.w. p. 119.

8 Kuyper: a.w. p. 119.

9 Kuyper: a.w. p. 119. Die skywer is hier nie baie duidelik nie, want so 'n stelling weerspreek die getuienis aangaande Mirjam, Debora en Hulda.

10 Kuyper: a.w. p. 119/120. Hierdie formulering is meer in ooreenstemming met die feite en beklemtoon die uitsonderlike, nood-optrede van die profetes.

11 Kuyper: a.w. p. 197.

geniet het wat onbekend was by die heidene.[12] Sy was geëer as vrou en moeder en hoewel sy aan die man onderworpe was, was daar nie sprake van slaafse gebondenheid nie. Sy kon aan die Ou Testamentiese erediens deelneem al was sy nie die gelyke van die man op religieuse gebied nie.[13] Vroue het diens gedoen aan die ingang van die tent van samekoms;[14] vroue het musiekinstrumente bespeel en reidanse uitgevoer by groot feeste [15] en in die dae van Esra en Nehemia was hulle lede van die tempelkoor.[16] Selfs is die Heilige Gees op hulle uitgestort tot profesie soos in die geval van Mirjam, Debora en Hulda.[17] Hierna volg 'n verval. Veral die Rabbinisme het die vrou op die agtergrond gestoot sodat sy geen plek meer kon kry by die openbare gebed nie en nouliks nog in die sinagoge.[18]

Hierteenoor kom Christus met 'n ander optrede wat 'n sterk navolging vind in die eerste gemeentes.[19] Die prediking van die Evangelie het, volgens Bouma,[20] ook vir die vrou genesing gebring. Vir Dijk [21] was die bevryding in die lig van die voorafgaande toestande, nodig. Paulus volg Christus in die opsig konsekwent na: hy tree op in 'n wêreld wat die vrou agterstel maar preek die Evangelie vir man en vrou [22] en open die deure vir die vrou in die lewe van die Christelike gemeente.[23] Derhalwe konkludeer Dijk [24] tereg dat die Heilige Skrif die vrou nie tot werkloosheid in die gemeente doem nie, sodat daar vandag ook veel meer gebruik gemaak kan word van die vroulike kragte as wat tot dusver die geval was. Sosiologies is daar geen wesentlike verskil tussen die optrede van die gelowige vrou in die Ou en Nuwe Testament oor die algemeen nie. Dit is duidelik dat sy in albei gevalle hoofsaaklik op die agtergrond beweeg, maar tog sodanig dat sy nie uit die oog verloor kan word nie: dat sy 'n ander sosiale en sosiologiese status as die man beklee en meer binneshuis-versorgend optree en minder as openbare figuur. Maar in besondere omstandighede tree sy nieteenstaande haar normale status en posisie na vore met inisiatief en met krag. Dit geld gelowige sowel as goddelose vroue: Tamar, Mirjam, Ragab, Debora, Jaël, Delila, Rut, Abigaïl, die vrou van Bahurim, Rispa, Isébel, die Sunamietiese vrou, Atália, Hulda en Ester.[25]

Hoewel hieronder enkele vroue was wat feitlik ampshalwe opgetree het

---

12 Dijk, dr. K.: De Vrouw in de Brieven van den apostel Paulus; Meinema, Delft, 1933, p. 10.
13 Dijk: a.w. p. 51.
14 1 Sam. 2 : 22.
15 Ex. 15 : 20; 1 Sam. 18 : 6; Ps. 68 : 26.
16 Esra 2 : 65; Neh. 7 : 67.
17 Dijk: a.w. p. 53.
18 Dijk: a.w. p. 53. Vgl. ook p. 8.
19 Dijk: a.w. p. 54. Vgl. ook Kuyper, a.w. p. 197.
20 Bouma, dr. C.: Genade Geneest, p. 134, 135 aangehaal deur Dijk: a.w. p. 8.
21 Dijk: a.w. p. 8.
22 Gal. 3 : 28.
23 Dijk: a.w. p. 10.
24 Dijk: a.w. p.93.
25 Gen. 28 : 6 e.v.; Ex. 15 : 20, 21; Num. 12 : 1; Miga 6 : 4; Jos. 2 : 2 e.v.; Rigt. 4 : 4 e.v.; Rigt. 4 : 17 e.v.; Rigt. 16 : 4 e.v.; Rut 1 : 14 e.v.; 1 Sam. 25 : 3 e.v.; 2 Sam. 17 : 19; 2 Sam. 21 : 10; 1 Kon. 16, 19, 21; 2 Kon. 4 : 8 e.v.; 2 Kon. 11 : 1; 2 Kon. 22 : 14; Ester 5 : 1 e.v. Vgl. ook: Kuyper, a.w.

soos Mirjam, Debora en Hulda, verskil die posisie nie veel van die Nuwe Testamentiese nie. Die koms van Christus, sy omwandeling, kruisiging, opstanding en die verbreiding van die Evangelie, die uitstorting van die Heilige Gees, die organisering van die eerste gemeentes was 'n periode van krisis, 'n abnormale tydperk waarin die geleenthede vir sterk vroulike optrede veelvuldig en vrugbaar was. Maar deurgaans tree die vrou ook hier op ooreenkomstig haar sosiologiese status en posisie: as medearbeidster, as versorgster en nie in amptelik-openbare kapasiteit nie.[26] Die toestand blyk duidelik uit die besondere werksaamhede van die vrou waarvan ons in die Nuwe Testament oor die algemeen 'n ruimer beeld kry,[27] alhoewel oor sekere aspekte nog verskil van mening bestaan.

Dijk [28] bestry die opvatting wat in die medestryders van Paulus niks anders sien as in-barmhartigheid-dienenende Martha's wat vir die tafels van die armes gesorg het en die naaktes gekleed het met wat hulle vervaardig het. Ook Kuyper [29] verskil van die opvatting van die kanttekenare dat vroue, soos Maria en Persis [30] se arbeid alleenlik sou bestaan het uit die herberging en verlening van huishoudelike dienste aan Paulus. Meesal word na die werk in algemene terme verwys: Maria van Rome „wat baie vir ons gearbei het"; [31] Priscilla „my medewerker(s) in Christus Jesus"; [32] Trifena en Trifosa „vroue wat in die Here gearbei het"; [33] Febe „wat 'n dienares is van die gemeente in Kenchreë".[34] Die byvoeging „in Christus Jesus", „in die Here", gee duidelik genoeg te kenne dat die arbeid bepaald meer as huislike versorging van die apostel was. Dijk [35] is derhalwe heel waarskynlik reg as hy die werksaamhede onder drie hoofde tuisbring. Naas die aktiewe en spesiale aandeel in die barmhartigheidsdiens [36] het hulle gearbei en gestry in die Evangelie sowel in die onderwysing van die gemeente [37] as in die verkondiging van die goeie boodskap na buite terwyl hulle daarby veral die eg-vroulike taak verrig het deur die gelowiges, veral die apostels en hulle helpers, gasvry te ontvang en te versorg [38] en hulle huise oop te stel vir die samekomste van die gemeente.[39]

Wat die status van die vroulike arbeid in die kerk betref, is Gereformeerde outoriteite dit daaroor eens dat hierdie werk, hoewel omvangrik

---

26 Vgl. Kuyper: a.w. en Dijk: a.w.
27 Vgl. Dijk: a.w. en Kuyper: a.w. p. 131 e.v.
28 Dijk: a.w. pp. 58, 66.
29 Kuyper: a.w. pp. 180, 181.
30 Rom. 16 : 6, 12.
31 Rom. 16 : 6.
32 Rom. 16 : 3.
33 Rom. 16 : 12.
34 Rom. 16 : 1.
35 Dijk: a.w. pp. 57, 59, 80, 92.
36 Vgl. die geval van Dorkas, Hand. 9 : 36.
37 Vgl. Titus 2 : 3, 4.
38 Die bekendste voorbeeld is dié van Martha van Bethanië, Luk. 10 : 38 e.v.; ook Lidia die purperverkoopster, Hand. 16 : 15; Priscilla, Hand. 18 : 2 en Rom. 16 : 3 „wat vir my hulle lewe gewaag het"; Febe „want sy was vir baie 'n beskermster", Rom. 16 : 2.
39 Maria van Jerusalem, Hand. 12 : 12.

en uiters waardevol, geen *ampswerk* was nie. Dit wil sê dat dit wel konsekwente vrug van die algemene amp van die gelowige, derhalwe ook spesifiek van die *gelowige vrou* was, maar dat dit nie gedoen is uit hoofde van een van die drie spesifieke kerklike ampte, naamlik die leer-, regeer- of barmhartigheidsamp nie.

Met betrekking tot die leer- en regeeramp besluit Dijk [40] dat uit die terme wat in verband met Priscilla en ander vroue [41] gebruik word nie noodwendig volg dat die vrou 'n ampsdraagster in die Apostoliese gemeentes was nie, maar dat haar werk eerder 'n algemene karakter gedra het. Die optrede van Febe, Priscilla, Persis en die ander vind nie plaas in die offisiële samekoms van die gemeente nie, anders sou dit ook in stryd wees met die uitdruklike en sterk uitsprake van Paulus in 1 Kor. 14 : 34, 35 en in 1 Tim. 2 : 12. Van 'n *leeramp* van die vrou was in die ou Christelike kerk geen sprake nie. Kuyper [42] onderskryf die standpunt ook uitdruklik en fundeer die verskil in die soortverskil tussen man en vrou. Bouma [43] gee dieselfde verklaring. Betreffende die regering in die kerk word in die opsig nie uitdruklik iets gesê nie, maar waar die leer- en regeeramp in die Apostoliese tyd nog so eng verbonde was,[44] sal wat oor die posisie van die vrou teenoor die lering in die kerk gesê is, seker ook van toepassing wees op haar plek in die kerkregering.

Oor die uitsluiting van die vrou uit die diakonale *amp* is die Skrif skynbaar nie so duidelik as oor die leeramp nie sodat baie trouens gemeen het om juis in die Skrif regstreekse aanwysings te vind vir 'n amptelike liefdesdiens. Dit geld veral die geval van Febe [45] en Paulus se voorskrifte aan Timotheus aangaande die diakens [46] en die weduwees.[47] Hieruit hoofsaaklik is die veroorloofde bestaan van amptelike diakonesse in die kerk afgelei. Van Leeuwen en Jacobs [48] onderskryf blykbaar die opvatting wanneer hulle aangaande Febe konstateer dat sy „een bepaalde funksie in de gemeente van Kenchreae heeft", dat die *dienares* wys op 'n bepaalde *amptelike* funksie en dat sy dan die oudste voorbeeld is van 'n „gemeente-diaconos" volgens 1 Tim. 3 : 11. Dijk [49] bestry die vertolking. Die omskrywing *diakonos* in die geval van Febe bewys niks en word slegs gebruik in die algemene sin as *dienares* [50] en nie in die oordragtelike en spesifieke sin van *diaken* nie. As sodanig hou die arbeid van Febe

---

40 Dijk: a.w. pp. 62, 67, 80, 85, 92.

41 Rom. 16.

42 Kuyper, dr A.: De Eerepositie der Vrouw, Kok, Kampen, 1914, pp. 55, 56; Vgl. ook Kuyper: Vrouwen uit de H. Schrift, p. 120.

43 Bouma, dr C.: *De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheüs en Titus* in die reeks Korte Verklaring der Heilige Schrift, Kok, Kampen, 1937, p. 65 e.v.

44 Vgl. die Bevestigingsformulier vir Ouderlinge uit die Drie Formuliere van Enigheid en die Liturgie in die Afr. Psalmboek 1945, p. 155 e.v.

45 Rom. 16 : 1, 2.

46 1 Tim. 3 : 11.

47 1 Tim. 5 : 9 e.v.

48 Van Leeuwen, dr J. A. C. en Jacobs, dr D.: *De Brief aan de Romeinen.* Tweede Druk, in Korte Verklaring der Heilige Schrift, Kok, Kampen, 1939, p. 279.

49 Dijk: a.w. p. 86.

50 Vgl. Afr. Bybelvertaling.

dan geen ampswaardigheid in nie en moet dit gesien word as hulpdiens.[51]

Groot verskil bestaan daar ook oor die vroue wat in 1 Tim. 3 : 11 genoem word. Calvyn,[52] die kanttekenare van die Statebybel en Biesterveld [53] meen dat dit betrekking het op die vroue van die ampsdraers. Dijk [54] verstaan daaronder 'n besondere groep vroue wat in die gemeente diens gedoen het en selfs dan sien hy in die arbeid van dié vroue nog geen *amps*diens nie, maar alleen diakonale *hulp*diens.[55] Bouma [56] meen dat hulle *naas* die diakens gewerk het en dat hulle een aaneengeslote groep gevorm het, 'n soort susterskomitee dus vir diakonale hulp; maar hulle het nie 'n kerklike amp gevorm nie. „Van diakonessen hier te spreken, heeft geen zin".

Met die gebruik van die term *diakonesse* moet groot versigtigheid betrag word anders lei dit tot verwarring en misverstand. Dit kom voor asof sommige die term konsekwent gebruik in spesifieke oordragtelike sin om 'n kerklike amp waarvan vroue die lede is, aan te dui terwyl ander dit in die algemene sin van dienares, dit wil sê as non-offisiële helpster, gebruik.[57] Dit is byvoorbeeld nie baie duidelik in watter sin Koelman [58] dit gebruik as hy die bestaan van diakonesse veroorloof en bepleit op grond van die praktyk van die Apostoliese woord,[59] die praktyk van die ou kerk na die apostels en die uitsprake van Voetius.[60] Uit wat hy sê oor die wyse van verkiesing skyn dit tog asof Koelman slegs behulpsels, dienaresse in die algemene sin in gedagte het.[61] Hoewel Voetius [62] volgens Harrenstein,[63] die spesifiek amptelike betekenis aan die woord heg, skyn dit tog uit die verband en voorbeelde wat Voetius noem, asof hy wensentlik geen ampswerk bedoel nie, maar hulpdiens.[64] Bavinck [65] omskryf sy woordgebruik duideliker as hy aanbeveel dat die diakonie van vrouehulp gebruik moet maak „op dezelfde wijze als de beide andere ambten gebruik maken van catechiseermeesters en ziekentroosters". Tensy anders aangedui sal die woord voortaan alleen aangewend word in die betekenis van 'n *vroulike ampsdiens.*

Daar word veelal aangeneem dat die vroue en weduwees wat in 1 Tim.

---

51 Vgl. ook Chr. Enc. I, p. 585/6.

52 Calvin, John: Comm. on the Epist. to Timothy etc. Edinburgh, 1856, p. 87.

53 Biesterveld e.a.: a.w. p. 245.

54 Dijk: a.w. p. 87.

55 Dijk: a.w. p. 87. Vgl. ook Chr. Enc. I, p. 585/6 en Bouwman: Het Ambt der Diakenen, p. 123.

56 Bouma: a.w. p. 71.

57 Vgl. Harrenstein, W. G.: Het Arbeidsterrein der Kerk in de Groote Steden, p. 163; ook Biesterveld: a.w. p. 262 e.v.

58 Koelman, J.: Het Ambt der Ouderlingen en Diakenen, p. 351 e.v.

59 Tim. 16 : 1 en 1 Tim. 5 : 9.

60 Voetius: Polit. Eccles. dl 2 p. 509 e.v.; aangehaal deur Koelman, p. 352.

61 Vgl. ook Hoekstra H., De Gaaij Fortman, N. A., Van den Bergh, W.: Olie en Wijn in de Wonden, Kok, Kampen, 1929, p. 86; Harrenstein: a.w. p. 160.

62 Voetius: Polit. Eccl. III, p. 512.

63 Harrenstein: a.w.

64 Vgl. Bouwman: a.w. p. 129.

65 Bavinck, dr. H.: Gereformeerde Dogmatiek, Kok, Kampen, 1911, IV, p. 469.

5 : 9-13 genoem word, 'n kerklike amp beklee het.[66] Almal is daaroor eens dat die genoemde vroue werk verrig het tot diens van die gemeente maar verskil oor die vraag of dit 'n ampskarakter gedra het. Bouma self oordeel dat vir die ampsopvatting geen steekhoudende bewys aan te voer is nie en beroep hom veral daarop dat die kriterium vir ampsdiens die instelling in die amp,[67] handoplegging [68] na 'n proeftydperk [69] is en hiervan „lezen wij bij de vrouwen en weduwen niets".[70]

Die indruk wat die Statevertaling van 1 Tim. 5 : 9 maklik kan wek, naamlik van 'n verkiesing tot 'n amp [71] is ook eie aan die Afrikaanse vertaling. Daarom beskou Bouma [72] die vertaling as onjuis omdat daarmee eintlik bedoel word „ingeskryf word" op 'n bepaalde lys. Wat die besondere lys of register was, gee ook aanleiding tot meningsverskil. Calvyn het blykbaar die mening gehuldig dat die weduwees ingeskryf moet word op die register van diegene wat deur die gemeente versorg moes word,[73] terwyl Brouwer [74] dit verklaar as 'n lys van kerklike ampte. Hiervoor vind Bouma [75] geen enkele bewys nie terwyl hy saam met Bouwman [76] ook nie Calvyn se verklaring kan onderskryf nie. Waar daar van inskrywing sprake is, is die bedoeling tog die gebruikmaking van die dienste van spesifieke vroue, d.w.s. van dienste wat nie deur alle gelowige vroue gedoen kan word nie. In die geval ontstaan die vraag of daar nie 'n sweem van amptelikheid aan die diens kleef nie. Die vrou wat in opdrag van die diakonie 'n taak verrig, tree tog meer „amptelik" op as die een wat bloot as gelowige 'n soortgelyke diens verrig. Derhalwe sou dit waarskynlik 'n duideliker onderskeiding wees om te praat van ampswerk en amptelike werk, of van diens wat *in* die amp en werk wat *vir* die amp verrig word.

Harrenstein [77] som die posisie dan ook juis op as hy beweer „de groote meerderheid der Gereformeerde schrijvers wil van geen ambt der diakones weten, maar ziet haar als behulpsel der diakenen optreden". Ook in haar kerklike werk moet die vrou getrou bly aan die skeppingsordinansie dat sy vir die man 'n hulp is.[78]

Hoewel met betrekking tot die vroue van 1 Tim. 3 : 11 en die weduwees van 1 Tim. 5 : 9-13 meesal alleen gedink word aan die diakonale medewerksaamheid moet in gedagte gehou word dat hier sprake is van hulp-

---

66 Bouma: a.w. p. 26. Bouma verwys ook na die volgende: Michaelis - Pastoralbriefe, p. 59; Niemertz - Die Pastoralbriefe 1931, p. 64; Dibelius - Pastoralbriefe, p. 47; Lock - The Pastoral Epistles, Int. Crit. Comm. 1924, p. 40; Brouwer - Kerkorganisatie, p. 71.
67 Tit. 1 : 5.
68 1 Tim. 5 : 22.
69 1 Tim. 3 : 10.
70 Bouma: a.w. p. 26.
71 Bouma: a.w. p. 26.
72 Bouma: a.w. pp. 26, 91; Vgl. ook p. 124; Christ. Enc. I, p. 585/6.
73 Vgl. Bouman: a.w. p. 124.
74 Brouwer: Kerkorganisatie - soos aangehaal deur Bouma: a.w. p. 26.
75 Bouma: a.w. p. 26.
76 Bouwman: a.w. p. 124/125.
77 Harrenstein: a.w. p. 161.
78 Bouwman: a.w. p. 123.

diens aan diakens in die vorm van besoek aan en versorging van armes, siekes en gevangenes sowel as aan die ouderlinge deur die onderrig van wese en raad en leiding aan jong vroue.[79] Tog kom dit voor asof die vrou op die terrein van die barmhartigheidsdiens haar eintlike hulpdiens kan lewer omdat sy hiervoor besonder geskik is.[80]

Die Skrif laat geen onduidelikheid oor die vereistes wat gestel moet word aan daardie gelowiges wat tot 'n kerklike amp verkies mag word nie, hetsy ouderling of diaken.[81] Ewe-eens word aan die vroue wat in besondere hulpdienste gebruik mag word, bepaalde vereistes voorgeskryf. „Net so moet die vroue", skryf Paulus aan Timotheus,[82] „eerbaar wees, geen kwaadsprekers nie, nugter, betroubaar in alles", terwyl in verband met die weduwees nog meer vereistes gestel word [83] wat deur Bouma [84] opgesom word met nadere motivering. Daar is eerstens die leeftyds-eis, naamlik nie jonger as sestig jaar nie. Hiervoor is daar waarskynlik twee redes. Op hierdie leeftyd mag die vrou grootliks gevrywaar wees teen allerlei versoekings in haar aanraking met alle soorte mense in die gemeente terwyl dit ook die moontlikheid van 'n tweede huwelik aansienlik verminder en 'n geleentheid bied om die taak betreklik duursaam uit te voer. Kuyper [85] sien hierin ook die betekenis dat dit 'n vrou moet wees „voor wie de moederlijke taak ten einde liep". Die tweede eis is 'n sedelike, naamlik die vrou van één man, dit wil sê, 'n vrou in 'n monogame huwelik al sou sy meer as eenkeer getroud gewees het weens die dood van die vorige man(s). Die orige vyf eise: bekendheid deur goeie werke, opvoeding van eie kinders, gasvryheid, diensvaardigheid soos blyk uit die voetwassing van die heiliges en ondersteuning van verdruktes, kan saamgevat word in die ywer vir alle goeie werke.

Dit is opmerklik dat van hierdie hulpdiens en by die bespreking van die eise daarvoor gehandel word in aansluiting by die voorskrifte oor die versorging van die ware weduwees. Bouwman [86] beklemtoon die aspek so sterk dat hy beweer dat in 1 Tim. 5 : 9 nie gehandel word oor die „diakonessenambt, zooals wij dat thans kennen", maar oor „de dienst der weduwen, ons bekend in de historie". Van besondere belang is hier veral die ouderdomsbepaling wat deur Kuyper [87] in verband gebring is met die moederlike taak. Bouwman [88] benadruk die aspek. Die vrou kan uit die aard van haar vroulike aanleg kostelike hulpdiens in die gemeente verrig juis omdat sy as hulp vir Adam geskape is. Sy is aangelê om haar in liefde te gee aan haar man. „Haar terein is allereerst het huisgezin". Die gesinstaak mag sy nie geringskat of verwaarloos terwille van ander

---

[79] Harrenstein: a.w. p. 171 e.v.; Dijk: a.w. pp. 89, 93; Christ. Enc. I, p. 585.
[80] Bouma: a.w. p. 91; Bouwman: a.w. pp. 122, 123; Harrenstein: a.w. pp. 159, 161.
[81] Vgl. veral 1 Tim. 3.
[82] 1 Tim. 3 : 11.
[83] 1 Tim. 5 : 9 e.v.
[84] Bouma: a.w. p. 91.
[85] Kuyper: De Eerepositie der Vrouw, p. 55.
[86] Bouwman: a.w. p. 124.
[87] Kuyper: a.w. p. 55.
[88] Bouwman: a.w. pp. 122/123.

arbeid nie. „Slechts daar waar zij onder het voorzienig bestuur des Heeren het huwelijksleven niet kan genieten, of de huiselijke plichten haar niet binden, is het voor eene vrouw zulk een schoone taak helpend en dienend op te treden in de gemeente van Christus".

Blykbaar op grond hiervan tesame met ander praktiese redes, beveel Paulus dat die jonger vroue nie ingeskryf moet word nie.[89] Die praktiese oorwegings sou allereers wees dat die begeerte en geleentheid om weer te trou die duursame toewyding aan die kerklike arbeid sal skaad. Origens mag die buitenshuise aard van die werk en die vele besoeke die jonger vroue aan traagheid, ledigheid en uithuisigheid gewen. Vir ouer vroue is die gevaar vanselfsprekend nie so aktueel as vir jongeres nie. As ware weduwees het hulle meesal geen gesinne meer nie — die jongste kinders van sestigjarige weduwees sal volgens die vrugbaarheidreëls ongeveer 15 jaar oud wees en derhalwe nie meer soveel onmiddellike sorg vereis nie.

Vir die jonger weduwees wys Paulus 'n ander positiewe taak aan [90] wat meer in ooreenstemming is met hulle eg-vroulike aard en roeping. Indien daar geleentheid kom vir 'n eerbare, gesonde huwelik, moet hulle trou, kinders baar en hulle huis so versorg dat niemand die minste aanleiding tot laster kry nie. As die vrou, getroud en moeder, haar huis goed regeer en versorg, dan het sy haar lewensdoel bereik en is haar lewe gevul.

Uit die voorgaande volg twee vrae. Die eerste is of ander vroue as die werklike weduwees van enige hulpdiens, van enige „goeie werke" in die gemeente uitgesluit is. Ander Skrifgegewens weerspreek 'n bevestigende antwoord op die vraag. Hoewel die huwelikstaat van al die vroue wat Paulus in Rom. 16 noem, nie bekend is nie, word tenminste Priscilla saam met haar man genoem, so ook is in 1 Tim. 3 : 11 sprake van die algemene term *vroue*. Die beantwoording van die vraag vereis duidelike onderskeidinge. Elke vrou is uit hoofde van haar algemene amp as gelowige geroepe tot goeie werke, om aan ongelukkiges hulp te verleen waar die nood dit eis, op so 'n wyse dat dit nie lei tot verwaarlosing van huwelik en huisgesin nie. Natuurlik word hierby nie uitgesluit die bring van offers deur die hele huisgesin in tye en bygeval van ernstige nood nie. Maar hierdie hulpverlening dra die kenmerke van tydelik en sporadies te wees. Anders is dit wanneer sy „ingeskrywe" word: dan moet sy haar te enige tyd en duursaam aan die werk kan wy en onder die omstandighede kom die gevaar van botsing met die prioriteit van die gesinstaak op die voorgrond. Nou moet sy eintlik meer as haar gewone pligte as gelowige verrig aangesien sy gebruik word in 'n spesifieke, feitlik semiamptelike hoedanigheid as helpster.

Waar Paulus 'n taak oplê, uitdruklik aan weduwees bo 60 jaar en by implikasie aan weduwees onder 45 jaar, moet gevra word na die posisie van die groep tussen hierdie ouderdomme. Uit die inhoud van die voorafgaande paragrawe behoort dit duidelik te wees dat die inskrywe van weduwees *bo sestig jaar* nie soveel 'n prinsipiële noodwendigheid is nie as 'n praktiese weg berustende op bepaalde beginsels. 'n Weduwee ouer

---

89 Bouma: a.w. pp. 93/94.
90 Bouma: a.w. p. 94; Vgl. 1 Tim. 5 : 14.

as 60 jaar kan prakties makliker beantwoord aan die vereistes wat Paulus vir die hulpdiens stel as die getroude en jonger vroue sonder om die beginsels van die gesinstaak in gedrang te bring. Onder normale omstandighede sal weduwees tussen 45 en 60 jaar nog klein kindertjies hê om te versorg en sal hulle taak dus eerstens die gesinsversorging wees. Die ouderdomsgrens moet tot 'n groot mate gesien word in sy betekenis en verband met die vrou se gesinsverpligtinge.

Een vraag res nog ter beantwoording: wat was die diakonesse en hulle funksie waarvan wel in die kerkgeskiedenis vermeld word? Volgens Bouwman [91] was die eintlike „kerkelijke ambt voor vrouwen" gedurende die eerste eeue nie dié van diakones nie, maar dié van weduwee. Dit was dan ouere, ervare vroue wat as eggenotes en moeders ervaring opgedoen het en gekies is om behulpsaam te wees met die arm- en siekesorg, onderrig aan vroue en kinders, opvoeding van wese en die doop en salwing van vroue. Hoewel hulle gedurende hierdie tye 'n ereplek in die samekomste verkry het en as profetesse en leraresse selfs selfstandig naas die biskoppe, presbiters en diakens met toesig oor die vroulike deel van die gemeente opgetree het, is hulle nie georden soos die biskop nie en het hulle blykbaar spoedig in onguns verval — opmerklik genoeg op grond van dieselfde redes wat Paulus in 1 Tim. 5 opsom: te veel praat en te vriendelik met ryk en vername mans verkeer. Derhalwe het die biskoppe 'n diakonessehulpdiens geskep geheel en al onder die bevel van die biskop vir armen siekesorg, as deurwagters by die eredienste, as bodes van die biskop — 'n funksie geheel en al in ooreenstemming met die onsuiwere posisie waarin die diakensamp verval het. Deur tot 'n persoonlike hulpdiens van die biskop te verval het die werk betekenisloos geword, al het die naam nog tot in die 13de eeu behoue gebly.[92]

Die Reformasie het die vrou aan die huisgesin teruggegee.[93] Luther het reeds by sy eis vir die herstel van die diakonaat die werk van die vrou van groot gewig geag terwyl die gereformeerdes geensins geaarsel het om haar dienste by die barmhartigheidswerk te betrek nie.[94] Calvyn self het die diakonesse gekoppel aan sy tweede soort diakens, die sogenaamde hospitaliers wat veral die siekesorg as taak gehad het.[95]

Die Konvent van Wezel [96] (1568) en die Wezelse Kerkorde (1577) gee die indruk van die wesentlike herstel van die diakonesse-*amp* vir sover 'n viertal diakonesse deur die kerkraad gekies is sonder dat daar streng gehou is aan weduwees en die ouderdomsbepaling van 60 jaar. Maar toe die klassis van Wezel in 1581 die Sinode van Middelburg vra na die wenslikheid van die herinstelling van die diakonesse-amp, word onomwonde verklaar: „Neen, om verscheidene inconveniënten wille die

---

91 Bouwman: a.w. p. 124 e.v. Hy verwys ook na: Uhlhorn: „Die Christliche Liebestätigkeit in der Alten Kirche"; Th. Schäfer: „Die Weibliche Diakonie"; Hans Achelis: „Altkirchliche Diakonissen".

92 Vgl. ook Christ. Enc. I, p. 585/6.

93 Bouwman: a.w. p. 126.

94 Bouwman: a.w. p. 126; ook Christ. Enc. I, p. 585/6; Van Lonkhuyzen in a.w. p. 127.

95 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 119.

96 Christ. Enc. I, p. 585/6.

daaruit souden moghen volghen",[97] waardeur alleen die *amps*diens en nie die *hulp*diens verwerp is nie, want verder word bygevoeg:

„Maer in tijden van pestilentie ofte ander kranckheden, so daer eenighen dienst by krancken vrouwe te doen is, den Diaconien niet betamelick, so sullen sij die versorghen door haere huysvrouwen, ofte andere daertoe bequaeme sijnde".

Hierdie standpunt was ongetwyfeld meer in lyn met die algemene gereformeerde opvatting.

Die taak wat hierdie *diakonesse* toegesê is vir sover dit die diakonale werksaamhede betref is betreklik duidelik. Van Dorkas of Tabita staan dit reeds opgeteken dat aan Petrus die bo- en onderklere getoon is wat sy gemaak het.[98] Die Christelijke Encyclopaedie [99] beroep hom dan ook juis op die uitnemende gawes wat God die vrou geskenk het in 'n pleidooi dat die kerk meer gebruik van die vrou in hulpdiens moet maak met spesiale verwysing na die sorg vir armes, siekeverpleging, versorging van weduwees, wese en bejaardes, hulp aan kraamvroue, verlening van bystand en raad aan moeders, voorbereiding van voedsel vir armes en siekes, klerevoorsiening, behartiging van die belange van diensbodes, eensame meisies ens. Bouwman [100] beroep hom ewe-eens op die „gave der vrouw, met de teederheid en volharding haar eigen, op het terrein der barmhartigheid veel te doen, waartoe de man niet in staat is".

Spesifiek verwys hy dan na die arme- en siekesorg. Deurgaans word die besondere vrouelike aard dan ook as basis en rigsnoer aangedui vir die hulpdienste wat van haar verlang word. Derhalwe ook die byvoeging van die Middelburgse Sinode [101] by sy antwoord dat diakonesse nie gekies mag word nie, naamlik dat enige dienste wat die diakens nie met betaamlikheid kan uitvoer nie, aan vroue opgedra moet word. Ook Voetius [102] sluit hom hierby aan, maar op breër terrein as die siekesorg. In al hierdie uitsprake is eerder riglyne neergelê as gereglementeerde voorskrifte gegee, sodat Bouwman [103] tereg tot die besluit kom dat dit nie nodig is om net by die voorbeelde van die verlede te bly staan nie, maar om met 'n luisterende oor na die stem van die historie die behoeftes van die tyd op te vang.

In Suid-Afrika en tenminste in die Gereformeerde Kerk sedert 1859 was die aanwesigheid van „diakonesse" onbekend. So 'n amptelike of

---

97 Van Lonkhuyzen in a.w. p. 158; ook Bouwman: a.w. p. 127.
98 Hand. 9 : 39.
99 Christ. Enc. I, p. 585 e.v.
100 Bouwman: a.w. p. 122.
101 Vgl. Van Lonkhuyzen in a.w. p. 158.
102 Voetius: Polit. Enc. III, p. 508-513, aangehaal deur Bouwman: a.w. p. 128. (Vgl. ook die volgende: In die Franse Gereformeerde Kerke het die diakonesse met die arm-, sieke- en oue-sorg gehelp; in die Wezelse Kerk het hule in die najaar die rondte gedoen om die klere van die armes na te sien en te herstel indien nodig (Biesterveld e.a. a.w. pp. 127 en 144/5); Harrenstein (a.w. p. 162) noem die praktiese take feitlik in dieselfde woorde as Voetius: siekeverpleging, verstrekking van versterkende voedsel aan swakkes en kraamvrouwe, waarneming van die huishouding in gesinne waar die moeder siek en die kinders nog klein is.)
103 Bouwman: a.w. p. 129.

semi-amptelike instelling met dié naam het in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nog nie bestaan nie. Maar daarmee is ook nie beweer dat die Gereformeerde vrou alleen 'n passiewe rol in die geskiedenis van die kerk gespeel het nie. Sy was ongetwyfeld 'n belangrike deel van die krag wat, menslikerwys gesproke, die groei en ontwikkeling van die Gereformeerde Kerk bevorderlik gemaak het al sou dit net wees deur die stille maar daadwerkelike ondersteuning van haar man, die dra van ongerief en sware verantwoordelikheid wanneer die man as ampsdraer dikwels langdurig van die huis moes weg wees en die versorging en herberg van die besoekende leraar en kerkraadslede.

Terwyl dit voorkom asof die gelowige vrou van die Apostoliese kerk haar hulpdienste op tweeërlei wyse kon lewer, hetsy individueel in geen amptelike sin hoegenaamd nie, hetsy as „ingeskrewe weduwee", dit wil sê in 'n soort amptelike benoemde hulpdiens, skyn dit asof die Gereformeerde vrou in Suid-Afrika in die latere kerklike ontwikkeling ook op tweeledige wyse haar hulptaak — aan die diakonie sowel as aan ander ampte — kon verrig. Sy kon dit individueel sonder enige skyn van formaliteit en amptelikheid doen of in georganiseerde verenigingsverband. Laasgenoemde wyse verskil in dié opsig van die ingeskrewe weduwees, dat die organisasie op inisiatief van die susters self ontstaan en nie van die diakonie uitgaan nie en dat vir samewerking of hulpdienslewering die sustersorganisasie dan deur die diakonie erken en van sy hulp gebruik gemaak word.

Oor die individuele hulp van susters is weinig of niks opgeteken in die offisiële kerkraads- en/of diakonale dokumente nie in teenstelling met getuienis oor georganiseerde optrede. Die vroegste verwysing hierna het ek gevind in die kerkraadsnotule van die Johannesburgse gemeente:

> „De leraar vraagt verlof van den kerkeraad om de zusters der gemeente te verzoeken om den kerkeraad behulpzaam te zijn in de verpleging van kranken en verzorging der armen zooals in de Moederkerk in Nederland en volgens den grondslag gelegd in Hand. 9 vers 39".[104]

Die versoek is ewe-eens deur die gemeente goedgekeur.[105] Uit die motivering van die versoek kom dit voor asof die aangeleentheid 'n betreklike nuwigheid in die kerk moes wees. Daar is geen verwysing na die voorbeeld van ander gemeentes nie, maar na die Nederlandse moedergemeentes. Na alle waarskynlikheid het ons hier te doen met die geboorte van die later bekende *Dorkasverenigings* en die huidige *Gereformeerde Sustersverenigings*. Daar word by die motivering nie alleen na die voorbeeld van Dorkas verwys nie, maar hierdie werksaamhede het spoedig ook in die Johannesburgse gemeente as Dorkaswerk bekend gestaan.[106] Die opvallende verswyging van die naam van die diakonie, selfs waar die voorgestelde hulpwerk aan „den kerkeraad" die suiwerste barmhartigheidsdiens is, moet blykbaar eerder verklaar word in die lig van die vaagheid van die diakonale amp in hierdie tyd, soos vroeër reeds uiteengesit, as in

104 Kr. not. Johannesburg, 21.7.98, art. 11.
105 Kr. not. Johannesburg, 23.7.98, art. 4.
106 Kr. not. Johannesburg, 23.2.99, art. 14.

die lig van 'n besondere kerkregtelike prinsipe. Dat die werk besonder waardevol en vrugbaar geblyk het, kon afgelei word uit die volgende notulering:

„De leraar geeft aan de hand dat de Dorkas werkzaamheden, die tot zooveel zegen geweest zijn in den zwaren oorlogstijd en vroeger...., weer hervat worden".[107]

Oor die algemeen word na 1900 van sodanige sustersorganisasie vir diakonale hulp in die amptelike kerklike stukke vir veertien - vyftien jaar weinig of niks aangetref. Dan skyn dit asof die susters in hulle georganiseerde hulpdiens weer sterker op die voorgrond en in die kerklike bewussyn tree. Wat die oorsaak is, is moeilik te bepaal, maar dit is opmerklik dat hierdie meerdere aktiwiteite feitlik saamval met die eerste tekens van die herlewing van die diakonale ampsbewussyn. Vanuit Pretoria word melding gemaak van die werk van die Christelike Jongedogtersvereniging, Thabita; [108] van Bethulie heet dit dat die diakonie bygestaan word deur 'n „susters comitee".[109] Dr. J. D. du Toit spreek voor die Kaaplandse Algemene Vergadering oor die sogenaamde diakonesse-amp.[110] Oor die aktiwiteite van die Dorkasvereniging in Braamfontein word meer verhaal. Hierdie sustervereniging „Bid en Werk — of ook Dorkas, tot hulp van de armen onzer gemeente" is vrywillig deur die susters in 1915 gestig en „heeft veel nut gedaan daar door de zusters vele giften in geld en goederen maandelijks zijn ingezameld, als ook vele uitdeelingen in kost en kleederen zijn gedaan".[111]

Later word in toenemende mate melding gemaak van die optrede en hulp van soortgelyke sustersverenigings. Die komitee van die Kaaplandse Algemene Vergadering wat advies moes uitbring oor die gemeenteverslae, adviseer trouens dat die diakonieë meer gebruik behoort te maak „van de gewillige kragte wat ons het in onse susters deur Dorkasvereniginge te stig".[112] Opmerklik genoeg vra die Vrystaatse Algemene Vergadering van 1926 byna presies dieselfde [113] terwyl die Johannesburgse kerkraad in sy oproep om wyere steun vir winterhulp die ondersteuning van die Dorkasverenigings loof. Dit is asof die vermelding van die aktiwiteite van die susters nou gereelder en meer algemeen vermeld word.[114]

In al die bogenoemde gevalle word die aktiwiteite van die georganiseerde susters genoem as hulpdienste, hoofsaaklik vir die diakonie. Daaruit ontstaan die vraag na die formele verhouding tussen die Dorkas of sustersverenigings en/of -komitees en die diakonie. In die Johannesburgse geval is dit duidelik dat die Dorkas (opmerklik genoeg word hier alleen van die Dorkas*werksaamhede* van die susters en nie van 'n Dorkas- of susters*vereniging* gepraat nie) uit die inisiatief van die kerkraad

[107] Kr. not. Johannesburg, 30.8.02, art. 2(c).
[108] Kerkblad, 15.12.14, p. 5.
[109] Kr. not. Bethulie, 22.1.15, art. 9.
[110] Kerkblad, 15.2.16, p. 3.
[111] Kr. not. Braamfontein, 26.7.16, art. 5.
[112] Notule 63e Alg. Verg. Kaapland, 1926, art. 43(e).
[113] Een beleefd versoek om hulp, Kerkblad, 20.4.26, p. 18.
[114] Vgl. die volgende: Visitatore-verslag Kr. not. Ventersburg, 15.6.27, art. 10; Lesing deur ds. Jacs van Rooy op eerste Uniale Diak. Konf., Bloemfontein 2.8.29,

ontstaan het terwyl daarby uitdruklik vermeld word: „Deze arbeid zal onder het toezicht des Kerkeraads staan".[115] Wanneer die saak na die einde van die oorlog in 1902 hervat word, gaan dit weer uit van die kerkraad en, in nouer ooreenkoms met die diakonale arbeid, word besluit dat „de BB. diakenen *onmiddellijk* met behulp van de zusters der gemeente in de respectieve wijken deze werksaamheden in belang van de armen der gemeente, zullen hervatten".[116] Die prosedure hier herinner nog sterk aan die inskrywe van weduwees volgens 1 Tim. 5 alhoewel hier geen beperking is tot weduwees ouer as 60 jaar nie. Maar teen 1915 het die posisie reeds sodanig verander dat daar uitdruklik genotuleer staan dat die vereniging *vrywillig* tot stand gekom het — die vroeëre reëling moes dus om een of ander rede verval het — dit wil sê op inisiatief van die susters self sonder inisiërende optrede van die kerkraad. Tog is die reglement van die vereniging aan die diakonie voorgelê vir goedkeuring.[117] Die feit dat die susters nou aansoek doen vir gebruik van die kerkgebou vir 'n verslagvergadering, dui daarop dat hulle as 'n afsonderlike liggaam funksioneer met 'n eie bestuur en 'n soort mandaat en nie as 'n onderkomitee van die diakonie nie.

'n Eenvormige praktyk ten opsigte van die stigting van Dorkasverenigings en hulle verhouding tot die diakonie en kerkraad, het daar nie bestaan nie. Terwyl 'n kommissie van die Kaaplandse Algemene Vergadering [118] aanbeveel dat Dorkasverenigings gestig moet word „wat onder die diakonieë staan en met die diakonieë saamwerk vir die armeversorging" en dit elders ook so gebeur het,[119] was die verhouding tog nie orals na wense nie soos in die geval van Burgersdorp.[120] In albei laasgenoemde gevalle het blykbaar ook nog 'n ander moeilikheid opgeduik naamlik die bestaan van twee vroueorganisasies, die Dorkas en die Gereformeerde sustersvereniging, langsmekaar. In die Ventersburg-geval het die sustersvereniging blykbaar nie aan die diakonale behoeftes voldoen nie, want die kerkraad besluit [121] om ook 'n Dorkasvereniging in die lewe te roep sonder om daarin te slaag om die twee te amalgameer,[122] terwyl die langdurige moeilikheid van Burgersdorp se diakonie met die sustersvereniging eers in 1931 bygelê is.[123] In die geval is tot 'n verstandhouding geraak deur onderhandelings wat uitgeloop het op die benoeming van 'n „staande kommissie van 5 lede" wat in dringende gevalle met die diakonie sou onderhandel. In Ventersburg is besluit om die kontak en toesig te behou deurdat die voorsitter van die kerkraad die vergaderings van die sustersverenigings en die voorsitter van die diakonie die Dorkas-

---

volgens die Kerkblad van 20.8.29; Not. Klas. Ventersburg, Okt. 1946, art. 11).

115 Kr. not. Johannesburg, 21.7.98, art. 10.

116 Kr. not. Johannesburg, 30.8.02, art. 2(c).

117 Kr. not. Braamfontein, 26.7.16, art. 5.

118 Not. Alg. Verg. Kaapland, 1926, art. 43(c).

119 Vgl. Kr. not. Ventersburg, 18.7.30, art. 15.

120 Vgl. Diak. Not. Burgersdorp, 30.5.24, art. 12; 12.12.30, art. 12; 12.6.31, art. 8.

121 Kr. not. Ventersburg, 18.7.30, art. 15.

122 Kr. not. Ventersburg, 22.7.32, art. 16.

123 Diak. not. Burgersdorp, 12.6.31, art. 8.

vergaderings sou bywoon terwyl albei organisasies hulle konstitusies aan die kerkraad moes voorlê.[124]

Die optrede van die Ventersburgse kerkraad en die toestand in Burgersdorp dui daarop dat daar 'n wesentlike verskil tussen die Dorkasverenigings en die sustersverenigings bestaan het. Dit blyk dan ook veral daaruit dat terwyl die stigting en gebruikmaking van Dorkasverenigings feitlik allerweë bepleit en aangemoedig is, die ontstaan van sustersverenigings 'n geroep om duidelikheid en leiding laat opgaan het betreffende die prinsipiële posisie en praktiese aangeleenthede.

Namate die vroue-aktiwiteite vanaf ongeveer 1915 sterker op die voorgrond tree, word daar ook luider gevra na die prinsipiële houding van die kerk daarteenoor. Reeds in 1909 kom *Die Kerkblad* tot die algemeenprinsipiële besluit oor die plek van die vroue in die gemeente: „Zij hebben eene plaats in de kerk als diakonessen, maar niet als ouderlingen; niet regeeren, maar dienen, dit was hare roeping".[125] Besonder interessant en belangrik is ook die advies wat aan die Diakonale Konferensie in 1912 gegee is met betrekking tot die „oprichting eener Dorkas Werkzaamheid of Vereeniging in de Gemeente",[126] t.w.:

(a) Dat de diakoniën gewezen worden op het belang van de oprichting van Dorkas Verenigingen in de gemeenten, liefst uit de ongehuwde zusters der gemeente, opdat de gehuwde zusters niet aan hun huisgezinnen worden onttrokken.

(b) Dat in het reglement der vereniging de volgende bepalingen worden opgenomen:

1. 't Doel der vereniging is de Diakonie in 't werk der barmhartigheid behulpzaam te zijn door 't vervaardigen van kledingstukken.
2. 't Bestuur bestaat uit 4 leden, terwijl altijd een of meer diakenen worden uitgenodigd de bestuursvergaderingen by te wonen....
3. Elke 6 maanden wordt verslag .... aan de Diakonie .... gegeven.
4. By eventuele verschillen tusschen Diakonie en Vereniging beslist de vergadering der ouderlingen.
5. By ontbinding der Vereniging vervallen al haar eigendommen aan de Diakonie".

By 'n ontleding van hierdie advies is daar verskillende punte wat die oog tref. Die standpunt dat van die vrou se kragte meer gebruik gemaak moet word, as hulpdiens van die diakonie word baie duidelik gestel en wel tot so 'n mate dat die bestuursvergaderings van die vereniging moet oopstaan vir diakonale bywoning, dat gereeld aan die diakonie volledig verslag gedoen moet word en dat die diakonie die eventuele erfgenaam van die vereniging is. Kerkregtelik is die standpunt deur-en-deur Gereformeerd, ook in die appèl na die ouderlingsvergadering. Opmerklik eng is die doelstelling egter waar die werksaamhede uitsluitlik beperk word tot vervaardiging van kledingstukke, blykbaar in navolging van die bekende werk van Dorkas.[127] By die eerste aanblik kan dieselfde beweer word ten opsigte van die lidmaatskapsbepaling naamlik die wenslikheid van „on-

---

124 Kr. not. Ventersburg, 22.7.32, artt. 17, 18, 19.
125 Kerkblad, 1.9.09, p. 1.
126 Kerkblad, 15.5.12, p. 8.
127 Hand. 9 : 39.

gehuwde susters" alleen. Daarenteen is die motief tog weer gesond vir soverre dit op die wyse 'n belangebotsing met die gesinstaak van die getroude vrou wil vermy.

Die verslag van die Kommissie insake die Dorkasverenigings wat in 1917 uitgebring is,[128] toon 'n verdere ontwikkeling op hierdie weg. Uitgaande van die beskouing dat veel meer gedoen kan word met betrekking tot voorsiening in die behoeftes van kraamvroue, behoeftige suigelinge en siekes en dat die diakonie in sy taak om naas die private barmhartigheidsbetoon, om aanvullend en organiserend op te tree, van sustershulp gebruik kon maak, word geadviseer:

(a) Dat die diakonie sal trag om die belange van bogenoemde groepe stelselmatiger te behartig met behulp van die susters en ander diakonale toesig;

(b) dat dit moet geskied deur 'n behoorlik georganiseerde sustersvereniging met 'n reglement wat deur die diakonie goedgekeur is.

Wat die status en funksie van die susters betref is hierdie advies heeltemal op die lyn van die adviese van 1912, maar met betrekking tot die aktiwiteite en prosedure gee dit 'n veel breër en meer gedetailleerde uiteensetting.

Dit is baie duidelik dat daar in die Gereformeerde Kerk 'n ontwikkeling plaasgevind het wat afwyk van die benoeming (inskrywing) van weduwees volgens 1 Tim. 5, sonder om daarmee te beweer dat die posisie noodwendig ongereformeerd sou wees. Die stigting van 'n sustersorganisasie hetsy onder opwekking van die diakonie en/of kerkraad, hetsy op eie inisiatief met of sonder goedkeuring van die reglemente deur die diakonie of kerkraad, is per slot van sake iets geheel anders as die benoeming van bepaalde individuele persone tot helpsters vir die barmhartigheidsdiens. Sodanige ontwikkeling lê in die rigting van groter onafhankelikheid wat status en organisasie betref. Hierdie verskil is nie altyd raakgesien nie met gevolglike onduidelikheid en verwarring. Terwyl enersyds geadviseer word dat die susters Dorkasverenigings moet stig wat met die diakonie moet saamwerk in ondergeskikte status,[129] wys ds. Spoelstra die Transvaalse Diakonale Konferensie daarop dat daar geen verband tussen die Dorkasvereniging en die diakonie kan bestaan nie. Hy grond sy beskouing daarop dat die diakonie 'n geïnstitueerde amp is, terwyl die Dorkasorganisasie as 'n vereniging opkom uit die amp van alle gelowiges. Desnieteenstaande is 'n goeie verstandhouding wenslik veral ook omdat die diakonie van die Dorkas goeie gebruik kan maak.[130] Voor die Vrystaatse Diakonale Konferensie [131] stel ds. Spoelstra die saak enigsins anders. Nadat hy gewys het op die beperkte optrede van die vrou in die Suid-Afrikaanse kerklike lewe weens die feit dat ons kerke op die terrein van die gesamentlike barmhartigheid niks presteer het nie, en die offervaardigheid beperk is tot 'n trippens per Sondag wanneer die lidmaat kerk toe kom, word die volgende stellings neergelê:

---

128 Kerkblad, 1.10.1917, p. 11 e.v.
129 Not. Alg. Verg. Kaapland, 1926; Vgl. ook Kerkblad, 20.4.26, p. 7.
130 Not. Tvlse Diak. Konf., 1926; vgl. Kerkblad 16.11.26, 25/6.
131 Reddersburg, 8 Des. 1926. Vgl. Kerkblad, 18.1.27, p. 19/20.

1. Dat vroue volgens die Skrif verkies is tot hulp vir die amp en nie tot die amp self nie, sodat daar nie sprake is van 'n diakonesse-amp nie;

2. tog moet haar hulp gebruik word:

(a) deur partikuliere inisiatief aan te moedig;

(b) deur die hulp van susters in te roep by gevalle van nood en gebrek;

(c) deur die partikuliere inisiatief saam te bind tot Dameskomitees, Dorkasverenigings ensomeer;

(d) deur die diakonie en sustersverenigings te verbind deur 'n deeglike reglement;

3. die sustersverenigings moet saamgebind word tot samewerking met die oog op die oprigting van liefdadigheidsinrigtings;

4. die verhouding van die diakonie en die sustersvereniging is ongeveer dieselfde as dié tussen kerkraad en diakonie;

5. die sustersvereniging mag alleen saam met die diakonie optree in die barmhartigheidsdiens.

Die verskil tussen die twee adviese lê nie net in die groter besonderhede van laasgenoemde wat moontlik verklaar kan word deur 'n vollediger weergawe as in die eerste geval nie, maar veral in die beklemtoning van die verhouding tussen diakonie en Dorkas. Dit is 'n groot sprong van „geen verband" tot 'n verhouding ongeveer dieselfde as dié tussen kerkraad en diakonie en met reglementering daarvan.

Hierdie standpunt waarin Dorkas feitlik as 'n onderkomitee of ondergeskikte liggaam van die diakonie beskou word, is herbevestig deur die Vrystaatse Diakonale Konferensie.[132]

„Die Dorkas is nie 'n selfstandige liggaam nie, maar as hulp van die Diakonie.... Die Konferensie meen dat die Dorkasvereniging moet werk onder toesig van die Diakonie, en dat die verhouding.... die van absolute samewerking (moet wees), en sodra die samewerking daar nie is nie, word dit 'n saak wat by die kerkraad aangegee mot word".

Op die Konferensie van 1934 is ongeveer dieselfde standpunt deur ds. I. D. Krüger gestel.[133]

Uit die voorgenoemde en ander besprekings en adviese oor die plek van die vrou in die kerklike barmhartigheidsdiens, blyk veral twee sake. Eerstens is daar die besondere aandag wat aan die vrouehulpdienste gegee word sedert die herleefde belangstelling in die diakonale amp en ten tweede die behoefte aan 'n duidelike prinsipiële standpunt en praktiese leiding. Tot dusver was die aangeleentheid beperk tot die agenda van diakonale konferensies en Algemene Vergaderings, maar in 1933 bring die kerkraad van Petrusburg dit via die Vrystaatse Algemene Vergadering ter tafel van die Algemene Sinode met die versoek dat 'n algemene standpunt gestel word teenoor die „A.G.S.V.-beweging van die later tyd in ons kerk". Die aanbeveling van die Kommissie van Advies dat die Sinode nie op die saak ingaan nie „op grond van art. 30 K.O." is deur die Sinode aanvaar.[134]

---

132 Not. O.V.S. Diak. Konf., Apr. 1930, art. 14.

133 Not. O.V.S. Diak. Konf., 1934.

134 Hand. Sin. 1933, artt. 49 en 54, pp. 43, 49. Die betrokke artikel lui: „In hierdie samekomste moet geen ander as kerklike sake, en dit op kerklike wyse,

Hierdie negatiewe standpunt van die Sinode deur die aangeleentheid by implikasie te bestempel as 'n nie-kerklike saak, het dit nie afgehandel nie. By die volgende sinode (1936) kom dit weer ter tafel via die Kaaplandse Partikuliere Sinode en via die klassis vanaf Steynsburg se kerkraad.[135] Hierdie keer is dit afgekits op 'n tegniese beswaar naamlik dat die beskrywingspunt te laat ontvang is. Ook hierdeur is die vraagstuk van die mindere vergaderings nie opgeklaar nie. Blykbaar was dit veral Kaapland wat met die probleem geworstel het. So besluit die klassis van Middelburg (1947) om die „hele saak" van die verhouding tussen diakonie en sustersvereniging deur te stuur na die Partikuliere Sinode met opdrag aan di. I. D. Krüger en J. H. Boneschans om die saak te bestudeer en bywyse van 'n rapport voor te dra.[136] Dié verslag is voorgelê op die Partikuliere Sinode van Steynsburg (Desember 1947) [137] en behels die volgende: Die G.S.V. resorteer nie onder die staat met sy departement van Volkswelsyn en ook nie onder die algemene liefdadigheidsverenigings nie; dit kan nie sonder ingrypende implikasies die „kerklike erf" verlaat met staking van hulp aan die kerk nie; sy terrein is dié „van die kerk met sy diens van Christelike Barmhartigheid" en wel omdat die lede net uit die Gereformeerde gemeentes getrek word; dit is die diakonie behulpsaam en help met sending en bied ruimskoots hulp in verband met die „stoflike behoeftes van die gemeentes dwarsdeur ons Kerk heen". Hieruit volg dan die kerkregtelike posisie dat die G.S.V. nie 'n vereniging in die volle sin van die woord is nie, maar 'n susters-hulporganisasie wat onder leiding van die ampte moet staan. Na bespreking is die verslag deur die sinode verwys na 'n subkommissie.[138] Die verslag wat nou aan die sinode voorgelê is, verskil aansienlik, dog nie wesentlik van die vorige nie, vir sover dat dit in bepaalde opsigte vollediger uitgewerk en positiewer geformuleer is. Paragraaf 3 van die nuwe rapport formuleer die doel van die Gereformeerde sustersvereniging soos volg:

> „om aan die susters van die gemeente die geleentheid te gee om die amp van alle gelowiges uit te oefen, ooreenkomstig hulle aard en roeping" —

veel breër dus as die diakonale en barmhartigheidshulpdiens en losser van die ampswerksaamhede. Paragraaf 4 bevat aanbevelings ten opsigte van die onderlinge verhoudings tussen „die kerk as instituut en die susters-organisasies" deur middel van deputaatskappe van die Algemene en Partikuliere Sinodes en kerkrade vir leiding en alvies aan die susters „terwyl die Sinodale Deputaatskap vir Barmhartigheidswerk die verhouding tussen die diakonale arbeid en die hulpdiens van die susters op hierdie terrein" moet reël.[139]

---

behandel word nie". In hoeverre die besluit te rym is met die vertolking van die artikel volgens die bylae by art. 30 ooreenkomstig die Sinodale besluit van 1942, art. 45, is 'n ander vraag.

135 Not. Part. Sin. Kaapland, 1936; Hand. Sin. 1936, art. 157, p. 171/2.
136 Not. Sin. Kaapland, 1947, art. 8(f).
137 Bylae by Not. Part. Sin. Kaapland, 1947.
138 Hand. Sin. 1949, art. 42, p. 84.
139 Hand. Alg. Sin. 1949, art. 42, pp. 84, 85.

Die uiteindelike verslag wat hierop gebaseer en deur die betrokke Sinodekommissie (III) aan die Sinode voorgedra is, is in uiterlik en inhoud nog weer grootliks verskillend. Die „mooi werk" van die susters word met dank erken; daar word erken dat die susters in die kerklike lewe saam kan optree as *hulporganisasie* onder leiding en toesig van die kerklike ampte en dat dit klaarblyklik nog altyd die doel van die G.S.V. was, maar dat waar daar verwarring bestaan het die bogenoemde weg aanbeveel word; dat die plaaslike organisasie alle vroulike lidmate omvat en onder toesig en leiding van die kerkraad staan, alhoewel hulle selfstandig vergader onder leiding met hul eie komitee; dat hulle provinsiaal en uniaal kan vergader onder leiding van hulle eie komitees en met advies van kerklike deputate; vir die doel benoem die sinode 'n besondere deputaatskap.[140] Met 'n geringe wysiging in die formulering is die verslag deur 'n meerderheidsbesluit aanvaar [141] en het die Sinode 'n Deputaatskap vir Sustershulpaksie benoem.[142]

Blykbaar om 'n aangevoelde onrus enigsins te kalmeer het die benoemde deputaatskap 'n verklaring [143] uitgereik waarin die gerusstelling gegee word dat die sinode „nie die minste bedoeling" gehad het om die lofwaardige werk van die susters te vernietig nie, maar soek na 'n weg om die werk te bevorder. Daarin word veral klem gelê op die hulpaspekte. Dan word die volgende advies gegee: dat 'n Bond of Vereniging onbestaanbaar is binne die kerk en die naam liewer Susters*organisasie* moet wees en wel georganiseerde hulpkragte van die kerk; ewe-eens moet in die terminologie *kongresse* en *besture* vervang word deur *konferensies* en *komitees.*

Tot sover het die vraagstuk oor die vrou in die kerklike lewe dan nou ontwikkel.[144] En hoewel dit in die voorgaande hoofsaaklik gegaan het om die algemene posisie van die vrou in die gemeente, kan haar barmhartigheidsaktiwiteite nie daarvan losgemaak word nie omdat haar hele optrede tog 'n konsekwente eenheid moet vorm. Dit is sover tog duidelik dat enkele prinsipiële beleidspunte feitlik algemeen aanvaar en konsekwent beklemtoon is, naamlik dat die vrouekragte as sodanig nie uitgesluit word uit die gemeentelike aktiwiteite nie, dat dit alleen as hulpkrag aanvaar kan word onder leiding van die ampte, dat die hulpdiens hoofsaaklik en bes op die barmhartigheidsterrein beoefen kan word hoewel waardevolle hulp ook verleen is en kan word op die gebied van sending en kerklike finansies. Maar die vraagstuk het hier, soos by die bepaling van die grense van die diakonale amp, nie gelê by die vasstelling of formulering van die leidende basiese prinsipes nie — trouens, die is in die Skrif en 'n omvattende gereformeerde literatuur reeds vasgelê — maar om 'n sintese te vind tussen die algemene beginsels en hulle praktiese toepassing onder grootliks veranderde omstandighede. Die apostoliese kerk

---

140 Hand. Alg. Sin. 1949, art. 144, p. 275/6.
141 Hand. Alg. Sin. 1949, art. 176, p. 297/8.
142 Hand. Alg. Sin. 1949, art. 206 afd. 24, p. 331.
143 Volgens 'n getekende, ongedateerde afskrif in Skr. se besit.
144 Op die e.v. Algemene Sinode in Januarie 1952 sal die saak weer in behandeling geneem word.

het twee vorme van vrouediens geken: individuele hulpdiens (nie net beperk tot armsorg nie) spruitende uit die aller amp van gelowige en die inskrywe van weduwees (waarskynlik ook nie net beperk tot die barmhartigheidsdiens nie) volgens 1 Tim. 5. In die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het minstens drie variasies hierop ontwikkel in drie stadia: (a) die stigting van Dorkasverenigings (of -werksaamhede) met die uitsluitlike doel om hulpdiens aan die diakonie te lewer op inisiatief en onder leiding van die diakonie; (b) die stigting van Dorkasverenigings ook nog met barmhartigheidshulpdiens as enigste doel maar op inisiatief van die susters en nie meer so regstreeks onder diakonale beheer nie en (c) ten slotte verbreed die Gereformeerde vrou haar belangstelling en aktiwiteite tot 'n vereniging (of bond of organisasie) met 'n breë, gemengde doel waarin diakonale hulpdiens 'n bykomende onderdeel is, waarin die susters self die inisiatief neem en ook buite die grense van die kerkraad en gemeente om organiseer. Die ontwikkelingslyn is dus weg van èn die individuele partikuliere Christelike barmhartigheidshulp èn die regstreekse benoeming van vrouehulp deur die ampte. Of die motief van die susters met hulle organisasies nou ook al suiwere hulpdiens beoog al dan nie, die vorm van die aktiwiteite toon ondubbelsinnig genoemde neiging.

Die enigste vraag wat in die verband bespreek moet word is in watter vorm die vrouehulpdiens vir die diakonale taak prinsipieel en prakties aanvaarbaar is. Hoewel dit maklik sou wees om die saak af te maak met 'n verwysing na 1 Tim. 5 : 9, is dit nie bevredigend en voldoende nie. Dit gee wel die rigting aan maar ondertussen het daar negentien eeue se ontwikkeling bygekom. Die toets is of die ontwikkeling nie net histories maar veral prinsipieel nog aansluit by daardie uitgangspunt. Twee groot verskille tree op die voorgrond, te wete 'n selfstandiger eie organisasie en 'n lidmaatskap veel wyer as die oorspronklike weduwees bo 60 jaar.

Om die gevare van die kerkregtelike probleme te omseil sou die eenvoudige weg van 1 Tim. 5 die verkieslikste wees. Maar toestande het nie onveranderd gebly nie en selfs die organisasie van die kerkregering het sedertdien komplekser geword sonder dat die grondliggende beginsels noodwendig verander is. Dié ontwikkelingsweg moet ook met betrekking tot die *diakonesse* gesoek word. Selfs met die regstreekse benoeming van vroue volgens Paulus se voorskrif [145] deur die kerkraad of diakonie, is dit te voorsien dat hierdie benoemdes te een of ander tyd tot 'n stadium moes kom dat hulle nie as losse individue kon optree onder diakonale leiding en beheer nie, maar hulle moes konstitueer tot 'n soort subkomitee van die diakonie. Dadelik ontstaan die vraag oor die presiese afbakening van funksies en magte veral as so 'n komitee, bestaande uit aktiewe susters, ywer en ondernemingsgees aan die dag begin te lê. Maar ook die posisie is nog redelik hanteerbaar: alle planne en ondernemings moet volgens die aard van die *hulpdiens* en die feit dat dit 'n *onderkomitee* is, aan die diakonie voorgelê word vir goedkeuring eerdat dit in die praktyk omgesit kan word. Gedagtig aan die ontwikkeling van die diakonie self, is die volgende stap voorsienbaar, naamlik die behoefte om terwille van beter

[145] 1 Tim. 5 : 9 e.v.

behartiging van die gemeenskaplike taak, gedagtes te wissel en in kontak te kom met die „diakonesse" of helpsters, uit ander gemeentes. Die voorreg en geleentheid sal hulle seker nie onthou kan word nie, netsoos dit die diakens nie ontsê behoort te word nie. Ook hier sal die basis van die diakonale organisasie buite die gemeente om in konferensies wat geen formele kerkregtelike status besit nie, die voorbeelde moet wees vir die vroue-hulpkragte. Trouens, die kanale wat daar vir die diakonale amp bestaan om hulle aangeleenthede op meerdere vergaderings ter sprake te bring, is terselfder tyd die kanale vir die „diakonesse" synde 'n subliggaam van die diakonie. Dan pas die advies van die Sinodale Deputate i.s. die Sustersorganisasie dat die susters alleen in konferensies kan saam kom en dat die administratiewe liggame niks meer as komitees kan wees nie wat via die diakonale konferensies die oor van meerdere vergaderings moet soek.

Die voorgaande sou moontlik 'n oplossing kon bied, prakties sowel as kerkregtelik, mits natuurlik die susters alleen en uitsluitlik barmhartigheidshulp verleen. Maar wat word die posisie wanneer Dorkas vervang word deur die Gereformeerde Sustersvereniging (of -Bond) met 'n gemengde doelstelling, dit wil sê, wanneer dit by sy barmhartigheidswerk ook aktiwiteite insluit waaroor die diakonie geen seggenskap dra nie? Hier ontstaan 'n tweeledige probleem: die organisasie is nie suiwer diakonaal nie terwyl die gevaar ook dreig dat dit nie meer suiwer kerklik, maar algemeen Christelik-maatskaplik mag word. Oor laasgenoemde saak het die G.S.V., te oordeel na die uiteenlopende beskrywingspunte op kongresse, vir homself nog nie genoeg klaarheid gevind nie.[146]

Mits die sustersorganisasie 'n suiwer kerklike [147] liggaam bly, is die algemene grondslae ook duidelik. Sodanige organisasie moet in die eerste plek *gemeentelik* wees, dus onder jurisdiksie van die kerkraad en analoog met die Dorkas onder die diakonie. Wyere organisasie sal die patroon van die meerdere vergaderings moet volg, provinsiaal en uniaal, maar altyd slegs as raadplegende konferensie onder komitees met blote administratiewe en kontinuïteitsbevoegdhede.

Onder hierdie omstandighede word die organisasie van 'n diakonale vroue-hulpdiens uiters moeilik. Om 'n afsonderlike organisasie hiervoor te behou sou beteken dat die sustersorganisasie origens geen diakonale steun mag verleen nie en tweedens dat die aktiewe susters in die gemeente in twee hulporganisasies moet verdeel of hulle aandag oor twee werkkringe moet versprei. Prakties lyk dit nie baie bevorderlik nie. 'n Ander alternatief sou wees dat die diakonie in plaas van sy helpsters te benoem volgens 1 Tim. 5, die sustersorganisasie erken as hulporganisasie met die verstandhouding dat met alle barmhartigheidsaangeleenthede die weg gevolg word wat hierbo vir die suiwer diakonale hulporganisasie aangewys is. Dit sou waarskynlik beteken dat die organisasie hom in verskillende

---

[146] Die bespreking van hierdie aspek val buite die doel van hierdie studie, maar moet tog hier gestel word as agtergrond waarteenoor die barmhartigheidsaspek benader moet word.

[147] Die konnotasie *kerklik* het nie net betrekking op die lidmaatskapsvereiste nie maar veral ook op die funksie en arbeidsterrein.

komitees onder die hoofkomitee organiseer: byvoorbeeld vir barmhartigheidswerk, sending, jeughulp, ens. en dat eersgenoemde subkomitee sy aanbevelings sowel voor die diakonie as voor sy hoofkomitee sal lê met die diakonie as hoogste beslissende gesag wat ook sy wense via die hoofkomitee en bygeval ook regstreeks aan die subkomitee kan oordra.

Hierdie onderskikking aan die diakonie is nie bloot om vae prinsipiële redes gewens nie, maar is prakties van die uiterste belang om te voorkom dat die vroue-organisasie die eintlike ampswerk gaan verrig en die diakonie die hulpliggaam word weens oorywer van die susters en laksheid van die diakens. Vir 'n bewuste, ywerige diakonie kan die sustershulp tot groot vrug en diens wees, maar vir 'n lakse, amps-onbewuste diakonie eerder 'n vloek en tot verdere ampsverswakking en -verloëning. Die sustershulpdiens mag alleen amps-aanvullend, nooit ampsvervangend, alleen verrykend nooit verarmend optree en aangewend word nie. Die gevaar is nie denkbeeldig nie, maar eerder aktueel vanweë die besondere rigting wat die diakonale praktyk reeds ingeslaan het, naamlik om van die diaken in die eerste plek 'n algemene kollektant en finansiële administrateur te maak met armsorg as toevallige bysaak. Die gevaar dat die vroue-organisasies op die algemene kerklike terrein die ampte kan verdring is nêrens so sterk aanwesig as op die barmhartigheidsterrein nie.

Die tweede kenmerk van die ontwikkelingslyn van die sustershulp, hetsy as Dorkas, hetsy as sustersvereniging, was die verbreding van die lidmaatskap naamlik weg van die beperking tot bejaarde weduwees na algemene lidmaatskap vir alle susters van die gemeente, ook nie volgens individuele uitnodiging of aansluiting nie, maar uit hoofde van lidmaatskap van die gemeente. In die voorskrif om weduwees bo 60 jaar te kies word bepaalde beginsels behels eerder as 'n absoluut letterlike voorskrif vir alle tye en alle omstandighede. Dat Paulus self nie net die hulp van weduwees aanvaar het nie, blyk onder andere uit Rom. 16. Die praktiese oorwegings waarop die verkiesing van weduwees gegrond is, is reeds vroeër behandel. Om die sustershulp uitsluitlik tot bejaarde weduwees te beperk sou beteken dat in baie gemeentes min of ontoereikend min sodanige hulp beskikbaar sou wees. Maar die sustersorganisasies is gerade om die beginsels wat in die voorskrif vervat is baie streng onder oë te sien en te handhaaf veral met betrekking tot die nakoming van die primêre vroulike gesinstaak. Die neiging is vandag veelal dat die tyd- en kragrowende werk van die verenigings op die skouers van die jonger susters geskuif word met die bewering dat die oueres hulle beurt gehad het. As feit mag dit juis wees, maar as houding en beginsel is dit beslis verkeerd en dui dit op 'n foutiewe praktyk wat reeds uit die verlede stam. Die jonger susters het die roeping en plig om allereers hulle gesinne te versorg en daarna tot die hulpdiens by te dra; die oueres het al meer tyd op hande, is reeds losser van gesinsversorgingstake en moet die kern in die verenigings vorm en nie net in die komitees as raadgewers en werkverdelers nie, tensy dat die Gereformeerde sustersorganisasies dit op die gewete wil dra dat hulle saamspan in die moderne neiging tot gesinsverwaarlosing en die sloping van vrouekragte deur oorlaaiing en ooreising. Daar is geen skriftuurlike opdrag vir die vrou om onder normale omstandighede haar gesin te versaak of die opbou

daarvan te strem terwille van kerklike take nie; inteendeel, sy moet kwalifiseer vir die hulpdiens deur bewys te lewer dat „sy kinders grootgemaak het".[148]

Vir watter spesifieke hulpdienste kan die susters deur die diakonie gebruik word? Die verwysing na *siekesorg* is gewild in die literatuur oor die onderwerp veral met die verdere motivering dat die vrou daarvoor 'n besondere aanleg het, dat dit deel is van haar daaglikse taak en dat om kiesheidsredes die vrou hier hulp kan verleen wat vir die man eintlik uitgesluit is. Die vraag is egter of dit met die hedendaagse hospitalisasie nog so 'n besonder aktuele hulpverleningsterrein is in vergelyking met ander take. Hoe groter die gebrek aan hospitaalfasiliteite deste groter sal die noodsaaklikheid van vrouehulp by die siekesorg in die gemeente wees, maar dit verminder ook in omvang en betekenis namate mediese en hospitaalgeriewe makliker bekombaar word. Dit is dan ook opvallend dat die diakonale siekesorg in die Gereformeerde Kerk veel minder regstreeks met die verpleging van siek lidmate te doen het as met die betaling van dokters- en aptekersrekenings waaruit dit voorkom asof hier vir die vrou geen besonder vrugbare arbeidsveld meer bestaan nie. 'n Mens hoef maar aan Calvyn se hospitaliers of siekeverplegende diakens in die hospitaal van Geneve te dink, om te begryp dat toestande op die terrein reeds radikaal verander het. Mediese en sjirurgiese dienste en verpleging het reeds so professioneel ontwikkel en gespesialiseer geraak dat die werk grootliks in die hande van opgeleide, besoldigde personeel oorgegaan het, sodat die diakonie in sy versorging van behoeftige siekes (vir sover vrye mediese en hospitaaldienste dit nie reeds uit sy hande geneem het nie) eerder die dienste van die opgeleide kragte huur as om regstreeks en in persoon die dienste te lewer. Onder dié omstandighede het die ou gewoonte dat daar by die siekbed van bure of kennisse of familie gewaak word ook al byna tot algehele verval gekom. Hierdeur is die werksaamheid natuurlik nie geheel en al uitgeskakel nie en sal daar nog geleentheid voorkom waarby die vroue van die gemeente kan optree om 'n min of meer invalide oue van dae, 'n tydelik bedleggende moeder of ander sieke te help, te versorg en oor die algemeen die lyding vir hom of haar te versag.

Die voorbeeld van Dorkas roep dadelik 'n tweede versorgingstaak voor die gees. *Kleding van die behoeftiges* is 'n belangrike deel van armsorg. Hier dink ons minder aan die oproepe vir klere vir winteruitdeling. Sodanige oproepe behoort deur die diakonie gedoen te word[149] maar die susters kan 'n waardevolle diens bewys in die nodige ondersoekwerk na wat nodig is en in elk geval om die verdeling en toewysing te behartig vir goedkeuring deur die diakonie. In die vorm van uitrusting vir behoeftige verwagtende moeders, vervaardiging van warm klere, onderklere, komberse ens. vir behoeftige gesinne of enkele behoeftiges vir die winter, hulp

---

[148] 1 Tim. 5 : 10.

[149] Die *diakonie* is geroepe om die goeie middele te vind; die susters mag meehelp in besondere gevalle van nood wanneer in die gemeente insameling gehou moet word, maar haar taak sou hier waarskynlik eerder daarin lê dat sy help met klerevervaardiging en -herstel om sodoende die diakonale uitgawes so laag moontlik te hou.

met skoolklere vir minder bevoorregte kinders en veral hulp op dié terrein aan die inwoners van die diakonale tehuise vir onversorgde wese en oues van dae het die Gereformeerde vrou 'n vrugbare werksterrein.

Voorgaande lei regstreeks tot 'n derde uiters belangrike hulptaak vir die vrou in die vorm van die *ondersoek wat hulpverlening vooraf gaan.* Die vrou is by magte om huislike behoeftes beter raak te sien, te beoordeel, daaroor uit te vra en met die huisvrou te bespreek as die diaken. Sy kan op grond hiervan dan ook adviseer met betrekking tot die vorm, en onregstreeks ook tot die omvang wat die hulp moet aanneem. Ewe-eens kan sy waardevolle hulp lewer by die behandeling self veral vir sover dit advies en leiding en teregwysing aan die huisvrou betref: beter besteding van huislike inkomste ten opsigte van die aankoop van voedselsoorte, voorbereiding daarvan, dieet van die gesin, klerevervaardiging en -herstel, ens. In albei gevalle kan daar groter vrymoedigheid tussen vrou en vrou as tussen vrou en diaken verwag word. Uitstekende diens kan in hierdie verband ook gelewer word in die bestuur en beheer van die inrigtings vir bejaardes en onversorgde kinders. Die inrigtingshuishouding is haas ondenkbaar sonder medetoesig en advies van enkele susters terwyl hulle op eg vroulike wyse veel kan doen vir die veraangenaming van die lewe van die inwoners van die tehuise deur onthale, besoeke aan die inrigtings of van die inwoners by gesinne in die gemeente. 'n Geformuleerde voorskrif vir die take van hierdie hulpdiens is nie te gee nie; die praktyk sal aan enige ywerige en ondernemende diakonie met sy helpende vroue die geleentheid toon.

Harrenstein [150] stel 'n ander vraag wat moeiliker te beantwoord is, naamlik „of er in onze stadskerken aanleiding toe is, om naast de diakenen op te doen treden al of niet gesalarieerde behulpsels". Hierdie vraag of die vrou *beroeps- of vrywillige* arbeid moet verrig, beweer hy, hang van die aard en omvang van die werk af, maar hy is tog van oordeel dat in die groot stede albei naasmekaar moet optree.[151] In vergelyking met die werk van Fliedner se semi-kerklike Diakonesse Instituut in Duitsland, het die arbeid van die spesiaal opgeleide vrou in die Gereformeerde Kerk tot weinig ontplooiing gekom. In Suid-Afrika is die werk van maatskaplike werkers en werksters onder die Nederduits-Gereformeerde Kerke bekend. Dit sal profytlik wees om Harrenstein se argument te volg om na aanleiding daarvan tot 'n antwoord op die vraag te probeer kom. Hy is van oordeel dat van gesalariëerde diens gebruik gemaak sal moet word waar die vrywillige diens nie toereikend is nie:

> „Wat in de door Vincentius van Paula gestichte „Confrères" al spoedig als eisch gevoeld werd, nl. het optreden van vaste hulpkrachten naast de vrijwillige, en door hem verwezenlijkt werd in de filles servantes of soeurs grises, zal ook in onze stadskerken wel spoedig dienen ingevoerd te worden. De vrijwillige arbeidsters, hoezeer haar arbeid ook gewaardeerd moet worden, beschikken over het algemeen niet over voldoende tijd en kennis van zaken (b.v. noodig voor verpleging van tehuisliggende kranken) en moeten daarom bijgestaan — niet vervangen — door vaste en voor dien

---

150 Harrenstein: a.w. p. 159.
151 Harrenstein: a.w. pp. 161, 162.

arbeid opgeleide arbeidsters. Eerst waar deze samenwerken, kan de arbeid in onze stadskerken grondig worden verricht".[152]

Dié standpunt word soos volg gemotiveer. Selfs by die oprigters van die diakonesse-institute vir die stelsel van „Gemeindepflege" was die doel nie om die vrywillige werk dood te maak nie, maar dit juis deur die samewerking te laat opbloei. Die vrywillige werksters dra 'n deel van hulle werk aan die gesalarieerdes oor of laasgenoemdes organiseer die werk en laat hulle help deur vrywillige helpsters, sodat 'n „diakones" in hierdie sin gewoonlik eers aangestel word waar daar reeds 'n goed-georganiseerde vrywillige vrouediens bestaan. Hy gee aan die hand dat die diakens 'n plan van optrede in hooftrekke ontwerp en vir die uitvoering daarvan die hulp moet verseker van 'n aantal vroue van goeie reputasie en bekwaamheid. Hierdie arbeid is onbesoldigd en het ten doel die versorging van krankes, raadgewing aan armes, hulp by die versorging van oues van dae en wese, hetsy in inrigtings of by pleegouers. Wanneer die arbeid egter te veel tegniese bekwaamheid of voortdurende onafgebroke toewyding vereis, moet vaste, gesalarieerde werksters gevind word. Die opleiding van die werksters moet „partikulier" gegee word en nie deur die stigting van die diakonesse-huise nie.[153]

By die eerste aanhoor mag hierdie gedagtes in die ore van Gereformeerdes vreemd klink, maar by nadere oorweging is dit nie so algeheel aweregs nie. Harrenstein[154] erken tereg dat sodanige gesalarieerdes nie in skriftuurlike sin diakonesse mag heet nie. As hy egter bedoel dat die sustersorganisasie die opgeleide persoon in diens moet neem, is die saak egter nie kerkregtelik suiwer in orde nie, aangesien sodanige liggaam slegs 'n onderkomitee van die diakonie kan wees en selfs laasgenoemde nie oor fondse en magte beskik om 'n regshandeling aan te gaan nie, maar alleen die kerkraad. Vir 'n partikuliere vroue-vereniging kan die indiensneming van 'n gesalariëerde opgeleide persoon die voordeel hê dat daardeur kontinuïteit aan die werk gegee word onder wisselende besture, maar by 'n sustershulporganisasie is die amp die kontinuïteits-en stabiliserende faktor. 'n Grondiger argument is die laaste voorwaarde deur hom gestel te wete as die arbeid te veel tegniese bekwaamheid of langdurige onafgebroke toewyding vereis. Die keuse van siekesorg as voorbeeld is 'n gelukkige. Dit is vir die Gereformeerde diakonie niks buitengewoons om 'n geneesheer of apteker vir sy dienste aan 'n hulpbehoewende te vergoed nie of om 'n verpleegster te huur en te besoldig om 'n tuisliggende sieke op te pas en te versorg nie. In elke geval het die diakonie prinsipieel 'n professionele persoon in diens geneem (vir korter of langer tyd) en besoldig. Sy dienste is dus gehuur. Ook besoldig die diakonale verband die huisouers en personeel van die inrigtings vir barmhartigheid. Waar die eersgenoemde gevalle deeltyds of tydelik was, is laasgenoemde voltydse en permanente poste. Dit kom my dus voor asof daarteen derhalwe geen prinsipiële beswaar ingebring kan word indien 'n diakonie 'n verpleegster

[152] Harrenstein: a.w. p. 162.
[153] Harrenstein: a.w. p. 162 e.v.
[154] Harrenstein: a.w. p. 163.

van gereformeerde belydenis en lewenswandel voltyds in diens sou neem nie, mits die gemeentelike omstandighede sodanig is dat sy voltyds werksaam sal wees. Of sy uit die diakonale kas besoldig word vir dienste wat sy vir een week aan behoeftiges van die gemeente gelewer het of vir onafgebroke diens oor 52 weke, maak prinsipieel geen verskil nie. Dit mag onwaarskynlik wees dat 'n diakonie 'n verpleegster voltyds sal kan emplojeer — die voorbeeld is slegs argumentshalwe geneem — maar dit is waarskynlik dat haar dienste voltyds nodig mag wees in die Oue-Tehuis as die tot groter ontwikkeling kom of in die Kruger-Tehuise vir Onversorgde Wese.

Nòg prinsipieel, nòg prakties is daar van Gereformeerde kant enige grondige beswaar teen gebruikmaking van die dienste van allerlei professionele mense teen vergoeding in die beoefening van die barmhartigheidsdiens — solank dit tot medici, verpleegsters, regsadviseurs, huisouers, matrones, ens. beperk is. Wat sal nou die houding wees teenoor die indiensneming van *opgeleide maatskaplike werkers(sters)?* Die noem van so 'n moontlikheid verwek gewoonlik 'n sterk afwysende reaksie. En tog is daar tussen die verpleegster en die maatskaplike werkster as professionele persone prinsipieel geen verskil nie; alleen meer prakties ten opsigte van die soort werk en die wyse waarop dit beoefen word. In Suid-Afrika is ons nog slegs gewoond daaraan dat 'n maatskaplike werkster in vaste diens van private liefdadigheidsliggame of van die Departement van Volkswelsyn of ander soortgelyke departemente en liggame staan, maar nie dat hulle „privaat praktiseer" soos 'n geneesheer of prokureur of psigiater of verpleegster nie. Sodanige toestand is egter reeds aan die ontwikkel in die V.S.A. en dit mag nog 'n halwe eeu duur voordat dit bekende praktyk sal word, maar dit is nie uitgesluit nie. Hierop kan dadelik geantwoord word dat die maatskaplike werker(ster) in die geval dan nie meer liefdadigheidswerk doen nie. En dit is volkome juis. Maatskaplike werk en liefdadigheid is lankal nie meer sinonieme terme nie. Die werk van die prokureur, die verpleegster, die psigiater, die geneesheer is ook nie liefdadigheidswerk nie. Hulle lewer dienste teen vergoeding. Dit mag egter gebeur dat diegene wat hulle dienste huur dit met 'n liefdadigheidsdoel doen. Die vraag is nou of daar enige prinsipiële beswaar kan bestaan teen die gebruikmaking van die professionele hulp van 'n maatskaplike werker(ster) in onderskeid met die van 'n ander professionele persone? Die veronderstelling is natuurlik dat, soos Harrenstein [155] dit stel, die omstandighede tegniese kennis en/of langdurige onafgebroke sorg vereis. Hoewel dit te voorsien is dat dit baie lank, waarskynlik nooit sal gebeur dat 'n diakonie 'n maatskaplike werkster voltyds in diens sal kan neem vir hulp met sy barmhartigheidsdiens in die gemeente nie, is so 'n voorspelling minder seker ten opsigte van die voltydse emplojering van werksters gespesialiseer in kindersorg of ouesorg in die diakonale inrigtings vir sodanige persone, om adviserend en daadwerkelik te help met die versorging van hierdie behoewendes. Dit is begryplik watter rol so 'n persoon kan vervul in samewerking met die huisouers van die

---

[155] Harrenstein: a.w. pp. 162-164.

Kruger-Tehuis byvoorbeeld, mits die ou wanopvatting dat maatskaplike werkers slegs daar is om materiële nood te lenig eers volkome verdwyn. Hulle is opgeleide, professionele mense vir hulp in alle sosiale node, stoflik en geestelik. Dit is ook nie ondenkbaar dat 'n diakonie die hulp van 'n maatskaplike werker kan inroep om 'n geval van drankmisbruik en gevolglike gebrek te help beredder nie. Maar die hulp sal waarskynlik veral nuttig en profytlik aangewend kan word in 'n stelselmatige program van evangelisasie onder minder-gegoedes en in geval van die stigting van Gereformeerde tehuise vir bepaalde afwykende groepe soos dranksugtiges, ontugtiges, ens. Die vraag is alreeds: wat word van die Gereformeerde behoeftige gedragsafwykende kinders wat nie in die diakonale inrigtings opgeneem kan word nie? Wat van die eventuele moontlikheid van 'n afdeling van diesulkes met behulp van 'n maatskaplike werker wat behoorlik daartoe gekwalifiseerd is, eerder as om die kinders nou maar na die bestaande owerheidsinrigtings of inrigtings van ander instansies te laat gaan?

Sodanige ontwikkeling sal in die Gereformeerde Kerk egter alleen toelaatbaar wees onder baie duidelike verstandhoudings en voorwaardes. Soos elke ander diens kan hierdie nie meer wees as 'n hulpdiens, eintlik slegs 'n middel ter *aanvulling* en *ondersteuning* van die diakonale sorg, *maar nimmer ter vervanging en verdringing daarvan nie.* Die gesalarieerde maatskaplike werkster mag nie die diakonale amp veplaas nie; minder nog as wat die sustersorganisasie dit mag doen. Dit sal 'n euwele dag vir die Gereformeerde Kerk wees as hy sy diakonale barmhartigheidstaak bloot en uitsluitlik of selfs grootliks deur 'n korps maatskaplike werksters laat verrig met skemas vir fondse-insameling, gevalle- en groepswerk ens., ens. Die gevaar dat deur die indiensneming van so 'n persoon die diakens hulle ampswerk op haar skouers aflaai, is aktueel en sodanige professionalisering van die diakonale sorg, wat daaraan sy hele liefdeskarakter verloën, mag nie toegelaat word nie. Maar die gevaar van verdringing bestaan ook ten opsigte van die vrywillige sustershulp en tog sal niemand wil beweer dat die Kerk dit geheel-en-al moet weer nie. Die misbruik hef die gebruik nie sonder meer op nie — dan sou die diakonaat waarskynlik self al opgehef moes gewees het. Ook hier is dit 'n saak van waak en bid, van voortdurende reformasie. Maar ook in die opsig geld die roeping van die diakonie om met suiwerheid van beginsel en praktyk van alle goeie middele vlytiglik gebruik te maak om die barmhartigheidsdiens tot die hoogste bloei te bring.

## HOOFSTUK XIV.

# Bevindings en Aanbevelings

In vergelyking met die weergawe van die empiriese gegewens van 'n stuk navorsingswerk is die formulering van algemene bevindings en daaruitspruitende aanbevelings, 'n uiters moeilike taak. Die navorser moet hom hoed teen onnodige herhalings sowel as teen ongeoorloofde gevolgtrekkinge, maar moet tog terselfdertyd 'n volledige bevinding gee wat berus op en nie geïsoleerd staan van sy verwerkte gegewens nie. Eweeens moet die aanbevelings gerugsteun word deur sy bevindinge terwyl dit tegelykertyd algemene konkrete waarde en toepasbaarheid moet besit.

Terwyl die meeste bevindings reeds in die betrokke hoofstukke gekonstateer is, res alleen nog die taak om 'n opsommende geheel hier saam te vat.

1. *Die Diakonale Amp:*

Wat die diakonaat as kerklike amp en orgaan betref is die bevinding dat dit in ooreenstemming met die gereformeerde leerstellige tradisie in die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika nog altyd erkenning gekry het. Wat die praktyk betref het dit egter geblyk dat die taak en terrein 'n verskuiwing en wysiging ondergaan het van die terrein van armversorging en barmhartigheidsdiens na 'n algemene diens van finansiële en kerklike administrasie wat nie heeltemal vreemd is aan die gebruik in die Roomse Kerk nie.

Hierdie proses, waardeur die barmhartigheidsdiens op die kerkraad en die predikant oorgegaan het, het binne 'n halfeeu na die vestiging van Van Riebeek aan die Kaap begin. Nieteenstaande die bevestigingsformulier en ander leerstellige stukke wat betrekking het op die taak van die diakonaat sedert die Dordse Sinode wesentlik onveranderd gebly het en deur die Gereformeerde Kerk in 1859 as trotse erfenis aanvaar is, is die praktyk om die diakens in toenemende mate te belas met kosterswerk en insameling en beheer van algemene kerklike finansies eerder versterk as verwyder. Sosiale en ekonomiese toestande het hiertoe veel bygedra totdat sedert 1900 ongeveer, 'n geringe kering in die gety plaasgevind het. Uit die antwoorde van 'n verteenwoordigende getal diakens sowel as uit

algemene waarneming blyk dit dat suiwere barmhartigheidswerk selfs vandag nog 'n bykomstige aangeleentheid in die diakonale werksaamhede is en dat sowel by lidmate as onder diakens self daar nog nie altyd 'n klare besef van die primêre diakonale roeping bestaan nie. Hierdie leemte kan alleen verhelp word indien die lidmate van jongsaf, dit wil sê reeds in die kategetiese onderrig, reg onderwys word, as die prediking konsekwent die gemeente daaraan herinner en as die diakens die geleentheid te baat neem om oor die sake te spreek en mekaar te onderrig op meer gereelde diakonale vergaderings.

Genoemde toestand het gepaard gegaan met en waarskynlik ook meegebring dat die diakonale amp in die praktyk en in die oë van die lidmate ongelykwaardig, eintlik ondergeskik aan die regeer- en leeramp bejeën word as 'n algemene kollekteerdiens met 'n personeel van jonger manne wat geoefen word in die diens van die kerk en waaruit sover moontlik later ouderlinge gerekruteer kan word. Om uit die diakensbanke oor te gaan na die ouderlingsbanke word derhalwe nie aanvaar as 'n *ampsverandering* op dieselfde niveau nie, maar as *bevordering van 'n laer na 'n hoër trap* en agtenswaardiger diens. Hierdie wanopvatting kan alleen oorwin word deur 'n voortdurende suiwere uiteensetting van die betekenis van die ampte, deur 'n suiwerder praktiese handhawing van die diakonale amp en deur 'n groter mate van kontinuering van ouer manne in die barmhartigheidsdiens.

Die *wykstelsel* is 'n vasgewortelde gebruik in die Gereformeerde Kerk sodat daar oor die algemeen eweveel ouderlinge en diakens gekies word. Met die oog op afstande en bereikbaarheid en persoonlike kennis van die lidmate is dit ook die beste en nuttigste gebruik.

Die diakens is by bevestiging gemiddeld 9—10 jaar *jonger* as die ouderlinge. Terwyl die oorgrote meerderheid diakens gekies word uit diegene wat nog nie voorheen in 'n spesifieke amp gestaan het nie, word 90 persent van die ouderlinge uit die geledere van die diensdoende of oud-diakens gekies. 'n Vergelyking tussen die gemiddelde ouderdomme van nog dienende ouderlinge en diakens is nie gemaak nie, maar uit die voorgaande en uit die feit dat 'n ouderling en oud-ouderling uiters selde tot diaken gekies word, is dit duidelik dat die deursnee ouderdomsverskil hier nog groter sal wees as by ampsaanvaarding. In hoeverre die ouderdomsverskille 'n oorsaak van die *mindere aansien* van diakens is, is nie duidelik nie, maar in die proses van veelvuldige kousaliteit is die verskynsel ongetwyfeld gedeeltelik te wyte aan die praktyk om die diakonaat as 'n skoling vir die presbiterium te beskou. Uit die aard van die saak is diegene van die regeeramp die *oudstes*. Maar alleen solank die diakonaat fungeer as 'n algemene kollekteerdiens kan hy volstaan met jong, dikwels nog onervare manne: die ware barmhartigheidsamp vereis manne van rype oordeel en ervaring.

Die *funksionering* van die diakonaat as 'n selfstandige amp vir sover dit onder andere blyk uit aparte diakonale vergaderings en 'n afsonderlike diakonale kas en administrasie, het in Suid-Afrika eers onlangs redelik na vore getree, grootliks langs 'n weg van ontworsteling aan praktiese en prinsipiële verwarring. Die worsteling was veral duidelik vir sover dit die hou van diakonale konferensies betref. Die aanvaarding van sodanige

konferensies as 'n nuttige middel tot uitbouing van die barmhartigheidsamp sowel deur individuele diakens as deur diakonieë, kerkrade en meerdere vergaderings dateer eintlik eers vanaf na 1930 en veral na 1940. Tot dusver het die kerkverband nog nie sy weg oopgesien om diakens *as diakens* met keurstem op meerdere vergaderings toe te laat nie. As hulpouderlinge is diakens wel onder besondere omstandighede en met spesiale goedkeuring van meerdere vergaderings as volwaardige deputate erken. Ter tegemoetkoming van die diakonale wense is 'n Sinodale Deputaatskap vir Diakonale Sake in die lewe geroep om te dien as skakel tussen die diakonale aktiwiteite en die sinode. As 'n kanaal waardeur die sinode regstreekse aandag aan die barmhartigheidsdiens kan gee en van advies gedien kan word, is die deputaatskap 'n besliste verbetering op die vroeëre toestande, maar die vraag ontstaan tog of 'n meer direkte weg nie gevolg sal moet word ter aanvulling van die deputaatskap nie.

Hierdie standpunt hang ten nouste saam met die huidige *kerkregtelike posisie* van die diaken op die kerkraad. Alhoewel die gereformeerde kerkreg die gelykwaardigheid van die ampte bely tesame met die suiwere begrensing van elkeen ('n soewereiniteit in eie kring) het dit nog altyd die diakonaat onderhorig gestel aan die presbiteriaat. Meer as 'n praktiese reëling is die ontwikkeling van die sogenaamde breë kerkraad toegelaat hoewel die kerkreg formeel eintlik nie sodanige liggaam ken nie. Uit hierdie posisie het ten minste twee ander anomalië ontstaan, te wete die fiksie dat die diakens nie uit hoofde van hulle diakonale amp die algemene kerklike finansies insamel nie, maar as lede van die breë kerkraad en ten tweede die gebruik dat die breë kerkraad (en nie die presbiterium nie) na die meerdere vergaderings afvaardig met uitsluiting van die verkiesbaarheid van diakens as deputate (behalwe in die rol van hulpouderling). Die anomalie en die verloëning van die ampsgelykwaardigheid is duidelik. As die diaken op die breë kerkraad sy ampshoedanigheid ondergeskik stel aan lidmaatskap van die kerkraad, waarom bly daar 'n grens in dié sin dat alleen diaken-breë-kerkraadslede belas word met die insameling van kerklike gelde en nie ook broeders breë kerkraadslede wat andersins ouderlinge is nie? Tweedens, waarom staan sy diakonale amp hom nou in die weg om na meerdere vergaderings gedeputeer te word? In die eerste geval moet die diakensamp gerieflikheidshalwe wegval sodat sekere take wat streng genome buite die amp val en selfs met die getroue uitoefening daarvan bots, verrig kan word, maar in die tweede geval word dit gehandhaaf sodat hy ander funksies wat normaalweg buite die ampsbestek geleë is, nie kan vervul nie.

Gedeeltelike oorsaak van hierdie toestande is die skynbaar uiteenlopende bepalings van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kerkorde oor die samestelling van die Kerkraad, terwyl die historiese posisie in die Nederlandse gereformeerde kerke dat baie gemeentes teen die einde van die sewentiende eeu nog geen diakonieë gehad het nie, waarskynlik ook daartoe bygedra het. Dit moet in gedagte gehou word dat in die Franse Calvinistiese kerke die diakonie in die opsig 'n ander ontwikkeling beleef het.

Oorsaak van die problematiek is die onduidelikheid oor die term kerkraad as presbiterium en kerkraad as algemene bestuurskollege van

die plaaslike kerk. Ongelukkig is daarin nog nie geslaag om twee duidelik onderskeidende terme te vind en in die algemene en wetenskaplike spraakgebruik te laat inslaan ter voorkoming van die terminologiese verwarring nie. Oor die feit dat tot die enger regeeramp soos beoefen deur die ouderlinge die *geestelike regering*, die toesig oor die leer en en lewenswandel in die gemeente en die toepassing van die tug, behoort, bestaan daar weinig verskil. Hierin het die diakens geen medeseggenskap nie, maar staan onder die ouderlinge soos die ouderlinge in die beoefening van die liefdesdiens aan die diakens ondergestel is. Maar dan bestaan daar ook die algemene kerkbestuur waarin die eenheid van die *drie* ampte spreek: die sog. breë kerkraad. Sou die diakonie uit alle vorme van kerkregering geweer word, moet dit 'n verbreking en verloëning van die eenheid van die ampsgedagte beteken, gedagtig daaraan dat aldrie ampte uit Christus ontspruit. As die eenheid van ampte in die bestuur van die plaaslike kerk prinsipieel en prakties erken word, is dit logies en konsekwent om dit ook in die meerdere vergaderings van plaaslike kerke te erken en toe te pas. Al is die meerdere vergaderings nie eerstens 'n vergadering van ampte nie, is dit vergaderings van kerkbesture waarin die ampte gelykwaardig is en 'n eenheid vorm.

Die enigste moontlike konklusie uit die voorgaande is dat, wat diakens op meerdere vergaderings betref, òf die presbiteriale of ouderlingsvergadering vaardig af na meerdere vergaderings, òf die breë vergadering deputeer sonder diskriminasie teen sommige lede. As eersgenoemde weg gevolg word, moet die vraag beantwoord word in watter hoedanigheid die ander ampte oor sake betreffende armsorg en barmhartigheid handel sonder verloëning van die soewereine ampsgrense wat ten opsigte van die die diakens so streng gehandhaaf word.

Die vraagstuk het in die Nederlandse Gereformeerde kerke blykbaar ernstiger aandag ontvang as in Suid-Afrika. Op die Sinode van 's-Gravenhage (1949-'50, art. 382, p. 133 e.v.) is op grond van die oorweging dat oor die plek van „diakenen in de kerkeraad" en oor die „afvaardiging van diakenen naar meerdere vergaderingen" „nog geen genoegzame helderheid bestaat", „dat, hoewel de afvaardiging van diakenen naar meerdere vergaderingen nog nader fundering en regeling behoeft, er toch in het algemeen geen prinsipiële bezwaren tegen rijzen, dat aan de behandeling van diaconale zaken op meerdere vergaderingen ook diakenen deelnemen" en dat aan klassisse 'n sekere vryheid in die verband verleen is, 'n kommissie benoem met 'n breë opdrag. Dit kom dus voor asof die Nederlandse sinode minder oortuig is daarvan dat die kerkregtelike posisie onveranderlik vasgelê is. Die opvatting blyk ook uit sowel die opdrag aan as die voorlopige verslag aan die kommissie. Aan hom is opgedra om weer na te gaan „welke plaats de diakenen naar de Schrift en belijdenis in de kerkeraad behoren in te nemen" en in hoeverre die betrokke artikels van die kerkorde gewysig behoort te word; nader ondersoek in te stel na die moontlikheid van afvaardiging van diakens na meerdere vergaderings en om ses maande voor die sitting van die volgende sinode verslag hieroor uit te bring.

Die gesirkuleerde verslag van hierdie kommissie wys eerstens op „zekere

discrepantie" tussen die inhoud van artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en artikel 37 van die geldende Kerkorde. Voorts word dan 'n historiese ontleding van die saak sedert die Hervorming gegee. Die konklusie is dat ook in Nederland sedert die Doleansie twee standpunte bestaan: die van Biesterveld, Bouwman, Jansen, Rutgers, De Moor e.a. waarvolgens die diakens geen plek op die kerkraad het nie en dié van H. Bavinck en K. Dijk wat wel 'n plek aan die diakens op die kerkraad en meerdere vergaderings toesê. Op die vraag of daar genoegsame grond bestaan om die plek wat die diakens allengs in die gereformeerde kerke gekry het te verander, wys die kommissie eerstens op die verskil van opvatting betreffende die samestelling van die kerkraad waaroor die Skrif nie genoeg gegewens bied om tot 'n dwingende konklusie te geraak nie. Derhalwe is 'n vrugbaarder uitgangspunt die ampstake. Reg moet geskied aan die eenheid van die ampte. Almal kom uit één apostelamp waaraan hulle hul roeping en betekenis ontleen. Nadat hulle ontplooi het, moet hulle ook in onderskeidenheid erkenning vind. Daarvolgens behoort die opsig en tug in die gemeente tot die ouderlinge en die barmhartigheidsdiens tot die diakens.

„En men zou hetzelfde kunnen zeggen voor alles wat betrekking heeft op den dienst des Woords en der Sacramenten, ten aanzien van de dienaren des Woords, indien dezen in een aanmerkelijk getal aan één gemeente gebonden zijn. Zoo had men te Genève de Vénérable Compagnie des Pasteurs, een vergadering uitsluitend uit predikanten samengesteld, die de bedoelde zaken regelde en afdeed".

Hoewel dit onder bepaalde omstandighede (klein getal ampsdraers of slegs één leraar in 'n gemeente) nie ongeoorloof is om sake wat tot een amp behoort, in die hande van die drie ampte gesamentlik te lê nie, sal dit tog nie juis wees om in groot gemeentes dié praktyke van kleineres te volg nie. Sake wat egter nie spesiaal tot een amp behoort nie en wat die algemene leiding van die gemeente raak soos verkiesing van predikante en ampsdraers, finansies en stoflike sake, verteenwoordiging na buite ens. moet toevertrou word aan die gesamentlike vergadering van die ampsdraers. Die kommissie beveel dan ook aan dat die betrokke bepalings in die Kerkorde in die rigting gewysig word. Daar bestaan ook geen beswaar teen om dié liggaam kerkraad te noem nie want daardeur word dit met juistheid aangedui.

Wat nou die verteenwoordiging van diakens op meerdere vergaderings betref, wys die deputate daarop dat die vraagstuk nou al 60 jaar aan die orde is sonder om 'n oplossing te vind. Om die probleme van diakonieë en diakonale konferensies op „verantwoorde wijze" met ander ampte te bespreek, meen die deputate dat dit nodig is dat diakens op meerdere vergaderings moet verskyn en aan die werk van die vergaderings moet deelneem. Die voorlopige besluit van die Sinode van 's-Gravenhage van 1949 om die moontlikheid te open vir diakonale afvaardiging na die klassis is goed, maar gaan nie ver genoeg nie. Op grond van die posisie wat aan die diakens in die kerkraad toegewys is, meen die deputate dat daar geen beswaar ingebring kan word teen 'n plek in die meerdere vergaderings nie.

Samevattend word dan aan die hand gegee dat die breë kerkraad naas

'n leraar en ouderling ook 'n diaken (met keurstem) na die klassis sal afvaardig, die klassis 'n diaken naas die ander deputate na die partikuliere sinode en dat (om praktiese oorwegings slegs) uiteindelik ook ses diakens op die Algemene Sinode sitting sal hê.

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sal seker nie onwys handel om, ter verdere ontplooiing en uitbouing van die diakonale amp, van hierdie ontwikkeling ernstig kennis te neem nie. Onderwyl behoort die selfstandige funksionering van die diakonie in alle opsigte aangemoedig en moontlik gemaak te word, sowel in die plaaslike kerk as in die samekoms van diakens in konferensies. Aangesien dit buite die praktiese moontlikheid val vir een diakonie om die barmhartigheidstigtings alleen te dra, sal 'n weg gevind moet word waardeur die gesamentlike diakonieë die inrigtings wat deur hulle inisiatief en ywer tot stand gekom het prakties en regtens kan beheer.

Terwyl die veelvuldige ander verpligtinge wat die diakens moet nakom altyd as 'n stremmende faktor sal geld teenoor die vrye ontwikkeling van hulle eintlike amp, moet daaraan gedink word om langs 'n weg van geleidelike oorgang die diakens van die dringendste algemene finansiële take los te maak. 'n Poging in die rigting van 'n komitee van kollektante, waardeur 'n groter deel van die gemeente aktief in die kerklike diens betrek word, behoort aangewend te word. Dit moet onthou word dat die diakens teenoor die tradisionele kwartaallikse huisbesoek van die ouderlinge, in baie gemeentes 'n maandelikse rondgang maak en dat één diakonale vergadering per kwartaal, eintlik veels te min is om die armversorging behoorlik te behartig. Onder die huidige omstandighede kan meer egter nie van die diakens verlang word sonder 'n onredelike opoffering in vergelyking met die ouderlingsamp nie.

2. *Gemeentelike Barmhartigheid.*

Die barmhartigheidsdiens is nie die monopolie van die diakens nie. Hulle is die orgaan en kanaal van die gemeentelike liefdesdiens. Die liefdesdiens eis vrywillige offergawes van die hele gemeente. Dit blyk dat die vrywillige offer soos beliggaam in die kollektes verbonde aan die diens van die Woord, nog steeds gehandhaaf is en dat kollektes byna die uitsluitlike bron van diakonale inkomste is. Om 'n rede wat nie baie duidelik is nie maar miskien in verband staan met die hou van „buitedienste" onder omstandighede waar die kollekte onder die diens sowel onprakties as steurend sou wees (in beknopte ruimtes sonder sitplekke in rye gerangskik ens.), het die praktyk ontstaan om „deurkollektes" te hou. Die offers is ontvang by die kerkdeur nadat die diens afgesluit is. Hoewel van sinodeweë reeds op die prinsipiële juistheid van die kollekte onder die diens gewys is, ondervind dié stelsel nog soveel teenstand van veral die ouer lidmate wat dit as 'n „nuwigheid" bestempel dat dit nog nie by alle gemeentes toegepas word nie. Op die wyse word die eenheid van diens van Woord en barmhartigheid onnodig en tot skade van die gemeente geskei. Kerkrade behoort te oorweeg om die liturgie so te wysig dat daar ruimer en prominenter plek onder die erediens vir die insameling van middele vir die armes van Christus ingeruim word.

Aanvanklik het dit ook voorgekom dat die kollektes merendeels nie vir die armes maar vir onderhoud van die erediens, teologiese skool en kerklike administrasie, aangewend is. Fondse vir die barmhartigheidsdiens moes gevolglik deur sogenaamde „vrye" of spesiale kollektes in 'n wyk of in die gemeente gevind word. Die prinsipieel korrekte wyse is dat die *diens van die tafels* deel van die erediens is; dat die erediens daarsonder onvolledig is; dat die lidmate hulle bydraes vir die hulpbehoewendes na die erediens bring en dat huiskollektes alleen bywyse van hoë uitsondering mag plaasvind. Die diakonale huisbesoek, wat veels te min beoefen word, het ten doel om die lidmate op te wek tot ruimer offers onder die diens en nie om die offers aan huis van die lidmaat te ontvang nie.

Hoewel dit prinsipieel nie verkeerd is om *verskeie kollektes* onder die diens op te neem nie, moet die eerste plek aan die kollekte vir die armes toegestaan word en moet by die geheel die ordelikheid en stigtelikheid van die diens in ag geneem word. By alles moet die doel van die besondere kollekte duidelik afgekondig word. Om die kollektes tot een beperk te hou, word soms die gebruik gevolg om die kollekte vir verskillende doeleindes te verdeel. Suiwer prinsipieel mag daarteen geen beswaar bestaan nie mits die meerdere doeleindes bekend gestel word, want wat vir die armes gegee is mag nie vir ander sake aangewend word nie. Prakties kan egter gegronde besware ingebring word, veral wanneer die verdeling van die kollektes die diakonale kas met 'n tekort laat. Opwekking van die lidmate om meer by te dra vir die armes (die bydrae moet onder die diens geskied) sal dan alleen beteken dat die meerdere bydrae gehalveer word. Die veiligste weg sou wees om die kollekte vir die armes afsonderlik te hou.

Die histories-sosiale toestand onder die eenvoudige plattelandse lewenswyse wat tot die laaste dekade van die vorige eeu in Suid-Afrika in swang was, het veel bygedra tot die ontstaan van 'n *gebrek aan barmhartigheids- of offerbewustheid.* Hoë eise is deur die instandhouding van die erediens gestel, maar dit is te betwyfel of die deursnee lidmaat selfs in die verband 'n besondere offervaardigheid aangeleer het. Sowel die ongereelde kerkbywoning, wat gedeeltelik ook histories verklaarbaar is, as die algemene gebrek aan offervaardigheid vir die armes van die kerk, bring mee dat die gemiddelde bydrae per lidmaat per diens besonder laag is. Hierdeur word die diakonie verplig om ter instandhouding van die inrigtings vir onversorgde wese en vir oues-van-dae ook straatkollektes te hou — 'n middel wat prinsipieel alleen as laaste toevlug toelaatbaar is. Trouens, die omstandighede dien as verklarende agtergrond vir die kenmerkende armsorg volgens die vermoë van die armkas en nie ooreenkomstig die behoeftes van die nooddruftiges nie. Indien die kollektes slegs 3 pennies per belydende lidmaat per Sondag (nie per diens nie) oplewer, sal die Gereformeerde diakonieë jaarliks gesamentlik oor 'n inkomste van meer as £ 50,000 beskik waardeur nie alleen bestaande verpligtinge ruimskoots nagekom sal kan word nie, maar ook veel meer nog aangepak kan word. 'n Studie van die kollektegelde toon egter aan dat die liefdesoffer nog hoofsaaklik 'n trippenskollekte gebly het, nieteen-

staande geldwaardes die afgelope kwarteeu geweldig verander het.

Sowel by individuele lidmate as by sommige diakonieë skyn die bewussyn van die *barmhartigheidsdiens as deel van die erediens* en as integrale deel van die aller amp van gelowige, nog swak ontwikkeld te wees. Getuie hiervan is die reeds genoemde gebrek aan offervaardigheid sowel as die verskynsel dat sommige diakonieë niks insamel of bestee vir armsorg nie omdat in hulle gemeente geen hulpbehoewendes is nie, sonder inagneming van hulle roeping teenoor gebreklydendes in ander gemeentes of die gesamentlike inrigtings vir barmhartigheid of die opbou van 'n fonds vir 'n komende kwade dag.

Dit is dringend noodsaaklik dat lidmate van huis uit, deur die katkisasie, in kerklike jeugverenigings, in gemeentelike samekomste, deur die prediking en deur die diakonale huisbesoek geleer word dat die kleinste muntstuk nie noodwendig vir die armekas bedoel is nie, dat *geoffer* moet word vir die behoeftiges, dat ongereelde kerkbesoek ook diefstal teenoor die armes is.

### 3. *Omvang en Doelmatigheid van die Barmhartigheidsdiens.*

Die *omvang en die kwaliteit* van die Gereformeerde Kerk se barmhartigheidsdiens is nog altyd sterker bepaal deur die skrale en ontoereikende inhoud van die armkas as deur die omvang en intensiteit van die aanwesige node. Desnieteenstaande was die sorg nog altyd buitengewoon geslaagd. 'n Vergelykende studie van afhanklikheid onder die lidmate van die verskillende kerke is hoogs wenslik en behoort meer spesifieke lig op bostaande te werp. Voorkomende sorg op georganiseerde skaal is selde gedoen, groot rehabilitasieskemas soos die van die Nederduits-Greformeerde Kerk is nog nooit aangepak nie sowel om prinsipiële redes as uit gebrek aan fondse, maar die gereelde huisbesoek deur ouderling en predikant, gewoonlik vergesel deur die diaken het die gemeenskapsbande in takt gehou en het blykbaar meer as enige finansiële middele bygedra om verslegting en armlastigheid te weer. Die resultate kan alleen verbeter word deur 'n overminderde handhawing van die huisbesoek en die herdersamp en aangevul deur 'n ewe noukeurige uitgevoerde ware diakonale huisbesoek. Ook hier het die drie ampte 'n gesamentlike terrein wat deur nie een sonder skade vir die kerk verwaarloos mag word nie.

Omdat die Gereformeerde armesorg 'n *gemeentelike aangeleentheid* in die eerste plek is en dus *hoogs gedesentraliseerd* uitgevoer word, wek dit by die buitestaander lig die indruk asof hier nie werk van groot omvang gedoen word nie. Die enigste wat enigsins aan die buitewêreld bekend is, is die wese- en ouesorg in die daarvoor bestaande inrigtings. Tog word die grootste werk daarbuite gedoen. Die noukeurige waarnemer word verras deur die omvang van die werk wat in stilte en ongesien en meesal ook ongeag verrig word. Volgens 'n redelik konserwatiewe skatting bedra die Gereformeerde Kerk se barmhartigheidsdiens jaarliks aan kontantuitgawes ongeveer £ 25,000. Die geestelike sorg — in enger godsdienstige sowel as in breër sosiaal-psigologiese sin — kan nie in geld gemeet word nie. In die gedensentraliseerde sorg lê waarskynlik juis een van die

grootste kragte daarvan: daardeur wen dit aan persoonlike kontak en intimiteit, die kenmerke van versorging in die familiekring, in hierdie geval die gesin van gelowiges. De nodige koördinering en oorlegpleging word gevind in die instelling van die diakonale konferensies.

4. *Die Voorwerp van die Liefdesdiens.*

Vir 'n baie lang tydperk was die gereelde vraag van kerkrade en diakonieë: *wie is die ware arme*? Nieteenstaande die blykbare onduidelikheid was kerkrade, uit hoofde van gebrekkig toegeruste armkasse altyd daartoe verplig om alleen die behoeftigste uit eie gemeente te versorg en om daarby die gesins- en familie-verantwoordelikheid voortdurend te beklemtoon. Dit was wesentlik 'n versorging in die gemeente, tot so 'n mate selfs dat diakonieë skynbaar al afgeleer het om buite hulle gemeentelike grense te help wanneer hulle geen armes het nie of oor groot batige saldo's beskik. Tog is daar dikwels ook hulp verskaf aan veral stedelike gemeentes met min middele en baie nooddruftiges. Hoofsaaklik het dit hulp aan die huisgenote van die geloof gebly.

Wesentlik het die barmhartigheidsdiens *armesorg* gebly. Die breë konnotasie hiervan word egter duidelik as in ag geneem word welke breë groepe behoeftes en behoeftiges deur die woord aangedui word.

Onder diegene wat deur die kerk versorg is, het die *wese* steeds 'n baie belangrike plek ingeneem. Aanvanklik was wesesorg uitsluitlik 'n saak van gesinsverpleging, waardeur volle of halwe wese deur familie, bure of vriende onder sorg geneem is veelal onder toesig van die kerkraad. In die verband was dit gebruiklik dat die doopgetuies, hoewel sonder wetlike funksie of verpligting, as voogde of pleegouers van die wese sou optree. Teen die agtergrond van toenemende verstedeliking het die verwoesting aan eiendomme en gesinslewe deur die Engelse Oorlog sowel as die gesinsvernietiging deur die griepepidemie die Gereformeerde wesesorg in ander bane gedwing. Daar was nou meer wese te versorg met sowel minder middele as geringer bereidwilligheid en offervaardigheid. Hoewel baie begin dink het aan sorg in 'n Gereformeerde inrigting wou die kerk hom offisieel nie hiermee vereenselwig nie en het bly aandring op gesinsverpleging as die enigste toelaatbare versorgingsmetode. In die praktyk het dit egter daarop uitgeloop dat Gereformeerde wese in die inrigtings van ander kerke, genootskappe en die owerheid 'n herberg gevind het, soms selfs met instemming van die Gereformeerde Kerk. Dit was veral deur die ywer van die Transvaalse Diakonale Konferensies dat die President Kruger Tehuis vir Onversorgde wese in 1939 na velerlei moeilikheid en irriterende teenkanting tot stand gebring is. Hierdie inrigtings het tans so 'n belangrike plek in die barmhartigheidswerk ingeneem, dat dit onmoontlik vervang kan word. Daar moet alleen gewaarsku word teen 'n gemaksugtigheid om alle wees- en verwaarloosde kinders na die inrigting te stuur. Dit bly 'n primêre diakonale taak om die verpleging van ouerlose kinders in plaasvervangende gesinne aan te moedig. Ook sal die verantwoordelike outoriteite aandag moet gee aan die versorging van die kinders wat by bereiking van die ouderdomsgrens die inrigting moet verlaat.

Inrigtingsorg het bowe-al die een nadeel in vergelyking met 'n eie of plaasvervangende huisgesin: dit het nie die ope deure vir die kind wat „uit die huis uit is" nie en wat af en toe weer terugkeer vir vakansie of om te rus en weer rigting te vind. Onder andere moet energieke pogings aangewend word om seuns en dogters van die inrigting wat elders werkkringe het by Gereformeerde gesinne te laat inwoon, waar hulle ten dele tenminste 'n gesinstuiste en -atmosfeer kan vind.

Ook die *siekesorg* is deur die Gereformeerde barmhartigheid beoefen hoewel nie in die sin dat diakens self as verpleërs opgetree het soos in Calvyn se hospitaal in Geneve nie. Omdat die siektetoestand meesal gekompliseerd is deur 'n gelyktydige aanwesigheid van armoede en gebrek en verhoogde behoeftes, het die hulp meesal bestaan in die bekostiging van mediese en verplegingsdienste, verskaffing van die nodige voedsel, kleding en onderdak en uiteindelik betaling van 'n deel of die geheel van die begrafniskoste. Hoewel daar aan die gedagte gepeusel is, het die diakonieë dit nooit sover gebring as die stigting van 'n eie hospitaal nie. Nie alleen die prinsipiële advies nie, maar veral die praktiese omstandighede was hierteen. Gereelde hulp is egter verleen aan die Instituut vir Dowes en Blindes te Worcester, die *melaatses* in West Fort, Pretoria en *geestessiekes* in etlike inrigtings.

Vervleg met die sieke- en armesorg is die versorging van die *oues-van-dae.* Veelal is hierdie groep terselfdertyd ook nog arm en sieklik. Aan hulle is hulp na vermoë verskaf met inagneming van die kinderverantwoordelikheid. Ook hier is die gesinsverpleging uiteindelik aangevul met inrigtingsorg deur die stigting van die Dirk Postma Tehuis. Die waardevolle werk wat hier gedoen word, kan slegs uitgebrei en verhoog word deur die daarstelling van 'n doelmatiger gebou en uitbreiding van die fasiliteite om ook eensame ou broeders te versorg.

Hoewel die *owerheidspensioene* vir oues-van-dae die versorging van duisende gevalle vergemaklik het, lewer dit tog 'n belangrike prinsipiële probleem. Die hele ontwikkelingsgang van die owerheidsbystand neig almeer in die rigting van ondermyning van die kinder-, gesins- en naasteverantwoordelikheid terwyl dit in baie instansies 'n premie plaas op luiheid, onverantwoordelikheid, verkwisting en gebrek aan spaarsin. Die bevordering van werklike pensioene op 'n bydraende basis met 'n vermindering van nie-bydraende bystandskemas van owerheidsweë is die enigste gesonde rigting. Die vraagstuk moet nader uitgewerk word in 'n studie oor die verhouding van owerheid, kerk en private instansies op die terrein van die maatskaplike sorg.

### 5. *Die Vrou en die Diakonale Amp.*

Hoewel die vrou in haar amp as gelowige bepaalde verpligtinge en funksies binne die gemeentelike organisasie besit, was sy deur die gereformeerde opvatting nog altyd uitgesluit uit besondere kerklike ampte behalwe vir sover sy daaraan hulpdiens gelewer het. 'n Diakonesse-amp is derhalwe nog nooit erken nie. In Suid-Afrika, netsoos in die gereformeerde kerke in ander lande, is die klem waarskynlik te veel gelê op die

apostoliese woord dat die vrou in die gemeente moet *swyg*, sonder erkenning daarvan dat daar veel deur haar *gedoen* kan word. Prinsipieel stem alle outoriteite daaroor saam dat die gereformeerde vrou veral waardevolle hulpdienste op die barmhartigheidsterrein kan lewer omdat dit ten nouste aansluit by haar versorgingsaanleg. Waar hierdie hulp onder eenvoudiger lewensomstandighede meer individueel en afsonderlik gegee kon word, is dit te voorsien dat in die huidige ingewikkelde samelewing ingespanne vrouehulp ook sal vra vir 'n organisasievorm binneen intergemeentelik.

Teen ongeveer 1900 is in die Johannesburgse gemeente begin met 'n „Dorkaswerksaamheid" onder beheer van die kerkraad. Die voorbeeld het ook in ander gemeentes navolging gevind. Later het die Dorkas hom begin loswikkel van kerkraadsbeheer totdat dit in die vorm van die Gereformeerde sustersvereniging sowel van die eertyds uitsluitlike barmhartigheidstaak as van oorwegende kerkraadsbeheer afstand gedoen het. Indien nie gesien wil word dat twee Gereformeerde vroue-organisasies, een met 'n beperkte barmhartigheidstaak en die ander met 'n algemene doelstelling langs mekaar ontwikkel en die Gereformeerde vroue verdeel of dwing om kragte aan twee sake te gee nie, is dit nodig om 'n duidelike verhouding tussen G.S.V. (insluitende Dorkas) en diakonie te bepaal. Waar die G.S.V. egter ontwikkel het weg van sowel die suiwere diakonale hulpaksie as die kiesing van diakonesse, is dit dienstig om te onthou dat ook die ouderdomsbepaling van 60 jaar wat deur Paulus gestel is, nie willekeurig is nie. Die organisasie- en administrasiewerk, die vergaderings en funksies mag ten enemale nie inbreuk maak op die gesinstake van die jonger vroue nie. Dit is die ouer susters, wat al losser is van kinderversorging wat die roetinetake op hulle moet neem.

Waar die eise van arme- en siekesorg dikwels te tegnies en volgehoue is om deur vrywillige hulpkragte nagekom te word, ontstaan die vraag in hoeverre die diakonie gebruik mag maak van die kragte van *opgeleide vroue* teen besoldiging. Die bevinding was dat daarteen prinsipieel geen beswaar ingebring kan word nie, mits die diakonie dit as hulpmiddel tot betere uitvoering van sy ampspligte aanwend en nie tot vervanging van die barmhartigheidsamp nie. Die bevinding is in ooreenstemming met die besluit van die Sinode van 's-Gravenhage (1949-'50 art. 448, 3): „dat de diakenen in hun arbeid gebruik kunnen maken van tot dit werk opgeleide vrouwelijke hulpkrachten (kerkelijke assistenten), die uit de aard der zaak arbeiden onder leiding van de raad der kerk (met diakenen".

### 6. *Samevattend.*

Wie 'n algemene oorsig oor die diakonaat en die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika probeer gee, kom te staan voor die erkenning van 'n wye kloof. Enersyds is daar 'n suiwere leerstellige tradisie as erfenis van die gereformeerde ontwikkeling in Nederland soos gekulmineer in die Dordse Sinode. Hierdie leerstellige erfenis is veral vasgelê in die verskillende belydenisskrifte, die bevestigingsformu-

lier vir diakens en in die kerkorde en is uitgebou deur die reeks gereformeerde skrywers. Maar daarnaas, in menige opsig daarteenoor, staan 'n praktiese tradisie van gebruik en gewoonte wat histories deur drie eeue op verklaarbare en onverklaarbare wyse ontstaan en gegroei het. Opmerklik is dit dat in albei opsigte 'n mate van verstarring ingetree het. Vir menigeen, waarskynlik die meeste Gereformeerde lidmate sowel as ampsdraers, het die gewoontes reeds so normatief geword dat hulle hulle erger as 'n poging aangewend word om die wangebruike op diakonale en ander terreine te hervorm ooreenkomstig Skrif en belydenis. Om die kollekte onder die diens op te neem, om diakens uitsluitlik as armversorgers te beskou, om die offers na die kerk te bring en nie te wag dat dit afgehaal moet word nie, om die diakonale amp inderwaarheid as gelykwaardig met die regeeramp te aanvaar, word veelal as ongewensde en ongeoorloofde nuwighede en selfs as dwalinge beskou. Dieselfde verskynsel openbaar hom ook op ander terreine van die kerklike lewe: die veruitwendiging van die godsdienstige lewe, die vasklewe aan 'n sogenaamde ampsgewaad, die onveranderlikheid van die liturgie, ens. ens.

Terselfdertyd is die kerk ook nie geheel en al vry te spreek van 'n mate van verstarring van prinsipes vir sover dit die diakonaat en barmhartigheidsdiens betref nie. Daar is 'n wesentlike verskil tussen beginselvastheid en beginselverstarring. Soos die woord aandui is 'n beginsel 'n uitgangs- of beginpunt wat 'n bepaalde koers aandui. Die beginselvaste is die persoon wat vanaf die besondere beginpunt voortbeweeg maar sy gang altyd rig in lyn met die vaste begin- en eindpunt. Die beginselverstarde is die een wat nie van die beginpunt af weg beweeg nie. Tussen hom en die slaaf wat sy een talent begrawe het is daar wesentlik geen verskil nie.

Die duidelikste voorbeeld van beginselverstarring het geblyk uit die standpunt ten opsigte van die wesesorg, waar *gesinsorg* in plaas van *goeie versorging* as sodanig, as onveranderlike uitgangspunt gestel is. Die juiste posisie sou gewees het om gesinsorg as die beste en mees te verantwoorde metode van goeie kindersorg te gesien het. 'n Tweede voorbeeld is geleë in die kerkregtelike opvatting oor die posisie van die diaken op die kerkraad en op meerdere vergaderings. Die aangehaalde besluit van die Sinode van 's-Gravenhage (1949-'50) en die aanbevelings van die benoemde kommissie dui daarop dat die vraagstuk nog nie afdoende ondersoek en beantwoord is nie. Gevolg van hierdie verskynsels was die dikwels onhoudbare anomalie tussen leer en praktyk.

*Terug en vooruit!* Dit is die enigste moontlike samevattende aanbeveling wat gemaak kan word in die lig van die voorgaande bevindings. Wat die aweregse gebruike en gewoontes betref moet die Gereformeerde Kerk ook ten opsigte van sy diakonale amp en van sy barmhartigheidsdiens terugkeer tot die suiwer leerstellings soos neergelê in die Skrif en grotendeels geformuleer in die belydenisskrifte en die geskrifte van gereformeerdes. Die taak moet spoedig begin word. Maar ook die geformuleerde norm moet gedurig ondersoek word in die lig van Gods Woord want die hervorming van praktyke lê 'n verpligting op die prinsipes: hulle moet reg en suiwer wees. *Nòg verstarring, nòg verwatering of verloëning, maar ondersoek en uitbouing is die eis.* Die wisselende lewenseise en omstan-

dighede — ook binne die kerk en in die samelewing waarin die kerk staan — eis 'n gedurige herondersoek van prinsipes, kennis van die empiriese data en 'n sinkronisering van die data met die normatiewe beginsels. In hierdie dinamiese proses, waarin die geformuleerde prinsipes met 'n heilige elastisiteit uitgeleef moet word, sal altyd nuwe fasette van dieselfde oeroue, wesentlik onveranderlike beginsels aan die lig tree. Soos die uitwendige vorm en inwendige organisasie van die kerk nie meer dieselfde is as tydens en net na Pinkster nie, maar gegroei en in voorkoms verander het — netsoos die koringkorrel in die ontkiemings- en groei- en vrugdra-proses nie onveranderd bly nie, en tog vrugte van dieselfde aard en vorm en voorkoms lewer — so sal die kerk nog steeds groei en uiterlik verander met die onverbiddelike eis dat die fundamentele beginsels uitgebou en ten volle ontplooi word.

*Terug en vooruit:* daarin lê die wesenskenmerk van die ware gereformeerde kerk, om suiwer te bly en suiwerder te word: om gedurig te reformeer.

DIE EINDE.

## LITERATUURLYS.

### I. ALGEMEEN.


ADDRESSES (delivered at a Conference on Foreign Missions and Social Problems, Liverpool, Jan. 2nd to 8th, 1912): *Christ and Human Need* (Student Volunteer Missionary Society, London, 1912).

AGAR-HAMILTON, J. A. I.: *The Native Policy of the Voortrekkers.* (Maskew Miller, Kaapstad, 1928).

BAVINCK, dr. H.: *Gereformeerde Dogmatiek. dl. IV.* (Tweede herziene en vermeerderde druk. Kok, Kampen, 1911).

BAVINCK, prof. dr J. H.: *De Zegen van den Arbeid.* (Tweede druk. Voorhoeve, 's-Gravenhage).

BEETS, dr H.: *De Chr. Geref. Kerk in Noord-Amerika* — Zestig Jaren van Strijd en Zegen. (Grand Rapids, 1918).

BESTAANSBEVEILIGING: *Verslag deur die Komitee insake.... en Verslag no. 2 (getiteld Bestaansbeveiliging, Maatskaplike Dienste en Volksinkome) deur die Sosiale en Ekonomiese Planneraad.* (U.G. no. 14. — 1944, Staatsdrukker, Pretoria).

BIESTERVELD, prof. B., VAN LONKHUYZEN, dr. J., en RUDOLPH, ds. R. J. W.: *Het Diaconaat* — Handboek ten dienste der Diaconieën. (J. H. Wetzel, Hilversum, 1907).

BOGARDUS, Emory S.: *A History of Social Thought.* (Miller, Los Angeles, 1929).

BOUMA, dr C.: *De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheüs en Titus* — opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. (Kok, Kampen, 1937). Serie: Korte Verklaringen der Heilige Schrift onder red. Aalders e.a.

BOUWMAN, dr H.: *Gereformeerd Kerkrecht,* 2 dle. (Kok, Kampen 1928 en 1934 resp.).

———: *Het Ambt der Diakenen.* (Kok, Kampen, 1907).

BROWN, L, G.: *Social Pathology.* (Crofts, N.Y. 1942),

BRUNO, F. J.: *The Theory of Social Work.* (Heath Co., Boston, 1936).

BURGHERSDORPSE *Eeufeesgedenkboek* 1846—1946. (Burghersdorp, 1946).

BURT, Cyril: *The Young Delinquent.* (Univ. of London Press, 1944).

CALVIN, John: *Commentary upon the Acts of the Apostels.* Vol. I — Edited from the original English Translation of Christopher Fetherstone by Henry Beveridge. (Edinburgh, 1859).

———. *Commentaries on the Epistles to Timothy, Titus and Philemon* — Translated from the original Latin by Rev. Wm Pringle. (Edinburgh, MDCCCLVI)

———: *Commentaris on the Epistle of Paul the apostle to the Romans* — translated and edited by John Owen (Edinburgh, 1849).

CALVINUS, Johannes: *Institutie ofte Onderwijsinghe in de Christelicke Religie.* — Uit Latijn en Frans vertaal deur Wilhelmus Corsmanus, verbeter en met inleiding voorsien deur dr A. Kuyper. (Brill, Doesburg, 1889).

CARNEGIE KOMMISSIE: *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika,* vyf dle. (Pro-Ecclesia Drukkery, St.bosch., 1932).

CLARKE, Helen I.: *Principles and Practice of Social Work.* (Appleton-Century, N.Y., 1947).
COETZEE, J. H.: *Verarming en Oorheersing.* (Nas. Pers. Bloemfontein, 1942). Tweede Trek-Reeks, No. XXII.
DE VRIES, M., en TE WINKEL, L.A.: *Woordenboek der Nederlandsche Taal.* (Nyhoff, Sijthoff en Stemberg, 's-Gravenhage en Leiden, 1882).
DREYER, A.: *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.* (Van Sandt en de Villiers en Co., Kaapstad, 1929).
DU PLESSIS, prof. J. A.: *Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering.* (Nas. Pers. Bloemfontein, 1925).
DU PLESSIS, prof. L. J.: *Die Moderne Staat.* (Pro Ecclesia Drukkery, St.bosch, 1941). F.C.S.V. uitgawes: Verkennerreeks, no. 2.
———: *Die Staatsteorie van Jean Calvin in verband met die wetenskap en staatspraktyk van sy tyd.* (Oordruk uit Antirevolutionaire Staatkunde, 1932. Kok, Kampen).
DU TOIT, prof. dr. S.: *Handleiding vir die Studie van Kerkgeschiedenis* — met afdelinge oor Sendingsgeskiedenis, Kerkregering en Erediens. (K.J.B.F., 1941).
DIJK, dr K.: *De Vrouw in de Brieven van den Apostel Paulus.* (Bond van Meisjesvereenigingen op Geref. Grondslag in Nederland, Naamlooze Vennootschap, W. D. Meinema, Delft, 1933).
ENGELBRECHT, prof. dr. S. P.: *Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika* — tweede hersiene en vermeerderde uitgawe. (De Bussy, Pretoria, 1936).
EPSTEIN, A.: *The Challenge of the Old.* (Vanguard Press, N.Y., 1928).
F.C.S.V.: *Koers in die Krisis.* 3 dle. (Pro Ecclesia Drukkery, St.bosch, 1935, 1940, 1941).
———: *Op die Voorpunt van die tye.* (Pro Ecclesia Drukkery, St.bosch, 1945).
FEESTKOMMITEE: *Gouden Jubileum van het Vijftig-Jarig bestaan van de Geref. Gem. Burgersdorp, 1860—1910.* (Stem Drukkery, B'dorp, 1910).
FLIEDNER, Theodor: *Kollektenreise nach Holland und England usw.* — twee dle. (Essen, 1831).
FRANCK - VAN WIJK VAN HAERINGEN: *Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal.* (Nijhoff, 's-Gravenhage, 1949).
GEESINK, dr W.: *Gereformeerde Ethiek.* 2 dle. (Kampen, 1931).
———: *Van 's Heeren Ordinantiën.* 4 dle. (Amsterdam, 1908).
GERDENER, G. B. A.: *Ons kerk in die Transgariep.* (S.A. Bybelverg., Kaapstad, 1934).
GILLIN, J. L.: *Poverty and Dependency* — their relief and prevention (Century Co., N.Y. 1921).
GREYDANUS: *Galaten* — Korte Verklaring der Heilige Schrift met Nieuwe Vertaling. (Kok, Kampen, 1922).
GREYLING, P. F.: *Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armesorg* — proefskrif goedgekeur vir die graad Doktor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch. (Nas. Pers. Kaapstad, 1939).
GROSHEIDE, prof. dr F. W.:, LANDWEHR, ds J. H., LINDEBOOM, ds C., RULLMANN, dr J. C.: *Christelijke Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk* — samengesteld onder redactie van — (Kok, Kampen).
HAMERSMA, ds. T., LOS, dr. S. O. en DU TOIT, dr. J. D.: *De Geschiedenis der Christelijke Kerk.* (Het Westen, Potchefstroom, 1911).
HARRENSTEIN, W. G.: *Het Arbeidsterrein der Kerk in Groote Steden.* (Kok, Kampen, 1913).
HEALY, W. en BRONNER, A. F.: *New Light on Delinquency and its Treatment.* (Yale Univ. Pres. 1943).
HOEKSTRA, dr T.: *Ambt en Liefde.* (Kok, Kampen, 1919).
HOEKSTRA, H., DE GAAY FORTMAN, N. A. en VAN DEN BERGH, W.: *Olie en Wijn in de Wonden* — beschouwingen over het Diaconaat. (Kok, Kampen, 1929).
JANSEN, ds Joh.: *Korte Verklaring van de Kerkenordening.* (Kok, Kampen, 1937).
JOOSTE, J. P.: *Die verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap tot die helfte*

*van die 19de eeu.* — Proefskrif goedgekeur vir die graad D.D. (Sacum, Bloemfontein s.j.).
KEEBLE, Samuel E. (editor): *The Social Teaching of the Bible.* (Culley, London, 1909).
KEGGE, C. M.: *De Evangelisch-sociale Beweging in Duitschland.* — Academisch Proefschrift ter verkrijging van den graad van Doctor in de Rechtswetenschap. (Libertas, Amsterdam, 1916).
KEIZER, G.: *De Afscheiding van 1834.* (Kok, Kampen, 1934).
KELSO, R. W.: *The Science of Public Welfare.* (Holt. N.Y. 1928).
KEYTER, J. de W.: *Die Huwelik en Gesin.* (Nas. Pers. Bftn., 1940). Tweede Trekreeks, no. VII.
KOELMAN, J.: *Het Ambt en de Plichten der ouderlingen en diakenen.* ('s-Gravenhage, 1837).
KOENRAADT, W. M. J. en VAN POLL, M.: *Handboek der Maatschappijleer.* 2 dle. (Brand, Hilversum, 1938).
KRITZINGER, M. S. B., LABUSCHAGNE, F. J., PIENAAR, P. de V., RADEMEYER, J. H. en STEYN, H. A.: *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* (Van Schaik, Pretoria, 1936).
KRUGER, I. D. en COETZEE, J. V.: *Land en Volk van Palestina.* (Nas. Pers., Bftn).
KRUYSKAMP, dr C. en DE TOLLENAERE, dr F.: *Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal.* (Nijhoff, 's-Gravenhage, 1950).
KUYPER, dr A.: *De Eerepositie der Vrouw.* (Kok, Kampen, 1914).
———: *Onze Eeredienst.* (Kok, Kampen, 1911).
———: *Pro Rege, of Het Koningschap van Christus,* dl. II. (Kok, Kampen, 1911).
———: *Tractaat van de Reformatie der Kerken.* (Amsterdam, 1884).
———: *Vrouwen uit de Heilige Schrift.* (Kok, Kampen). Vierde druk.
KUYPER, H. H.: *College Dictaat Vaderlandsche Kerkgeschiedenis.* (Roneo).
MACIVER, R. M.: *Society: A Textbook of Sociology.* (Farrar - Rine - hart, N.Y., 1937).
MANGOLD, G. B.: *Social Patology.* (Macmillan, N.Y., 1937).
MOORREES, A.: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652—1873.* (S.A.B.V., Kaapstad, 1937).
NASIONALE GESONDHEIDSDIENSKOMMISSIE .... verslag van die —: insake die daarstelling van 'n Georganiseerde Nasionale Gesondheidsdiens vir alle Bevolkingsdele van die Unie van Suid-Afrika. (Staatsdrukker, U.G. no. 30/1944).
NIEBUHR, Reinhold: *The Contribution of Religion to Social Work.* (Columbia Univ. Press, 1932). Forbes Lectures of the N.Y. School of Social Work.
O'GRADY, dr. John: *An Introduction to Social Work.* (Appleton-Century N.Y., 1928).
PHELPS, H. A.: *Contemporary Social Problems.* (Prentice Hall, N.Y., 1942).
POSTMA, ds. D.: *De Geschiedenis en Ontwikkeling van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika.* (Paarl. 1905).
RIDDERBOS, dr H. N.: *Mattheüs, 2 dle.* — Korte Verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling. (Kok, Kampen, 1946).
SCHMIDT, J. D.: *Weezenverpleging bij de Gereformeerden in Nederland tot 1795.* (Ruys, Utrecht, 1915).
SCHUMANN, prof. dr. C. G. W.: *Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner.* (Nas. Pers. Bftn. 1940). Tweede Trek-Reeks, no. VI.
SELIGMAN, Edwin, R. A. (Editor in Chief): *Encyclopaedia of the Social Sciences.* (Macmillan, N.Y., 1948).
SIETSMA, dr K.: *De Ambtsgedachte* — bewerkt en ingeleid door dr G. Brillenburg-Wurth. (Amsterdam).
SILLEVIS SMITT, P. A. E.: *Diakonie en Overheid.* — Referaat gehouden op de Provinciale Diakonale Conferentie der Gereformeerde Kerken in Zuid-Holland, Rotterdam, 29 Mei 1902. (Ter Weene, Rotterdam).
———: *De Organisatie van de Christelijke Kerk in den Apostolischen tijd.* (Rotterdam, 1910).
SLOTEMAKER DE BRUINE, J. R.: *Christelijk-Sociale Studiën.* 2 dle. (Ruys, Utrecht, 1923).
SMEENK, C.: *Christelijk-Sociale Beginselen.* Dl. 2. (Kok, Kampen, 1934).

SPOELSTRA, C.: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduits Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika.* Dl. 2. (H.A.U.M., Amsterdam en Kaapstad, 1907).
———: *Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek* — Historisch-kritisch onderzocht (Kok, Kampen, 1915).
THOMAS, W. I.:*The Unadjusted Girl.* (Boston, 1923).
TROELTSCH, Ernst: *Die Soziallehre der christlichen Kirchen und Gruppen.* (Tübbingen, 1923).
VAN DER MERWE, N. J.: *Die Sosiale Prediking van Jezus Christus* — Academisch Proefschrift ter verkrijging van den graad van Doctor in de Heilige Godgeleerdheid. (Van Bottenburg, Amsterdam, 1921).
VAN DER MERWE, P. J.: *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie.* — 1657—1842. (Nas. Pers., Kaapstad, 1938).
V.D.M.: *Afrikaanse Bybelkonkordansie.* (Van Schaik, Pretoria, 1934).
VAN LEEUWEN, dr J. A. C. en JACOBS, dr D.: *De Brief aan de Romeinen* — opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Tweede druk. (Kok, Kampen, 1939). Reeks: Korte Verklaring der Heilige Schrift; red. Aalders e.a.
VERSLAG van die NASIONALE KONFERENSIE oor die WELSYN van OUES VAN DAE, 1950. (Dept. Volkswelsyn, 1951).
VISSCHER, prof. dr H.: *De Staatkundige Beginselen der Nederlandsche Geloofsbelijdenis.* (Bout, Huizen, 1939).
WARNER, A. G., QUEEN, A. S. en HARPER, E. B.: *American Charities and Social Work.* (Crowell, N.Y., 1930).
WISSE, J. G.: *Het Sociale Vraagstuk en de Staats(overheids)bemoeïing.* (Kok, Kampen).
WITMER, Helen L.: *Social Work.* (Reinhart, N.Y., 1942).
YOUNG, K.: *An Introduction to Sociology.* (American Book Co., N.Y., 1939).

## II. KERKLIKE BRONNE.

ALMANAK van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika — Jaargange 1 -- 76 (1871—1951).
ALGEMENE SINODALE VERGADERING. Handelinge van die 1ste—30ste — van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika, 1862—1949.
ALGEMENE VERGADERING.
a. Notules van die 1ste—63ste — van die Gereformeerde Gemeentes in *Kaapland*, 1866—1926;
b. Notules van die 11de—83ste — van die Gereformeerde Gemeentes in die *O.V.S.*, 1872—1946;
c. Notules van die 1ste—66ste — van die Gereformeerde Gemeentes in die *Z.A.R* en *Transvaal*, 1859—1925.
DIAKONIE, Notules van die — van die Gereformeerde Gemeente te Reddersburg, 1905—1913, 1916—1924.
———: Burgersdorp, 1918—1949.
FORMULIER vir die Bevestiging van die Ouderlinge en Diakens (Afrikaanse Psalmboek, 1945).
GELOOFSBELYDENIS, Die Nederlandse — Afrikaanse Psalmboek, 1945).
GENERALE SYNODE. Acta van de — en van de Voortgezette Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, gehouden te 's-Gravenhage, 23 Aug.—3 Nov. 1949 en 28 Febr.—3 Mrt 1950.
KATEGISMUS. Die Heidelbergse — of Onderwysing in die Christelike Leer (Afrikaanse Psalmboek, 1945).
KERKENORDENING van de Gereformeerde Gemeenten in Zuid-Afrika. (Goedgekeur deur die Sinode van 1916).
KERKORDE van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. (In opdrag van die Sinode, 1945).
KERKRAAD. Notules van die Vergaderings van die — van die Gereformeerde Gemeente te:
Bethal, 1890—1914.

Bethulie, 1864—1918.
Bloemfontein, 1903—1943.
Burgersdorp, 1860—1949.
Christiana, 1903—1943.
Hofmeyr, 1914—1928.
Johannesburg (en Braamfontein), 1896—1910.
Koffiefontein, 1923—1936.
Ladybrand, 1905—1936.
Lichtenburg, 1893—1906.
Lydenburg, 1863—1918.
Petrusburg, 1903—1925.
Piet Retief (ook Wakkerstroom en Marthinus-Wesselstroom), 1877—1924.
Potchefstroom, 1863—1926.
Pretoria. 1863—1931.
Reddersburg, 1859—1924.
Rustenburg, 1859—1925.
Schweizer-Reneke, 1911—1942.
Sterkstroom, 1899—1902.
Steynsburg, 1872—1924.
Ventersburg, 1864—1936.
Volksrust, 1903—1920.
Vryburg (vroeër Stellaland), 1886—1939.
Wolmaransstad, 1899—1923.

KLASSIS, Notules van die Oostelike—, Kaapland, 1926—1948.
———: Notules van die — Ventersburg, 1946—1948.
PROVINSIALE SINODE. Notules van die vergaderings van die — van:
a. Kaapland, 1ste—13de vergadering, (1927—1948).
b. Transvaal, 1ste—25ste vergadering (1926—1945).

## III. TYDSKRIFTE.

DIACONAAL CORRESPONDENTIEBLAD, 1911—1932, 1936—1940.
INDIAN JOURNAL OF SOCIAL WORK, The — (Junie 1951).
JOURNAL OF SOCIAL CASEWORK (1950—1951).
KERKBLAD, Die — van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, (1894—1951).
MAANDBODE, De —: Tijdschrift gewijd aan de belangen der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. (1 Apr. 1873—1 Aug. 1894).